042703/9

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# RGN Voorligtingsreeks VR-5

RGN·HSRC
RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

31 DEC 1981
1982 -11- 30
1984 -03- 30

182571785F

ROEPSMOONTLIKHEDE

C.J.S. COETZEE, D.Ed.
C. GEGGUS, B.A.

NG EN SPESIALE DIENSTE

DIREKTEUR : P. CROUSE

PRETORIA
1979

Verslag nr. **IN-33**

elke drie jaar hersien
rde uitgawe, 1979

Obtainable in English
Kopiereg voorbehou

**Prys : R3,35**

001.3072068 HSRC IN 33
*053882*

*Nirgends ist Information wichtiger als im Erziehungs- und Bildungswesen. Nur wer informiert ist, kann richtige Entscheide fällen.*

- A. Scherer. Schweizer Studienführer, Bern, Paul Haupt. 1977.

ISBN 0 86965 568 X
(English Edition ISBN 0 86965 567 1)

# V O O R W O O R D

Een groot oorsaak van mislukkings tydens tersiêre onderwys en gevolglike mislukkings in die beroepslewe, is gebrekkinge en selfs verkeerde opleiding. Toereikende inligting behoort egter in hoë mate by te dra om hierdie probleem die hoof te bied.

Hierdie boek verskaf op sistematiese en samevattende wyse noodsaaklike basiese inlig= ting en voorligting aan sekondêre skoolleerlinge ten opsigte van universiteitstudie en moontlike loopbane wat gevolg kan word. Tesame met die twee teenhangers daarvan, Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede (VR-4) en Opleiding en beroepsgeleenthede vir skoolverlaters voor standerd tien (VR-3) word daar deur die RGN se Voorligtingsreeks oor 'n baie breë terrein inligting oor opleiding en beroeps= moontlikhede verskaf.

Gegewens oor opleiding is gebaseer op die 1978-jaarboeke van die universiteite. Wat die afdeling Beroepsmoontlikhede betref, moet in gedagte gehou word dat die boek nie 'n kommersiële publikasie is nie en gevolglik moes die bekendstelling van werkgewers uit die private sektor tot 'n absolute minimum beperk word.

Met graagte word dank betuig aan alle instansies wat welwillend meegewerk het om in= ligting te verskaf. Besondere erkenning word betuig teenoor die universiteite wat 'n groot aantal inligtingstukke asook van hul eie publikasies in dié verband beskikbaar gestel het; die Departement van Arbeid en die redaksie van die tydskrif My Loopbaan, waaruit waardevolle inligting oor beroepsmoontlikhede verkry is; die Staatsdienskom= missie vir regstreekse inligting sowel as inligting wat uit die publikasie Loopbane in Staatsdepartemente verkry is, en ander openbare en private instansies.

Die RGN vertrou dat skole, universiteite en ander wat met die voorligting van leerlinge en studente te doen het, hierdie boek 'n nuttige inligtingsbron sal vind.

A. L. Kotzee
PRESIDENT

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1979 -05- 8 -

STANDKODE 001.3072068 HSRC IN 33

BESTELNOMMER G

NOMMER 042703

# I N H O U D


BLADSY

VOORWOORD

HOOFSTUK 1

UNIVERSITEITSOPLEIDING ........ 1

Ter inleiding ........ 1
Doel van universiteitsopleiding ........ 1
Keuse van 'n studierigting ........ 2
Die finansiering van studies ........ 3

NAVORSING ........ 5

HOOFSTUK 2

FAKULTEITE LETTERE EN WYSBEGEERTE ........ 7

Universiteit van Kaapstad ........ 7
Universiteit van Natal ........ 9
Universiteit van die Oranje-Vrystaat ........ 11
Universiteit van Port Elizabeth ........ 13
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ........ 15
Universiteit van Pretoria ........ 18
Randse Afrikaanse Universiteit ........ 21
Rhodes-universiteit ........ 23
Universiteit van Stellenbosch ........ 25
Universiteit van Suid-Afrika ........ 27
Universiteit van die Witwatersrand ........ 30

VAKKE VIR B.A. (ALGEMEEN) IN DIE FAKULTEITE VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE AANGEBIED ........ 32

BEROEPSDIENS ........ 34

HOOFSTUK 3

FAKULTEITE VAN HANDEL EN EKONOMIESE WETENSKAPPE ........ 44

Universiteit van Kaapstad ........ 44
Universiteit van Natal ........ 47
Universiteit van die Oranje-Vrystaat ........ 49
Universiteit van Port Elizabeth ........ 53
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ........ 55
Universiteit van Pretoria ........ 58
Randse Afrikaanse Universiteit ........ 61
Rhodes-universiteit ........ 63
Universiteit van Stellenbosch ........ 65
Universiteit van Suid-Afrika ........ 69
Universiteit van die Witwatersrand ........ 72

BLADSY

VOORGRAADSE VAKKE VOLGENS UNIVERSITEITE: FAKULTEITE VAN HANDEL EN EKO= NOMIESE WETENSKAPPE .......... 77

BEROEPSDIENS .......... 79

HOOFSTUK 4

FAKULTEITE VAN NATUURWETENSKAPPE .......... 86

Universiteit van Kaapstad .......... 86
Universiteit van Natal .......... 88
Universiteit van die Oranje-Vrystaat .......... 90
Universiteit van Port Elizabeth .......... 91
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys .......... 93
Universiteit van Pretoria .......... 95
Randse Afrikaanse Universiteit .......... 97
Rhodes-universiteit .......... 99
Universiteit van Stellenbosch .......... 100
Universiteit van Suid-Afrika .......... 102
Universiteit van die Witwatersrand .......... 103

VAKKE VIR B.SC. IN DIE FAKULTEITE VAN NATUURWETENSKAPPE AANGEBIED .......... 106

BEROEPSDIENS .......... 107

HOOFSTUK 5

ONDERWYSERSOPLEIDING .......... 119

Universiteit van Kaapstad .......... 119
Universiteit van Natal .......... 120
Universiteit van die Oranje-Vrystaat .......... 121
Universiteit van Port Elizabeth .......... 122
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys .......... 123
Universiteit van Pretoria .......... 124
Randse Afrikaanse Universiteit .......... 125
Rhodes-universiteit .......... 126
Universiteit van Stellenbosch .......... 126
Universiteit van Suid-Afrika .......... 129
Universiteit van die Witwatersrand .......... 131

NAGRAADSE GRADE .......... 132

BEROEPSDIENS .......... 132

BLADSY

HOOFSTUK 6

BEROEPSGERIGTE STUDIERIGTINGS .......... 133

Ter inleiding .......... 133
Arbeidsterapie .......... 133
Argitektuur .......... 134
Beeldende Kunste .......... 135
Biblioteekkunde .......... 139
Bosbou .......... 142
Boukunde .......... 144
Bourekenkunde .......... 146
Dieetkunde .......... 148
Drama .......... 150
Farmasie/Aptekerswese .......... 154
Fisioterapie .......... 155
Geneeskunde .......... 157
Huishoudkunde .......... 161
Industriële Chemie .......... 163
Ingenieurswese .......... 164
Kommunikasiekunde/Joernalistiek .......... 170
Krygskunde .......... 173
Landbou .......... 174
Landmeetkunde .......... 180
Landskapargitektuur .......... 181
Liggaamlike Opvoedkunde/Opvoeding .......... 182
Materiaalwetenskap .......... 184
Musiek .......... 185
Mynbou-Geologie .......... 191
Polisiekunde .......... 191
Radiografie .......... 192
Regsgeleerdheid .......... 194
Sosiale Wetenskappe/Maatskaplike Werk .......... 198
Spraakheelkunde en Oudiologie/Logopedie .......... 202
Stads- en Streekbeplanning .......... 203
Tandheelkunde .......... 206
Teologie .......... 209
Veeartsenykunde .......... 212
Verpleegkunde .......... 214
Vertaling .......... 220
Voedselwetenskap .......... 221
Weerkunde .......... 222

BLADSY

INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS .................................. 223

BYLAES

A. NUTTIGE ADRESSE .................................................. 228

1. Universiteite ................................................. 228
2. Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys ........................ 228
3. Staatsdepartemente .............................................. 228
4. Streekkantore van die Staatsdienskommissie ...................... 230
5. Provinsiale Administrasies ...................................... 231
6. Onderwysdepartemente ............................................ 231
7. Ander liggame en organisasies ................................... 231

B. LYS VAN AFKORTINGS ................................................ 232

C. BIBLIOGRAFIE ...................................................... 232

# HOOFSTUK 1

# U N I V E R S I T E I T S O P L E I D I N G

## TER INLEIDING

Hierdie boek is 'n poging om op beknopte, samevattende wyse inligting aan veral hoër= skoolleerlinge, oor universiteitsopleiding te verskaf, en daarby 'n kort aanduiding van beroepsdiens, oftewel werkmoontlikhede te gee. Dis bloot 'n soort algemene inleiding om basiese inligting te verskaf en belangstelling te prikkel. As 'n kandidaat rigtings vind waarin hy belang stel en waarvan hy meer wil weet, dan is dit tyd om literatuur in die biblioteek of elders te gaan soek en op ander maniere verdere inligting te kry.

Daar sal ook opgemerk word dat die afdelings BEROEPSDIENS in hierdie boek hoofsaaklik leiding gee aan studente in hul beplanning ná die verwerwing van 'n eerste graad. Daar moet egter onthou word dat ons in 'n tyd van spesialisasie lewe en dat die B-graad in die meeste gevalle slegs die weg open tot 'n beroepsrigting wat ná verdere opleiding ge= volg kan word. Telkens word die aandag dan ook gevestig op die noodsaaklikheid van na= graadse studie en/of addisionele professionele opleiding. Die hoogste kwalifikasie wat behaal is of die hoofvakke vir 'n graad, korreleer normaalweg met die beroep wat uit= eindelik beoefen gaan word, maar dit beteken geensins dat die kandidaat, nadat hy 'n graad of diploma of selfs 'n graad en 'n diploma behaal het, volleerd in 'n betrekking kan instap nie. Met Ekonomie byvoorbeeld as hoofvak vir 'n graad is iemand nog glad nie 'n ekonoom in die volste sin van die woord nie, en Sielkunde as hoofvak beteken nie dat so 'n persoon 'n volleerde sielkundige is nie. Om byvoorbeeld 'n ekonoom of sielkundige te word, is ruim ervaring en gevorderde nagraadse studie nodig. Dit is ook waar vir haas alle ander beroepsrigtings, selfs dié waarvoor spesifiek afgebakende kursusse ge= volg word. Die vroeë stadiums in enige loopbaan is maar 'n voortsetting van die persoon se opleiding.

Studente moet hulself so goed moontlik vergewis van die vraag na werknemers wat daar in bepaalde beroepsrigtings bestaan. Dit kan gebeur dat persone grade verwerf met sekere hoofvakke terwyl die beroepsmoontlikhede in hierdie rigtings gering is. Kandidate word dus baie sterk aangeraai om wanneer hulle na die universiteit gaan, nie alleen op die hoogte te kom met watter studierigtings hulle die beste sal pas nie, maar ook watter loopbaanvelde 'n besondere studierigting moontlik vir hulle sal oopstel. Daartoe sal, onder andere, hierdie boek en verwante literatuur hulle help.

## DOEL VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING

Studente in die algemeen en voornemende universiteitstudente in die besonder, behoort vertroud te wees met die wese en strekking van universiteitstudie. Hulle behoort bewus te wees van die verskil tussen universiteitsopleiding en ander opleiding op tersiêre vlak. 'n Volledige uiteensetting hiervan kan ongelukkig nie hier onderneem word nie en gevolglik word by enkele riglyne volstaan.

Daar bestaan verskeie opleidingsinrigtings op tersiêre vlak, soos die universiteite, die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, onderwysersopleidingskolleges en ander. Al hierdie inrigtings het 'n gesamentlike, nie-mededingende funksie met die hoofdoel om studente tot hul volle potensiaal op te lei. Die inrigtings funksioneer op die hele ge= bied van tersiêre onderwys en elkeen het 'n bepaalde funksie om te vervul. Die onder= skeid tussen die universiteite en die ander tersiêre onderwysinrigtings word bepaal deur die verskil in funksies wat elkeen op die gebied van die tersiêre onderwys vervul.

Die uitgangspunt is dat dit nie die funksie van 'n universiteit is om vir 'n beroep af te rig nie maar wel om die kandidaat op te lei en te vorm vir uiteindelike beroepsbe= oefening. Die student word geleer om krities te dink, die vermoë te ontwikkel om ver= dere kennis self te kan bybring, om leiding te kan neem en probleme op te los. Die universiteit is dus nie 'n beroepskool nie. Hierteenoor konsentreer byvoorbeeld die KGTOs daarop om van die student by uitstek 'n praktiese mens te maak wat sy kennis ten volle kan toepas. In dié geval word dus meer op die toepassing van kennis as op die kennis self gekonsentreer.

Alhoewel universiteite simpatiek staan teenoor die wense van gegradueerdes en werkge= wers, naamlik dat studente meer funksioneel vir beroepsbeoefening opgelei behoort te word, sal sodanige opleiding afwyk van die wese, doel en funksie van die universiteit.

Werkgewers behoort in die verband bereid te wees om in indiensopleiding van hul perso=neel te belê ten einde spesifieke kennis en vaardighede vir 'n besondere professionele funksie by te bring. Vir die universiteite sal dit net in die geval van beroepsgerigte studierigtings moontlik wees om die student in hoë mate professioneel toe te rus.

Universiteitstudie stel hoë eise, en studente wat nie bereid of daartoe in staat is om aan hierdie eise te voldoen nie, behoort nie na 'n universiteit te gaan nie. Vir hulle is die ander opleidingsinrigtings daar wat, hoewel andersoortig, geensins minderwaardige opleiding aanbied nie. Daarom is tydige voorligting en veral kennis van die noodwendige interaksie van beroep, studierigting en opleidingsinrigting, uiters noodsaaklik.

Diegene wat nie na 'n universiteit kan of wil of behoort te gaan nie, kan uit die RGN-publikasie Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede, volle be=sonderhede oor nie-universitêre tersiêre opleiding verkry.

KEUSE VAN 'N STUDIERIGTING

Die keuse van 'n studierigting behoort die gevolg te wees van die keuse van 'n beroep en nie andersom nie. Om sonder meer 'n universiteitskursus te volg met die hoop dat 'n be=roep op grond daarvan beoefen sal kan word, kan maklik tot ontnugtering lei. Dikwels bestaan daar nie toepaslike werkgeleenthede nie. Die beroep behoort dus die studierig=ting te bepaal en op sy beurt sal die studierigting die opleidingsinrigting bepaal.

Die gewigtigste keuse sentreer dus rondom die beroep wat uiteindelik beoefen gaan word. Dit gebeur egter dikwels dat 'n student 'n beroepskeuse maak ten spyte daarvan dat die beroep nie sy volle belangstelling geniet nie of 'n rigting is waarin hy nie redelike aanleg het nie. Daar word ook nie altyd rekening gehou met die vakke wat geneem sal moet word nie. In die meeste gevalle is die vakke vir hom net name terwyl daar aan die nuttigste vakkombinasie dikwels nie eens gedink word nie.

Persone wat 'n beroepsgerigte kursus gevolg het, het gewoonlik nie probleme om 'n be=trekking te bekom waarin die opleiding benut kan word nie. Dit is hoofsaaklik diegene met nie-beroepsgerigte opleiding en veral dié met 'n gewone B.A.-graad sonder 'n profes=sionele kwalifikasie, wat geen spesifieke arbeidsmark het waarin hulle kan meeding nie. Selfs in hul studiejare het talle studente nog nie sekerheid oor die beroep wat hulle gaan beoefen nie. Alhoewel daar oor die vormende waarde van universiteitstudie geen twyfel is nie, kan die beroepslewe vir hierdie studente probleme oplewer. Hulle kan werk vind wat indirek, ver langs of glad nie aan hul studie verwant is nie. Dikwels bevind sulke persone, veral in 'n tyd van volle indiensname, hulle sy aan sy met nie-gegradu=eerdes in dieselfde werksituasie.

Aan die gewigtigheid van 'n keuse kan nie getwyfel word nie, aangesien 'n loopbaan nie net bepaal wat iemand eendag gaan doen nie, maar ook met watter mense hy sal moet saam=werk, sy woon- en werkplek, sy inkomstepeil, maar veral of blywende bevrediging uit die werk sy deel in die lewe sal wees. Daar is hedendaags ook net nie tyd en plek vir mis=lukkings nie. Die prys wat vir mislukking betaal moet word, is veels te hoog, want die persoon wat homself nie toerus vir hoër dinge nie, sal tevrede moet wees om op sosiale en ekonomiese gebied onder te bly. Een groot oorsaak van mislukking is gebrekkige of selfs verkeerde opleiding.

Die beplanning vir 'n beroep noodsaak 'n evaluering van die individu se belangstelling en vermoë sowel as van die eise van 'n besondere beroep of beroepsrigting en die studie=rigting wat gevolg sal moet word. 'n Hoë mate van belangstelling in 'n beroepsrigting, hoewel belangrik, is op sigself egter nie voldoende om 'n beroepskeuse te regverdig nie. Aanleg en bekwaamheid is ook nodig. Die omgekeerde is natuurlik ook waar : 'n persoon kan al die nodige bekwaamheid en aanleg vir 'n beroep hê, en tog nie daarin belangstel nie. Wat wel nodig is, is dus 'n keuse wat gekenmerk word deur die hoogste korrelasie tussen aanleg en bekwaamheid vir 'n bepaalde beroep aan die een kant; aan die ander kant belangstelling in asook deeglike kennis van die eise van die beroep, werkgeleent=heid en die moontlikhede vir bevordering.

Leerlinge is egter vandag in die bevoorregte posisie, en word ook steeds aangemoedig, om gebruik te maak van die talle voorligtingsgeleenthede wat tot hul beskikking is. Om mee te begin, moet die kandidaat homself ondersoek, byvoorbeeld met vrae soos: Is my skoolprestasie 'n aanduiding van die rigting wat ek behoort te volg? In watter skool=vakke of vakrigtings presteer ek die beste? Waarin stel ek werklik belang? Die kandi=daat se eie begeerte en belangstelling en skoolprestasies is dus van groot belang in die beplanning van 'n beroep, maar hierby moet hy ook sy ouers en naasbestaandes, sy

onderwysers, die voorligtingsdeskundiges van die onderwysdepartemente en ander raadpleeg wat bevoeg is om hom te lei; hy moet die beroepsnaslaanbiblioteek deursoek en soveel regstreekse inligting oor beroepe kry as moontlik.

Afgesien van deskundige voorligting wat kandidate reeds op skool behoort te kan kry, is die Departement van Arbeid, deur middel van die Afdeling Beroepsdienste, enige jeugdige of volwassene behulpsaam met die keuse van 'n geskikte beroep of studierigting. Waar groot onsekerheid bestaan, word van sielkundige toetse gebruik gemaak om rigtings van belangstelling en aanleg te bepaal. Opgeleide beroepsraadgewers is in al die groter sentrums in die land gestasioneer. Hierbenewens publiseer die Departement 'n kwartaal=blad, My Loopbaan, wat gratis aan skole voorsien word en waarin 'n groot verskeidenheid van beroepe beskryf en wye kennis van die beroepswêreld verskaf word. Verskeie ander instansies verskaf voorligting oor beroepe maar dan slegs in eie verband. Ook die NIPN van die WNNR onderneem toetsing en onderhoudvoering in gevalle waar beroepsleiding nodig is.

Die reuse-diens wat op hierdie gebied deur die universiteite self onderneem word, ver=dien spesiale vermelding. Afgesien van kort oriënteringsprogramme aan die begin van die jaar waarin beginners bekend gestel word met verskillende vakke en studierigtings, die werking van die universiteitsmasjinerie, ens., word massas voorligtingsmateriaal oor kursusse en beroepe beskikbaar gestel. Aspirant-studente en studente moet dus nie skroom om van hierdie fasiliteite van die universiteite gebruik te maak nie. Alhoewel daar van 'n aspirant-student seker verwag kan word om by sy inskrywing aan 'n universi=teit reeds te weet watter leergang hy wil volg en watter vakke hy wil kies, is die stu=dentevoorligtingsburo van die universiteit steeds bereid om hulp te verleen. Aan feit=lik alle fasette van die nuweling se lewe aan die universiteit word aandag geskenk. Gou sal die eerstejaars dan ook besef dat die universiteit nie net 'n akademiese masjien is nie, maar 'n inrigting waar daar geleentheid is om gedurende sy vormingsjare tot 'n volwaardige en gebalanseerd opgevoede mens te ontwikkel.

DIE FINANSIERING VAN STUDIES

Die begrip finansiering van studies impliseer die bestryding van die totale uitgawes verbonde aan die opleiding van 'n student aan 'n universiteit, en dit omsluit veel meer as net die bedrag wat dit die student sal kos en die bestryding daarvan. Om die saak in breër perspektief te sien, moet die koste van universiteitsopleiding minstens van twee kante benader word, naamlik van die kant van die universiteit en tweedens van die kant van die student. Met so 'n benadering sal byvoorbeeld die belangrike vraag van waarom klasgelde aan die universiteit so hoog is en telkens verhoog word, ook in 'n mate toegelig word.

Van die kant van die universiteit: Indien die jaarlikse lopende uitgawes (syfers vir 1976, koshuise uitgesluit) van die tien residensiële universiteite saamgetel en deur die totale aantal studente verdeel word, kom die gemiddelde regstreekse opleidingskoste per student per jaar op ongeveer R2 100 te staan. (Vir 1979 sal dit waarskynlik heelwat hoër wees.) Van hierdie bedrag dra die student self gemiddeld ongeveer 12% by, die uni=versiteit, met die bystand van die gemeenskap, sowat 4%, en die staat, dit wil sê die belastingbetaler, sowat 84%. Dit beteken dat die Staat en die gemeenskap sowat 88% van die regstreekse koste betaal om studente op te lei. Studente het gevolglik nie juis rede om te kla oor hul aandeel aan die lopende uitgawe van universiteite nie. Met reg kan dan ook na mense wat hulself studente noem maar nie hul werk doen en in hul studies vorder nie, verwys word as "gesubsidieerde leeglêers" wat aan die universiteit "die lewe geniet" op die koste van andere wat wel werk.

Om student te wees, en hierdie lewensfase word aan alle ware studente gegun, is dus nie net 'n groot voorreg nie, maar bring ook groot verantwoordelikheid mee.

Van die kant van die student: Dit is haas onmoontlik om 'n presiese antwoord te gee op die vraag hoeveel geld per jaar voldoende sal wees vir die behoeftes van elke individuele student. Die bedrag word onder andere bepaal deur die aard van 'n kursus, die vakke wat bestudeer word, die student se persoonlike behoeftes, koshuisinwoning, ens. 'n Uni=versiteit is nie 'n skool waar al die leerlinggroepe dieselfde klasse bywoon nie. Stu=dente maak 'n vrye keuse uit universiteite, studierigtings en vakke. Aan sommige uni=versiteite is die studie, die lewe en die losies duurder as aan ander; sommige kursusse aan dieselfde universiteit is duurder as ander; gelde vir die eerste jaar verskil soms van dié vir ander studiejare en studente verskil onder mekaar oor wat hulle as noodsaak=lik vir hul behoeftes beskou.

Die volgende gemiddeldes van lesgeld en losies kan egter as 'n leidraad dien:

- Lesgeld: Vir 1978 beloop die gemiddelde lesgeld vir twintig geselekteerde rigtings wat na minstens drie jaar voltydse studie uitloop op 'n eerste graad aan die residensiële universiteite, die volgende (studierigtings in volgorde van laagste na hoogste gemiddelde):

R400 - R450 : Biblioteekkunde, Regte (bv. B.Proc. en B.Iuris), Huishoudkunde;
R451 - R500 : Verpleegkunde, B.A., B.Com., Maatskaplike Werk, Dieetkunde, Drama;
R501 - R550 : Landbou, Beeldende Kunste, Landmeetkunde, Ingenieurswese;
R551 - R600 : B.Sc., Musiek;
R601 - R650 : Boukunde/Boubestuur/Bouwetenskap, Bourekenkunde, Argitektuur, Geneeskunde en Tandheelkunde.

Gemiddelde lesgeld vir die twintig studierigtings: R515 p.j.

- Losies : Losiesgelde vir 1978, varieer soos volg:

R660 - R700 : aan ses universiteite,
R700 - R800 : geen,
R800 - R900 : aan twee universiteite, en
R900 : R1 000 : ook aan twee universiteite.

Gemiddelde losiesgeld vir die tien universiteite: R758 p.j.

Gemiddeld gesien, kan 'n voltydse student sy jaarlikse begroting min of meer soos volg opstel:

| | |
|---|---|
| Les- en registrasiegeld | R515 |
| Losies | 758 |
| Buitemuurse bedrywighede | 100 |
| Boeke e.d.m. | 200 |
| Persoonlike uitgawes | 200 |
| Reisgeld ens. | 227 |
| TOTAAL | R2 000 |

Aanpassings vir individuele studente sal beslis nodig wees en daar sal gevind word dat vir sommige die totaal wat hier aangegee word, veels te hoog is, terwyl ander se totaal heelwat kan styg. Hierby moet bedink word dat die student, nadat hy gematrikuleer het, kon gaan werk het teen 'n beginsalaris van byvoorbeeld R2 400 per jaar. Eintlik kos 'n student se opleiding in die buurt van R4 000 of meer per jaar. Hoe langer hy studeer, hoe groter word die onkoste, want hy sou intussen byvoorbeeld 'n reeks salarisverhogings kon gekry het as hy gaan werk het.

Opleidingskoste aan 'n universiteit is deesdae duidelik nie net vir die Staat nie maar ook vir die student self, baie hoog. Daarom behoort diegene wat druip tot die uitsonderlike minimum beperk te wees. Afgesien van die regstreekse en onregstreekse finansiële verlies en die tydvermorsing wat druiping meebring, is daar die persoonlike frustrasie wat dit veroorsaak, die feit dat baie studente as gevolg van druiping 'n koers inslaan wat nie werklik hul beroepskeuse is nie, die verlies aan of uitgestelde indiensneming van mannekrag, veral in hoëvlakberoepe, waar daar gedurig tekorte is, en dergelike negatiewe gevolge meer.

Bronne van finansiële hulp: Daar bestaan 'n landswye behoefte aan hoëvlakse mannekrag en om hierin te probeer voorsien word beurse, lenings, merietebeurse ens. aan studente gebied deur byvoorbeeld die Staat, die provinsiale administrasies, munisipaliteite, groot sakeondernemings en universiteite self. Daar moet egter onthou word dat finansiële hulp geredeliker beskikbaar is vir voortreflike akademiese prestasie op skool en daarna. Hoe beter die vordering, hoe beter is die kanse op toekennings. Dit beteken egter nie dat slegs die briljante leerlinge en studente vir beurse in aanmerking kom nie. Die gemiddelde student met 'n goeie vorderingsrekord kan ewe-eens staat maak op hulp.

- Beurse en beurslenings: Hierdie twee begrippe is eintlik maar dieselfde en kom neer op toekennings wat nie in kontant nie maar in die vorm van diens terugbetaalbaar is. (In uitsonderlike gevalle is geen terugbetaling ter sprake nie.) Beurse word gewoonlik toegeken op grond van behoeftigheid en akademiese prestasie. By kontrakbreuk moet die beurs in kontant plus rente terugbetaal word. Diens beteken gewoonlik een jaar diens vir elke jaar van toekenning.

Studielenings moet, soos die naam aandui, terugbetaal word sodra die student begin werk. Van daardie datum af word die rente, gewoonlik 6 persent of meer, ook in berekening gebring.

Merietebeurse, ook genoem prestasiebeurse, word toegeken op grond van akademiese prestasie en is gewoonlik nie terugbetaalbaar nie. Sommige universiteite ken ook pryse en medaljes toe op grond van voortreflike werk.

Inligting oor beurse en lenings kan verkry word van:

- Beursbrosjures van die verskillende universiteite wat op aanvraag beskikbaar is.
- Die publikasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing:

  Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie : UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP RAU, RU, US, UNISA, WITS en ALGEMEEN.

Die boek bevat die jongste inligting soos verkry van universiteite, instansies en organisasies wat toekennings beskikbaar stel, en inligting uit persaankondigings en ander bronne. 'n Hersiene uitgawe sal teen die einde van 1979 by alle hoërskole en universiteite beskikbaar wees. Skemas waaroor onder andere inligting verskaf word, is die Staatsdiensbeursskema en die beurs- en leningskemas van die verskillende onderwysdepartemente vir die opleiding van onderwysers.

- Talle studente voorsien in hul finansiële behoeftes deur deeltyds te werk.

Opmerkings: 'n Paar algemene opmerkings wat kan bydra om die finansiering van 'n studiebegroting te vergemaklik, is die volgende:

- Hoe beter 'n student/leerling akademies presteer, hoe makliker is dit om finansiële hulp te verkry.
- Vir die eerste studiejaar is dit gewoonlik die moeilikste om geld uit die gewone finansieringsbronne te bekom. Ná een jaar se studie en bewyse van bevoegdheid en prestasie is die kanse beter. Dit beteken dat 'n student normaalweg self voorsiening moet maak vir die eerste jaar.
- Deeltydse studie is natuurlik goedkoper as voltydse en baie studente verdien ook heelwat geld deur deeltyds te werk. Daar word egter aanbeveel dat aan die studie prioriteit verleen word en dat deeltydse werk byvoorbeeld nie gedurende die tweede semester behoort aangepak te word nie.
- Voltydse vakansiewerk word deur universiteite sterk aanbeveel.
- Kortsigtigheid, deur byvoorbeeld slegs te soek na beurse waaraan geen diensbepaling verbonde is nie, behoort vermy te word.
- Dit is 'n goeie beleid om moontlike werkgewers op wie 'n studierigting betrekking het, regstreeks te raadpleeg oor finansiële hulp.
- Versamel alle inligting oor die kosteaspek, sodat betyds aansoek om finansiële hulp gedoen kan word.

## N A V O R S I N G

Grootskaalse wetenskaplike navorsing op haas elke denkbare gebied het in die moderne tyd vir elke vooruitstrewende land onontbeerlik geword, nie net vir die uitbreiding en verryking van kennis nie, maar vir doeltreffende beplanning op elke gebied van die staatshuishouding. Ook in Suid-Afrika is daar talle navorsingsfasiliteite en -instansies wat die breë terrein van geestes- en natuurwetenskaplike werksaamhede dek.

Van die vernaamste navorsingsinstansies op die natuurwetenskaplike gebied is

- verskillende staatsdepartemente waaronder dié van Bosbou, Gesondheid, Landbou-ekonomie en -bemarking, Landboukrediet en -grondbesit, Landbou-tegniese Dienste, Mynwese, Nasionale Opvoeding, Nywerheidswese, Vervoer, Waterwese, die SA Spoorweë, Beplanning en die Omgewing, Pos- en Telekommunikasie, die Staatsdrukker, die SA Munt en die vier provinsiale administrasies;

- statutêre liggame soos die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR), wat verskillende institute en departemente beheer en navorsing aan universiteite en ander liggame ondersteun, die RAK, die Brandstofnavorsingsinstituut van SA, die Nasionale Instituut vir Metallurgie, die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke, Nasionale Verkeersveiligheidsraad, die SABS, die SA Instituut vir Mediese Navorsing, die SA Mediese Navorsingsraad (verskeie institute en eenhede), die Waternavorsingskommissie;

- sestien universiteite (die universiteite self of hul navorsingsinstitute en -eenhede op eie inisiatief of in samewerking met ander organisasies);

- ses kolleges vir gevorderde tegniese onderwys;

- verskeie museums, observatoria, botaniese en soölogiese tuine;

- openbare korporasies waaronder Evkom, Foskor, Sasol, Yskor, Soekor, Vissery-ontwikkelingskorporasies van SA, die SA Ontwikkelingskorporasie vir Uitvindings en die Uraanverrykingskorporasie van SA;

- 'n aantal nywerheidnavorsingsinstitute wat deur die WNNR of die Staat ondersteun word of onafhanklik funsioneer, asook ongeveer vyftig nywerheidsmaatskappye met afsonderlike navorsingsdepartemente.

Geesteswetenskaplike navorsing word onderneem deur

- die Staatsdepartemente van Arbeid, Gesondheid, Landbou-ekonomie en -bemarking, Nasionale Opvoeding (biblioteke, kunsgalerye en museums), Beplanning en die Omgewing, Handel, Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling en die vier provinsiale administrasies;

- statutêre liggame soos die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), wat 'n aantal navorsingsinstitute beheer en origens op uitgebreide skaal navorsing deur universiteite, ander instansies en selfs private persone ondersteun; die Afrika-Instituut van SA; die Produktiwiteitsadviesraad; die SA Reserwebank; die IND en NIPN van die WNNR;

- sestien universiteite (die universiteite self of hul navorsingsinstitute en -eenhede op eie inisiatief of in samewerking met ander organisasies);

- enkele munisipaliteite.

Jong gegradueerdes wat streef om erkenning vir oorspronklike bydraes kan die geleentheid benut om, onder leiding van ervare persone van wie sommige wêreldaansien geniet, op eie inisiatief navorsingswerk te doen. Talle geleenthede en feitlik onbeperkte moontlikhede bestaan in die natuur- sowel as die geesteswetenskaplike rigtings. Goed toegeruste kantore, laboratoria en biblioteke asook moderne uitrusting soos rekenoutomate, is tot die beskikking van navorsers.

Navorsingservaring is van onskatbare waarde op enige terrein van die lewe en dit is ook dikwels 'n nuttige beginpunt vir 'n loopbaan in die Staatsdiens, aan 'n universiteit, in die nywerheid of in die talle afdelings van die private sektor. Die minimum opvoedkundige vereiste vir jong navorsers is gewoonlik 'n baccalaureusgraad maar, na gelang van die navorsingsrigting, soms 'n honneurs- of meestersgraad. Nagraadse studie bly belangrik en is dikwels 'n vereiste vir bevordering tot die senior range.

Die gereelde publikasie van die WNNR, Gids van wetenskaplike navorsingsorganisasies in Suid-Afrika asook die publikasie van die RGN, Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika, verskaf breedvoerige inligting in verband met organisasies wat navorsing in Suid-Afrika onderneem.

# FAKULTEITE LETTERE EN WYSBEGEERTE

## UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

### FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

Baccalaureus Artium : B.A.

Baccalaureus Artium (Honneurs): B.A. (Hons.)

Magister Artium : M.A.

Philosophiae Doctor : Ph.D.

Doctor Litterarum : D. Litt.

GRADE

Baccalaureus Artium : B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

- 'n Slaagsyfer op die Hoër of Standaardgraad in minstens vyf van die volgende vakke: Afrikaans, Engels, Wiskunde, Biologie, Natuur- en Skeikunde, Bantoetale, Frans, Duits, Grieks, Hebreeus, Italiaans, Latyn, Nederlands, Portugees, Spaans, Hindi, Ge=skiedenis, Aardrykskunde, Musiek, Bybelkunde, Ekonomie, Kuns.
- 'n Slaagsyfer op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad in òf Wiskunde òf 'n ander taal as die amptelike tale, of 'n slaagsyfer van minstens 50 persent op die Hoër Graad in een van die amptelike tale.
- Die minimum vereiste vir toelating tot Wiskunde I is 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. 'n Goedgekeurde leergang bestaan uit minstens nege kwalifiserende kursusse. Dit behels 'n hoofkursus, vier senior kursusse en vier kursusse wat deur die departemente van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aange=bied word.

Kursusse wat in die B.A.-graadkursus ingesluit kan word

| Vak | Aantal kursusse | Departement en Fakulteit |
|---|---|---|
| Afrikaans | een | Afrikaans en Nederlands (Lettere en Wys=begeerte) |
| Afrikaans en Nederlands | drie | Afrikaans en Nederlands (Lettere en Wys=begeerte) |
| Afrikaans en Nederlands Addisioneel | een | Afrikaans en Nederlands (Lettere en Wys=begeerte) |
| Afrika-ekonomiese geskiedenis | een | Ekonomie (Lettere en Wysbegeerte) |
| *Afrika-geskiedenis | twee | Geskiedenis (Lettere en Wysbegeerte) |
| Afrika-gewoontereg | een | Publiekereg (Regsgeleerdheid) |
| Afrikatale | drie | Afrikatale (Lettere en Wysbegeerte) |
| Antieke Geskiedenis | drie | Klassieke Tale (Lettere en Wysbegeerte) |
| Argeologie | drie | Argeologie (Lettere en Wysbegeerte) |
| Argeologie Addisioneel | een | Argeologie (Lettere en Wysbegeerte) |
| Chemie | drie | Chemie (Natuurwetenskappe) |
| Dierkunde | drie | Dierkunde (Natuurwetenskappe) |
| Drama | drie | Spraakopleiding en Dramakunde (Lettere en Wysbegeerte) |
| Duits | vier | Duits (Lettere en Wysbegeerte) |
| Duits Addisioneel | een | Duits (Lettere en Wysbegeerte) |
| Ekonomie | drie | Ekonomie (Lettere en Wysbegeerte) |
| Ekonomiese Geskiedenis | drie | Ekonomie (Lettere en Wysbegeerte) |

| Vak | Aantal kursusse | Departement en Fakulteit |
|---|---|---|
| Engels | drie | Engels (Lettere en Wysbegeerte) |
| Engels Addisioneel | een | Engels (Lettere en Wysbegeerte) |
| *Fisika | drie | Fisika (Natuurwetenskappe) |
| Fisiologie | een | Fisiologie (Natuurwetenskappe) |
| Frans | vier | Romaanse Studies (Lettere en Wysbegeerte) |
| Frans Addisioneel | een | Romaanse Studies (Lettere en Wysbegeerte) |
| Geografie | drie | Geografie (Natuurwetenskappe) |
| *Geologie | drie | Geologie (Natuurwetenskappe) |
| Geskiedenis | drie | Geskiedenis (Lettere en Wysbegeerte) |
| Geskiedenis Addisioneel | een | Geskiedenis (Lettere en Wysbegeerte) |
| Godsdiensstudies | drie | Godsdiensstudies (Lettere en Wysbegeerte) |
| Grieks | drie | Klassieke Tale (Lettere en Wysbegeerte) |
| Griekse en Romeinse Letter= kunde en Filosofie | een | Klassieke Tale (Lettere en Wysbegeerte) |
| Hebreeus | vier | Hebreeus (Lettere en Wysbegeerte) |
| Hebreeuse Kultuur | twee | Hebreeus (Lettere en Wysbegeerte) |
| Italiaans | drie | Romaanse Studies (Lettere en Wysbegeerte) |
| Klassieke Hebreeus | een | Hebreeus (Lettere en Wysbegeerte) |
| Kultuurgeskiedenis van Wes-Europa | drie | Kultuurgeskiedenis van Wes-Europa (Lettere en Wysbegeerte) |
| Kunsgeskiedenis | drie | Skool van Skone Kunste (Skone Kunste en Argitektuur) |
| Latyn | drie | Klassieke Tale (Lettere en Wysbegeerte) |
| Menslike Biologie | een | Anatomie (Geneeskunde) |
| *Musiekgeskiedenis en -waar= dering | twee | Kollege van Musiek |
| Omgewingshulpbronnebestuur | halwe | Omgewingstudies (Interfakultêr) |
| *Plantkunde | drie | Plantkunde (Natuurwetenskappe) |
| Publieke Administrasie | een | Publieke Administrasie (Sosiale Weten= skappe) |
| Regsleer A | een | Romeinse en Vergelykende Reg (Regs= geleerdheid) |
| Rekenaarkundige en Statistiese Toegepaste Wiskunde | een | Toegepaste Wiskunde (Natuurwetenskappe) |
| *Rekenaarwetenskap | twee | Rekenaarwetenskap (Natuurwetenskappe) |
| Romeinse Reg en Regsleer | twee | Romeinse en Vergelykende Reg (Regsge= leerdheid) |
| Romeins-Hollandse Reg | twee | Romeins-Hollandse Reg (Regsgeleerdheid) |
| Sielkunde | drie | Sielkunde (Sosiale Wetenskappe) |
| Sosiale Antropologie | twee | Antropologie (Lettere en Wysbegeerte) |
| Sosiale Antropologie Addisioneel | een | Antropologie (Lettere en Wysbegeerte) |
| Sosiologie | drie | Sosiologie (Sosiale Wetenskappe) |
| Staatsleer | drie | Staatsleer (Lettere en Wysbegeerte) |
| Staatsreg | een | Publiekereg (Regsgeleerdheid) |
| *Statistiek | twee | Wiskundige Statistiek (Natuurwetenskappe) |
| *Toegepaste Wiskunde | drie | Toegepaste Wiskunde (Natuurwetenskappe) |
| Vergelykende Afrika-regering en -reg | twee | Antropologie (Lettere en Wysbegeerte) |
| Volkereg | een | Publiekereg (Regsgeleerdheid) |
| Wetenskapsgeskiedenis en -filosofie | een | Wysbegeerte (Lettere en Wysbegeerte) |
| Wiskunde | drie | Wiskunde (Natuurwetenskappe) |
| Wysbegeerte | vier | Wysbegeerte (Lettere en Wysbegeerte) |
| Xhosa (Dienskursus) | een | Afrikatale (Lettere en Wysbegeerte) |

'n Sterretjie * dui die vakke aan wat nie as verpligte hoofkursus gereken mag word nie.

Daar is intensiewe kursusse in die vakke Frans, Duits en Hebreeus vir kandidate wat nie die vereiste standaard bereik het vir toelating tot Frans I, Duits I en Hebreeus I nie. Hierdie kursusse sal vir die B.A.-graad erken word buite en behalwe enige ander kursus wat in dieselfde taal voltooi word. Intensiewe kursusse word ook in Afrikatale en Italiaans aangebied; voltooiing van hierdie kursusse verleen direkte toelating tot kursus II van hierdie tale.

'n Student mag hoogstens vier kursusse in een jaar volg. Kandidate moet ook voldoen aan die voorwaardes aangaande die bepaalde byvakke vir sodanige kursusse; bv. (i) kandidate wat Argeologie as 'n hoofvak neem, moet Sosiale Antropologie I en Geologie I of Geografie I in hul leergang insluit; (ii) Fisiologie I is 'n senior kursus wat alleen gevolg kan word deur kandidate wat Chemie I, Fisika I en Menslike Biologie voltooi het.

Hoogstens vier kursusse gekies uit natuurwetenskaplike vakke sal vir graaddoeleindes er= ken word. Natuurwetenskaplike vakke is bv Toegepaste Wiskunde, Plantkunde, Rekenaar= kundige en Statistiese Toegepaste Wiskunde, Menslike Biologie, Statistiek.

## Baccalaureus Artium (Honneurs): B.A.(Hons.)

Toelatingsvereiste: 'n B.A.-graad. Die vak vir 'n Honneursgraad moet een wees wat die student as hoofvak vir die B.A.-graad voltooi het.

Leergang: Een jaar. Die graad word in een van die volgende vakke toegeken: Afrikaans en Nederlands, Afrikatale, Argeologie, Duits, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Engelse Taal en Letterkunde, Frans, Geografie, Geskiedenis, Godsdiensstudies, Grieks, Hebreeus, Klassieke Tale, Kultuurgeskiedenis van Wes-Europa, Latyn, Sielkunde, Sosiale Antropolo= gie, Sosiologie, Staatsleer, Vergelykende Afrika-regering en -reg, Wiskunde, Wysbegeerte.

Die graad kan ook in een paar taalvakke toegeken word:

bv. Afrikaans en Nederlands - Engels
Afrikaans en Nederlands - Duits
Engels - Frans
Frans - Latyn

'n Kandidaat wat in 'n Honneurseksamen druip mag hom nie weer vir die eksamen aanmeld nie.

## Magister Artium : M.A.

Toelatingsvereiste: 'n B.A. (Hons.)-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar onder die toesig van 'n personeellid van die betrokke Departement werk. Die eksamen behels 'n verhandeling ten= sy anders vermeld.

## Philosophiae Doctor : Ph.D.

Toelatingsvereiste: 'n Gegradueerde wat alreeds drie jaar in besit is van 'n Baccalau= reusgraad.

Leergang: Hierdie graad is 'n navorsingsgraad. Kandidate moet twee jaar nagraadse stu= die onder toesig van die Universiteit voltooi voordat hulle hul vir die eksamen kan aan= meld. Die kandidaat se werk moet voorgelê word in die vorm van 'n proefskrif.

## Doctor Litterarum: D.Litt.

Toelatingsvereistes: Die graad D.Litt. mag aan die volgende kandidate toegeken word:

- 'n Gegradueerde wat minstens agt jaar al in besit is van 'n B.A.-graad
- 'n gegradueerde wat minstens ses jaar al in besit is van 'n M.A.- of Ph.D.-graad in Lettere en Wysbegeerte.

Leergang: 'n Kandidaat vir die graad moet 'n proefskrif of gepubliseerde werk voorlê. Die proefskrif moet 'n volwaardige studie van hoë gehalte wees wat 'n belangrike en oorspronklike bydrae tot sy studierigting lewer.

# U N I V E R S I T E I T V A N N A T A L

## FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

### Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Artium | : | B.A. |
| Baccalaureus Artium (Honneurs) | : | B.A. Hons. |
| Magister Artium | : | M.A. |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |
| Doctor Litterarum | : | D. Litt. |

GRADE

Baccalaureus Artium : B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes: Slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad saam met 'n minimum van 40 persent in minstens drie vakke op die Hoër Graad, waarvan een die Eerste Taal moet wees.

Leergang: Drie jaar. 'n Kandidaat moet slaag in minstens tien kwalifiserende kursusse wat onder minstens vyf vakke versprei word.

Die vakke word gekies uit die volgende: Afrikaans I, Afrikaans en Nederlands, Afrika-burgerlike Reg, Bantoereg, Beeldende Kunste, Beginsels en Praktyk van Beeldende Kunste, Bevolking en Arbeid, Biologie, Biologie in Menslike Sake, Biometrie I, Biometrie Ia en Inleiding tot die Rekenaarwetenskap, Bybelkunde, Chemie, Dierkunde, Duits, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Ekonomie van Onderontwikkelde Streke, Engels, Fisika, Frans, Geografie, Geologie, Geskiedenis, Geskiedenis van Afrika vanaf die Voorgeletterde Tyd, Grieks, Hebreeus, Inleidende Duits, Inleidende Frans, Inleidende Hebreeus, Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg, Joodse Studies, Klassieke Beskawing, Klassieke Hebreeus, Kuns=geskiedenis, Latyn, Musiek, Musiek en Sosiale Antropologie, Plantkunde, Rekenaarweten=skap, Romeinse Reg, Sielkunde, Sosiale Antropologie, Sosiologie, Spraakleer en Drama, Die Staatsekonomie van Suidelike Afrika, Staatsleer, Staatsreg, Statistiek, Statistiek Ia en Inleiding tot die Rekenaarwetenskap, Strafreg en Strafprosesreg, Suid-Sotho (of 'n ander goedgekeurde Bantoetaal), Teologie, Toegepaste Wiskunde, Vergelykende Afrika-regering en -administrasie, Volkereg, Voorgeskiedenis van Suidelike Afrika, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Wysbegeerte, Zulu.

Elke goedgekeurde leergang moet minstens twee vakke, bekend as hoofvakke, insluit, in elk waarvan twee of drie kwalifiserende kursusse gevolg moet word.

'n Kandidaat kies sy hoofvakke uit die volgende groepe:

(a) Hoofvakke waarin drie kwalifiserende kursusse gevolg moet word:

Afrikaans en Nederlands, Beeldende Kunste, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geografie, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Kunsgeskiedenis, Latyn, Musiek, Sielkunde, Sosiale Antro=pologie, Sosiologie, Spraakleer en Drama, Staatsleer, Statistiek, Wiskunde, Wysbegeerte, Zulu (of 'n ander goedgekeurde Bantoetaal).

(b) Hoofvakke waarin twee kwalifiserende kursusse gevolg moet word:

Bybelkunde, Ekonomiese Geskiedenis, Klassieke Beskawing, Teologie, Vergelykende Afrika-regering en -administrasie, Wiskundige Statistiek.

Baccalaureus Artium (Honneurs): B.A. Hons.

Toelatingsvereiste: 'n B.A.-graad.

Leergang: Een akademiese jaar. 'n Kandidaat moet 'n gevorderde studiekursus volg in een van die volgende vakke: Afrikaans en Nederlands, Bantoetale, Beeldende Kunste, Duits, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Engels, Frans, Geografie, Geskiedenis, Geskiedenis en Ekonomiese Geskiedenis, Geskiedenis en Staatsleer, Godgeleerdheid, Grieks, Hebreeus, Joodse Studies, Klassieke Tale, Kunsgeskiedenis, Latyn, Musiek, Musiek en Sosiale Antro=pologie, Musiek en Spraakleer en Drama, Sielkunde, Sosiale Antropologie, Sosiologie, Spraakleer en Drama, Staatsleer, Vergelykende Afrika-regering en -administrasie, Wis=kunde, Wiskundige Statistiek, Wysbegeerte, Zulu (of 'n ander goedgekeurde Bantoetaal).

Die vak vir 'n Honneurskursus moet een wees wat die student as hoofvak vir die B.A.-graad voltooi het. Die Senaat kan weier om 'n student tot die Honneurskursus in enige vak toe te laat as die peil van bedrewenheid wat hy voorheen in sodanige vak behaal het nie hoog genoeg is nie.

'n Kandidaat moet hom gelyktydig aanmeld vir al die dele van die finale eksamen en hy mag hom slegs een keer aanmeld.

Magister Artium : M.A.

Toelatingsvereistes: 'n B.A. Hons.-graad. 'n Kandidaat se vorige akademiese prestasie moet hoog genoeg wees.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar gevorderde navorsing en/of studie onder die leiding van 'n toesighouer voortsit.

Die eksamen vir die graad behels 'n verhandeling of twee of meer vraestelle, of 'n ver=handeling asook een of meer vraestelle, of ook sodanige praktiese werk wat die Senaat mag voorskryf.

Geen kandidaat mag hom meer as een keer vir die eksamen aanmeld nie.

Philosophiae Doctor : Ph.D.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet ôf alreeds twee jaar in besit wees van 'n M.A.-graad ôf alreeds drie jaar in besit wees van 'n B.A.Hons.-graad en aan wie die Senaat in diê geval spesiale vrystelling van die Magistereksamen verleen het.

Alvorens hy registreer, moet 'n kandidaat 'n verklaring oor die beoogde onderwerp van spesiale studie of navorsing vir die goedkeuring van die Senaat indien.

Leergang: 'n Kandidaat moet 'n goedgekeurde kursus van spesiale studie of navorsing voortsit oor 'n vak in verband met Argeologie, Beeldende Kunste, Biblioteek- en Inlig=tingkunde, Ekonomie, Geografie, Geskiedenis, Godgeleerdheid, Letterkunde, Musiek, Siel=kunde, Sosiale Antropologie, Sosiologie, Staatsleer, Suiwer Wiskunde, Tale, Wiskundige Statistiek of Wysbegeerte.

'n Kandidaat moet 'n proefskrif wat die resultate van sy studie of navorsing bevat, voorlê. 'n Proefskrif moet 'n besliste bydrae tot die kennis van en insig in die vak wees en moet bewys van oorspronklikheid lewer, hetsy deur die vind van nuwe feite of deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.

Doctor Litterarum : D.Litt.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet alreeds ses jaar in besit wees van 'n B.A.-graad. 'n Voornemende kandidaat vir die graad moet 'n formele aansoek om registrasie indien.

Leergang: Die graad word slegs toegeken vir gepubliseerde werk in die vorm van artikels, pamflette of boeke wat, weens die feit dat dit van boekhandelaars verkrygbaar is, min=stens een jaar toeganklik was vir die betrokke deskundiges en kritici.

'n Kandidaat mag, ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad, enige proefskrif wat voorheen vir 'n navorsingsgraad aanvaar is, voorlê: met dien verstande dat die werk gepubliseer is en vir minstens een jaar toeganklik was vir betrokke des=kundiges en kritici.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   O R A N J E - V R Y S T A A T

### FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | |
|---|---|
| Baccalaureus Artium | : B.A. |
| Honneurs-Baccalaureus Artium | : B.A. (Hons.) |
| Magister Artium | : M.A. |
| Magister Artium (Kliniese Sielkunde) | : M.A. (Kliniese Sielkunde) |
| Magister Artium (Voorligting=sielkunde) | : M.A. (Voorligtingsielkunde) |
| Doctor Litterarum | : D. Litt. |
| Doctor Philosophiae | : D.Phil. |

GRADE

Baccalaureus Artium : B.A.

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Minstens ses semesters voltydse studie (drie jaar). Die leergang vir B.A. (Algemene Studierigting) moet minstens twintig semesterkursusse insluit. 'n Student

mag 'n maksimum van nog vier semesterkursusse bykomend aanbied.

'n Leergang moet minstens twee hoofvakke insluit, in elk waarvan die voorgeskrewe aantal semesterkursusse voltooi moet word. Die hoofvakke vir B.A. (Algemene Studierigting) moet uit die volgende gekies word:

Aardrykskunde, Afrikaans en Nederlands, Algemene Literatuurwetenskap, Algemene Taalwetenskap, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Kriminologie, Kunsgeskiedenis, Latyn, Maatskaplike Werk, Privaatreg, Romeinse Reg en Regsgeskiedenis, Sielkunde, Sielkunde (Voorligting)*, Sosiologie, Staatsleer, Suid-Sotho, Toegepaste Volkekunde, Volkekunde, Wiskunde, Wysbegeerte, Zulu.

*Mag nie saam met Sielkunde as 'n hoofvak aangebied word nie.

'n Student moet saam met sy hoofvakke sodanige byvakke in 'n leergang insluit en voltooi as wat die universiteit voorskryf.

Die hoofvakke vir B.A. (Besondere Studierigtings) behels

Beeldende Kuns, Biblioteekkunde, Biokinetika*, Dramakunde en Toneelkunde, Inligtingkunde, Kommunikasieleer, Kunsgeskiedenis, Liggaamlike Opvoeding, Mediakunde≠, Musiek.

*Mag slegs saam met Liggaamlike Opvoeding aangebied word.

≠Mag slegs saam met Kommunikasieleer aangebied word.

Kyk Hoofstuk 6 : Beroepsgerigte Studierigtings, vir dié betrokke leergange.

## Honneurs-Baccalaureus Artium: B.A. (Hons.)

Toelatingsvereistes: 'n Student moet voldoen aan al die vereistes van die gewone Baccalaureusgraad, en kan slegs 'n vak aanbied wat hy as hoofvak afgelê het.

Die Senaat kan weier om 'n student tot 'n Honneursgraadkursus toe te laat indien hy die bekwaamheid van die student in die betrokke vak onvoldoende ag.

Leergang: Die graadstudie duur minstens twee of drie aaneenlopende semestertermyne.

Aan die einde van die kursus moet 'n student 'n universiteitseksamen aflê en gelyktydig in die hele eksamen slaag. 'n Student kan hom slegs twee keer vir die finale eksamen aanmeld.

Die graad kan in die volgende vakke verwerf word:

Aardrykskunde, Afrikaans en Nederlands, Bantoetale, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Klassieke Tale, Kriminologie, Kunsgeskiedenis, Latyn, Semitiese Tale, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Toegepaste Volkekunde, Volkekunde, Wiskunde, Wysbegeerte.

## Magister Artium : M.A.

Toelatingsvereistes: 'n B.A. (Hons.)-graad. Die student moet die hoof van die betrokke departement daarvan oortuig dat die standaard van sy kennis voldoende is om die werk vir die graad te verrig.

Leergang: 'n Student word tot die Magistergraad toegelaat twee jaar nadat hy die gewone B.A.-graad behaal het.

'n Eksamen vir 'n Magistergraad bestaan uit 'n skriftelike eksamen of 'n verhandeling of albei. Die verhandeling word geskryf onder leiding van die hoof van die betrokke departement of van 'n studieleier wat deur die betrokke fakulteit aangewys word, en moet bewys lewer dat die kandidaat in staat is om wetenskaplike navorsing te doen.

Die M.A.-graad word in dieselfde vakke as vir die B.A. (Hons.)-graad toegeken.

## Doctor Philosophiae: D.Phil. of

## Doctor Litterarum: D.Litt.

Toelatingsvereiste: 'n Magistergraad.

Leergang: Die Doktorsgraad word aan geen student toegeken nie voordat drie jaar, of twee jaar, waarvan minstens een jaar uitsluitend aan navorsing of voltydse studie gewy word, na die verkryging van die Magistergraad verstryk het.

Binne één jaar ná registrasie van sy onderwerp, moet die kandidaat 'n doktorale eksamen aflê.

'n Student moet 'n proefskrif vir die Doktorsgraad indien. Elke proefskrif word onder die toesig van die promotor/hulppromotor voorberei. 'n Proefskrif moet 'n oorspronklike bydrae tot die bestaande kennis van die gekose onderwerp lewer.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   P O R T   E L I Z A B E T H

FAKULTEIT VAN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | |
|---|---|
| Baccalaureus Artium | : B.A. |
| Baccalaureus Artium (Educationis) | : B.A. (Ed.) |
| Baccalaureus Artium Honores | : B.A.Hons. |
| Magister Artium | : M.A. |
| Magister Artium in Kliniese Psigologie | : M.A. (Klin. Psig.) |
| Magister Artium in Voorligting=psigologie | : M.A. (Voorlig. Psig.) |
| Magister in Publieke Administrasie | : M.P.A. |
| Doctor Philosophiae | : D.Phil. |
| Doctor Litterarum | : D.Litt. |

Diploma

Diploma in Gevorderde Publieke Administrasie

GRADE

Baccalaureus Artium: B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes: Vir toelating tot die volgende kursusse, moet 'n kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

- Duits I: 'n Slaagsyfer in Duits op die Hoër Graad (derde taal) of 'n slaagsyfer in Duits op die Hoër Graad (Moedertaal)
- Frans IB: 'n Slaagsyfer in Frans op die Hoër of die Standaardgraad
- Latyn I: 'n Slaagsyfer in Latyn op die Hoër of die Standaardgraad
- Wiskunde I, Wiskundige Statistiek I of Statistiese Metodes I: 'n Slaagsyfer van minstens 40 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse of vier jaar na-uurse studie. 'n Goedgekeurde leergang be=staan uit minstens tien en hoogstens twaalf kursusse. Sodanige leergang moet minstens vier kursusse op eerstejaarsvlak, minstens drie kursusse op tweedejaarsvlak en minstens twee kursusse, die hoofvakke, op derdejaarsvlak insluit.

'n Kandidaat stel sy leergang saam uit die volgende vakke:

GROEP I

Vakke wat tot op derdejaarsvlak geneem mag word

Afrikaans, Afrikaans/Nederlands, Algemene Literatuurwetenskap, Algemene Taalwetenskap, Duits, Engels, Frans, Grieks, Latyn, Nederlands, Semitistiek, Suid-Sotho, Xhosa.

GROEP II

Vakke wat tot op derdejaarsvlak geneem mag word

Aardrykskunde, Bybelkunde, Ekonomie, Geskiedenis, Pedagogiek, Privaatreg, Psigologie of Bedryfs- en Organisasiesielkunde, Publieke Administrasie, Rekenaarwetenskap, Sosiologie, Staatsleer, Volkekunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Wysbegeerte.

GROEP III

Vakke wat tot op tweedejaarsvlak geneem mag word

Beginsels van Uitleg van Wette en Administratiefreg, Maatskaplike Werk.

GROEP IV

Vakke wat tot op eerstejaarsvlak geneem mag word

Algemene Literatuur- en Taalwetenskap, Ekonomiese Geskiedenis, Klassieke Kultuur, Professionele Afrikaans, Engels Spesiaal, Statistiese Metodes, Inleiding tot die Regswetenskap en Regsgeskiedenis, Bedryfsekonomie, Musiekgeskiedenis.

'n Kandidaat kies sy twee hoofvakke ôf uit Groep I ôf uit Groep II of hy kan toegelaat word om 'n hoofvak uit Groep I te kombineer met 'n hoofvak uit Groep II.

'n Kandidaat moet ook die semesterkursus in Wysbegeerte (Wetenskapsleer) voltooi. Hierdie kursus word in die tweede semester van die kandidaat se voorlaaste studiejaar geneem.

Vir sekere kursusse is daar verpligte byvakke wat geneem moet word bv. 'n eerstejaarskursus in Suid-Sotho word vereis vir studente wat Xhosa III wil aanbied, en andersom.

## Baccalaureus Artium (Educationis): B.A. (Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Alle voornemende onderwysstudente word gekeur.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die graad kan met die endossement Junior Primêre Onderwys, Senior Primêre Onderwys of Sekondêre Onderwys behaal word. Daar is 'n voorgeskrewe leergang vir elke rigting.

Junior Primêr en Senior Primêr: Die twee leergange kom min of meer ooreen en albei sluit die volgende kursusse in: Afrikaans/Nederlands I of Professionele Afrikaans, Engels I of Engels Spesiaal, Geskiedenis, Aardrykskunde (een van die vakke moet tot op tweedejaarsvlak geneem word), Pedagogiek III, Skoolmusiek : Instrumentaal, Skoolmusiek : Metodiek, Praktiese Onderwys.

Die graad verleen toegang tot B.Ed.-studie. Kyk p. 132.

Sekondêre Onderwys: Die leergang behels vier B.A. kursusse wat uit die volgende vakke gekies moet word: Afrikaans/Nederlands, Professionele Afrikaans, Engels, Engels Spesiaal, Duits, Frans, Latyn, Xhosa, Suid-Sotho, Geskiedenis, Aardrykskunde, Bybelkunde, Wiskunde, Psigologie. Twee van die vakke moet tot op derdejaarsvlak geneem word. Die leergang sluit ook onder andere die volgende kursusse in: Pedagogiek III, Onderwyspraktyk III, Metodiek van die twee onderwysvakke.

Die graad verleen toegang tot nagraadse studie in die Fakulteite van Opvoedkunde en Lettere en Wysbegeerte.

Kyk ook p. 122.

## Baccalaureus Artium Honores: B.A. Hons.

Toelatingsvereiste: 'n B.A.-graad. 'n Persoon kan slegs toegelaat word as kandidaat in 'n vak wat hy as hoofvak vir die Baccalaureusgraad geneem het.

Leergang: Minstens twee opeenvolgende semesters. Die eksamen bestaan uit minstens vier en hoogstens ses geskrewe vraestelle sowel as sodanige praktiese en mondelinge eksamens as wat die Senaat mag voorskryf.

Die B.A. Hons.-graad kan in een van die volgende vakke toegeken word:

Aardrykskunde, Afrikaans, Afrikaans/Nederlands, Algemene Literatuurwetenskap, Algemene Taalwetenskap, Bedryfs- en Organisasiesielkunde, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Klassieke Tale, Latyn, Maatskaplike Werk, Pedagogiek, Psigologie, Publieke Administrasie, Semitistiek, Sosiologie, Staatsleer, Suid-Sotho, Volkekunde, Wiskundige Statistiek, Wysbegeerte, Xhosa.

Magister Artium: M.A.

Toelatingsvereiste: 'n B.A. Hons.-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir 'n tydperk van minstens een akademiese jaar 'n goedge=keurde kursus van studie of navorsing of albei volg.

'n Magistergraad kan behaal word deur middel van (i) 'n verhandeling, in welke geval die Senaat kan vereis dat 'n kandidaat 'n mondelinge eksamen oor sy verhandeling of sy kennis van sy vak in die algemeen, of albei, moet aflê; of (ii) 'n geskrewe eksamen; of (iii) sowel 'n verhandeling as 'n geskrewe of mondelinge eksamen.

Magister Artium in Kliniese Psigologie : M.A. (Klin. Psig.)

Toelatingsvereiste: 'n B.A. Hons.-graad in Sielkunde. Studente word oorweeg vir toe=lating.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die leergang omvat ses teoretiese kursusse en toe=paslike praktiese werk in die eerste jaar. Gedurende die tweede jaar moet die kandi=daat 'n internskap voltooi wat voldoen aan die voorwaardes van die Beroepsraad vir Siel=kunde van die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. 'n Verhandeling word ook vereis.

Magister Artium in Voorligtingpsigologie : M.A. (Voorlig. Psig.)

Soos vir bogenoemde graad.

Magister in Publieke Administrasie : M.P.A.

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad en voldoende administratiewe ervaring.

Leergang: Twee jaar. Die leergang behels sewe teoretiese kursusse en 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp.

Doctor Philosophiae: D. Phil. of Doctor Litterarum: D.Litt.

Toelatingsvereiste: Behalwe met vergunning van die Senaat kan slegs die houer van 'n Magistergraad as kandidaat vir 'n Doktorsgraad toegelaat word.

Leergang: 'n Doktorsgraad word nie aan 'n kandidaat toegeken alvorens hy vir minstens twee opeenvolgende jare 'n kandidaat vir sodanige graad aan die Universiteit was nie.

'n Kandidaat moet vir goedkeuring deur die Senaat 'n proefskrif oor 'n goedgekeurde onder=werp voorlê. 'n Proefskrif word nie aanvaar nie tensy dit 'n bydrae tot die kennis van en insig in die vak is en bewys van oorspronklikheid lewer.

DIPLOMA

Diploma in Gevorderde Publieke Administrasie

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie en voldoende administratiewe ervaring.

Leergang: Een jaar. Die leergang behels vier teoretiese kursusse.

## P O T C H E F S T R O O M S E U N I V E R S I T E I T V I R C H R I S T E L I K E H O Ë R O N D E R W Y S

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | |
|---|---|
| Baccalaureus Artium | : B.A. |
| Baccalaureus Philosophiae | : B.Phil. |
| Honneurs Baccalaureus Artium | : Honns. B.A. |
| Magister Artium | : M.A. |
| Doctor Litterarum | : D.Litt. |
| Doctor Philosophiae | : D.Phil. |

Diplomas

Laer Universiteitsdiploma in Bantoeïstiek: L.U.D. Bant.

Universiteitsdiploma in Bantoeïstiek: U.D. Bant.

## GRADE

### Baccalaureus Artium: B.A.

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Drie jaar. 'n Student moet in minstens elf en 'n half kursusse slaag, welke kursusse verdeel moet word tussen minstens vyf vakke. 'n Leergang sluit minstens twee hoofvakke in, in elk waarvan minstens twee of drie volle kursusse gevolg moet word. Die finale kursusse in minstens twee hoofvakke moet nie voor die derde jaar gevolg word nie.

'n Student kan hom vir eksamen in vakke uit die volgende groepe aanmeld:

GROEP A

(i) Hoofvakke en byvakke

Afrikaans-Nederlands, Algemene Taal- en Literatuurwetenskap, Bantoetale, Dramakunde, Duits, Engels, Frans, Grieks, Latyn, Portugees, Semitiese Tale, Spraak- en Vertolkings=kunde.

(ii) Aanvullende byvakke

Afrikaans, Engels IB, Spesiale Duits, Spesiale Latyn, Spesiale Frans, Spesiale Italiaans.

GROEP B

(i) Hoofvakke en byvakke

Bedryf- en Personeelsielkunde, Bedryfsosiologie, Bybelkunde, Ekonomie, Etiek, Geografie, Geskiedenis, Internasionale Politiek, Kriminologie, Kultuurkunde, Kunsgeskiedenis, Lig=gaamlike Opvoedkunde, Musiekgeskiedenis, Praktiese Musiek (mag alleen saam met Musiek=geskiedenis geneem word), Ontwikkelingsadministrasie, Privaatreg, Psigologie, Romeinse Reg, Sosiologie, Staatsleer, Teorie van Statistiek, Toneelkunde, Volkekunde, Weten=skapsleer en Logika, Wiskunde, Wysbegeerte.

(ii) Aanvulle byvakke

Antieke Kultuurgeskiedenis, Bantoereg, Biblioteek- en Inligtingkunde, Ekonomiese Ge=skiedenis I, Fisiologie I (slegs wanneer Bedryf- en Personeelsielkunde, Liggaamlike Opvoedkunde, Psigologie, of Verpleegkunde as hoofvak geneem word), Geld- en Bankwese, Harmonie en Kontrapunt, Kommunikasiekunde, Maatskaplike Werk, Musiekgeskiedenis en -waardering, Publieke Administrasie I, Regsleer en Uitleg van Wette, Staatsreg, Stads- en Streekbeplanning I, Statistiese Metodes.

Vir sommige hoofvakke is daar verpligte byvakke, bv. vir Geografie as hoofvak word een kursus in Ekonomie of Sosiologie of Statistiese Metodes sterk aanbeveel.

### Honneurs Baccalaureus Artium: Honns. B.A.

Toelatingsvereistes: 'n B.A.-graad. Die vak van 'n Honneurskursus moet een wees wat die student as 'n hoofvak vir die B.A.-graad voltooi het.

Leergang: Die student moet 'n goedgekeurde kursus vir minstens een akademiese jaar aan die Universiteit bywoon. 'n Student kan hom slegs een keer vir die finale eksamen aan=meld.

Die Honneursgraad kan in die volgende afdelings behaal word:

Afrikaans-Nederlandse Taal en Lettere, Afrikanistiek, Algemene Taal- en Literatuurwe=tenskap, Bantoetale, Bedryf- en Personeelsielkunde, Bedryfsosiologie, Biblioteek- en Inligtingkunde, Bybelkunde, Dramakunde, Duitse Taal en Lettere, Ekonomie/Geld- en Bankwese, Engelse Taal en Lettere, Franse Taal en Lettere, Geografie, Geskiedenis, Grieks, Internasionale Politiek, Klassieke Tale, Kommunikasiekunde, Kultuurkunde, Kuns=geskiedenis, Latyn, Liggaamlike Opvoedkunde, Maatskaplike Werk, Ontwikkelingsadministra=sie, Portugees, Psigologie, Romaanse Tale, Semitiese Tale, Sosiologie, Spraak- en Ver=tolkingskunde, Staatsleer, Toneelkunde, Volkekunde, Wiskunde, Wysbegeerte.

## Baccalaureus Philosophiae: B.Phil.

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad: Met dien verstande dat Wysbegeerte nie een van die hoofvakke is nie.

Leergang: Minstens twee akademiese jare. Die graadkursus word slegs op Saterdae te Potchefstroom aangebied.

## Magister Artium: M.A.

Toelatingsvereiste: 'n Honns. B.A.-graad.

Leergang: Die graad word slegs toegeken nadat die kandidaat vir een akademiese jaar 'n goedgekeurde kursus of kursusse van studie of navorsing of albei aan die Universiteit bygewoon het. Die eksamen bestaan uit een of meer vraestelle en 'n verhandeling of skripsie op die gebied van die betrokke vak.

Die graad kan verleen word in dieselfde vakke wat onder Honns. B.A. genoem word asook in Stads- en Streekbeplanning, Beeldende Kunste, Kliniese Psigologie of Voorligtingpsigolo= gie.

## Doctor Philosophiae: D.Phil. of

## Doctor Litterarum: D. Litt.

Toelatingsvereiste: 'n Magistergraad.

Leergang: 'n Student moet onder toesig van die Universiteit minstens twee jaar lank 'n goedgekeurde program van spesiale studie of navorsing volg in enige goedgekeurde vak.

Die eksamen bestaan minstens uit 'n proefskrif wat resultate van die kandidaat se studie en navorsing bevat. 'n Proefskrif word nie aanvaar as dit nie 'n besliste bydrae tot die kennis van en insig in die vak is en bewys van oorspronklikheid lewer nie, hetsy deur die vind van nuwe feite, hetsy deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese ver= moë.

Die graad is Doctor Philosophiae in die geval van gegradueerdes wat 'n goedgekeurde by= drae gelewer het tot die kennis van Wysbegeerte, Ekonomie, Wiskunde, Geografie, Verpleeg= kunde of enige verwante vak, en in ander gevalle is dit Doctor Litterarum.

Indien 'n departement dit nodig ag, kan van 'n nagraadse kandidaat 'n sodanige kennis van 'n derde moderne Westerse taal verwag word dat hy maklik werke in daardie taal kan bestudeer.

DIPLOMAS

## Laer Universiteitsdiploma in Bantoeïstiek : L.U.D. Bant.

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) of 'n Senior Sertifikaat met 'n aanvaarbare slaagsyfer.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang sluit onder andere die volgende vakke in: Volkekunde, Ontwikkelingsadministrasie, 'n Bantoetaal, Geskiedenis van die Bantoe in Suid-Afrika, Bantoereg, Die Bantoe in die Westerse beskawing, Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

## Universiteitsdiploma in Bantoeïstiek: U.D. Bant.

Toelatingsvereiste: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Minstens een jaar. 'n Kandidaat kies vyf onderwerpe uit 'n aantal aspekte van die Bantoeïstiek soos bv. Materiële kultuur en tegnologie; Religie en lewensbeskouing; Kleding, dieet en huishouding; Musiek; Kontak met die Westerse Kultuur.

U N I V E R S I T E I T   V A N   P R E T O R I A

## FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

### Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte | : | B.A. |
| Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) | : | B.A. (Ed.) |
| Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Senior Primêr) | : | B.A. (Ed.) (Senior Primêr) |
| Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Junior Primêr) | : | B.A. (Ed.) (Junior Primêr) |
| Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Pre-primêr) | : | B.A. (Ed.) (Pre-primêr) |
| Baccalaureus Honores in Lettere en Wysbegeerte | : | B.A. (Hons.) |
| Magister in Lettere en Wysbegeerte | : | M.A. |
| Magister in Lettere en Wysbegeerte in Kliniese Sielkunde | : | M.A. (Kliniese Sielkunde) |
| Magister in Lettere en Wysbegeerte in Voorligtingsielkunde | : | M.A. (Voorligtingsielkunde) |
| Doktor in Lettere | : | D.Litt. |
| Doktor in Wysbegeerte | : | D.Phil. |

### Diploma

Nagraadse Diploma in Museumkunde

GRADE

### Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte: B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

- 'n Kandidaat moet 'n slaagsyfer in minstens twee van die volgende vakke op die Hoër Graad behaal het: Geskiedenis, Aardrykskunde, Wiskunde, Bybelkunde, Ekonomie, Biologie of Fisiologie, Natuur- en Skeikunde, 'n derde taal: Met dien verstande dat 'n slaagsyfer in 'n derde taal op die Standaardgraad aanvaar mag word indien dit slegs op die Standaardgraad aangebied word.

- 'n Kandidaat sal nie tot die kursus Duits IA toegelaat word nie, tensy hy 'n slaag=syfer in Duits behaal het in die Matrikulasie- of Standerd 10-eksamen of in Duits IB geslaag het.

- 'n Kandidaat sal nie tot die kursus Frans IA toegelaat word nie, tensy hy 'n slaagsyfer in Frans behaal het in die Matrikulasie- of Standerd 10-eksamen of in Frans IB geslaag het.

- 'n Kandidaat sal nie tot die kursus Engels IA toegelaat word nie, tensy hy min=stens 50 persent in Engels op die Standaardgraad of 'n slaagsyfer in Engels op die Hoër Graad behaal het.

Leergang: Drie jaar. Die leergang, wat minstens tien kursusse moet insluit, word saam=gestel uit kursusse in die volgende vakke:

GROEP I

Afrikaans, Duits, Engels, Frans, Grieks, Hebreeus of 'n ander Semitiese taal, Latyn, Sotho, Zulu.

GROEP II

Aardrykskunde, Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, Argeologie, Biblioteekkunde, Bybelkunde, Dramakunde, Ekonomie, Geskiedenis, Historiese Pedagogiek, Inligtingkunde, Internasionale Politiek, Kriminologie, Kunsgeskiedenis, Liggaamlike Opvoedkunde, Linguis=tiek, Musiekgeskiedenis, Pedagogiek, Publieke Administrasie, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Maatskaplike Werk, Toegepaste Volkekunde (Inboorlingadministrasie en ont=wikkeling), Volkekunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Wysbegeerte.

GROEP III

Bantoereg, Regsleer, Regsfilosofie, Romeins-Hollandse Reg, Romeinse Reg, Staats- en Administratiefreg, Strafreg, Uitleg van Wette, Volkereg.

GROEP IV

Biologie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Fisiologie, Geologie, Plantkunde, Toegepaste Wis=kunde.

Uit groepe I en II moet onderskeidelik minstens een kursus gekies word.

Uit groep III mag nie meer as sewe kursusse gekies word nie.

Uit groep IV mag hoogstens twee kursusse gekies word.

Naas die twee hoofvakke moet elke kandidaat in ten minste nog een vak minstens twee kursusse kies.

'n Kandidaat wat 'n derdejaarskursus in 'n taal kies, moet nog minstens twee ander taal=kursusse aanbied.

Aangesien 'n leeskennis van Duits en/of Frans met die oog op nagraadse studie noodsaak=lik is, word kandidate wat verder wil studeer, aangeraai om Duits I en/of Frans I in te sluit.

## Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis): B.A. (Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Ten einde te voldoen aan die vereistes wat gestel word vir die erkenning van alle grade met die oog op die toetrede tot die onderwys, moet 'n kandidaat

- minstens een erkende skoolvak tot op 'n derdejaarsvlak, en nog 'n erkende skool=vak tot op tweedejaarsvlak aanbied, of
- minstens twee erkende skoolvakke tot op 'n tweedejaarsvlak, en minstens nog een erkende skoolvak op 'n eerstejaarsvlak, of
- minstens een erkende skoolvak tot op 'n derdejaarsvlak en nog twee erkende skool=vakke tot op 'n eerstejaarsvlak, volg.

Kandidate moet minstens een kursus in Afrikaans en Engels by hul kursusse insluit.

Die volgende erkende skoolvakke word in hierdie Fakulteit aangebied: Aardrykskunde, Afrikaans, Biologie, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Latyn, Liggaamlike Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie, Sotho, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Zulu.

Die leergang behels onder andere minstens twee derdejaarskursusse; Kuns of Biblioteek=kunde of Skoolmusiek; Pedagogiek III; Skoolorganisasie en -administrasie; Skoolpraktyk.

Bogenoemde geld ook vir B.A. (Ed.) (Senior Primêr) en B.A. (Ed.) (Junior Primêr).

Kyk ook pp. 124 en 125.

## Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Pre-primêr): B.A. (Ed.) (Pre-primêr)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Addisionele vereistes: 'n Kandidaat moet aan die begin van die eerste studiejaar 'n praktiese toets aan die Fakulteit Opvoedkunde aflê ten einde te kan oordeel of haar In=strumentale vaardigheid (klavier) haar toelating tot die kursus in Kleutermusiek regver=dig: Met dien verstande dat 'n kandidaat wat nie oor so 'n vaardigheid beskik nie, onder toesig van die Fakulteit Opvoedkunde musiekonderrig (klavier) moet ontvang en slaag alvorens sy toelating tot die kursus Kleutermusiek kan verkry.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die eerste drie studiejare is soos vir die B.A. (Ed.). Aan die einde van die derde studiejaar sal 'n keuring plaasvind en 'n maksimum van 40 kandidate sal tot die vierde studiejaar toegelaat word. Die vakke vir die vierde studiejaar is onder andere Kleuterdidaktiek, Kleutergesondheidsorg, Kleuterlektuur, Kuns, Pedagogiek III, Kleutermusiek, Skoolpraktyk.

Kyk ook p. 125.

Baccalaureus Honores in Lettere en Wysbegeerte: B.A. (Hons.)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

'n Kandidaat moet die hoof van die betrokke departement daarvan oortuig dat hy voldoende kennis van die vak besit om die werk vir die graad te verrig.

Leergang: Een jaar.

Die graad word in die volgende vakke toegeken:

Aardrykskunde, Afrikaans, Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, Argeologie, Bantoetale, Bybelkunde, Dramakunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Internasionale Politiek, Kriminologie, Kunsgeskiedenis, Latyn, Linguistiek, Publieke Administrasie, Semitiese Tale, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Toegepaste Volkekunde, Volkekunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Wysbegeerte.

'n Kandidaat mag homself nie sonder toestemming van die Senaat meer as twee keer vir die eksamen aanmeld nie.

Magister in Lettere en Wysbegeerte: M.A.

Toelatingsvereiste: 'n B.A. (Hons.)-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een jaar vir die Magistergraad geregistreer wees. 'n Kandidaat mag sy verhandeling egter voor verstryking van die jaar van registra= sie vir beoordeling indien.

Die Magistergraad word in dieselfde studierigtings as vir 'n B.A. (Hons.)-graad toegeken.

Magister in Lettere en Wysbegeerte in Kliniese Sielkunde: M.A. (Kliniese Sielkunde)

Toelatingsvereiste: 'n B.A. (Hons.)-graad in Sielkunde.

Leergang: Die leergang duur twee jaar en bestaan uit een jaar voltydse klasbywoning en praktiese werk, een verdere jaar voltydse internskap aan 'n inrigting wat vir dié doel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad goedgekeur is en die in= diening van 'n verhandeling.

Magister in Lettere en Wysbegeerte (Voorligtingsielkunde): M.A. (Voorligtingsielkunde)

Toelatingsvereiste: 'n B.A. (Hons.)-graad in Sielkunde.

Leergang: Die graad word toegeken na een jaar voltydse klasbywoning en praktiese werk of twee jaar deeltydse klasbywoning en praktiese werk met minstens een verdere jaar vol= tydse internskap aan 'n goedgekeurde inrigting of inrigtings en die indiening van 'n verhandeling wat handel oor 'n onderwerp wat toepaslik is op Voorligtingsielkunde.

Doktor in Lettere: D.Litt. of

Doktor in Wysbegeerte: D.Phil.

Toelatingsvereiste: 'n Magistergraad.

Leergang: Die graad word toegeken op grond van 'n proefskrif en 'n eksamen oor die proef= skrif. 'n Doktorsgraad word toegeken minstens vier jaar na voldoening aan al die ver= eistes vir die Baccalaureusgraad of minstens twee jaar na voldoening aan al die ver= eistes vir die Magistergraad.

Wanneer die proefskrif handel oor 'n onderwerp uit die Taal- en/of Letterkunde is die titel van die graad D.Litt. en in alle ander gevalle is die titel D.Phil.

DIPLOMA

Diploma in Museumkunde

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad met 'n slaagsyfer in een van die volgende kur= susse: Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis III, Geskiedenis III, Kunsgeskiedenis III, Volkekunde III, Argeologie II, Plantkunde III, Dierkunde III, Entomologie III, Geologie III; of sodanige kennis van 'n ander toepaslike vak as wat volgens die oordeel van die hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis toelating tot die studie regverdig.

Leergang: Een jaar voltydse of agtien maande deeltydse studie. Die leergang behels: Museumkunde, met spesialisering met die oog op een van die volgende endossemente: Kultuurhistories, Natuurkundig, Kuns en 'n skripsie.

## R A N D S E A F R I K A A N S E U N I V E R S I T E I T

### FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte | : | B.A. |
| Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte (Opvoedkunde) | : | B.A. (Ed.) |
| Honneurs Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte | : | B.A. Hons. |
| Magister in die Lettere en Wysbegeerte | : | M.A. |
| Doktor in die Lettere en Wysbegeerte | : | D.Litt. et Phil. |

Diploma

Diploma in Ontwikkelingstudies

GRADE

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse

- Duits I, Frans I, Latyn I: 'n Slaagsyfer (40 persent) in die ooreenstemmende standerd 10-vak op die Hoër Graad; of 'n slaagsyfer in die spesiale kursus in die betrokke taal aan die Universiteit.

- Wiskunde: 'n Slaagsyfer van minstens 40 persent op die Hoër Graad. Kandidate wat Wiskunde op die Standaardgraad geslaag het, word slegs by uitsondering en nadat 'n toets gestel deur die Departement Wiskunde geslaag is, tot kursusse in Wiskunde toegelaat.

Leergang: Drie jaar voltydse of minstens vier jaar deeltydse studie. 'n Leergang word saamgestel uit 20 of 22 semesterkursusse, of die ekwivalent daarvan in jaarkursusse.

Die graad word in elk van die volgende Leerganggroepe aangebied:

Admissie, Afrikanistiek en Ontwikkelingstudies, Algemeen, Biblioteek- en Inligtingkunde, Geesteswetenskappe, Kommunikasie, Maatskaplike Werk, Onderwysersopleiding, Regte, Staatswetenskappe, Tale.

'n Student registreer vir 'n Baccalaureusgraad onder 'n bepaalde leerganggroep en sy registrasie en kursuswysigings moet deur die leerganggroepvoorsitter goedgekeur word. 'n Student moet kursusse vir die graad uit die volgende vakke kies:

Administratiefreg, Afrikaans-Nederlands, Praktiese Afrikaans, Afrika-geskiedenis, Algemene Literatuurwetenskap, Algemene Taalwetenskap, Arabies, Bantoe- en Naturellereg, Biblioteekkunde I en II, Biologie, Bybelkunde, Bybelonderrig, Demografie (slegs nagraads), Duits, Duits Spesiaal, Ekonomie, Engels, Praktiese Engels, Etiek, Fisika, Frans, Frans Spesiaal, Geografie (Aardrykskunde), Geologie, Geskiedenis, Grieks, Griekse Kultuurgeskiedenis, Hebreeus, Italiaans, Kommunikasieleer, Kunsgeskiedenis, Latyn, Latyn Spesiaal, Logika, Maatskaplike Werk, Noord-Sotho, Onderwyspraktyk, Ontwikkelingsadministrasie, Opvoedkunde, Persone- en Familiereg, Privaatreg, Rekenaarwetenskap, Romeinse Reg, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Staatsreg, Statistiese Metodes A, Suid-Sotho, Uitlegleer, Volkekunde, Volkereg, Wysbegeerte, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Zulu.

Net een praktiese en een spesiale taalkursus word vir graaddoeleindes as deel van 'n leergang erken.

Verskeie voorvereistes en verpligte byvakke geld vir bepaalde kursusse, bv. vir Sielkunde IIIB is Statistiese Metodes A 'n voorvereiste byvak.

'n Leergang sluit in òf twee primêre hoofvakke òf een primêre plus twee sekondêre hoofvakke. Een versterkte hoofvak mag in plaas van 'n primêre hoofvak geneem word. 'n Primêre

hoofvak bestaan uit ses semesterkursusse, waarvan ten minste twee op elke jaarvlak ge= neem moet word. 'n Sekondêre hoofvak bestaan uit minstens drie semesterkursusse waar= van minstens een semesterkursus op elke jaarvlak geneem moet word. 'n Versterkte hoof= vak bestaan uit sewe of agt semesterkursusse waarvan minstens twee op derdejaarsvlak moet wees.

Die semesterkursus gevorm deur Wetenskapsleer A en Wetenskapsleer B is 'n verpligte addisionele semesterkursus tot eerste graadleergange in die Fakulteite Lettere, Na= tuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde en Regsgeleerdheid.

## Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte (Opvoedkunde): B.A. (Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Leergang: Die leergang is 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graad= leergang wat voldoen aan al die vereistes vir 'n B.A.-graad sowel as aan die vereistes gestel deur die Komitee van Onderwyshoofde vir die opleiding van onderwysers vir se= kondêre skole.

Die leergang bestaan uit minstens 29 semesterkursusse, benewens Bybelonderrig, en word soos volg saamgestel: Opvoedkunde I, II en III; Vakdidaktieke in twee skoolvakke; Onderwyspraktyk; 18 semesterkursusse, insluitende twee hoofvakke en gekies volgens die voorskrifte van 'n Leerganggroep van die Fakulteit; Bybelonderrig.

Die leergang bestaan uit drie hoofvakke (Opvoedkunde en nog twee), twee waarvan gelyk= tydig geslaag moet word.

'n Voorgeskrewe tydperk proefonderwys en ervaringsdiens moet in goedgekeurde skole en onderwysbiblioteke gedurende die studie voltooi word.

'n Student wat die B.A. (Ed.) verwerf het, is bevoeg om aansoek te doen om toelating tot nagraadse studie vir B.A.Hons. en/of vir B.Ed.

Kyk ook p. 125.

## Honneurs Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A. Hons.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet die Baccalaureusgraad verwerf het en die betrokke vak op die vlak van 'n primêre hoofvak geslaag het.

Leergang: Twee semesters voltydse studie of vier semesters vir deeltydse studie. Die eksamen behels minstens vier en hoogstens ses drie-uur-vraestelle. 'n Student wat 'n Honneurseksamen druip, kan hom slegs met spesiale vergunning van die Fakulteit weer vir die eksamen aanmeld.

## Magister in die Lettere en Wysbegeerte: M.A.

Toelatingsvereiste: 'n Student moet die Honneurs Baccalaureusgraad in die betrokke vak verwerf het.

Leergang: Twee semesters voltydse studie of vier semesters vir deeltydse studie. Magis= terstudie in Kliniese Sielkunde strek oor twee akademiese jare en kan slegs deur voltydse studente gevolg word.

'n Verhandeling word vereis of 'n kort skripsie met 'n studieopgaaf. In gevalle waar 'n eksamen en 'n skripsie vereis word, moet die eksamendeel en die skripsie binne twaalf maande van mekaar afgehandel word.

'n Student wat in 'n Magistereksamen druip, kan slegs met spesiale vergunning van die fakulteit hom vir 'n tweede keer vir dié eksamen aanmeld.

## Doktor in die Lettere en Wysbegeerte: D.Litt. et Phil.

Toelatingsvereiste: 'n Student moet 'n Magistergraad in die betrokke vak verwerf het.

Leergang: Minstens twee jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie. Die vol= tydse student moet vir minstens twee jaar voltydse navorsing aan die universiteit of 'n goedgekeurde inrigting doen. Die eksamen bestaan uit die voorlegging van 'n proefskrif wat 'n oorspronklike bydrae tot die kennis van en insig in die vak moet wees. Die student moet voldoende kennis hê van sowel sy navorsingsonderwerp as daardie terreine wat op die onderwerp betrekking het.

DIPLOMA

Diploma in Ontwikkelingstudies

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat met 'n aanvaarbare slaagsyfer.

Leergang: Twee jaar. Die leergang sluit onder andere die volgende in: Ontwikkelings= administrasie I en II en een uit die volgende: Ekonomie II, vier semesters van Sosio= logie, Volkekunde II. Enige twee verdere semesterkursusse uit die volgende: Bantoe- en Naturellereg I, Kommunikasieleer I, twee semesters van Staatsleer.

R H O D E S - U N I V E R S I T E I T

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Artium | : | B.A. |
| Baccalaureus Artium met Honneurs | : | B.A. (Hons.) |
| Magister Artium | : | M.A. |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |
| Doctor Litterarum | : | D.Litt. |

GRADE

Baccalaureus Artium: B.A.

Die graad Baccalaureus Artium kan òf as 'n gewone graad òf as 'n Honneursgraad toege= ken word.

Die gewone graad

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling).

Addisionele vereistes

- Kandidate wat nie in Latyn, Grieks, Frans, Duits, Hebreeus, Italiaans en die Bantoetale gematrikuleer het nie mag 'n inleidende kursus in hierdie vakke volg. As 'n toereikende standaard in die eksamen bereik word, sal hulle toegelaat word om direk met die tweede kursus in daardie taal voort te gaan.

- 'n Kandidaat mag nie enige kursus in Engels, Afrikaans of Afrikaans/Nederlands volg tensy hy 'n slaagsyfer in daardie vak in òf die Eerste òf Tweede Taal op die Hoër Graad behaal het nie.

Leergang: Drie jaar. 'n Kandidaat vir die gewone graad moet in minstens tien kursusse slaag. In die eerste studiejaar kan 'n kandidaat hom vir hoogstens vier van hierdie kursusse in die eksamen aanmeld; hoogstens vier in die tweede studiejaar, en hoogstens twee in die finale studiejaar.

*Dui aan vakke wat slegs as eerstejaarskursusse vir die B.A.-graad geneem kan word.

'n Kandidaat kan hom aanmeld vir eksamen in die volgende vakke:

GROEP A

Afrikaans, Afrikaans/Nederlands, Duits, Engels, Frans, Grieks, Hebreeus, Italiaans, Latyn, Shona, Suid-Sotho, Vertaling*, Xhosa, enige ander goedgekeurde Afrikataal.

GROEP B

Gewoontereg, Regswetenskap.

GROEP C

Bedryfsosiologie, Ekonomie, Landbou-ekonomie, Maatskaplike Werk*, Staatsleer, Staat= kundige Studies (Afrika), Sielkunde, Sosiologie, Taalwetenskap, Volkekunde, Wysbegeer= te.

GROEP D

Algemene Kunsgeskiedenis, Beginsels van die Klassieke Kultuur, Ekonomiese Geografie, Ekonomiese Geskiedenis, Geografie, Geskiedenis, Musiekgeskiedenis en -waardering.

GROEP E

Bybelkunde, Inleiding tot Godsdiensstudie, Judaica, Kerkgeskiedenis, Sistematiese Teologie.

GROEP F

Statistiek, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

GROEP G

Beeldende Kunste Praktyk, Beeldende Kunste Studies, Dramapraktyk, Joernalistiek*, Liggaamlike Opvoedkunde*, Musiek, Musiekonderwys, Spraakleer en Drama, Visuele Kommu=nikasie.

GROEP H

Biologiese Wetenskap, Chemie, Fisika, Geologie, Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wis=kunde.

'n Kandidaat moet in al die vereiste kursusse in minstens twee vakke, bekend as hoof=vakke, slaag. Die hoofvakke moet uit die volgende lys gekies word:

(a) Hoofvakke waarin drie kursusse vereis word:

Afrikaans/Nederlands, Beeldende Kunste Studies, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geografie, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Latyn, Musiek, Staatsleer, Staat=kundige Studies (Afrika), Regswetenskap, Sielkunde, Sosiologie, Spraakleer en Drama, Suid-Sotho, Volkekunde, Wiskunde, Wysbegeerte, Xhosa, 'n ander goedgekeurde Afrikataal.

(b) Hoofvakke waarin twee kursusse vereis word:

Ekonomiese Geskiedenis, Kerkgeskiedenis, Landbou-ekonomie, Sistematiese Teologie, Taalwetenskap, Wiskundige Statistiek.

Twee Afrikatale mag nie as die enigste twee hoofvakke aangebied word nie; en Staats=leer en Staatkundige Studies (Afrika) mag nie as die twee hoofvakke aangebied word nie.

'n Kandidaat moet sy kursus uit minstens twee van die voorgemelde groepe kies: met dien verstande dat 'n kandidaat wat een van sy hoofvakke uit Groep E kies, een kursus in Pastorale Werk (geneem in die Fakulteit van Godgeleerdheid) as alternatief tot Sosio=logie I in sy leergang kan insluit.

'n Kandidaat wat 'n hoofvak uit Groep A kies, moet ook erkenning verwerf in minstens een ander kursus van daardie Groep, of Taalwetenskap of Beginsels van die Klassieke Kultuur of Spraakleer en Drama, behalwe in die geval van 'n kandidaat met 'n Afrikataal as hoofvak. Hy mag Volkekunde in plaas van Beginsels van die Klassieke Kultuur volg.

## Die Honneursgraad: B.A. (Hons.)

Toelatingsvereiste: 'n B.A.-graad of die status daarvan.

Leergang: 'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens een akademiese jaar bywoon en 'n studiekursus in sy gekose vak volg.

Die Honneursgraad kan in enige vak of kombinasie van vakke goedgekeur deur die Senaat, gevolg word. Die vakke is soos volg: Afrikaans/Nederlands, Afrikatale, Bybelkunde (Ou Testament en Nuwe Testament), Duits, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Engels, Frans, Geografie, Geskiedenis, Grieks, Joernalistiek, Kerkgeskiedenis, Klassieke Tale, Latyn, Liggaamlike Opvoedkunde, Staatsleer, Staatsleer en Ekonomie, Staatkundige Stu=dies (Afrika), Sielkunde, Sistematiese Teologie, Sosiologie, Spraakleer en Drama, Taal=wetenskap, Volkekunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Wysbegeerte, 'n kombinasie van enige twee goedgekeurde tale, of 'n kombinasie van Engels en Geskiedenis, of 'n kom=binasie van Taalwetenskap en Volkekunde.

As alternatief kan 'n kandidaat aan die begin van sy derde studiejaar vir die gewone graad tot die Honneursgraadkursus toegelaat word. 'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens nog twee jaar bywoon en voldoen aan sodanige verdere vereistes wat die Senaat mag voorskryf.

'n Kandidaat wat alreeds die gewone graad verwerf het, kan tot 'n tweejarige kursus toe= gelaat word en sodoende die Honneurs- en die Magistergraadkursus gelyktydig volg. Aan die einde van diê tydperk moet hy die Honneurseksamen aflê en indien hy slaag, kan hy sy verhandeling vir die Magistergraad op enige daaropvolgende datum indien sonder enige bywoningsvereistes.

Magister Artium: M.A.

Toelatingsvereiste: 'n B.A. (Hons.)-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet 'n goedgekeurde studiekursus of navorsing vir een jaar aan die Universiteit voltooi.

Die eksamen behels 'n verhandeling oor 'n vak wat vooraf deur die Hoof van die betrokke Departement goedgekeur is, en/of sodanige skriftelike of mondelinge eksamens wat die Departement mag voorskryf.

Philosophiae Doctor: Ph.D.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat sal nie tot die graad toegelaat word voordat minstens drie jaar na toelating tot die Honneurs-Baccalaureusgraad, of status daarvan, of min= stens twee jaar na toelating tot die Magistergraad verloop het nie.

Leergang: 'n Kandidaat moet 'n goedgekeurde spesiale studiekursus of navorsing aan die Universiteit volg vir die tydperk soos voorgeskryf in bogenoemde paragraaf.

'n Kandidaat moet 'n verhandeling oor die resultate van sy spesiale studie of navorsing indien.

Doctor Litterarum: D.Litt.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat sal nie tot die graad toegelaat word voordat minstens vyf jaar na toelating tot die Honneurs-Baccalaureusgraad of status daarvan, of minstens vier jaar na toelating tot die Magistergraad verloop het nie.

Leergang: 'n Kandidaat moet, vir die goedkeuring van die Senaat, ses eksemplare van gepubliseerde werk indien wat handel oor 'n onderwerp wat binne die perke van die stu= dierigtings wat die Universiteit aanbied, val.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   S T E L L E N B O S C H

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte | : | B.A. |
| Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte | : | Hons.-B.A. |
| Magister in die Lettere en Wysbegeerte | : | M.A. |
| M.A. (met Kliniese Sielkunde) | | |
| M.A. (met Voorligtingsielkunde) | | |
| Doctor Litterarum | : | D.Litt. |
| Doctor Philosophiae | : | D.Phil. |

Diplomas

Nagraadse Diploma in Voorligtingsielkunde

Nagraadse Professionele Diploma in Museumkunde

GRADE

Baccalaureus Artium: B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling). In die geval van 'n B.A.-kursus wat Statistiek (halwe kursus) en Wiskunde (halwe kursus) insluit, is 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad 'n vereiste.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die gewone kursus vir die B.A.-graad omvat ge= durende die eerste studiejaar vyf vakke, waarvan drie sô gekies behoort te word dat hulle 'n doelmatige inleiding tot die res van die kursus vorm. Die studie gedurende die tweede studiejaar word beperk tot drie vakke wat reeds in die eerste jaar gevolg

is. Die studie gedurende die derde studiejaar word aan die hoofvakke gewy, d.w.s. dié twee vakke wat ook in die eerste en tweede jare gevolg is.

Die vakke vir die B.A.-graad word in die volgende groepe verdeel:

GROEP A

Tale: Afrikaans-Nederlands, Afrikaans, Duits, Engels, Frans, Grieks, Italiaans, Latyn, Semitiese Tale, Suid-Sotho, Xhosa.

GROEP B

Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Afrika-studie, Algemene Taalwetenskap, Argeologie, Bantoe-administrasie, Bantoereg, Bybelkunde, Drama B, Ekonomie, Filosofie, Geografie A, Geskiedenis, Klassieke Kultuur, Ontwikkelingsadministrasie, Privaatreg, Publieke Administrasie, Sielkunde, Sosiologie, Staatsfilosofie, Staatsleer, Volkekunde.

GROEP C

(i) Beeldende Kunste, Biblioteekkunde, Drama, Fisiologie B, Liggaamlike Opvoedkunde, Musiek, Statistiek, Statistiese Metodes A, Statistiese Metodes B, Wiskunde C.

(ii) Slegs vir die graad B.A. (met Regsvakke): Bedryfsekonomie, Rekeningkunde, Romeinse Reg.

GROEP D

Slegs in buitengewone gevalle deur die Senaat goedgekeur, en onderhewig aan roostermoontlikhede, word 'n vak uit die Fakulteit Natuurwetenskappe (afgesien van Wiskunde en Fisiologie wat onder Groep C hierbo genoem word) vir B.A. toegelaat. Fisiologie, Statistiek en Wiskunde kan as eerstejaarsvakke aangebied word, mits die rooster dit toelaat.

Al die vakke moet uit groepe A en B gekies word, behalwe in die geval hierbo genoem en in die geval van 'n B.A.-graad in 'n besondere studierigting, bv. B.A. in Beeldende Kunste.

Die vyf eerstejaarsvakke moet gekies word uit ten minste twee van die groepe hierbo vermeld. As die twee hoofvakke uit A gekies word, moet ten minste één byvak uit B gekies word. As die twee hoofvakke uit B of uit B en C gekies word, moet ook ten minste één taal gekies word, behalwe in die geval van B.A. in Beeldende Kunste, B.A. met Liggaamlike Opvoedkunde, en B.A. in Maatskaplike Werk. 'n Hoofvak mag nie uit Groep D gekies word nie.

Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: Hons.-B.A.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad en moet skriftelik aansoek doen by die Senaat.

Leergang: Die voorgeskrewe kursus duur minstens een jaar ná behaling van die Baccalaureusgraad. Studente moet die vereiste eksamen slaag aan die einde van die jaar.

Magister Artium: M.A.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van 'n Honneursgraad en moet skriftelik aansoek doen by die Senaat.

Leergang: Studente volg 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van ten minste een jaar ná behaling van die Honneursgraad aan die Universiteit of op 'n ander goedgekeurde plek. 'n Bevredigende verhandeling moet ingelewer word.

Vir die Hons.-B.A. en M.A.-kursus word voortgesette studie in een van die hoofvakke vir B.A. vereis. Die M.A.-kursus kan direk na die B.A.-kursus gevolg word. Dit duur dan twee jaar en studente moet 'n goedgekeurde leergang van ten minste twee jaar volg, in die voorgeskrewe eksamen slaag, en 'n bevredigende verhandeling inlewer.

M.A. in Kliniese Sielkunde

Toelatingsvereiste: 'n Honneursgraad met Sielkunde of Voorligtingsielkunde.

Leergang: Die kursus strek oor een akademiese jaar aan die einde waarvan 'n finale eksamen afgelê word.

Gevorderde studie in die volgende rigtings: Persoonlikheidsielkunde, Diagnostiese toetsing, Psigopatologie, Psigoterapie.

'n Bevredigende werkstuk, die onderwerp waarvan in oorleg met die Hoof van die Departement gekies is.

Vir registrasiedoeleindes as kliniese sielkundige word 'n voltydse internskap van 12 maande by die Stikland-hospitaal na voltooiing van die kursus vereis.

M.A. in Voorligtingsielkunde

Toelatingsvereistes: Studente wat in besit is van 'n Honneursgraad in Voorligtingsielkunde en wat reeds in 'n betrekking staan waar hulle sielkundige voorligtingswerk verrig, word toegelaat.

Leergang: Soos vir die Nagraadse Diploma in Voorligtingsielkunde, maar op 'n meer gevorderde vlak.

Doctor Litterarum: D.Litt. of

Doctor Philosophiae: D.Phil.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Magistergraad of 'n toereikende standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studierigting op 'n ander wyse bereik het. Studente moet skriftelik aansoek doen om toelating.

Leergang: Die student moet vir minstens twee jaar lank vir 'n Doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf wees.

'n Proefskrif word van elke kandidaat vereis. Die proefskrif moet oorspronklike navorsing van die kandidaat oor een of ander vraagstuk in verband met sy hoofvak behels.

'n Mondelinge eksamen word in die reël vereis, maar in spesiale gevalle kan vrystelling verleen word.

DIPLOMAS

Nagraadse Diploma in Voorligtingsielkunde

Toelatingsvereiste: Gegradueerde persone met Voorligtingsielkunde III wat reeds in 'n betrekking staan waar hulle sielkundige voorligtingswerk verrig, word toegelaat.

Leergang: Drie jaar deeltydse studie. Gedurende elke jaar moet 'n voorgeskrewe leesprogram deurgewerk word en werkstukke in die vorm van navorsingsprojekte van beperkte omvang moet voltooi word. Daar moet twee keer per jaar, vir twee weke op 'n keer, intensiewe kursusse aan die Universiteit bygewoon word.

Nagraadse Professionele Diploma in Museumkunde

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad met minstens een van die volgende vakke as hoofvak: Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Argeologie, Beeldende Kunste, Biblioteekkunde, Geskiedenis, Klassieke Kultuur, Volkekunde, Botanie, Geologie, Insektekunde of Soölogie.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Die leergang behels die volgende kursusse: Inleiding tot die Museumkunde, Museumrigting en -tegnieke, Versameling en Navorsing, Opvoedingstaak van Museums,

Studente sal verplig wees om ses weke lank onder toesig van 'n goedgekeurde museum praktiese ondervinding op te doen waaroor 'n verslag deur die studente en die hoof van die inrigting afsonderlik ingelewer moet word.

## U N I V E R S I T E I T  V A N  S U I D - A F R I K A

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Artium | : | B.A. |
| Honneurs-Baccalaureus Artium | : | Hons.-B.A. |
| Magister Artium | : | M.A. |
| Magister Artium in Kliniese Sielkunde | : | M.A. (Kliniese Sielkunde) |
| Magister Artium in Voorligtingsielkunde | : | M.A. (Voorligtingsielkunde) |
| Doctor Litterarum et Philosophiae | : | D.Litt. et Phil. |

Diploma

Diploma in Bantoekunde

GRADE

Baccalaureus Artium: B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes: Vir toelating tot 'n eerste graadkursus in enige taal behalwe Afrikaans, Engels, Hellenistiese Grieks en Arabies word 'n slaagsyfer in die ooreen=stemmende taal op die Hoër of die Standaardgraad vereis.

Leergang: Die leergang duur minstens drie jaar en bestaan uit minstens tien graadkur=susse wat soos volg verdeel word:

Eerste jaar : hoogstens vyf
Tweede jaar : hoogstens vier
Derde jaar : hoogstens drie

Die leergang word uit kursusse in die volgende vakke saamgestel:

GROEP A

Let wel: Vakke met 'n sterretjie* gemerk is eenjarige kursusse.

(i) Afrikaans en Nederlands, Arabies, Duits, Engels, Frans, Grieks, Hellenistiese Grieks, Italiaans, Klassieke Hebreeus, Latyn, Linguistiek, Moderne Hebreeus, Ndonga, Noord-Sotho, Portugees, Praktiese Afrikaans*, Praktiese Engels*, Russies, Spaans, Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, Zulu.

In meeste van dié tale word ook eenjarige Spesiale Kursusse aangebied wat as volwaar=dige graadkursusse erken word, maar 'n student mag nie meer as een spesiale taalkursus aanbied nie.

(ii) Aardrykskunde, Afrika-politiek, Antieke Geskiedenis, Beginsels van die Griekse Kultuur*, Bybelse Argeologie, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis*, Geskiedenis, Inligting=stelsels*, Internasionale Politiek, Judaica, Kommunikasiekunde, Kriminologie, Kunsge=skiedenis, Logika, Musiekgeskiedenis, Naturelle-ontwikkelingsadministrasie, Opvoedkunde, Penologie, Publieke Administrasie, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Statistiek, Suid-Afrikaanse Bantoe-administrasie*, Suid-Afrikaanse Oudheidkunde, Volke=kunde, Wiskunde, Wysbegeerte.

GROEP B

Biologie*, Bybelkunde, Godsdienswetenskap*, Inleiding tot die Regswetenskap*, Kerkge=skiedenis, Privaatreg, Regsgeskiedenis*, Romeinse Reg, Sistematiese Teologie, Staatsreg, Strafreg, Suid-Afrikaanse Bantoe- en Naturellereg, Volkereg*.

Elke leergang bevat minstens twee hoofvakke. Die hoofvakke word uit die volgende ge=kies:

(a) Hoofvakke met drie kursusse:

Aardrykskunde, Afrikaans en Nederlands, Arabies, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Italiaans, Kerkgeskiedenis, Klassieke Hebreeus, Kommunikasiekunde, Kriminologie, Kunsgeskiedenis, Latyn, Linguistiek, Logika, Moderne Hebreeus, Musiek=geskiedenis, Naturelle-ontwikkelingsadministrasie, Noord-Sotho, Opvoedkunde, Penologie, Portugees, Privaatreg, Publieke Administrasie, Russies, Sielkunde, Sistematiese Teolo=gie, Sosiologie, Spaans, Staatsleer, Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Venda, Volkekunde, Wiskunde, Wysbegeerte, Xhosa, Zulu.

(b) Hoofvakke met twee kursusse:

Afrika-politiek, Internasionale Politiek, Judaica, Romeinse Reg. Vir sekere vakke is daar verpligte byvakke en/of ander vereistes.

Honneurs-Baccalaureus Artium: Honns.-B.A.

Toelatingsvereiste: 'n B.A.-graad. Sommige departemente het besondere toelatings- en eksamenvereistes.

Leergang: Geen student word tot die eksamen toegelaat nie tensy hy 'n goedgekeurde leergang gedurende minstens een jaar gevolg het.

Die graad word in die volgende departemente toegeken:

Aardrykskunde, Afrikaanse en Nederlandse Taal en Lettere, Afrikatale, Arabies, Bybel=kunde, Duitse Taal en Lettere, Ekonomie, Engelse Taal en Lettere, Franse Taal en Let=tere, Geskiedenis, Grieks, Internasionale Politiek, Italiaanse Taal en Lettere, Judaica, Klassieke, Klassieke Hebreeus, Kommunikasiekunde, Kriminologie, Kunsgeskiedenis, Latyn, Linguistiek, Moderne Hebreeus, Ontwikkelingsadministrasie en -politiek, Publieke Ad=ministrasie, Russies, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Strategiese Studies, Volke=kunde, Wiskunde, Wysbegeerte.

## Magister Artium: M.A.

Toelatingsvereiste: Die graad Honneurs-Baccalaureus Artium.

Leergang: Die graad word nie toegeken voor minstens twee jaar na behaling van die Bac=calaureusgraad nie.

Die graad word in dieselfde departemente toegeken as die graad Honneurs-Baccalaureus. Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp.

## Magister Artium in Kliniese Sielkunde: M.A. (Kliniese Sielkunde)

Toelatingsvereiste: Die graad Honneurs-Baccalaureus Artium in Sielkunde.

Leergang: Twee jaar. Die kursus behels 'n teoretiese en 'n praktiese gedeelte, sowel as 'n verhandeling.

By voltooiing van die kursus kan voornemende kandidate aansoek by verskeie hospitale doen om 'n internskap van 'n jaar te deurloop. Laasgenoemde is 'n voorwaarde vir die=gene wat as kliniese sielkundiges by die SA Mediese en Tandheelkundige Raad wil regi=streer.

## Magister Artium in Voorligtingsielkunde: M.A. (Voorligtingsielkunde)

Toelatingsvereiste: Die graad Honneurs-Baccalaureus Artium in Sielkunde.

Leergang: Twee jaar. Die kursus behels 'n teoretiese en praktiese afdeling, sowel as 'n verhandeling.

Ten einde by die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad as voorligtingsielkun=dige geregistreer te word, moet benewens die M.A.-kursus nog 'n internskap by 'n goedge=keurde intstansie gedoen word.

## Doctor Litterarum et Philosophiae: D.Litt. et Phil.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet die graad Magister behaal het en bevredigende bewys gelewer het aangaande sy bekwaamheid in die gekose studierigting.

Leergang: 'n Proefskrif handel oor 'n onderwerp in 'n vak waarin die Magistergraad be=haal is en kan eers twee jaar na behaling van die M.A. vir eksaminering ingelewer word.

DIPLOMA

## Diploma in Bantoekunde

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Die leergang bestaan uit agt kursusse en duur minstens twee jaar. (i) Vier kursusse word uit die volgende gekies: 'n Afrikataal I en II; Volkekunde I en II; Naturelle-ontwikkelingsadministrasie I en òf Naturelle-ontwikkelingsadministrasie IIA of IIB (Stedelike Naturelleadministrasie) òf Afrika-politiek I. (ii) Een kursus in 'n vak wat nie hierbo gekies is nie. (iii) Drie kursusse word gekies uit vakke soos bv. Ekonomie I, Privaatreg, Sosiologie, Staatsleer, Staatsreg, Volkekunde II (indien nie reeds gekies nie).

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Artium | : | B.A. |
| Baccalaureus Artium in Opvoedkunde | : | B.A. (Opvoedkunde) |
| Baccalaureus Artium met Honneurs | : | B.A. Hons. |
| Magister Artium | : | M.A. |
| Magister Artium in Kliniese Sielkunde | : | M.A. (Klin. Sielk.) |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |
| Doctor Litterarum | : | D.Litt. |

GRADE

Baccalaureus Artium: B.A.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes: 'n Slaagsyfer op die Hoër Graad in drie van die volgende vakke: Aardrykskunde, Afrikaans Eerste Taal, Bantoetaal, Biologie, Duits, Engels Eerste Taal, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Kuns*, Latyn, Musiek**, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde.

*Net vir toelating as 'n kandidaat vir die graad B.A. in Beeldende Kunste.

**Net vir toelating as 'n kandidaat vir die graad Baccalaureus Musicae.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. 'n Student moet minstens tien kwalifiserende kur=susse in sy leergang insluit. 'n Student mag nie meer as vier kwalifiserende kursusse in enige studiejaar van sy leergang insluit nie.

'n Student moet kwalifiserende kursusse in vakke gekies uit die volgende lys by sy leer=gang insluit: Afrikaans; Afrikaans en Nederlands I, II, III; Afrika-regering I, II; Algemene Biologie; Argeologie I, II, III; Bedryfsosiologie I, II; Beeldende Kunste I, II, III; Bybel- en Godsdiensstudies I, II, III; Chemie I; Dierkunde I; Dramageskiedenis I, II; Duits IB, IA, II, III, Addisioneel; Ekonomie I, II, III; Ekonomiese Geskiedenis I, II, III; Engels I, II, III; Fisika I; Fonetiek en Taalwetenskap - Fonetiek en Taal=wetenskap I, Fonetiek II, III, Taalwetenskap II, III; Frans Inleidingskursus, I, II, III; Genetika vir Lettere-studente; Geografie I, II, III; Geologie I; Geskiedenis I, II, III; Grieks I, II, III; Hebreeus Inleidingskursus, I, II, III; Internasionale Verhou=dings I, II; Italiaans IB, IA, II, III; Klassieke Lewenswyse en Denke I, II, III; Kuns=geskiedenis I, II, III; Latyn Inleidingskursus, I, II, III; Musiekgeskiedenis I, II, III; Musiekgeskiedenis en -waardering; Plantkunde I; Portugees IB, IA, II, III; Regswe=tenskap en Instellinge I, IIA of B, IIIA, B,C, of D; Russies IB, IA, II, III; Sielkunde I, II, III; Skildertegnieke; Sosiale Antropologie I, II, III; Sosiologie I, II, III; Staatsleer I, II, III; Sterrekunde; Suid-Sotho I, II, III; Toegepaste Wiskunde, Reke=naarwetenskap en Wiskundige Statistiek I; Wiskunde I, I Spesiaal, II, II Aanvullend, III, III Onderwys; Wiskundige Statistiek II, III; Wysbegeerte I, II, III; Zulu I, II, III.

'n Student moet in sy leergang ôf die derde kursus in elk van twee vakke gekies uit bo=genoemde, ôf die derde kursus in een vak gekies uit bogenoemde lys en die tweede kursus in elk van twee vakke gekies uit al die ander vakke in die lys, insluit.

'n Derde kursus word deur die syfer III en 'n tweede kursus deur die syfer II aangedui.

Daar is spesiale beperkinge aangaande toelating tot kursusse en krediete; bv. 'n stu=dent sal nie toegelaat word (i) tot beide Afrikaans en Afrikaans en Nederlands I nie, (ii) tot Beeldende Kunste I, tensy hy krediet verwerf het in Kunsgeskiedenis I of dit gelyktydig volg, (iii) tot 'n derde kursus in meer as een Bantoetaal nie.

'n Kandidaat mag nie meer as een van die volgende kwalifiserende kursusse in sy leer=gang insluit nie: Algemene Biologie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Genetika vir Lettere-studente, Geologie, Plantkunde, Sterrekunde.

## Baccalaureus Artium in Opvoedkunde: B.A. (Opvoedkunde)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die eerste drie studiejare is soos vir die B.A.-graad met die toevoeging van Opvoedkunde I en II Deel I. Die vierde studiejaar behels onder andere die volgende kursusse: Opvoedkunde III; kursusse in die vakmetodiek van 'n goedgekeurde skoolvak waarin die student krediet in die derde kursus verwerf het, en in 'n goedgekeurde skoolvak waarin hy krediet in minstens die tweede kursus verwerf het; gevorderde studie in 'n vak waarin hy die derde kursus voltooi het; proefonderwys vir 'n tydperk van nege weke. Kyk ook p.131.

## Baccalaureus Artium met Honneurs: B.A. Hons.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet krediet verwerf het in al die erkende kursusse wat vir die Baccalaureusgraad voorgeskryf is.

Leergang: Een akademiese jaar voltydse studie of twee akademiese jare deeltydse studie. Die graad kan in een van die volgende vakke of in 'n goedgekeurde kombinasie van so=danige twee vakke verwerf word: Afrikaanse en Nederlandse Taal en Letterkunde, Afrika-regering, Afrikatale en Taalwetenskap, Antieke Geskiedenis, Argeologie, Bedryfsosio=logie, Beeldende Kunste, Bybel- en Godsdiensstudies (Bybel), Bybel- en Godsdiensstudies (Geskiedenis en Filosofie van Godsdienste), Dramageskiedenis, Duitse Taal en Letterkunde, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Engelse Taal en Letterkunde, Filosofie van die Weten=skap en Geskiedenis van die Tegnologie, Fonetiek, Franse Taal en Letterkunde, Geogra=fie, Geskiedenis, Geskiedenis en Filosofie van die Wetenskap, Grieks, Hebreeus, Inter=nasionale Verhoudings, Italiaanse Taal en Letterkunde, Klassieke Tale, Kunsgeskiedenis, Latyn, Musiekgeskiedenis, Ontwikkelingstudies, Portugese Taal en Letterkunde, Russiese Taal en Letterkunde, Sielkunde, Sosiale Antropologie, Sosiale Teorie, Sosiologie, Staatsleer, Taalwetenskap, Toegepaste Taalwetenskap, Vergelykende Letterkunde, Verge=lykende Literatuurwetenskap, Vergelykende Taalwetenskap, Wiskunde, Wiskundige Statis=tiek, Wysbegeerte.

Die eksamen aan die einde van die kursus staan bekend as die Honneurseksamen en geen kandidaat mag dié eksamen herhaal nie.

## Magister Artium: M.A.

Toelatingsvereistes: 'n B.A.Hons.-graad. 'n Kandidaat moet skriftelik aansoek doen by die Registrateur. Hy moet bewys lewer van sy akademiese en algemene kwalifikasies en sy voorgenome navorsingsrigting aandui.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar gevorderde studie en/of navorsing onder die leiding van 'n toesighouer aangestel deur die Senaat, voortsit.

'n Kandidaat moet 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp voorlê. Daar kan van 'n kandidaat verwag word om hom aan te meld vir 'n eksamen of toets in verband met die onderwerp van sy verhandeling.

## Magister Artium in Kliniese Sielkunde: M.A. (Klin. Sielk.)

Toelatingsvereiste: 'n B.A.Hons.-graad in Sielkunde of 'n B.Sc.Hons.-graad in Siel=kunde.

Leergang: 'n Kandidaat vir die graad moet vir minstens twee akademiese jare sodanige voltydse gevorderde studie en kliniese opleiding soos wat die Senaat mag bepaal, volg, asook navorsing uitvoer onder die leiding van 'n toesighouer aangestel deur die Senaat.

'n Kandidaat mag nie sy verhandeling vir beoordeling indien voordat die Senaat tevrede is dat hy 'n bevredigende standaard in sy gevorderde studie en kliniese opleiding be=reik het nie. Kyk ook M.A. hierbo.

## Philosophiae Doctor: Ph.D.

Toelatingsvereistes: 'n M.A.-graad. 'n Kandidaat moet skriftelik aansoek doen by die Registrateur. Hy moet bewys lewer van sy akademiese en algemene kwalifikasies en sy voorgenome navorsingsrigting aandui.

Leergang: 'n Kandidaat moet gedurende minstens twee akademiese jare voltydse navorsing aan die Universiteit onder leiding van 'n toesighouer, aangestel deur die Senaat, ver=rig. 'n Kandidaat kan verplig word om gevorderde onderrigkursusse by te woon. 'n Kan=

didaat moet 'n proefskrif voorlê wat 'n belangrike bydrae ter bevordering van die kennis van die gekose onderwerp moet lewer. Daar kan van 'n kandidaat verwag word om hom vir 'n eksamen of toets, mondeling of skriftelik, aan te meld.

Doctor Litterarum: D.Litt.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet alreeds minstens vyf jaar in besit wees van 'n B.A.Hons.-graad; of minstens vier jaar in besit wees van 'n M.A.-graad; of twee jaar in besit van die Ph.D.-graad wees.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir die goedkeuring van die Senaat, minstens vyf eksemplare van oorspronklike gepubliseerde werk, of oorspronklike werk wat aanvaar is vir publi= kasie in 'n goedgekeurde rigting, voorlê. Die werk moet 'n voortreflike bydrae ter be= vordering van die kennis in dié rigting lewer.

VAKKE VIR B.A. (ALGEMEEN) IN DIE FAKULTEITE LETTERE EN WYSBEGEERTE AANGEBIED

Let wel: Raadpleeg hoofstuk 6 vir vakke in die beroepsgerigte kursusse.

Aardrykskunde/Geografie: Alle univer= siteite
Administratiefreg: RAU
Afrikaans: UK, UN, UPE, PU vir CHO UP, RAU, Rhodes, US, UW
Afrikaans en Nederlands: Alle uni= versiteite behalwe UP
Afrikaanse en Nederlandse Kultuur= geskiedenis: UP
Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde: US
Afrika-burgerlike Reg: UN
Afrika-ekonomiese Geskiedenis: UK
Afrika-geskiedenis: UK, RAU
Afrika-gewoontereg: UK
Afrika-politiek: Unisa
Afrika-regering: UW
Afrika-studie: US
Afrikatale: Alle universiteite
Algemene Biologie: UW
Algemene Kunsgeskiedenis: Rhodes
Algemene Literatuurwetenskap: UOVS, UPE, RAU
Algemene Taal- en Literatuurweten= skap: UPE, PU vir CHO
Algemene Taalwetenskap: UOVS, UPE, RAU, US
Antieke Geskiedenis: UK, Unisa
Antieke Kultuurgeskiedenis: PU vir CHO
Arabies: RAU, Unisa
Argeologie: UK, UP, US, UW
Bantoe-administrasie: US
Bantoe- en Naturellereg: RAU
Bantoereg: UN, PU vir CHO, UP, US
Bantoereg en -administrasie : UOVS
Bedryf- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfsekonomie: UPE
Bedryfs- en Organisasiesielkunde: UPE
Bedryfsosiologie: PU vir CHO, Rhodes, UW
Beeldende Kunste: UN, UW
Beeldende Kunste Praktyk: Rhodes
Beeldende Kunste Studies: Rhodes
Beginsels en Praktyk van Beeldende Kunste: UN
Beginsels van die Griekse Kultuur: Unisa
Beginsels van die Klassieke Kultuur: Rhodes
Beginsels van Uitleg van Wette en Admini= stratiefreg: UPE
Bevolking en Arbeid: UN
Biblioteek- en Inligtingkunde: PU vir CHO
Biblioteekkunde: UP, RAU
Biologie, UN, UOVS, UP, RAU, Unisa
Biologie in Menslike Sake: UN
Biologiese Wetenskap: Rhodes
Biometrie: UN
Biometrie en Inleiding tot die Rekenaar= wetenskap: UN
Bybel- en Godsdiensstudies: UW
Bybelkunde: UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, Rhodes, US, Unisa
Bybelonderrig: RAU
Bybelse Argeologie: Unisa
Chemie: UK, UN, UOVS, UP, Rhodes, UW
Dierkunde: UK, UN, UOVS, UP, UW
Drama/Dramakunde: UK, PU vir CHO, UP, US
Drama geskiedenis: UW
Dramapraktyk: Rhodes
Duits: Alle universiteite
Ekonomie: Alle universiteite
Ekonomiese Geografie: Rhodes
Ekonomiese Geskiedenis, UK, UN, UPE, PU vir CHO, Rhodes, Unisa, UW
Ekonomie van Onderontwikkelde Streke: UN
Engels: Alle universiteite
Etiek: PU vir CHO, RAU
Fisika, UK, UN, UOVS, UP, RAU, Rhodes, UW
Fisiologie: UK, PU vir CHO, UP
Fonetiek: UW
Frans: Alle universiteite
Geld- en Bankwese: PU vir CHO
Genetika vir Lettere-studente: UW
Geografie/Aardrykskunde: Alle universiteite
Geologie: UK, UN, UP, RAU, Rhodes, UW
Geskiedenis: Alle universiteite
Geskiedenis van Afrika vanaf die Voorge= letterde Tyd: UN
Gewoontereg: Rhodes
Godsdiensstudies: UK
Godsdienswetenskap: Unisa
Grieks: Alle universiteite

Griekse en Romeinse Letterkunde en Filosofie: UK
Griekse Kultuurgeskiedenis: RAU
Harmonie en Kontrapunt: PU vir CHO
Hebreeus: UK, UN, UOVS, UP, RAU, Rhodes, UW
Hebreeuse Kultuur: UK
Hellenistiese Grieks: Unisa
Historiese Pedagogiek: UP
Inleiding tot die Regswetenskap: Unisa
Inleiding tot die Regswetenskap en Regs=geskiedenis: UPE
Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg: UN
Inleiding tot Godsdiensstudie: Rhodes
Inligtingkunde: UP
Inligtingstelsels: Unisa
Internasionale Politiek: PU vir CHO, UP, Unisa
Internasionale Verhoudings: UW
Italiaans: UK, PU vir CHO, RAU, Rhodes, US, Unisa, UW
Joernalistiek: Rhodes
Joodse Studies: UN
Judaica: Rhodes, Unisa
Kerkgeskiedenis: Rhodes, Unisa
Klassieke Beskawing: UN
Klassieke Hebreeus: UK, UN, Unisa
Klassieke Kultuur: UPE, US
Klassieke Lewenswyse en Denke: UW
Kommunikasiekunde: PU vir CHO, RAU Unisa
Kriminologie: UOVS, PU vir CHO, UP, Unisa.
Kultuurgeskiedenis van Wes-Europa: UK
Kultuurkunde: PU vir CHO
Kunsgeskiedenis: UK, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RAU, Unisa, UW
Landbou-ekonomie: Rhodes
Latyn: Alle universiteite
Liggaamlike Opvoedkunde: PU vir CHO, UP, Rhodes
Linguistiek/Taalwetenskap: UP, Rhodes, Unisa, UW
Logika: RAU, Unisa
Maatskaplike Werk: UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, Rhodes
Menslike Biologie: UK
Moderne Hebreeus: Unisa
Musiek: UN, Rhodes
Musiek en Sosiale Antropologie: UN
Musiekgeskiedenis: UPE, PU vir CHO UP, Unisa, UW
Musiekgeskiedenis en -waardering:
UK, PU vir CHO, Rhodes, UW
Musiekonderwys: Rhodes
Naturelle-ontwikkelingsadministrasie: Unisa
Ndonga (SWA): Unisa
Nederlands: UPE
Noord-Sotho: PU vir CHO, RAU, Unisa
Onderwyspraktyk: RAU
Ontwikkelingsadministrasie: PU vir CHO, RAU, US
Opvoedkunde/Pedagogiek: UPE, UP, RAU, Unisa
Penologie: Unisa
Persone- en Familiereg: RAU
Plantkunde: UK, UN, UOVS, UP, UW
Portugees: PU vir CHO, Unisa, UW
Praktiese Musiek: PU vir CHO
Privaatreg: UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU US, Unisa
Publieke Administrasie: UK, UPE, PU vir CHO, UP, US, Unisa
Regsfilosofie: UP
Regsgeskiedenis: Unisa
Regsleer: UK, UP
Regsleer en Uitleg van Wette: PU vir CHO
Regswetenskap: Rhodes
Regswetenskap en Instellinge: UW
Rekenaarkundige en Statistiese Toegepaste Wiskunde: UK
Rekenaarwetenskap: UK, UN, UPE, RAU, Unisa
Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wiskunde: Rhodes
Romeinse Reg: UN, PU vir CHO, UP, RAU, Unisa
Romeinse Reg en Regsgeskiedenis: OVS
Romeinse Reg en Regsleer: UK
Romeins-Hollandse Reg: UK, UP
Russies: Unisa, UW
Semitiese Tale/Semitistiek: UPE, PU vir CHO, UP, US
Shona: UK, Rhodes
Sielkunde/Psigologie: Alle universiteite
Sielkunde (Voorligting): UOVS
Sistematiese Teologie: Rhodes, Unisa
Skildertegnieke: UW
Sosiale Antropologie: UK, UN, UW
Sosiologie: Alle universiteite
Sotho: UP
Spaans: Unisa
Spraak- en Vertolkingskunde: PU vir CHO
Spraakleer en Drama: UN, Rhodes
Staatkundige Studies (Afrika): Rhodes
Die Staatsekonomie van Suidelike Afrika: UN
Staats- en Administratiefreg: UOVS, UP,
Staatsfilosofie: US
Staatsleer: Alle universiteite
Staatsreg: UK, UN, PU vir CHO, UP, RAU Unisa
Stad- en Streeksbeplanning: PU vir CHO
Statistiek: UK, UN, Rhodes, Unisa
Statistiek en Inleiding tot die Rekenaar=wetenskap: UN
Statistiese Metodes: UPE, PU vir CHO, RAU
Sterrekunde: UW
Strafreg: UP, Unisa
Strafreg en Strafprosesreg: UN
Suid-Afrikaanse Bantoe-administrasie: Unisa
Suid-Afrikaanse Bantoe- en Naturellereg: Unisa
Suid-Afrikaanse Oudheidkunde: Unisa
Suid-Sotho: Alle universiteite behalwe UP
Taalwetenskap/Linguistiek: UP, Rhodes, Unisa, UW
Teologie: UN

Teorie van Statistiek: PU vir CHO
Toegepaste Volkekunde: UOVS, UP
Toegepaste Wiskunde: UK, UN, UOVS, UP
Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek: UW
Toneelkunde: PU vir CHO
Tsonga: Unisa
Tswana: PU vir CHO, Unisa
Uitlegleer: RAU
Uitleg van Wette: UP
Venda: Unisa
Vergelykende Afrika-regering en -administrasie: UN
Vergelykende Afrika-regering en -reg: UK
Vertaling: Rhodes
Visuele Kommunikasie: Rhodes
Volkekunde: UOVS, UPE, PU vir CHO, UP RAU, Rhodes, US, Unisa
Volkereg: UK, UN, UP, RAU, Unisa
Voorgeskiedenis van Suidelike Afrika: UN
Wetenskapsgeskiedenis en -filosofie: UK
Wetenskapsleer en Logika: PU vir CHO
Wiskunde: Alle universiteite
Wiskundige Statistiek: UN, UPE, UP, RAU, Rhodes, UW
Wysbegeerte/Filosofie: Alle universiteite
Xhosa: UK, UPE, Rhodes, US, Unisa
Zulu: UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RAU, Unisa, UW

## B E R O E P S D I E N S

Let wel

a. Aangesien die klem in hierdie boek in die eerste plek op voorgraadse studie val, is beroepsdiens wat hoofsaaklik op nagraadse studie berus, slegs in 'n paar uitsonderlike gevalle bespreek.

b. Verskeie vakke word in meer as een fakulteit aangebied, terwyl ander vakke en/of studierigtings ôf nagraadse studie behels ôf spesifiek onder die beroepsgerigte kursusse in hoofstuk 6 bespreek is. Dit sal dus nodig wees om vir 'n bepaalde vak of studierigting, die INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS op p. 223, vooraf te raadpleeg.

c. Lees ook in hoofstuk 1 die gedeelte "KEUSE VAN 'N STUDIERIGTING".

Vir beroepsgerigte studierigtings soos B.A. in Biblioteekkunde, Maatskaplike Werk, Beeldende Kunste en ander, moet gewoonlik 'n afgebakende leergang gevolg word. Die beroepsdiens vir hierdie rigtings word afsonderlik in hoofstuk 6 behandel.

Die gewone B.A.-graad behels normaalweg nie 'n beroepsgerigte studierigting nie. Die hoofdoel is om die student met 'n breë geesteswetenskaplike agtergrond toe te rus, maar darem ook in 'n mate vir 'n beroepsrigting voor te berei. Studente behoort dus vooraf hul belangstellingsrigtings te bepaal en hul vakke so te kies dat spesialisering in een of ander vakgebied moontlik en die moeite werd is. Verder is 'n sorgvuldig beplande kombinasie van hoof- en byvakke, wat in hoë mate deur die student se belangstelling en aanleg bepaal word, van groot belang vir die breë beroepsrigting wat beplan word. Met die oog op doelgerigte beplanning sal oorleg met die studentevoorligter van die universiteit en moontlike werkgewers op die betrokke gebied, beslis die moeite werd wees.

### MOONTLIKE BEROEPSWAARDE VAN SOMMIGE VAKKE

Tale (hoofsaaklik Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Italiaans, Portugees, ens.)

Soos sommige ander geesteswetenskaplike vakke, berei 'n taal as vak nie die student vir enige besondere beroep voor nie. Die beroepsnut daarvan is meer indirek, maar daarom nie minder reëel nie. Verder is die geestelike en kulturele vorming daarvan van onskatbare waarde, want die letterkunde is 'n besonder toeganklike skat van skoonheid, maar ook van wysheid, en diepere kennis van die taal onthul onvermoede wonders. Iemand het dit eenmaal sô gestel: "Met elke nuwe taal wat 'n mens aanleer, word hy herbore, kry hy 'n nuwe gees".

Tale het normaalweg 'n goeie kombinasiewaarde met 'n verskeidenheid van ander vakke, en 'n leergang met een of meer tale as kern kan gewoonlik sonder probleme beplan word om ooreen te stem met die loopbaan wat die student in gedagte het.

Die waarde van 'n studie van Afrikaans en Engels is voor-die-hand-liggend. Veral in beroepslewe word dit al meer noodsaaklik dat mense tweetalig sal wees en het die twee amptelike landstale begryplikerwys besondere beroepswaarde. Vir 'n verskeidenheid van studierigtings en beroepe word een of meer kursusse hierin dan ook as 'n vereiste gestel.

Administratiewe assistent(e) (Staatsdiens) (Afrikaans, Engels, Ekonomie, Romeins-Hollandse Reg, Staatsadministrasie, Staatsleer)

Graduandi wat oor 'n toepaslike B.A.-, B.Admin.- of B.Com.-graad beskik, word in die Staatsdiens as administratiewe assistente aangestel. Wanneer hulle die hoër administratiewe poste beklee, sal hulle van dag tot dag sake moet ondersoek, onderhandelings moet voer, bevele moet gee, beslissings moet neem en memoranda en verslae moet skryf. Nuwe toetreders word deur ervare personeel opgelei. Hulle woon ook 'n inlywingskursus by en die meer gevorderde beamptes volg 'n kursus in die grondbeginsels van toesighouding.

Weens die groot verskeidenheid van pligte wat behartig moet word, is daar administratiewe personeel in kantore oor die hele land asook in die buiteland versprei. Daar is dus geleentheid om persone met uiteenlopende belangstellingsrigtings en kwalifikasies so te plaas dat hulle hul ten volle in hul werk kan uitleef.

Administratiewe personeel beskik oor 'n wye vorderingsveld. Die verdienstelike persoon word reeds in 'n vroeë stadium in 'n verantwoordelike posisie geplaas waarin hy sy persoonlike aanleg ten volle kan uitleef en sy potensiaal die beste benut kan word. Vordering tot die hoër range is nie tot een departement beperk nie, maar daar kan ook om senior betrekkings in ander departemente meegeding word. 'n Baie verantwoordelike posisie kan uiteindelik in die Staatsdiens bereik word. Die huidige vorderingsbaan is: Senior Administratiewe Assistent, Administratiewe Beampte, Administratiewe Beheerbeampte, Ondersekretaris, Adjunk-sekretaris, Sekretaris.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Staatsadministrasie) en die Nasionale Diploma (Staatsrekeninge en -finansies).

Biblioteekwerk (Afrikaans, Engels, Biblioteekkunde, ander tale)
Kyk ook p. 141.

Buitelandse diensbeampte (Diplomaat) (Afrikaans, Engels, Frans of Spaans of Portugees, Volkereg, Staatsreg, Privaatreg of Romeins-Hollandse Reg, Ekonomie of Bedryfsekonomie)

Die Suid-Afrikaanse diplomatieke diens word deur die Departement van Buitelandse Sake geadministreer en is verantwoordelik vir die bevordering van goeie internasionale betrekkinge. Buitelandse sendings kan ambassades, gesantskappe, konsulate-generaal of konsulate wees, met onder meer die volgende funksies: Verteenwoordiging, politieke en ekonomiese pligte, handelsfunksie, konsulêre en skeepvaartpligte, verdrae en ooreenkomste, konferensiewerk, skakeling en administrasie. In die hoofkantoor te Pretoria word ongeveer dieselfde funksies gedek, maar die aard van die pligte is ietwat verskillend.

Aangesien die verantwoordelikhede vanselfsprekend groot is, word 'n hoë standaard van persoonlike eienskappe van elke kandidaat verlang. Afgesien hiervan sal 'n aanleg vir tale en die vermoë om te kan onderhandel, te verduidelik en te oorreed, nuttige hoedanighede wees. Die akademiese vereistes vir aanstelling in die diplomatieke diens is 'n erkende universiteitsgraad met een of meer van die vakke (afgesien van die twee amptelike tale) hierbo genoem. Alle diplomatieke beamptes moet ook in 'n voorgeskrewe departementele eksamen slaag. Bevorderings geskied op grondslag van verdienste en na gelang vakatures ontstaan.

Dramawerk (Afrikaans, Engels, kursusse in Drama)
Kyk ook p. 153.

Inligtingsbeampte (Afrikaans, Engels, Joernalistiek (Kommunikasiekunde), Staatsleer, Ekonomie, Geskiedenis, tale soos Frans, Duits en Spaans)

Gegradueerdes (mans en dames) wat oor 'n kombinasie van genoemde vakke beskik, word deur die Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie in diens geneem om verder opgelei te word as inligtingsbeamptes vir die buitelandse en binnelandse inligtingsdiens van die Buro. Persoonlike skakelvermoë is een van die belangrikste eienskappe wat 'n inligtingsbeampte moet besit. Ewe belangrik is 'n vermoë om te kan skryf, om tale te kan aanleer, 'n omvattende kennis van die land en sy probleme, 'n wakker persoonlikheid, geesdrif, selfbeheersing en geduld. Landsvraagstukke en regeringsbeleid moet korrek en doeltreffend oorgedra kan word.

Vir die inligtingsbeampte wat verdienstelike werk lewer en wat sy/haar kwalifikasies deur verdere studie verbeter, is daar goeie vorderingsgeleenthede. Die normale vorderingsbaan is soos volg: Inligtingsbeampte, Senior Inligtingsbeampte, Hoofinligtingsbeampte, Inligtingskontroleur en Senior Inligtingskontroleur.

Joernalistieke werk (Afrikaans, Engels, ander tale, Kommunikasiekunde, Geskiedenis, Spraakleer en Drama)
Kyk ook p. 172.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Joernalistiek).

Komiteeklerk (Afrikaans, Engels, Kommunikasiekunde, ander B.A.-vakke en, indien moontlik, Tikskrif)

Verskeie instansies en firmas neem veral dames in diens as komiteeklerke. Hoewel hul pligte basies ooreenstem, bestaan daar tog onderling verskille as gevolg van die aard en behoeftes van die instansie waarvoor gewerk word. Sommige werkgewers is gevolglik tevrede met 'n Senior Sertifikaat as kwalifikasie vir 'n komiteeklerk, hoewel ander, soos byvoorbeeld die SABS, 'n B.A.-graad as vereiste stel. Normaalweg vereis die beroep dat persone ten volle tweetalig sal wees, met veral 'n deeglike kennis van Engels in gevalle waar werkgewers ook met oorsese lande skakel. Die werk is interessant en afwisselend en hou vir die jong dame dié voordeel in dat sy na haar huwelik gewoonlik tot die beroep kan terugkeer.

Omroeper en programopsteller (Afrikaans, Engels, ander tale, Spraakleer, en Drama, Musiek)

Die SAUK bied werkgeleentheid aan gegradueerdes in 'n verskeidenheid van uiteenlopende rigtings in byvoorbeeld die administratiewe afdeling, programafdeling, Springbokradio en streekdienste, en die afdeling eksterne dienste. Hierby word verwag dat die SAUK vir die voorsiening van doeltreffende televisieprogramme, nog meer gegradueerde mans en dames in diens sal neem. Voornemende B.A.-kandidate (mans en dames) wat in 'n loopbaan in die uitsaaiwese belangstel, moet egter seker maak van 'n toepaslike vakkombinasie. Meer inligting hieroor kan verkry word van die Streeksbestuurder, SAUK by een van die volgende adresse: Posbus 962, Pretoria 0001; Posbus 2551, Kaapstad 8000; Posbus 122, Grahamstad 6140; Posbus 321, Windhoek 9100; Posbus 563, Bloemfontein 9300; Posbus 1588, Durban 4000. Navrae kan ook gerig word aan: Die Hoof: Personeeladministrasie, SAUK, Posbus 8606, Johannesburg 2000 OF Die Adjunk-direkteur, Algemene Dienste, Posbus 4559, Johannesburg 200.

Kyk ook p. 153.

Onderwys (Afrikaans, Engels, Geskiedenis, ander tale, ander skoolvakke)
Kyk Hoofstuk 5.

Openbare skakelwerk (Afrikaans, Engels, Spraakleer en Drama, Sosiologie, Sielkunde Kommunikasiekunde)
Kyk ook 172.

Organiseerder van Opleiding/Opleidingsbeampte (Staatsdiens) (Afrikaans, Engels, Publieke Administrasie, Staatsleer, Volkekunde en vakke versprei oor natuurwetenskappe, ekonomiese wetenskappe en regte)

Nadat 'n persoon in 'n pos aangestel is, kan daar nouliks van hom verwag word om sy taak onmiddellik doelgerig uit te voer. Die opleiding van personeel het gevolglik 'n primêre funksie van feitlik elke organisasie geword. Vir die doeltreffende funksionering van die staatsmasjinerie was dit byvoorbeeld noodsaaklik om poste van voltydse organiseerders van opleiding in die kantoor van die Staatsdienskommissie en voltydse opleidingsbeamptes in al die groter departemente en administrasies in te stel.

Die terrein van die organiseerders van opleiding is besonder wyd. Benewens talle ander pligte is hulle verantwoordelik vir advies en hulpverlening aan departementshoofde, ander senior personeel, departementele opleidingsbeamptes en instrukteurs. Hulle verrig skakelwerk op senior vlak met departemente, organiseer opleiding, ontwikkel nuwe kursusse, lei opleidingsbeamptes op, doen navorsing oor opleidingsaspekte en so meer.

Die departementele opleidingsbeamptes doen op hul beurt vir 'n departement in breë trekke wat die organiseerders van opleiding vir die breë Staatsdiens doen.

Dit is duidelik dat hierdie poste hoë eise stel met betrekking tot selfontwikkeling. Hierby sal belangstellendes 'n intensiewe kennis van die werking van die staatsmasjinerie moet hê. Voorkeur word gevolglik verleen aan diegene met toepaslike ondervinding en akademiese kwalifikasies en wat oor die nodige aanleg beskik, soos by wyse van keuringsprosedure vasgestel. Alhoewel pasgegradueerdes dus nie kan verwag om in een van hierdie poste aangestel te word nie, bied dit tog 'n ideale mikpunt wat mettertyd

bereik kan word.

Die vorderingsgeleenthede vir organiseerders van opleiding sowel as dié van opleidings=beamptes is goed, aangesien hulle na 'n tydperk weer in departemente opgeneem word in poste waar breëre insig van belang is.

Personeelbeampte (Staatsdiens) (Afrikaans, Engels, Ekonomie, Staatsadministrasie, Staatsleer, Sosiologie, Sielkunde/Bedryfsielkunde)

Die behartiging van die belange van personeel in die Staatsdiens (en die aanwending van hul dienste) staan bekend as personeeladministrasie. Die Staatsdienskommissie is die sentrale liggaam wat die personeelbeleid vir die hele Staatsdiens bepaal. Elke staats=departement beskik op sy beurt oor 'n personeelafdeling wat as skakel dien tussen die departement en die Staatsdienskommissie.

Die meerderheid van die personeelafdelings, wat saam met ander afdelings gewoonlik die hoofkantoor van 'n departement vorm, setel in Pretoria, maar word ook in Kaapstad, Bloemfontein, Pietermaritzburg en Windhoek aangetref. Vir diegene verbonde aan perso=neeladministrasie bestaan daar talle geleenthede vir selfverbetering en -verwesenliking. Junior personeel ontvang doeltreffende leiding, terwyl inlywingskursusse en toesig=houdingskursusse aangebied word om beamptes beter vir hul take toe te rus.

Vorderingsgeleenthede vir personeelbeamptes is feitlik onbeperk. Hulle kan in alle de=partemente meeding om bevordering en deur bekwame dienslewering kan 'n baie verantwoor=delike posisie in die Staatsdiens bereik word.
Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Staats=administrasie).

Politikus (Afrikaans, Engels, Staatsleer, Geskiedenis, Volkekunde, Ekonomie)

Privaatsekretaris(esse) (Afrikaans, Engels, Spraakleer en Drama, Kommunikasiekunde, sekretariële kursusse buite die universiteit)
Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Sekretariële Serti=fikaat (Privaatsekretaresse).

Redaksionele werk (Afrikaans, Engels, Kommunikasiekunde, Sielkunde, Sosiologie, Geskiedenis)

Benewens 'n graad word gewoonlik ook toepaslike ervaring in joernalistiek en koerant- of tydskrifwerk vir aanstelling as 'n redakteur vereis. Hiertoe word talryke geleenthede gebied deur die private sektor (uitgewersmaatskappye) asook die staatsdepartemente van Landbou-tegniese Dienste, Nasionale Opvoeding, Sport en Ontspanning, Verdediging en die Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie.

Kyk ook pp. 38, 172.

Taalbeampte/Vertaler (Afrikaans, Engels, ander tale soos Duits, Frans, Italiaans, Portugees)

Die taaldiens van die Staatsdiens word gelewer deur die Taaldiensburo van die Departe=ment van Nasionale Opvoeding en die Taaldiensafdelings van die vier provinsiale admini=strasies.

Die Taaldiensburo is verantwoordelik vir die vertaling en versorging van die taal van amptelike publikasies van alle staatsdepartemente; vir vertalings uit vreemde tale in die amptelike tale vir staatsdepartemente en vir die ontwikkeling van die terminologie wat nodig is vir publikasies op die verskillende gespesialiseerde gebiede van die werk van hierdie departemente. Vir die uitvoering van hierdie funksies is die Buro in drie afdelings verdeel: Afrikaans, Engels en Vreemde Tale.

'n Vertaler - of taalbeampte, soos hy in die Taaldiensburo bekend staan - lewer 'n be=sondere diens aan die inwoners van die land. Die beroep is geskik vir mans en dames en nagraadse studie word steeds aangemoedig. Die bevorderingsrange in die Staatsdiens is tans: Senior Taalbeampte, Hooftaalbeampte, Assistent-direkteur en Direkteur van die Taaldiensburo.

Tweetaligheid en die korrekte gebruik van die twee amptelike tale word egter al meer 'n vereiste en gevolglik sal die vraag na gekwalifiseerde vertalers steeds toeneem. Die meeste van die organisasies wat dienste aan die publiek lewer, het dan ook voortdurend die dienste van vertalers nodig. Hierdie instansies en organisasies is byvoorbeeld die RGN, die WNNR, Yskor, Unisa, die SA Spoorweë, die SAUK, groot munisipaliteite, verskeie beheerrade, uitgewersmaatskappye, versekeringsmaatskappye en talle ander privaat instan=sies.
Kyk ook p. 220.

Vakkundige Beampte (Publikasies) (Afrikaans, Engels, Kommunikasiekunde, Sielkunde, Sosiologie of die graad B.Sc. (Agric.))

In die uitvoering van sy navorsings- en voorligtingstaak maak die Departement van Land= bou-tegniese Dienste ruimskoots van publikasies en ander kommunikasiemedia gebruik om inligting effektief onder die boere te versprei. Hierdie publikasiedienste word deur 'n spesiale Afdeling Landbou-inligting onderneem waarin die werksaamhede in vyf seksies verdeel is, naamlik pamflette, landbouradio, nuusdiens, oudiovisuele diens, en populêre tydskrifte. In al hierdie seksies word vakkundige beamptes (publikasies) aangestel om die poste van joernaliste, subredakteurs, radiobeamptes en oudiovisuele beamptes te beklee.

Afgesien van indiensopleiding word vakkundiges ook in die geleentheid gestel om ge= durende hul dienstyd nagraadse studie te onderneem. Vir die toegewyde beampte is daar feitlik geen beperkings op sy vordering tot die pos van Direkteur van die Afdeling en selfs hoër nie.

Afrikatale

Die Afrikatale (uitgesonderd Afrikaans) wat in die RSA erkenning geniet kan in vier groepe soos volg gegroepeer word:

| Groep: | Nguni | Sotho | Tsonga | Venda |
|---|---|---|---|---|
| Taal: | Zulu | Suid-Sotho | Tsonga | Venda |
| | Xhosa | Noord-Sotho | | |
| | Swazi | Wes-Sotho (Tswana) | | |
| | Ndebele | | | |

Van al hierdie tale word slegs Swazi en Ndebele nie aan die een of ander van die univer= siteite vir Blankes aangebied nie. Die tale in 'n bepaalde groep is in hoë mate ver= want. Gevolglik sal kennis van byvoorbeeld Zulu in die Nguni-groep dit moontlik maak om met Xhosa-, Swazi- of Ndebelesprekendes te kommunikeer. Dieselfde sal geld vir 'n ge= kwalifiseerde in Suid-Sotho ten opsigte van Noord-Sotho- en Tswanasprekendes. Die Nguni- en Sothosprekendes maak ongeveer 94 persent van al die Bantoetaalsprekendes in die Republiek uit.

Oor die wenslikheid wat in die jongste tyd gekulmineer het in 'n noodsaaklikheid, van studie in Afrikatale op universiteitsvlak, is daar nie langer twyfel nie. Kennis van 'n Afrikataal het in feitlik enige beroep 'n praktiese waarde deurdat misverstande uitge= skakel en onderlinge begrip bevorder kan word. Hierdie tale kan egter ook in hoë mate beroepsgerig wees, waarvan die volgende enkele voorbeelde is:

- Onderwys: Die vier onderwysdepartemente (veral van Transvaal) en universiteite asook die Departement van Onderwys en Opleiding waaraan tans groot getalle Blanke on= derwysers verbonde is;

- Die Administrasie: In verskeie staatsdepartemente soos dié van Plurale Betrek= kinge en Ontwikkeling, Landbou-tegniese Dienste en Justisie; die RGN, die SA Spoorweë, die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, die verskillende Administrasierade, munisipaliteite, myne en nywerhede;

- Sport en ontspanning: As beamptes in diens van die Departement van Sport en Ont= spanning, myne, munisipaliteite en ander instansies wat groot getalle Swartmense in diens het;

- Personeel- en opleidingsbeamptes: Verskillende groot nywerhede, myne, munisipali= teite, die SA Spoorweë en so meer;

- Die Uitsaaiwese: Die SAUK se afdeling Radio Bantoe het gereeld vakatures vir pro= gramorganiseerders, kontroleurs van programme, nuusopstellers, ens.;

- Reklame-, uitgewers- en drukkersbedryf, asook maatskaplike werk, sending en biblio= teekdienste;

- Navorsing: Afgesien van die moontlikhede wat die universiteite aan gegradueerdes in Afrikatale bied, is daar ook ander instansies wat sodanige persone in navorsingshoe= danighede gebruik, byvoorbeeld die RGN, die Departement van Onderwys en Opleiding, en die afdeling Etnografie van die Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling.

Van die vernaamste werkgewers wat gegradueerdes in tale in diens neem, is byvoorbeeld die meeste staatsdepartemente en die provinsiale administrasies, die RGN, die WNNR, die SAUK, Yskor, die Poswese, die SA Spoorweë, die SA Weermag, munisipaliteite, universi= teite, skole, kolleges, lugvaart- en ander reisagentskappe, versekeringsmaatskappye,

die handel en nywerheid, biblioteke, uitgewersmaatskappye, reklame-agentskappe, uitvoer= agente, die filmnywerheid en internasionale maatskappye.

Let wel: Kandidate moet steeds in gedagte hou dat vir sommige werkgewers 'n eerste B.-graad met tale nie voldoende is nie en dat verdere studie of opleiding en/of toepaslike ervaring vereis mag word.

## Ander vakke vir B.A.

Algemene Taalwetenskap/Linguistiek: Alle normale mense gebruik en praat 'n taal. Daar= sonder sou enigiets wat duidelik menslik in die persoonlike en sosiale gedrag van die mens is, nie kan bestaan nie. Ten spyte hiervan weet die meeste mense gewoonlik baie min of niks van hul taal nie, wat dit is en hoe dit funksioneer.

Linguistiek is die dissipline waarin die taal van die mens ondersoek word. Die vraag 'Wat is taal?' moet beantwoord word op grond van die strukturele eienskappe van mens= like kommunikasie, van 'n beskrywing van spraakklanke tot die reëls betreffende die wyse waarop die klanke uitdrukking gee aan die ingewikkelde denke van die mens. 'n Taalkundige se opleiding stel hom derhalwe in staat om enige taal volledig te beskryf, afgesien daarvan of die taal voorheen aan hom bekend was of nie.

Hoewel taalstudie in eie reg van belang is en tot 'n akademiese loopbaan in Linguistiek mag lei, is daar 'n aantal verwante velde waarin die toepassing van Linguistiek 'n belangrike rol speel. Van die vanselfsprekendstes hiervan is Kommunikasiestudies, Siel= kunde, Spraakterapie, Wysbegeerte en eerste- en tweede taalstudies. Enige vak wat te doen het met die onderrig, leer en gebruik van taal veronderstel 'n begrip of 'n alge= mene peil van wat taal of 'n besondere taal is.

Argeologie: Argeologie is gemoeid met 'n studie van die mens van die verlede - van sy vroegste ontstaan (twee tot drie miljoen jaar gelede) tot in die jongste verlede. Die argeoloog is onder andere daarin geïnteresseerd om menslike gedrag en kultuur van die verlede te rekonstrueer deur 'n studie te maak van mensgemaakte voorwerpe wat bo en onder die oppervlakte van die aarde behoue gebly het.

Argeologie is nou verwant aan ander vakke wat ook verskillende aspekte van die menslike bestaan bestudeer. Vakke soos Volkekunde, Geskiedenis, Dierkunde, Plantkunde, Geologie en Geografie is in dié verband belangrik, maar dit skakel ook met vakke soos Sosiologie, Antropologie en Statistiese Metodes.

Werksvooruitsigte in hierdie rigting is egter beperk en dit word dus as noodsaaklik be= skou dat kandidate wat daarin belangstel hulle ôf vir 'n ander beroep ook sal bekwaam ôf 'n oordeelkundige keuse van hoof- en byvakke sal doen. Vakante poste is hoofsaaklik beperk tot 'n aantal museums en 'n paar universiteite. Beroepsargeologie is maar 'n jong rigting, en deur vir 'n ander beroep ook bekwaam te wees, kan die persoon wat in die ar= geologie opgelei is, homself in gereedheid hou vir 'n moontlike pos wanneer dit beskik= baar mag raak.

Bybelkunde: Bybelkunde is die wetenskaplike bestudering van die Bybel. Dit beteken dat één boek uitgesonder word vir selfstandige bestudering en as vak toeganklik is vir enigiemand wat belangstel om op wetenskaplike vlak meer van die Bybel, sy aard en die implikasies van sy boodskap, te wete te kom. Bybelkunde is dus nie blote 'Bybelkennis' nie, maar 'n poging om oor die openbaring van God wetenskaplik na te dink, om sodoende enige onverantwoorde skeiding tussen geloof en kennis, die Bybel en die wetenskap, te oorbrug.

Bybelkunde as hoofvak vir 'n graad is geskik vir Godsdiensonderrig op primêre en se= kondêre skoolvlak, en 'n vereiste vir die onderwyser wat die vak Bybelkunde aan die se= kondêre skool moet doseer. Bybelkunde, wat 'n erkende vak vir matrikulasievrystelling is, word vandag deur al meer en meer sekondêre skole aangebied en die vraag na onder= wysers vir hierdie vak sal in die toekoms groter word. Die vak is ook van groot bete= kenis vir 'n loopbaan in die biblioteekwese of die boekhandel.

Geskiedenis: Studente wat Geskiedenis as hoofvak wil neem, kan byvoorbeeld uit die volgende vakke 'n tweede hoofvak of byvakke kies: Afrikaans, Engels, Duits, (moontlik ander tale), Geografie, Sosiologie, Sielkunde, Volkekunde, Ekonomie, Staatsleer, Wys= begeerte. Selfs as byvak het Geskiedenis nut omdat dit soos 'n bindsteen vir die gees= tes- of sosiale wetenskappe funksioneer.

Hoewel die studie van Geskiedenis nie 'n beroepsgerigte studie is nie, is dit tog be= sonder waardevol vanweë die vormende invloed daarvan en die feit dat dit oor die mens in sy sosiale verbande en instellinge handel. Dit verskaf gevolglik 'n baie noodsaak= like en soms onontbeerlike agtergrond vir etlike beroepsgebiede soos die radiowese, buitelandse diens, museums, biblioteke, die joernalistiek en uitgewersbedryf, asook die

politiek. Kennis van die verlede moet ook voortdurend aan elke opkomende geslag oor=gedra word. Vandaar die dringende behoefte aan goed opgeleide en onderlegde geskiede=nisonderwysers en -dosente, asook skrywers oor die Geskiedenis op professionele en populêre vlakke. Persone kan ook aangestel word as argivarisse of as vakkundige beamp=tes (heraldiek) in die Departement van Nasionale Opvoeding of ook as navorsingsbeamptes in die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Argief=wetenskap.

Kriminologie: In die Kriminologie word 'n studie gemaak van sommige aspekte van die misdaadverskynsel. Die belangrikste hiervan is byvoorbeeld wat misdaad is, die oor=sake daarvan, die voorkoms van misdaad, die oortreder as mens, die straf en behandeling van die oortreder en die voorkoming van misdaad. Die Kriminologie sluit dan ook nou aan by vakke soos Sosiologie, Sielkunde, Volkekunde, Maatskaplike Werk, Strafreg; en in 'n mindere mate by Wysbegeerte (veral die Etiek), Opvoedkunde, Staatsleer, Ekonomie en so meer.

Kennis van die Kriminologie is in 'n mindere of meerdere mate van waarde in alle be=roepe waar met misdaad of die misdadiger te doen gekry word, soos die regsberoepe (pro=kureurs, advokate, aanklaers, landdroste, regters, die polisie- en gevangenisdiens) en in alle welsynswerk deur private organisasies, die Departemente van Volkswelsyn en Pensioene en Nasionale Opvoeding (verbeteringskole). Die studierigting bied ook be=sondere navorsingsgeleentheid aan universiteite of in diens van die RGN.

Kunsgeskiedenis: 'n Kunswerk weerspieël 'n bepaalde peil en wyse van denke en onderskei hom van ander menslike skeppings deur die wyse waarop dit saamgestel is. Die kunste=naar ontleen die vorme wat hy skep aan sy eie omgewing en tyd en soos die tye verander, so verander ook die voorkoms van kuns. Dis dan die taak van die student in Kunsge=skiedenis, en van die kunshistorikus, om die kunsvorme van die verlede te verklaar en tot nuwe lewe te wek. Hiertoe maak die kunshistorikus ook intensief gebruik van die kennis uit ander vakke soos Geskiedenis, Wysbegeerte, Sosiologie, Sielkunde, Bybelkunde, Letterkunde en soms selfs van die natuurwetenskappe.

Die beroepsgeleenthede van die kunshistorikus is hoofsaaklik geleë op die gebied van navorsing en/of dosering in kuns- en kultuurhistoriese musea, aan universiteite, in diens van die RGN en kunsskole; in diens van die SAUK as kunskritikus; in die kunshandel as skakelbeampte tussen kunstenaar en publiek; in die diplomatieke diens as kulturele attaché.

Ontwikkelingsadministrasie: In die breë omvat hierdie studieveld die wetenskaplike be=studering van die administrasie en ontwikkelingsvraagstukke van ontwikkelende volke in die algemeen. Meer in die besonder het Ontwikkelingsadministrasie belang by die proses van staatsvorming en -ontwikkeling in Suidelike Afrika. Universiteite maak daarvoor voor=siening dat Ontwikkelingsadministrasie sinvol gekombineer kan word met vakke soos Eko=nomie, Volkekunde, Sosiologie, Staatsleer, Bantoereg, Geografie, Publieke Administrasie, Bantoetale en Geskiedenis.

Die aanvraag vir deskundiges op hierdie terrein groei nog steeds. Daar is byvoorbeeld geleentheid in die staatsdepartemente van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, Onder=wys en Opleiding, die Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie en Buitelandse Sake; die Administrasierade, die radio- en perswese, universiteite en enkele navorsings=inrigtings.

Publieke Administrasie/Staatsadministrasie: Die breë klassifikasie van enige owerheid se funksies is wetgewend (politieke liggaam), uitvoerend (administratiewe liggaam) en regsprekend (die howe). Breedweg gesien is hier drie vakgebiede betrokke, naamlik Staatsleer vir die politieke aspek, Publieke Administrasie vir die uitvoerende aspek en Regte vir die staatsregtelike aspek. Publieke Administrasie is dus as akademiese dissipline toegespits op die studie van die administratiewe sy van owerheidsoptrede. Dit behels die samestelling en funksionering van al die owerheidsinstellings wat gemoeid is met uitvoering van openbare beleid soos dié van staatsdepartemente, provinsiale ad=ministrasies, munisipaliteite, rade, kommissies, korporasies en navorsingsinstellings.

Die openbare of regeringsektor is dan ook die grootste werkgewer op hierdie gebied. Graduandi vind egter ook aantreklike loopbane in die private sektor, die joernalistiek en die regswese. Publieke Administrasie berei 'n kandidaat vir 'n bestuurspos voor. Die ander hoof- en byvakke wat daarmee gekombineer word sal egter in hoë mate bepaal by watter instelling en watter soort werk onderneem sal word. 'n Oordeelkundige vakkom=binasie is dus baie belangrik. Kyk ook p. 84.

Sielkunde: Sielkunde as vak kom, kortliks gestel, neer op die studie van alle aspekte van menslike gedrag. In die praktyk bestudeer sielkundiges die normale en abnormale gedrag van individue en groepe ten einde hul optrede beter te verstaan en te verklaar. Verskillende metodes word aangewend om soveel inligting as moontlik te bekom.

Hoewel 'n baccalaureusgraad 'n goeie agtergrond bied, is voorgraadse opleiding in Sielkunde nie beroepsgerig nie. 'n Kandidaat moet dus bereid wees om intensiewe nagraadse studie te onderneem om 'n suksesvolle psigoloog te word. Die vak is besonder wyd en gewoonlik word daar in een of meer rigtings gespesialiseer. Psigoloë kombineer ook dikwels verskillende rigtings in die praktyk. Geen persoon mag egter as 'n sielkundige praktiseer nie sonder sodanige registrasie by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Die vereiste hiervoor is ten minste 'n meestersgraad plus een jaar se internskap in 'n goedgekeurde inrigting.

Vertakkings van die Sielkunde is byvoorbeeld:

- Voorligtingsielkunde: In die rigting help sielkundiges onder andere met probleme ten opsigte van die keuse van 'n studierigting, beroepskeuseprobleme, huweliks- en gesinsprobleme. Onderwyser- of skoolsielkundiges in diens van 'n onderwysdepartement werk met leerlinge en het onder andere te doen met leerprobleme, vakkeuse, beroepskeuse en gedragsprobleme. In hulle werk word gebruik gemaak van 'n verskeidenheid skolastiese en sielkundige toetse.

- Kliniese Sielkunde: Hierdie sielkundiges werk hoofsaaklik met volwassenes en kinders wat ernstige vorme van versteurde of abnormale gedrag toon. Hulle werk nou saam met 'n geneesheer of psigiater en sielkundige toetsing maak ewe-eens 'n belangrike deel van hul werk uit.

- Bedryf- en personeelsielkunde: Hierdie belangrike vertakking van die Sielkunde word afsonderlik behandel op p. 80.

- Navorsing en akademiese Sielkunde: Sielkundiges in dié rigting doen voltyds navorsing op verskillende terreine van die Sielkunde terwyl 'n beperkte aantal met gevorderde opleiding in die vak as dosente werk.

- Pastorale Sielkunde: Hierdie sielkundiges is persone met teologiese opleiding (predikante) en wat ook as kliniese of voorligtingsielkundiges opgelei is. Hulle is dus in staat om ook mense te help wat psigoterapie nodig het.

- Ander rigtings is onder andere Kinder- of Ontwikkelingsielkunde, Fisiologiese Sielkunde, Sosiale Sielkunde en Psigometrika. Sielkunde kan ook 'n nuttige vak wees vir studente wat nie sielkundiges gaan word nie, maar wat tog hoofsaaklik met mense gaan werk. Gevolglik kan dit as hoofvak vir B.A., B.Com. of B.Sc. geneem word. Na gelang van die bepalings van elke universiteit en die belangstelling van die student, kan dit gewoonlik gekombineer word met vakke soos Sosiologie, Volkekunde, Tale, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Maatskaplike Werk, Wysbegeerte, Ekonomie, Fisiologie, Dierkunde, Fisika en Rekenaarwetenskap.

Let wel: Die psigiater is nie hierbo genoem nie omdat hy, streng gesproke, 'n medikus is wat, benewens gewone mediese opleiding, ook opleiding ontvang het in die behandeling van geestessiektes en daarin spesialiseer.

Sielkundiges vind normaalweg beroepsgeleenthede by die volgende: Die RGN, die NIPN; die afdelings vir sielkundige dienste van byvoorbeeld die Spoorweë, die Weermag, Yskor, Sasol, die myne en groot munisipaliteite; die provinsiale onderwysdepartemente en staatsdepartemente van Arbeid, Nasionale Opvoeding, Gevangenisse en Volkswelsyn en Pensioene; hospitale; kerkgenootskappe; die handel en nywerheid; groot sakeondernemings; 'n eie praktyk of kliniek; inrigtings vir sielsiekes en swaksinniges, en kinderleidingklinieke.

Sosiologie: In die breë gesien, kan gesê word dat die probleme van die wêreld verband hou met die reëling van bevredigende en bestendige menslike verhoudings en met die hantering van sosiale en ekonomiese verandering en ontwikkeling. Die Sosiologie het dan as vakwetenskap, menslike verhoudings, die wyses waarop mense en groepe mense hulle teenoor mekaar gedra, sosio-ekonomiese ontwikkeling en verandering as studievoorwerpe. Dit kom neer op 'n feitlike, objektiewe studie van die sosiale omstandighede waaronder bepaalde patrone van optrede en afwyking tot stand kom, gehandhaaf word en verander.

Sosiologie is veral by vier breë terreine belangrik:

- akademiese sosioloë (as dosente aan universiteite),

- navorsingsosioloë (diegene wat voltyds navorsing doen aan universiteite, universitêre navorsingsinstitute, private ondernemings, staatsdepartemente en staatsondersteunde organisasies. Die grootste konsentrasie navorsingsosioloë in Suid-Afrika word aangetref in die Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) wat in Pretoria gesetel is.),

- administratiewe en beplanningsosioloë (persone werksaam in groot organisasies en nywerhede waar 'n deeglike kennis van menslike verhoudings noodsaaklik is byvoorbeeld skakelbeamptes en personeelbestuurders en diegene wat te doen het met beplanning en ontwikkeling),

- verskeie professionele en arbeidsituasies (waarvoor opleiding in Sosiologie wenslik en selfs noodsaaklik is soos vir maatskaplike werkers, predikante, onderwysers, geneeshere, psigiaters, argitekte, verpleegsters, regsgeleerdes, kunstenaars en joernaliste).

Sosiologie pas besonder goed in by verskillende studierigtings en kan met etlike vakke as hoof- of byvakke gekombineer word. Gegradueerdes word in diens geneem deur enkele staatsdepartemente, die Weermag, groot munisipaliteite en die handel en nywerheid. Senior poste is nie volop nie maar vir die bekwame persoon met nagraadse kwalifikasies is daar steeds geleenthede.

Staatsleer: Die Staatsleer as vakwetenskap bied die geleentheid tot studie van staatkundige aangeleenthede en politieke vraagstukke. As 'n sosiale wetenskap sluit dit nou aan by sommige ander dissiplines en veral by ander sosiale wetenskappe. Dit is dus 'n nuttige hoofvak om te neem saam met vakke soos Bedryfsielkunde, Ekonomie, Geografie, Geskiedenis, Kommunikasiekunde, Publieke Administrasie, Regsvakke, Sosiologie, Volkekunde, Wysbegeerte en so meer. Die omgekeerde is ook waar, sodat studente wat bogenoemde vakke bestudeer, met vrug een of meer kursusse in Staatsleer in hul leergange kan insluit.

Staatsleer word meestal bestudeer as agtergrond vir 'n groot aantal beroepsrigtings, by voorbeeld in sommige staatsdepartemente, die provinsiale administrasies en plaaslike besture; in die onderwys, regte, joernalistiek, private ondernemings, praktiese politiek, radiowese en biblioteekwese.

Volkekunde/Antropologie: Dié twee begrippe Volkekunde en Antropologie is aan mekaar verwant. Soos die naam aandui, hou Volkekunde sig besig met die studie van volke, hul lewenswyse en kulture, hoe dit in die verlede was, hoe dit vandag is en hoe dit verander het, terwyl Antropologie die studie van die hele mens omvat.

Soos in die geval van die meeste ander vakke, kan Volkekunde as hoofvak of as byvak saam met ander B.A.-hoofvakke geneem word. Dit kombineer gewoonlik goed met byvoorbeeld die volgende vakke: Toegepaste Volkekunde, Ontwikkelingsadministrasie, Bantoetale, Bantoereg en -administrasie, Geskiedenis, Geografie, Sosiologie, Kommunikasiekunde, Wysbegeerte, Staatsleer, Ekonomie, Sielkunde en Publieke Administrasie.

Enkele rigtings waarin 'n student met akademiese kwalifikasie in Volkekunde en verwante vakke kan hoop om te beweeg, is kortliks die volgende:

Verskeie staatsdepartemente, waaronder dié van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling (met sy verskillende vertakkings), Onderwys en Opleiding (sekere vakkundige betrekkings), Gemeenskapsbou, Buitelandse Sake, Justisie en die Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie; navorsingsinrigtings soos die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN); afdelings vir Nie-Blanke personeel van groot organisasies soos die Spoorweë en mynmaatskappye; plaaslike owerhede (senior amptenare soos direkteur of bestuurder van Nie-Blanke sake); Radio Bantoe van die SAUK (met die klem op kennis van Bantoetale); die Raad vir Buite-stedelike Gebiede; die Afrika-Instituut (geringe aantal poste); in die personeel van die kommissarisse-generaal en as navorsers op die gebied van die etnologie en antropologie. Met die oordra van die magte, pligte, funksies en verantwoordelikhede van munisipaliteite met betrekking tot die beheer en administrasie van stedelike Swartes na die statutêre liggame bv. die Administrasierade kan verwag word dat 'n hele aantal hoog besoldigde poste mettertyd beskikbaar sal raak.

Gegradueerdes in hierdie studierigting moet normaalweg baie belang stel in navorsing en bereid wees om verder te studeer.

Wysbegeerte/Filosofie: In der waarheid is elke student ook 'n filosoof. Maar, al het elke student 'n filosofie, word die Filosofie (Wysbegeerte) as sodanig nie deur almal as vak bestudeer nie. Daar is dus 'n verskil tussen filosofie as lewensuitkyk en die

Filosofie as 'n soort wetenskap naas ander wetenskappe. Wysbegeerte en Filosofie het dieselfde betekenis. Waar vakwetenskappe soos byvoorbeeld die Plantkunde en Volke=kunde die besondere wêreld van die plant en van die volkere bestudeer, daar probeer die Wysbegeerte om die wêreld (kosmos) as ordelike geheel (totaliteit) te verstaan.

Die Wysbegeerte bied 'n algemene beroepsvoorbereiding; dit verskaf nie 'n besondere beroepsopleiding nie. 'n Kombinasie met onder andere die Staatsleer, Sielkunde, Biblio=teekkunde, Sosiologie, Geskiedenis, Volkekunde, Kunsgesiedenis, Kommunikasieleer, mo=derne en klassieke tale, is uiters geskik om die student voor te berei vir beroepe soos dié van onderwyser, diplomaat, regspraktisyn, predikant, bibliotekaris, sielkundige joernalis en so meer.

HOOFSTUK 3

# FAKULTEITE VAN HANDEL EN EKONOMIESE WETENSKAPPE

---

## UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

### FAKULTEIT VAN HANDEL

**Grade**

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Commercii | : | B.Com. |
| Baccalaureus Commercii (Honneurs) | : | B.Com. (Hons.) |
| Magister Commercii | : | M.Com. |
| Baccalaureus in Besigheidswetenskap | : | B.Bus. Sc. |
| Magister in Besigheidswetenskap | : | M.Bus. Sc. |
| Magister in Besigheidsadministrasie | : | M.B.A. |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |

**Sertifikaat en Diplomas**

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde : S.T.R.

Gevorderde Diploma in Belasting

Gevorderde Diploma in Besigheidsadministrasie

Gevorderde Diploma in Bestuursrekeningkunde

Nagraadse Diploma in Personeelbestuur en Mannekragontwikkeling

Gevorderde Diploma in Personeelbestuur en Mannekragontwikkeling

GRADE

**Baccalaureus Commercii : B.Com.**

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels al die volgende vakke:

Rekeningkunde A en B, Kosteberekening (Bestuursrekeningkunde) I, Belasting en Boedel=belasting I, Ouditkunde A, Stelsels en Elektroniese Dataverwerking, Ekonomie IA en II, Kommersiëlereg A en B, Wiskunde I, Statistiek I, Ekonomiese Geskiedenis I of Bedryf=sosiologie I of 'n ander goedgekeurde kursus, Besigheidsadministrasie I of Statistiek II, Maatskappyereg.

**Baccalaureus Commercii (Honneurs): B.Com. (Hons.)**

Toelatingsvereistes: Enigeen van die volgende kan toegelaat word:

- 'n B.Com. of 'n B.Bus. Sc., spesiale rigting Bedryfsfinansiering
- 'n Geoktrooieerde Rekenmeester wat by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeurs=raad geregistreer is
- 'n Assosiaat (Associate) of Genoot (Fellow) van die Instituut van Koste- en Be=stuursrekenmeesters
- 'n Gegradueerde van enige ander universiteit wat gelykwaardige kursusse voltooi het.

Leergang: Een jaar voltydse studie of minstens twee jaar deeltydse studie. 'n Kandi=daat moet 'n Honneurskursus bywoon en voltooi in ôf Rekeningkunde, Belasting of Be=stuursrekeningkunde ôf in enige ander studierigting wat deur die Senaat goedgekeur is met dien verstande dat daar van die kandidaat verwag kan word om kursusse wat die Senaat kan voorskryf, by te woon en te voltooi.

Die Honneurseksamen behels 'n formele skriftelike eksamen. 'n Tegniese verslag kan boonop vereis word. Daar kan ook van die kandidaat verwag word om hom vir 'n mondelinge eksamen aan te meld. Kandidate wat die Honneurseksamen druip sal nie toegelaat word om hulle weer aan te meld nie.

## Magister Commercii: M.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n B.Com. (Hons.)-graad. 'n Kandidaat moet skriftelik aansoek doen by die Registrateur en 'n opgawe van sy akademiese en algemene kwalifikasies in= dien met melding van die navorsingsrigting wat hy wil voortsit.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar gevorderde studie en na= vorsing onder die leiding van 'n toesighouer verrig. Die studie en navorsing moet in die studierigting wees waarin die kandidaat die Honneurseksamen afgelê het of 'n ge= lykwaardige studierigting. 'n Kandidaat moet 'n verhandeling indien en sodanige ek= samen aflê soos deur die Senaat bepaal.

## Baccalaureus in Besigheidswetenskap: B.Bus. Sc.

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Com.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels verpligte kursusse in Be= sigheidswetenskap en Ekonomie saam met kursusse in vakke wat studierigtings behels wat ontwerp is om studente toe te rus vir die beroepe waarin hulle belangstel. Elke spe= siale rigting bestaan uit 'n groep verwante vakke; oor die algemeen 'n Honneurskursus en toepaslike byvakke.

Elke student moet een van die volgende spesiale rigtings kies:

Aktuariële Wetenskap, Bankbedryfsleer, Bedryfsfinansiering, Bemarking, Ekonomie (Alge= meen), Personeelbestuur, Publieke Administrasie, Rekenaar- en Dataverwerking, Sielkunde, Sosiologie, Statistiek en Operasionele Navorsing, Versekeringswese, Wiskundige Ekono= mie.

Die samestelling van die graad is soos volg: Eerste en tweede jaar: vier volle kur= susse elk ; derde jaar: drie en 'n halwe kursusse; vierde jaar: drie kursusse. Ge= woonlik word daar van 'n student verwag om al die kursusse wat vir elke jaar voorge= skryf is, te voltooi voordat hy met die daaropvolgende jaar se kursusse voortgaan.

## Magister in Besigheidswetenskap: M.Bus. Sc.

Toelatingsvereistes: Die volgende kandidate kan toegelaat word: Gegradueerdes in be= sit van 'n B.Bus. Sc.-graad; Honneursgegradueerdes van ander fakulteite; Honneursge= gradueerdes van ander universiteite; ander gegradueerdes met spesiale kwalifikasies wat deur die Senaat goedgekeur is.

'n Kandidaat moet die Senaat oortuig dat die leergang van sy Baccalaureusgraad voldoende voorbereiding is vir die M.Bus.Sc.-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar aan 'n goedgekeurde vak onder die leiding van 'n goedgekeurde toesighouer werk. Elke kandidaat moet 'n vak vir intensiewe studie en navorsing kies uit die reeks vakke wat in die spesiale rigtings vir die B.Bus. Sc.-graad ingesluit is. Elke kandidaat moet 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp indien.

## Magister in Besigheidsadministrasie: M.B.A.

Toelatingsvereistes: Die kwalifikasie van M.B.A. is beskikbaar vir goedgekeurde gegra= dueerdes wat 'n graad verwerf het in Lettere en Wysbegeerte, Handel, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid, Natuurwetenskappe of Sosiale Wetenskappe, en aan Geoktrooieerde Reken= meesters.

Leergang: Elke kandidaat moet 'n voltydse MBA-program aan die Universiteit vir 'n tyd= perk van een jaar voltooi. Die MBA-program behels gekoördineerde kursusse in die vol= gende rigtings:

- Bedryfsbestuur,
- Onderliggende Dissiplines,
- Besigheidsintegrasie

en 'n Tegniese Verslag.

Philosphiae Doctor: Ph.D. - Kyk Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, p.9.

SERTIFIKAAT EN DIPLOMAS

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde: S.T.R.

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Com-graad. Geen persoon kan as 'n kandidaat vir die Sertifikaat registreer nie tensy hy bewys kan lewer dat hy ôf 'n leertyd uitgedien het ôf tans uitdien ôf op die punt staan om 'n leertyd wat by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad geregistreer is, uit te dien.

Leergang: Vier jaar deeltydse studie. Die Senaat kan 'n kandidaat vrystel van sodanige kursus of kursusse op grond van erkenning wat hy vir gelykwaardige kursusse verwerf het terwyl hy vir 'n graad, diploma of sertifikaat geregistreer was.

Die volgende vakke is in die leergang vir die S.T.R. ingesluit:

Belasting & Boedelbelasting, Ekonomie, Kommersiëlereg, Inleiding tot Stelsels en Elek= troniese Dataverwerking, Insolvensie, Kosteberekening I (Bestuursrekeningkunde), Maat= skappyereg, Ouditkunde, Rekeningkunde, Statistiek, Wiskunde.

Gevorderde Diploma in Belasting

Toelatingsvereistes: Enigeen van die volgende kan as 'n kandidaat vir die Diploma toe= gelaat word:

- 'n Persoon wat die Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad van die Republiek van Suid-Afrika geslaag het
- 'n Persoon wat die prokureurstoelatingeksamen in die RSA geslaag het of vryge= stel is daarvan
- 'n Persoon wat as kandidaat vir die Gevorderde Diploma in Belasting aanvaar is op grond daarvan dat hy sodanige eksamens geslaag het wat gelykstaande is aan een van die bogenoemde eksamens.

Leergang: Een jaar voltydse studie of minstens twee jaar deeltydse studie.

Die Gevorderde Diploma-eksamen behels 'n formele eksamen. 'n Tegniese verslag kan boonop ook vereis word. 'n Kandidaat wat die eksamen druip mag hom nie weer aanmeld vir die eksamen nie.

Gevorderde Diploma in Besigheidsadministrasie

Toelatingsvereistes: Die Diploma is beskikbaar vir goedgekeurde nie-gegradueerdes met aanvaarbare kwalifikasies en/of etlike jare besigheidservaring.

Leergang: Die M.B.A.-graad- en Diplomakursusse is identies wat inhoud en peil betref.

Gevorderde Diploma in Bestuursrekeningkunde

Toelatingsvereistes: Aansoeke om toelating moet skriftelik by die Registrateur inge= dien word.

Enigeen van die volgende kan toegelaat word:

(i) 'n Persoon wat die Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad van die Republiek van Suid-Afrika geslaag het; of

(ii) 'n persoon wat as kandidaat vir die Gevorderde Diploma in Bestuursrekeningkunde aanvaar is op grond daarvan dat hy sodanige eksamens geslaag het wat gelykstaande is aan die bogenoemde eksamens.

Leergang: Een jaar voltydse studie of minstens twee jaar deeltydse studie.

Die Gevorderde Diploma-eksamens behels formele skriftelike eksamens. 'n Tegniese ver= slag kan boonop vereis word. 'n Kandidaat wat die eksamen druip mag hom nie weer vir die eksamen aanmeld nie.

Nagraadse Diploma in Personeelbestuur en Mannekragontwikkeling

Toelatingsvereistes: Aansoek vir toelating moet skriftelik by die Registrateur inge= dien word. Gegradueerdes van hierdie universiteit of 'n ander erkende universiteit mag toegelaat word.

Leergang: Een jaar voltydse studie of minstens twee jaar deeltydse studie. 'n Kandidaat moet die volgende kursusse bywoon en voltooi: Besigheidsadministrasie I, Personeelbestuur I en II, Bedryfsielkunde.

Gevorderde Diploma in Personeelbestuur en Mannekragontwikkeling

Toelatingsvereistes: Hierdie Diploma is beskikbaar vir nie-gegradueerdes met goedgekeurde professionele kwalifikasies en/of etlike jare besigheidservaring.

Leergang: Die regulasies vir die Gevorderde Diploma is dieselfde as dié vir die Nagraadse Diploma.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   N A T A L

FAKULTEIT VAN HANDEL

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Commercii | : | B. Com. |
| Baccalaureus Commercii (Honneurs) | : | B.Com. Hons. |
| Magister Commercii | : | M.Com. |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |
| Doctor Economiae | : | D.Econ. |
| Baccalaureus in Rekeningkunde | : | B. Rekeningkunde |
| Magister in Rekeningkunde | : | M. Rekeningkunde |

Diploma

Diploma in Rekeningkunde

GRADE

Baccalaureus Commercii : B.Com.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Addisionele vereistes: 'n Slaagsyfer van minstens 40 persent in Wiskunde op die Hoër Graad of 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie of minstens vier jaar deeltydse studie. 'n Kandidaat moet erkenning vir die volgende kursusse verwerf:

Eerste jaar

Rekeningkunde I, Ekonomie I, Engels I of Afrikaans I of Afrikaans en Nederlands I of Taal en Kommunikasiekunde, Wiskunde C of Wiskunde I, Kommersiëlereg of Inleiding tot Suid-Afrikaanse Reg

Tweede jaar

Rekeningkunde II of Bedryfsdataverwerking I, Ekonomie II, Besigheidsadministrasie I, Maatskappyereg.

Enige twee van die volgende:

Rekeningkunde II (indien nie reeds geneem nie), Ouditkunde I, Bedryfsdataverwerking (indien nie reeds geneem nie), Vergelykende Afrika-regering en -administrasie I, Afrikaans I of Afrikaans en Nederlands I of Engels I (indien nie reeds in die eerste jaar geneem nie) of Latyn IA of IB, Rekenaarwetenskap I, Staatsreg, Ekonomiese Geskiedenis I, Wiskunde II, Staatsekonomie van Suidelike Afrika, Staatsleer I, Sielkunde I, Sosiale Antropologie I, Sosiologie I, Wysbegeerte I, Statistiek I, Statistiek Ia en Inleiding tot Rekenaarwetenskap, Publieke Administrasie I, Belasting.

Derde jaar

1. Besigheidsadministrasie II
2. Een van: Rekeningkunde III, IIIA of IIIB, Bedryfsfinansiering, Bedryfsbeleid en

-ooreenkomste, Rekenaarwetenskap II, Ekonomie III, Ekonomie van Onderontwikkelde gebiede Bestuursrekeningkunde, Bemarking, Bevolking en Arbeid, Owerheidsrekeningkunde

3. Een van: Enige kursus in bogenoemde lys 2, wat nie reeds geneem is nie, Ouditkunde I (indien nie reeds in die tweede jaar geneem nie), Landbou-ekonomie, Bedryfsdataverwerking II, Vergelykende Afrika-regering en -administrasie II, Rekenaarwetenskap II, Ekonomiese Geskiedenis II, Ekonomiese Bedryfsopset, Vervoerekonomie, Bedryfsielkunde, Internasionale Bedryf, Belastingreg of Belasting, Wiskunde III, Staatsleer II, Wysbegeerte II, Sielkunde II, Romeinse Reg II, Sosiale Antropologie II, Sosiologie II, Statistiek II.

Daar is verskillende bepalings wat nagekom moet word met betrekking tot sekere vakke, bv. 'n kandidaat moet eers Ekonomie I voltooi voordat hy Besigheidsadministrasie I kan volg of Die Staatsekonomie van Suidelike Afrika, of Sielkunde I voordat hy Bedryfsielkunde kan neem.

Baccalaureus Commercii (Honneurs): B.Com.Hons.

Toelatingsvereistes: 'n B.Com.- of B.Econ.-graad.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

'n Kandidaat moet gevorderde studie in een van die volgende studierigtings volg, met dien verstande dat die kursusse tussen hakies òf reeds voor toelating tot die Honneurskursus voltooi is òf gelyktydig met die Honneurskursus geneem word: Rekeningkunde; Besigheidsadministrasie; Ekonomie (Ekonomie III); Wiskunde en Statistiek (Wiskunde II, Statistiek II of Aktuariële Wiskunde).

'n Kandidaat mag hom nie meer as een keer vir die finale eksamen aanmeld nie.

Magister Commercii: M.Com.

Toelatingsvereiste: 'n B.Com. Hons.- of 'n B.Econ. Hons.-graad of tot die status daarvan toegelaat wees.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar gevorderde studie en/of navorsing onder die leiding van 'n toesighouer voortsit. 'n Kandidaat moet aan die einde van dié jaar 'n eksamen aflê. Die eksamen behels 'n verhandeling. Afgesien daarvan dat elke verhandeling moet toon dat die kandidaat vertroud is met navorsingsmetodes, moet dit ook 'n bydrae tot die kennis lewer en in 'n bevredigende literêre vorm aangebied word.

Baccalaureus in Rekeningkunde: B. Rekeningkunde

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Com.-graad.

Leergang: Minstens vyf jaar deeltydse studie. 'n Kandidaat moet erkenning vir die volgende kursusse verwerf wat soos volg versprei is:

Eerste jaar: Rekeningkunde I, Taal en Kommunikasiekunde of Engels I of Afrikaans I, Wiskunde C of Wiskunde I

Tweede jaar: Rekeningkunde II, Ekonomie I, Kommersiëlereg

Derde jaar: Boedelbereddering, Ouditkunde I, Besigheidsadministrasie I, Maatskappyereg

Vierde jaar: Rekeningkunde III, Belastingreg, Bedryfsdataverwerking I

Vyfde jaar: Ouditkunde II, Bestuursrekeningkunde, Rekeningkunde IV.

Magister in Rekeningkunde: M. Rekeningkunde

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat wat in besit is van 'n B. Rekeningkunde-graad of 'n gegradueerde wat tot die status van 'n B.-graad toegelaat is wat òf in besit is van 'n Diploma in Rekeningkunde van dié Universiteit òf 'n Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika) is.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar navorsing onder die leiding van 'n toesighouer onderneem.

'n Kandidaat moet 'n verhandeling oor een of ander aspek van rekeningkundige teorie en/of praktyk voorlê en daar kan van hom verwag word om hom vir 'n mondelinge eksamen oor die onderwerp van sy verhandeling aan te meld.

Philosophiae Doctor: Ph.D.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet ôf alreeds twee jaar in besit wees van 'n M.Com.- of 'n M.Econ.- of 'n M.Rekeningkunde-graad ôf alreeds drie jaar in besit wees van 'n B.Com.(Hons.)- of 'n B.Econ. (Hons.)-graad aan wie spesiale vrystelling van die Magis= tereksamen verleen is.

Leergang: 'n Kandidaat moet 'n gevorderde kursus van spesiale studie of navorsing volg oor 'n onderwerp wat binne die perke val van die studies wat in die Universiteit ver= teenwoordig is.

'n Kandidaat moet 'n proefskrif voorlê wat die resultate van sy spesiale studie of na= vorsing bevat. 'n Proefskrif moet 'n besliste bydrae tot die kennis of insig van die onderwerp wees en moet bewys lewer van oorspronklikheid hetsy deur die vind van nuwe feite of deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.

Doctor Economiae: D.Econ.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet alreeds ses jaar in besit wees van 'n B.Com.- of B.Econ.-graad. 'n Voornemende kandidaat moet 'n formele aansoek om registrasie in= dien.

Leergang: Die graad word slegs toegeken vir gepubliseerde werk in die vorm van arti= kels, pamflette of boeke wat, weens die feit dat dit van boekhandelaars verkrygbaar is, minstens een jaar toeganklik was vir die betrokke deskundiges en kritici.

DIPLOMA

Diploma in Rekeningkunde

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde wat kwalifiseer vir erkenning in tien of meer van die voorgeskrewe kursusse van die B.Com.-graad.

Leergang: 'n Eenjarige deeltydse kursus. 'n Kandidaat wat die Diplomakursus in Durban volg, moet die volgende kursusse voltooi: Gevorderde Ouditkunde, Gevorderde Rekening= kunde I en Gevorderde Rekeningkunde II. 'n Kandidaat wat die kursus in Pietermaritz= burg volg moet die volgende voltooi: Rekeningkunde IV, Ouditkunde II en Bestuurs= rekeningkunde of Belastingreg.

'n Kandidaat sal toegelaat word om hom aan te meld vir 'n aanvullende eksamen in daar= die kursusse waarin hy gedruip het in die vorige eksamen.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   O R A N J E - V R Y S T A A T

### FAKULTEIT VAN EKONOMIESE EN ADMINISTRATIEWE WETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Administrationis | : | B.Admin. |
| Honneurs-Baccalaureus Administrationis | : | B.Admin. (Hons.) |
| Magister Administrationis | : | M.Admin. |
| Doctor Administrationis | : | D.Admin. |
| Baccalaureus Commercii | : | B.Com. |
| Honneurs-Baccalaureus Commercii | : | B.Com. (Hons.) |
| Magister Commercii | : | M.Com. |
| Doctor Commercii | : | D.Com. |
| Baccalaureus Personeelleiding | : | B.P.L. |
| Baccalaureus Computationis | : | B.Compt. |
| Honneurs-Baccalaureus Computationis | : | B.Compt. (Hons.) |
| Magister Computationis | : | M. Compt. |
| Doctor Computationis | : | D.Compt. |
| Magister Staats- en Munisipale Administrasie | : | M.S.A. |

Diplomas en Sertifikaat

Diploma in Staats- en Munisipale Administrasie

Gevorderde Diploma in Staats- en Munisipale Administrasie

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde

GRADE

## Baccalaureus Administrationis: B.Admin.

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling).

Leergang: Minstens ses semesters voltydse studie (drie jaar). Deeltydse studente word sterk aangeraai om hul graadstudie oor vier jaar (agt semesters) te versprei.

Die leergang bevat minstens 26 volle semesterkursusse. 'n Leergang vir die graad moet minstens twee goedgekeurde hoofvakke insluit, in elk waarvan minstens 6 semesterkur= susse voltooi moet word.

Die hoofvakke moet uit die volgende gekies word:

Staatsadministrasie en EEN van die volgende: Staatsleer, Ekonomie, Toegepaste Volke= kunde, Munisipale Administrasie.

## Honneurs-Baccalaureus Administrationis: B.Admin. (Hons.)

Toelatingsvereistes: 'n Student moet voldoen aan al die vereistes van die gewone Bac= calaureusgraad. 'n Student kan slegs 'n vak aanbied wat hy as hoofvak vir die gewone Baccalaureusgraad afgelê het.

Die Senaat kan weier om 'n student toe te laat indien hy die bekwaamheid van die stu= dent in die betrokke vak onvoldoende ag.

Leergang: Elke kandidaat moet 'n goedgekeurde studiekursus vir minstens een jaar volg.

Die B.Admin. (Hons.)-graad kan in een van die volgende vakke toegeken word: Staats- en Munisipale Administrasie, Toegepaste Volkekunde, Staatsleer, Ekonomie.

Aan die einde van die kursus moet 'n student 'n universiteitseksamen aflê en gelyktydig in die hele eksamen slaag. 'n Student kan hom slegs twee keer vir die finale eksamen aanmeld.

## Magister Administrationis: M.Admin.

Toelatingsvereistes: Die B.Admin. (Hons.)-graad. 'n Student moet die hoof van die be= trokke departement oortuig dat hy voldoende kennis van die vak besit om die werk vir die graad te verrig.

Leergang: Die Magistergraad word nie aan 'n kandidaat toegeken binne twee jaar nadat hy die B.Admin.-graad behaal het nie. Die eksamen bestaan uit 'n skriftelike eksamen of 'n verhandeling of albei. Die verhandeling word geskryf onder leiding van die hoof van die betrokke departement. Die M.Admin.-graad word in dieselfde vakke as die B.Admin. (Hons.)-graad toegeken.

## Baccalaureus Commercii: B.Com.

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op minstens die Standaardgraad.

Leergang: Minstens ses semesters voltydse studie of agt semesters deeltydse studie. Die leergang bevat minstens 26 volle semesterkursusse en moet minstens twee goedge= keurde hoofvakke insluit, in elk waarvan die voorgeskrewe aantal kursusse voltooi moet word. Die hoofvakke (ses semesterkursusse) moet uit die volgende gekies word:

Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde, Statistiek, Landbou-ekonomie, Bedryfsielkunde, Privaatreg.

Hoofvakke waarin vier semesterkursusse vereis word:

Bedryfsdataverwerking, Geld- en Bankwese, Vervoerekonomie, Wiskundige Statistiek.

'n Student kies sy leergang in een van die volgende rigtings:

(i) Algemene rigting

Derde jaar: Minstens twee van die volgende: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde

(ii) Rekeningkundige rigting

Derde jaar: Rekeningkunde, Ouditkunde, Inkomstebelasting (Ouditkunde en Inkomstebe= lasting saam as hoofvak); en twee van die volgende semesterkursusse: Ekonomie, Bedryfs= ekonomie

(iii) Bedryfsadministratiewe rigting

Derde jaar: Bedryfsielkunde, Bedryfsekonomie en een van die volgende: Rekeningkunde, Ekonomie, Handelsreg, Inkomstebelasting

(iv) Bedryfsekonomiese rigting

Derde jaar: Bedryfsekonomie en een van die volgende: Bedryfsielkunde, Statistiek, Geld- en Bankwese, Rekeningkunde, Vervoerekonomie, Ekonomie, Bedryfsekonomie

(v) Statistiese rigting

Derde jaar: Statistiek en/of Wiskundige Statistiek en een van die volgende: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde, Bedryfsdataverwerking, Vervoerekonomie

(vi) Geld- en Bankwese-rigting

Derde jaar: Geld- en Bankwese, Ekonomie en een van die volgende: Bedryfsekonomie, Rekeningkunde, Statistiek

(vii) Kwantitatiewe-Ekonomiese rigting

Derde jaar: Ekonomie en minstens vier semesterkursusse uit die volgende: Geld- en Bankwese, Wiskunde, Statistiek, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde, Vervoerekonomie

(viii) Vervoerekonomiese rigting

Derde jaar: Vervoerekonomie en twee van die volgende met insluiting van minstens Eko= nomie of Bedryfsekonomie : Ekonomie, Bedryfsekonomie, Statistiek, Wiskunde, Rekening= kunde

(ix) Landbou-ekonomie-rigting

Derde jaar: Landbou-ekonomie en twee van die volgende met insluiting van minstens Ekonomie of Bedryfsekonomie : Ekonomie, Bedryfsekonomie, Geld- en Bankwese, Statistiek, Bedryfsdataverwerking, Inkomstebelasting, Vervoerekonomie

(x) Regsrigting

Derde jaar: Privaatreg, Romeinse Reg en Regsgeskiedenis* en een van die volgende: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde.

*Geen kandidaat word toegelaat om te registreer vir die kursus Romeinse Reg en Regs= geskiedenis II nie, tensy so 'n kandidaat reeds Latyn I geslaag het.

## Honneurs-Baccalaureus Commercii: B.Com. (Hons.)

Toelatingsvereistes: Soos vir B.Admin. (Hons.)-graad, p. 50.

Leergang: Elke kandidaat moet 'n goedgekeurde kursus vir minstens een jaar volg. Die B.Com. (Hons.)-graad kan in een van die volgende vakke toegeken word: Bedryfsekonomie, Bedryfsielkunde, Ekonomie, Geld- en Bankwese, Landbou-ekonomie, Rekeningkunde, Statis= tiek, Vervoerekonomie, Bedryfsdataverwerking, Wiskundige Statistiek.

Aan die einde van die kursus moet 'n student 'n universiteitseksamen aflê en gelyktydig in die hele eksamen slaag. 'n Student kan hom slegs twee keer vir die finale eksamen aanmeld.

## Magister Commercii: M.Com.

Toelatingsvereistes: Die B.Com. (Hons.)-graad. 'n Student moet die hoof van die be= trokke departement oortuig dat hy voldoende kennis van die vak besit om die werk vir die graad te verrig.

Leergang: Die Magistergraad word nie aan 'n kandidaat toegeken binne twee jaar nadat hy die B.Com.-graad behaal het nie. Die eksamen bestaan uit 'n skriftelike eksamen of 'n verhandeling of albei. Die verhandeling word geskryf onder leiding van die hoof van die



042703

betrokke departement. Die M.Com.-graad word in dieselfde vakke as die B.Com. (Hons.)-graad toegeken.

Baccalaureus Personeelleiding: B.P.L.

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Admin.-graad.

Leergang: Minstens ses semesters voltydse studie of agt semesters deeltydse studie. Die leergang bevat minstens 26 volle semesterkursusse. 'n Leergang vir die graad moet minstens twee hoofvakke insluit in elk waarvan minstens ses semesterkursusse voltooi moet word.

Die hoofvakke moet uit die volgende gekies word: Bedryfsielkunde en EEN van die volgen=de: Bedryfsekonomie, Staatsadministrasie, Toegepaste Volkekunde, Bedryfsosiologie.

Studente vir hierdie graad sal gekeur word. (Keuring van studente vind plaas op die dag van inskrywing.)

Van studente word verwag om in elk van die tweede en derde jare minstens een maand vakansiewerk by 'n goedgekeurde onderneming te doen.

'n Student kies sy leergang volgens een van die volgende rigtings: Bedryfsrigting, Openbare Dienste-rigting, Bantoe-Personeelrigting, Industriële Verhoudinge-rigting.

Baccalaureus Computationis: B.Compt.

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Admin.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang bevat 30 semesterkursusse. Die hoofvakke is Rekeningkunde, Ouditkunde en Handelsreg.

Honneurs-Baccalaureus Computationis: B.Compt. (Hons.)

Toelatingsvereiste: 'n B.Compt.-graad.

Leergang: Soos vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde, p. 53.

Magister Computationis: M. Compt.

Toelatingsvereiste: 'n B.Compt. (Hons.)-graad.

Leergang: Soos vir die M.Com.-graad in Rekeningkunde.

Magister Staats- en Munisipale Administrasie: M.S.A.

Toelatingsvereistes: Studente moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad en oor prak=tiese ervaring van 'n voldoende gehalte beskik.

Leergang: Dié graad word toegeken in Staats- en Munisipale Administrasie. Die eksa=men bestaan uit agt vraestelle en 'n skripsie.

Doctor Administrationis: D.Admin. of

Doctor Commercii: D.Com. of

Doctor Computationis: D. Compt.

Toelatingsvereiste: 'n Magistergraad.

Leergang: Die Doktorsgraad word aan geen student toegeken voordat drie jaar, of twee jaar, waarvan minstens een jaar uitsluitend aan navorsing of voltydse studie gewy word aan die Universiteit of aan 'n ander inrigting deur die Senaat goedgekeur, na die ver=kryging van die Magistergraad verstryk het nie.

'n Student moet 'n proefskrif vir die Doktorsgraad indien. 'n Proefskrif moet 'n oor=spronklike bydrae tot die bestaande kennis van die gekose onderwerp lewer. Elke proef=skrif word onder die toesig van die promotor/hulppromotor voorberei.

Tensy anders besluit deur die Fakulteit, moet die kandidaat 'n doktorale eksamen aflê voordat met die werk aan die doktorsproefskrif begin word.

DIPLOMAS EN SERTIFIKAAT

## Diploma in Staats- en Munisipale Administrasie

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Die leergang vir die diplomakursus is dieselfde as dié vir die B.Admin.-graad, met die voorbehoud dat al die kursusse in Munisipale Administrasie geneem moet word.

## Gevorderde Diploma in Staats- en Munisipale Administrasie

Toelatingsvereistes: Diploma in Staats-en Munisipale Administrasie

OF

uitgebreide ervaring wat as voldoende geag word om die studie met vrug te onderneem.

Leergang: Die leergang is dieselfde as dié vir die B.Admin. (Hons.)-graad plus 'n skripsie.

## Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde

Toelatingsvereistes: 'n B.Compt.-graad of die kandidaat moet voldoen het aan die vak=vereistes van dié graad.

Leergang: Die volgende kursusse is voorgeskryf: Rekeningkunde, Ouditkunde en Inkomste=belasting.

Houers van die graad B.Compt. of B.Com. kan met dié studie die graad B.Compt. (Hons.) of B.Com. (Hons.) verwerf, mits 'n publiseerbare artikel ingedien word.

# U N I V E R S I T E I T   V A N   P O R T   E L I Z A B E T H

## FAKULTEIT VAN EKONOMIESE WETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Commercii | : | B.Com. |
| Baccalaureus Commercii (Educationis) | : | B.Com. (Ed.) |
| Baccalaureus Commercii Honores | : | B.Com. Hons. |
| Magister Commercii | : | M.Com. |
| Doctor Commercii | : | D.Com. |

Sertifikaat

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde: S.T.R.

GRADE

## Baccalaureus Commercii: B.Com.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes: Vir toelating tot die volgende kursusse, moet die kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

- Wiskunde of Wiskundige Statistiek: 'n Slaagsyfer van minstens 40 persent in Wis=kunde op die Standaardgraad
- Wiskunde vir Ekonome: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse of minstens vyf jaar deeltydse studie.

'n Voltydse student volg een van die volgende leergange en voltooi die voorgeskrewe kur=susse:

*Dui aan kursusse vir deeltydse studente.

(i) Ekonomie en Bedryfsekonomie*
Hoofvakke: Ekonomie, Bedryfsekonomie

(ii) Bedryfs- en Organisasiesielkunde (Bestuur)*
Hoofvakke: Bedryfs- en Organisasiesielkunde, Bedryfsekonomie

(iii) Bedryfs- en Organisasiesielkunde (Personeelbestuur)*
Hoofvakke: Soos vir (ii)

(iv) Bedryfs- en Organisasiesielkunde (Gedragswetenskap)*
Hoofvakke: Soos vir (ii)

(v) Rekeningkunde*
Hoofvakke: Rekeningkunde, Ouditkunde, Koste- en Bestuursrekeningkunde, Inkomste=belasting

(vi) Onderwysopleiding*
Hoofvakke: Twee of drie van: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde, Aardryks=kunde vir B.A.-studente of Wiskunde of Psigologie. Kyk ook p. 122.

(vii) Bedryfsekonomie en Rekeningkunde*
Hoofvakke: Bedryfsekonomie, Rekeningkunde, Koste- en Bestuursrekeningkunde of Inkomstebelasting of 'n bywoningskursus: Elektroniese Dataverwerking

(viii) Regte
Hoofvakke: Een van: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde; en Privaatreg, Bedryfsreg, Romeinse Reg

(ix) Rekenaarwetenskap
Hoofvakke: Twee van: Rekenaarwetenskap of Rekenaarwetenskap vir B.Com.-studente, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningkunde

(x) Rekenaarwetenskap vir B.Com.
Hoofvakke: Twee van: Rekenaarwetenskap vir B.Com.-studente, Bedryfsekonomie, Ekonomie, Rekeningkunde

(xi) Wiskunde of Wiskundige Statistiek
Hoofvakke: Twee van: Wiskunde, Ondernemingsnavorsing, Wiskundige Statistiek, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Bedryfs- en Organisasiesielkunde, Rekeningkunde

(xii) Publieke Administrasie (Finansiële Administrasie)*
Hoofvakke: Publieke Administrasie, Ekonomie, Koste- en Bestuursrekeningkunde

(xiii) Publieke Administrasie (Finansiële Administrasie)*
Hoofvakke: Rekeningkunde, Publieke Administrasie, Bedryfsekonomie (Finansiële Bestuur), Ekonomie (Publieke Administrasie).

## Baccalaureus Commercii Honores: B.Com.Hons.

Toelatingsvereistes: 'n B.Com.-graad. 'n Persoon word nie as kandidaat ingeskryf nie tensy hy toestemming verkry het van die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe.

Leergang: Een jaar voltydse of minstens twee jaar deeltydse studie.

'n Kandidaat mag toegelaat word tot 'n Honneurskursus in een van die volgende vakke: Rekeningkundige Vakke, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Bedryfs- en Organisasiesielkunde, On=dernemingsnavorsing, Wiskundige Statistiek, Wiskunde, Rekenaarwetenskap asook ander vakke wat die Senaat mag goedkeur. Die Senaat kan vereis dat 'n kandidaat, alvorens hy tot die Honneurskursus toegelaat word, sodanige kursus of kursusse van die leergang van die B.Com.-graad as wat dit mag voorskryf, moet bywoon en voltooi.

Die eksamen bestaan uit minstens vier geskrewe vraestelle asook sodanige praktiese of mondelinge eksamens of albei as wat die Senaat mag voorskryf.

## Magister Commercii: M.Com.

Toelatingsvereiste: Die graad B.Com. Hons.

Leergang: Kyk Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, M.A.-graad, p. 15.

## Doctor Commercii: D.Com.

Kyk Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, D.Phil.- en D.Litt.-grade, p. 15.

SERTIFIKAAT

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde: S.T.R.

Toelatingsvereistes: Die graad B.Com. (Rekeningkunde) of enige ander goedgekeurde Baccalaureusgraad, met dien verstande dat die Senaat dan 'n spesiale leergang mag voorskryf.

Leergang: Minstens een jaar voltydse of deeltydse studie.

Die volgende kursusse word voorgeskryf:

Rekeningkunde IV, Ouditkunde IV, Koste- en Bestuursrekeningkunde IV, Inkomstebelasting IV, Boedel- en Insolvensierekeninge II.

'n Kandidaat wat vir die Honneursgraad in Rekeningkundige Vakke kwalifiseer, behaal terselfdertyd die S.T.R., mits hy aan al die vereistes vir die verkryging van die Sertifikaat voldoen.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Commercii | : | B.Comm. |
| Honneurs Baccalaureus Commercii | : | Honns. B.Comm. |
| Magister Commercii | : | M.Comm. |
| Doctor Commercii | : | D.Comm. |
| Baccalaureus Rationalium | : | B.R. |
| Honneurs Bedryfsadministrasie | : | H.B.A. |
| Magister Bedryfsadministrasie | : | M.B.A. |
| Doctor Bedryfsadministrasie | : | D.B.A. |

Diplomas

| | | |
|---|---|---|
| Diploma in Bedryfsrekeningkunde | : | D.B.R. |
| Universiteitsdiploma in Handel | : | U.D.H. |

GRADE

Baccalaureus Commercii: B.Comm.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde minstens op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse of vier jaar na-uurse studie. 'n Student moet in minstens 16 kursusse slaag. 'n Leergang sluit minstens drie hoofvakke in, in elk waarvan minstens twee of drie volle kursusse gevolg moet word.

'n Student kan hom vir eksamen in vakke uit die volgende groepe aanmeld:

GROEP A

Hoofvakke met drie kursusse

Bedryfsekonomie, Bedryf- en Personeelsielkunde, Bedryfsosiologie, Ekonomie, Rekeningkunde, Statistiek, Wiskunde

GROEP B

Hoofvakke met twee kursusse

Bedryfsrekeningkunde, Geld- en Bankwese, Handelsreg, Ouditkunde

GROEP C

Aanvullende byvakke

Distribusiehandel, Ekonomiese Geskiedenis I en II, Inkomstebelasting, Kommunikasiekunde I en II, Landbou-ekonomie I en II, Optimisasie, Rekenaarmetodes, Versekeringswese, Nywerheidsreg.

Daar is voorgeskrewe leergange vir die volgende hoofvakke:

*Dui aan dat minstens een van die kursusse 'n finale kursus uit Groepe A en B moet wees.

(i) Ekonomie en Geld- en Bankwese
Derde jaar: Ekonomie III of Wiskundige Ekonomie III, Geld- en Bankwese II, plus nog drie kursusse uit groepe A, B en C *

(ii) Bedryfsekonomie
Derde jaar: Bedryfsekonomie III, Bedryfsrekeningkunde II, plus nog drie kursusse uit groepe A, B en C *

(iii) Bedryfsrekeningkunde
Derde jaar: Bedryfsrekeningkunde II, Inkomstebelasting I en een van die volgende: Re=keningkunde III, Bedryfsekonomie III, Ekonomie III, plus nog twee kursusse uit groepe A, B en C *

(iv) Rekenmeestersopleiding
'n Student wat voornemens is om later as Openbare Rekenmeester te kwalifiseer, moet min=stens 40 persent in Wiskunde op die Hoër Graad of 50 persent op die Standaardgraad be=haal het, en moet hierdie leergang voltooi.
Derde jaar: Rekeningkunde III, Bedryfsrekeningkunde II, Handelsreg II, Inkomstebelas=ting I, Ouditkunde II

(v) Statistiek
Derde jaar: Wiskundige Ekonomie III, Statistiek III, Wiskunde III, Ekonometrie plus nog een kursus uit groepe A, B en C

(vi) Bedryf- en Personeelsielkunde
Derde jaar: Bedryf- en Personeelsielkunde III, Bedryfsekonomie III plus nog drie kur=susse uit groepe A, B en C waarvan minstens een 'n finale kursus uit Groep A moet wees.

Na-uurse studente kies een van die volgende leergange: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Be=dryfsrekeningkunde, Bedryf- en Personeelsielkunde, Rekenmeestersopleiding.

B.Comm. met aanvullende regsvakke

Die leergang bevat onder andere die volgende: Ekonomie III, Romeinse Reg, Geld- en Bankwese II, Privaatreg II, Bedryfsekonomie III of Rekeningkunde III.

'n Student wat in al die voorgeskrewe vakke slaag, kan die graad Baccalaureus Legum (kyk p. 195) in 'n verdere drie studiejare behaal.

Alle studente moet ook in Wetenskapsleer A en Wetenskapsleer B slaag.

## Honneurs Baccalaureus Commercii: Honns. B.Comm.

Toelatingsvereiste: 'n B.Comm.-graad.

Leergang: 'n Student moet gevorderde studie in een of twee van die volgende departemen=te voltooi, mits aan die vereistes van die B.Comm.-graad in sodanige vakrigting voldoen is voordat die Honns. B.Comm.-eksamen afgelê word: Bedryfsekonomie, Bedryf- en Perso=neelsielkunde, Bedryfsosiologie, Bedryfsrekeningkunde, Ekonomie, Rekeningkunde, Sta=tistiek en enige ander goedgekeurde departement.

Die student moet 'n goedgekeurde kursus vir minstens een akademiese jaar bywoon en in die voorgeskrewe eksamen slaag.

## Magister Commercii: M.Comm.

Toelatingsvereiste: 'n Honns. B.Comm.-graad.

Leergang: 'n Student moet 'n goedgekeurde kursus of kursusse van studie of navorsing of albei, aan die Universiteit vir minstens een akademiese jaar volg.

Die vakke vir die M.Comm.-graad is dieselfde as dié wat vir die Honns. B.Comm.-graad voorgeskryf word.

Die eksamens bestaan uit vraestelle en 'n verhandeling oor 'n gebied van die betrokke vak.

## Doctor Commercii: D. Comm.

Toelatingsvereiste: 'n M.Comm.-graad.

Leergang: Die graad word slegs toegeken nadat die kandidaat 'n goedgekeurde kursus of kursusse van studie of navorsing of albei aan die Universiteit vir minstens twee aka=demiese jare gevolg het.

Die vakke vir die D.Comm.-graad is dieselfde as dié wat vir die Honns.B.Comm.-graad voorgeskryf word.

Die eksamen vir die graad bestaan minstens uit 'n proefskrif wat resultate van die kan=didaat se studie en navorsing bevat.

'n Proefskrif word nie aanvaar as dit nie 'n besliste bydrae tot die kennis van en in=sig in die vak is en bewys van oorspronklikheid lewer nie, hetsy deur die vind van nuwe feite, hetsy deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.

## Baccalaureus Rationalium: B.R.

Toelatingsvereiste: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad en die kandidaat moet in die volgende kursusse geslaag het:
Rekeningkunde III, Ouditkunde II, Handelsreg II, Bedryfsrekeningkunde II, Inkomstebe=lasting I.

Leergang: Twee jaar deeltydse studie.

Finansiële Rekeningkunde en Ouditkunde geld as hoofvakke.

Hierdie graad verleen toelating tot die kwalifiserende eksamen van die Openbare Reken=meesters- en Ouditeursraad.

## Honneurs-Bedryfsadministrasie: H.B.A.

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Leergang: Twee akademiese jare. Die kursus word slegs na-uurs te Potchefstroom en Van=derbijlpark aangebied.

Die graad sal slegs aan 'n student toegeken word wat minstens twee jaar goedgekeurde praktiese ervaring voltooi het.

Van studente wat voorheen geen kursusse in Ekonomie en Bedryfsekonomie gehad het nie, sal verwag word om die kennis van hierdie kursusse aan te vul tot bevrediging van die betrokke departementshoofde.

'n Student moet aan die einde van elke studiejaar in al die voorgeskrewe kursusse slaag.

## Magister Bedryfsadministrasie: M.B.A.

Toelatingsvereiste: Die H.B.A.-graad.

Leergang: 'n Student moet die volgende kursusse voltooi: Bestuursekonomie II, Analise en interpretasie van finansiële rekenings en state, Personeelbeheer en Organisasieteorie en Interpersoonlike Verhoudinge II, Gevorderde Bestuursrekeningkunde en Besluitkunde, Opstel.

Die leergang strek oor minstens een akademiese jaar. Die M.B.A.-graadkursus word na-uurs te Vanderbijlpark aangebied.

## Doctor Bedryfsadministrasie: D.B.A.

Toelatingsvereiste: Die M.B.A.-graad.

Leergang: Soos vir die D.Comm.-graad.

DIPLOMA

## Diploma in Bedryfsrekeningkunde: D.B.R.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van (i) die B.Comm.-graad met Rekeningkunde III, Bedryfsrekeningkunde II, Inkomstebelasting I; of (ii) die Nasionale Diploma vir Kosterekenmeesters (N.D.K.); of (iii) 'n geassosieerde lid wees van die SA Instituut van Geoktrooieerde Sekretarisse en Administrateurs.

Leergang: Twee jaar. Die Diploma sal slegs toegeken word aan kandidate wat ten minste twee jaar goedgekeurde praktiese ervaring voltooi het.

Universiteitsdiploma in Handel: U.D.H.

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Drie jaar. Die leergang sluit in onder andere die volgende kursusse: Bedryfsekonomie II, Ekonomie, Rekeningkunde, Bedryf- en Personeelsielkunde, Sekreta= riële Praktyk, Distribusiehandel.

Vanderbijlpark: Die volgende kursusse word na-uurs te Vanderbijlpark aangebied: B.Comm., Honns.-B.Comm. (Bedryfsrekeningkunde), H.B.A., M.B.A.

## U N I V E R S I T E I T  V A N  P R E T O R I A

### FAKULTEIT EKONOMIESE EN STAATSWETENSKAPPE

Grade

in Handel

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in Handel | : | B.Com. |
| Baccalaureus in Handel (Educationis) | : | B.Com. (Ed.) |
| Baccalaureus Honores in Handel | : | B.Com. (Hons.) |
| Magister in Handel | : | M.Com. |
| Doktor in Handel | : | D.Com. |

in Publieke Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in Publieke Administrasie | : | B.Admin. |
| Baccalaureus Honores in Publieke Administrasie | : | B.Admin. (Hons.) |
| Magister in Publieke Administrasie | : | M.Admin. |
| Magister in Staats- en Stadsadministrasie | : | M.S.A. |
| Doktor in Publieke Administrasie | : | D.Phil. |

in Bedryfsadministrasie

| | | |
|---|---|---|
| Magister in Bedryfsadministrasie | : | M.B.A. |
| Doktor in Bedryfsadministrasie | : | D.B.A. |

Diplomas en Sertifikaat

| | | |
|---|---|---|
| Diploma in Bedryfsadministrasie | : | Dip. B.A. |
| Diploma in Gevorderde Publieke Administrasie | : | Dip. G.P.Admin. |
| Sertifikaat in die Teorie van die Rekeningweten= skappe | : | S.T.R. |

GRADE

Baccalaureus in Handel: B.Com.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 40 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse of vier jaar buitemuurse studie. 'n Leergang bevat sowat 13 kursusse. 'n Student kies een van die volgende hoofrigtings:

(i) Ekonomiese Wetenskappe
Derde jaar: Ekonomie III en twee van die volgende: Bedryfsekonomie III, Kostebereke= ning en -beheer, Ekonomiese Analise, Rekeningkunde III, Statistiek III, Kommersiële Reg III

(ii) Bemarking
Derde jaar: Bemarking IIIA, Bemarking IIIB, Bedryfsekonomie III

(iii) Ekonometrie
Derde jaar: Ekonomie III, Wiskundige Statistiek III, Ekonomiese Analise

(iv) Personeelbestuur
Derde jaar: Personeelbestuur III, Bedryfsekonomie III, Arbeidsreg B

(v) Rekeningwetenskappe
Derde jaar: Rekeningkunde III, Ouditkunde II, Informatika, Inkomstebelasting en een van die volgende: Kommersiële Reg III, Kosteberekening en -beheer.

Sommige kursusse word tans slegs binnemuurs, ander slegs buitemuurs aangebied. Alle kandidate vir die B.Com.-graad wat in hul finale studiejaar is, moet 'n oriënterings= kursus in die gebruik van die rekenaar en elektroniese dataverwerking volg. Geen ek= samen word afgeneem nie.

## Baccalaureus in Handel (Educationis): B.Com. (Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Com.-graad asook met Afrikaans en Engels as ge= slaagde vakke in die Matrikulasie-eksamen.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die hoofvakke is Ekonomie III en een van die vol= gende: Bedryfsekonomie III, Rekeningkunde III. In die vierde jaar neem die kandidaat onderwysvakke soos bv. Pedagogiek III, Skoolpraktyk, Skoolorganisasie en Administrasie, Vakdidaktieke van minstens twee skoolvakke.

## Baccalaureus Honores in Handel: B.Com. (Hons.)

Toelatingsvereiste: 'n B.Com.-graad.

'n Kandidaat moet die hoof van die betrokke departement oortuig dat hy voldoende kennis van die vak besit om die werk vir die graad te verrig.

Leergang: 'n Kandidaat kwalifiseer vir die Honores-graad na behaling van minstens agt krediete in die aangebode kursusse.

Die graad kan in die volgende studierigtings behaal word: Bedryfsekonomie, Bemarking, Ekonomie, Ekonometrie, Personeelbestuur, Rekeningwetenskap, Statistiek.

## Magister in Handel: M.Com.

Toelatingsvereiste: Die B.Com. (Hons.)-graad.

Leergang: 'n Student moet twee krediete behaal en 'n verhandeling indien oor 'n onder= werp uit sy studierigting vir die B.Com. (Hons.)-graad.

## Baccalaureus in Publieke Administrasie: B.Admin.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling). 'n Kandidaat moet ook 'n slaagsyfer in minstens twee van die volgende vakke op die Hoër Graad behaal het, naamlik: Geskiedenis, Aardrykskunde, Wiskunde, Bybelkunde, Biologie of Fisiologie, Natuur- en Skeikunde en 'n derde taal: Met dien ver= stande dat waar 'n taal slegs op die Standaardgraad aangebied word, dit vir hierdie doel erken word.

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse

Bedryfsekonomie II, Ekonomie II, Rekeningkunde of Statistiek: Minstens 40 persent in Wiskunde op die Standaardgraad òf as alternatief, 'n slaagsyfer in 'n goedgekeurde kur= sus in Ekonometriese Metodes.

Leergang: Drie jaar voltydse of vier jaar buitemuurse studie.

Die leergang bevat 12 kursusse. In die derde jaar neem studente Publieke Administrasie III en nog twee vakke wat hulle uit die volgende moet kies: Bedryfsekonomie III, Eko= nomie III, Internasionale Politiek II, Ekonomiese Analise, Personeelbestuur III, Reke= ningkunde III, Staatsleer III, Statistiek III, Uitleg van Wette, 'n ander derdejaars= kursus deur die Dekaan goedgekeur.

## Baccalaureus Honores in Publieke Administrasie: B.Admin. (Hons.)

Toelatingsvereiste: 'n B.Admin.-graad. Kyk ook B.Com. (Hons.).

Leergang: 'n Kandidaat kwalifiseer vir die Honores-graad na behaling van minstens agt krediete in die aangebode kursusse.

Die graad kan in die volgende studierigtings behaal word: Ekonomie, Internasionale Politiek, Publieke Administrasie, Staatsleer.

## Magister in Publieke Administrasie: M.Admin.

Toelatingsvereiste: Die B.Admin. (Hons.)-graad.

Leergang: 'n Student moet twee krediete behaal en 'n verhandeling oor 'n onderwerp uit die studierigting vir die B.Admin. (Hons.)-graad indien.

## Magister in Staats- en Stadsaministrasie: M.S.A.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad of tot die status daarvan toegelaat wees. Hy moet ook oor praktiese ervaring van minstens drie jaar, verkieslik in die openbare sektor, beskik. Die kandidaat moet oor ten min= ste 5 kernkursusse van die B.-graad beskik, naamlik Publieke Administrasie III, Ekono= mie I en Staatsleer I.

Leergang: Minstens twee en hoogstens vier jaar. Die graadkursus word in drie dele af= gelê. Elke deel moet afsonderlik afgelê word. Deel 3 bestaan uit 'n verhandeling van beperkte omvang oor 'n goedgekeurde onderwerp uit enige van die vakke in deel 1 of 2 geneem.

Slegs één hereksamen in hoogstens enige twee vakke kan toegestaan word.

## Magister in Bedryfsadministrasie: M.B.A.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad, 'n slaagsyfer in Wiskunde op die standerd 10-peil en voldoende praktiese ervaring.

Leergang: Die deeltydse studie strek oor minstens twee jaar van 34 weke elk, maar moet binne vier jaar voltooi word.

Die leergang behels tien vakke en 'n skripsie. 'n Kandidaat moet 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp uit enige van die vakke vir die graad indien.

## Doktorsgraad: D.Com., D.B.A. of D.Phil.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Magistergraad of tot die status daarvan toegelaat wees.

Leergang: Elke kandidaat vir die D.Com.- of D.B.A.-graad, moet vir goedkeuring deur die Senaat 'n proefskrif voorlê wat handel oor 'n onderwerp uit die rigting waarin die B.(Hons.)-graad of die M.-graad of die M.B.A.-graad behaal is, en elke kandidaat vir die graad D.Phil. moet 'n proefskrif voorlê oor 'n onderwerp uit Ekonomie, Staatsleer, In= ternasionale Politiek of Publieke Administrasie.

Die eksamen gaan oor een hoofvak en twee byvakke wat uit die vakke van die Fakulteit ge= kies word.

'n Leeskennis van Frans of Duits is verpligtend vir alle kandidate.

'n Doktorsgraad word toegeken minstens vier jaar na voldoening aan al die vereistes vir die Baccalaureusgraad of minstens drie jaar na voldoening aan al die vereistes vir die Magistergraad.

# DIPLOMAS EN SERTIFIKAAT

## Diploma in Bedryfsadministrasie: Dip.B.A.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat wat na die mening van die departementshoof beskik oor toepaslike kwalifikasies en/of ondervinding, kan tot die Diplomakursus toegelaat word.

Die regulasies vir die M.B.A.-graad is origens mutatis mutandis op die Diploma van toe= passing.

## Diploma in Gevorderde Publieke Administrasie: Dip. G.P.Admin.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie, en ervaring van voldoende gehalte.

Leergang: Minstens twee en hoogstens vier jaar. Die leergang behels die volgende kursusse:

Eerste jaar: Algemene Staatkunde, Ekonomiese Beginsels van die Publieke Administrasie, Grondslae van die SA Administratiewe Stelsels

Tweede jaar: Gevorderde Administratiewe Teorie en Praktyk; Gevorderde Personeeladministrasie (Openbare sektor); Gevorderde Finansiële Administrasie (Openbare sektor); en TWEE van die volgende: Staatsbeplanning, Gevorderde Munisipale Administrasie, Internasionale Administrasie, Bedryfsielkunde Spesiaal, Administratiewe Tegnologie, Bedryfsekonomie Spesiaal, Staats- en Administratiefreg, Uitleg van Wette.

Sertifikaat in die Teorie van die Rekeningwetenskappe: S.T.R.

Die Sertifikaat in die Teorie van die Rekeningwetenskappe word slegs uitgereik aan reeds gegradueerde kandidate wat in die volgende kursusse geslaag het:

- Rekeningkunde I, II, III en Gevorderde Rekeningkunde
- Ouditkunde I, II en Gevorderde Ouditkunde
- Kosteberekening en -beheer en Gevorderde Bestuursrekeningkunde
- Inkomstebelasting en Gevorderde Inkomstebelasting
- Boedeladministrasie
- Kommersiële Reg I, II en III
- Statistiek I
- Bedryfsekonomie I en II en Ekonomie I en II of in enige ander kursus of kursusse wat dieselfde vakgebied dek maar nie van 'n laer standaard is nie
- Gevorderde Rekenmeesterspraktyk
- Oriënteringskursus, rekenaar of Informatika

Kursusse wat vir die B.Com(Hons.) (Rek.)-graad gevolg word, sal vir die S.T.R. erken word waar toepaslik.

## RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Grade

| | |
|---|---|
| Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | : B.Com |
| Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir Onderwysersopleiding | : B.Com.(Ed.) |
| Honneurs-Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | : B.Com. Hons. |
| Magister in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | : M.Com. |
| Magister Philosophiae | : M.Phil |
| Doctor Philosophiae | : D.Phil. |
| Doktor in die Ekonomiese Bestuurswetenskappe | : D.Com. |

Sertifikaat

| | |
|---|---|
| Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde | : S.T.R. |

GRADE

Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: B.Com.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse

- Wiskunde: Kandidate wat Wiskunde op die Standaardgraad geslaag het, word slegs by uitsondering en nadat 'n toets gestel deur die Departement Wiskunde geslaag is, tot kursusse in Wiskunde toegelaat.

- Wiskundige Metodes: 'n Slaagsyfer (40 persent) in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, en nadat 'n toets gestel deur die Departe= ment Wiskunde van die Universiteit, geslaag is.

Leergang: Drie jaar voltydse of vier jaar deeltydse studie. 'n Leergang bevat 14 jaar= kursusse of hul ekwivalent in semesterkursusse plus Wetenskapsleer A en B. 'n Leer= gang moet drie hoofvakke bevat.

Die graad word in die volgende rigtings aangebied:

(i) Algemeen
Verpligte vakke: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Rekeningkunde, Kommersiële Reg, Statistiese Metodes of Wiskundige Statistiek

(ii) Bedryfsielkunde
Verpligte vakke: Bedryfsekonomie, Bedryfsielkunde, Ekonomie, Rekeningkunde, Statistiese Metodes of Wiskundige Statistiek

(iii) Ekonometrie
Verpligte vakke: Ekonomie, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Bedryfsekonomie, Kommer= siële Reg, Rekeningkunde, Rekenaarwetenskap of Handelsdataverwerking

(iv) Kommunikasie
Verpligte vakke: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Kommunikasieleer, Bedryfsielkunde, Reke= ningkunde, Sosiologie, Statistiese Metodes of Wiskundige Statistiek

(v) Opvoedkunde
Verpligte vakke: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Rekeningkunde, Onderwyspraktyk, Opvoedkunde
Kyk ook p. 125.

(vi) Regte
Verpligte vakke: Privaatreg, Romeinse Reg, Handelsreg, Bedryfsekonomie, Ekonomie, Re= keningkunde
Matrikulasie-Latyn (of Latyn Spesiaal) is 'n voorvereiste vir Romeinse Reg I. Romeinse Reg I is 'n voorvereiste vir Privaatreg III. Romeinse Reg I is 'n tweedejaarskursus.

(vii) Rekenaarwetenskap
Verpligte vakke: Bedryfsekonomie, Rekenaarwetenskap, Ekonomie, Rekeningkunde, Wis= kundige Statistiek.

(viii) Rekeningkunde
Verpligte vakke: Bedryfsekonomie, Ouditkunde, Rekeningkunde, Ekonomie, Kommersiële Reg, Koste- en Bestuursrekeningkunde, Statistiese Metodes of Wiskundige Statistiek

(ix) Vervoer
Verpligte vakke: Vervoerekonomie, Vervoeradministrasie en -bestuur, Bedryfsekonomie, Ekonomie, Kommersiële Reg, Rekeningkunde, Statistiese Metodes of Wiskundige Statis= tiek.

## B.Com. (Rekeningkundig) - S.T.R. (vir deeltydse studente)

Studente wat van voornemens is om die Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Reken= meesters- en Ouditeursraad af te lê en wat dus 'n Sertifikaat in Teorie van Rekening= kunde (S.T.R.) moet verwerf as voorvereiste voordat bogenoemde eksamen afgelê kan word, moet die kursus voltooi.

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Com.-graad.

Leergang: Vyf jaar deeltydse studie. Die hoofvakke vir die B.Com.graad is Rekening= kunde III, Ouditkunde II, Bedryfsekonomie III. Die vyfde jaar is die S.T.R.-kursus en behels die volgende vakke: Rekeningkunde IV, Koste- en Bestuursrekeningkunde II, Oudit= kunde III en Inkomstebelasting II.

'n Kandidaat verwerf sy B.Com. (Rek.)-graad nadat hy 14 van die 16 jaarkursusse van die eerste vier studiejare voltooi het.

B.Com.Hons.-, M.Com.-, D.Phil.- en D.Com.-graad

Kyk Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, B.A. Hons.-, M.A.-, en Doktorsgraad, p.22.

M.Phil-graad

Kyk Fakulteit Natuurwetenskappe, M.Phil.-graad, p. 98.

R H O D E S - U N I V E R S I T E I T

FAKULTEIT VAN HANDEL

Grade

| | |
|---|---|
| Baccalaureus Commercii | : B.Com. |
| Baccalaureus Commercii met Honneurs | : B.Com. (Hons.) |
| Magister Commercii | : M. Com. |
| Baccalaureus Economicii | : B.Econ. |
| Baccalaureus Economicii met Honneurs | : B.Econ.(Hons.) |
| Doctor Economicii | : D.Econ. |
| Philosophiae Doctor | : Ph.D. |

Diploma en Sertifikate

Diploma in Personeelbestuur

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde : S.T.R.

Sertifikaat in Sekretariële Praktyk

GRADE

Baccalaureus Commercii: B.Com.

Die graad Baccalaureus Commercii kan òf as 'n gewone graad òf as 'n Honneursgraad toe=geken word.

Die gewone graad

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse
Wiskunde, Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wiskunde, Fisika of Statistiek: 'n Slaag=syfer in Wiskunde met minstens 'n F-simbool op die Hoër Graad of minstens 'n E-simbool op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar. 'n Kandidaat moet erkenning verwerf in al die kursusse wat in een van die volgende leergange ingesluit is. Elke leergang bevat twaalf kursusse.

Leergang 1 (Algemeen) is ontwerp vir diegene wat 'n breë, algemene kennis van die han=del en die nywerheid wil opdoen, en diegene wat van plan is om die onderwys as beroep te kies.
Eerstejaarsvakke is: Rekeningkunde, Bedryfsadministrasie, Ekonomie, Bedryfswiskunde en Statistiek of Elementêre Renterekening en Statistiek of Wiskunde, Handelsreg.

Die twee hoofvakke word gekies uit onder andere die volgende: Rekeningkunde, Bedryfs=administrasie, Ekonomie, Rekenaarwetenskap, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Leergang 2 (Bedryfsadministrasie) is ontwerp om 'n toepaslike grondslag te voorsien aan diegene wat van plan is om tot die bestuursprofessie toe te tree in òf die privaat of die openbare sektor van die volkshuishouding.
Eerstejaarvakke is dieselfde as dié vir Leergang 1. Een hoofvak is Bedryfsadministrasie en die tweede een word gekies uit onder andere die volgende: Rekeningkunde, Rekenaar=wetenskap, Ekonomie, Wiskunde.

Leergang 3 (Rekeningkunde): Studente wat tot die Rekeningkundeberoep wil toetree, moet hierdie kursus volg wat meeste van die vakke insluit wat vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde vereis word, en wat na een verdere studie jaar na voltooiing van die graadkursus voltooi kan word.

Eerstejaarsvakke is Rekeningkunde, Bedryfsadministrasie, Bedryfswiskunde en Statistiek, Ekonomie, Handelsreg.

Derdejaarsvakke is Rekeningkunde III, Bedryfsadministrasie, II, Koste- en Bestuursre=keningkunde. Ouditkunde I word in die tweede jaar geneem.

Leergang 4 (Regte): Studente wat tot die regsberoep wil toetree moet hierdie kursus volg. Sodoende kan hulle vrystelling van LL.B.-vakke verkry wat hulle in staat stel om dié graad na 'n verdere tydperk van twee jaar te voltooi in plaas van die gewone tyd=perk van drie jaar.

Eerstejaarsvakke is Rekeningkunde, Ekonomie, Regswetenskap en twee van die volgende: Engels I, Afrikaans I of Afrikaans/Nederlands I, Latyn I, 'n kursus in enige ander taal.

Die hoofvakke is Regswetenskap III en Bedryfsadministrasie II.

Studente wat nie 'n slaagsyfer in Latyn in die st. 10-eksamen behaal het nie is nie ge=kwalifiseerd om Latyn I te volg nie en daar sal dus van hulle verwag word om erkenning te verwerf in Preliminêre Latyn.

Leergang 5 (Ekonomie) is ontwerp om studente in staat te stel om soveel kennis van Ekonomie en verwante vakke as moontlik vir hul B.Com.-graad in te sluit.

Eerstejaarsvakke is dieselfde as dié vir Leergang 1. Die hoofvakke is Ekonomie III en een van die volgende: Rekeningkunde, Rekenaarwetenskap, Ekonomiese Geskiedenis, Land=bou-ekonomie, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Wiskunde en Statistiek.

Leergang 6 (Sielkunde) laat studente toe om drie kursusse in Sielkunde vir hul graad in te sluit en is veral geskik vir diegene wat belangstel in personeelbestuur.

Eerstejaarsvakke is Rekeningkunde, Bedryfsadministrasie, Ekonomie, Sielkunde en Handels=reg.

Derdejaarsvakke is Sielkunde III en twee van die volgende: Bedryfsadministrasie III, Ekonomie III, Ekonomiese Geskiedenis II, Sosiologie I.

Leergang 7 (Statistiek) stel studente in staat om die basiese B.Com.-vakke en 'n kennis van wiskundige en statistiese tegnieke vir hul graad te kombineer.

Eerstejaarsvakke is dieselfde as dié vir Leergang 1. Die hoofvakke is Wiskunde en Sta=tistiek III en een van die volgende: Rekeningkunde III, Ekonomie III, Bedryfsadmini=strasie III.

## Baccalaureus Commercii met Honneurs: B.Com.(Hons.)

Toelatingsvereistes: Die B.Com.-graad en minstens 'n tweedeklasslaagsyfer in die finale jaar in die vak waarin die kandidaat die Honneursgraad wil volg.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Die studie vir die graad kan gevolg word in Re=keningkunde, Bedryfsadministrasie, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis of Landbou-ekonomie.

Daar kan van die kandidaat verwag word om die eksaminatore te oortuig dat hy oor 'n vol=doende leeskennis van 'n ander goedgekeurde taal as die amptelike tale beskik.

## Baccalaureus Economicii: B.Econ.

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Com.-graad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels elf kursusse. 'n Kandidaat moet in al die kursusse slaag. Die kursusse vir die eerste jaar is soos volg: Reke=ningkunde, Ekonomie, Wiskunde en 'n kursus gekies uit kursusse in hierdie Fakulteit.

Die hoofvakke is Ekonomie III en een van die volgende: Rekeningkunde III, Rekenaar=wetenskap III, Landbou-ekonomie II, Ekonomiese Geskiedenis II, Wiskunde III of Wiskun=dige Statistiek III of Wiskunde en Statistiek III.

Baccalaureus Economicii met Honneurs: B.Econ. (Hons.)

Toelatingsvereistes: Die B.Econ.-graad en minstens 'n tweedeklasslaagsyfer in die finale jaar in die vak waarin die kandidaat die Honneursgraad wil volg.

Leergang: 'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens een jaar bywoon. Die graad kan òf in Ekonomie òf as 'n kombineerde kursus in Ekonomie, Wiskunde en/of Wiskundige Statistiek gevolg word.

Magister Commercii: M.Com.

Soos vir die M.A.-graad. Kyk Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, p.25.

Philosophiae Doctor: Ph.D.

Kyk Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, p. 25.

Doctor Economicii: D. Econ.

Soos vir die D.Litt.-graad. Kyk p. 25.

DIPLOMA EN SERTIFIKATE

Diploma in Personeelbestuur

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in enige Fakulteit met krediet in Sielkunde I.

Leergang: Een jaar. 'n Kandidaat moet in al die volgende kursusse slaag: Ekonomie en Bedryfsbestuursbeleid; Groeporganisasie; Interaksie en Gedrag; Sielkunde in die Nywerheid; Beginsels en Praktyk van Personeelbestuur.

Daar word van 'n kandidaat verwag om gedurende die studiejaar van die Diploma vir minstens agt weke in die personeeldepartement van 'n goedgekeurde sakeonderneming of 'n ander inrigting te werk.

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde: S.T.R.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang bestaan uit vyftien kursusse en 'n kandidaat moet in al die kursusse slaag. Die volgende kursusse word in die leergang ingesluit: Rekeningkunde IV; Ouditkunde II; Inkomstebelastingpraktyk; Handelsreg II; Koste- en Bestuursrekeningkunde; Rekeninge van Eksekuteurs, Likwidateurs en Kurators; 'n goedgekeurde kursus in Bedryfsdataverwerking; Bedryfswiskunde en Statistiek; Engels of Afrikaans; 'n goedgekeurde kursus in Ekonomie.

Sertifikaat in Sekretariële Praktyk

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet in tien kursusse slaag. Die volgende kursusse word in die leergang ingesluit: Sekretariële en Handelspraktyk, Shorthand, Tikskrif, Bedryfsadministrasie en vakke gekies uit onder andere die volgende: Afrikaans of Afrikaans/Nederlands I, Engels I, Frans, Duits, Sielkunde, Rekeningkunde, Spraakleer en Drama.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   S T E L L E N B O S C H

FAKULTEIT HANDEL EN ADMINISTRASIE

Grade

in Handelswetenskappe

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in die Handelswetenskappe | : | B.Comm. |
| B.Comm. met Regsvakke | | |
| Honneurs-Baccalaureus in die Handelswetenskappe | : | Hons.-B.Comm. |
| Magister in die Handelswetenskappe | : | M.Comm. |
| Doktor in die Handelswetenskappe | : | D.Comm. |

in Ekonomiese Wetenskappe

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in die Ekonomiese Wetenskappe | : | B.Econon. |
| Honneurs-Baccalaureus in die Ekonomiese Wetenskappe | : | Hons.-B.Econ. |
| Magister in die Ekonomiese Wetenskappe | : | M.Econ. |
| Doktor in die Ekonomiese Wetenskappe | : | D.Econ. |

in Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in Administrasie | : | B.Admin. |
| Honneurs-Baccalaureus in Administrasie | : | Hons.-B.Admin. |
| Magister in Administrasie | : | M.Admin. |
| Doktor in Administrasie | : | D.Admin. |

in Rekeningkunde

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in Rekeningkunde | : | B.Rekeningkunde |
| Honneurs-Baccalaureus in Rekeningkunde | : | Hons.-B.Rekeningkunde |
| Magister in Rekeningkunde | : | M.Rekeningkunde |
| Doktor in Rekeningkunde | : | D.Rekeningkunde |

in Besigheidsbestuur en administrasie

| | | |
|---|---|---|
| Honneurs-Baccalaureus in Besigheidsbestuur en -administrasie | : | Hons.-B.(B. en A.) |
| Magister in Besigheidsbestuur en -administrasie | : | M.B.A. |
| Doktor in Besigheidsbestuur en -administrasie | : | D.B.A. |

in Publieke Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| Honneurs-Baccalaureus in Publieke Administrasie | : | Hons.-B. in Publieke Administrasie |
| Magister in Publieke Administrasie | : | M.P.A. |
| Doktor in Publieke Administrasie | : | D.P.A. |

Diplomas

| | | |
|---|---|---|
| Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie | : | Dipl. (B. en A.) |
| Gevorderde Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie | : | Gev. Dipl. (B. en A.) |

GRADE

## Baccalaureus in die Handelswetenskappe: B.Comm.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad.

Vir kursusse waarin Wiskunde I as vak aangebied word: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie. Die graad word aan=gebied in twee rigtings, naamlik die Gewone rigting en die Wiskunde-rigting. Eerste=jaarsvakke vir albei rigtings sluit onder andere in Bedryfsekonomie en Renterekening, Ekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Wiskunde, Rekenaarwetenskap.

Studente wat die Wiskunde-rigting volg, kies twee van die volgende vakke as hoofvakke: Wiskunde, Bedryfsekonomie, Ekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Wiskundige Statistiek, Rekenaarwetenskap, Vervoerekonomie.

Vir die graad B.Comm. (Gewone rigting) moet twee van die volgende as hoofvakke gekies word: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Bedryfsielkunde, Handels=reg (Handel), Rekenaarwetenskap, Statistiek, Sosiologie, Vervoerekonomie.

Om toelating tot die H.O.D.-kursus (kyk p. 127) te verkry, moet minstens vyf van die jaarkursusse uit die volgende vakke gekies word, waarvan minstens een op derdejaars=basis en minstens een op tweedejaarsbasis moet wees: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Geo=grafie, Handelsreg, Finansiële Rekeningkunde/Rekeningkunde en Wiskunde.

Alle voltydse studente word ten sterkste aangeraai om gedurende vakansies praktiese ondervinding in sakeondernemings op te doen.

## B.Comm. met Regsvakke

Toelatingsvereistes: Soos vir B.Comm., maar Wiskunde is nie 'n vereiste nie. Studente word sterk aangeraai om onder andere Latyn vir die standerd 10-eksamen te neem.

Leergang: Drie jaar voltydse studie.
Eerstejaarsvakke is Privaatreg, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Latyn, Spesiale Engels of Engels, Afrikaans of Afrikaans-Nederlands. Eersgenoemde vier vakke word ook in die tweede jaar geneem en in die derde jaar word Privaatreg III en Romeinse Reg gevolg.

## Honneurs-Baccalaureus in die Handelswetenskappe: Hons.-B.Comm.

Toelatingsvereistes: 'n B.Comm.- of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Een jaar voltydse studie of minstens twee jaar deeltydse studie. Die Hon=neursgraad word in die volgende hoofrigtings toegeken: Bedryfsekonomie, Bedryfsielkun=de, Ekonomie, Vervoerekonomie, Wiskundige Statistiek en Statistiek. Kursusse in die hoofrigtings Sosiologie, Rekenaarwetenskap en Wiskunde kan ook vir die Hons.-B.Comm.-graad gevolg word.

## Magister in die Handelswetenskappe: M.Comm.

Toelatingsvereistes: 'n Honneurs-B.Com.- of 'n ander goedgekeurde Honneursgraad, of 'n B.Comm.- of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang. Studente moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van ten minste een jaar aan die Universiteit of op 'n ander goedgekeurde plek volg.

Studente wat in besit is van 'n B.Comm.-graad, moet 'n goedgekeurde leergang van ten minste twee jaar volg, wat 'n periode van studie of navorsing van nie langer as een jaar nie op 'n ander erkende plek mag insluit.

Studente moet ook aanvullende werk of studie doen wat die betrokke dosent vereis en 'n bevredigende verhandeling inlewer of bevredigende werkstukke soos deur die betrokke dosente voorgeskryf, inlewer en die voorgeskrewe eksamen in die vereiste getal studie=rigtings slaag.

## Baccalaureus in die Ekonomiese Wetenskappe: B.Econ.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). In gevalle waar die vakkeuse Statistiek (halwe kursus) en Wiskunde (hal=we kursus) insluit is 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad 'n vereiste.

Leergang: Drie jaar binnemuurse studie of vier jaar buitemuurse studie. In die derde jaar kies studente een van die volgende as 'n hoofvak: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Bedryfsielkunde of Geografie, Handelsreg (Handel), Statistiek of Ontwikkelingsadministrasie, Vervoerekonomie of Staatsleer, Sosiologie.

## Honneurs-Baccalaureus in die Ekonomiese Wetenskappe: Hons.-B.Econ.

Toelatingsvereistes: 'n B.Econ.- of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie. Studente kan in enige van die volgende hoofrigtings studeer mits hulle die betrokke vak op 'n driejarige basis vir die Baccalaureusgraad gevolg en geslaag het: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Vervoerekonomie, Bedryfsielkunde, Staatsleer, Sosiologie, Ontwikkelingsadministrasie, Geografie, Statistiek.

Studente moet aan die einde van die jaar in die eksamen slaag.

## Magister in die Ekonomiese Wetenskappe: M.Econ.

Toelatingsvereistes: 'n Honneurs-B.Econ.- of 'n ander goedgekeurde Honneursgraad, of 'n B.Econ.- of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Studente moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van ten minste een jaar (ná behaling van die Honneursgraad) aan die Universiteit of op 'n ander goedgekeurde plek volg; of ten minste twee jaar (ná behaling van die Baccalaureusgraad), wat 'n periode van studie of navorsing van nie langer as een jaar nie op 'n ander goedgekeurde plek mag insluit.
Kyk ook M.Comm.

## Baccalaureus in Administrasie: B. Admin.

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Leergang: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie. Die derdejaarsvakke is soos volg: Publieke Administrasie (verpligte hoofvak) en een van die volgende: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Bedryfsielkunde, Ontwikkelingsadministrasie, Staatsleer of Vervoerekonomie, Handelsreg (Handel), Sosiologie, Finansiële Rekeningkunde.

## Honneurs-Baccalaureus in Administrasie: Hons.-B.Admin.

Toelatingsvereiste: 'n B.Admin.- of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Een jaar voltyse studie of twee jaar deeltydse studie. Studente moet aan die einde van die studietydperk in die eksamen slaag.

Studente kan in enige van die volgende hoofrigtings studeer, mits hulle die bepaalde vak op 'n driejarige basis vir die Baccalaureusgraad gevolg en geslaag het: Staatsleer, Publieke Administrasie, Ekonomie, Ontwikkelingsadministrasie, Sosiologie, Bedryfsielkunde, Vervoerekonomie.

## Magister in Administrasie: M.Admin.

Toelatingsvereistes: 'n Honneurs-B.Admin.- of 'n ander goedgekeurde Honneursgraad, of 'n B.Admin.- of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Soos vir die graad M.Comm. p. 67.

## Baccalaureus in Rekeningkunde: B.Rekeningkunde

Toelatingsvereistes: Soos vir B.Comm.

Leergang: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie.

Die derdejaarsvakke sluit in Rekeningkunde, Ouditkunde, Kosteberekening, Inkomstebe=lasting, Handelsreg (Handel).

## Honneurs-Baccalaureus in Rekeningkunde: Hons.-B.Rekeningkunde

Toelatingsvereistes: 'n B.Rekeningkunde- of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Die kursusse vir die grade Hons.-B.Rekeningkunde en M.Rekeningkunde word slegs buitemuurs te Bellville aangebied.

Die graad Hons.-B.Rekeningkunde verleen toelating tot die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad.

Die leergang vir die Honneursgraad duur twee jaar en behels die volgende kursusse: Rekeningkunde IV en V, Ouditkunde II en III, Bestuurskontroles en Maatskappyewet II, Inkomstebelasting II.

## Magister in Rekeningkunde: M.Rekeningkunde

Toelatingsvereistes: 'n Honneurs-B.Rekeningkunde- of 'n ander goedgekeurde Honneurs=graad, of 'n B.Rekeningkunde- of ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Soos vir die graad M.Comm. (p. 67 ), maar studente in besit van 'n Baccalau=reusgraad moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van min=stens drie jaar (ná behaling van die B.-graad) volg.

## Honneurs-Baccalaureus in Besigheidsbestuur en -administrasie: Hons.-B.(B. en A.)

Toelatingsvereistes: Studente moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad en moet skriftelik aansoek doen om toelating voor 1 Desember by die Direkteur, Nagraadse Be=stuurskool van die Universiteit.

Leergang: Minstens een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

Die studierigtings word soos volg aangebied: Algemene Bestuur en Beplanning; Bemarkings=bestuur; Finansiële Bestuur; Personeelbestuur en Administrasie; Menslike Verhoudinge en Organisatoriese gedrag; Produksiebestuur; Informasiebestuur en Dataverwerking; Bestuursrekeningkunde; Handels- en Maatskappyereg en Sekretariële Praktyk; Bestuurs=ekonomie; Suid-Afrikaanse Besigheids- en Bestuurspraktyk; Kwantitatiewe Metodes; Onder=soekmetodiek en die skryf van verslae.

## Magister in Besigheidsbestuur en -administrasie: M.B.A.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van

(i) die graad Honneurs-Baccalaureus in Besigheidsbestuur en -administrasie of ander goedgekeurde gelykstaande kwalifikasies; of

(ii) 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad; of die student moes op 'n ander wyse 'n toe=reikende standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studierigting bereik het, <u>en</u> prak=tiese ervaring opgedoen het.

Leergang: 'n Student moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde stu=die van ten minste een jaar ná behaling van die Honneursgraad aan die Universiteit of op 'n ander goedgekeurde plek volg en 'n bevredigende verhandeling inlewer, <u>of</u> verder in die Bestuurswetenskappe spesialiseer deur die voorgeskrewe eksamens in <u>drie</u> van die gevorderde studierigtings te slaag,'n interdissiplinêre projek voltooi en 'n mondelinge eksamen slaag.

of

'n student moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van ten minste twee jaar in die geval van voltydse studie en drie jaar in die geval van deel=tydse studie (ná behaling van die Baccalaureusgraad of ná bereiking van die standaard van bekwaamheid) wat 'n tydperk van studie of navorsing van ten minste een jaar op 'n ander plek mag insluit, in die voorgeskrewe eksamen slaag en 'n bevredigende verhan=deling inlewer <u>of</u> bevredigende werkstukke inlewer en die voorgeskrewe skriftelike en mondelinge eksamens in die vereiste getal studierigtings slaag.

Honneurs-Baccalaureus in Publieke Administrasie: Hons.-B. in Publieke Administrasie

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad. Hy moet ook praktiese ervaring in openbare administrasie opgedoen het wat voldoende voorbe= reiding vir die Honneurskursus vorm. Studente moet skriftelik aansoek doen.

Leergang: Studente moet 'n goedgekeurde leergang van gevorderde studie vir ten minste twee jaar volg en in die voorgeskrewe eksamens slaag. Die kursus word slegs buitemuurs aangebied.

Magister in Publieke Administrasie: M.P.A.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van die graad Hons.-B. in Publieke Administrasie of ander goedgekeurde gelykstaande kwalifikasies of in besit wees van 'n Baccalaureusgraad of op 'n ander wyse 'n toereikende standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studierigting bereik het. Hy moet ook praktiese ervaring in openbare admini= strasie opgedoen het wat voldoende voorbereiding vir die Magistergraadkursus vorm. Studente moet skriftelik aansoek doen.

Leergang: Soos vir die Graad M.Comm. p. 67.

D.Comm.-, D.Econ.-, D.Admin.-, D.Rekeningkunde-, D.B.A.- en D.P.A.-grade

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Magistergraad of 'n toe= reikende standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studierigting op 'n ander wyse bereik het. Studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die Doktorstudie. Elke aansoek word op meriete deur die Senaat oorweeg.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens twee jaar as student vir 'n Doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf wees. 'n Proefskrif word van elke kandidaat vereis. Die proefskrif moet oorspronklike navorsing van die kandidaat oor een of ander vraagstuk in verband met sy hoofvak behels.

'n Mondelinge eksamen word in die reël vereis, maar in spesiale gevalle kan vrystelling verleen word.

DIPLOMAS

Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie: Dip. (B. en A.)

Toelatingsvereistes: Minstens 'n Senior Sertifikaat. Studente moet 'n toereikende ont= wikkelingsvlak bereik het. Studente moet skriftelik aansoek doen.

Leergang: Die besonderhede in verband met die kursus is dieselfde as vir die Hons.-B. (B. en A.). Kyk p.69.

Gevorderde Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie: Gev. Dipl. (B. en A.)

Toelatingsvereistes: Die Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie of 'n student moet op 'n ander wyse 'n toereikende standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studie= rigting bereik het. Hy moet ook praktiese ervaring opgedoen het wat voldoende voor= bereiding vir die kursus vorm.

Leergang: Die student moet die voorgeskrewe kursus vir ten minste een jaar volg en aan die einde daarvan in die eksamen slaag. Die besonderhede in verband met die kursus is dieselfde as vir die M.B.A.-program. Kyk p.69.

U N I V E R S I T E I T  V A N  S U I D - A F R I K A

FAKULTEIT HANDEL EN ADMINISTRASIE

Grade

in Handel

| | |
|---|---|
| Baccalaureus Commercii | : B.Com. |
| Honneurs-Baccalaureus Commercii | : Hons.-B.Com. |
| Magister Commercii | : M.Com. |
| Doctor Commercii | : D.Com. |

in Rekeningwetenskap

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Computationis | : | B.Compt. |
| Honneurs-Baccalaureus Computationis | : | Hons.-B.Compt. |
| Magister Computationis | : | M.Compt. |
| Doctor Computationis | : | D.Compt. |

in Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| Magister Administrationis | : | M.Admin. |
| Doctor Administrationis | : | D.Admin. |

in Bedryfsleiding

| | | |
|---|---|---|
| Magister in Bedryfsleiding | : | M.B.L. |
| Doktor in Bedryfsleiding | : | D.B.L. |

Diploma en Sertifikaat

Diploma in Marknavorsing en Reklamewese

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde

GRADE

Baccalaureus Commercii: B.Com.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). 'n Student neem nie Wiskunde I nie tensy hy in Wiskunde in die st. 10-eksamen op die Hoër Graad geslaag het of minstens 60 persent op die Standaardgraad be=haal het.

Leergang: Die leergang strek oor minstens drie jaar en bevat veertien kursusse.

Studente kies een van die volgende rigtings:

(i) Algemene rigting
Verpligte hoofvakke: Ekonomie III en Bedryfsekonomie III

(ii) Administratiewe rigting
Verpligte hoofvakke: Ekonomie III, Bedryfsekonomie III, Bedryfsielkunde III

(iii) Rekeningkundige rigting
Verpligte hoofvakke: Ekonomie III, Bedryfsekonomie III, Rekeningkunde III of Rekening=kunde III (Plaaslike Owerhede)

(iv) Regsrigting
Verpligte hoofvakke: Ekonomie III, Bedryfsekonomie III, Privaatreg III, Romeinse Reg I.
'n Kennis van Latyn is noodsaaklik vir Romeinse Reg.

(v) Ekonomiese rigting
Verpligte hoofvakke: Ekonomie III, Ekonomiese Analise II.

Honneurs-Baccalaureus Commercii: Hons.-B.Com.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van 'n B.Com.-graad en geslaag het in die finale kursus van die vak waarin hy wil voortgaan; of

'n ander graad besit en in minstens sewe B.Com.-kursusse geslaag het, wat minstens Ekonomie I en II, Bedryfsekonomie I en II en Rekeningkunde I insluit; en geslaag het in die finale kursus van die vak waarin hy wil voortgaan.

Leergang: Geen student word tot die eksamen toegelaat nie tensy hy 'n goedgekeurde leergang gedurende minstens een jaar gevolg het.

Die graad word in die volgende departemente toegeken: Bedryfsekonomie, Bedryfsielkunde, Ekonomie, Ouditkunde, Rekeningkunde, Statistiek.

'n Student neem nie die graad in Ouditkunde nie, tensy hy Rekeningkunde III voltooi het; of in die Rekeningkunde nie tensy hy Kosteberekening en Ouditkunde I voltooi het.

Let wel: Die graad word nie aan 'n student toegeken nie tensy hy in Statistiek I (of 'n goedgekeurde wiskundige kursus) geslaag het.

## Magister Commercii: M.Com.

Toelatingsvereiste: Die graad Hons.-B.Com.

Leergang: Die graad word in dieselfde departemente toegeken as die Honneurs-Baccalaureusgraad.

'n Verhandeling mag nie ingedien word voordat 'n jaar verloop het sedert behaling van die Honneurs-Baccalaureusgraad nie. Sommige departemente vereis ook skriftelike en/of mondelinge eksamens.

## Baccalaureus Computationis: B.Compt.

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Com.-graad.

Leergang: Die leergang strek oor vier jaar en bevat 16 kursusse. 'n Student volg nie meer as vyf kursusse per jaar nie.

Die leergang sluit onder andere die volgende kursusse in: Rekeningkunde IV, Inkomstebelasting, Ouditkunde II, Kommersiële Reg III, Bedryfsekonomie II of Ekonomie II, Boedelberedderíng, Inligtingstelsels, Statistiek I.

Statistiek I en Boedelberedderíng is verpligtend vir studente wat die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde wil verwerf.

## Honneurs-Baccalaureus Computationis: Hons.-B.Compt.

Toelatingsvereistes: Die graad B.Compt. of 'n ander graad met Rekeningkunde IV, Inligtingstelsels (of 'n ander goedgekeurde kursus in inligtingstelsels of dataverwerking), Inkomstebelasting, Ouditkunde II en Kommersiële Reg III as geslaagde vakke.

Leergang: Die eenjarige leergang bestaan uit die volgende vyf vieruurvraestelle: Gevorderde Ouditkunde, Openbare Ouditpraktyk, Gevorderde Finansiële Rekeningkunde, Gevorderde Bestuursrekeningkunde, Gevorderde Inkomstebelasting.

'n Student sal voldoen aan die vereistes vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde as hy in Statistiek I (of 'n ander goedgekeurde wiskundige kursus) en Boedelberedderíng geslaag het en die graad Honneurs-B.Compt. voltooi het en as 'n ingeskrewe klerk by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad geregistreer is/was.

## Magister Computationis: M.Compt.

Toelatingsvereiste: Die graad Hons.-B.Compt.

Leergang: Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp. 'n Verhandeling mag nie ingedien word voordat 'n jaar verloop het sedert behaling van die Honneurs-Baccalaureusgraad nie.

## Magister Administrationis: M.Admin.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet (i) in besit wees van 'n Baccalaureusgraad; (ii) minstens drie jaar toepaslike praktiese ervaring opgedoen het, verkieslik in die openbare sektor; (iii) geslaag het in Publieke Administrasie III en in minstens twee kursusse gekies uit een of meer van die volgende vakke: Ekonomie, Bedryfsielkunde, Naturelle-ontwikkelingsadministrasie, Staatsleer.

Leergang: Die leergang bestaan uit drie dele. Deel III behels 'n verhandeling van beperkte omvang oor 'n goedgekeurde onderwerp uit enige van die vakke wat in Dele I en II geneem is.

## Magister in Bedryfsleiding: M.B.L.

### Algemene Bestuur

Toelatingsvereistes: 'n Student moet

(i) in besit wees van 'n Baccalaureusgraad; of

die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde behaal het en die C.A.(S.A.) besit of daarvoor kwalifiseer; en

(ii) minstens drie jaar toepaslike praktiese ervaring in 'n goedgekeurde onderneming gehad het; met dien verstande dat 'n korter tydperk met die spesiale toestemming van die Senaat aanvaar kan word;

(iii) by 'n studiegroep aansluit. Indien daar nie 'n plaaslike studiegroep gevorm kan word nie, moet 'n student elders by 'n bestaande groep aansluit. 'n Student se inskrywing word op hierdie voorwaardes aanvaar.

Leergang: Die leergang bestaan uit Afdeling A en Afdeling B. Afdeling B behels (a) 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp; ôf 'n departementele eksamen in 'n spesia=liseringsgebied van Bedryfsleiding en 'n skripsie van beperkte omvang; ôf 'n skripsie van beperkte omvang of 'n departementele eksamen en 'n projekstudie wat in die werk=situasie beplan en geïmplementeer moet word en (b) 'n werkopdrag wat die vorm van 'n gevallestudie sal aanneem.

'n Student woon vyf studieskole by. Bywoning van al die studieskole is verpligtend.

Doktor in Bedryfsleiding: D.B.L.

Toelatingsvereiste: Die M.B.L.-graad.

Leergang: Die eksamen bestaan uit 'n skriftelike of mondelinge eksamen en 'n proefskrif oor 'n goedgekeurde onderwerp in die Bedryfsleiding.

Doctor Commercii: D.Com. of

Doctor Computationis: D.Compt. of

Doctor Administrationis: D.Admin.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van onderskeidelik die M.Com.-, die M.Compt.- of die M.Admin.-graad.

Leergang: 'n Proefskrif wat handel oor 'n onderwerp in verband met Bedryfsekonomie, Bedryfsielkunde, Ekonomie, Ontwikkelingsadministrasie en -politiek, Ouditkunde, Publieke Administrasie, Rekeningkunde, Staatsleer, Statistiek of Vervoerekonomie.

DIPLOMA EN SERTIFIKAAT

Diploma in Marknavorsing en Reklamewese

Toelatingsvereiste: 'n Student moet 'n graad besit.

Leergang: Die leergang strek oor twee jaar en bevat 8 kursusse. Die kursusse is soos volg: Ekonomie I; Bedryfsekonomie I, II; Verbruikersgedrag; Statistiek I; Marknavorsing A, B; Reklamewese.

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde

Die Sertifikaat kan geneem word slegs deur studente wat reeds krediete tot die Sertifi=kaat verwerf het. Studente wat as ingeskrewe klerke by die Openbare Rekenmeesters-en Ouditeursraad geregistreer is en vir toelating tot die eksamens van die Raad wil kwali=fiseer, moet die B.Compt.- en daarna die Hons.B.Compt.-graad voltooi. Kyk p. 72.

## UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

FAKULTEIT VAN HANDEL

Grade

| | |
|---|---|
| Baccalaureus Commercii | : B.Com. |
| Baccalaureus Commercii met Honneurs | : B.Com.Hons. |
| Magister Commercii | : M.Com. |
| Doctor Commercii | : D.Com. |
| Baccalaureus in Rekeningkunde | : B.Acc. |
| Baccalaureus Economicae Scientiae | : B.Econ.Sc. |
| Baccalaureus Economicae Scientiae met Honneurs | : B.Econ.Sc.Hons. |
| Magister Economicae Scientiae | : M.Econ.Sc. |

Doctor Economicae Scientiae : D.Econ.Sc.

Philosophiae Doctor : Ph.D.

Diplomas en Sertifikaat

Hoër Diploma in Rekeningkunde

Hoër Diploma in Bedryfsdataverwerking

Hoër Diploma in Eiendomsekonomie

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde

GRADE

Baccalaureus Commercii: B.Com.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

- 'n Slaagsyfer in Engels Eerste Taal op die Hoër Graad of 'n slaagsyfer van min=stens 40 persent in Engels Tweede Taal op die Hoër Graad

- 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Stan=daardgraad

- 'n Slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is, of twee aan die volgende vakke indien in Wiskunde min=stens 60 persent op die Standaardgraad behaal is:

'n Afrikataal*, Biologie, Frans, Aardrykskunde, Duits*, Hebreeus, Geskiedenis, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

* Indien nie aangebied ter voldoening aan die vereistes vir Groep A (Tale) van die Ge=meenskaplike Matrikulasieraad nie.

Leergang: Drie jaar voltydse studie of vyf jaar deeltydse studie.

Die graad word in die Algemene Groep òf deur voltydse òf deeltydse studie aangebied en in die Regsgroep net deur voltydse studie.

Algemene Groep: Die leergang vir die Algemene Groep bestaan uit 14 kursusse. Studente kies kursusse uit die volgende vakke:

Afrikaans; Afrikaans en Nederlands; Bedryfsdataverwerking; Bedryfsekonomie; Bedryfs=finansiering; Bedryfsielkunde; Bedryfsosiologie; Bemarking; Duits; Eiendomsekonomie; Ekonomie; Ekonomiese Geskiedenis; Engels; Frans; Geografie; Handelsreg; Hebreeus; Italiaans; Kommunikasieleer; Koste- en Bestuursrekeningkunde; Latyn; Portugees; Rekenaarwetenskap; Rekeningkunde; Russies; Sielkunde; Sosiologie; Staatsleer; Staats- en Administratiefreg; Suid-Sotho; Toegepaste Wiskunde; Toegepaste Wiskunde en Rekenaar=wetenskap; Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek; Wiskunde; Wiskunde en Statistiek; Wiskundige Statistiek; Wysbegeerte; Zulu.

Elke leergang moet die volgende insluit: Rekeningkunde I en II; Bedryfsekonomie I en II; Handelsreg; Kommunikasieleer; Ekonomie I en II; Wiskunde en Statistiek of Wiskunde I (Spesiaal) of Wiskunde I; en een van die volgende kursusse: Rekeningkunde III, Toe=gepaste Wiskunde III, Bedryfsdataverwerking II, Bedryfsekonomie III, Rekenaarwetenskap III, Koste- en Bestuursrekeningkunde, Ekonomie III, Wiskunde en Statistiek III; en nog drie kursusse uit die bogenoemde lys.

Regsgroep: Die leergang behels 16 kursusse en sluit in die volgende vakke: Bedryfs=ekonomie, Ekonomie, Inleiding tot Regstudie, Kontraktereg, Rekeningkunde, Romeinse Reg, Staats- en Administratiefreg, Verenigings- en Insolvensiereg, Volkereg, Wiskunde en Statistiek of Wiskunde, Engels of Afrikaans of Latyn, en twee kursusse gekies uit een van die vakke in die lys onder die Algemene Groep. Studente kies een van die volgende vakke as 'n hoofvak: Rekeningkunde, Bedryfsekonomie en Ekonomie.

## Baccalaureus Commercii met Honneurs: B.Com.Hons.

Toelatingsvereistes: 'n B.Com.-graad. 'n Student moet aansoek doen vir toelating as 'n kandidaat vir die graad.

Leergang: Een jaar voltydse studie of minstens twee jaar deeltydse studie. 'n Kandi= daat moet 'n Honneurskursus in Rekeningkunde as 'n goedgekeurde studierigting of in 'n ander goedgekeurde studierigting of in twee of meer goedgekeurde studierigtings bywoon en voltooi.

Die Honneurseksamen behels die voorbereiding van 'n bevredigende skripsie oor 'n goed= gekeurde onderwerp, 'n formele skriftelike eksamen en 'n skriftelike of mondelinge toets van die kandidaat se kennis van Frans of Duits of 'n ander goedgekeurde vreemde taal. 'n Kandidaat in die Rekeningkundige rigting kan vrygestel word van laasgenoemde vereiste.

## Magister Commercii: M.Com.

Toelatingsvereistes: 'n B.Com.Hons. of 'n B.Acc.-graad. 'n Kandidaat moet skriftelik aansoek doen by die Registrateur en bewys lewer van sy akademiese en algemene kwali= fikasies en sy voorgenome navorsingsrigting aandui.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar gevorderde studie en na= vorsing onder die leiding van 'n toesighouer voortsit, oor 'n goedgekeurde onderwerp in die studierigting waarin hy die Honneurseksamen afgelê het. Hy moet ook 'n ver= handeling voorlê en hom aanmeld vir sodanige eksamens wat die Senaat mag bepaal.

## Baccalaureus in Rekeningkunde: B.Acc.

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Com.-graad.

Leergang: Minstens vyf jaar deeltydse studie.

Aangesien die vereistes van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad hersien is, is die graad Baccalaureus in Rekeningkunde ontwerp om te voldoen aan daardie vereistes.

Die leergang behels 18 kursusse en sluit in Rekeningkunde I, II, III en IV; Ouditkunde I en II; Kommersiële Reg; Bedryfsekonomie; Ekonomie; Bedryfsdataverwerking; Rekeninge van Kurators, Likwidateurs en Eksekuteurs; Koste- en Bestuursrekeningkunde; Inkomste= belasting; Kommunikasieleer; Bedryfsfinansiering; Wiskunde en Statistiek.

## Baccalaureus Economicae Scientiae: B.Econ.Sc.

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Com.-graad behalwe dat Wiskunde op die Hoër Graad geslaag moet word.

Leergang: Drie jaar voltydse studie.

Die leergang behels elf kursusse gekies uit die volgende vakke: Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek I; Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap II; Toegepaste Wiskunde III; Bedryfsdataverwerking I, II ; Bedryfsekonomie I,II, III; Rekenaarwetenskap III; Ekonomiese Geskiedenis I, II, III ; Ekonomie I, II, III ; Wiskunde I, II, III ; Wiskundige Statistiek II, III.

Die leergang behels

eerste jaar - vyf kursusse

tweede jaar - vier kursusse

derde jaar - twee kursusse (twee hoofvakke).

Minstens een van die twee hoofvakke moet óf Ekonomie óf Bedryfsekonomie óf Ekonomiese Geskiedenis wees.

Die hoofvakke is die volgende: Bedryfsdataverwerking, Bedryfsekonomie, Ekonomie, Ekono= miese Geskiedenis, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statis= tiek.

## Baccalaureus Economicae Scientiae met Honneurs: B.Econ.Sc.Hons.

Toelatingsvereiste: 'n B.Com.- of 'n B.Econ.Sc.-graad. 'n Student moet aansoek doen vir toelating as 'n kandidaat vir die graad.

Leergang: Een jaar voltydse studie of minstens twee en hoogstens vier jaar deeltydse studie.

'n Kandidaat moet 'n Honneurskursus bywoon en voltooi in een of meer van die volgende studierigtings of sodanige aanvullende rigtings wat die Senaat mag goedkeur: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Ekonomiese Geskiedenis.

Die Honneurseksamen behels 'n formele skriftelike eksamen en die voorbereiding van 'n lang opstel oor 'n goedgekeurde onderwerp. Daar kan ook van die kandidaat verwag word om hom vir 'n mondelinge eksamen aan te meld.

## Magister Economicae Scientiae: M.Econ.Sc.

Toelatingsvereiste: Die B.Econ.Sc.Hons.- of die B.Com.Hons.-graad.
Kyk M.Com.-graad p.75.

## Philosophiae Doctor: Ph.D.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van een van die volgende grade: M.Com.; B.Com.Hons. (Eersteklas); M.Econ.Sc.; B.Econ.Sc.Hons. (Eersteklas); M.B.A.

'n Kandidaat moet skriftelik aansoek doen en bewys lewer van sy akademiese en algemene kwalifikasies en sy voorgenome navorsingsrigting aandui.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens twee akademiese jare voltydse navorsing voortsit, en daar kan van hom verwag word om gevorderde onderrigkursusse by te woon. 'n Kandidaat moet 'n proefskrif voorlê wat 'n belangrike bydrae ter bevordering van die kennis van die gekose onderwerp moet lewer.

## Doctor Commercii: D.Com.

Toelatingsvereistes: Enige van die volgende kan as 'n kandidaat toegelaat word:

- 'n Persoon wat alreeds minstens vyf jaar in besit is van die B.Com.Hons.-graad
- 'n persoon in besit van 'n M.Com.-graad wat al minstens vier jaar in besit is van die B.Com.Hons.-graad
- 'n persoon wat al minstens twee jaar in besit is van die Ph.D.-graad.

'n Persoon moet skriftelik aansoek doen en bewys lewer van sy akademiese en algemene kwalifikasies en die onderwerp aandui van die werk wat hy van voornemens is om vir die graad voor te lê.

Leergang: 'n Kandidaat vir die graad moet vir die goedkeuring van die Senaat, oorspronklike gepubliseerde werk in 'n rigting deur die Senaat goedgekeur, voorlê. Die werk moet 'n voortreflike bydrae ter bevordering van die kennis in dié rigting lewer.

## Doctor Economicae Scientiae: D.Econ.Sc.

Toelatingsvereistes: Enige van die volgende kan as 'n kandidaat toegelaat word:

- 'n Persoon wat al minstens vyf jaar in besit is van een van die volgende grade: B.Com.Hons., B.Econ.Sc.Hons., B.A.Hons., in 'n toepaslike rigting
- 'n persoon in besit van 'n M.Com.-graad wat al minstens vier jaar in besit is van die B.Com.Hons.-graad
- 'n persoon in besit van 'n M.Econ.Sc.-graad wat al minstens vier jaar in besit is van die B.Econ.Sc.Hons.-graad
- 'n persoon in besit van 'n M.A.-graad wat al minstens vier jaar in besit is van die B.A.Hons.-graad, indien die voorgestelde werk in verband staan met Ekonomie, Toegepaste Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis of 'n ander verwante onderwerp
- 'n persoon wat al minstens twee jaar in besit is van 'n Ph.D.-graad.

'n Persoon moet skriftelik aansoek doen en bewys lewer van sy akademiese en algemene kwalifikasies en die onderwerp aandui van die werk wat hy van voornemens is om vir die graad voor te lê.

Leergang: Soos vir die D.Com.-graad.

DIPLOMAS EN SERTIFIKAAT

## Hoër Diploma in Rekeningkunde

Toelatingsvereiste: 'n Gegradueerde wat vrygestel is van tien of meer kurusse wat vir die B.Acc.-graad voorgeskryf is. (Kyk p. 75.)

Leergang: Die student moet erkenning verwerf in die volgende kursusse: Rekeningkunde IV, Ouditkunde II, Koste- en Bestuursrekeningkunde, Inkomstebelasting. Kyk ook B.Acc.

## Hoër Diploma in Bedryfsdataverwerking

Toelatingsvereistes: Die kandidaat moet 'n gegradueerde wees wat 'n standaard in Wiskunde en Statistiek bereik het wat gelykstaande is aan dié van Wiskunde en Statistiek A in die leergange van die B.Com.-graad en die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde en hy moet beskik oor 'n voldoende kennis van COBOL (deur die elementêre COBOL-kursus te voltooi wat deur die Universiteit se Rekenaarsentrum aangebied word).

Leergang: Twee jaar deeltydse studie. Die leergang behels onderwerpe soos Stelselontleding en -ontwerp; Gevorderde COBOL; Databeheer; Rekenaarbeheer, Oudit en Sekuriteit; Bedryfswiskunde.

## Hoër Diploma in Eiendomsekonomie

Toelatingsvereiste: Enige Baccalaureusgraad in enige fakulteit of 'n persoon in besit van 'n professionele kwalifikasie wat die Senaat goedgekeur het.

Leergang: Minstens drie jaar deeltydse studie. Die leergang behels onder andere die volgende kwalifiserende kursusse: Rekeningkunde, Ekonomie, Wiskunde en Statistiek, Wet vir die Eiendomsekonoom, Eiendomsekonomie, Kommersiële Reg, Bemarking, Bedryfsfinansiering.

## Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Leergang: Vyf jaar deeltydse studie. Die leergang behels 17 kursusse. Hulle is onder andere Rekeningkunde IV; Ouditkunde II; Koste- en Bestuursrekeningkunde; Maatskappyereg; Handelsreg; Ekonomie; Engels; Rekeninge van Kurators, Likwidateurs en Eksekuteurs; Inkomstebelasting.

# FAKULTEIT VAN BEDRYFSADMINISTRASIE

### Grade

| | | |
|---|---|---|
| Magister in Bedryfsadministrasie | : | M.B.A. |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |

### Diploma

Hoër Diploma in Personeelbestuur

GRAAD

## Magister in Bedryfsadministrasie: M.B.A.

Toelatingsvereistes: Enige van die volgende kan as 'n student toegelaat word:

- 'n Gegradueerde in enige fakulteit
- 'n persoon wat nie 'n gegradueerde is nie, maar in besit is van 'n professionele kwalifikasie
- in 'n uitsonderlike geval kan die Senaat 'n persoon toelaat wat die Senaat oortuig het dat sy toelating as 'n kandidaat geregverdig is op grond van sy ervaring, kwalifikasies en bekwaamhede.

Leergang: Die leergang behels Dele I en II en duur vier-en-sestig weke van voltydse studie. Elke deel duur minstens drie akademiese termyne van agt weke elk.

Daar kan van 'n kandidaat verwag word om veldprojekte en ander werk buite die Universiteit te doen, om verslae daaroor en ander tegniese verslae in te dien, en om in

ander georganiseerde praktiese werk gedurende die termyne en vakansies deel te neem, buite en behalwe sy bywoning van die voorgeskrewe studiekursusse en sy deelname in die werk van die klasse daarin.

'n Student moet vir die goedkeuring van die Senaat 'n verslag indien oor 'n navorsings=projek wat hy onder leiding van 'n toesighouer onderneem het.

DIPLOMA

Hoër Diploma in Personeelbestuur

Toelatingsvereistes: Soos vir die M.B.A.-graad.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Daar kan van 'n student verwag word om veldpro=jekte te onderneem en deel te neem in georganiseerde praktiese werk gedurende die termyne en vakansies, buite en behalwe sy bywoning van die voorgeskrewe studiekursusse en sy deelname in die klaswerk.

Kursuseenhede sluit in onder andere Algemene Bestuursprobleme en -metodes; Personeel=bestuursisteme en -praktyke.

'n Student moet hom aanmeld vir eksamen in al die voorgeskrewe kursuseenhede.

## VOORGRAADSE VAKKE VOLGENS UNIVERSITEITE: FAKULTEITE VAN HANDEL EN EKONOMIESE WETENSKAPPE

Aardrykskunde/Geografie: UPE, UP, US, UW
Afrikaans: UN, UOVS, PU vir CHO, UP, Rhodes, US, Unisa, UW
Afrikaans en Nederlands: UN, PU vir CHO, Rhodes, US, Unisa, UW
'n Afrikataal: UOVS, UPE, UP, Unisa, UW
Aktuariële Wetenskap: UK
Arbeidsreg: UOVS, UP
Bankbedryfsleer: UK, Unisa
Bantoe-administrasie: US
Bantoereg en Administrasie: UOVS
Bedryfsadministrasie: UK, UN, Rhodes
Bedryfsbeleid en -ooreenkomste: UN
Bedryfsdataverwerking: UN, UOVS, RAU, Rhodes, UW
Bedryfsekonomie: UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, Unisa, UW
Bedryfsfinansiering: UK, UN, UW
Bedryf- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfs- en Organisasiesielkunde: UPE
Bedryfsielkunde: UN, UOVS, RAU, US, Unisa, UW
Bedryfsosiologie: UK, UOVS, PU vir CHO, UW
Bedryfsreg (Handelsreg): UPE
Bedryfsrekeningkunde: PU vir CHO
Bedryfswiskunde en Statistiek: Rhodes
Belasting: UN
Belasting en Boedelbelasting: UK
Belastingreg: UN
Bemarking: UK, UN, UP, UW
Besigheidsreg: UP
Besigheidswetenskap: UK
Bestuursbeginsels: UN
Bestuursrekeningkunde: UN, PU vir CHO
Bevolking en Arbeid: UN
Boedeladministrasie/Boedelbereddering: UN, UOVS, UP, Unisa
Boedeladministrasie en -beplanning: RAU
Boedels: UN
Boerderybestuur: Unisa
Dataverwerking: US
Distribusiehandel: PU vir CHO, US
Duits: UW
Eiendomsekonomie: UW
Ekonometrie: PU vir CHO
Ekonomie: Alle universiteite
Ekonomiese Analise: UP, Unisa
Ekonomiese Bedryfsopset: UN
Ekonomiese Geografie: Rhodes
Ekonomiese Geskiedenis: UK, UN, UPE, PU vir CHO, Rhodes, Unisa, UW
Ekonomiese Geskiedenis van Afrika: UK
Ekonomiese Statistiek: UK, UPE
Ekonomie van Onderontwikkelde gebiede: UN
Elektroniese Dataverwerking: UPE
Elementêre Renterekening: UPE
Elementêre Renterekening en Statistiek: Rhodes
Engels, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, Rhodes, US, Unisa, UW
Finansiële Rekeningkunde: PU vir CHO, US
Frans: UW
Geld- en Bankwese: UOVS, PU vir CHO
Geografie/Aardrykskunde: UPE, UP, US, UW
Geskiedenis: UP
Gevorderde Bedryfstatistiek: UK
Gewoontereg: Rhodes

Handelsdataverwerking: RAU
Handelsreg/Bedryfsreg: UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, Rhodes, US, Unisa, UW
Hebreeus: UW
Industriële Reg: UPE, Unisa
Informatika: UP
Inkomstebelasting: UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, Unisa, UW
Inleiding tot die Regswetenskap en Regsgeskiedenis: UPE
Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg: UN
Inleiding tot Bestuursrekeningkunde: UK
Inleiding tot Rekenaarwetenskap: UK, UN
Inleiding tot Stelsels en Elektroniese Dataverwerking: UK
Inligtingstelsels: Unisa
Insolvensie: UK
Internasionale Bedryf: UN
Internasionale Politiek: UP
Italiaans: UW
Kommersiële Reg: UK, UN, UPE, UP, RAU, US, Unisa, UW
Kommunikasiekunde/Kommunikasieleer: UOVS, PU vir CHO, RAU, UW
Koöperasiewese: Unisa
Kosteberekening: US, Unisa
Kosteberekening (Bestuursrekening=kunde): UK
Kosteberekening en -beheer: UP
Koste- en Bestuursrekeningkunde: UPE, RAU, Rhodes, UW
Landbou-ekonomie: UN, UOVS, PU vir CHO, Rhodes
Latyn: UN, UOVS, PU vir CHO, RAU, Rhodes, US, Unisa, UW
Lugvaartekonomie: US
Maatskaplike Werk Spesiaal: UPE
Maatskappyereg: UK, UN, UPE
Makro-ekonomie: UPE
Mikro-ekonomie: UPE
Munisipale Administrasie: UOVS
Naturelle-ontwikkelingsadministrasie: Unisa
Numeriese Analise en Berekening: UK
Nywerheidsreg: PU vir CHO
Ondernemingsnavorsing/Operasionele Navorsing: UK, UPE
Ontwikkelingsadministrasie: RAU, US
Optimisasie: PU vir CHO
Opvoedkunde/Pedagogiek: UP, RAU
Ouditkunde: Alle universiteite
Owerheidsrekeningkunde: UN
Personeelbestuur: UK, UP
Plaaslike Owerheidsrekeningkunde: Unisa
Portugees: UW
Privaatreg: UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, US, Unisa
Professionele Kommunikasie: UK
Publieke Administrasie: UN, UPE, UP, US, Unisa
Regswetenskap: Rhodes
Rekenaarmetodes: PU vir CHO
Rekenaarwetenskap: UK, UN, UPE, UP, RAU, Rhodes, US, Unisa, UW
Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wiskunde: Rhodes
Rekenaarwetenskap vir B.Com.-studente: UPE
Rekeninge van Kurators, Likwidateurs en Eksekuteurs: UW
Rekeningkunde: Alle universiteite
Renterekening: UPE, US
Romeinse Reg: UN, UPE, PU vir CHO, RAU, US, Unisa
Romeinse Reg en Regsgeskiedenis: UOVS
Romeins-Hollandse Reg: UP
Russies: UW
Sake-Afrikaans: UK
Samestelling en Vertolking van Rekeninge: UK
Sielkunde/Psigologie, UK, UN, UPE, Rhodes, UW
Snel- en Tikskrif: US
Sosiale Antropologie: UK, UN
Sosiologie: UK, UN, UPE, RAU, Rhodes, US, UW
Spesiale Rekeninge: US
Staatsadministrasie: UOVS
Die Staatsekonomie van Suidelike Afrika: UN
Staats- en Administratiefreg: UOVS, UP, UW
Staatsleer: UK, UN, UOVS, UP, RAU, US, UW
Staatsreg: UN, PU vir CHO
Statistiek: UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, US, Unisa
Statistiek vir Wetenskaplikes: US
Statistiese Metodes: UPE, RAU, US
Stelsels & Elektroniese Dataverwerking: UK
Suid-Sotho: UOVS
Taal en Kommunikasie: US
Toegepaste Bedryfstatistiek: UK
Toegepaste Volkekunde: UOVS
Toegepaste Wiskunde: UW
Toegepaste Wiskunde en Rekenaarweten=skap: UW
Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek: UW
Uitleg van Wette: UOVS, UP
Verbruikersgedrag: UP
Vergelykende Afrika-regering en -admini=strasie: UN
Versekeringswese: UK, PU vir CHO
Vervoeradministrasie en -bestuur: RAU
Vervoerekonomie: UN, UOVS, RAU, US, Unisa
Volkekunde: UPE, UP, RAU
Volkereg: UN, UP
Wiskunde: Alle universiteite
Wiskunde en Statistiek: Rhodes, UW
Wiskunde vir Ekonome: UPE
Wiskunde vir Ekonome en Renterekening: UPE
Wiskundige Ekonomie: PU vir CHO
Wiskundige Statistiek: UOVS, UP, RAU, Rhodes, US, UW
Wysbegeerte: UK, UN, UP, UW
Xhosa: UPE
Zulu: UOVS

B E R O E P S D I E N S

Let wel: a. Aangesien die klem in hierdie boek in die eerste plek op voorgraadse studie val, is beroepsdiens wat hoofsaaklik op nagraadse studie berus, slegs in 'n paar uitsonderlike gevalle bespreek.

b. Verskeie vakke word in meer as een fakulteit aangebied, terwyl ander vakke en/of studierigtings ôf nagraadse studie behels ôf spesifiek onder die beroepsgerigte kursusse in hoofstuk 6 bespreek is. Dit sal dus nodig wees om vir 'n bepaalde vak of studierigting, die INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS op p.223, vooraf te raadpleeg.

c. Lees ook in hoofstuk 1 die gedeelte "KEUSE VAN 'N STUDIERIGTING".

Die keuse van 'n gepaste studierigting en hoofvakke in die handels- en ekonomiese wetenskappe is in 'n hoë mate gebaseer op kennis van al die vernaamste fasette en die beroepswaarde van die besondere rigting. Vroegtydige inwin van inligting sal dan ook grootliks bydra om latere teleurstelling te voorkom.

Oor die algemeen is die oogmerke met die kurrikula tweeledig, naamlik 'n breë agtergrondstudie van die terrein van die ekonomiese wetenskappe aan die een kant en 'n studie in 'n bepaalde hoofrigting aan die ander kant. Nagraadse studie vir 'n graad of diploma maak voorsiening vir spesialisering wat die grondslag lê vir bevordering na beroepe op hoë vlak. Hierby het die onderskeie ekonomiese vakgebiede steeds meer gespesialiseerd geraak sodat aspekte van byvoorbeeld die Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Kommunikasie, Regte, Sosiologie en so meer ôf direk betrek is ôf sinvol met die ekonomiese vakgebiede gekombineer word. 'n Kwalifikasie in die een of ander rigting van die ekonomiese en verwante rigtings verleen nie alleen toegang tot 'n wye verskeidenheid beroepsrigtings in die openbare en private sektor nie, maar skep ook die geleentheid tot gevorderde en interessante werk.

Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

B.Com. (Regte): Die B.Com.-graad waarby regsvakke ingesluit is verleen nie slegs basiese opleiding in ekonomiese sowel as regsvakke nie, maar dit kan ook met LL.B. afgerond word. Dit beteken dus voorbereiding vir die sakelewe en regspraktyk met vooruitsigte op 'n aanstelling in verskillende uitvoerende betrekkings in die handel en nywerheid, asook finansiële instellings soos die versekeringsmaatskappye.
Kyk ook Regsgeleerdheid, p. 196.

Bedryf- en Personeelsielkunde: Hierdie vakwetenskap hou verband met die vakgebiede van byvoorbeeld die Psigologie, Sosiologie, Ekonomie en Bedryfsekonomie. Dit hou sig besig met die studie van die mens in die werksituasie en die maksimale benutting van arbeid as produksiefaktor. As gevolg van die deurslaggewende rol van die personeel (werknemers) in die bereiking van sukses, word daar in enige onderneming voortdurend gesoek na metodes om werknemers te motiveer en te lei tot hul optimale prestasie (hoogste produktiwiteit). Kennis van menslike optrede (gedrag) in verskillende bedryfsituasies het dus vir enige sakebestuurder onontbeerlik geword.

In die handel en nywerheid, staatsdepartemente en ander groot ondernemings soos die Spoorweë, Yskor, Sasol, die WNNR, die Poswese, koöperatiewe verenigings, die myne, versekeringsmaatskappye, bougenootskappe, munisipaliteite en banke, word persone met hierdie opleiding in diens geneem om opgelei te word as personeel-, indiensnemings-, opleidings-, personeelnavorsings-, organisasieontwikkelings-, organisasie en metode- of algemene personeelbeamptes. Daarvandaan kan dan gevorder word na personeelbestuurders, bestuursraadgewers en selfs personeeldirekteure.

Die waarde van die dienste van een of meer personeelbestuurders in 'n onderneming, veral waar dit gaan om die optimale benutting van beskikbare arbeid, word vandag al hoe meer besef. Die pligte van 'n personeelbestuurder, hoewel uiteenlopend van aard, is baie interessant. In 'n groot onderneming is dit egter moontlik dat 'n persoon net vir een gespesialiseerde afdeling verantwoordelik kan wees, soos byvoorbeeld opleiding.

'n Aanstelling as personeelbestuurder sal die vrug wees op die harde werk van jare asook 'n tydperk van intensiewe indiensopleiding. 'n Universiteitsgraad soos B.A., B.Com., B. Econ., B.Sc., B.P.L. of B.A. (Sos.W.), met hoofvakke soos Bedryf- en Personeelsielkunde, Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Ekonomie en so meer, sal beslis van groot waarde wees om bevordering te bespoedig. Dit verskaf daardie uiters nuttige agtergrond en kennis wat nodig is wanneer personeelbestuurders met aangeleenthede te

doen kry soos die keuring en plasing van personeel, groepsverhoudinge, motivering en moraal, bevrediging uit werksomstandighede, beplanning en koördinering, veiligheids=maatreëls en voorkoming van ongelukke, en so meer.

Bedryfs-/besigheidsadministrasie (M.B.A.) vir hoë bestuurspersoneel: Hier is 'n uitste=kende geleentheid vir sakemanne en -vroue wat reeds in die praktyk staan of reeds oor 'n baccalaureusgraad beskik, om hul kennis, vermoë en agtergrond oor bestuursaange=leenthede soos organisasie, beplanning, leiding, koördinering en beheer, verder uit te brei en akademies te fundeer. Die taak om leiding te gee en om die werk van 'n groot groep werknemers te kontroleer en te koördineer met die oog op maksimale ekonomiese re=sultate, vereis die hoogste kwaliteite van leierskap. Die bestuursprofessie omsluit nie slegs algemene bestuurders nie, maar ook spesialiste in die groot aantal bestuurs=funksies wat so kenmerkend van die handel en nywerheid is. Vir die vervulling van hier=die funksies is deeglike opleiding in moderne beginsels en praktyk absoluut noodsaaklik.

Die groot verskeidenheid van bestuursrigtings stel persone in die geleentheid om vol=gens hul aanleg en persoonlikheidseienskappe, 'n gepaste rigting te kies. 'n Paar van hierdie rigtings is byvoorbeeld dié van personeelbestuurder, verkoopsbestuurder, be=dryfsbestuurder, produksie- of werksbestuurder, bemarkingsbestuurder, finansiële be=stuurder, kredietbestuurder en so meer.

Studente moet egter nie verwag om uit die universiteit direk in 'n hoë bestuurspos in te stap nie. Goeie poste gaan na die mense wat bereid en in staat is om daarvoor te werk en dit te verdien. Die opleiding in handel en administrasie, veral op nagraadse vlak, behoort hulle egter te help om hoër te begin en vinniger te vorder. Alle bestuur=ders kan nie deskundiges op alle terreine wees nie en daarom word daar in 'n toene=mende mate van spesialiste gebruik gemaak om hulle by te staan. 'n Gewone B.Com.-graad met nagraadse spesialisering is dus ewe-eens van groot waarde.

Bedryfsrekeningkunde (Kosteberekening): Die status van en vraag na opgeleide koste=rekenmeesters is as gevolg van die belangrike werk wat gedoen word, in elke onderneming baie hoog. Gegewens deur die kosterekenmeester beskikbaar gestel, is die grondslag vir die bepaling van die lonendheid van die bedryf en 'n basis vir belangrike beslissings. Sy kennis word deur feitlik alle ondernemings, groot of klein, benut in afdelings soos kosteberekening, begrotingskontrole, arbeidsvergoeding, prysbepaling, bestuursvoorlig=ting en talle ander terreine waar die ontleding van en kontrole oor uitgawes nodig is. Hy is dus 'n sleutelfiguur in die bepaling van ontwikkeling en doeltreffendheid, veral wanneer die onderneming in 'n sterk mededingende posisie verkeer. Vir die bestuur van 'n onderneming is die advies en wetenskaplike berekeninge van die kosterekenmeester be=slis van groot belang, en hieruit spruit ook sy hoë besoldiging.

Die uitbreiding van die nywerheid, handel en ekonomie, en die noodsaaklikheid daarvan om koste en pryse steeds op 'n realistiese vlak te probeer hou, maak vooruitsigte baie aantreklik vir kosteberekenaars in die Staatsdiens; handel en nywerheid; provinsiale administrasies; munisipaliteite; fabrieke (veral waar massaproduksie en kompetisie 'n rol speel); Sasol; die Spoorweë; Weermag; Yskor; WNNR; myn- en ander maatskappye en as konsultante en dosente aan opvoedkundige inrigtings. Verdere studie en rype ervaring in hierdie rigting is noodsaaklik vir bevordering.

Bemarking: Die tempo van ekonomiese ontwikkeling in 'n land kan slegs na behore ge=handhaaf word indien die sakewêreld bemarkingsgeoriënteerd is. Die opkoms van bemarking as een van die bestuursfunksies, word dan ook toegeskryf aan 'n nuwe en meer wetenskap=like benadering tot alle aspekte van verkoop (bemarking).

Die aanvaarding deur die sakewêreld van die waarde van verhoogde omset as gevolg van doeltreffende bemarking, skep toenemende geleenthede vir werk in verskeie spesialiteits=rigtings soos dié van verkope, reklame, openbare skakeling, marknavorsing, handelskuns, prysbepaling, verspreiding, verkoopsbevordering, na-verkoopsdiens, produkontwikkeling en doeltreffende administrasie. Vir gegradueerdes wat gaandeweg die nodige ervaring opgedoen het en wat oor ambisie, insig, inisiatief, werkvermoë en ander noodsaaklike eienskappe beskik, kan 'n loopbaan in hierdie rigting tot die hoogste poste in die be=stuurswese lei. Baie ondernemings het dan ook daartoe gekom om hul topleiers uit die geledere van bemarkingsbeamptes aan te stel.

Ekonomie en Bedryfsekonomie: Uit Ekonomie, die moeder van alle ekonomiese wetenskappe, het verskeie ander vakke soos Bedryfsekonomie ontwikkel. In Ekonomie as wetenskap wat analities-toereties van aard is, word gesoek na wetmatighede wat alle ekonomiese be=drywighede en verskynsels ten grondslag lê. Hierdie wetmatighede word dan aangewend om die werking van die volkshuishouding in al sy mikro- en makro-ekonomiese aspekte te verklaar, knelpunte te identifiseer en regstellingsmaatreëls te formuleer. Vraag=

stukke soos prysvorming, inflasie, werkloosheid, armoede, belastings, monetêre aspekte, internasionale handel en ekonomiese verhoudinge is hier te sprake. Op sy beurt is die Bedryfsekonomie toegespits op die onderneming, hoe dit gelei moet word om die grootste moontlike rendabiliteit, dit wil sê wins in verhouding tot kapitaal geïnvesteer, oor die langtermyn te verseker. Funksies van die onderneming wat hier betrek word is dié van algemene bestuur, bemarkingsbestuur, finansiële bestuur, die personeelfunksie, ad= ministratiewe funksie en openbare betrekkinge. Bedryfsekonomie het dus 'n sterk prak= tiese inslag.

Alhoewel meer en meer persone neig tot spesialisasie in 'n besondere rigting, word ekonome nie deur spesialisasie beperk nie. 'n Graad in die ekonomiese en verwante we= tenskappe bied uitstekende voorbereiding vir 'n wye reeks loopbane in die Staatsdiens en die handel en nywerheid. Ekonomie is ook een van die vakke wat deur al die univer= siteite as 'n hoof- of byvak vir die B.A.-graad aangebied word.

In die staatsdepartemente hieronder, wissel die werksaamhede van ekonome na gelang van die funksies van elke departement en is die vereistes vir aanstelling as vakkundige beamptes, 'n erkende baccalaureusgraad met hoof- en ander vakke soos in dié volgorde aangedui:

Arbeid: Bedryfsekonomie; ten minste twee kursusse in Rekeningkunde;

Beplanning en die Omgewing: Ekonomie en/of Bedryfsekonomie; kursusse in een of meer van die volgende is nodig: Streeksekonomie, Stedelike Ekonomie, Vestigingsekonomie, Grondekonomie, Omgewingsekonomie;

Bosbou: Vir sommige poste: Bedryfsekonomie, Ekonomie of Geld- en Bankwese. Vir ander poste: 'n B.Sc.-graad in Bosbou, met Bosbou-ekonomie as vak;

Finansies: Vir sommige poste: Ekonomie. Vir ander poste: Een van Ekonomie, Rekening= kunde, Bedryfsekonomie, Geld- en Bankwese;

Handel: Een of meer van: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Bemarking, Statistiek, Rekening= kunde;

Landbou-ekonomie en -bemarking: Vir sommige poste: Een of meer van Ekonomie, Bedryfs= ekonomie, Landbou-ekonomie, Rekeningkunde. Vir ander poste: Rekeningkunde en ten minste een kursus in Ouditkunde en Handelsreg;

Mynwese: Vir assistent-mineraalekonoom: Een of meer van Ekonomie of Bedryfsekonomie Geologie, Metallurgie, Mynbou-ingenieurwese, Wiskundige Statistiek. Vir mineraal= ekonoom: 'n Vierjarige universiteitsgraad of twee baccalaureusgrade of 'n honneurs= graad met een of meer van bostaande vakke, en vyf jaar toepaslike ervaring. (Meer inligting oor hierdie beroep kan verkry word van die Direkteur, Mineraleburo, Privaatsak X4, Braamfontein 2017);

Nywerheidswese: Vir sommige poste: Ekonomie en/of Bedryfsekonomie en een of meer kur= susse in Rekeningkunde, Statistiek of Handelsreg. Vir ander poste: Bedryfsekonomie en ten minste twee kursusse in Rekeningkunde en 'n kursus in Kosteberekening.

Ander instansies neem persone wat in Ekonomie en verwante rigtings geskoold is in diens as ekonomiese adviseurs, finansiële konsultante, navorsers en so meer, om die algemene ekonomiese tendense vir die onderneming te interpreteer; om vooruitskatting van produk= sie, markte en pryse te doen en om behulpsaam te wees met die beplanning van die onder= neming as geheel. Sulke werkgewers is onder andere die NOK, die RGN, Yskor, Sasol, die Spoorweë, die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, die Vereniging van Kamers van Koophan= del, handelsbanke, bougenootskappe, versekeringsmaatskappye, markagente en ander onder= nemings in die handel en nywerheid.

Aangesien vervoer in wese 'n integrerende deel van die produksieproses uitmaak, vorm Vervoerekonomie 'n belangrike vak of spesialiteitstudierigting vir B.Com. Die uni= versiteite wat dit aanbied, sien dit as 'n geleentheid om aan studente die basiese ag= tergrondkennis van die vervoerwese oor te dra binne die kader van hul kennis soos op= gedoen in veral die vakrigtings Ekonomie en Bedryfsekonomie. Werksmoontlikhede in dié rigting sal byvoorbeeld wees in die Departement van Vervoer (verskillende vertak= kinge), die Spoorweë, die verskillende skeeps- en ander maatskappye wat met lewering van goedere gemoeid is.

Geen intelligente jongmens wat oor 'n graad met toepaslike vakkombinasie beskik en wat sy taak met toewyding en roepingsbewustheid aanpak, hoef te vrees dat hy nie vordering sal maak nie. Die arbeidsmark verleen egter voorkeur aan nagraadse studente. Die

vraag na hierdie persone om uitvoerende poste te beklee, sal as gevolg van Suid-Afrika se grootskaalse nywerheidsontwikkeling, en met sy groot hulpbronne, in die toekoms nog groter word. Ook vir 'n aanstelling as dosent aan 'n universiteit is nagraadse studie noodsaaklik. Die aspirant-onderwyser in Ekonomie en ander handelsvakke moet in die samestelling van sy leergang die vereistes van die betrokke onderwysowerheid in gedagte hou.
Kyk ook Landbou-ekonomie, p.178.

Rekeningkunde en Ouditkunde: Die rekeningkundige professie speel 'n onmisbare rol in alle soorte sakeondernemings. Met verloop van tyd het die gekwalifiseerdes in dié rigting beweeg van die posisie van gewone boekhouer af na dié van die gespesialiseerde leier en finansiële adviseur. Vir diegene wat nie professioneel opgelei is nie maar wat wel oor 'n graad soos B.Com. of B.Admin. met Rekeningkunde as hoofvak in kombinasie met vakke soos Bedryfsrekeningkunde, Ouditkunde, Handelsreg, Inkomstebelasting, Bedryfsekonomie en Ekonomie beskik, is daar 'n besonder wye beroepsveld. Hulle kan onderwysers in handelsvakke word of toetree tot die sakewêreld as rekenmeesters, ouditeurs, kredietbestuurders, sekretaris-rekenmeesters, kosterekenmeesters en so meer in diens van byvoorbeeld handels- en nywerheidsondernemings, munisipaliteite, finansiële instellings, myne, maatskappye, banke, bougenootskappe, versekeringsmaatskappye en talle ander. Hulle word ook deur staatsdepartemente soos die van Finansies, die Tesourie, Landbou-ekonomie en -bemarking en Arbeid in diens geneem om as vakkundige beamptes opgelei te word. Daar bestaan ook by ondernemings 'n groot vraag na persone wat minstens oor 'n B.Com.-graad beskik, as gevolg van die uiteenlopende werksaamhede in die finansiële afdelings. In hierdie vraag kon reeds vir baie jare lank nog nie voorsien word nie. Met besondere inisiatief, dryfkrag en werkvermoë kan daar mettertyd tot bestuursposte en poste in uitvoerende hoedanigheid gevorder word. Nagraadse studie is egter vir die rekeningkundige noodsaaklik om tot die hoogste sporte te kan vorder.

Meer gevorderde studie in Rekeningkunde kan lei tot die toelating tot die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad. Suksesvolle aflegging van hierdie eksamen, tesame met die voltooiing van 'n dienstermyn as ingeskrewe klerk in die kantoor van 'n openbare rekenmeester en ouditeur, is 'n voorvereiste vir registrasie as geoktrooieerde rekenmeester (G.R.). Die titel G.R.("C.A.") word wêreldwyd erken as 'n besondere professionele kwalifikasie. Hierdie kwalifikasie open die weg tot hoog besoldigde betrekkings. Die geoktrooieerde rekenmeester kan in 'n private praktyk alleen praktiseer of in vennootskap tree met ander geregistreerde rekenmeesters. In die Republiek moet byvoorbeeld alle publieke maatskappye, banke en bougenootskappe van die dienste van 'n openbare rekenmeester en ouditeur gebruik maak. Andersins kan hy vorder tot 'n prestigebetrekking in 'n groot maatskappy soos dié van direkteur, algemene bestuurder, rekenmeester, interne ouditeur, sekretaris of kosterekenmeester. Diegene wat ook oor die ander eienskappe vir topleiding beskik, kan uitstyg tot die posisie van besturende direkteur of voorsitter. Meer inligting oor die G.R.-kwalifikasie kan regstreeks verkry word van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, Posbus 10119, Johannesburg 2000 of van enige openbare rekenmeesters- en ouditeursfirma.

Namate die sakewêreld meer ingewikkeld en veelsydig word, groei ook die behoefte aan opgeleide mannekrag wat 'n behoorlike begrip van die bedryfslewe het. Daar bestaan feitlik onbeperkte moontlikhede vir persone met analitiese vermoë, logiese denke en heldere oordeel. Hulle geniet ook allerweë hoë agting.

Afgesien van die geleentheid om 'n vakkundige beampte in 'n staatsdepartement te word (soos hierbo vermeld), geniet gegradueerdes ook voorkeur om in die Staatsdiens in aanmerking te kom vir die volgende poste:

- Administratiewe assistent (Algemene Administrasie): Graduandi wat oor 'n toepaslike B.A.-, B.Admin.- of B.Com.-graad beskik, word in die toetreerang aangestel. (Kyk ook Administratiewe Assistent, p.35.)

- Departementele Rekenmeester (Finansiële Administrasie): Hoewel die Tesourie moet toesien dat finansiële verpligtinge volgens voorskrif nagekom word, het elke staatsdepartement egter ook sy eie finansiële afdeling wat verantwoordelik is vir uitbetalings en invorderings. Die Staatsdiens beveel aan dat die rekenmeester oor 'n toepaslike graad met die volgende vakke sal beskik: Rekeningkunde as een hoofvak en een of meer van die volgende as die ander hoofvak(ke): Bedryfsekonomie, Ekonomie, Handelsreg, Bedryfsielkunde, Bedryfsrekeningkunde, Romeins-Hollandse Reg, Staatsadministrasie, Statistiek, Wiskundige Statistiek. (Die oorblywende vakke kan met vrug as byvakke ingesluit word.)

Die eenvormige basis waarop staatsfinansies in die Staatsdiens geadministreer word, maak dit vir die rekenmeester moontlik om ook mee te ding om senior betrekkings in ander staatsdepartemente. Die vorderingsbaan is tans soos volg: Assistent-rekenmeester, Rekenmeester, Senior Rekenmeester, Assistent-hoofrekenmeester, Hoofrekenmeester.

- Ouditeur: Die hoofdoelstelling van 'n staatsouditeur is om te verseker dat open=bare fondse met versigtigheid, noukeurigheid en doeltreffendheid aangewend word. Ou=ditering word behartig deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal, die verskillende pro=vinsiale ouditeurs en hul personeel. Die Staatsdiens beveel aan dat persone wat in hier=die rigting belangstel, dieselfde leergang sal volg soos voorgestel vir die rekenmees=ter. Nā sy aanstelling word die nuweling nie aan homself oorgelaat nie, maar word hy deeglik onderrig in die pligte van 'n ouditeur.

Met die steeds uitbreidende werksaamhede van die Staatsdiens en die daarmee gepaardgaan=de besteding van staatsgelde, is daar goeie vorderingsgeleenthede vir die knap ouditeur. Die vorderingsbaan is tans soos volg: Assistent-ouditeur, Ouditeur, Senior Ouditeur, Assistent-hoofouditeur, Hoofouditeur.

- Voorrade-administrateur (Voorrade-administrasie): Die pligte van die voorrade-administrateur in die Staatsdiens spruit hoofsaaklik uit die aankoop van, beheer oor en verantwoording van voorrade en toerusting. Na diensaanvaarding word die nuwe amptenaar opgelei in die werk wat hy moet verrig. Die volgende vakke kan in die graad-leergang ingesluit word: Ekonomie, Rekeningkunde, Bedryfsrekeningkunde, Statistiek en Oudit=kunde.

Voorrade-afdelings bestaan in verskeie departemente, met die gevolg dat 'n beampte se geleenthede nie slegs tot een departement beperk is nie. Soos in alle ander afdelings van die Staatsdiens word verdienstelike werk goed beloon.
Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Staatsre=keninge en -finansies) en die Nasionale Diploma (Staatsadministrasie).

Sekretariële rigting: Die hoër range van die sekretariële professie is hoofsaaklik toe=ganklik vir daardie persone wat oor erkende professionele kwalifikasies beskik en ook lidmaatskap van die sekretariële organisasies verwerf het. Elke maatskappy, byvoor=beeld, moet 'n sekretaris aanstel en dié beklee 'n uiters verantwoordelike posisie as hoof-administratiewe uitvoerende beampte. Met sy gespesialiseerde kennis van onder andere die Maatskappyewet, is hy 'n belangrike lid van die bestuurspan en kom dit alge=meen voor dat hy ook as 'n direkteur aangestel word.

Afgesien van sy ander pligte, vorm die sekretaris 'n belangrike skakel tussen die direk=teure aan die een kant en byvoorbeeld die aandeelhouers, kantoorpersoneel, bankiers, ouditeure en die publiek aan die ander kant. Hierdie funksie maak sy werk interessant en aantreklik. Hy moet belangrike sake op intelligente en verantwoordelik wyse kan hanteer, en sy status en besoldiging is hoog.

Die groei van nywerheidsorganisasies, die jaarlikse registrasie van 'n groot aantal nuwe maatskappye en die neiging tot groepvorming deur maatskappye bring mee dat die sekre=taris met sy gespesialiseerde opleiding vandag in die sakewêreld 'n dinamiese funksie het om te vervul.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor verskeie sekretariële kursusse.

Staatsadministrasie/Publieke Administrasie/Openbare Administrasie: Afgesien van die enkele diplomakursusse wat in hierdie rigting gevolg kan word, word Staatsadministrasie, net soos in die geval van Ekonomie, Wiskunde, Sielkunde en talle ander vakke, aan die meeste universiteite in meer as een fakulteit aangebied, soos in die geval van die B.A.-graad waar dit in kombinasie met byvoorbeeld Staatsleer, Ekonomie, Tale (veral vreemde tale), Bantoereg en -administrasie, Geskiedenis, Sosiologie, regsvakke en so meer aangebied word. Vir die B.Admin.-graad kombineer dit baie goed met vakke soos Eko=nomie, Staatsleer, Bedryfsielkunde, Rekeningkunde en andere.

Grade en diplomas in hierdie rigting maak in die besonder voorsiening vir die opleiding van organiserende en administratiewe amptenare wat in diens geneem word deur byvoorbeeld alle staatsdepartemente (as senior administratiewe assistente); die provinsiale admini=strasies, munisipaliteite en ander openbare instellings soos die landbou-, produkte- en navorsingsrade, die Spoorweë, die Poswese, die SAUK, die NOK en Yskor. Dit is ook 'n besonder nuttige aanvullende vak vir 'n loopbaan in die joernalistiek of in die regte.

Nagraadse kwalifikasies is noodsaaklik om te voorsien in die behoefte aan vakkundige amptenare soos ingenieurs, argitekte, medici en ander wat benewens vakkundige werk ook

administratiewe en toesighoudende funksies moet vervul soos dié van hoofingenieur, hoofargitek, hospitaalsuperintendent en so meer.

Kyk ook Administratiewe Assistent, p. 35 en p. 83.

Statistiek en Ekonomie: Hierdie rigtings gee aan die student basiese opleiding in die wiskundig-statistiese benadering tot ekonomiese probleme en teorieë. 'n Toenemende vraag na opgeleide persone met wiskundige wetenskappe in kombinasie met ekonomiese wetenskappe is besig om op 'n uitgebreide front in Suid-Afrika te ontwikkel, met die oog op versameling, verwerking en interpretasie van gegewens.

Die ekonometrikus en statistikus is in aanvraag by navorsingsinrigtings en nywerhede met navorsingslaboratoria soos die RGN, WNNR, SABS, Yskor, Kamer van Mynwese, Sasol, fabrieke en so meer; vervoer- en kommunikasiewese; verskillende staatsdepartemente, maar veral die Departement van Statistiek; sommige universiteite; rekenaarsfirmas; firmas wat dienste soos bestuurskonsultasie en marknavorsing lewer, en die versekeringswese.
Kyk ook Statistiek, p.116 en Rekenaarwetenskap, p.115.

Diplomakursusse: Die aandag van kandidate wat nie 'n graadkursus kan of wil volg nie, word gevestig op die diplomakursusse wat aan sommige universiteite aangebied word. Hierdie kursusse bied oor die algemeen opleiding van 'n gespesialiseerde aard aan.

Inligting oor diplomakursusse in handel en administrasie wat buite die universiteit gevolg kan word, word verstrek in die RGN-publikasie Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede.

HOOFSTUK 4

# FAKULTEITE VAN NATUURWETENSKAPPE

## UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

### FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae (Honneurs) | : | B.Sc.(Hons.) |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Doctor Scientiae | : | D.Sc. |
| Doctor Philosophiae | : | Ph.D. |

GRADE

Baccalaureus Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling).

Addisionele vereistes

- 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Stan= daardgraad.
- 'n Slaagsyfer in ȍf Natuur- en Skeikunde ȍf Biologie op die Hoër Graad of min= stens 50 persent op die Standaardgraad.
- 'n Slaagsyfer in Wiskunde van minstens 50 persent op die Hoër Graad is 'n ver= eiste vir toelating tot Wiskunde I.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels minstens agt kwalifiserende kursusse* waaronder

- minstens een hoofvak gekies uit Groep I hieronder;
- Wiskunde I of die halwe kursus Wiskunde Ia;
- minstens ses kwalifiserende kursusse gekies uit Groepe I, II en III hieronder;
- minstens vier senior kursusse waarvan minstens drie uit Groepe I, II en III gekies moet word;
- die orige kursusse kan gekies word uit
  - die vakke genoem in Groepe I, II en III;
  - kursusse in vakke goedgekeur vir die B.A.-graad;
  - Rekeningkunde A of Rekeningkunde B;
  - ander kursusse wat in spesiale gevalle deur die Raad van die Fakulteit van Natuurwetenskappe goedgekeur mag word.

GROEP I Hoofvakke in Natuurwetenskappe
Biochemie, Chemie, Chemie (Geochemie-keuse), Dierkunde, Fisika, Geografie, Geologie, Mikrobiologie, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde.

GROEP II Ander Natuurwetenskaplike Kursusse
Algemene Biologie, Astrofisika, Dierebiologie, Fisiese Oseanografie, Genetika, Moleku= lêre Biologie, Numeriese Analise en Berekening, Plantbiologie, Rekenaarkundige en Statistiese Toegepaste Wiskunde, Seegeologie, Sterdinamika, Sterrekunde.

GROEP III Goedgekeurde kursusse in ander fakulteite
Argeologie (Lettere en Wysbegeerte), Chemiese Ingenieurswese - kursusse (Ingenieurswese), Fisiologie (Geneeskunde), Geskiedenis en Filosofie van die Wetenskap (Lettere en Wys= begeerte), Menslike Biologie (Geneeskunde), Metallurgie en Materiaalwetenskap - kur= susse (Ingenieurswese), Omgewingshulpbronnebestuur (Skool van Omgewingstudies), Siel=

kunde (Sosiale Wetenskappe).

Om tot senior kursusse in 'n vak toegelaat te word, moet 'n kandidaat eers die voorvereiste kursusse volg en voltooi, bv. die voorvereiste kursusse vir Chemie III is Chemie IIA en Wiskunde Ia en Ib.

*Die benaming "kwalifiserende kursus" beteken òf 'n vol kursus òf twee halwe kursusse.

## Baccalaureus Scientiae (Honneurs): B.Sc.(Hons.)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat kan, met toestemming van die Senaat, die graad in enige goedgekeurde vak volg met die uitsondering van Geochemie, Immuniteitsleer, Materiaalwetenskap, Molekulêre Biologie, Sterrekunde, Teoretiese Fisika en Virologie as hy in besit is van die B.Sc.-graad met die vak waarin hy die Honneursgraad wil behaal, as hoofvak.

'n Kandidaat wat die Honneursgraad in Sterrekunde wil behaal, moet Fisika III voltooi het; vir Geochemie moet hy Geologie III en Chemie (Geochemie-keuse) voltooi; vir Teoretiese Fisika moet hy Toegepaste Wiskunde III en Fisika III voltooi; vir Immuniteitsleer en Virologie moet hy Mikrobiologie III en Genetika III voltooi; vir Molekulêre Biologie moet hy die derdejaarskursusse in Genetika, Mikrobiologie en Biochemie voltooi; en vir Materiaalwetenskap moet Fisika, Chemie of Toegepaste Wetenskappe hoofvakke wees.

Leergang: Een jaar vir voltydse studie en hoogstens twee jaar deeltydse studie.

Die graad word toegeken in een van die volgende vakke: Argeologie, Biochemie, Chemie, Dierkunde, Fisiese Oseanografie, Fisika, Fisiologie, Geochemie, Geografie, Geologie, Immuniteitsleer, Materiaalwetenskap, Mikrobiologie, Molekulêre Biologie, Operasionele Navorsing, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Sterrekunde, Teoretiese Fisika, Toegepaste Wiskunde, Virologie, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Die kursus sal oor die algemeen, net gevorderde werk in die gekose vak behels, alhoewel in sommige gevalle 'n gedeelte van die werk in 'n verwante vak gedoen kan word.

'n Kandidaat wat 'n Honneurseksamen druip, sal nie toegelaat word om die eksamen te herhaal nie.

## Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet òf in besit wees van die B.Sc.(Hons.)-graad; òf 'n gegradueerde in Ingenieurswese wees wat die Elektrotegniese Ingenieurswese B-kursus voltooi het en in genoegsame vierdejaar-keusevakke in Fisika-kursusse geslaag het.

Leergang: Die graad word in een van die volgende vakke toegeken:

Argeologie, Biochemie, Chemie, Dierkunde, Fisiese Oseanografie, Fisika, Fisiologie, Fotogeologie, Geochemie, Geografie, Geologie, Immuniteitsleer, Kliniese Sielkunde, Mikrobiologie, Omgewingstudies, Operasionele Navorsing, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Sterrekunde, Teoretiese Fisika, Toegepaste Wiskunde, Virologie, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens een akademiese jaar bywoon. Die graad in Teoretiese Fisika vereis normaalweg twee jaar, en dié in Fisika een-en-'n-halfjaar bywoning. Kandidate in die rigting Kliniese Sielkunde moet vir minstens twee jaar registreer.

Die graad word toegeken na bevredigende aflegging van 'n skriftelike eksamen, of na die aanvaarding van 'n proefskrif, of na albei werkwyses; en in al die gevalle mag 'n mondelinge eksamen vereis word.

## Doctor Scientiae: D.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet vir minstens vyf jaar in besit wees van 'n Baccalaureusgraad in een van die volgende Fakulteite: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Geneeskunde en Ingenieurswese.

Leergang: Gegradueerdes van ander universiteite moet vir minstens twee jaar 'n goedgekeurde studiekursus onder die toesig van die Universiteit voortsit.

Elke kandidaat vir die graad moet gepubliseerde werk voorlê wat 'n oorspronklike en belangrike bydrae tot die kennis lewer.

Daar kan van 'n kandidaat vereis word om hom vir 'n eksamen, skriftelik of mondeling, oor die onderwerp van sy voorgelegde werk aan te meld.

Doctor Philosophiae: Ph.D.

Kyk Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, p. 9.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   N A T A L

### FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae (Honneurs) | : | B.Sc. Hons. |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae in Chemiese Tegnologie | : | B.Sc. Chem. Teg. |
| Magister Scientiae in Chemiese Tegnologie | : | M.Sc. Chem. Teg. |
| Doctor Philosophiae | : | Ph.D. |
| Doctor Scientiae | : | D.Sc. |

GRADE

Baccalaureus Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met slaagsyfers van minstens 40 persent op die Hoër Graad of 50 persent op die Standaardgraad in beide Wiskunde en 'n natuurwetenskapvak.

Leergang: Minstens drie jaar voltydse studie en minstens vier jaar deeltydse studie.

Krediete word verwerf deur die eksamens verbonde aan 'n kursus te slaag. Kursusse wat as I of II aangewys is, is gegrond op 'n maksimum van 12 krediete. Kursusse wat as III aangewys is, is gegrond op 'n maksimum van 16 krediete.

'n Kandidaat moet minstens 110 krediete verwerf waarvan minstens 98 moet bestaan uit kursusse in vakke wat uit die lys hieronder gekies moet word; mits minstens 32 van hierdie krediete verwerf is uit kursusse aangewys as III. Hierdie kursusse moet ge=lyktydig voltooi word en minstens 16 van dié krediete moet in een vak hieronder ver=werf word:

Biochemie (II, III), Biologie (I) (Eindkursus), Biologie in Menslike Sake (I), Biolo=giese Wetenskap A (I, II, III), Biologiese Wetenskap B (I, II, III), Biometrie (I), Chemie (I, II, III), Dienselektronika (II) (¼ kursus), Dierkunde (I, II, III), Ekonomie (I, II, III), Fisika (I, II, III), Fisika (I) (Eindkursus), Genetika (Natuurweten=skappe) (II, III), Geografie (I, II, III), Geologie (I, II, III), Grondkunde (II, III), Inleiding tot Chemiese Proses-tegnologie (II) (½ kursus), Inleiding tot Rekenaarweten=skap (I) (½ kursus), Inleiding tot Steekproefmetodes (I) (1/3 kursus), Insektekunde (II, III), Meervoudige Regressie en Korrelasie (III) (¼ kursus), Mikrobiologie - Plant=patologie (II, III), Plantkunde (I, II, III), Rekenaarwetenskap (I, II, III), Siel=kunde (I, II, III), Statistiek (I, II, III), Steekproefmetodes (II) (¼ kursus), Teore=tiese Chemie (III), Toegepaste Chemie (III), Toegepaste Fisika (III) (½ kursus), Toe=gepaste Wiskunde (I, II, III), Wiskunde (I, II, III), Wiskunde B(I) (½ kursus), Wis=kundige Statistiek (II, III).

Die Romeinse syfers dui aan op watter vlak die kursusse beskikbaar is.

12 krediete uit die vereiste minimum van 110 kan in een van die volgende kursusse ver=werf word. Al dié kursusse is eerste kursusse (I):

Afrikaans, Afrikaans en Nederlands, Bybelkunde, Duits of Inleidende Duits, Ekonomiese Geskiedenis, Engels, Frans of Inleidende Frans, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus of In=leidende Hebreeus, Joodse Studies, Klassieke Beskawing, Klassieke Hebreeus, Kunsge=skiedenis, Latyn, Opmeting, Sosiale Antropologie, Sosiologie, Teologie, Voorgeskiedenis van Suidelike Afrika, Wysbegeerte, Zulu.

Enige ander kursus wat deur die Senaat goedgekeur mag word.

Baccalaureus Scientiae (Honneurs): B.Sc.Hons.

Toelatingsvereiste: Die B.Sc.-graad. Die Senaat kan weier om 'n student tot 'n Hon=neurskursus in enige vak toe te laat indien hy die bekwaamheid van die student in die betrokke vak onvoldoende ag.

Leergang: 'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens een akademiese jaar bywoon, en moet 'n gevorderde studiekursus in die vak voortsit waarin hy al die voorvereiste kursusse vir toelating tot die Honneurskursus gedurende sy B.Sc.-leergang voltooi het.

Daar kan vereis word dat 'n kandidaat 'n kursus in enige voorgeskrewe byvak moet vol=tooi en dat hy 'n toets in 'n vreemde taal moet slaag. Hy moet hom gelyktydig aanmeld vir al die dele van die finale eksamen. 'n Kandidaat kan hom slegs een keer vir die finale eksamen aanmeld.

Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereiste: Die B.Sc. Hons.-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een jaar gevorderde studie en/of navorsing voortsit onder die leiding van 'n toesighouer.

Die eksamen behels twee of meer vraestelle, of 'n verhandeling wat bewys dat die kan=didaat met die metodes van navorsing vertroud is, of sodanige verhandeling saam met een of meer vraestelle.

Baccalaureus Scientiae in Chemiese Tegnologie: B.Sc. Chem. Teg.

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad met 40 krediete in Chemie, 24 krediete in Fisika en 24 krediete in Wiskunde; of die B.Sc. in Ingenieurswese met 40 goedgekeurde krediete in Chemie, 24 goedgekeurde krediete in Fisika en 24 goedgekeurde krediete in Wiskunde. Die 24 krediete in Fisika kan, in die geval van 'n kandidaat met toepaslike ervaring, van afgesien word.

Leergang: Een akademiese jaar vir 'n kandidaat in besit van 'n B.Sc.-graad en twee akademiese jare vir 'n kandidaat met 'n B.Sc. Ing.-graad.

'n Kandidaat moet 'n goedgekeurde gevorderde studiekursus volg en daar kan vereis word dat hy 'n toets in 'n vreemde taal moet slaag. Hy moet hom gelyktydig aanmeld vir al die dele van die finale eksamen en hy mag hom slegs een keer vir die finale eksamen aanmeld.

Magister Scientiae in Chemiese Tegnologie: M.Sc.Chem.Teg.

Toelatingsvereiste: Die B.Sc.-graad in Chemiese Tegnologie.

Leergang: 'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens een akademiese jaar bywoon en hy moet 'n gevorderde studiekursus in Chemiese Tegnologie volg. Daar kan vereis word dat 'n kandidaat 'n kursus in enige voorgeskrewe byvak moet volg en dat hy 'n toets in 'n vreemde taal moet slaag. Hy moet hom gelyktydig aanmeld vir al die dele van die finale eksamen en hy mag hom slegs een keer vir die finale eksamen aanmeld.

Doctor Philosophiae: Ph.D.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet ôf al minstens twee jaar in besit van 'n M.Sc.-graad of 'n M.Sc. in Chemiese Tegnologie, ôf al minstens drie jaar in besit van 'n B.Sc. (Hons.)- of 'n B.Sc.-graad in Chemiese Tegnologie wees.

Leergang: 'n Kandidaat moet 'n goedgekeurde spesiale studiekursus of navorsing oor enige onderwerp rakende die wiskundige, fisiese, natuur- of toegepaste wetenskappe voortsit en hy moet 'n proefskrif voorlê wat die uitslae van sy spesiale studie of na=vorsing bevat. Hierdie proefskrif moet 'n besliste bydrae tot die kennis van of insig in die vak wees en moet bewys van oorspronklikheid lewer, ôf deur die vind van nuwe feite, ôf deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.

Doctor Scientiae: D.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet vir minstens vyf jaar in besit wees van 'n B.Sc. (Hons.)-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet 'n proefskrif of gepubliseerde werk indien wat 'n bewys moet wees van oorspronklike en onafhanklike navorsing wat die kandidaat oor 'n onder=

werp verbonde aan die wiskundige, fisiese, natuur- of toegepaste wetenskappe uitgevoer het en wat binne die perke val van studies wat deur die Universiteit aangebied word. Minstens 'n gedeelte van die werk van die proefskrif moes reeds gepubliseer gewees het.

'n Proefskrif moet 'n hoogaangeskrewe stuk werk in sy gebied wees wat 'n besliste by= drae ter bevordering van die kennis lewer.

Daar kan van die kandidaat vereis word om hom aan te meld vir eksamen oor die onderwerp van sy proefskrif en oor die hele studierigting wat dit dek.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   O R A N J E - V R Y S T A A T

### FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Honneurs-Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc.(Hons.) |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Magister Scientiae (Kliniese Sielkunde) | : | M.Sc. (Kliniese Sielkunde) |
| Magister Scientiae (Voorligtingsielkunde) | : | M.Sc. (Voorligtingsielkunde) |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |
| Doctor Scientiae | : | D.Sc. |

Diploma

| | | |
|---|---|---|
| Nagraadse Diploma in Geohidrologie | : | Dipl. N. Gh. |

GRADE

#### Baccalaureus Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 40 persent op die Standaardgraad, asook 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde en/of Biologie minstens op die Standaardgraad, behalwe in die geval waar die student vir Wiskunde I inskryf. In laasgenoemde geval moet hy in Wiskunde op die Hoër Graad geslaag het of op die Standaardgraad met minstens 50 persent.

'n Student wat vir die graad B.Sc. wil inskryf word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde vir die standerd tien-eksamen te neem.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die totale kursuslading van 'n student is nor= maalweg soos volg: Eerste jaar - 8 semesterkursusse; tweede jaar - 6 semesterkursusse; derde jaar - 6 semesterkursusse. 'n Leergang vir die graad moet minstens twee goedge= keurde hoofvakke insluit in elkeen waarvan die voorgeskrewe aantal semesterkursusse voltooi moet word.

Die hoofvakke word gekies uit die volgende: Aardrykskunde, Biochemie, Chemie, Dier= kunde, Entomologie, Fisika, Fisiologie, Genetika, Geochemie, Geohidrologie, Geologie, Liggaamlike Opvoeding, Mikrobiologie, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Sta= tistiek, Toegepaste Wiskunde, Voorligtingsielkunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

'n Student moet saam met sy hoofvakke die bykursusse in 'n leergang insluit en voltooi wat die Universiteit voorskryf. 'n Leergang moet saamgestel word in ooreenstemming met die bepalinge in verband met die groepering van vakke en die vereistes van die besondere studierigting.

'n Student wat na voltooiing van sy B.Sc.-graad as onderwyser in 'n hoërskool wil kwa= lifiseer, moet skoolvakke en kursusse in sy graadleergang insluit soos deur die regu= lasies vir die Hoër Onderwysdiploma bepaal.

#### Honneurs-Baccalaureus Scientiae: B.Sc.(Hons.)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.-graad of die status daarvan. Die vak van 'n Honneurs= kursus moet een wees wat die student as hoofvak vir die gewone Baccalaureusgraad afge= lê het. Die Senaat kan weier om 'n student tot die kursus toe te laat indien hy die bekwaamheid van die student in die betrokke vak onvoldoende ag.

Leergang: Elke kandidaat moet 'n goedgekeurde studiekursus as 'n ingeskrewe student aan die universiteit vir minstens een jaar volg.

Vakke waarin die graad toegeken kan word: Aardrykskunde, Biochemie (Chemie III is 'n voorvereiste vir die Honneurskursus in Biochemie), Chemie, Dierkunde, Entomologie, Fisika, Fisiologie, Genetika, Geochemie, Geohidrologie, Geologie, Hidrologie, Mikrobiologie, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Statistiek, Sterrekunde, Toegepaste Wiskunde, Voedingsleer, Voedingswetenskap, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

'n Student moet aan die einde van die kursus 'n universiteitseksamen aflê en gelyktydig in die hele eksamen slaag. 'n Student kan hom slegs twee keer vir die finale eksamen aanmeld.

Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.(Hons.)-graad. 'n Student moet die hoof van die betrokke departement oortuig dat hy voldoende kennis van die vak besit om die werk vir die graad te verrig.

Leergang: 'n Student word nie tot die Magistergraad toegelaat nie voor minstens twee jaar nadat hy tot die gewone Baccalaureusgraad toegelaat is.

Die M.Sc.-graad word in die volgende afdelings verleen: Aardrykskunde, Biochemie, Chemie, Dierkunde, Entomologie, Fisika, Fisiologie, Genetika, Geochemie, Geohidrologie, Geologie, Kliniese Sielkunde, Mikrobiologie, Plantkunde, Sielkunde, Statistiek, Sterrekunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

'n Eksamen bestaan uit 'n skriftelike eksamen of 'n verhandeling of albei. Waar die departement dit nodig ag, word 'n addisionele mondelinge eksamen afgeneem.

Philosophiae Doctor: Ph.D.

Toelatingsvereiste: Die M.Sc.-graad.

Leergang: Geen student word tot die Doktorsgraad toegelaat nie voordat twee jaar wat uitsluitlik gewy word aan navorsingswerk aan die Universiteit of aan 'n ander goedgekeurde inrigting, verstryk het.

Die student moet 'n proefskrif indien wat 'n oorspronklike bydrae tot die bestaande kennis van die gekose onderwerp moet lewer. Elke proefskrif word onder die toesig van die promotor/hulppromotor voorberei.

Doctor Scientiae: D.Sc.

Toelatingsvereistes: Die D.Sc.-graad kan slegs toegeken word aan 'n persoon wat aan die volgende vereistes voldoen:

- Reeds in besit is van 'n doktorsgraad wat op grond van 'n proefskrif verwerf is.
- Oor 'n aansienlike tydperk omvangryke publikasies van hoë peil op sy vakgebied die lig laat sien het.

Leergang: 'n Kandidaat doen aansoek by die Registrateur. Die aansoek moet vergesel gaan van afskrifte van die publikasies en 'n verklaring ten opsigte van die aansoeker se persoonlike bydrae tot werke waarvan hy/sy mede-outeur was.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   P O R T   E L I Z A B E T H

### FAKULTEIT VAN DIE NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae (Educationis) | : | B.Sc.(Ed.) |
| Baccalaureus Scientiae Honores | : | B.Sc.Hons. |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Magister Scientiae in Tekstielwetenskap | : | M.Sc. in Tekstielwetenskap |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |
| Philosophiae Doctor in Tekstielwetenskap | : | Ph.D. in Tekstielwetenskap |
| Doctor Scientiae | : | D.Sc. |

## GRADE

### Baccalaureus Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer van minstens 40 persent in Wiskunde op die Hoër of die Standaardgraad.

Addisionele vereistes: Vir toelating tot die volgende kursusse, moes 'n kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

- Wiskunde of Wiskundige Statistiek: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 40 persent op die Standaardgraad
- Wiskunde vir Ekonome: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. 'n Goedgekeurde leergang bestaan uit minstens nege tweesemesterkursusse waarvan minstens drie op tweedejaarsvlak moet wees en waar=van minstens twee hoofkursusse op derdejaarsvlak moet wees, uit die volgende gekies: Biochemie, Elektroniese Dataverwerking, Fundamentele Biologie, Botanie, Bedryfsekonomie, Chemie, Ekonomie, Fisika, Geologie, Ondernemingsnavorsing, Soölogie, Statistiese Meto=des, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Rekenaarwetenskap.

### Baccalaureus Scientiae (Educationis): B.Sc. (Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Alle voornemende onderwysstudente word gekeur.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. 'n Student volg een van die volgende leergange:

- Leergang 1: Fisika en Chemie as hoofvakke
- Leergang 2: Wiskunde as een hoofvak
- Leergang 3: Biologiese Wetenskappe.

Al drie leergange sluit die volgende vakke in: Metodiek van Natuur- en Skeikunde, On=derwyspraktyk, Pedagogiek, Sportafrigting of Sportafrigting en Skoolverenigings.

Die graad verleen toegang tot nagraadse studie in die Fakulteite van Opvoedkunde en Natuurwetenskappe.

Kyk ook p. 122.

### Baccalaureus Scientiae: B.Sc.Hons.

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.-graad. 'n Kandidaat word slegs toegelaat tot Honneurs=studie in 'n vak wat hy op derdejaarsvlak geslaag het.

Leergang: 'n Kandidaat kan toegelaat word tot 'n Honneurskursus in een van die volgende vakke en daar kan vereis word dat hy 'n kursus of kursusse in enige ander voorgeskrewe vak as newevereiste moet voltooi:

Biochemie, Botanie, Chemie, Fisika, Geologie, Ondernemingsnavorsing, Rekenaarwetenskap, Soölogie, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Die leergang vir 'n Honneursgraad strek oor minstens twee opeenvolgende semesters en die eksamen bestaan uit minstens vier vraestelle, mondeling en/of geskrewe.

### Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereiste: 'n B.Sc.Hons.-graad.

Leergang: Soos vir die M.A.-graad, Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, p. 15.

### Magister Scientiae in Tekstielwetenskap

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet oor een van die volgende minimum kwalifikasies beskik:

- 'n B.Sc. (Tekstiel)-graad
- 'n Diploma in Tekstielingenieurswese gelykstaande aan 'n B.Hons.-graad
- 'n B.Sc.Hons.-graad in Chemie, Fisika, Wiskunde of Wiskundige Statistiek.

Leergang: Een van die volgende studievelde mag vir navorsing gekies word:

Tekstielchemie, Tekstielfisika, Meganiese prosessering, Tekstielingenieurswese.

Alle kandidate moet by 'n gevestigde tekstiellaboratorium wat oor die nodige navorsings=fasiliteite beskik, in diens wees.

Kyk ook Leergang vir die M.A.-graad, p. 15.

Philosophiae Doctor in Tekstielwetenskap: Ph.D. in Tekstielwetenskap

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet oor een van die volgende minimum kwalifikasies beskik:

- 'n M.Sc.-graad in Chemie, Fisika of Tekstielingenieurswese en ten minste twee jaar ondervinding op die gebied van tekstielnavorsing
- 'n M.Sc.(Tekstiel)-graad.

Leergang: Soos vir Doktorsgrade, Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, p. 15.

Philosophiae Doctor: Ph.D.

Soos vir Ph.D., Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, p. 15.

Doctor Scientiae: D.Sc.

Die graad word op aansoek toegeken aan kandidate wat in besit is van 'n doktorsgraad. Die kandidaat moet herdrukke van sy navorsingspublikasies voorlê om te bewys dat hy 'n gesaghebbende op sy terrein is.

## POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

### FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Honneurs Baccalaureus Scientiae | : | Honns.B.Sc. |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Doctor Scientiae | : | D.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae vir onderwysers in 'n tegniese rigting | : | B.Sc.(Ed.) |
| Baccalaureus Scientiae in Operasionele Analise | : | B.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae (Bodemkunde) | : | B.Sc.(Bod.) |
| Honneurs Baccalaureus Scientiae (Bodemkunde) | : | Honns.B.Sc.(Bod.) |
| Magister Scientiae (Bodemkunde) | : | M.Sc.(Bod.) |
| Doctor Scientiae (Bodemkunde) | : | D.Sc.(Bod.) |

GRADE

Baccalaureus Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad, of in 'n natuurwetenskap=like vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde, en in Wiskunde, 'n slaagsyfer op die Stan=daardgraad.

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse

- Wiskunde: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.
- Industriële Chemie: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad mits in 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde, op minstens die Standaardgraad geslaag is.
- Liggaamlike Opvoedkunde: 'n Student moet medies geskik wees.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels minstens nege kursusse. Vir graaddoeleindes ontvang 'n student erkenning vir hoogstens drie kursusse in die jaar waarin hy vir die finale eksamen in sy hoofvakke inskryf, en vir hoogstens vier kursusse in enige ander jaar. 'n Leergang sluit minstens twee hoofvakke in, in elk waarvan twee of drie kursusse gevolg moet word:

Hoofvakke met drie kursusse

Bedryf- en Personeelsielkunde, Bodemkunde, Chemie, Dierkunde, Fisika, Fisiologie, Geo=grafie, Geologie, Liggaamlike Opvoedkunde, Plantkunde, Psigologie, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde.

Hoofvakke met twee kursusse

Biochemie, Industriële Chemie, Mikrobiologie, Teorie van Statistiek.

Vir elke hoofvak is daar kursusse in byvakke wat deur die student gevolg moet word, bv. indien die student Chemie as 'n hoofvak neem, moet hy minstens een kursus in Fisika en Wiskunde volg. Industriële Chemie kan alleen saam met Chemie as hoofvak geneem word.

Studente wat Chemie en Industriële Chemie as hoofvakke vir die B.Sc.-graad neem, moet vakansiewerk by goedgekeurde chemiese fabrieke verrig.

## Baccalaureus Scientiae met Ekonomiese vakke: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Soos vir die gewone B.Sc.-graad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Een van die volgende drie leergange moet gevolg word:

(i) Statistiese - Ekonomiese rigting

(ii) Rekenaarwetenskap - Rekeningkundige rigting

(iii) Rekeningkundig - Wiskundige rigting.

Die graad gee toelating tot Honns.B.Sc., M.Sc. en D.Sc.-graadstudie in die B.Sc.-vakke wat tot op derdejaarsvlak geneem is.

## Honneurs Baccalaureus Scientiae: Honns.B.Sc.

Toelatingsvereiste: 'n B.Sc.-graad.

Leergang: 'n Student moet 'n goedgekeurde kursus vir minstens een akademiese jaar aan die Universiteit bywoon.

Die graad kan in een van die volgende vakke voltooi word: Bedryfsosiologie, Bedryf- en Personeelsielkunde, Biochemie, Bodemkunde, Chemie, Dieetkunde, Dierkunde, Elektro=tegniek, Entomologie, Farmakologie, Fisika, Fisiologie, Fisiologiese Chemie, Geografie Geologie, Higiëne, Industriële Farmasie, Kleding, Liggaamlike Opvoedkunde, Mikrobiolo=gie, Plantbiochemie, Plantkunde, Psigologie, Rekenaarwetenskap, Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Voedselleer, Wiskunde.

Daar is sekere voorvereistes wat nagekom moet word, bv. Plantbiochemie kan alleen ge=neem word deur studente wat Plantkunde en Chemie as hoofvakke vir die B.Sc.-graad af=gelê het.

'n Student moet aan die einde van die kursus 'n universiteitseksamen aflê, waar hy dan in al die dele van die kursus gelyktydig moet slaag en hy kan hom slegs een keer vir die finale eksamen aanmeld.

## Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereiste: Die Honns.B.Sc.-graad. 'n M.Sc.-graad in Plantbiochemie kan reg=streeks na die B.Sc.-graad geneem word, mits Chemie III en Plantkunde I afgelê is.

Leergang: 'n Student moet 'n goedgekeurde kursus of kursusse van studie of navorsing of albei aan die Universiteit bywoon vir minstens een akademiese jaar na behaling van die Honns.B.Sc.-graad of twee jaar na 'n B.Sc.-graad. Die vakke waarin die graad ge=neem kan word, is dieselfde as dié vir die Honns.B.Sc.-graad. Die eksamen bestaan uit vraestelle of uit een of meer vraestelle en 'n verhandeling of skripsie op die ge=bied van die betrokke vak. 'n Verhandeling moet bewys lewer dat die kandidaat met die metode van navorsing vertroud is.

Doctor Scientiae: D.Sc.

Toelatingsvereiste: 'n M.Sc.-graad.

Leergang: Die graad word slegs toegeken nadat die kandidaat 'n goedgekeurde kursus of kursusse van studie of navorsing of albei vir minstens twee akademiese jare aan die Universiteit bygewoon het.

Die graad kan in dieselfde vakke geneem word as dié wat vir die Honns.B.Sc.-graad voorgeskryf is. Die graad kan ook in die Industriële Chemie-vakke geneem word. Kyk p. 163.

Die eksamen bestaan minstens uit 'n proefskrif wat resultate van die kandidaat se studie en navorsing bevat.

'n Proefskrif word nie aangeneem as dit nie 'n besliste bydrae tot die kennis van en in=sig in die vak is en bewys van oorspronklikheid lewer nie, hetsy deur die vind van nuwe feite, hetsy deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.

Baccalaureus Scientiae vir onderwysers in 'n tegniese rigting: B.Sc.(Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels die volgende vakke: Wiskun=de I, Toegepaste Wiskunde I, Fisika I, Chemie I, Tegnieke I en II, Tegniese Ontwerp I en II plus een van die volgende: Elektrotegniek I en II, Werktuigkunde I en II, Boukun=de I en II. In sy vierde jaar neem die student die H.O.D. (nagraads). Kyk p. 123.

Studente moet agt weke praktiese werk by die nywerhede doen.

Baccalaureus Scientiae in Operasionele Analise: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad.

Leergang: Vier jaar deeltydse studie. Die kursus word slegs na-uurs te Vanderbijl=park aangebied.

Die verpligte vakke is Operasionele Analise III, Wiskunde III en Rekenaarwetenskap II.

Baccalaureus Scientiae (Bodemkunde): B.Sc.(Bod.)

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad met Bodemkunde as een hoofvak.

Leergang: Die leergang strek oor een jaar en behels 'n studie van Gevorderde Bodem=kunde.

Honneurs Baccalaureus Scientiae (Bodemkunde): Honns.B.Sc.(Bod.)

Toelatingsvereiste: Die B.Sc.(Bodemkunde)-graad.

Leergang: Een jaar. Die graad kan in twee rigtings gevolg word:

- Regionaal-bodemkundige rigting
- Bodemchemiese rigting.

Magister Scientiae (Bodemkunde) en

Doctor Scientiae (Bodemkunde)

Soos vir die M.Sc.- en D.Sc.-graad onderskeidelik.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   P R E T O R I A

### FAKULTEIT WIS- EN NATUURKUNDE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde | : | B.Sc. |
| Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde (Educationis) | : | B.Sc.(Ed.) |
| Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde | : | B.Sc.(Hons.) |
| Magister in Wis- en Natuurkunde | : | M.Sc. |
| Doktor in Wis- en Natuurkunde | : | D.Sc. |

in Biofisika

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde in Biofisika | : | B.Sc.(Biofisika) (Hons.) |
| Magister in Wis- en Natuurkunde in Biofisika | : | M.Sc. (Biofisika) |
| Doktor in Wis- en Natuurkunde in Biofisika | : | D.Sc. (Biofisika) |

in Natuurbeheer

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde in Natuurbeheer | : | B.Sc. (Natuurbeheer) (Hons.) |
| Magister in Wis- en Natuurkunde in Natuurbeheer | : | M.Sc. (Natuurbeheer) |
| Doktor in Wis- en Natuurkunde in Natuurbeheer | : | D.Sc. (Natuurbeheer) |

GRADE

## Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse

- 'n Kandidaat sal nie toegelaat word om vir die volgende kursusse in te skryf nie tensy hy voldoen aan die vereistes soos hierbo uiteengesit: Biochemie, Biologiese Wetenskap, Chemie, Dierkunde, Entomologie, Fisika, Fisiologie, Genetika, Geologie, Metallurgie, Mikrobiologie, Plantkunde.
- Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek: 'n Kandidaat sal nie tot hierdie kursusse toegelaat word nie tensy hy Wiskunde op die Hoër Graad geslaag het of minstens 50 persent op die Standaardgraad behaal het.
- Vir Biologiese studierigtings word Biologie as matrikulasievak aanbeveel.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Elke leergang moet minstens nege kwalifiserende kursusse omvat. Geen kandidaat word toegelaat om 'n groter aantal kursusse as vier in die eerste, vier in die tweede en drie in die derde studiejaar te kies nie.

'n Kandidaat moet sy leergang uit die volgende vakke saamstel: Aardrykskunde, Biochemie, Biologie, Biologiese Wetenskap, Chemie, Dierkunde, Entomologie, Fisika, Fisiologie, Genetika, Geologie, Metallurgie, Mikrobiologie, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Elke leergang moet minstens twee hoofvakke insluit. Daar is sekere bepalings in verband met die hoofvakke waaraan voldoen moet word: bv. (i) As hoofvak mag Biochemie slegs saam met Chemie as tweede hoofvak aangebied word. (ii) Genetika as hoofvak mag slegs saam met Dierkunde of Entomologie of Plantkunde of Wiskundige Statistiek as tweede hoofvak geneem word.

## Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde (Educationis): B.Sc.(Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die kursusse word uit die volgende erkende skoolvakke gekies: Aardrykskunde, Biologie of Biologiese Wetenskap, Chemie, Dierkunde, Fisika, Fisiologie, Plantkunde, Wiskunde.

Minstens een tweedejaarskursus en een derdejaarskursus moet 'n skoolvak wees. In die vierde jaar neem die kandidaat onderwysvakke soos bv. Pedagogiek III, Skoolorganisasie en -administrasie, Skoolpraktyk, Vakdidaktiek.

## Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde: B.Sc.(Hons.)

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.- of B.Sc.(Ed.)-graad. 'n Kandidaat moet voldoen aan die bepalings wat by die leerplanne vir die betrokke vakke uiteengesit is: Met dien verstande dat vir toelating tot die B.Sc.(Hons.)(Weerkunde) die graad B.Sc. (Weerkunde) nie 'n voorvereiste is nie.

Leergang: Minstens een jaar voltydse studie. Die graad word in die volgende vakke toegeken: Aardrykskunde, Biochemie, Chemie, Dierkunde, Entomologie, Fisika, Genetika, Geologie, Ingenieursgeologie, Metallurgie, Mikrobiologie, Plantfisiologie, Plantkunde,

Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wateromgewingsleer, Weerkunde, Wiskunde, Wis=kundige Statistiek; en die B.Sc.(Hons.) in Natuurbeheer.

Magister in Wis- en Natuurkunde: M.Sc.

Toelatingsvereiste: 'n B.Sc.(Hons.)-graad.

Leergang: Die minimum studietydperk is een jaar. Waar toelating tot die studie nie volg op 'n B.Sc.(Hons.)-graad nie, is die minimum studietydperk twee jaar. Die Magis=tergraad word in dieselfde studierigtings as 'n B.Sc.(Hons.)-graad toegeken, asook die M.Sc. (Natuurbeheer) in Natuurbeheer.

Die graad word toegeken op grond van 'n verhandeling en 'n eksamen of op grond van slegs 'n eksamen.

Voordat 'n kandidaat vir die Magistereksamen mag inskryf, moet hy oor 'n leeskennis van Duits of Frans of 'n ander vreemde moderne taal beskik.

Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde in Biofisika: B.Sc. (Biofisika) (Hons.)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.-graad met Fisika III of 'n B.Sc. (Ing.)-graad met Fisika 3FF en aanvullende Fisika.

Leergang: Een jaar. Die leergang behels die volgende vakke: Teoretiese Fisika, Ekspe=rimentele Fisika, Biofisika, Fisiologie.

Kandidate wat wil kwalifiseer vir registrasie by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad sal benewens die B.Sc.(Hons.) (Biofisika)-graad, die praktiese ervaring in kliniese hospitaalfisika soos voorgeskryf deur genoemde Raad moet opdoen.

Magister in Wis- en Natuurkunde in Biofisika: M.Sc.(Biofisika)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.(Hons.) (Biofisika) of 'n B.Sc.(Hons.) in Fisika of 'n B.Sc.(Ing.) met Fisika 3FF en aanvullende Fisika.

Leergang: 'n Minimum tydperk van 18 maande vir kandidate met 'n B.Sc.(Biofisika)(Hons.) en andersins twee jaar.
Kyk ook M.Sc.

Doktor in Wis- en Natuurkunde: D.Sc.

Toelatingsvereiste: 'n Student moet in besit wees van 'n Magistergraad of tot die sta=tus daarvan toegelaat wees.

Leergang: 'n Kandidaat vir die graad moet 'n proefskrif voorlê wat handel oor 'n onder=werp uit die vakke wat vir die M.Sc.-graad voorgeskryf is, met uitsondering van Weer=kunde. Die doktorale eksamen word mondelings en/of skriftelik afgeneem en gaan oor die inhoud van die proefskrif sowel as daardie onderdele van die vakgebied waarop die proef=skrif gebaseer is.

'n Doktorsgraad word toegeken minstens vier jaar na voldoening aan al die vereistes vir die Baccalaureusgraad of minstens twee jaar na voldoening aan al die vereistes vir die Magistergraad.

Doktor in Wis- en Natuurkunde in Biofisika: D.Sc.(Biofisika)

Toelatingsvereiste: M.Sc. (Biofisika)-graad.

Leergang: Kyk D.Sc.-graad.

## R A N D S E   A F R I K A A N S E   U N I V E R S I T E I T

### FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Grade

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in elk van die volgende leerganggroepe:

| | | |
|---|---|---|
| Aardwetenskappe | : | B.Sc. |
| Biologiese Wetenskappe | : | B.Sc. |
| Fisiese Wetenskappe | : | B.Sc. |
| Onderwysersopleiding | : | B.Sc.(Ed.) |

| | | |
|---|---|---|
| Wiskundige Wetenskappe | : | B.Sc. |
| Honneurs Baccalaureus in die Natuurwetenskappe | : | B.Sc.Hons. |
| Magister in die Natuurwetenskappe | : | M.Sc. |
| Magister Philosophiae | : | M.Phil. |
| Doktor in die Natuurwetenskappe | : | Ph.D. |
| Doctor Philosophiae | : | D.Phil. |

GRADE

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met minstens 40 persent in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse

- Wiskunde, Wiskundige Statistiek: Kandidate wat Wiskunde op die Standaardgraad geslaag het, word slegs by uitsondering en nadat 'n toets gestel deur die Departement Wiskunde geslaag is, tot kursusse in Wiskunde en Wiskundige Statistiek toegelaat.

- Wiskundige Metodes: 'n Slaagsyfer (40 persent) op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad in Wiskunde.

Leergang: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie. Elke leergang moet saamgestel wees uit minstens 18 semesterkursusse. 'n Leergang sluit in ôf twee primêre hoofvakke ôf een primêre plus twee sekondêre hoofvakke. Een versterkte hoofvak mag in plaas van 'n primêre hoofvak geneem word. (Kyk Fakulteit Lettere en Wysbegeerte p.22.)

'n Student registreer vir 'n Baccalaureusgraad onder 'n bepaalde leerganggroep en sy registrasie en kursuswysigings moet deur die leerganggroepvoorsitter goedgekeur word.

Die leergang word uit kursusse in die volgende vakke saamgestel: Biochemie, Biologie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Geografie, Geologie, Logika, Menslike Anatomie, Menslike Fisiologie, Mineraalekonomie, Opvoedkunde, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Statistiese Metodes, Teoretiese Fisika, Wiskunde, Wiskundige Metodes, Wiskundige Statistiek.

Wetenskapsleer A en B is verpligtend en is addisioneel tot die minimum van 18 semester=kursusse vir die B.Sc.-graad.

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe (Opvoedkunde): B.Sc.(Ed.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. (Kyk Fakulteit Lettere en Wysbegeerte p. 22.)

Die leergang bestaan uit minstens 27 semesterkursusse, benewens Bybelonderrig, en word soos volg saamgestel: Opvoedkunde I, II en III; Vakdidaktieke in twee skoolvakke; Onderwyspraktyk; 16 semesterkursusse insluitend twee hoofvakke en gekies volgens die voorskrifte van 'n leerganggroep van die Fakulteit. (Kyk ook p. 22.)

Die graad verleen toelating tot nagraadse studie vir B.Sc.Hons. en/of B.Ed.
Kyk ook p. 125.

Magister Philosophiae: M.Phil.

Toelatingsvereistes: 'n Student kan toegelaat word indien sy voorgestelde studie van sodanige multi- of interdissiplinêre aard is dat dit nie uitsluitlik in slegs een fakul=teit tuishoort nie, en met dien verstande dat hy 'n Honneursgraad verwerf het wat met of sonder ander kwalifikasies voldoende onderbou verskaf vir die voorgestelde Magister=studie.

Leergang: Soos vir die M.A.-graad.
Kyk p. 22.

B.Sc.Hons.-, M.Sc.- en Doktorsgrade

Kyk Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, B.A.Hons.-, M.A.- en Doktorsgraad, p. 22.

R H O D E S - U N I V E R S I T E I T

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae met Honneurs | : | B.Sc.(Hons.) |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Doctor Philosophiae | : | Ph.D. |
| Doctor Scientiae | : | D.Sc. |

Diploma

Diploma in Leerwetenskap (Nagraads)

GRADE

Baccalaureus Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n F-simbool in Wiskunde op die Hoër Graad, of 'n E-simbool in Wis=kunde op die Standaardgraad.

Addisionele toelatingsvereistes tot kursusse

- Chemie IA: 'n Slaagsyfer in ôf Natuur- en Skeikunde ôf Chemie of Fisika met 'n F-simbool op die Hoër Graad of 'n E-simbool op die Standaardgraad.

- Wiskunde IA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde met 'n E-simbool op die Hoër Graad of 'n D-simbool op die Standaardgraad.

- Fisika IA: 'n Slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde of Fisika met 'n F-simbool op die Hoër Graad of 'n E-simbool op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet krediet verwerf in minstens nege kursusse.

'n Kandidaat moet krediet verwerf in al die vereiste kursusse in minstens twee vakke wat bekend staan as hoofvakke en wat uit die volgende gekies moet word:

(a) Hoofvakke met drie kursusse

Chemie, Dierkunde, Fisika, Geografie, Geologie, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Siel=kunde, Wiskunde.

(b) Hoofvakke met twee kursusse

Chemie (Biol.), Entomologie, Mikrobiologie, Toegepaste Chemie, Toegepaste Chemie (Geol.), Toegepaste Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

'n Leergang kan kursusse in enige van die bogenoemde vakke insluit wat nie alreeds as hoofvakke gekies is nie; en enige van die volgende kursusse: Biologiese Wetenskap I, Biologiese Wetenskap II, Statistiek, Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wiskunde.

Die negende kursus kan uit die volgende vakke gekies word: Afrikaans, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Italiaans, Joernalistiek, Logika, Wysbegeerte, Xhosa of enige ander moderne taal.

Baccalaureus Scientiae met Honneurs: B.Sc.(Hons.)

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad met 'n slaagsyfer in minstens die tweede klas in die finale jaar in die vak waarin die kandidaat die Honneurskursus wil volg.

Leergang: 'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens een akademiese jaar bywoon en 'n kursus van gevorderde studie in een van die volgende vakke volg: Chemie, Dier=kunde, Elektronika, Entomologie, Fisika, Geografie, Geologie, Igtiologie, Mikrobiologie, Operasionele Navorsing, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Die vak van 'n Honneurskursus moet een wees wat die kandidaat as hoofvak vir die B.Sc.-graad voltooi het. Operasionele Navorsing is 'n goedgekeurde uitsondering.

'n Kandidaat moet al die dele van die eksamen gelyktydig aflê en sal nie toegelaat word om hom meer as een keer vir die Honneurseksamen in dieselfde vak aan te meld nie.

## Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereiste: Die B.Sc.(Hons.)-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet 'n goedgekeurde kursus van stu of navorsing vir een jaar aan die Universiteit bywoon.

Die eksamen vir die graad behels 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp, en/of sodanige skriftelike of mondelinge eksamens wat voorgeskryf mag word.

## Doctor Philosophiae: Ph. D.

Kyk Hoofstuk 2, Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, p. 25.

## Doctor Scientiae: D.Sc.

Toelatingsvereiste: Die M.Sc.-graad.

Leergang: 'n Kandidaat sal nie tot die graad toegelaat word nie voordat minstens vyf jaar na toelating tot die B.Sc.(Hons.)-graad of minstens vier jaar na toelating tot die M.Sc.-graad verstryk het.

'n Kandidaat moet vir goedkeuring van die Senaat, ses eksemplare van gepubliseerde werk voorlê wat oor 'n onderwerp handel wat binne die perke van die studies val wat in die Universiteit verteenwoordig is.

DIPLOMA

## Diploma in Leerwetenskap (Nagraads)

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad met Chemie as 'n hoofvak. 'n Kandidaat moet toe= stemming van die Fakulteitsraad, op aanbeveling van die Direkteur van die Navorsings= instituut vir Leernywerhede verkry.

Leergang: Een jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet krediet verwerf in al die volgen= de kursusse: Beginsels van Leervervaardiging, Metodes van Leervervaardiging, Analitiese Chemie (Leer), Fisiese Chemie (Leer), Praktiese Chemie (Leer).

'n Kandidaat moet eksamens in elk van die voorgeskrewe kursusse aflê en 'n oorspronklike verhandeling voorberei.

# U N I V E R S I T E I T  V A N  S T E L L E N B O S C H

## FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

### Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus in die Natuurwetenskappe | : | B.Sc. |
| Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe | : | Hons.-B.Sc. |
| Hons.-B.Sc. met Operasionele Analise as hoof= studierigting | | |
| Hons.-B.Sc. met Biofisika as hoofstudierigting | | |
| Magister in die Natuurwetenskappe | : | M.Sc. |
| M.Sc.(Voorligtingsielkunde) | | |
| M.Sc.(Kliniese Sielkunde) | | |
| Doktor in die Natuurwetenskappe | : | D.Sc. |
| Doktor in die Wysbegeerte | : | Ph.D. |

GRADE

## Baccalaureus in die Natuurwetenskappe: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, waarvan ten minste een op die Hoër Graad moet wees, met dien verstande dat waar Wiskunde I as vak vir 'n kursus aangebied word, 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 'n C- simbool op die Standaardgraad vereis word.

Voornemende studente wat 'n kursus wil volg in Chemie en/of Fisika word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde vir die st. 10-eksamen te neem. Indien 'n student Botanie en/of Soölogie (Dierkunde) wil volg, word hy sterk aangeraai om benewens Natuur- en Skeikunde, ook Biologie vir die st. 10-eksamen te neem.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels normaalweg nege jaarkursusse. Die vakke wat net in die eerste en/of tweede jare gevolg word, geld as byvakke en die twee vakke wat in die derde jaar geneem word, geld as hoofvakke.

Die volgende vakke is hoofvakke wat ook tot nagraadse studie kan lei, mits voldoen word aan die vereistes:

Biochemie, Botanie, Chemie, Dieetkunde, Fisika, Fisiologie, Genetika, Geochemie, Geografie, Geologie, Insektekunde, Mikrobiologie, Plantsiekteleer, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Soölogie, Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

## Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe: Hons.-B.Sc.

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad en 'n skriftelike aansoek om tot die betrokke kursus toegelaat te word.

Leergang: Studente moet die voorgeskrewe kursus vir ten minste een jaar aan die Universiteit volg en in die vereiste eksamen slaag.

## Hons.-B.Sc. met Operasionele Analise as hoofstudierigting

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad met minstens een van die volgende vakke as hoofvak: Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Statistiek

OF

'n Baccalaureusgraad in die Ingenieurswese.

Leergang: Die leergang behels 'n studie van verskeie onderwerpe, byvoorbeeld Waarskynlikheidsleer en Stogastiese Prosesse, Voorraad- en Produksiebeheer, Lineêre en Nielineêre Programmering, Simulasie en Numeriese metodes.

## Hons.-B.Sc. met Biofisika as hoofstudierigting

Toelatingsvereistes: Vir toelating tot die fisies georiënteerde kursus word 'n B.Sc.-graad met Fisika III en Chemie II vereis. Studente moet minstens Fisiologie I (of 'n ander goedgekeurde biologiese vak) aanbied.

Vir toelating tot die biologies georiënteerde kursus word 'n B.Sc.-graad met minstens een biologiese hoofvak, asook Fisika I, Wiskunde I en ôf Biochemie I ôf 'n M.B., Ch.B.-graad, vereis. Studente moet minstens Fisika II aanbied.

Leergang: 18 maande. Die kursus word gedifferensieer in twee hoofstudierigtings, naamlik (i) vir meer fisies georiënteerde studente en (ii) vir meer biologies georiënteerde studente. Elke student kies 6 afdelings. Die afdelings behels onder andere Molekulêre Biologie, Fotochemie en Fotobiologie, Radiochemie en Stralingsbiologie, Radiologiese Fisika, Kernfisika.

## Magister in die Natuurwetenskappe: M.Sc.

Toelatingsvereistes: Die Honneursgraad of die Baccalaureusgraad en 'n skriftelike aansoek om tot die betrokke kursus toegelaat te word.

Leergang: 'n Student moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van ten minste een jaar (nâ behaling van die Honneursgraad) aan die Universiteit of op 'n ander goedgekeurde plek volg en 'n bevredigende verhandeling inlewer.

OF

'n Student moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van ten minste twee jaar (nâ behaling van die Baccalaureusgraad) wat 'n periode van studie of navorsing van nie langer as een jaar nie op 'n ander erkende plek mag insluit. Verder moet hy in die voorgeskrewe eksamen slaag en 'n bevredigende verhandeling inlewer.

## M.Sc. (Voorligtingsielkunde)

Toelatingsvereistes: 'n Honneurs-B.Sc.-graad met Voorligtingsielkunde. Kandidate moet reeds in 'n betrekking staan waar hulle sielkundige voorligtingswerk verrig.

Leergang: Soos vir die Nagraadse Diplomakursus in Voorligtingsielkunde, maar op 'n meer gevorderde vlak. (Kyk Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, p. 27.) 'n Verhandeling moet ingedien word.

M.Sc. (Kliniese Sielkunde)

Toelatingsvereistes: 'n Honneurs-B.Sc.-graad en skriftelike aansoek om toelating tot die kursus.

Leergang: Kyk M.A.(Kliniese Sielkunde) p. 26.

Doktor in die Natuurwetenskappe: D.Sc.

Toelatingsvereiste: Die M.Sc.-graad of 'n ander graad of kwalifikasie wat van 'n toe= reikende standaard is.

Leergang: 'n Kandidaat moet minstens drie jaar lank as student vir 'n Doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf wees en daar moet minstens sewe jaar verloop nadat hy die Magistergraad verwerf het voordat hy tot die Doktorsgraad toegelaat word. Hy moet ge= vorderde oorspronklike navorsing en/of skeppende werk op die gebied van die natuurweten= skappe verrig en moet oorspronklike werk(e) - reeds gepubliseer - van 'n hoë standaard inlewer, wat oor 'n sentrale tema handel en wat toon dat hy 'n wesenlike en besondere bydrae tot die verryking van die kennis aangaande die natuurwetenskap gemaak het. Indien dit vereis word, moet hy 'n mondelinge eksamen aflê.

Indien die kandidaat reeds in besit is van 'n Doktorsgraad in die Wysbegeerte (Ph.D.) moet hy vir ten minste een akademiese jaar aan die Universiteit ingeskryf wees.

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D.

Toelatingsvereiste: 'n M.Sc.-graad of 'n ander bewys van toereikende bekwaamheid in die bepaalde studierigting.

Leergang: 'n Kandidaat moet minstens twee jaar lank as student vir die graad ingeskryf wees. 'n Proefskrif word vereis wat oorspronklike navorsing van die kandidaat oor een of ander vraagstuk in verband met sy hoofvak behels.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   S U I D - A F R I K A

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Honneurs-Baccalaureus Scientiae | : | Hons.-B.Sc. |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Doctor Philosophiae | : | Ph.D. |

Diploma

Diploma in Datametrie

GRADE

Baccalaures Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie-vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad.

'n Student wat registreer vir modules of kursusse waarvoor praktiese werk voorgeskryf is, moet praktiese werk gedurende die jaar in 'n goedgekeurde laboratorium verrig. Die student moet self 'n geskikte laboratorium en toesighouer vir sy praktiese werk bekom behalwe in die geval van Fisika en Rekenaarwetenskap.

Leergang: Die graad moet binne tien jaar na 'n student se eerste registrasie vir die graad behaal word.

'n Kursuseenheid staan bekend as 'n module. 'n Student ontvang krediet vir elke module waarin hy slaag. Die vakke waarin modules geneem kan word is soos volg:

Aardrykskunde, Biologie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Fisiologie, Fisiologiese Chemie, Geologie, Inligtingstelsels, Mikrobiologie, Operasionele Navorsing, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Statistiek, Sterrekunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde.

Die leergang bestaan uit dertig modules wat soos volg saamgestel word:

(i) Minstens 24 modules moet in bogenoemde vakke geneem word. Minstens 16 van hierdie 24 modules moet op tweede vlak of hoër wees, en daarvan moet minstens 8 op derde vlak of hoër wees.

(ii) Hoogstens 6 modules, of die ekwivalente waarde in kursusse, kan in vakke uit die leergange van eerste Baccalaureusgrade van ander fakulteite geneem word.

'n Student neem hoogstens 12 modules per jaar.

Die modules wat bv. in Biologie geneem kan word is soos volg:

| Module | Beskrywing |
|---|---|
| BIO 101 | Inleidende Biologie |
| BIO 102 | Histologie, Fisiologie, en prakties |
| BIO 103 | Morfologie, Taksonomie, Ekologie en prakties |

Die voorvereiste vir Biologie is Natuur- en Skeikunde of Biologic vir st. 10.

## Honneurs-Baccalaureus Scientiae: Hons.-B.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad of 'n gelykstaande kwalifikasie en bewys van student se bekwaamheid in die betrokke vak.

Leergang: Minstens een jaar. Die leergang bestaan uit 10 modules. Die graad word in die volgende vakke toegeken: Aardrykskunde, Chemie, Fisika, Inligtingstelsels, Opera= sionele Navorsing, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Wis= kunde.

## Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n Honneurs-Baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie en bewys van die student se bekwaamheid in die betrokke vak.

Leergang: Die graad word in dieselfde vakke toegeken as die graad Hons.-B.Sc. Die leer= gang bestaan uit òf 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp òf vyf modules en 'n verhandeling òf minstens tien modules. In Chemie bestaan die leergang uit 'n skrifte= like eksamen en 'n verhandeling.

## Doctor Philosophiae: Ph.D.

Toelatingsvereiste: 'n Magistergraad.

Leergang: Die graad word nie toegeken voordat twee jaar verloop het sedert die Magis= tergraad verwerf is nie. Die leergang bestaan uit 'n proefskrif. In Chemie bestaan die leergang uit twee skriftelike eksamens en 'n proefskrif.

DIPLOMA

## Diploma in Datametrie

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievry= stelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Die diploma moet binne vyf jaar na 'n student se eerste registrasie vir die diploma behaal word.

Vakke waarin modules geneem kan word, is soos volg: Inligtingstelsels, Operasionele Na= vorsing, Rekeningkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Statistiek.

# U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   W I T W A T E R S R A N D

## FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Grade

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc. |
| Baccalaureus Scientiae in Opvoedkunde | : | B.Sc. (Opvoedkunde) |

| | | |
|---|---|---|
| Honneurs Baccalaureus Scientiae | : | B.Sc.Hons. |
| Magister Scientiae | : | M.Sc. |
| Philosophiae Doctor | : | Ph.D. |
| Doctor Scientiae | : | D.Sc. |

Diploma

Diploma in Rekenaarwetenskap

GRADE

Baccalaureus Scientiae: B.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie-vrystelling).

Addisionele vereistes

- 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad.

- 'n Slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die vakke in Lys A hieronder indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is, of indien Wiskunde op die Standaardgraad geslaag is, ôf twee vakke in Lys A hieronder ôf een van die vakke in Lys A en een van die vakke in Lys B hieronder:

| Lys A | Lys B |
|---|---|
| Aardrykskunde | Duits |
| Biologie | Frans |
| Fisiologie | Geskiedenis |
| Natuur- en Skeikunde | Hebreeus |
| | Latyn |

Leergang: Drie jaar voltydse studie. 'n Student moet in sy leergang insluit ôf al die kursusse wat in die twee hoofvakke aangebied word, in welke geval sy leergang dan nie meer as nege kursusse hoef te behels nie; ôf al die kursusse wat in een hoofvak aangebied word, in welke geval sy leergang minstens tien kursusse moet behels, waarvan minstens vier op tweede- of derdejaarsvlak moet wees.

Die hoofvakke waarin drie kursusse aangebied word, is die volgende: Argeologie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Geografie, Geologie, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Die hoofvakke waarin twee kursusse aangebied word, is die volgende: Algemene Anatomie, Anatomie, Biochemie, Fisiologie, Fisiologiese Chemie, Genetika, Histologie, Mikro-anatomie, Mikrobiologie.

Die hoofvak waarin net een kursus aangebied word, is Geofisika.

'n Student moet in sy leergang sodanige byvakke tot sy hoofvakke byvoeg soos deur die Senaat bepaal.

'n Student moet in sy leergang minstens een kursus in een van die volgende vakke insluit: Algemene Anatomie (waaronder Histologie), Anatomie (waaronder Mikro-anatomie) I, Biochemie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Fisiologie (Geneeskundig), Fisiologie (Natuurwetenskappe), Fisiologie (Tandheelkundig), Fisiologiese Chemie, Genetika, Geofisika, Geografie, Geologie, Mikrobiologie, Plantkunde, Sielkunde.

'n Goedgekeurde leergang moet een van die kursusse onder (a) insluit; met dien verstande dat met toestemming van die Senaat, een van die kursusse onder (b) in die plek gestel kan word.

(a) Engels I, Staatsteorieë en Instellinge, Filosofie van die Wetenskap;

(b) Afrikaans, Afrikaans en Nederlands I, Afrika-regering I, 'n Bantoetaal, Beeldende Kunste, Bybel- en Godsdiensstudies I, Duits I, Ekonomie I, Ekonomiese Geskiedenis I, Fonetiek en Taalwetenskap I, Frans I, Geskiedenis I, Geskiedenis van die Opvoedkunde, Grieks I, Hebreeus I, Italiaans I, Klassieke Lewenswyse en Denke I, Kunsgeskiedenis I, Latyn I, Musiekgeskiedenis I, Musiekgeskiedenis en -waardering, Portugees I, Regswetenskap en Instellinge I, Rekeningkunde, Russies I, Sosiale Antropologie I, Sosiologie I, Staatsleer I, Wysbegeerte I.

'n Student wat Argeologie as hoofvak gekies het, moet tien dae aan veldwerk buite Johan= nesburg bestee as deel van die vereistes van elk van die eerste en tweede kwalifiserende kursusse.

'n Student wat Geologie as hoofvak gekies het, moet vir minstens twee maande praktiese werk van 'n geologiese aard wat deur die Senaat goedgekeur is, verrig, normaalweg ge= durende Desember en Januarie aan die einde van die tweede studiejaar.

## Baccalaureus Scientiae in Opvoedkunde: B.Sc. (Opvoedkunde)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die eerste drie jaar is soortgelyk aan die B.Sc.-graad met die toevoeging van Opvoedkunde IA, IB en II. Die vierde studiejaar behels onder andere die volgende kursusse: Opvoedkunde III; kursusse in die metodiek van 'n goedgekeurde onderwysvak waarin die student in die derde kursus krediet verwerf het, en in die metodiek van 'n goedgekeurde onderwysvak waarin hy krediet in minstens die tweede kursus verwerf het; 'n kursus in Gevorderde Studie in 'n vak waarin die student die derde kursus voltooi het; praktiese onderwys vir minstens nege weke.
Kyk ook p. 131.

## Honneurs Baccalaureus Scientiae: B.Sc.Hons.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moes krediet in al die kwalifiserende kursusse vir die B.Sc.-graad verwerf het.

'n Persoon wat aan al die vereistes vir die B.D.S.- of M.B., B.Ch.-graad voldoen het, kan toegelaat word as 'n kandidaat vir die Honneursgraad in Farmakologie.

Afgesien van Paleontologie en Farmakologie moet die vak van 'n Honneurskursus een wees wat die kandidaat as hoofvak vir die B.Sc.-graad voltooi het.

Leergang: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Die graad kan in 'n kursus gekies uit een van die volgende vakke toegeken word: Anato= mie, Argeologie, Biochemie, Chemie, Dierkunde, Eksperimentele en Teoretiese Fisika, Eksperimentele Fisiologie, Farmakologie, Fisiologiese Chemie, Genetika, Geofisika, Geo= grafie, Geologie, Histologie, Mikro-anatomie, Mikrobiologie, Paleontologie, Plantkunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Daar kan van die kandidaat verwag word om die Senaat te oortuig dat hy oor voldoende kennis van 'n derde taal beskik om die wetenskaplike publikasies in sy vakgebied in diē taal te kan lees.

'n Kandidaat wat 'n Honneurseksamen druip, sal toegelaat word om hom weer vir dié eksa= men aan te meld, nie eerder dan een jaar na die eksamen wat hy gedruip het, en hy moet weer die kursus of 'n gedeelte daarvan voor sodanige eksamen bywoon.

## Magister Scientiae: M.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.Hons. of 'n B.Sc. (Ind.Chem.) of 'n B.Phil. in Omgewings= wetenskap.

'n Persoon wat as kandidaat vir die graad toegelaat wil word, moet skriftelik aansoek doen by die Registrateur. Hy moet bewyse indien van sy akademiese en algemene kwalifi= kasies en die navorsingsrigting wat hy wil voortsit, aandui.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens een akademiese jaar gevorderde studie en/of navorsing voortsit, onder die leiding van 'n toesighouer wat deur die Senaat aangestel is. Hy moet 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp voorlê, en, indien die Senaat dit vereis, hom aanmeld vir 'n eksamen of toets, mondeling of skriftelik of al= bei, in verband met die onderwerp van sy verhandeling.

## Philosophiae Doctor: Ph.D.

Toelatingsvereistes: 'n M.Sc.-graad of met toestemming van die Senaat, 'n B.Sc.Hons.-graad of 'n B.Phil. in Omgewingswetenskap.

'n Persoon wat as kandidaat vir die graad toegelaat wil word, moet skriftelik by die Registrateur aansoek doen. Hy moet bewyse indien van sy akademiese en algemene kwalifi= kasies en die navorsingsrigting wat hy wil voortsit, aandui.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir minstens twee akademiese jare voltydse navorsing oor 'n

onderwerp onder die leiding van 'n toesighouer ôf aan die Universiteit ôf aan 'n inrig= ting wat vir hierdie doel beskou word as deel van die Universiteit voortsit. Daar kan van hom verwag word om gevorderde kursusse by te woon en om 'n eksamen in sodanige kursusse af te lê.

Elke kandidaat moet vir die goedkeuring van die Senaat 'n proefskrif voorlê wat 'n be= sliste bydrae tot die bevordering van kennis in die gekose onderwerp moet lewer. Daar kan van hom verwag word om hom vir 'n mondelinge of skriftelike eksamen of toets aan te meld.

Doctor Scientiae: D.Sc.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet skriftelik aansoek doen by die Registrateur. Hy moet bewyse indien van sy akademiese en algemene kwalifikasies en die onderwerp van die werkstuk aandui wat hy van plan is om vir die graad aan te bied.

Enige van die volgende persone kan as 'n kandidaat toegelaat word:

- 'n Persoon wat minstens vyf jaar al in besit is van een van die volgende grade:
  - 'n B.Sc.Hons.-graad
  - 'n B.Sc.-graad in Grondbewaring (indien hy in 'n eksamen op Honneurspeil ge= slaag het)
  - 'n B.A.Hons.-graad, mits die voorgestelde werk betrekking het op Geografie, Wiskundige Statistiek, Wiskunde of Sielkunde.
- 'n Persoon in besit van 'n M.Sc.-graad wat minstens vier jaar al in besit is van 'n B.Sc.-Hons.-graad
- 'n Persoon in besit van 'n M.A.-graad wat minstens vier jaar al in besit is van 'n B.A.Hons.-graad mits die werkstuk wat hy wil aanbied betrekking het op Geografie, Wiskundige Statistiek, Wiskunde of Sielkunde
- 'n Persoon wat minstens twee jaar al in besit is van 'n Ph.D.-graad.

Leergang: 'n Kandidaat moet vir die goedkeuring van die Senaat oorspronklike werk in 'n goedgekeurde vakgebied voorlê. Die werk wat reeds gepubliseer moet wees, moet 'n voor= treflike bydrae ter bevordering van die kennis in dié vakgebied lewer.

DIPLOMA

Diploma in Rekenaarwetenskap

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad van enige fakulteit en hy moet die Senaat oortuig dat hy 'n standaard in Wiskunde bereik het wat gelykstaande is aan dié vir die tweedejaarpeil vir 'n graad.

Leergang: Twee jaar deeltydse studie. Die leergang behels 'n geïntegreerde keuse van onderwerpe soos byvoorbeeld Derde Kwalifiserende Kursus in Rekenaarwetenskap, Honneurs= kursus in Rekenaarwetenskap, Derde Kwalifiserende Kursus in Toegepaste Wiskunde en so meer.

VAKKE VIR B.Sc. IN DIE FAKULTEITE NATUURWETENSKAPPE AANGEBIED

Let wel: Raadpleeg hoofstuk 6 vir vakke in die beroepsgerigte kursusse.

Aardrykskunde/Geografie: Alle univer= siteite behalwe UPE
Afrikaans: UN, Rhodes
Afrikaans en Nederlands: UN
Algemene Anatomie: UW
Algemene Biologie: UK
Anatomie: UW
Argeologie: UK, UW
Astrofisika: UK
Bedryf- en Personeelsielkunde PU vir CHO
Bedryfsekonomie: UPE
Beskrywende Meetkunde: PU vir CHO
Biochemie: UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UW
Biologie: UN, UOVS, UP, RAU, Unisa
Biologie in Menslike Sake: UN
Biologiese Wetenskap: UN, UP, Rhodes
Biometrie: UN
Bodemkunde: PU vir CHO
Bybelkunde: UN
Chemie: Alle universiteite
Chemie (Geochemie-keuse): UK
Chemiese Ingenieurswese-kursusse: UK
Dieetkunde: US
Dienselektronika: UN
Dierebiologie: UK
Dierkunde/Soölogie: Alle universiteite
Duits: UN, Rhodes
Ekonomie: UN, UPE, Rhodes

Ekonomiese Geskiedenis: UN
Elektroniese Dataverwerking: UPE
Engels: UN, Rhodes, UW
Entomologie/Insektekunde: UN, UOVS, UP, Rhodes, US
Filosofie van die Wetenskap: UW
Fisiese Oseanografie: UK
Fisika: Alle universiteite
Fisiologie: UK, UOVS, PU vir CHO, UP, US, Unisa, UW
Fisiologiese Chemie: Unisa, UW
Frans: UN, Rhodes
Fundamentele Biologie: UPE
Genetika: UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Geochemie: UOVS, US
Geofisika: UW
Geografie/Aardrykskunde: Alle universiteite behalwe UPE
Geohidrologie: UOVS
Geologie: Alle universiteite
Geskiedenis: UN
Geskiedenis en Filosofie van die Wetenskap: UK
Grondkunde: UN
Grieks: UN
Hebreeus: UN
Histologie: UW
Industriële Chemie: PU vir CHO
Inleiding tot Chemiese Prosestegnologie: UN
Inleiding tot Rekenaarwetenskap: UN
Inleiding tot Steekproefmetodes: UN
Inligtingstelsels: Unisa
Insektekunde/Entomologie: UN, UOVS, UP, Rhodes, US
Italiaans: Rhodes
Joernalistiek: Rhodes
Joodse Studies: UN
Klassieke Beskawing: UN
Klassieke Hebreeus: UN
Kunsgeskiedenis: UN
Latyn: UN
Liggaamlike Opvoedkunde: UOVS, PU vir CHO, US
Logika: RAU, Rhodes
Masjientekene: PU vir CHO
Meervoudige Regressie en Korrelasie: UN
Menslike Anatomie: RAU
Menslike Biologie: UK
Menslike Fisiologie: RAU
Metallurgie: UP
Metallurgie- en Materiaalwetenskap=kursusse: UK
Mikro-anatomie: UW
Mikrobiologie: UK, UOVS, PU vir CHO UP, Rhodes, US, Unisa, UW
Mikrobiologie - Plantpatologie: UN
Mineraalekonomie: RAU
Molekulêre Biologie: UK
Numeriese Analise en Berekening: UK
Omgewingshulpbronnebestuur: UK
Ondernemingsnavorsing: UPE
Operasionele Navorsing: Unisa
Opmeting: UN
Opvoedkunde: RAU
Plantbiologie: UK
Plantkunde/Botanie: Alle universiteite
Plantsiekteleer: US
Rekenaarkundige en Statistiese Toegepaste Wiskunde: UK
Rekenaarwetenskap: Alle universiteite
Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wiskunde: Rhodes
Seegeologie: UK
Sielkunde/Psigologie: UK, UN, UOVS, PU vir CHO, RAU, Rhodes, US, Unisa, UW
Sosiale Antropologie: UN
Sosiologie: UN
Staatsteorieë en Instellinge: UW
Statistiese Metodes: UPE, PU vir CHO, RAU
Statistiek: UK, UN, UOVS, Rhodes, US Unisa
Steekproefmetodes: UN
Sterdinamika: UK
Sterrekunde: UK, Unisa
Teologie, UN
Teoretiese Chemie: UN
Teoretiese Fisika: RAU
Teorie van Statistiek: PU vir CHO
Toegepaste Chemie: UN, Rhodes
Toegepaste Fisika: UN
Toegepaste Wiskunde: Alle universiteite
Voorgeskiedenis van Suidelike Afrika: UN
Voorligtingsielkunde: UOVS
Wiskunde: Alle universiteite
Wiskundige Metodes: RAU
Wiskundige Statistiek: UN, UOVS, UPE, UP, RAU, Rhodes, US, UW
Wysbegeerte: UN, Rhodes
Xhosa: Rhodes
Zulu: UN

B E R O E P S D I E N S

Let wel: a. Aangesien die klem in hierdie boek in die eerste plek op voorgraadse stu=die val, is beroepsdiens wat hoofsaaklik op nagraadse studie berus, slegs in 'n paar uitsonderlike gevalle bespreek.

b. Verskeie vakke word in meer as een fakulteit aangebied, terwyl ander vakke en/of studierigtings òf nagraadse studie behels òf spesifiek onder die beroepsgerigte kur=susse in hoofstuk 6 bespreek is. Dit sal dus nodig wees om vir 'n bepaalde vak of stu=dierigting, die INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS op p. 223, vooraf te raadpleeg.

c. Lees ook in hoofstuk 1 die gedeelte "KEUSE VAN 'N STUDIERIGTING".

Daar word beklemtoon dat studente uiters selektief te werk moet gaan ten opsigte van hul vakkombinasie, veral wat hoofvakke betref, vir die rigting waarin hulle belangstel. Verder moet hulle, met die oog op beroepsmoontlikhede, gebruik maak van die voorligtingsdiens van die skool en die universiteit, aangesien etlike beroepsrigtings ook besondere kennis van sekere ander vakke vereis.

Die beroepsmoontlikhede wat uit die vernaamste hoofvakrigtings spruit, is onder meer die volgende:

Biochemie: Soos wat die naam daarvan aandui, is Biochemie eintlik die chemie van biologiese sisteme, dit wil sê die studie van die geweldige groot verskeidenheid van chemiese prosesse of reaksies wat gedurigdeur in enige lewende wese plaasvind. As wetenskap is dit dus die studie van lewende organismes uit 'n molekulêre oogpunt.

Aangesien Biochemie dus 'n skakelvak tussen die fisiese (eksakte) wetenskappe soos Chemie, Fisika, ens., en die biologiese wetenskappe soos Plantkunde, Dierkunde, Fisiologie en Mikrobiologie vorm, bied opleiding met Biochemie as een van die hoofvakke die besondere geleentheid om uit loopbane wat in enige van hierdie rigtings bestaan, 'n keuse te doen. Daar heers tans 'n tekort aan goed opgeleide biochemici, terwyl die aantal instansies wat gegradueerdes in diens neem, vinnig toeneem vir navorsing op die gebiede van byvoorbeeld voeding en siekte van mense en diere, die landbou, watersuiwering en die nywerheid oor die algemeen.

Van die organisasies wat biochemici in diens neem, is onder andere die navorsingsinstitute en -eenhede van die WNNR, die SA Mediese Navorsingsraad en die RAK; die SABS; groot hospitale en munisipaliteite; universiteite (Fakulteite Geneeskunde, Natuurwetenskappe en Landbou); die KGTOs; nywerhede verantwoordelik vir produksie van voedsel, drank, farmaseutiese middels, kosmetiek, tekstiel, bemestingstowwe, insekte- en onkruiddoders, veemiddels en -voer, vitaminekonsentrate en so meer. In die meeste nywerhede word daar nie net navorsing gedoen nie, maar is daar ook geleentheid vir die ontwikkeling van nuwe produkte en om tot bestuursposte te vorder. Biochemici word ook in diens geneem deur staatsdepartemente soos dié van Landbou-tegniese Dienste, Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, en Gesondheid.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici (Biochemie).

Biologie: Die bioloog bestudeer en doen navorsing na die oorsprong, herkoms, ontwikkeling, anatomie, verspreiding en ander basiese eienskappe van plante en diere en die verband tussen plante- en dierelewe.

Hoewel sommige universiteite Biologie as afsonderlike vak aanbied, spesialiseer bioloë gewoonlik in die een of ander afdeling binne die twee hoofvelde, te wete Plant- en Dierkunde. Die beroepsterrein van die bioloog sal gevolglik baie dieselfde wees soos dié vir dierkundiges op p.109 en vir plantkundiges op p. 114, bespreek.

Chemie: Dit is seker nie altyd moontlik en wenslik dat die student heel aan die begin van sy studiejare een besondere vertakking in chemie sal uitsoek vir 'n lewenslange studie nie. Hiervoor is daar te veel interessante velde binne die vernaamste vertakkinge en die talryke nuwe ontwikkelings op nywerheidsgebied wat eers ondersoek of ontdek moet word. Tradisioneel is Chemie onderverdeel in drie hoofafdelings, te wete Organiese, Anorganiese en Fisiese Chemie, maar mettertyd het ook Analitiese Chemie, Biochemie, Teoretiese Chemie, Kernchemie en Polimeerchemie tot volwaardige afdelings ontwikkel. Elkeen hiervan behels 'n aantal gespesialiseerde terreine, elk met sy eie strekking en beroepsmoontlikhede. Na gelang van die oogmerke wat daarmee nagestreef word, kan Chemie as hoofvak sinvol met etlike ander natuurwetenskaplike vakke gekombineer word.

Die beroepsmoontlikhede vir gegradueerdes is feitlik onbeperk, hoofsaaklik omdat Chemie so 'n basiese komponent van die moderne samelewing is.

- Navorsing: Navorsingsprojekte word gewoonlik sover moontlik gesentraliseer en die volgende instansies, wat hierin leiding neem, bied ook ruim werkgeleentheid:

  . Die WNNR op die gebied van benutting van natuurlike hulpbronne, die boubedryf, waterbenutting, voeding en so meer. Verskeie navorsingseenhede van die WNNR dien ook bepaalde nywerhede, byvoorbeeld die hout-, keramiek-, suiker-, leer-, verf-, vis-, wol- en ander nywerhede;

  . Die RAK by Pelindaba wat navorsing met betrekking tot atoomenergie onderneem;

- Die Brandstofnavorsingsinstituut vir die bestudering van die eienskappe van steenkool, olieprospektering en die verbrandingseienskappe van motorbrand= stowwe;
- Die Nasionale Instituut vir Metallurgie vir die herwinning van moeilik bekom= bare metale soos berillium, niobium en tantaal vir gebruik in vuurpyle en straalmotore;
- Die Staat se Landbounavorsingsinstitute vir die bestudering van water- en grondchemie, bemestingstowwe, nywerheidsprodukte, plaagbestryding, veevoeding, plantchemie en so meer;
- Die Mediese Navorsingsraad (MNR) (verskeie navorsingsinstitute),
- Navorsingseenhede verbonde aan universiteite.

\- Chemici wat oor die regte vakkombinasie beskik, word as vakkundige beamptes deur verskeie staatsdepartemente in diens geneem en hul werksaamhede verskil van departe= ment tot departement, soos byvoorbeeld dié van Handel (inspekteurs van ontplofbare stow= we); Nywerheidswese (verskeie rigtings); Gesondheid (analitiese skeikundiges: medisyne- en voedselontleding en geregtelike skeikunde); Landbou-tegniese Dienste (poste ver= bonde aan verskeie navorsingsinstitute); Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling (verskeie rigtings), Mynwese (analitiese skeikundiges) en die Tesourie (Suid-Afrikaanse Munt).

\- Die konsultantchemikus en chemikus in toetsdienste wat toetse en navorsing onder= neem vir ander produsente wat nie oor chemici beskik nie, byvoorbeeld die SABS.

\- Uitstekende geleenthede as chemikus, produksieleier en navorsings of ontwikke= lingsbeampte bestaan by nywerhede en instansies soos Yskor, Sasol, Foskor, die WNNR, die SABS, olieraffinaderye, springstof- en chemiese nywerhede, Sappi en ander papier= fabrieke, sintetiese rubberprodusente, suikermeulens, steenkoolwasserye en veredelings= installasies, kragsentrales, National Chemical Products, mynmaatskappye, munisipali= teite en die Spoorweë.

\- Opleiding van chemici word al hoe belangriker om in die groeiende behoefte te voorsien, en daarom ontstaan daar steeds vakatures vir onderwysers aan sekondêre skole, en vir dosente aan universiteite en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.
Kyk ook Chemiese Ingenieurswese, p. 168.

Raadpleeg ook <u>Tersiêre Opleiding</u> vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici wat in verskeie vertakkings van Chemie verwerf kan word.

<u>Dierkunde (Soölogie)</u>: Dierkunde op sigself is so 'n wye studiegebied dat dit gerieflik= heidshalwe in 'n aantal basiese onderafdelings verdeel word soos Morfologie, Anatomie, Histologie, Fisiologie, Taksonomie, Embriologie, Paleontologie, Soögrafie, Ekologie, en ander. Ander gespesialiseerde studierigtings soos byvoorbeeld Entomologie en Gene= tika het tot heeltemal aparte vakke ontwikkel. Met Dierkunde as hoofvak kan studente gevolglik, vanweë die verskillende rigtings daarin, interessante terreiene betree. Vir baie van die werkterreiene en veral vir navorsingsposte, is die vak wat saam met Soölogie as hoofvak gevolg is, 'n belangrike faktor en dit moet, saam met sommige by= vakke, sorgvuldig oorweeg word. Plantkunde, Chemie, Fisiologie, Geologie, Biochemie en Mikrobiologie is van die vakke wat baie goed met Dierkunde kombineer.

Dierkundiges het oor die algemeen die geleentheid om uit 'n verskeidenheid van werkrig= tings te kies. Sommige hiervan kom hoofsaaklik neer op laboratoriumwerk, terwyl ander weer werk in die buitelug vereis. Voorbeelde van sommige werkgewers is die volgende: Al die onderwysdepartemente; die mediese navorsingsinstitute; die WNNR; die SABS; Onderstepoort; museums; afdelings vir natuurbewaring, wildtuine, dieretuine en visserye; oseanografiese institute; nywerhede soos die vervaardigers van kunsmisstowwe, insekte= gifstowwe en veemiddels; die Nasionale Parkeraad en talle groter en kleiner privaat firmas met belange in dierkundige produkte. In die Staatsdiens het gegradueerdes ewe= eens die geleentheid om uit verskillende vakkundige rigtings in die departemente van Nywerheidswese, Landbou-tegniese Dienste en Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling te kies.

Werkgewers gee in die jongste tyd egter steeds meer voorkeur aan kandidate met nagraad= se opleiding - hoe hoër die kwalifikasies des te beter is die vooruitsigte op 'n aan= stelling en bevordering na hoër poste. Die tekort aan goed opgeleide dierkundiges is gewoonlik so groot dat 'n groot aantal studente wat die honneursgraad voltooi het, in betrekkings opgeneem word nog voordat hulle hul opleiding afgerond het.

Entomologie (Insektekunde): Waar Insektekunde eers 'n onderafdeling van Dierkunde was, het dit vandag ontwikkel tot 'n gespesialiseerde wetenskap met verskeie onderafdelings. Dit bied gevolglik die geleentheid tot spesialisasie in rigtings soos die uitkenning en klassifikasie van insekte of 'n studie van die anatomie, fisiologie of gedrag van insekte. Op talle terreine, maar veral op die gebied van die landbou, is die gespe= sialiseerde kennis van die entomoloog van onskatbare waarde.

Entomoloë werk gewoonlik as navorsers in byvoorbeeld museums, die staatsdepartemente van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling en Landbou-tegniese Dienste (verskeie navorsings= institute en streekorganisasies), die SABS, die WNNR (etlike navorsingsinstitute), die Mediese Navorsingsinstituut, Onderstepoort en die private sektor; as tegniese adviseurs by spuitstoffirmas, koöperasies, verskeie groot produsente van vrugte, suiker, hout en so meer; as bemarkingsverteenwoordigers by firmas wat insektemiddels en spuittoerusting vervaardig en versprei. Poste kan ook beklee word as dosente aan universiteite of kolleges en as onderwysers in landbou en biologie. Die moontlikheid bestaan ook om as konsult-entomoloog in 'n private praktyk op te tree.

Fisika: Die mens besit die roepingsdrang om te heers oor die natuur, en om dit te kan doen, moet hy die natuur ken. Fisika of Natuurkunde behels die studie van die lewelose natuur en alle verskynsels in verband daarmee om sodoende die grondliggende wetmatighede daarvan te leer ken. Dit strek van verskynsels met astronomiese afmetings, soos in die hemelruim, tot ander wat ondenkbaar klein is en byvoorbeeld in die kerne van atome waargeneem kan word. As ondersteunende vak vir die Fisika is Wiskunde onontbeerlik. Die Wiskunde gee 'n eksakte afronding van die fisiese ondersoek. Gelyktydig kry die Wis= kunde ook addisionele betekenis deurdat dit op reële dinge toegepas word. Fisika kom= bineer ook goed met vakke soos Chemie, Geologie, Toegepaste Wiskunde, Geografie, Dier= kunde en Plantkunde.

Die besonder wye terreine wat deur Fisika gedek word, tesame met 'n oordeelkundige hoof- en byvakkombinasie, sal nie slegs die grondslag lê vir die keuse van 'n interessante loopbaan nie, maar sal ook dien as aansporing tot nagraadse studie en navorsing wat in hierdie wetenskap uiters noodsaaklik is. Daar bestaan 'n groot vraag na fisika-onder= wysers by al die onderwysdepartemente; na atoom- en kernfisici of ander navorsings= beamptes in diens van die WNNR, die RAK en sommige universiteite; na navorsers in diens van byvoorbeeld Yskor, Sasol, A E C I , die myne en ander nywerhede soos tekstiel- en wolbewerking, oliemaatskappye, oseanografiese institute en maatskappye wat wetenskaplike instrumente verkoop. Die ontwikkelende elektroniese nywerheid skep besondere geleent= heid vir navorsing, ontwikkeling en produksie in byvoorbeeld televisie, radar, outo= matisasie, asook die ontwerp en hantering van hoë-spoedrekenaars. Daar bestaan ook 'n groeiende vraag na fisici en biofisici in hospitale en verwante inrigtings.

In die Staatsdiens word gegradueerdes as vakkundiges in diens geneem deur departemente soos dié van Gesondheid (stralingsinspekteurs), Nywerheidswese (fisiese oseanograwe), Landbou-tegniese Dienste (vakkundige beamptes), Arbeid (inspekteurs van beroepsveilig= heid).

Geofisika is 'n vertakking van Fisika wat handel oor die hele aarde, sy hidrosfeer en atmosfeer ingesluit. Dit sluit dissiplines in soos seismologie, geomagnetisme, swaarte= krag, meteorologie ens. Geofisiese metodes word aangewend in die soektog na en die uitkenning van strukture in die aarde wat van belang is in die soektog na mineraalafset= tings, olie en ondergrondse water en in die siviele ingenieurswese. Vir hierdie doel word geofisici hoofsaaklik deur die Tak Geologiese Opname van die Departement van Mynwese in diens geneem. Die vereiste minimum kwalifikasie vir aanstelling is egter 'n B.Sc. (Hons.) of gelykwaardige vierjarige graad in Geofisika of Fisika.

Vir die heel beste studente en diegene wat gevorderde studie in Fisika en Geofisika af= gelê het, is daar moontlikhede as dosente aan universiteite of as navorsers in diens van die WNNR of byvoorbeeld die Bernard Price Instituut vir Geofisiese Navorsing aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici in verskeie fisikarigtings.

Fisiologie: Fisiologie is 'n biologiese wetenskap wat die studie van die normale funk= sies van lewende wesens, veral van die mens, omvat. Dit maak 'n besondere bydrae tot die kennis van die normale funksies van die menslike liggaam en gevolglik ook indirek tot afwykings en siektes van die mens. In wese is dit 'n toegepaste lewenswetenskap wat die grondslag lê vir verdere opleiding in geneeskunde, veeartsenykunde, farmakologie,

farmasie en ander spesialiteitsrigtings in die geneeskunde en paramediese dienste soos fisioterapie, arbeidsterapie, verpleging en hospitaaldieetkunde. In natuurwetenskap=like verband is Fisiologie van belang vir opleiding in dieetkunde, huishoudkunde en lig=gaamlike opvoeding en dien dit ook as 'n voorbereidende kursus vir gevorderde navorsing op die gebied van vele toegepaste rigtings.

'n Loopbaan met hierdie biologiese wetenskap as hoofvak, in kombinasie met vakke soos Chemie, Fisika, Wiskunde, Dierkunde, Mikrobiologie, Psigologie, Biochemie, Plantkunde, Liggaamlike Opvoedkunde en Dieetkunde, kan hoofsaaklik in twee rigtings gevind word, naamlik onderwys en navorsing. Vir die onderrig van Biologie het dit groot waarde ter=wyl sommige sekondêre skole Fisiologie as 'n afsonderlike vak aanbied. Aan hoër onder=wysinrigtings en tegniese kolleges bestaan daar ook 'n behoefte aan dosente met ge=vorderde opleiding in Fisiologie.

Verskillende laboratoria waar biologiese navorsing onderneem word, neem fisioloë in diens, soos onder meer die Kamer van Mynwese se Laboratorium vir Lewenswetenskappe, die Sentrale Geneeskundige Laboratorium van die Weermag te Voortrekkerhoogte, die Mediese Navorsingsraad en WNNR se laboratoria vir menslike voedingsnavorsing en fisiologiese chemie ens., die Raad op Atoomkrag se afdeling Lewenswetenskappe vir navorsing in ver=band met bestraling, Yskor se laboratorium vir Bedryfshigiëne, ens. Die NIPN van die WNNR het 'n Fisiologiese Sielkundeprogram waar persone met Fisiologie en Sielkunde as vakke waardevolle werk kan verrig in verband met neurofisiologie en sensories-motoriese studies. Fisioloë werk ook as laboratoriumtegnici in mediese skole, hospitale, univer=siteite en patologie-laboratoria.

Goeie loopbaanvooruitsigte vir fisioloë word ook gevind in die Departement van Landbou-tegniese Dienste, vir veeartsenykundige navorsing te Onderstepoort en ander landbou-navorsingsinstitute in verband met dierevoeding, vleis- en wolproduksie, plantvergif=tigingsprobleme en die fisiologie van insekte.

Kyk ook Dierefisiologie onder Landbou, p. 177.

Genetika (Erflikheidsleer): Van al die biologiese wetenskappe is Genetika seker die deurdringendste. Hierin word 'n studie gemaak van die onderliggende oorsake van die erflike ooreenkomste en verskille in biologiese kenmerke tussen organismes wat deur af=koms verwant is. Genetika het dus te doen met die wyse waardeur lewende organismes hul eie soort reproduseer.

Navorsingsposte vir genetici in planteteelt (vir die veredeling van graansoorte, vrugte, groente, blomme, suikerriet, tabak, tuin- en bosbome ens.) en in die diereteelt (vir die veredeling van groot-, klein- en pluimvee, pelsdiere ens.), bestaan by die verskil=lende navorsingsinstitute en proefplase oor die land heen onder beheer van die Departe=ment van Landbou-tegniese Dienste of die Departement van Bosbou, asook groot semi-privaat en private organisasies. Genetici word ook in diens geneem deur die Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, die Nasionale Parkeraad, landboukolleges en uni=versiteite. Die vraag na genetici in mediese skole en groot hospitale, om navorsing te doen in byvoorbeeld sitogenetika en biochemiese genetika, en om hulle te bekwaam as mensgenetici vir genetiese voorligting en raadgewing, word steeds groter.

Geografie/Aardrykskunde: 'n Kenmerk van hierdie vak is dat dit deur feitlik al die universiteite as 'n hoofvak vir B.A., B.Sc. of 'n graad in die ekonomiese wetenskappe aangebied word. Die voorgraadse kursusse is in al die gevalle nie beplan om gespesia=liseerde professionele opleiding aan te bied nie. Gevolglik sal studente wat prakti=serende aardrykskundiges wil word, bereid moet wees om gevorderde nagraadse studie te onderneem.

Die breë opvoedkundige spektrum wat deur kursusse in Geografie gedek word, kan geredelik by die behoeftes van talle beroepe aangepas word. Dis egter voor-die-hand-liggend dat 'n oordeelkundige hoof- en byvakkeuse in hierdie geval in 'n hoë mate die deurslag tot sukses sal gee.
'n Groot persentasie studente betree die onderwysberoep, terwyl ander en veral diegene met nagraadse opleiding, poste aanvaar in die Staatsdiens (afdelings soos weerkunde, hidrografie, bodemopname en grondgebruikopname); in diens van munisipale, provinsiale of ander owerheidsliggame op die gebied van omgewingsbewaring, kartografie of stads- en streekbeplanning; in die joernalistiek, buitelandse diens, die toeristebedryf en die handel en nywerheid. Die vak het besondere waarde vir weermagoffisiere.

Geologie (met inbegrip van Geofisika en Paleontologie): Die Geowetenskap is as weten=skap vandag wyd vertak en behels gevorderde navorsing en die praktiese toepassing daar=van in baie fasette van die moderne samelewing. Binne hierdie diverse navorsings- en

toepassingsgebiede lewer die geoloog, geofisikus en paleontoloog, elk in sy gespesiali=seerde rigting, 'n bydrae tot welsyn van die mens. Die geoloog, wat in verskeie rigtings kan spesialiseer, benut sy opleiding in Geologie, Chemie, Geochemie, Geografie, Fisika, Statistiek en Wiskunde in die verskillende tegnieke wat gebruik word in die geologiese kartering en ondersoek van die land, asook vir die opsporing en evaluering van delfstof=afsettings, en navorsing ten opsigte van ingenieursprojekte en fisiese beplanning. Die geofisikus benut sy kennis van Fisika, Geologie, Wiskunde en Geofisika in die soektog na mineraalafsettings en ondergrondse water, asook in geskiktheidsbepalings van terreine vir beoogde konstruksieprojekte. Die paleontoloog met sy kennis van Dierkunde, Plant=kunde, Paleontologie en Geologie, ontrafel die historiese ontwikkeling van lewe en wend hierdie kennis aan om gesteenteformasies en afsettingstoestande met mekaar te korreleer.

In 'n land soos Suid-Afrika waar die ekonomie in 'n hoë mate op mineraalproduksie berus, is dit vanselfsprekend dat 'n vak soos Geologie 'n belangrike rol sal speel. Dit bied geleentheid vir studie en werk in die natuur aan diegene wat lief is vir die buitelug. Dit bied egter ook voldoende geleentheid vir navorsing in die laboratorium met moderne toerusting.

Die Departement van Mynwese neem gegradueerdes wat reeds honneursvlak bereik het, in diens vir aanstelling as geoloë, geofisici of paleontoloë in een van die ses afdelings van die Tak Geologiese Opname. Ander staatsdepartemente wat gegradueerdes in diens neem, is dié van Waterwese, Landbou-tegniese Dienste, Beplanning en die Omgewing en sommige van die provinsiale administrasies.

Die meeste geoloë tree egter by myngroepe in diens in die rigtings veldeksplorasie of myngeologie. Die res is verbonde aan universiteite as lektore, aan wetenskaplike lig=game of institute soos die WNNR, museums en die Bernard Price Instituut vir Geofisiese Navorsing aan die Universiteit van die Witwatersrand. Sommige word vir geologiese werk in diens geneem deur ondernemings soos Sasol, Yskor, Soekor, ander groot nywerhede en siviele ingenieursfirmas. Enkeles tree as private konsultante op.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Teg=nici (Geologie).

Hidrologie: Hidrologie behels 'n studie van die hele waterkringloop, die onderskeie wette waaraan elke komponent van die kringloop onderhewig is en die tegniek om die ver=skillende komponente van die kringloop tot voordeel van die mens aan te wend. In die breë gesien, is dit dus die taak van 'n hidroloog om die optimale benutting van die land se waterbronne na te streef.

Die vernaamste werkgewer is die Departement van Waterwese. Die Tak Wetenskaplike Dien=ste van die Departement is funksioneel in drie afdelings verdeel, naamlik Geohidrologie, Toegepaste Hidrologie en Hidrologiese Navorsing, waarin hidroloë, assistent-hidroloë, tegnici en siviele ingenieurs werksaam is.

Hidrologie is nie 'n hoofvak vir 'n eerste B.-graad nie en kandidate moet in besit wees van 'n B.Sc.(Hons.)-graad met een of meer van die volgende as hoofstudierigting:

Basiese studierigtings: Hidrologie, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Fisika

Geohidrologie: Geohidrologie, Geologie, Geofisika, Ingenieursgeologie, Geochemie

Toegepaste Hidrologie: Rekenaarwetenskap, Operasionele Navorsing, Statistiek, Siviele Ingenieurswese

Hidrologiese navorsing: Chemie, Grondfisika, Mikrobiologie, Plantkunde, Dierkunde, Geografie.

'n Vierjarige graad in bosbou, landbou of ingenieurswese is ook 'n toepaslike kwalifi=kasie. Persone met 'n driejarige graad in bogenoemde vakgebiede kan as assistent-hidro=loë aangestel word.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici (Hidrologie) en die Nasionale Diploma vir Tegnici (Tekenkunde:Hidrografie).

Metallurgie: Metallurge is met die wetenskap en tegnologie van metale gemoeid en kan oor die algemeen in drie groepe ingedeel word, naamlik ekstraksiemetallurge, wat erts ver=werk, die metaal ekstraheer en dit raffineer; die vervaardigingsmetallurge, wat metale in legerings omskep en in verskillende bruikbare vorms verander, en die fisiese metal=lurge, wat gemoeid is met die fisiese eienskappe van metale en legerings asook die ge=drag daarvan onder gebruiksomstandighede.

Vir navorsingswerk wat veral in ekstraksiemetallurgie gedoen moet word, dien die Nasio=nale Instituut vir Metallurgie, Johannesburg, as 'n navorsingsentrum vir feitlik die

hele Suid-Afrikaanse minerale nywerheid. Die werk van die Instituut word deur verskeie afdelings behartig. Sommige mynmaatskappye onderneem self ook navorsingswerk in hul eie laboratoria, terwyl die Kamer van Mynwese 'n groot navorsingsorganisasie in Johan=nesburg het.

Vir nadere besonderhede in verband met indiensneming, opleiding en so meer, word die voornemende studente in hierdie rigting, na die volgende instansies, wat ook die ver=naamste werkgewers verteenwoordig, verwys: Die Kamer van Mynwese, die individuele myn=groepe, Yskor, die Nasionale Instituut vir Metallurgie, die RAK en die Universiteite van Pretoria en die Witwatersrand.

Kyk ook Metallurgiese Ingenieurswese, p. 169.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici (Metallurgie), die Nasionale Diploma vir Tegnici (Ekstraksiemetallurgie) en die Nasionale Diploma in Fisiese Metallurgie.

Mikrobiologie en Virologie: In hierdie studierigtings word belangrike basiese kennis verkry oor mikroskopiese organismes, insluitende hul biochemie, genetika en ekologie. Dié kennis word voordelig aangewend om siektes by mense, diere en plante te bestry, asook om voedsel, kledingstowwe, hout en ander organiese stowwe teen mikrobiese bederf te beskerm.

Verskeie spesialiseringsrigtings kom in Mikrobiologie voor en soms ontstaan die naam van die rigting as gevolg van die tipe van organisme wat bestudeer word. So het Virolo=gie te doen met virusse, Bakteriologie met bakterieë, ens. Die rigtings dien dan ook as leidraad vir 'n moontlike beroepsrigting, byvoorbeeld algemene mikrobiologie, land=bou-mikrobiologie, nywerheidsmikrobiologie, mediese en veeartsenykundige mikrobiologie, seemikrobiologie en geobiologie. Gegradueerdes in hierdie rigtings kwalifiseer vir werk hoofsaaklik as navorsers in diens van nywerhede, munisipaliteite en navorsingsinrigtings soos die WNNR, SABS en die Mediese Navorsingsraad waarvan verskillende navorsingseen=hede en -institute in verskeie dele van die land gevestig is. Mikrobiologiese navor=sing word ook onderneem deur die Departement van Landbou-tegniese Dienste by die ver=skillende navorsingsinstitute. Die Departement van Gesondheid neem viroloë in diens in verband met die vervaardiging van entstowwe in die Entstofinstituut te Pinelands, Kaap=stad. Voornemende viroloë moet hulle hoofvakke kies uit Virologie, Biologie, Mikro=biologie, Biochemie, Biofisika, Fisika of Chemie. Mikrobioloë en viroloë kan ook werk as laboratoriumtegnici by mediese skole en hospitale, en met die regte vakkombinasie die onderwys as beroep kies. Nagraadse opleiding is egter noodsaaklik vir 'n aanstel=ling as dosent aan 'n universiteit. Hierby vorm navorsing die ruggraat van die studie van Mikrobiologie en bly die mikrobioloog steeds 'n student indien hy sukses in sy loopbaan wil ervaar.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici (Mikrobiologie).

Natuurbewaring: Georganiseerde instellings in die RSA neem opgeleide persone in diens om professionele dienste te lewer ter bewaring van die land se fauna en flora. Sommige van die organisasies spits hulle toe op beskerming en navorsing ten opsigte van fauna, ander weer uitsluitlik ten opsigte van flora. Gegradueerdes word as vakkundiges in diens geneem. Hulle moet in besit van 'n B.Sc.-graad wees en bereid wees om met toe=paslike nagraadse studie en navorsing voort te gaan.

Hierdie instansies is die staatsdepartemente van Waterwese (Afdeling Waternavorsing), Nywerheidswese (Afdeling Seevisserye), Landbou-tegniese Dienste (Afdeling Bodembeskerming/ Nasionale Herbarium) en Bosbou; die departemente van natuurbewaring van die provinsiale administrasies; die Nasionale Parkeraad; die Oseanografiese Navorsingsinstituut, Durban; die WNNR; die Natalse Herbarium, Durban; die Moss Herbarium, Universiteit van die Wit=watersrand; die Compton Herbarium, Nuweland, K.P.; die Bolus Herbarium, Universiteit van Kaapstad en 'n aantal museums wat oor die land versprei is.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Natuur=bewaring en Bestuur.

Ornitologie: In Suid-Afrika word tans geen spesifieke opleiding vir die studie van voëls aangebied nie. Ornitoloë word gevolglik uit die geledere van gekwalifiseerde dierkundiges aangestel. Die vereiste vir aanstelling is normaalweg 'n B.Sc.-graad met Dierkunde as hoofvak in kombinasie met vakke soos Plantkunde, Entomologie, Aardrykskunde, Geologie ens. 'n Honneurs- of Magistergraad sal egter 'n sterk aanbeveling wees.

Werkgeleenthede vir ornitoloë is uiters beperk en slegs werklik toegewyde persone met besondere aanleg en belangstelling in dié rigting, het hoop om 'n betrekking te bekom en sukses in so 'n loopbaan te behaal. Hulle word byvoorbeeld in diens geneem deur die Nasionale Parkeraad, die provinsiale administrasies, die Departement van Landbou-tegniese Dienste en sommige museums.

Oseanografie en Marinebiologie: Oseanografie is die studie van die see - met inbegrip van die lewe daarin, die bodem daarvan en die lug daarbo. Dit is 'n samestelling van verskeie vakgebiede wat die gekoördineerde dienste vereis van uiteenlopende soorte wetenskaplikes wat as gevolg van hul besondere belangstelling in die see en sy omgewing by mekaar aansluiting vind. Hier word byvoorbeeld gedink aan die seegeoloë, chemici, fisici, bioloë en meteoroloë wat op hul beurt weer afhanklik is van die wiskundiges, ingenieurs, tegnoloë en tegnici om op verskillende terreine te help met die versameling en verwerking van gegewens.

Vanweë hierdie groot bestek van basiese vakgebiede wat betrek word, begin die gespesialiseerde opleiding van 'n oseanograaf eintlik eers nadat hy 'n B.Sc.-graad of, verkieslik, 'n B.Sc.(Hons.)-graad in gewone wetenskapvakke behaal het. Hierdie vakke behoort, benewens Plantkunde, Dierkunde, Chemie, Geologie, Fisika of Mikrobiologie as een of meer van die hoofvakke, ook Wiskunde in te sluit en daarby 'n sorgvuldig gekose kombinasie van byvakke. 'n Graad in die ingenieurswese bied 'n uitstekende basis vir spesialisering in sekere aspekte van fisiese oseanografie. (Die Universiteit van Kaapstad is tans die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wat spesifiek 'n graad in Oseanografie aanbied.) Oseanografiese werk is egter nie tot diegene met 'n graad spesifiek in oseanografie beperk nie. Oseanografiese kennis word oor die algemeen in die praktyk opgedoen.

Marinebiologie en Oseanografie is nie sinonieme terme nie. Marinebiologie is 'n gespesialiseerde vertakking van Oseanografie en behels 'n studie van plant- en dierelewe in die see. Samevattend kan gesê word dat hierdie navorsingsgebied alle aspekte van moderne biologiese wetenskappe behels soos taksonomie, biochemie, fisiologie, ekologie, lewensgeskiedenisse, gedrags- en omgewingstudies.

Dis egter nie moontlik om 'n graad in marinebiologie te verwerf nie en 'n kandidaat is aangewese op 'n B.Sc.-graad met Dierkunde en Plantkunde as hoofvakke. Gepaste byvakke sal Fisiologie, Chemie, Fisika, Geologie en Aardrykskunde wees, terwyl Wiskunde en Statistiek van groot waarde sal wees.

Oseanograwe en marinebioloë word deur die Departement van Nywerheidswese in diens geneem. Die meeste van hulle tyd word by die Tak Seevisserye se hoofkwartier te Seepunt, Kaapstad in moderne laboratoria deurgebring. Die geleentheid bestaan om te spesialiseer in rigtings soos chemiese oseanografie, fisiese oseanografie, visseryebiologie en biologiese oseanografie, statistiek, en marinesoogdiere.

Ander instansies wat seedeskundiges in diens neem is die volgende: Die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad; Visserye-ontwikkelingskorporasie, Kaapstad; Kaapse Departement Natuurbewaring, Kaapstad; Nasionale Navorsingsinstituut vir Oseanologie, Stellenbosch; Port Elizabethse Slangpark en Oseanarium, Port Elizabeth; Departement Igtiologie, Rhodes-universiteit; Oos-Londense Museum, Oos-Londen; Natalse Museum, Pietermaritzburg; Oseanografiese Navorsingsinstituut, Durban; Raad van Kuratore van Nasionale Parke, Pretoria; Kantoor vir Visserye in Suidwes-Afrika, Walvisbaai.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici (Oseanografie).

Plantkunde (Botanie): Die wetenskap van lewende wesens (organismes) staan bekend as die Biologie. Die twee hoofvertakkings van hierdie wetenskap is die Dierkunde en die Plantkunde. Laasgenoemde is dan die wetenskap wat die lewende plant as leerstof het en dit is uit 'n wetenskaplike, praktiese en utiliteitsoogpunt beskou, 'n omvattende, lewensbelangrike en interessante studieterrein.

Met 'n gepaste tweede hoofvak of byvakke uit byvoorbeeld Dierkunde, Chemie, Biochemie, Mikrobiologie, Geografie, Geologie, Fisiologie, Fisika en Wiskunde en uiteindelike spesialisering, behoort die geskoolde plantkundige 'n lonende beroep in een of meer van die volgende rigtings te vind: Plantmorfologie (vorm en bou van plante); planttaksonomie (klassifikasie van plante); plantfisiologie (lewensprosesse en lewensbedrywighede van plante); plantgenetika (oorerwing by plante); plantekologie (verband tussen plante en hul omgewing); plantpatologie (plantsiektes en hul bestryding); ekonomiese plantkunde (nut en ekonomiese belangrikheid van plante), en so meer.

Die Departement van Landbou-tegniese Dienste lewer verskeie dienste wat bydra tot die bewaring en funksionele aanwending van die land se flora. So neem die Navorsingsin= stituut vir Plantkunde, plantkundiges (vakkundiges) in diens vir die werksaamhede van die afdelings Nasionale Herbarium, Flora Navorsing, Botaniese Opname, Ekonomiese Plantkunde, en Dataverwerking. Benewens die werk van die Instituut word heelwat plant= kundige navorsingswerk ook deur ander institute en die streekorganisasies gedoen, veral in verband met weiding, akkerbou, tuinbou en plantfisiologie.

Werkvooruitsigte bestaan ook as onderwysers in Biologie en Plantkunde aan die sekondêre skool en, met gevorderde studie, as dosent aan 'n universiteit; as vakkundige beamptes aan die landbouproefstasies, as navorsers by die SABS, die WNNR en die oseanografiese navorsingsinstitute; as 'n beampte in diens van die Nasionale Parkeraad, die Afdelings Natuurbewaring van die verskillende provinsies en private ondernemings soos kunsmis= maatskappye, vervaardigers van plantsiektebestrydingsmiddels en kwekerye. Betrekkings is gereeld beskikbaar vir persone met 'n B.Sc.-graad, maar kandidate met nagraadse opleiding kry steeds voorkeur.

<u>Rekenaarwetenskap</u>: Soos in elke tegnologies-gevorderde land, het die rekenaarbedryf in die RSA gedurende die afgelope vyftien jaar geweldig vinnig gegroei. Die belangrikste vervaardigers van rekenaars is almal in die Republiek verteenwoordig en minstens duisend rekenaars word reeds gebruik deur byvoorbeeld die universiteite, die openbare sektor, wetenskaplike navorsingsinstansies en die handel en nywerheid. Daar is reeds 'n groot tekort aan opgeleide personeel en die aanvraag is besig om steeds te groei in verhou= ding tot die ontwikkeling van hierdie bedryf.

Werkgewers wat loopbane in elektroniese dataverwerking in Suid-Afrika aanbied, kan in die volgende vier hoofgroepe verdeel word:

- Die maatskappye wat rekenaars vervaardig;
- ondernemings in die handel en nywerheid wat rekenaars gebruik;
- die openbare sektor wat rekenaars reeds op groot skaal gebruik ('n hele aantal staatsdepartemente, die provinsiale administrasies, die S.A. Spoorweë, die WNNR, die RGN en so meer);
- ondernemings, bekend as diensburo's wat rekenaardienste en -tyd verskaf aan onder= nemings wat nie 'n eie rekenaar kan regverdig nie.

Elk van hierdie groepe bied loopbane in elektroniese dataverwerking in 'n aantal moont= like rigtings soos dié van operateurs, programmeerders, stelselontleders, tegnici, dataverwerkingsbestuurders en bemarkingsverteenwoordigers. Daar is gevolglik geleent= heid vir handelstudente, die wiskundig georiënteerdes, dié met 'n natuurwetenskaplike agtergrond en diegene met 'n primêre belangstelling in die rekenaar self. Die keuse van 'n besondere rigting sal hoofsaaklik bepaal word deur die kandidaat se opleiding, belangstelling en aanleg. Die aflê van een of meer aanlegtoetse word ook as 'n voor= vereiste gestel.

Gespesialiseerde kennis van die werksaamhede van die rekenaar kan prakties ervaar of deur middel van intensiewe onderrigkursusse by verskaffingsmaatskappye of elders opge= doen word. Die rekenaarwetenskaplike is egter 'n persoon wat by uitstek die wyere im= plikasies van outomatisering kan evalueer en wat die rekenaar se potensiaal ten volle kan benut. Die universiteitsopleiding rus die student toe met daardie noodsaaklike agtergrondskennis op 'n baie breë terrein en die kursus behels gevolglik veel meer as blote programmering.

In die Staatsdiens word graduandi wat oor 'n graad met Rekenaarwetenskap as vak beskik, aan 'n aanlegtoets onderwerp en daarna as programmeerders aangestel. Die huidige vorderingsbaan in 'n programmeringsafdeling is: Assistent-programmeerder, Programmeer= der, Senior en dan Hoofprogrammeerder.

Raadpleeg ook <u>Tersiêre Opleiding</u> vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Elektro= niese Dataverwerking en Stelselontleding).

<u>Sterrekunde</u>: Hoewel die belangstelling in die Sterrekunde gedurende die jongste tyd vanweë ruimtenavorsing baie toegeneem het, word voornemende studente tog aangeraai om soveel as moontlik van die vakke Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Fisika, Statistiek en Rekenaarwetenskap by die leergang in te sluit met die oog op 'n moontlike verandering van loopbaan. Vooruitsigte vir die astronoom het egter die afgelope tyd baie verbeter en ontwikkelings kan die vraag na sterrekundiges van hoogstaande gehalte aansienlik laat toeneem.

By die South African Astronomical Observatory, Kaapstad (voorheen die Republiek-Sterre=wag, Johannesburg, en die Koninklike Sterrewag, Kaapstad), wat deur die WNNR as 'n nasionale navorsingsinstituut geadministreer word, asook by die Boyden-Sterrewag in Bloemfontein en die Leidense Suiderstasie by Hartebeespoort, bestaan geleenthede om as navorsings- of tegniese beamptes in diens geneem te word.

Die werk van 'n moderne sterrekundige behels hoofsaaklik korttermyn navorsingsprojekte en kandidate moet ten minste oor 'n honneursgraad beskik om enigsins vordering te maak. 'n B.Sc.-graad met Fisika as hoofvak en met soveel as moontlik van die bogenoemde vakke as byvakke, sal 'n goeie vertrekpunt wees. Eers van honneursvlak af en verder kan daar dan op Sterrekunde gekonsentreer word.

Tekstielwetenskap: Die Tekstielbedryf in Suid-Afrika is 'n belangrike toekomstige bron van groei en werkgeleenthede. Vanweë sy fenomenale uitbreiding bied hierdie kragtige bedryf wonderlike geleenthede aan mans en dames wat as tekstieltegnoloë opgelei is.

Die vooruitsigte is voor-die-hand-liggend. Tekstielwetenskaplikes word gretiglik in diens geneem, hoofsaaklik deur die tekstielvervaardigers in byvoorbeeld die volgende afdelings: was, verkoling, kaard en kam, afduiming en spin, brei, weef, kleuring en afwerking en kwaliteitsbeheer. Gegradueerdes word ook in diens geneem deur byvoorbeeld die Wol en Tekstiel-navorsingsinstituut van die WNNR en die toetsingslaboratoria van die SABS.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Sertifikaat vir Tegnici in die rigtings Breiwerk, Spinwerk en Weefwerk.

Watersuiwering en -herwinning: Een van die metodes om 'n moontlike tekort aan water in Suid-Afrika die hoof te bied, is deur dit te suiwer vir hergebruik. Suiweringsprosesse vereis egter gespesialiseerde kennis en die toepassing van gevorderde tegnieke. Daar bestaan gevolglik 'n behoefte aan persone met, onder meer, toepaslike universitêre kwalifikasies wat op die gebied van watersuiwering en -herwinning benut kan word. Die Nasionale Instituut vir Waternavorsing (WNNR) stel byvoorbeeld persone met B.Sc.-grade wat vakke soos Chemie, Plantkunde en Dierkunde insluit, as tegniese beamptes aan. Ten einde op navorsingsvlak te kan werk, moet 'n persoon oor 'n vierjarige graad, soos 'n honneurs-, ingenieurs- of landbougraad ens. beskik. Daar bestaan gevolglik ruim ge=leentheid vir bioloë, plantkundiges, dierkundiges, chemici, chemiese en siviele inge=nieurs, biochemici en mikrobioloë.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Water=suiweringstegnologie.

Wiskundige wetenskappe: Die wiskundige wetenskappe soos Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek en Wiskundige Statistiek, vervul 'n onmisbare rol as hulpwetenskappe vir die meeste natuur-, ingenieurs-, handels-, en etlike ander wetenskappe. Die tyd toe 'n kandidaat met wiskundige kwalifikasies feitlik uitsluitlik op die onderwys aangewese was, is gevolglik lank reeds verby. As gevolg van ontwikkelings en 'n groeiende ar=beidsveld, neem die vraag na wiskundig opgeleides steeds groter afmetings aan.

- Statistiek: Aan die een kant rus die Statistiek baie sterk op die Wiskunde en die Waarskynlikheidsleer; aan die ander kant is daar verskeie wetenskappe wat weer baie sterk op Statistiek berus, soos die aktuariswese (versekeringswese ens.) en ope=rasionele analise om doeltreffendheid in nywerheidsprosesse en handelsondernemings te=weeg te bring. Talle wetenskappe gebruik ook statistiese metodes as 'n essensiële hulp=middel, soos die biologiese wetenskappe (biometrie), sielkundige en sosiologiese weten=skappe (psigometrie en sosiometrie), ekonomiese wetenskap (ekonometrie), ens. Ook die Rekenaarwetenskap is nou verwant aan Statistiek.

Die omvangrykheid van die toepassingsgebied van die Statistiek (Statistiek, Wiskundige Statistiek, en so meer) kan met die oog op beroepsmoontlikhede, kortliks deur 'n paar voorbeelde aangedui word:

- Op landbougebied het die statistikus die taak om gegewens te interpreteer wat spruit uit eksperimente met sake soos die invloed van bemestingstowwe, grond=bewaringsmetodes, grondvrugbaarheid, saadtipes ens. op die opbrengs; die uitwer=king van voedingstowwe, voedingsmengsels, erflikheidseienskappe ens. op die produksie van vleisrasse.
- Die hantering van statistiese probleme op die gebied van ander biologiese we=tenskappe soos dier- en plantkunde, genees- en dieetkunde, fisiologie ens.

- Die bydrae van statistiese metodes byvoorbeeld ten opsigte van meting van intel= ligensie, gedrag, opstelling van skale ens. in die geesteswetenskappe soos psigo= logie, opvoedkunde en sosiologie.
- Op die uitgebreide gebied van die ekonomiese wetenskappe, nywerheidsondernemings, ingenieursprobleme, mynbou, finansies en so meer, het die gebruik van statis= tiese metodes onmisbaar geword.
- Statistici hou hulle verder besig met die bestudering en verbetering van metodes om beter wiskundige beskrywings te vind van die verskynsels wat in hul toepas= singsgebiede voorkom.

Take verbonde aan die loopbaan wat byvoorbeeld insluit wetenskaplike beplanning van ek= sperimentele opnames, die ontleding van gegewens, die maak van gevolgtrekkings en die moontlike neem van besluite, is vir die statistici derhalwe interessant en stimulerend.

Statistici word dan ook as navorsingsbeamptes of roetienewerkers om byvoorbeeld sta= tistiese werk, operasionele analise of rekenaarswerk te verrig, in diens geneem deur 'n groot verskeidenheid van instansies soos versekerings- en beleggingsmaatskappye; nywer= hede soos Yskor, Sasol en ander met navorsingslaboratoria; die mynwese; vervoer- en kommunikasiewese; die RAK; die WNNR, die RGN en ander semi-staatsinrigtings; die MNR; NIPN (WNNR); universiteite en oral waar numeriese gegewens verwerk en geïnterpreteer moet word.

Die volgende staatsdepartemente, wat ook goeie vorderingsgeleenthede bied, neem sta= tistici in diens wat oor toepaslike erkende baccalaureusgrade met hoof- en byvakke soos aangedui, beskik:

Arbeid (Statistiek as hoofvak, of met Wiskunde en Statistiek as vakke)

Beplanning en die Omgewing (Statistiek as hoofvak)

Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling (Statistiek as hoofvak, of met Wiskunde en Statis= tiek as vakke)

Onderwys en Opleiding (Statistiek as hoofvak, of met Wiskunde en Statistiek as vakke)

Statistiek (Een of meer van die volgende as hoofvakke: Ekonomie, Ekonometrie, Bedryfs= ekonomie, Rekeningkunde, Statistiek, Wiskunde, Wiskundige Statistiek)

Nywerheidswese ((i) 'n Kursus in een van die volgende: Wiskunde, Statistiese Metodes, Statistiek, Ekonomie of Rekeningkunde; (ii) Wiskunde of Wiskundige Statistiek as hoof= vak; wenslike byvakke: Dierkunde, Plantkunde, Chemie, Fisika)

Landbou-ekonomie en -bemarking (Een of meer van die volgende hoofvakke: Ekonomie, Bedryfsekonomie, Landbou-ekonomie, Rekeningkunde, Statistiek)

Landbou-tegniese Dienste (Biometrie of Wiskunde en Wiskundige Statistiek as hoofvakke).

- Wiskunde en Toegepaste Wiskunde: Afgesien van die vraag na wiskundiges met Sui= wer Wiskunde of Toegepaste Wiskunde as hoofvakke, is een van hierdie twee vakke 'n nood= saaklike vereiste vir spesialiseringsrigtings in byvoorbeeld Fisika, Chemie, Ingenieurs= wese, Sterrekunde, Ekonomie en selfs Biologie, Sielkunde en baie ander. By die keuse van 'n beroepsrigting moet die student ook in gedagte hou dat die vakke Wiskunde, Toe= gepaste Wiskunde en Fisika nou met mekaar verweef is wat studieterrein en metode betref. In baie gevalle is kennis van Statistiek 'n vereiste of ten minste 'n aanbeveling.

Wiskundiges word in diens geneem deur byvoorbeeld die instansies en staatsdepartemente soos onder Statistiek hierbo aangedui. Dit is verder bekend dat daar 'n groot tekort aan wiskundeonderwysers in die sekondêre skole bestaan. Daar bestaan ook 'n vraag na dosente, veral met nagraadse opleiding, aan universiteite en ander tersiêre opleidings= inrigtings. Verskillende ondernemings neem wiskundiges in diens om opgelei te word as aktuarisse.

- Aktuaris: Ten einde te kwalifiseer as 'n aktuaris, word vereis dat in 'n reeks eksamens geslaag moet word. Die onderrig geskied deur middel van korrespondensiekur= susse. Daar is twee professionele liggame wat aktuariële eksamens afneem, te wete die Institute of Actuaries met sy hoofkwartier in Londen, en The Faculty of Actuaries met sy hoofkwartier te Edinburgh. Die twee liggame beheer gesamentlik The Actuarial Tuition Service in Londen wat alle onderrigaangeleenthede hanteer. Daar is 'n plaaslike sentrum van dié onderrigdiens in Johannesburg en nog een in Kaapstad.

Aspirant-aktuarisse kan eers 'n B.Com.-, B.Sc.- of selfs 'n B.A.-graad voltooi en dan

hul studie vir aktuaris voortsit. Die belangrikste vereiste is egter dat hul univer= siteitskursus ten minste twee jaar Suiwer Wiskunde moet behels, en indien moontlik ook 'n inleiding tot Statistiek, Rekeningkunde en Ekonomie. Alhoewel die universiteit= studie van groot hulp is om die aktuariële eksamens te slaag, is sodanige studie nie 'n vereiste nie. 'n Kandidaat kan ná skoolverlating in diens van 'n lewensversekerings= maatskappy of 'n firma van konsulterende aktuarisse tree en dadelik met aktuariële studie begin.

Die Universiteit van Kaapstad bied 'n aktuariële studierigting aan vir die graad B. Business Science wat gedeeltelike vrystelling vir die aktuariële eksamens verleen.

Die besondere opleiding van 'n aktuaris open beslis die weg na 'n wye verskeidenheid van ander rigtings wat gevolg kan word. Aktuarisse is skaars en hoofbestuursposte is binne hul bereik selfs terwyl hulle nog studeer. Die meeste aktuarisse is in diens van lewensversekeringsmaatskappye wat ook besonder gunstige vooruitsigte op bevorde= ring bied. Ander tree in konsulterende hoedanigheid op of tree in diens van byvoorbeeld bouverenigings en ander finansiële instellings; handelsmaatskappye, nywerhede, myne, die Spoorweë, munisipaliteite en so meer. Die uitbreiding van die handel en nywer= heid bring mee dat steeds meer en meer aktuarisse in die private sektor aangestel word. Sommige staatsdepartemente stel aktuarisse voltyds of in konsulterende hoedanigheid aan.

Nadere besonderhede is van die Eresekretaris, Die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika, Posbus 4464, Kaapstad 8000, verkrygbaar.

# HOOFSTUK 5

## O N D E R W Y S E R S O P L E I D I N G

### UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

#### (a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) : Sekondêr: Een jaar na 'n goedgekeurde Baccalaureus=graad met minstens twee skoolvakke. In een van die skoolvakke moet minstens drie kur=susse voltooi gewees het en in die ander minstens twee.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) : Sekondêr: Een jaar voltydse studie na een van die vol=gende:

- 'n Graad in Ingenieurswese, Suiwer Wetenskappe of Toegepaste Wetenskappe
- Hoër Nasionale Diploma vir Tegnici (vierjaarkursus)
- Nasionale Diploma vir Tegnici (driejaarkursus)
- 'n erkende gelykwaardige kwalifikasie van enige van bogenoemde.

Hierdie Diploma is bedoel vir voornemende onderwysers in tegniese hoërskole.

Hoër Onderwysdiploma (Handel): Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat. Die kursus, wat in samewerking met die Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied word, verskaf opleiding aan sekondêre onder=wysers van handelsvakke.

Hoër Onderwysdiploma (Huishoudkunde): Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifi=kaat of gelykwaardige sertifikaat. Die kursus, wat in samewerking met die Kaapse Kol=lege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied word, verskaf opleiding aan sekondêre onderwyseresse van Huishoudkunde.

Baccalaureus Artium (Kuns) - B.A. (Kuns): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasie=sertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). In hul vierde jaar word studente tot die kursus vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Sekondêr, toe=gelaat. Kyk ook BEELDENDE KUNSTE p.136.

Baccalaureus Musicae - B.Mus. (Musiekonderwys): Vier jaar voltydse studie na 'n Matri=kulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Kandidate moet 'n standaard in Musiek bereik het wat gelykstaan aan Graad VI van een van die musiek=eksaminerende liggame. In hul vierde jaar word studente toegelaat tot die kursus vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) : Sekondêr. Kyk ook MUSIEK p.186.

#### (b) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureusgraad in Primêre Onderwys: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasie=sertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Addisionele vereistes is soos vir die B.A.-graad, p.7.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) : Primêr: Een akademiese jaar na 'n goedgekeurde uni=versiteitsgraad wat die voorgeskrewe skoolvakke insluit. Hierdie Diploma is bedoel vir gegradueerdes in Lettere en Wysbegeerte of Natuurwetenskappe wat onderwys wil gee in die primêre skool.

#### (c) Primêre en/of sekondêre onderwyserskursusse

Onderwyserslisensiaatdiploma in Musiek: Vier jaar na 'n Senior Sertifikaat. Addisio=nele vereistes is soos vir B.Mus. (Musiekonderwys), p. 186.

Spesiale Endossement in Musiek vir houers van die Primêre Onderwysersertifikaat: Een jaar na 'n Senior Sertifikaat en die Primêre Onderwysersertifikaat.

Onderwysersdiploma in Ballet: Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat.

Spesialisonderwysersdiploma in Spraakleer en Drama: Een jaar na

- 'n B.A.-graad met minstens twee kursusse in Drama; of

- 'n B.A.-graad met drie kursusse in Engels of in Afrikaans, en die orige kursusse hoofsaaklik in die geesteswetenskappe en 'n kwalifikasie in Spraakleer en Drama, of praktiese ondervinding en studies tot bevrediging van die Hoof van die Departement.

Spesiale Endossement in Spraakleer en Drama vir houers van die Primêre Onderwysersertifikaat: Spesiale eenjarige kursus na 'n Senior Sertifikaat en die Primêre Onderwysersertifikaat.

(d) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys : Spesiale Klasse: Een akademiese jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysersertifikaat.

Diploma in Spesialiseringsonderwys : Klinies-remediërende Onderwys: Een akademiese jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysersertifikaat en minstens twee jaar onderwyservaring in skole.

Diploma in Spesialiseringsonderwys : Spraak- en Gehoorgestremdes: Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysersertifikaat.

Diploma in Spesialiseringsonderwys: Dowes en Hardhorendes: Een jaar na 'n Senior Sertifikaat en 'n goedgekeurde driejarige onderwysersertifikaat.

Onderwysdiploma in Fisioterapie: Kyk FISIOTERAPIE p. 156.

Onderwysdiploma in Radiografie: Kyk RADIOGRAFIE p. 193.

Diploma in Verplegingsonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE p. 217.

UNIVERSITEIT VAN NATAL

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) of die Universiteitsonderwysdiploma (Nagraads): Een jaar na 'n goedgekeurde graad wat die vereiste aantal skoolvakke insluit.

Universiteitsonderwysdiploma (Nie-gegradueerd): Een jaar nadat 'n student studiekursusse vir 'n goedgekeurde graad voltooi het, op so 'n wyse dat al die vereistes vir die graad na een jaar verdere studie nagekom kan word.

Die Universiteitsonderwysdiploma (Nie-gegradueerd) kan in die Universiteitsonderwysdiploma (Nagraads) of die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) omskep word nadat die kandidaat aan die orige vereistes vir sodanige diplomas voldoen het.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat en slaagsyfers in albei amptelike tale met minstens 'n slaagsyfer in die eerste taal op die Hoër Graad; en 'n slaagsyfer in een ander vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad. Die leergang moet in een van die volgende studierigtings voltooi word: Kuns, Handel, Bedryfskennis, Huishoudkunde, Tegnies.

Hierdie Diploma word in samewerking met die Natalse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, Durban, aangebied.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in die eerste taal op die Hoër Graad en 'n slaagsyfer in die tweede taal óf op die Hoër Graad met 'n F-simbool óf op die Standaard Graad met 'n E-simbool; en 'n slaagsyfer in 'n ander vak op die Hoër Graad. Die leergang moet in een van die volgende studierigtings voltooi word: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe.

Hierdie Diploma word in samewerking met die Edgewood-onderwyskollege, Pinetown, aangebied.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies): Twee jaar deeltydse studie na

- 'n Senior Sertifikaat wat albei amptelike tale insluit, met minstens een op die Hoër Graad geslaag, of minstens vier vakke op NTS III-peil plus die twee amptelike tale, en

- 'n Nasionale Diploma in 'n spesialisrigting of gelykwaardige kwalifikasie.

Hierdie Diploma word in samewerking met die Natalse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied.

Hoër Onderwysdiploma (Na-skool): Twee jaar deeltydse studie na

- 'n Senior Sertifikaat wat albei amptelike tale insluit, met minstens een op die Hoër Graad geslaag, of ander gelykwaardige kwalifikasies, en

- 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma met minstens twee skoolvakke op minstens tweedejaarsgraadpeil, of 'n Nasionale Diploma in 'n spesialisrigting of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Hierdie Diploma word in samewerking met die Natalse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied.

(b) Ander Onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Remediërende Onderwys): Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na

- 'n graad plus 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde onderwysdiploma wat minstens drie jaar opleiding vereis, en boonop twee jaar goedgekeurde onderwyservaring.

Universiteitsdiploma in Verplegingsonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE p. 218.

## UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) - H.O.D.-nagraads: Een jaar voltydse studie of 18 maande (3 semesters) deeltydse studie na 'n erkende graad wat ook goedgekeurde vakke moet insluit.

Hoër Onderwysdiploma (Nie-graads) - H.O.D. (Nie-graads): Vier jaar voltyds na 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige sertifikaat, met of sonder Matrikulasievrystelling, en 'n slaagpunt in albei amptelike tale. Hierdie Diploma word in die volgende rigtings aangebied: Algemeen; Natuurwetenskaplik; Liggaamlike Opvoeding; Bedryfskennis en/of Tegniese Tekene; Huishoudkunde; Kunsonderwys; Handelsvakke; Dramakunde en Toneelkunde; Skoolbiblioteekkunde.

Vir sommige van die rigtings bestaan daar ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat geslaagde skoolvakke betref.

Baccalaureus Agriculturae - B. Agric.: Drie jaar na 'n Matrikulasiesertfikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Dit word sterk aanbeveel dat voornemende B.Agric.-studente, Biologie vir die st. 10-eksamen sal neem.

Hierdie kursus verleen toelating tot die H.O.D.-nagraadse kursus vir die professionele opleiding van voornemende onderwysers. Kyk ook LANDBOU p.175.

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde Educationis - B.Sc. Huish. Ed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of 40 persent op die Standaardgraad en 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde en/of Biologie op die Standaardgraad.
Kyk HUISHOUDKUNDE p. 162.

Baccalaureus Musicae (Skoolmusiekrigting) - B.Mus.(Skoolmusiekrigting): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Kyk ook MUSIEK p. 186.

(b) Sekondêre en/of primêre onderwyserskursusse

UOVS - Onderwysdiploma in Musiek - U.O.D.M.: Vier jaar na 'n Senior Sertifikaat. Kyk ook MUSIEK p. 189.

UOVS - Onderwyslisensiaat in Musiek: Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat. Kyk ook MUSIEK p. 189.

(c) Ander onderwyserskursusse

Na-basiese Diplomas in Verpleegkunde sluit in onder andere Na-basiese Diploma in Verplegingsonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE p. 218.

Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie: Kyk FISIOTERAPIE p. 156.

UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Scientiae (Educationis) - B.Sc. (Ed.)

en

Baccalaureus Commercii (Educationis) - B.Com. (Ed.)

Die leergange van bogenoemde twee grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele leergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole.

Die toelatingsvereistes vir bogenoemde grade is dieselfde soos vir die betrokke graad. Kyk B.Sc. p. 92 en B.Com. p. 53.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) - H.O.D. (Nagraads): Een jaar na 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad van 'n erkende universiteit wat die minimum aantal goedgekeurde skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma - H.O.D.: Vier jaar na 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad; en 'n slaagsyfer in nog 'n vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad. Hierdie Diploma kan met een van die volgende endossemente verwerf word: Geesteswetenskappe; Fisiese en Wiskundige Wetenskappe; Biologiese Wetenskappe; Ekonomiese Wetenskappe; Liggaamlike Opvoeding; Houtwerk en Metaalwerk; Skoolmusiek; Tikskrif, Snelskrif en Shorthand.

Vir sommige spesialiteitsrigtings bestaan daar addisionele toelatingsvereistes hoofsaaklik wat geslaagde vakke vir die standerd 10-eksamens betref.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - H.O.D. (Tegnies): Een jaar voltydse studie na een van die volgende:

- 'n Goedgekeurde graad; of
- 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie* en 'n kwalifikasie wat geëvalueer word as Standerd 10 + 3 wat twee skoolvakke op minstens tweedejaarsgraadpeil insluit. (Tegniese vakke wat met die kandidaat se spesialistepos in verband staan, kan ingesluit word.)

Voorwaardelike toelating tot die studie kan deur die Senaat verleen word aan immigrante wat minder as vier jaar in die Republiek woonagtig is en nog nie aan die taalvereistes voldoen nie.

*'n Vier-vak NTS III plus die twee amptelike tale waarvan minstens een op die Hoër Graad geslaag is en waarvan Engelse Taal (uitgesonderd Engelse Letterkunde) een moet wees; Abitur, ens. sal byvoorbeeld as gelykwaardig beskou word.

Baccalaureusgraad met Houtwerk en Metaalwerk: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Houtwerk of Metaalwerk of Tegniese Tekene op die Standaardgraad.

(b) Sekondêre en/of primêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Artium (Educationis) - B.A. (Ed.): 'n Vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die B.A.-graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers(esse). Daar is drie leergange, naamlik Junior Primêre Onderwys, Senior Primêre Onderwys en Sekondêre Onderwys.

Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die B.A.-graad, p. 13.

Baccalaureus Musicae (Musiekonderwys) - B.Mus. (Musiekonderwys): Vier jaar voltydse studie. Kyk MUSIEK p.186.

Diploma in Musiekonderwys: Drie jaar voltydse studie na Standerd 10. Kyk ook MUSIEK p. 189.

(c) Primêre onderwyserskursus

Onderwysdiploma - O.D.: Drie jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad;

slaagsyfers in twee van die volgende vakke, waarvan minstens een op die Hoër Graad moet wees: Fisiologie of Biologie, Natuur- en Skeikunde, Landbouwetenskap (of Landboukunde), Wiskunde of Handelswiskunde, Rekeningkunde, Tegniese Tekene, Geskiedenis, Aardrykskunde, Musiek, Kuns, Bybelkunde, Letterkunde, Naaldwerk, Houtwerk en/of Metaalwerk, Huis=houdkunde, Ekonomie, Funksionele Wiskunde, Funksionele Natuur- en Skeikunde;

en nog twee vakke by die eindeksamen aangebied.

'n Student kan in junior primêre of in senior primêre onderwys spesialiseer.

(d) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys - D.S.O. (Spesiale klasse vir verstandelik gestrem=des): Twee jaar deeltydse of een jaar voltydse studie na een van die volgende:

- 'n Graad en 'n nagraadse sekondêre onderwysersdiploma
- 'n graad en 'n laer sekondêre onderwysersdiploma
- 'n laer sekondêre onderwysersdiploma
- 'n driejarige primêre onderwysersertifikaat
- enige driejarige onderwyskwalifikasie wat die Senaat vir die doel erken.

Baccalaureus Curationis (Institutionis et Administrationis) - B.Cur. (I. et A.): Kyk VERPLEEGKUNDE p. 215.

Diploma in Verplegingsonderwys en Gemeenskapsgesondheidsverpleging - Dip. V.O.: Kyk VERPLEEGKUNDE p. 217.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde) (Educationis) - B.Sc. (Huish.Ed.): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad, of as alternatief 'n slaagsyfer in 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Skei- en Natuurkunde, en in Wiskunde op die Stan=daardgraad. Kyk ook HUISHOUDKUNDE p. 162.

Baccalaureus Scientiae vir Tegniese Onderwysers (Educationis) - B.Sc. (Ed.): Vier jaar voltydse studie. Kyk Fakulteit Natuurwetenskappe p. 95.

Hoër Onderwysdiploma (nagraads) - H.O.D. (nagraads): Een jaar na 'n goedgekeurde graad van 'n erkende universiteit wat die minimum aantal voorgeskrewe skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma (nagraads) (Voorligting) - H.O.D. (nagraads) (Voorl.): Een jaar na 'n B.A.-, B.Sc.- of B.Comm. (Bedryfsielkunde)-graad met Sielkunde as hoofvak en wat verder twee skoolvakke insluit, een minstens op tweedejaar- en een minstens op eerste=jaarbasis. Een kursus in Sosiologie of Maatskaplike Werk vir die B.A.-graad word aan=beveel.

Hoër Onderwysdiploma (nagraads) (Skoolbiblioteekkunde) - H.O.D. (nagraads) (Skoolbibl.): Een jaar na 'n Baccalaureusgraad wat aan die skoolvereistes voldoen soos deur die Komi=tee van Onderwyshoofde bepaal, en wat Biblioteek- en Inligtingkunde I en II in die leergang insluit.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) - H.O.D. (Sek.): Vier jaar na 'n Senior Sertifikaat. Hierdie Diploma word met die volgende leergange aangebied: Geesteswetenskappe, Ekono=miese wetenskappe (insluitende Tik en Snelskrif), Natuurwetenskappe, Musiek, Huishoud=kunde, Bedryfskennis, Skoolbiblioteekkunde, Beeldende Kunste. Vir sommige van die rigtings bestaan daar ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat geslaagde skoolvakke betref.

Potchefstroomse Universiteitsonderwyslisensiaat in Musiek - P.U.O.L.M.: Drie jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat.

'n Student moet die Hoof van die Musiekdepartement in 'n praktiese en teoretiese toets bevredig dat sy standaard hoog genoeg is om met vrug die kursus te volg. Hy moet Musiek as vak vir st. 10 geslaag het of die gevorderde standaard van die Universiteit van Suid-Afrika in die gekose praktiese vak behaal het.

(b) Primêre onderwyserskursus

Hoër Onderwysdiploma (Primêr) - H.O.D. (Prim.): Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma of 'n graad goedgekeur vir onderwysdoeleindes en wat die vereiste skool=vakke insluit.

(c) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Verpleegonderwys (gegradueer) - D.V.O. (gegradueer): Een jaar na 'n graad in Verpleegkunde wat 'n kursus in Anatomie insluit.

## UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) - B.A. (Ed.)

Baccalaureus in Handel (Educationis) - B.Com. (Ed.)

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde (Educationis) - B.Sc. (Ed.)

Die leergange vir bogenoemde drie grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole. Die toe=latingsvereistes is vir al drie bogenoemde grade dieselfde soos vir die betrokke gewone graad. Kyk B.A. p. 18, B.Com. p. 58 en B.Sc. p. 96.

Baccalaureus in Landbou (Educationis) - B.(Agric.)(Ed.): Kyk LANDBOU p. 175.

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Huishoudkunde (Educationis) - B.Sc.(Huish.)(Ed.): Kyk HUISHOUDKUNDE p.162.

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis)(Kuns) - B.A.(Ed.)(Kuns): Kyk BEELDENDE KUNSTE p. 137.

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis)(Musiek) - B.A.(Ed.)(Musiek): Kyk MUSIEK p. 188.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Een jaar voltydse studie na 'n Baccalaureusgraad wat ôf die minimum aantal kursusse in goedgekeurde skoolvakke insluit ôf vir onderwysdoel=eindes erken word afgesien van die vaksamestelling.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) (na-uurs): 'n Na-uurse nagraadse kursus wat oor drie semesters strek. Slegs 'n kandidaat wat in 'n vaste betrekking staan en aan die toe=latingsvereistes vir die eenjarige voltydse nagraadse kursus vir Sekondêre onderwys voldoen, word tot die na-uurse kursus toegelaat.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met Afrikaans en Engels as geslaagde vakke. Hierdie Diploma word met die volgende endossemente aangebied: Algemeen, Handelsvakke, Handelsvakke Sekre=tariëel, Houtwerk en Metaalwerk, Huishoudkunde, Liggaamlike Opvoedkunde, Musiek, Teg=niese Onderwys.

Met die uitsondering van twee gevalle bestaan daar vir elke endossement (spesialiteits=rigting) ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat geslaagde vakke vir die st. 10-eksamens betref.

(b) Sekondêre en/of primêre onderwyserskursus

Diploma in Musiek (Individuele Onderwys): Drie jaar voltydse studie na 'n Senior Ser=tifikaat. Kyk MUSIEK p. 190.

(c) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Senior Primêr) - B.A.(Ed.)(Senior Primêr)

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Junior Primêr) - B.A.(Ed.)(Junior Primêr)

Die leergange vir bogenoemde twee grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die B.A.-graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir primêre skole.

Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die gewone B.A.-graad, p.18.

(d) Pre-primêre onderwyserskursus

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Pre-primêr) - B.A.(Ed.)(Pre-primêr): Die leergang is 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan die vereistes vir die B.A.-graad, asook aan die vereistes vir die opleiding van pre-primêre onderwysers.

Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die gewone B.A.-graad, p. 18.

'n Kandidaat moet aan die begin van die eerste studiejaar 'n praktiese toets in die Fakulteit Opvoedkunde aflê ten einde te kan oordeel of haar instrumentale vaardigheid (klavier) haar toelating tot die kursus in Kleutermusiek regverdig.

(e) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Ortopedagogiek: Een verlengde akademiese jaar na

- 'n Baccalaureusgraad met Sielkunde of Sosiologie of Maatskaplike Werk of Arbeidsterapie as hoofvak; of
- Die B.A. (Log.)-graad van die Universiteit; of
- ander kwalifikasies wat deur die Fakulteitsraad as voldoende vir toelating beskou word.

Hierdie diploma word nie vir onderwysdoeleindes erken nie.

Onderwysdiploma in Arbeidsterapie: Kyk p. 134.

Onderwysdiploma in Fisioterapie: Kyk p. 156.

Diploma in Verpleegonderwys: Kyk p. 217.

Baccalaureus in Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie) - B.Cur. (I. et A.) Kyk p. 216.

(f) Tersiêre onderwyserskursus

Tersiêre Onderwysdiploma (Na-uurs): Twee semesters deeltydse studie na

- 'n Baccalaureusgraad; of
- 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) plus 'n ander kwalifikasie wat saam met die gepaste ondervinding na die oordeel van die Senaat toelating tot die kursus regverdig.

## RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

B.A. (Opvoedkunde) - B.A.(Ed.)

B.Bibl. (Opvoedkunde) - B.Bibl. (Ed.)

B.Com. (Opvoedkunde) - B.Com. (Ed.)

B.Sc. (Opvoedkunde) - B.Sc. (Ed.)

Die leergange vir bogenoemde vier grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad sowel as aan die vereistes gestel deur die Komitee van Onderwyshoofde vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole. Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die betrokke gewone graad. Vir B.A. kyk p. 21, B.Bibl. p. 140, B.Com. p. 61 en vir B.Sc. p. 98.

Nagraadse Hoër Onderwysdiploma - N.H.O.D.: Twee semesters voltydse studie na 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad wat die minimum aantal vakke vir onderwysdoeleindes, soos bepaal deur die Komitee van Onderwyshoofde, insluit.

Nagraadse Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - N.H.O.D. (Tegnies): Soos vir die N.H.O.D., met dien verstande dat ten minste een vakdidaktiek in 'n tegniese rigting moet wees.

Vierjarige Hoër Onderwysdiploma - H.O.D.: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met Afrikaans en Engels as geslaagde vakke.

Hierdie Diploma kan in die volgende rigtings verwerf word: Tale en Geesteswetenskappe; Handelsrigting (akademiese vakke); Handelsrigting (vaardigheidsvakke); Liggaamlike Opvoeding, Biblioteekkunde.

Vir elke rigting bestaan daar ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat slaagsyfers in bepaalde vakke vir die st. 10-eksamens betref.

Eenjarige Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - H.O.D. (Tegnies): Een jaar na 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie en 'n driejarige diploma wat minstens twee skoolvakke (tegniese vakke) op 'n tweedejaarspeil insluit, bv. motorwerktuigkunde, elektrisiteit, radiowerktuigkunde, houtbewerking, loodgieterswerk, en sweis- en metaalwerk.

(b) Ander onderwyserskursusse

Baccalaureus in Verpleegkundige Onderrig en Administrasie - B.Cur. (Ed. et Adm.): Kyk p. 217.

Diploma in Verpleegkundige Onderrig - D.V.O.: Kyk p. 217.

## RHODES-UNIVERSITEIT

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Een jaar na 'n goedgekeurde graad met sekere bepaalde kursusse in die leergang van dié graad ingesluit.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Die leergang van die Diploma sal kragtens sekere bepalings gereël word met inagneming van die kursusse wat gevolg moet word.

Rhodes-universiteit Lisensiaatdiploma in Musiek - R.U.L.M.: Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat, of op die voorwaarde dat die Fakulteitsraad, op aanbeveling van die Hoof van die Departement van Musiek, oortuig is van die kandidaat se geskiktheid om die kursus te volg.

Die Diploma kan toegeken word as 'n diploma òf vir voordraers, òf vir onderwysers(esse), òf vir koorleiers, òf vir kerkorreliste.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Onderwysdiploma: Drie jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Daar is twee leergange, naamlik vir Senior Primêre Onderwys en Junior Primêre Onderwys.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) (Vir senior primêre onderwysers(esse): Een jaar na 'n Baccalaureus- of hoër graad wat kursusse in sekere voorgeskrewe skoolvakke insluit.

## UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste - B.A. in Beeldende Kunste (Ed.): Kyk BEELDENDE KUNSTE p. 137.

Baccalaureus in die Huishoudkunde (Educationis) - B. in Huishoudkunde (Ed.): Kyk HUISHOUDKUNDE p. 162.

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde - B.Sc. in Huishoudkunde (Ed.): Kyk HUISHOUDKUNDE p. 163.

Baccalaureus in Landbou-onderwys - B. in Landbou-onderwys: Kyk LANDBOU p. 176.

Baccalaureus in die Musiek (Educationis) - B.Mus.(Ed.): Kyk MUSIEK p. 187.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr - Musiek) - H.O.D. (Sekondêr - Musiek): Vier jaar voltyds na 'n Matrikulasie- of 'n Senior Sertifikaat, op voorwaarde dat die kandidaat

- 'n slaagsyfer in Musiek van minstens 50 persent op die Hoër Graad of 60 persent op die Standaardgraad in die standerd 10-eksamen behaal het, of
- die Graad VII-eksamen (Universiteit van Suid-Afrika) in die praktiese hoofonderwerp afgelê het, en in Harmonie 'n standaard gelykstaande aan Graad VI (Universiteit van Suid-Afrika) bereik het, of
- 'n toelatingseksamen, gelykstaande aan die eksamens hierbo vermeld, aflê in die praktiese hoofonderwerp en in Harmonie.

Hierdie Diploma kan in die volgende spesialiseringsrigtings verwerf word: Instrumentale Onderwys of Sangonderwys; Skoolmusiek.

Lisensiaat in Musiekonderwys - L.M.O.: Drie jaar. Toelatingsvereistes is soos vir die H.O.D. (Sekondêr - Musiek).

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) (Nagraads) - H.O.D.: Een jaar na 'n B.-graad van 'n erkende universiteit wat die minimum aantal voorgeskrewe skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) - H.O.D. (Sekondêr): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met

- 'n gemiddelde prestasie van minstens 50 persent;
- 'n slaagsyfer in albei amptelike tale met minstens 'n slaagsyfer in die eerste taal op die Hoër Graad; en
- 'n slaagsyfer in een verdere vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad.

Studente wat die Natuurwetenskaplike rigting wil volg, moet in besit wees van 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde.

Hierdie Diploma kan in die volgende spesialiseringsrigtings verwerf word: Geesteswetenskappe en Tale; Natuurwetenskappe; Handel; Liggaamlike Opvoedkunde; Huishoudkunde en Naaldwerk. Die Handelsrigting word ook buitemuurs aangebied.

H.O.D. (Sekondêr) (Handel) (K.K.G.T.O.): Die kursus duur vier jaar en word in medewerking met die Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied. Die eerste drie jaar word by die KGTO in Kaapstad gevolg, terwyl die vierde jaar in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit gevolg word.

Die toelatingsvereistes is soos vir die H.O.D. (Sekondêr) (Handel).

H.O.D. (Sekondêr) (Houtwerk-Metaalwerk): 'n Vierjarige diplomakursus aangebied in medewerking met die Onderwyserskollege Paarl.

H.O.D. (Sekondêr) (Landbou): 'n Vierjarige diplomakursus aangebied in medewerking met die Onderwyserskollege Oudtshoorn.

(b) Primêre onderwyserskursusse

B.-graadkursus in Primêre Onderwys (Algemene Rigting): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met minstens een van Wiskunde of Handelswiskunde of Funksionele Wiskunde (Wiskunde Prakties); en by die eindeksamen van st. 9 en by die Junie-eksamen van st. 10 'n bevredigende standaard in albei die amptelike landstale.

Vir toelating tot Wiskunde III (Ond.) en Natuurwetenskap III (Ond.) is 'n slaagsyfer in onderskeidelik Wiskunde en 'n natuurwetenskap op die Standaardgraad in die st. 10-eksamen 'n vereiste.

B.-graadkursus in Primêre Onderwys met spesialisasie in Liggaamlike Opvoedkunde: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Kyk ook B.-graadkursus in Primêre Onderwys (Algemene rigting).

B.-graadkursus in Primêre Onderwys met spesialisasie in Skoolmusiek: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) mits die kandidaat

- minstens 60 persent as slaagsyfer in Musiek (eksamenvak) vir st. 8 behaal het; of

- die Graad VI (Intermediêr)-eksamen in klavier van die Universiteit van Suid-Afrika geslaag het; of

- 'n toelatingseksamen in klavier aflê gelykstaande aan bogenoemde.

By die eindeksamen van st. 9 en by die Junie-eksamen van st. 10 moes die kandidaat 'n bevredigende standaard in albei die landstale behaal het.

B.-graadkursus in Primêre Onderwys met spesialisasie in Skoolvoorligting: Vier jaar. Tot die kursus word toegelaat studente

- wat die tweede studiejaar van die B.-graadkursus in Primêre Onderwys (Algemene Rigting) suksesvol voltooi het; of

in die geval van studente van ander opleidingsinrigtings wat kwalifiseer vir toe=lating tot die derde studiejaar van die B.-graadkursus in Primêre Onderwys (Algemene Rigting), en

- wat op skriftelike aansoek deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee han=delende namens die Senaat, tot die kursus toegelaat is.

Hoogstens 15 studente word jaarliks toegelaat.

Hoër Onderwysdiploma (Primêr) (Spraak en Drama) - H.O.D. (Prim.) (Spraak en Drama): Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige Primêre Onderwysdiploma. Persone wat reeds Spraak=opleiding as intensiewe spesialiseringsrigting vir die Primêre Onderwysdiploma gevolg het, word nie toegelaat nie.

Hoër Onderwysdiploma (Primêr)(Skoolmusiek) - H.O.D. (Prim.) (Skoolmusiek): Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige Primêre Onderwysdiploma. Studente moet 'n toelatingseksamen in Klavier aflê waarin die standaard van Graad VII van die Universiteit van Suid-Afrika vereis word. Kandidate wat in die jaar onmiddellik voor toelating die Graad VII of 'n hoër eksamen in Klavier van UNISA of die Associated Board of Royal Schools of Music ge=slaag het, of wat in besit is van die graad B.Mus. of die graad B.A. (Mus.), word van hierdie toelatingseksamen vrygestel.

Spesialiseringsdiploma in Skoolbiblioteekwese: Een jaar na

- 'n goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde graad gevolg deur 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad.

Studente wat reeds in Skoolbiblioteekwese gespesialiseer het, word nie toegelaat nie.

(c) Ander onderwyserskursusse

Spesialiseringsdiploma (Klinies-remediërend) - S.D.K.R.: Een jaar voltydse studie na suksesvolle voltooiing van minstens 'n driejarige onderwysersopleidingskursus; minstens drie jaar onderwys- of enige ander voldoende ervaring en toelating tot die kursus deur die Senaat op skriftelike aansoek.

Spesialiseringsdiploma (Verstandelik-gestremdheid) - S.D.V.G.: Een jaar na

- die Hoër Primêre Onderwysersdiploma (H.P.O.D.) van hierdie Universiteit of 'n ander driejarige onderwysdiploma of -sertifikaat wat daarmee gelyk gestel kan word; of

- 'n graad en die Hoër Onderwysdiploma (H.O.D.) van hierdie Universiteit of daar=mee gelykstaande kwalifikasies.

Spesialiseringsdiploma (Verstandelik-gestremdheid) (Nagraads) - S.D.V.G. (Nagraads): Drie jaar na 'n erkende graad met Sielkunde as hoofvak, asook 'n onderwysersertifikaat, of 'n ander kwalifikasie wat deur die Senaat vir dié doel goedgekeur word. Kandidate moet reeds in 'n betrekking staan waarin hulle skoolsielkundige werk doen en/of waarin hulle onderrig gee aan vertraagde leerlinge.

Kandidate moet twee keer per jaar vir twee weke op 'n keer intensiewe kursusse aan die Universiteit van Stellenbosch bywoon.

Onderwysersdiploma in Arbeidsterapie: Kyk p. 134.

Diploma in Verplegingsonderwys: Kyk p. 217.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

(a) Sekondêre onderwyskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) - H.O.D. (Nagraads): Een of twee jaar na 'n goedgekeurde graad wat die vereiste aantal kursusse in die goedgekeurde skoolvakke insluit en 'n onderwysdiploma wat deur die Senaat erken word; of

twee jaar na bogenoemde graad sonder 'n diploma: met dien verstande dat die voltooiing van die H.O.D. (Nagraads) onderworpe sal wees aan twintig weke se bevredigende ervaring as onderwyser of dosent aan 'n onderwysersopleidingskollege, in diens van 'n Suid-Afrikaanse Onderwysdepartement of in 'n onderwysersopleidingsafdeling van 'n universiteit.

Verdere Diploma in Onderwys - V.D.O.: Minstens twee jaar na 'n erkende driejarige onderwyskwalifikasie. 'n Student moet as onderwyser in diens van 'n Suid-Afrikaanse Onderwysdepartement wees.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - H.O.D. (Tegnies): 'n Student moet

- in besit wees van 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie;

- die twee amptelike tale op st. 10-vlak afgelê het en in minstens een op die Hoër Graad geslaag het; met dien verstande dat 'n immigrant wat minder as vier jaar in die Republiek woonagtig is en nog nie aan hierdie vereiste voldoen het nie, voorwaardelik toegelaat mag word;

- in besit wees van 'n kwalifikasie wat deur die Komitee van Onderwyshoofde as M+3 (Kategorie C) geëvalueer is en wat twee erkende skoolvakke insluit.

Die leergang duur minstens twee jaar.

(b) Tersiêre onderwyserskursus

Diploma in Tersiêre Onderwys - D.T.O.: 'n Student moet in besit wees van minstens 'n Baccalaureusgraad. Die Diploma sal egter nie uitgereik word alvorens die kandidaat minstens twee jaar toepaslike ervaring voltooi het in 'n inrigting wat opleiding op tersiêre vlak verskaf nie.

Die eksamen bestaan uit twee dele wat òf afsonderlik òf gelyktydig afgelê mag word.

(c) Sekondere en/of primêre onderwyserskursusse

Sertifikaat in Skoolbiblioteekkunde: (Let wel: Hierdie Sertifikaat voldoen nie aan die kriteria vir die waardebepaling van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensneming in die Provinsiale Onderwysdepartemente nie.)

'n Student moet in besit wees van

- 'n Laer diploma in Biblioteekkunde; of
- 'n onderwysersertifikaat; of
- 'n universiteitsgraad.

Die leergang duur minstens een akademiese jaar.

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Skoolbiblioteekkunde): Minstens een akademiese jaar na

- 'n goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysersdiploma; of
- 'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde nagraadse onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad.

(d) Pre-primêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Pre-Primêr) - H.O.D. (Pre-Primêr) en

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads Pre-Primêr) - H.O.D. (Nagraads Pre-Primêr): Minstens twee jaar na

- 'n erkende onderwysersdiploma wat na 'n driejarige onderwysersopleidingskursus uitgereik is; of

- 'n graad wat die vereiste aantal kursusse in die goedgekeurde skoolvakke insluit, asook minstens een kursus in elk van die amptelike tale en minstens een kursus in Op=

voedkunde of minstens een kursus in elk van twee van die volgende vakke: Sosiologie, Sielkunde, Logopedika, Maatskaplike Werk.

Diploma in Kleuteropvoeding - D.K.O.:
(Let wel: Hierdie Diploma voldoen nie aan die kriteria vir die waardebepaling van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensneming in die Provinsiale Onderwysdepartemente nie.)

Die leergang duur minstens twee jaar na

- 'n erkende tweejarige onderwysdiploma waarvoor 'n Senior Sertifikaat 'n toelatings=vereiste was; of

- 'n graad met drie kursusse in een en minstens een kursus in 'n ander van die volgende vakke: Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Opvoedkunde, Filosofie; of

- 'n graad, of 'n diploma waarvoor 'n Senior Sertifikaat 'n toelatingsvereiste was, in verpleging, spraakterapie, fisioterapie, arbeidsterapie, radiografie of Maatskaplike Werk.

(e) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys - D.S.O.

A. Buitengewone Onderwys

Buitengewone onderwys vir epileptici, serebraal verlamdes, gesiggestremdes en gehoor=gestremdes.

Die leergang duur minstens twee jaar na

- 'n goedgekeurde onderwysersdiploma wat na 'n driejarige onderwysersopleidingskur=sus uitgereik is; of
- 'n graad en 'n goedgekeurde onderwysersdiploma; of
- 'n goedgekeurde vierjarige onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad.

B. Remediërende Onderwys

Die leergang duur minstens twee jaar na

- 'n goedgekeurde onderwysersdiploma wat na 'n driejarige onderwysersopleidingskur=sus uitgereik is; of
- 'n graad en 'n goedgekeurde onderwysersdiploma; of
- 'n goedgekeurde vierjarige onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad,

en

- minstens drie jaar onderwyservaring.

Baccalaureus Artium in Verpleegkunde - B.A.(Cur.): Kyk p. 216.

Diploma vir Terapeute (Buitengewone Onderwys) - D.T.B.O.: Minstens twee jaar na òf 'n toepaslike graad òf 'n toepaslike driejarige diploma in Fisioterapie, of Arbeidsterapie, of Spraakterapie op grond waarvan die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad registrasie as fisioterapeut, of arbeidsterapeut, of spraakterapeut by die Raad goedgekeur is.

Sertifikaat in Buitengewone Onderwys - S.B.O.
(Let wel: Hierdie Sertifikaat word nie deur die Departement van Nasionale Opvoeding of die Provinsiale Onderwysdepartemente vir salarisdoeleindes erken nie. Onderwysers wat in diens is, of wat voornemens is om in diens te tree by die Administrasie vir Kleur=lingsake, die Departement van Indiërsake, of die Departement van Onderwys en Opleiding, moet self by die genoemde Departemente navraag doen oor die erkenning wat hulle vir salarisdoeleindes vir die besit van die S.B.O. sal kry.)

Buitengewone onderwys vir epileptici, serebraal verlamdes, gesigsgestremdes en gehoor=gestremdes.

Die leergang duur minstens twee jaar na 'n erkende onderwysersdiploma wat na 'n twee=jarige onderwysersopleidingskursus uitgereik is, waarvoor 'n Senior Sertifikaat 'n toe=latingsvereiste was.

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Artium in Opvoedkunde - B.A. (Opvoedkunde)

Baccalaureus Scientiae in Opvoedkunde - B.Sc. (Opvoedkunde)

Die leergange vir bogenoemde grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleerlang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad sowel as aan die vereistes gestel deur die Komitee van Onderwyshoofde vir die opleiding van onderwysers.

Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die betrokke gewone graad. Vir B.A. kyk p. 30 en vir B.Sc. p. 104.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na 'n goedgekeurde graad wat 'n geskikte samestelling van skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) : Met dien verstande dat die Senaat, tot verder kennisgewing, toelating kan verleen aan 'n persoon wat nie so gekwalifiseerd is nie, maar wat in besit is van 'n goedgekeurde Senior Sertifikaat.

Elke leergang behels ôf

- vier kursusse in een van die volgende praktiese vakke, een kursus gedurende elke jaar van die leergang:
  - Huishoudkunde
  - Bedryfskennis
  - Instrumentale Musiekvoordrag
  - Liggaamlike Opvoeding
  - Tikskrif

ôf

- vier of drie kursusse, na gelang van die geval, in twee van die volgende akade= miese vakke:
  - Rekeningkunde
  - Bedryfsekonomie
  - Handelsreg.

'n Kandidaat word nie tot die eerste kursus in 'n praktiese vak toegelaat nie tensy hy in 'n praktiese aanvangstoets in daardie vak geslaag het.

Universiteitsonderwysdiploma - U.O.D. (Nagraads): 'n Persoon wat nie in Afrikaans op die matrikulasiestandaard geslaag het nie, soos gestel deur die toelatingsvereistes vir die H.O.D. (Nagraads), maar wat aan al die ander vereistes voldoen, kan as 'n kandidaat vir die U.O.D. toegelaat word. Die reëls wat van toepassing is op die H.O.D. geld ook vir die U.O.D.

(b) Sekondêre en/of primêre onderwyserskursusse

Lisensiaat in Musiek - L.M.: Drie jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Kyk ook MUSIEK p. 190.

(c) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Onderwys vir Dowes: Twee jaar na

- 'n erkende onderwysersdiploma wat behaal is na minstens twee jaar studie na 'n Matrikulasie- of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling); en
- die leergang vir die onderwysersdiploma moet 'n goedgekeurde kursus in Sielkunde en kursusse in Engelse en Afrikaanse spreektaal insluit.

Diploma in Remediërende Onderwys: Twee jaar deeltydse studie na 'n graad en minstens drie jaar onderwyservaring.

Diploma in Spesialiseringsonderwys: Twee jaar deeltydse studie na

- 'n graad en 'n erkende onderwysersdiploma en minstens twee jaar onderwyservaring; of

- 'n erkende onderwysersdiploma en 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en minstens vyf jaar onderwyservaring.

Diploma in Verplegingsonderwys: Kyk p. 218.

Onderwysdiploma in Fisioterapie: Kyk p. 156.

## NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Educationis: B.Ed. of

Baccalaureus in Opvoedkunde: B.Ed. of

Baccalaureus in die Opvoedkunde: B.Ed.

(Al die universiteite)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad, 'n onderwysersdiploma en minstens twee jaar ervaring. Sommige universiteite vereis meer en ander weer geen ervaring nie.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie. Die leergang behels ver=skillende spesialiseringsrigtings.

### Magistergraad

Magister in Opvoedkunde (Magister Educationis): M.Ed. (Al die universiteite)

### Doktorsgrade

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, Natal, Rhodes, Wits)

Doktor in die Letterkunde: D.Litt. (Natal, Rhodes)

Doctor Educationis: D.Ed. (UOVS, UPE, PU vir CHO, Unisa, Wits)

Doktor in Opvoedkunde: D.Ed. (UP)

Doktor in die Opvoedkunde: D.Ed. (RAU, US)

## B E R O E P S D I E N S

Omstandighede waaronder onderwysers vandag werk, is beslis aangenaam. Moderne skoolge=boue is ruim, aantreklik, gerieflik en met 'n menigte moderne hulpmiddels toegerus. Skoolsale vorm deel van die toerusting van feitlik elke skool, terwyl baie skole oor swembaddens, doeltreffende sportterreine en selfs dinge soos die skoolbusse beskik. Die besoldiging van onderwysers vergelyk baie goed met dié in ander rigtings waarvoor 'n soortgelyke mate van opleiding vereis word.

Onderwysers begin gewoonlik as assistente. Dié wat bekwaam en pligsgetrou is, wat oor inisiatief, organisasievermoë en leierskaphoedanighede beskik, kan mettertyd vorder na betrekkings soos dié van departementshoof, adjunk-hoof en hoof. Uit die geledere van die onderwyserskorps word ook ander professionele poste gevul wat in die onderskeie on=derwysdepartemente bestaan, soos dié van vakinspekteurs, inspekteurs, beplanners, na=vorsers, personeel verbonde aan die sielkundige en voorligtingsdienste en so meer.

Die konsensieuse en suksesvolle onderwyser bly altyd 'n student wat homself verdiep in sy werk, op die hoogte bly met veranderings en vernuwings, veral op sy eie vakgebied, en steeds probeer om die kind te laat deel in sy eie rykdom van kennis en lewenswys=heid. Daarom word verdere studie besonder sterk beklemtoon. Nie alleen is verdieping van vakkennis wenslik nie,maar ook die verwerwing van gevorderde opvoedkundige kwalifi=kasies soos die B.Ed.-graad en verdere grade en diplomas.

Ook die onderwys en die opvoeding staan in hierdie eeu van wetenskaplike en tegnologie=se ontploffing in die teken van vernuwing, groei en verandering wat betref leerinhoud, metodes, prosedures en benadering. Die uitdagings vir knap en dinamiese jongmense binne die professie is opwindend en talryk.

Raadpleeg ook Tersiêre opleiding vir die opleiding van onderwysers(esse) buite die universiteite.

## HOOFSTUK 6

# BEROEPSGERIGTE STUDIERIGTINGS

TER INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag aan beroepsgerigte studie geskenk. Al die grade, diplomas en sertifikate wat in 'n betrokke rigting behaal kan word, asook die universiteite wat dit aanbied, word genoem. Die besprekings word egter, met enkele uitsonderings, tot die voorgraadse kwalifikasies beperk. Die regulasies vir die meeste nagraadse kwalifikasies is ongeveer dieselfde as dié wat van toepassing is in die fakulteite wat in die voorafgaande hoofstukke vermeld is.

Die aandag word ook gevestig op die wenslikheid om die INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS op p. 223, vooraf vir 'n bepaalde beroep of studierigting te raadpleeg.

## ARBEIDSTERAPIE

Universiteite: Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Stellenbosch, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Scientiae (Arbeidsterapie): B.Sc. (Arbeidsterapie) (UK)
Baccalaureus in Arbeidsterapie: B. Arbeidsterapie (UOVS, US)
Baccalaureus Scientiae in Arbeidsterapie: B.Sc. (Arbeidsterapie) (UW)

Magister Scientiae in Arbeidsterapie: M.Sc. (Arbeidsterapie) (UW)

Doktor in Wysbegeerte: Ph.D. (UW)

Diplomas

Onderwysdiploma in Arbeidsterapie (UP, US)
Diploma vir Terapeute (Buitengewone Onderwys): D.T.B.O. (Unisa) Kyk p. 130.

GRADE

Baccalaureus Scientiae (Arbeidsterapie): B.Sc. (Arbeidsterapie) of

Baccalaureus in Arbeidsterapie: B. Arbeidsterapie of

Baccalaureus Scientiae in Arbeidsterapie: B.Sc. (Arbeidsterapie)

(Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en 'n mediese sertifikaat.

Addisionele vereistes

Kaapstad: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. Voornemende studente word aangeraai om Natuur- en Skeikunde of Fisika of Chemie of Biologie as vak vir die st. 10-eksamen af te lê.

Stellenbosch: Studente word sterk aangeraai om Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem.

Witwatersrand: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad en
'n slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is of twee van die volgende vakke indien Wiskunde op die Standaardgraad geslaag is: Aardrykskunde, 'n Bantoetaal, Biologie, Duits, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

Leergang: Vier jaar voltydse studie.

Inskrywing aan die Universiteit van Stellenbosch is beperk en studente word gedurende September van die voorafgaande jaar gekeur. Aansoeke om toelating tot die kursus moet die Registrateur voor 30 Junie bereik.

Benewens Arbeidsterapie behels die leergang onder andere die volgende vakke: Sosiologie, Psigiatrie, Sielkunde, Anatomie en Fisiologie.

Verpligte praktiese vakansiewerk gedurende die kort vakansies word deur die Universiteite van die Oranje-Vrystaat en Stellenbosch voorgeskryf.

DIPLOMAS

Onderwysdiploma in Arbeidsterapie (Pretoria)

Toelatingsvereistes: 'n Kwalifikasie in Arbeidsterapie wat by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad registreerbaar is en deur die Kollege vir Arbeidsterapie as genoegsame basiese opleiding vir toelating erken word, en minstens twee jaar ervaring in 'n goedgekeurde hospitaal as 'n geregistreerde arbeidsterapeut.

Leergang: Een jaar voltydse studie.

Onderwysdiploma in Arbeidsterapie (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling); 'n kwalifikasie in Arbeidsterapie wat by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad registreerbaar is en deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Arbeidsterapeute goedgekeur is; en minstens twee jaar ononderbroke praktiese ondervinding as 'n arbeidsterapeut in 'n goedgekeurde hospitaal.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS

Arbeidsterapie is een van die paramediese beroepe wat deur dames sowel as mans beoefen kan word. Hulle word opgelei om liggaamlik en geestelik gestremde persone te behandel en/of op te lei; om onvermoë te voorkom; aanpassing by onvermoë te bevorder en om funksie te verhoog of te behou. Die behandeling is dus gerig op die pasiënt se lewe buite die hospitaal en op sy toekoms; op die herwinning van sy onafhanklikheid, skeppende vermoë en veral sy werkvermoë. As lid van die mediese span strewe die arbeidsterapeut daarna om onder leiding van 'n geneesheer en in samewerking met ander spanlede die pasiënt geestelik en fisies te rehabiliteer.

Arbeidsterapeute het 'n keuse van werk by byvoorbeeld algemene, psigiatriese, ortopediese en kinderhospitale, rehabilitasiesentra, spesiale skole, tehuise vir bejaardes, plastiese chirurgiese afdelings en private verpleeginrigtings. In Suid-Afrika word nog nie veel van private praktyke gebruik gemaak nie, hoewel dit ook lonende moontlikhede bied. Met die addisionele kwalifikasie (die onderwysdiploma in arbeidsterapie) is arbeidsterapeute ook in staat om voltydse of deeltydse onderrigwerk in die professie te behartig.

Alle arbeidsterapeute moet registreer by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Die Suid-Afrikaanse kwalifikasies word internasionaal erken en ervaring in die buiteland is gevolglik 'n moontlikheid.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Arbeidsterapie.

ARGITEKTUUR

Universiteite: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus in Argitektuur: B.Arch. (UN, UPE, UP, UW)
Baccalaureus Architecturae: B.Arch. (UK, UOVS)

Magister in Argitektuur: M.Arch. (UN, UPE, UP, UW)
Magister Architecturae: M.Arch. (UK, UOVS)

Doktor in Argitektuur: D.Arch. (UN, UPE, UP, UW)
Doctor Architecturae: D.Arch. (UOVS)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Argitektuur: D.Sc.(Arch.) (UW)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)

GRAAD

Baccalaureus in Argitektuur: B.Arch. of

Baccalaureus Architecturae: B.Arch.

(Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling).

Addisionele vereistes

Kaapstad: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, en 'n slaagsyfer in 'n wetenskapvak (liefs Natuur- en Skeikunde of Fi= sika) op die Standaardgraad.

Natal: 'n Slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of 50 per= sent op die Standaardgraad.

Oranje-Vrystaat: Slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde.

Port Elizabeth: 'n Slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Standaardgraad.

Pretoria: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, asook 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of min= stens 40 persent op die Standaardgraad.

Witwatersrand: 'n Slaagsyfer op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaard= graad in Wiskunde en in een van die volgende vakke: Biologie, Natuur- en Skeikunde, Fisiologie.

Leergang: Vyf jaar voltydse studie en een jaar praktiese ondervinding onder die toesig van die universiteit. Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Ont= werp V of Argitektoniese Ontwerp V (Natal) of Ateljeewerk V (Kaapstad) of Argitektoniese Teorie en Ontwerp V (Witwatersrand); Boukonstruksie en/of Boutegnologie (Teorie en Praktyk); Beroepspraktyk; Struktuurleer; Geskiedenis van Argitektuur.

'n Skripsie of praktiese ontwerp word vereis.

BEROEPSDIENS

Die argitek sorg vir die ontwerp, beplanning en verfraaiing van geboue met die oog op bruikbaarheid, duursaamheid, skoonheid en gerief. Sy sukses hang ten nouste saam met 'n aangebore aanleg en belangstelling in sowel praktiese as artistieke werk.

Onder die heersende toestande in Suid-Afrika is die vooruitsigte van die jong argitek baie gunstig. Hy begin gewoonlik werk by 'n gevestigde firma totdat hy oor voldoende kapitaal en ervaring beskik om in vennootskap met ander argitekte te tree of om 'n eie praktyk te open.

In die Staatsdiens word argitekte in diens geneem deur die departemente van Plurale Be= trekkinge en Ontwikkeling, Gemeenskapsbou en Openbare Werke, asook deur die administra= sies van die vier provinsies. Goeie geleenthede bestaan ook in groot munisipaliteite en organisasies soos Yskor, die Spoorweë, Evkom, mynmaatskappye en so meer. Met na= graadse opleiding kan 'n aanstelling as dosent aan 'n universiteit bekom word. Baie argitekte werk as stadsbeplanners aan die uitleg van nuwe dorpe en stede of die her= skepping van sentrums in bestaande dorpe en stede.

Diegene wat 'n beroep van argitektuur wil maak in die hoop om ryk te word sonder om veel werk te verrig, is egter tot teleurstelling gedoem. Die groter finansiële belonings kom gewoonlik eers later in die lewe, en die nuweling moet dus voorbereid wees op baie jare se harde werk. Die argitek se grootste beloning spruit uit die bereiking en ver= wesenliking van sy persoonlike ideale. Daar is egter wel heelwat ryk argitekte in die wêreld.

Daar is ook baie vroue-argitekte. Die bekwaamhede wat deur argitektuur vereis word, is geensins tot mans beperk nie. As 'n dame tot die beroep aangetrokke voel, is daar hoe= genaamd geen rede waarom sy nie 'n suksesvolle argitek kan wees nie.

Kyk ook Landskapargitektuur, p.182.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Sertifikaat in Ar= gitekstekenkunde.

BEELDENDE KUNSTE

Universiteite: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch, Suid-Afrika, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Artium in Skone Kunste: B.A. (UK)
Baccalaureus Artium (Kuns): B.A. (Kuns) (UK)
Baccalaureus Artium in Beeldende Kunste: B.A. (Beeldende Kunste) of B.A.(B.K.) (UN, Unisa, UW)
Baccalaureus Artium (Beeldende Kunste): B.A.(B.K.) (UOVS, PU vir CHO)
Baccalaureus in Beeldende Kunste: B.A.(B.K.) (UP)
Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis)(Kuns): B.A.(Ed.)(Kuns) (UP)
Baccalaureus in Beeldende Kunste: B.Beeldende Kunste (Rhodes)
Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste: B.A. in Beeldende Kunste (US)
Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste (Educationis): B.A. in Beeldende Kunste (Ed.) (US)

Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste: Hons.-B.A. in Beeldende Kunste (US)

Magister Artium in Skone Kunste: M.A. (UK)
Magister Artium in Beeldende Kunste: M.A. Beeldende Kunste of M.A.(B.K.) (UN, Unisa, UW)
Magister Artium (Beeldende Kunste): M.A.(B.K.) (UOVS)
Magister Artium: M.A. (PU vir CHO)
Magister in Beeldende Kunste: M.A.(B.K.) (UP) of M. Beeldende Kunste (Rhodes)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste: M.A. in Beeldende Kunste (US)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, Rhodes, UW)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (UOVS, PU vir CHO, US)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UN, UW)

Diplomas

Diploma in Skone Kunste (UK)
Diploma in Beeldende Kunste (UOVS, Rhodes)
Diploma in Beeldende Kunste (rigting Grafiese Ontwerp) (US)
Diploma in Grafiese Ontwerp (UK)
Gevorderde Diploma in Skone Kunste (UK)

Die volgende universiteite bied die vierjarige kursus vir die Hoër Onderwysdiploma aan met Kuns as een van die spesialiteitsrigtings: Natal (kyk p. 120), Oranje-Vrystaat (kyk p. 121), Potchefstroom (kyk p. 123).

Meeste van die universiteite bied Kunsgeskiedenis aan as 'n hoofvak vir die gewone B.A.-graad. Die Universiteite van Natal en die Witwatersrand bied Beeldende Kuns aan as 'n hoofvak vir die gewone B.A.-graad. Kyk Hoofstuk 2.

## GRADE

Baccalaureus Artium (Kuns): B.A. (Kuns) (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die graadkursus is hoofsaaklik vir kandidate wat van voorneme is om kunsonderwysers(esse) in Sekondêre skole te word. Die leergang bevat eerste- en tweedejaarskursusse in 'n B.A.-vak wat op skool gegee word.

Studente wat die werk van die eerste drie jaar suksesvol voltooi het, word in hul vier=de jaar tot die kursus vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Sekondêr toegelaat. Na voltooiing van die vierde jaar word beide die graad en die diploma toegeken.

Baccalaureus Artium in Skone Kunste: B.A. of

Baccalaureus Artium in Beeldende Kunste: B.A. (Beeldende Kunste) of B.A. (B.K.) of

Baccalaureus Artium (Beeldende Kunste): B.A. Beeldende Kunste

(Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Suid-Afrika, Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Sommige universiteite vereis dat kandidate bewys moet lewer van prak=tiese kunsaanleg.

Addisionele vereistes

Witwatersrand: Kyk p. 30.

Leergang: Die leergang strek oor vier jaar voltydse studie en behels kunsvakke asook een, twee of drie gewone B.A.-kursusse. Die hoofvakke is Kunsgeskiedenis en een of twee van die volgende kursusse: Skilderkuns, Beeldhoukuns, Beeldende Kuns (UOVS), Gra=fiese Kuns (Natal), Fotografie (Kaapstad, Natal), Interdissiplinêre Studies (Kaapstad), Keramiek (Natal), Ontwerpkuns (Potchefstroom).

Baccalaureus in Beeldende Kunste: B.A.(B.K.) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer op die Hoër Graad in minstens twee van die volgende vak=ke: Aardrykskunde, Biologie of Fisiologie, Bybelkunde, Ekonomie, Geskiedenis, Kuns, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde, 'n derde taal.

Kuns as 'n matrikulasievak is nie 'n vereiste nie. 'n Kandidaat moet egter vóór toe=lating tot die kursus 'n praktiese toets aflê ten einde te bepaal of hy oor voldoende aanleg beskik om die kursusse met voordeel te kan volg.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Gedurende die eerste jaar neem studente ba=siese kunsvakke, 'n gewone B.A.-kursus en Kunsgeskiedenis I. Aan die begin van hul tweede jaar kies hul een van die volgende rigtings en voltooi die voorgeskrewe kursusse: Inligtingsontwerp, Skilderkuns, Beeldhoukuns. Die tweede hoofvak is Kunsgeskiedenis IV.

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis)(Kuns): B.A.(Ed.)(Kuns) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Kyk B.A.(B.K.)

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels drie kursusse in elk van die volgende vakke: Kunsgeskiedenis, Ontwerpkuns, Skilderkuns, Tekenkuns, Beeldhoukuns en Pedagogiek; en twee kursusse in een van die volgende: Afrikaans, Duits, Engels, Frans. In die vierde studiejaar volg studente H.O.D.-onderwysvakke.

Baccalaureus in Beeldende Kunste: B. Beeldende Kunste (Rhodes)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Studente voltooi twee kursusse in elk van twee gewone B.A.-vakke en al die kursusse in een van die volgende vier groepe: Skilderkuns, Grafiese Ontwerp, Beeldhou=kuns en Fotografiese Kuns.

B.A. in Beeldende Kunste (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). 'n Slaagsyfer in Wiskunde of Natuur- en Skeikunde op die Standaardgraad is 'n vereiste vir die rigting Juweliersware- en Metaalnywerheidsontwerp.

Leergang: Die leergang wat oor vier jaar voltydse studie strek behels 'n keuse van vier rigtings, naamlik

- Educationis (Sekondêr)
- Grafiese Ontwerp
- Juweliersware- en Metaalnywerheidsontwerp
- Nywerheidsontwerp (Kleur).

Beeldende Kunste kan slegs in kombinasie met onderstaande vakke geneem word:

- Rigting Grafiese Ontwerp en rigting Juweliersware- en Metaalnywerheidsontwerp
  - Eerste jaar: Filosofie, Klassieke Kultuur, Staatsfilosofie.
- Rigting Educationis (Sekondêr)
  - Eerste jaar: Afrikaans-Nederlands, Engels, Geskiedenis.

Òf Staatsfilosofie òf Klassieke Kultuur òf Filosofie op eerstejaarsbasis is 'n voorver=eiste vir toelating tot die derde studiejaar in al die rigtings behalwe die onderwys=rigting.

Daar kan van studente vereis word om van die tweede studiejaar af vir ongeveer drie weke per jaar praktiese vakansiewerk in die nywerheid te verrig.

DIPLOMAS

Diploma in Skone Kunste of

Diploma in Beeldende Kunste (Kaapstad, Rhodes)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die kursusse bevat dieselfde inhoud as dié vir die Baccalaureusgraad in Beeldende Kunste, behalwe vir die graadkursusse in die gewone B.A.-vakke.

Diploma in Beeldende Kunste (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Studente wat nie Kuns as st. 10-vak afge=lê het nie, moet vóór toelating 'n praktiese toets aflê, sodat vasgestel kan word of die student oor voldoende kunsaanleg beskik.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang is ongeveer dieselfde as vir die eerste drie jaar van die leergang vir die B.A. (Beeldende Kunste).

Diploma in Beeldende Kunste (rigting Grafiese Ontwerp) (Stellenbosch)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang is dieselfde as vir die eerste drie studiejare van die B.A. Beeldende Kunste, rigting Grafiese Ontwerp.

Drie weke praktiese vakansiewerk word jaarliks van die tweede studiejaar af vereis.

Diploma in Grafiese Ontwerp (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Kandidate wat in besit is van 'n Senior Sertifikaat of bewys van prak=tiese aanleg in kuns toon, kan met die toestemming van die Direkteur van die Michaelis-skool tot die kursus toegelaat word.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Studente kies een van die volgende vakke as 'n hoofvak: Tipografiese Ontwerp en Uitleg, Illustrasie, Fotografie, Oudio-visuele Media, Afdrukkuns.

Gevorderde Diploma in Skone Kunste (Kaapstad)

Toelatingsvereiste: B.A. in Skone Kunste of 'n B.A. (Kuns) of 'n Diploma in Skone Kun=ste of 'n Diploma in Grafiese Ontwerp.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Hierdie kursus maak voorsiening vir praktiese na=vorsing deur persone wat ondersoek wil instel na die praktiese skeppende aspekte van die Beeldende Kunste.

BEROEPSDIENS

Akademiese kwalifikasies in beeldende kunste kan langs een van twee weë verwerf word. Eerstens kan Kunsgeskiedenis as een hoofvak vir die B.A.-graad geneem of sinvol op een- of tweejarige basis as byvak met ander vakke gekombineer word. So 'n kursus bied voor=bereiding vir beroepe byvoorbeeld in navorsing of dosering aan universiteite, die RGN, kunsskole of in kuns- en kultuurhistoriese musea (as kurator of opvoedkundige beampte); in die perswese as kunskritikus of joernalis wat 'n kunsrubriek behartig; die SAUK vir radio- en televisieuitsendings (een van die talle kunsprogramme); in die kunshandel as skakelbeampte tussen kunstenaar en publiek en in die diplomatieke diens as kulturele attaché. Maar ook vir die geestelike en kulturele ontwikkeling van elke mens is hierdie vak uiters waardevol.

Tweedens kan die student hom wend tot die meer praktiese en gespesialiseerde rigtings deur 'n B.A. (B.K.)-graad te neem. Ook in dié geval kan Kunsgeskiedenis as hoofvak saam met ander kunsvakke geneem word. Die spesialiseringsrigting sal in 'n hoë mate die be=roep wat gevolg sal kan word, bepaal. Daar is talle geleenthede vir kunshistorici, skilders, beeldhouers en ontwerpers, onder andere as vryskut beroepskunstenaars, as kunsonderwysers of dosente, as kuns- en museumwetenskaplikes, as ontwerpers in die nywer=heid (grafiek, tekstiel, metaal e.a.), by reklame- of persmaatskappye en regeringsin=stansies, en as illustreerders of tipograwe by uitgewers. Die Rade vir Uitvoerende

Kunste van die vier provinsies neem kunstenaars in diens as ontwerpers en vervaardigers van verskeie rekwisiete.

Kuns is kommunikasie en nuwe arbeidsvelde vir akademies opgeleide beeldende en ontwerp=kunstenaars (mans sowel as dames), het in 'n veranderende wêreld ontstaan. Die grootste werkgewers is die handelaars en nyweraars wat van die waarde van kunstenaars in die ny=werheid bewus geword het. Weens die snelle nywerheidsgroei hier te lande sal die vraag na opgeleide kunstenaars steeds toeneem. Deur bemiddeling van die Ontwerpinstituut (SABS) word beurse aan belowende studente beskikbaar gestel en kompetisies uitgeskryf. Die doel hiermee is nie alleen om goeie ontwerp te bevorder nie maar ook om die aandag op Suid-Afrikaanse kunstenaars se skeppende ontwerpvermoë te vestig.

Raadpleeg ook <u>Tersiêre Opleiding</u> vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Kuns en Ontwerp.

<u>BIBLIOTEEKKUNDE</u>

<u>Universiteite</u>: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Rhodes, Stellenbosch, Suid-Afrika

<u>Grade</u>

Baccalaureus Bibliothecologiae: B. Bibl. (UOVS, PU vir CHO, Unisa)
Baccalaureus in Biblioteekkunde: B.Bibl. (UP)
Baccalaureus in die Biblioteekkunde: B.Bibl. (RAU) of B.Biblioteekkunde (US)
Baccalaureus in die Biblioteekkunde (Opvoedkunde): B.Bibl. (Ed.) (RAU) Kyk p. 125.
Baccalaureus Musicae (Biblioteekkunde): B.Mus.(Biblioteekkunde) (UK)

Baccalaureus in Biblioteek- en Inligtingkunde (Honneurs): B.Bibl. Hons. (UN)
Honneurs-Baccalaureus Bibliothecologiae: B.Bibl.(Hons.) (UOVS) of Honns. B.Bibl. (PU vir CHO) of Hons.-B.Bibl. (Unisa)
Baccalaureus Honores in Biblioteekkunde: B.Bibl. (Hons.) (UP)
Honneurs Baccalaureus in die Biblioteekkunde: B.Bibl.(Hons.) (RAU) of Hons.-B.Biblio=teekkunde (US)

Magister in Biblioteek- en Inligtingkunde: M.Bibl. (UN)
Magister Bibliothecologiae: M.Bibl. (UOVS, PU vir CHO, Unisa)
Magister in Biblioteekkunde: M.Bibl. (UP)
Magister in die Biblioteekkunde: M.Bibl. (RAU) of M.Biblioteekkunde (US)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN)
Doctor Bibliothecologiae: D.Bibl. (UOVS, PU vir CHO, Unisa)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (US)

<u>Diplomas en Sertifikaat</u>

Laer Diploma in Biblioteekkunde (UK, UOVS, PU vir CHO, UP, Rhodes, US, Unisa)
Hoër Diploma in Biblioteekkunde (UK, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, Rhodes, US, Unisa)
Nagraadse Diploma in Biblioteekkunde (RAU)
Finale Diploma in Biblioteekkunde (UK)
Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) (Skoolbiblioteekkunde): H.O.D. (nagraads) (Skoolbibl.) (PU vir CHO) Kyk p. 123.
Spesialiseringsdiploma in Skoolbiblioteekwese (US) Kyk p. 128.
Sertifikaat in Skoolbiblioteekkunde (Unisa) en
Diploma in Spesialiseringsonderwys (Skoolbiblioteekkunde) (Unisa) Kyk p. 129.

Die volgende universiteite bied die vierjarige kursus vir die Hoër Onderwysdiploma aan met Skoolbiblioteekkunde as een van die spesialiteitsrigtings: Oranje-Vrystaat (kyk p. 121), Potchefstroom (kyk p. 123), die Randse Afrikaanse Universiteit (kyk p. 126).

GRADE

<u>Baccalaureus Bibliothecologiae: B.Bibl.</u> of

<u>Baccalaureus in Biblioteekkunde</u> of

<u>B.Biblioteekkunde</u>

(Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Pretoria: Kyk p. 18.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels veertien kursusse, waarvan vier kursusse in Biblioteekkunde moet wees. Die ander kursusse word uit die gewone B.A.-graadvakke gekies. Aan die universiteite van die Oranje-Vrystaat, Potchefstroom en Pretoria moet studente 'n tweede verpligte hoofvak, naamlik Inligtingkunde, volg. Aan die Universiteit van Stellenbosch is Inligtingkunde 'n onderafdeling van Biblioteekkunde.

Kandidate moet gedurende hul studiejare vir 'n voorgeskrewe tydperk in goedgekeurde biblioteke werk om praktiese ondervinding op te doen.

Baccalaureus in die Biblioteekkunde: B.Bibl. (Randse Afrikaanse Universiteit)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die hoofvakke is Biblioteekkunde IV en Inligting=kunde III. Drie jaarkursusse in elk van twee ander vakke wat as hoofvakke (naas Inlig=tingkunde) geneem moet word, of drie jaarkurusse in een ander vak plus twee jaarkursusse in elk van twee ander vakke word ingesluit. 'n Jaarkursus in 'n taal word ook vereis. 'n Leeskennis van een moderne vreemde taal word vereis en word deur middel van 'n ver=taaltoets getoets.

Studente in hul vierde jaar moet 'n totaal van 80 uur ervaring in goedgekeurde biblio=teke opdoen.

Baccalaureus Bibliothecologiae: B.Bibl. (Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Minstens vier jaar. Die leergang bestaan uit minstens vyftien kursusse en word soos volg saamgestel:

- Biblioteekkunde IV
- Een van die volgende:
  - Bibliologie III, Inligtingkunde II, Leserkunde I
  - Inligtingkunde III, Leserkunde II, Bibliologie I
  - Leserkunde III, Inligtingkunde II, Bibliologie I
- Rekenaarwetenskap I of Inligtingstelsels (twee modules)
- Drie kursusse in 'n vak wat as hoofvak vir die B.A.-, B.Com.- of B.Sc.-graad geneem kan word
- minstens een kursus uit die leergange van eerste Baccalaureusgrade van enige fakulteit.

Baccalaureus Musicae (Biblioteekkunde): B.Mus. (Biblioteekkunde) (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Kyk B.Mus. p. 186.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Studente wat in Musiekbiblioteekkunde vir die B.Mus.-graad spesialiseer, word na voltooiing van die eerste drie jaar toegelaat tot die kursus vir die Hoër Diploma in Biblioteekkunde in die vierde jaar. Die graad en die diploma word aan die suksesvolle studente toegeken. Kyk ook p. 187.

Baccalaureus in Biblioteekkunde en Inligtingkunde (Honneurs): B.Bibl.Hons. (Natal)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad en 'n Hoër Diploma in Biblioteekkunde.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie. Kyk ook B.A.Hons. p. 10.

DIPLOMAS

Laer Diploma in Biblioteekkunde (Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Pretoria, Rhodes, Stellen=bosch)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat. Sommige universiteite vereis 'n Matriku=lasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Leergang: Twee jaar voltydse studie. In die eerste jaar bevat die leergang drie tot vyf gewone B.A.-graadkursusse. Die tweede jaar behels professionele vakke soos Katalografie of Biblioteekkunde (Stellenbosch), Biblioteekbedryfsleer, Boekkeuring.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se leergang behels Biblioteekkunde, Inligtingkunde en B.A.-graadkursusse versprei oor die twee jaar.

Kandidate moet vir drie of vier weke praktiese werk in 'n goedgekeurde biblioteek doen.

Laer Diploma in Biblioteekkunde: L.D.B. (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). 'n Student wat in besit is van 'n diploma uitgereik deur die PU vir CHO of 'n ander goedgekeurde inrigting kan van die eerstejaarskursus van die Laer Diploma in Biblioteekkunde vrygestel word.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. In die eerste jaar kan studente enige vyf eerstejaarskursusse wat vir 'n graad voorgeskryf is, volg. Tweedejaarsvakke behels Bedryfskunde vir Biblioteek- en Inligtingsdienste, Inligtingsisteme en -dienste, Ontsluitingskunde, Leserkunde en Boekkeuring.

'n Student moet gedurende sy studietydperk minstens vier weke lank praktiese werk in 'n erkende biblioteek verrig.

Laer Diploma in Biblioteekkunde (Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Leergang: Minstens twee jaar. Die leergang bestaan uit die volgende agt kursusse: Bibliologie I, Biblioteekkunde I, Inligtingkunde I en II, Leserkunde I, Rekenaarwetenskap I of Inligtingstelsels, en minstens twee kursusse in 'n vak of vakke uit die leergange van eerste Baccalaureusgrade van enige fakulteit.

Hoër Diploma in Biblioteekkunde

(Al die universiteite behalwe RAU)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie. 'n Kandidaat moet gedurende sy studietydperk vir 'n voorgeskrewe tydperk in 'n goedgekeurde biblioteek werk.

Die leergang behels onder andere die volgende vakke: Katalogisering of Katalografie, Biblioteekbedryfskunde, Leserkunde, Boekkeuring. Potchefstroom bied presies dieselfde vakke aan as vir die tweede jaar van die Laer Diploma in Biblioteekkunde. Die Universiteite van Stellenbosch en Suid-Afrika bied min of meer dieselfde professionele vakke aan as vir die Laer Diploma in Biblioteekkunde.

Nagraadse Diploma in Biblioteekkunde (Randse Afrikaanse Universiteit)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Leergang: Twee semesters voltydse studie of vier semesters deeltydse studie. Die inhoud van Biblioteekkunde I-IV word oor die studietydperk verdeel.

'n Leeskennis van een moderne vreemde taal word vereis en deur 'n vertaaltoets getoets.

Finale Diploma in Biblioteekkunde (Kaapstad)

Die Universiteit van Kaapstad kan 'n Finale Diploma in Biblioteekkunde uitreik aan kandidate wat die Hoër Diploma in Biblioteekkunde voltooi het, 'n spesiale bibliografie saamgestel het en bewys gelewer het van twee jaar se bevredigende biblioteekdienste as 'n voltydse lid van 'n biblioteekpersoneel.

BEROEPSDIENS

Die samelewing is vir sy voortbestaan en vooruitgang van kennis afhanklik. Daarom is dit die taak van die bibliotekaris om hierdie kennis byeen te bring en deur middel van 'n goed georganiseerde biblioteek vir gebruik toeganklik te maak. Die inligtingsfunksie van biblioteke neem daagliks meer toe en hierdie aspek word in die opleiding al hoe meer geaksentueer.

Sedert 1930 het 'n byna rewolusionêre ontwikkeling op die gebied van die biblioteekkunde en biblioteekdienste in Suid-Afrika plaasgevind. 'n Bykans onversadigbare behoefte aan

opgeleide bibliotekarisse, mans sowel as dames, het gevolglik ontstaan. Die talle nuwe biblioteke en biblioteekdienste noodsaak opgeleide en selfs gespesialiseerde arbeid. Die tekort aan opgeleide mans is relatief groter as die tekort aan dames.

Verskeie soorte biblioteke asook die afdelings in 'n biblioteek maak dit vir biblioteek=beamptes moontlik om werk te verrig wat aanpas by hul aanleg of besondere opleiding. So kan die bibliotekaris as't ware met sy biblioteek afgeleë dorpe besoek indien hy 'n betrekking beklee in die Provinsiale Biblioteekdiens. Daar is byvoorbeeld ook die moontlikheid van 'n pos as organiseerder van skoolbiblioteke vir 'n onderwysdepartement wat skoolbiblioteke van raad moet dien. Die geleentheid bestaan selfs vir werk of studie in die buiteland, byvoorbeeld op 'n uitruilbasis na die VSA. Groot biblioteke stuur soms self bibliotekarisse met grade of diplomas oorsee vir gespesialiseerde studie. Verdere vooruitsigte is die verskillende range wat 'n bibliotekaris kan beklee op die weg van bevordering, veral by instansies soos die volgende: Onderwysdepartemente as onderwyserbibliotekaris; staats- en provinsiale biblioteke; munisipaliteite; die WNNR; RGN; Spoorweë; Yskor; Sasol; sommige myne, universiteite (bibliotekaris of doseerpos); argiewe.

Aan die voortbestaan van hierdie gunstige omstandighede word nie getwyfel nie en voort=durend word daar aantreklike poste geskep. Meer inligting oor biblioteek- en inligting=kunde as 'n loopbaan, kan verkry word van die Ereskakelbeampte, Suid-Afrikaanse Biblio=teekvereniging, p/a Ferdinand Postma-biblioteek, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom 2520.

BOSBOU

Universiteit: Stellenbosch

Grade

Bosbou

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Bosbou: B.Sc. in Bosbou

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Bosbou: Hons.-B.Sc. in Bosbou

Magister in die Natuurwetenskappe in Bosbou: M.Sc. in Bosbou

Doktor in die Wysbegeerte (Bosbou): Ph.D. (Bosbou)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Bosbou: D.Sc. in Bosbou

Houtkunde

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: B.Sc. in Houtkunde

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: Hons.B.Sc. in Houtkunde

Magister in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: M.Sc. in Houtkunde

Doktor in die Wysbegeerte (Houtkunde): Ph.D. (Houtkunde)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: D.Sc. in Houtkunde

Parke- en Ontspanningsadministrasie

B. in Parke- en Ontspanningsadministrasie

Natuurbewaring

Hons.-B.Sc. in Natuurbewaring
M.Sc. in Natuurbewaring
Ph.D. (Natuurbewaring)
D.Sc. in Natuurbewaring

GRADE

BOSBOU

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Bosbou: B.Sc. in Bosbou

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde en 'n natuurwetenskapvak op minstens die Standaardgraad. Voornemende studente wat 'n kursus wil volg waarin Chemie en/of Fisika as vakke voorkom, word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde vir die standerd 10-ek=samen te neem. Indien 'n student Botanie en/of Soölogie aan die Universiteit wil volg, word hy aangeraai om benewens Natuur- en Skeikunde, ook Biologie vir die st. 10-eksamen aan te bied.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Vakke vir die eerste jaar behels: Biologie, Wiskunde (Bio.), Chemie, Fisika (Bio.) en Inleiding tot Bosbou ('n bywoningsvak ).

Studente kan ná die eerste studiejaar na die tweede studiejaar van die B.Sc. in Houtkunde-kursus oorskakel.

In hul derde studiejaar kies studente een van twee rigtings, naamlik Boskunde of Boskunde - Natuurbewaring.

Die hoofvakke vir die rigting Boskunde is Bosbestuur, Boskultuur en Bosmeetkunde. Die hoofvakke vir die rigting Boskunde - Natuurbewaring is Bosbestuur, Boskultuur en Natuurbewaring.

Studente sal moontlik van 1979 af by die vierde jaargang van die rigting Bosontginning kan aansluit. Die eerste drie jaar is dieselfde as dié vir die B.Sc. in Bosbou (rigting Boskunde). Vakke vir die vierde jaar is onder andere Bosbestuur, Bosontginning, Bosmeetkunde, Transport en Padaanleg, Bedryfskoste.

Studente moet praktiese werk gedurende die vakansies doen en studiereise onderneem.

HOUTKUNDE

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: B.Sc. in Houtkunde

Toelatingsvereistes: Soos vir B.Sc. in Bosbou.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die eerste jaar is dieselfde as vir die B.Sc. in Bosbou.

Studente kan ná die eerste studiejaar na die tweede studiejaar van die B.Sc. in Bosbou-kursus oorskakel.

Vakke vir die vierde jaar behels: Houttegnologie, Houtchemie, Boskunde (Spes.), Masjienonderdele, Bedryfskoste, Bedryfsielkunde (vir Bosbou), Houtkundeverslag.

Studente moet praktiese werk gedurende die vakansies verrig en studiereise onderneem.

Studente sal moontlik van 1979 af by die vierde jaargang van die rigting Bosontginning kan aansluit. Die eerste drie jaar is dieselfde as dié vir die B.Sc. in Houtkunde. Die vakke vir die vierde jaar kom min of meer ooreen met die vierdejaarsvakke van B.Sc. in Houtkunde. Die vakke is onder andere Houttegnologie, Masjienonderdele, Bedryfskoste, Bosontginning, Transport en Padaanleg.

PARKE- EN ONTSPANNINGSADMINISTRASIE

B. in Parke- en Ontspanningsadministrasie

Toelatingsvereiste: Soos vir B.Sc. in Bosbou.

Leergang: Vier jaar voltydse studie.

Vakke vir die eerste jaar behels: Biologie, Wiskunde (Bio.), Chemie, Ontspanningsbestuur en -beplanning (hoofvak). Vakke vir die vierde jaar behels: Beginsels van Landskapsbeplanning, Publieke Administrasie (hoofvak), Tuinbou (Materiaalstudie), Bedryfsielkunde (vir Bosbou), Landskapsargitektuur.

NATUURBEWARING

Hons.-B.Sc. in Natuurbewaring

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.-graad met Soölogie, Botanie of Biologie as een van die hoofvakke.

Leergang: Studente moet 'n goedgekeurde leergang van gevorderde studie, wat deur die betrokke dosente vir elke student afsonderlik vasgestel word, van minstens een jaar volg, en in die eksamens slaag.

M.Sc. in Natuurbewaring

Toelatingsvereiste: B.Sc. in Bosbou of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad of 'n Honneurs-B.Sc.-graad wat deur die Senaat goedgekeur is.

Leergang: Studente moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van ten minste twee jaar (ná behaling van die Baccalaureusgraad) of ten minste een jaar (ná behaling van die Honneursgraad) volg, wat 'n periode van studie of navorsing op 'n ander erkende plek mag insluit. Studente moet 'n bevredigende verhandeling inlewer.

BEROEPSDIENS

Dit is belangrik dat daar tussen 'n bosbouer en 'n vakkundige bosboubeampte onderskei sal word. Eersgenoemde volg nie 'n graadkursus nie maar word vir die Diploma in Bosbou opgelei aan die Kollege vir Bosbouers te Saasveld naby George in die Kaapprovinsie. 'n Bosboubeampte daarenteen is iemand wat 'n vierjarige B.Sc.-graad in Bosbou of Houtkunde aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. Sy funksies in die Departement van Bosbou is onder andere die bestuur van staatsplantasies en -kwekerye, inheemse bosse, natuurreservate, staatshoutverwerkingsinstallasies; navorsing, voorligting aan die pu= bliek en so meer.

Die verskillende afdelings waarin die Departement verdeel is, gee 'n aanduiding van die aard van die werk wat deur vakkundige bosboubeamptes verrig moet word:

- Die Afdeling Bosbestuur is in beheer van die bedryfsreëling, ontginnig en ver= voer van saagblokke en pale, boskultuurwerksaamhede, die bemarking van hout, natuurbe= waring, buitelugontspanning en ander bestuursaangeleenthede van die nege bosboustreke;
- die Afdeling Bosbenutting beheer alle aangeleenthede wat betrekking het op die saagmeulbedryf en benutting en bemarking van verwerkte hout;
- die Afdeling Bosbounavorsing wat alle departementele navorsing op die gebied van bosbou beheer en koördineer. Navorsing word veral onderneem in die rigtings soos bos= kultuur, bewaringsbosbou, houttegnologie, boomveredeling, bosmeetkunde, bosentomologie en -patologie en so meer;
- die Afdelings Ekonomie, Werke en Inligting.

Vakkundiges kan die hoogste poste in die Departement bereik. As beamptes met uitvoe= rende gesag is hulle gemoeid met pligte wat met ekonomiese sowel as bosboukundige ver= eistes verband hou.
Enkele bosboubeamptes word in diens geneem deur groot munisipaliteite, myne, bosbou- en houtmaatskappye en die WNNR.

Die vooruitsigte vir wetenskaplikes in Houtkunde in Suid-Afrika is rooskleurig. Die saagmeulbedryf belewe 'n bloeitydperk en groot uitbreiding op hierdie gebied asook van die pulp- en papiervervaardigingsbedryf en ander terreine van houtgebruik word vir die onmiddellike toekoms voorsien. Afgesien van die private sektor, kan gegradueerdes ook in die Departement van Bosbou, die WNNR, die SABS en ander openbare liggame aangestel word. Hierby sal navorsing oor al die aspekte van houttegnologie, versnel moet word.

Parke- en Ontspanningsadministrasie bied 'n uitstekende toekoms aan persone wat van die buiteluglewe hou. Instansies wat persone met hierdie kwalifikasie in diens neem, is byvoorbeeld die departemente van Bosbou en Openbare Werke, munisipaliteite, landskap= argitekte, die Spoorweë en die provinsiale administrasies. Raadpleeg ook <u>Tersiêre Opleiding</u> vir besonderhede oor die Diploma in Bosbou, die Nasionale Diploma in Natuur= bewaring en Bestuur, en die Nasionale Diploma in Parke- en Ontspanningsadministrasie.

BOUKUNDE

<u>Universiteite</u>: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria, Witwaters= rand

<u>Grade</u>

Baccalaureus Scientiae (Bouery): B.Sc. (Bouery) (UK)
Baccalaureus Scientiae in Boukunde: B.Sc. (Boukunde) (UN, UW)
Baccalaureus Scientiae in Bouadministrasie: B.Sc. (Bouadmin.) (UOVS)
Baccalaureus in Boukunde: B. Boukunde (UPE)
Baccalaureus Scientiae in Boubestuur: B.Sc. (Boubestuur) (UPE)
Baccalaureus in Boubestuur: B.Sc. (Boubestuur) (UP)
Baccalaureus in Boukunde: B.Sc. (Boukunde) (UP)

Magister Scientiae (Bouery): M.Sc. (Bouery) (UK)
Magister Scientiae in Boukunde: M.Sc. (Boukunde) (UN, UW)
Magister Scientiae in Bouadministrasie: M.Sc. (Bouadmin.) (UOVS)
Magister Scientiae in Boubestuur: M.Sc. (Boubestuur) (UPE)
Magister in Boubestuur: M.Sc. (Boubestuur) (UP)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN, UW)
Doctor Scientiae in Boukunde: D.Sc. (Boukunde) (UN, UW)
Philosophiae Doctor in Boubestuur: Ph.D. (UPE)
Doktor in Boubestuur: D.Sc. (Boubestuur) (UP)

GRADE

Baccalaureus Scientiae (Bouery): B.Sc. (Bouery) (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, en 'n slaagsyfer in 'n wetenskapvak op die Standaardgraad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Elke student moet tydens die vakansies vir drie tydperke van ten minste ses weke elk ondervinding by 'n goedgekeurde bou-aannemer op=doen voor toelating tot die tweede, derde en vierde jare onderskeidelik.

Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Boubestuur, Boukonstruksie, Hoeveelhede, Handelsreg, Wiskunde, Boureg.

Baccalaureus Scientiae in Boukunde: B.Sc. Boukunde (Natal)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Elke kandidaat moet ten minste ses weke ononder=broke praktiese ondervinding in 'n firma van algemene bou-aannemers opdoen voordat hy toegelaat kan word om vir die daaropvolgende jaar se werk in te skryf.

Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Bouadministrasie, Boutegnolo=gie, Struktuurleer, Ekonomie, Handelsreg, Bouwetenskap, Konstruksie-ontwerp en -praktyk, Wiskunde, Boureg.

Baccalaureus Scientiae in Bouadministrasie: B.Sc. (Bouadmin.) (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: Kyk p. 90.

Leergang: Die leergang strek oor vier jaar. 'n Kandidaat moet gedurende die eerste en tweede studiejare sy volle tyd aan die studie vir die graad wy. Gedurende die volgende twee studiejare moet hy voltyds by 'n bou-aannemer werksaam wees.

Die eerste twee jaar van die leergang is dieselfde as dié vir die graad B.Sc. in Bou=rekenkunde. Die ander vakke vir die leergang sluit in onder andere die volgende: Bou=ershoeveelhede, Boukonstruksie, Boukontrakte en Prosedures, Boufinansies, Spesifika=sies, Prysontleding, Arbeidsreg.

Baccalaureus in Boukunde: B.Boukunde (Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Standaard=graad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Na suksesvolle voltooiing van die leergang vir die graad B.Boukunde mag die kandidaat voortgaan met sy vierde en vyfde voltydse stu=diejare. By bevredigende voltooiing hiervan word die graad B.Arch. aan hom toegeken.

Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Ontwerp, Boumateriale, Struktuur=leer, Geskiedenis van Kuns en Argitektuur, Beroepspraktyk, Bou-ekonomie, Omgewings=ingenieurswese.

Baccalaureus Scientiae in Boubestuur: B.Sc. (Boubestuur) (Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: Soos vir B.Boukunde.

Leergang: Die leergang strek oor vyf jaar. 'n Kandidaat moet gedurende sy laaste twee studiejare voltyds werksaam wees by 'n goedgekeurde geregistreerde bou-aannemer.

Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Boubestuur, Hoeveelhede, Bou=finansies, Prysontleding, Boumateriale, Omgewingsingenieurswese, Beroepsveiligheid, Beroepspraktyk, Struktuurleer.

Baccalaureus in Boubestuur: B.Sc. (Boubestuur) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, asook 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of minstens 40 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Die leergang strek oor vyf jaar. 'n Kandidaat moet gedurende die eerste twee studiejare sy volle tyd aan die studie vir die graad wy, maar moet gedurende die derde,

vierde en vyfde studiejare voltyds by 'n goedgekeurde geregistreerde werkgewer in die boubedryf werksaam wees.

Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Boubestuur, Boukontrakte en Prosedure, Bedryfsveiligheid, Boufinansies, Bouershoeveelhede, Boutegnologie, Geboudienste, Struktuurleer, Prysontleding.

Baccalaureus in Boukunde: B.Sc. (Boukunde) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir B.Sc. (Boubestuur).

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Kandidate word aangeraai om praktiese ondervinding op te doen deur tydens universiteitsvakansies in die kantoor van 'n argitek werksaam te wees.

Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Boutegnologie, Kantoorpraktyk, Struktuurleer, Geboudienste, Bedryfsielkunde, Beroepspraktyk, Hoeveelhede, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap.

Baccalaureus Scientiae in Boukunde: B.Sc. (Boukunde) (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad en 'n slaagsyfer op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad in een van die volgende vakke: Biologie, Natuur- en Skeikunde, Fisiologie.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Bouwetenskap, Produksiebeplanning en Ontwerp, Bedryfsorganisasie en -bestuur, Ekonomie, Wiskunde, Handelsreg, Struktuurleer, Fisika en Chemie.

BEROEPSDIENS

In die verlede het die bounywerheid swaar geleun op die kennis van argitekte, bourekenaars en siviele ingenieurs. Die vinnige uitbreiding van dié nywerheid, die vervanging van tradisionele deur moderne boumateriale (byvoorbeeld dié van sintetiese aard), die toepassing van gesofistikeerde boutegnieke en die gepaardgaande organisasie om geboue vinnig en doeltreffend op te rig, is egter almal aspekte van die boutegnologie wat spesiale studie noodsaaklik maak. Veral die groter konstruksiemaatskappye besef al hoe meer die waarde van die aanvullende kennis van gegradueerdes in boubestuur en boukunde. Van die klompie wat reeds hierdie kwalifikasie besit, is daar verskeie voorbeelde bekend van jongmanne wat in bevel van bouprojekte van miljoene rande geplaas is en die projekte met sukses deurgevoer het.

Boubestuurwerk het betrekking op die bestuur van al die verskillende soorte bou-aktiwiteite en kan uiteenlopend van aard wees. Boubestuurders is dan ook grootliks in aanvraag om 'n verskeidenheid van binnens- en buitenshuise poste te vul, van bouprojek- tot personeelbestuur, van die bestuur van onderaannemers tot die aankoop van toerusting en materiale, en 'n menigte meer.

Boukundiges is weer hoofsaaklik by die professionele sy eerder as by die uitvoerende sy van die boubedryf betrokke. Dit kan egter gebeur dat groter firmas van die dienste van boukundiges ook in uitvoerende hoedanigheid kan gebruik maak. Die meeste boukundiges word egter deur argitekte as senior vennote in diens geneem. Vervaardigers van boumateriaal neem gegradueerdes in boukunde in diens met die oog op kantoor- en reklamewerk. Enkeles word deur bounavorsingslaboratoria in diens geneem.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor verskeie kursusse in die boubedryf.

BOUREKENKUNDE

Universiteite: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Scientiae in Bourekene: B.Sc. (Q.S.) (UK)
Baccalaureus Scientiae in Bourekenkunde: B.Sc.(Q.S.) (UOVS, UW) of B.Sc. Q.S. (UN) of B.Sc. ( Bourekenkunde) (UPE)
Baccalaureus in Bourekenkunde: B.Sc. (Q.S.) (UP)

Magister Scientiae in Bourekenkunde: M.Sc. (Q.S.) (UOVS, UW) of M.Sc. Q.S. (UN) of M.Sc. (Bourekenkunde) (UPE)
Magister in Bourekenkunde: M.Sc. (Q.S.) (UP)

Doctor Scientiae in Bourekenkunde: D.Sc. (Q.S.) (UW) of D.Sc. Q.S. (UN)
Philosophiae Doctor in Bourekenkunde: Ph.D. (UPE)
Doktor in Bourekenkunde: D.Sc. (Q.S.) (UP)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN, UW)

GRADE

Baccalaureus Scientiae in Bourekene : B.Sc. (Q.S.) of

Baccalaureus Scientiae in Bourekenkunde: B.Sc. (Q.S.) of B.Sc. (Bourekenkunde) of

Baccalaureus in Bourekenkunde: B.Sc. (Q.S.)

(Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Kaapstad: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, en 'n slaagsyfer in 'n wetenskapvak op die Standaardgraad.

Oranje-Vrystaat: Kyk p. 90.

Port Elizabeth: 'n Slaagsyfer van minstens 40 persent in Wiskunde op die Standaard=graad.

Pretoria: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, asook 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of min=stens 40 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Die leergang strek oor vyf jaar en behels twee jaar voltydse en drie jaar deeltydse studie (Oranje-Vrystaat, Pretoria) of drie jaar voltydse en twee jaar deel=tydse studie (Kaapstad, Port Elizabeth). 'n Kandidaat moet gedurende die tydperk wat hy deeltyds studeer, voltyds in die kantoor van 'n geregistreerde bourekenaar werk=saam wees.

Die leergang sluit in onder andere die volgende kursusse: Hoeveelhede V of Boureken=kunde V (Oranje-Vrystaat), Beroepspraktyk, Spesifikasie, Boukonstruksie of Boutegnolo=gie of Boumateriale.

Baccalaureus Scientiae in Bourekenkunde: B.Sc. Q.S. (Natal)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie en een jaar praktiese ondervinding. Die leergang sluit in onder andere die volgende kursusse: Hoeveelhede IV, Beroepspraktyk, Bouteg=nologie III, Bou-ekonomie, Teorie en Ontwerp van Strukture III.

Baccalaureus Scientiae in Bourekenkunde: B.Sc.(Q.S.) (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Stan=daardgraad in Wiskunde en in een van die volgende vakke: Biologie, Natuur- en Skei=kunde, Fisiologie.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels Dele I, II en III. Aan die einde van elke studiejaar van Dele I en II moet 'n student gedurende die daaropvolgende lang vakansie in die kantoor van 'n geregistreerde bourekenaar of 'n bourekenaarskan=toor van 'n staatsdepartement, 'n provinsiale administrasie of van 'n plaaslike ower=heid werksaam wees.

Die leergang sluit onder andere die volgende vakke in: Bouwetenskap, Teorie en Prak=tyk van Bourekenkunde, Wiskunde, Ekonomie, Kostewaardering en -beheer, Struktuurleer.

BEROEPSDIENS

Die bourekenaar se terrein is alle aspekte van boukoste en daar word dikwels na hom ver=wys as die tegniese rekenmeester in die boubedryf. Hy werk nou saam met die argitek, ingenieur en bouaannemer. Hierby is hy 'n professionele raadgewer, byvoorbeeld in die geval van 'n regsgeding in verband met 'n boukontrak, die waardering van eiendomme met die oog op versekering of advies aan eiendomsontwikkelaars en beleggers in vaste eien=dom.

In die Staatsdiens het die bourekenaar die geleentheid om in feitlik enige vertakking van die bourekenkunde werksaam te wees. Diegene in diens van die Departemente van Verdediging, Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, Gemeenskapsbou en Openbare Werke is in Pretoria gesetel. Bourekenaars van die provinsiale administrasies word in hulle onderskeie hoofkantore gehuisves.

In die private sektor is die moontlikhede vir die bourekenaar feitlik onbeperk, terwyl goeie werkgeleenthede ook bestaan by byvoorbeeld munisipaliteite, die Spoorweë, die WNNR en universiteite. Mettertyd kan met 'n eie onderneming, wat vandag uiters lonend is, begin word.

Die professie is nie net vir mans bedoel nie. Dames is ewe-eens welkom daarin en daar is rede om te glo dat diegene met die regte aanleg en belangstelling, baie suksesvol daarin kan wees.

Raadpleeg ook <u>Tersiêre Opleiding</u> vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Bouop=meters.

DIEETKUNDE

<u>Universiteite</u>: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Stellenbosch

<u>Grade</u>

Baccalaureus Scientiae in Dieetkunde: B.Sc.Dieet. (UN)
Baccalaureus Scientiae met Dieetkunde: B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus in Dieetkunde: B.Sc. (Dieet.) (UP)
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe met Dieetkunde en Fisiologie as hoofvakke: B.Sc. (US)
Baccalaureus Scientiae in Dieetkunde (Honneurs): B.Sc.Dieet. Hons. (UN)
Honneurs Baccalaureus Scientiae: Honns. B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Dieetkunde: B.Sc.(Dieet.)(Hons.) (UP)
Honneurs-B.Sc. (US)

Magister Scientiae in Dieetkunde: M.Sc.Dieet. (UN)
Magister Scientiae: M.Sc. (PU vir CHO)
Magister in Dieetkunde: M.Sc.(Dieet.) (UP)
M.Sc. (US)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN, US)
Doctor Scientiae: D.Sc. (PU vir CHO, US)
Doktor in Wis- en Natuurkunde in Dieetkunde: D.Sc. in Dieetkunde (UP)

<u>Diplomas</u>

Diploma in Terapeutiese Dieetkunde (UK)
Universiteitsdiploma in Dieetkunde (PU vir CHO)
Diploma in Hospitaaldieetkunde (UOVS, PU vir CHO, US)
Nagraadse Diploma in Hospitaaldieetkunde (UP)

GRADE

<u>Baccalaureus Scientiae in Dieetkunde: B.Sc.Dieet.</u> (Natal)

<u>Toelatingsvereistes</u>: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met slaagsyfers van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad in Wiskunde en 'n natuurwetenskap.

<u>Leergang</u>: Drie jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke behels Chemie, Voeding, Dier=kunde of Biologie en een van die volgende: Botanie, Ekonomie, Wiskunde, Fisika, Siel=kunde, Sosiologie. Die vakke vir die derde jaar behels Dieetkunde, Voeding en Huis=bestuur.

Baccalaureus Scientiae met Dieetkunde: B.Sc. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde en 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde, minstens op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Studente het 'n keuse van hoofvakke tussen (i) Voedingsleer en Fisiologie of (ii) Voedingsleer en Voedselleer. Eerstejaarsvakke sluit in Voedsel- en Voedingsleer, Kleding, Chemie, Fisika en Fisiologie.

Baccalaureus Scientiae met Dieetkunde en Fisiologie as hoofvakke: B.Sc. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met slaagpunte in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, minstens een op die Hoër Graad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke sluit in Chemie, Soölogie, Dieetkunde, Fisika (Bio.) en Wiskunde (Bio.). Derdejaarsvakke is Dieetkunde en Fisio=logie.

Gedurende vakansies moet praktiese werk in verskeie rigtings van Dieetkunde gedoen word.

Studente kan deur middel van nagraadse studie aan die PU vir CHO en Stellenbosch die volgende grade in Dieetkunde verwerf: Honns. B.Sc., M.Sc. en D.Sc.

Baccalaureus in Dieetkunde: B.Sc.(Dieet.) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 96.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke sluit in onder andere Chemie, Fisika, Voedselwetenskap, Huisbestuur en Dieetpatrone. Die vakke vir die derde jaar behels Voedingsleer, Terapeutiese Voeding, Statistiek Spesiaal, Voedseldiensbestuur, Agrariese Voorligting, Voorligting in Huishoudkunde en 'n Projek: Voeding.

Kandidate moet Noodhulp- en Tuisverplegingsertifikate voor die einde van hul studie verwerf. Kandidate moet gedurende 'n universiteitsvakansie vir ten minste drie weke in die voedseldepartement van 'n hospitaal werk.

DIPLOMAS

Diploma in Terapeutiese Dieetkunde (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: B.Sc.-graad met Fisiologie, Mikrobiologie, Chemie of 'n ander goedgekeurde hoofvak of 'n graad in Huishoudkunde of Dieetkunde.

Leergang: 1½ jaar voltydse studie. Die volgende is die vernaamste vakke: Dieetkunde, Voeding, Uitgesoekte mediese en chirurgiese onderwerpe vir dieetkundiges, Inrigtings=bestuur en Verversingsdiens, Kookkuns, Voedseltegnologie, Openbare Gesondheid, Volke=kunde.

Universiteitsdiploma in Dieetkunde (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: B.Sc.-graad met Dieetkunde en Fisiologie as hoofvakke of die B.Sc. (Dieetkunde)-graad.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Die leergang behels die volgende vakke: Voedsel=leer, Voedingsleer, Voedseladministrasie, Inrigtingsbeheer, Sosiologie Spesiaal, Mikro=biologie I (indien nie reeds afgelê nie).

Diploma in Hospitaaldieetkunde of

Nagraadse Diploma in Hospitaaldieetkunde

(Oranje-Vrystaat), Potchefstroom, Pretoria, Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: B.Sc. met Dieetkunde en Fisologie as hoofvakke of B.Sc.(Dieet=kunde) of B.Sc. in Huishoudkunde (Voedsel en Voeding) of B.Sc. met Dieetkunde as hoof=vak.

Leergang: Die Diploma word uitgereik aan studente wat 'n voltydse dienstyd en onderrig van 12 maande in 'n goedgekeurde hospitaal bevredigend voltooi en 'n eksamen suksesvol afgelê het.

BEROEPSDIENS

Dieetkunde is een van die ideale kursusse vir die natuurwetenskaplik georiënteerde meisie. Alhoewel die werk aan dié van 'n huishoudkundige grens, is die dieetkundige iemand wat die wetenskap van voeding interpreteer in terme van voedsel vir gesonde sowel as siek mense. Die uiteindelike doelstelling van die dieetkundige is dus die bevorde= ring van goeie gesondheid deur middel van korrekte voeding. Werkgeleentheid op grond van basiese of in sommige gevalle nagraadse kwalifikasies is onder andere die volgende:

- Die hospitaaldieetkundige met die volgende spesialiseringsmoontlikhede:
  - 'n Administratiewe dieetkundige verantwoordelik vir die werk en opleiding van toesighouers en andere wat maaltye voorberei,
  - 'n terapeutiese dieetkundige wat die etes van pasiënte beplan volgens voor= skrif van 'n geneesheer,
  - 'n kliniese dieetkundige wat 'n dieet vir pasiënte beplan wat nie in hospitale opgeneem is nie,
  - 'n onderwyser-dieetkundige vir beplanning van kursusse, toesig oor en onderrig van dieetkundige assistente, verpleegsters, mediese en tandheelkundige stu= dente,
  - 'n navorsingsdieetkundige van die hospitaal, wat navorsingsprojekte in voed= sel en voeding lei en beplan,
  - in die kleiner hospitaal, met minder geleentheid vir spesialisering, sal 'n dieetkundige in feitlik al die genoemde rigtings funksioneer;

- 'n dieetkundige vir die verskaffing van vakkundige leiding aan nywerhede, wees= huise, skool- en universiteitskoshuise, kleuterskole, tehuise vir bejaardes, hotelle en ander inrigtings waar voedsel in groot hoeveelhede berei word;

- dieetkundiges as navorsers in diens van die Mediese Navorsingsraad, SABS, WNNR, vrugte- en groente-inmaakfabrieke, voedselverskaffingsnywerhede; die verskillende be= heerrade soos die Vleis-, Suiwel- en die Sitrusraad, universiteite en so meer;

- 'n onderwyspos in diens van die onderwysdepartemente van die provinsies of 'n dosent aan 'n opleidingskollege of universiteit met besondere geleentheid vir navorsing en spesialisasie;

- 'n konsult-dieetkundige met 'n eie praktyk. (Hierdie rigting is betreklik jonk in S.A.);

- 'n joernaliste wat vrouerubrieke in tydskrifte en nuusblaaie sowel as vir die radio, televisie en advertensiemaatskappye behartig of as reisende verteenwoordiger op= tree;

- dieetkundiges verbonde aan die Onderafdeling Voedingkundige Dienste van die De= partement van Gesondheid. Hier is sy 'n belangrike lid van 'n span vir die lewering van gesondheidsvoorligtingsdienste. Haar taak van voedingsvoorligting word behartig deur middel van lesings, radiopraatjies, films en strookfilms, kort kursusse, beant= woording van navrae, ensovoorts.

'n Dieetkundige het dus die geleentheid om, in ooreenstemming met haar opleiding, te kies tussen rigtings soos voorligting, hospitaalwerk, grootmaatspyseniering, navorsing, onderwys of 'n eie praktyk. Die rigting wat sy kies, sal die aard van haar werk bepaal.

DRAMA

Universiteite: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch, Witwatersrand

Die Universiteit van die Witwatersrand bied ook twee kwalifiserende kursusse in Ge= skiedenis van Drama aan vir die B.A.-graad.

Grade

Baccalaureus Artium met drie kursusse in Drama: B.A. (UK)
Baccalaureus Artium met Spraakleer en Drama as 'n hoofvak: B.A. (UN, Rhodes)
Baccalaureus Artium (Dramakunde en Toneelkunde): B.A. (Dramakunde en Toneelkunde) (UOVS)
Baccalaureus Artium met Spraak- en Vertolkingskunde of Toneelkunde of Dramakunde as hoofvakke: B.A. (PU vir CHO)

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Drama: B.A.(Drama) (UP)
Baccalaureus in die Drama: B.Drama (US)
Baccalaureus Artium in Dramakunde: B.A.(Dramakunde) (UW)

Honneurs Baccalaureus Artium: B.A.Hons. of Honns. B.A. of B.A. (Hons.) (UN, PU vir CHO, Rhodes)
Honneurs-Baccalaureus Artium (Dramakunde en Toneelkunde): B.A.(Hons.)(Dramakunde en Toneelkunde) (UOVS)
Baccalaureus Honores in Lettere en Wysbegeerte in Drama: B.A.(Drama)(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Drama: Hons. B.Drama (US)

Magister Artium: M.A. (UN, PU vir CHO, Rhodes)
Magister Artium (Dramakunde en Toneelkunde): M.A. (Dramakunde en Toneelkunde) (UOVS)
Magister in Lettere en Wysbegeerte in Drama: M.A.(Drama) (UP)
Magister in die Drama: M.Drama (US)
Magister Artium in Dramakunde: M.A. (Dramakunde) (UW)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN, Rhodes, UW)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UN, UOVS, PU vir CHO, Rhodes, UW)
Doktor in Lettere: D. Litt. (UP)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (US)

Diplomas

Voordraersdiploma in Spraakleer en Drama (UK)
Spesialistoneelspelersdiploma in Spraakleer en Drama (UK)
Spesialisonderwysersdiploma in Spraakleer en Drama (UK) Kyk p. 119.
Spesiale Endossement vir houers van Primêre Onderwysersertifikate (UK) Kyk p. 120.
Diploma in Toneelopvoering (UN)
Diploma in Dramakunde en Toneelkunde (UOVS)
Universiteitsdiploma in Spraakleer en Drama: U.D.S.D. (PU vir CHO)
Universiteitsdiploma in Toneelkuns: U.D.T. (PU vir CHO)
Diploma vir Verhoogbestuurders (US)
Hoër Onderwysdiploma (Primêr) (Spraak en Drama) (US) Kyk p. 128.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bied die vierjarige kursus vir die Hoër Onder=wysdiploma aan met Dramakunde en Toneelkunde as een van die spesialiteitsrigtings. (Kyk p.121.)

GRADE

Baccalaureus Artium met drie kursusse in Drama: B.A. (Kaapstad)

Studente wat vir Drama II wil inskryf, moet minstens een kursus in Engels of in Afri=kaans en Nederlands volg. Dit word ook sterk aanbeveel dat hulle Frans II en/of Duits I voltooi. Studente moet ook opvoerings en repetisies van die Departement Spraakleer en Drama bywoon.

Dit is moontlik vir 'n kandidaat om 'n B.A.-graadkursus saam met die kursus vir die Voordraersdiploma in Spraakleer en Drama oor 'n minimum tydperk van vier jaar te voltooi.

Kyk Hoofstuk 2, Universiteit van Kaapstad (p. 7) vir nadere besonderhede aangaande die B.A.-graadkursus.

Baccalaureus Artium met Spraakleer en Drama as 'n hoofvak: B.A. (Natal, Rhodes)

Die Universiteite van Natal en Rhodes bied die graad B.A. met drie kursusse in Spraak=leer en Drama aan.
Kyk Hoofstuk 2, Universiteit van Natal (p.10) en Rhodes-universiteit (p.23.) vir nadere besonderhede aangaande die B.A.-graadkursusse aan dié universiteite.

Baccalaureus Artium (Dramakunde en Toneelkunde): B.A. (Dramakunde en Toneelkunde) (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang bestaan uit elf kursusse. Drama=kunde en Toneelkunde I, II en III is gelykstaande aan ses kursusse. Die hoofvakke is Afrikaans en Nederlands III of Engels III en Dramakunde en Toneelkunde III. Die ander twee kursusse moet gekies word uit erkende skooleksamenvakke. Een van dié vakke kan in

plaas van Afrikaans en Nederlands II en III of Engels II en III gevolg word.

Baccalaureus Artium met Dramakunde of Toneelkunde of Spraak- en Vertolkingskunde as hoofvakke: B.A. (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Studente volg die B.A.-graadkursus met een van bogenoemde vakke as 'n hoofvak. Die aanbevole ander hoofvak vir Spraak- en Vertolkings=kunde is 'n taal. Studente wat Toneelkunde as hoofvak neem, moet twee kursusse in Dra=makunde en twee kursusse in Spraak- en Vertolkingskunde neem.

Studente moet gedurende vakansietye beskikbaar wees vir die instudering van openbare aanbiedings na goeddunke van die regisseur.

Studente moet gedurende hul kursus besoeke aan teaters, opvoerings ens. wat deur die Departement Spraakleer en Drama gereël word, meemaak.

Kyk Hoofstuk 2, Potchefstroomse Universiteit vir CHO (p. 16) vir verdere besonderhede aangaande die B.A.-graadkursus.

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Drama: B.A.(Drama) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Kyk ook p. 18.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang bestaan uit tien kursusse, wat soos volg saamgestel word: Drie kursusse in elk van die volgende: Dramakunde, Toneelkunde en Spraak- en Bewegingsleer en een kursus in een van die volgende vakke: Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Kunsgeskiedenis, Musiekgeskiedenis, Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis.

Baccalaureus in Drama: B.Drama (Stellenbosch)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Drie jaar voltydse studie. In die eerste jaar neem studente Drama en drie van die volgende vakke waarvan die twee amptelike tale op minstens eenjarige basis ge=neem moet word: Afrikaans, Afrikaans-Nederlands, Bybelkunde, Duits, Engels, Spesiale Engels, Frans, Geskiedenis, Klassieke Kultuur, Sielkunde. Die hoofvakke is Drama en een van Afrikaans-Nederlands, Duits, Engels, Frans.

Aan die begin van die derde studiejaar moet òf (i) Drama III met Toneelspel en òf Afrikaanse Spraak en Voordrag òf Engelse Spraak òf (ii) Drama III met Drama (Onderwys) en Spraak (Onderwys) gekies word.

Baccalaureus Artium in Dramakunde: B.A. (Dramakunde) (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Kyk ook p. 30.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die hoofvakke is Dramateorie III, Teaterpraktyk III, en Engels III of Afrikaans en Nederlands III of 'n ander taal. In die vierde jaar volg studente vyf kursusse gekies uit vakke soos die volgende: Dramakritiek; Geskiede=nis van Dramakunde; Radio-, Televisie- en Filmteorie of -praktyk; Beginsels van Teaterkuns.

DIPLOMAS

Voordraersdiploma in Spraakleer en Drama (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Kandidate wat in besit is van 'n Senior Sertifikaat kan met verlof van die Departementshoof aangeneem word.
'n Student moes besondere begaafdheid as 'n voordraer getoon het. 'n Oudisie met 'n lid van die Departement Spraakleer en Drama word vereis.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang bevat Drama I, II en III soos vir die B.A.-graad, Praktiese Spraakleer III, Praktiese Toneelspel III asook ander vakke.

Spesialistoneelspelersdiploma in Spraakleer en Drama (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: 'n B.A.-graad met minstens twee kursusse in Drama of 'n B.A.-graad met drie kursusse in Engels of in Afrikaans en die oorblywende kursusse hoofsaaklik in die geesteswetenskappe; en 'n oudisie met 'n lid van die Departement Spraakleer en Drama.

Leergang: Een jaar.

Diploma in Toneelopvoering (Natal)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalareusgraad met Spraakleer en Drama as 'n hoofvak.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Dramakunde en Toneelkunde (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang is dieselfde as vir die B.A. (Dramakunde en Toneelkunde)-graad.

Universiteitsdiploma in Spraakleer en Drama: U.D.S.D. (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die Diploma kan in Afrikaans of in Afrikaans en Engels verwerf word. Twee van die volgende kursusse is hoofvakke: Spraak- en Vertolkingskunde III, Toneelkunde III, Dramakunde III.

Universiteitsdiploma in Toneelkuns: U.D.T. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad met Toneelkunde as een hoofvak of die Universiteitsdiploma in Spraakleer en Drama of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Leergang: Een akademiese jaar. Die leergang behels 'n studie in gevorderde Toneelkuns.

Diploma vir Verhoogbestuurders (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met 'n gemiddelde prestasie van minstens 45 persent.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die leergang behels die volgende vakke: Verhoogbestuur, Afrikaans, Spesiale Engels en Klassieke Kultuur.

BEROEPSDIENS

Dramakunde as vak is suiwer literêr, dit wil sê 'n teoretiese kursus wat net soos ander kursusse belangstelling verg maar geen besondere aanleg vir toneelspel nie. Spraakkunde (-leer) asook Toneelkunde is teoreties-praktiese kursusse waarvoor studente benewens belangstelling, ook oor 'n bruikbare stem en 'n sterk mate van speeltalent moet beskik. (Baie studente het sluimerende talente en behoort nie by voorbaat ontmoedig word nie.)

Oor die algemeen is die doel van hierdie studierigtings om byvoorbeeld onderwysers (mits aan die regte vakkombinasie voldoen word), toneelspelers, joernaliste, radio-omroepers en radio- en beeldradiospelers behoorlik vir hulle taak toe te rus. Die teater bied byvoorbeeld verskeie rigtings soos dié van akteur, direkteur, ontwerper, verhoogdirekteur, ens. In dié verband bied die Rade vir Uitvoerende Kunste van die vier provinsies besondere geleenthede. Opleiding in drama is egter nie 'n waarborg dat 'n gegradueerde 'n pos in die toneelwêreld sal bekom nie. Die Rade gaan uiters selektief te werk en net die bestes het hoop om in aanmerking te kom.

In diens van die SAUK ontvang opgeleide persone verdere opleiding in radiokunde en omroepwerk, waarna hulle kan optree byvoorbeeld as omroepers, programorganiseerders en produksie- en spelleiers, na gelang van hul opleiding, persoonlikheid, stem, skeppende vaardigheid, organisasievermoë en algemene bekwaamheid. Vir belangstellende en talentvolle persone is daar geleentheid om deel te neem aan radio- en televisiedramas. Soos in die geval van verhoogkunstenaars, is die suksesvolle voltooiing van die kursus nie die waarborg vir 'n betrekking by die SAUK nie.

Sommige van die rigtings vereis spesialisasie en hiervoor word ruim voorsiening deur die universiteite gemaak.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Uitvoerende Kuns.

FARMASIE/APTEKERSWESE

Universiteite: Potchefstroom, Rhodes

Grade

Baccalaureus Pharmaciae: B.Pharm. (PU vir CHO)
Baccalaureus in Farmasie: B.Farm. (Rhodes)

Honneurs Baccalaureus Pharmaciae: Honns. B. Pharm. (PU vir CHO)

Magister Pharmaciae: M.Pharm. (PU vir CHO)
Magister Scientiae: M.Sc. (Rhodes)

Doctor Pharmaciae: D.Pharm. (PU vir CHO)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (Rhodes)
Doctor Scientiae: D.Sc. (Rhodes)

Diploma

Universiteitsdiploma in Farmakologie: U.D.F. (PU vir CHO)

GRAAD

Baccalaureus Pharmaciae: B.Pharm. of

Baccalaureus in Farmasie: B. Farm. (Potchefstroom, Rhodes)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Addisionele vereistes

Potchefstroom: 'n Slaagsyfer in Wiskunde en 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde, minstens op die Standaardgraad.

Rhodes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde minstens op die Standaardgraad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Voor toelating tot die tweede studiejaar moet 'n student bewys lewer van sy registrasie as aptekerstudent by die SA Aptekersraad.

Die graad sal na suksesvolle voltooiing van die leergang toegeken word, maar die student mag slegs as apteker by die SA Aptekersraad registreer na voltooiing van 'n kwekelingskap soos deur die Aptekersraad bepaal.

Eerstejaarsvakke is soos volg: Chemie, Fisika, Dierkunde, Plantkunde. Aan die Rhodes-universiteit neem studente Biologiese Wetenskap i.p.v. Dierkunde en Plantkunde, asook Wiskunde.

Vierdejaarsvakke aan Potchefstroom behels Farmakologie II, Farmaseutiese Chemie II, Farmaseutika III, Geregtelike Farmasie en Farmasie-administrasie.

Vierdejaarsvakke aan Rhodes-universiteit behels Farmaseutiese Formulering, Ekonomiese Bestuur van die verspreiding van geneesmiddels, Sosiale en Professionele Verantwoordelikheid, Geneesmiddelterapie en Toksikologie en 'n Spesiale Projek.

DIPLOMA

Universiteitsdiploma in Farmakologie: U.D.F. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: B.Pharm.-graad of die graad M.B., Ch.B. of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Leergang: Een jaar en behels 'n studie in gevorderde Farmakologie.

BEROEPSDIENS

Die aptekersberoep wat deur mans en dames beoefen kan word, is baie oud en het nog altyd hoë aansien geniet, aangesien die apteker veel meer is as iemand wat skoonheidsmiddels, snuisterye en pille verkoop. 'n Apteker is 'n vakkundige met 'n professionele opleiding van hoë gehalte en sy deskundige kennis is 'n onontbeerlike aanvulling by die werk van geneeshere en hospitale. Inderdaad vorm die farmaseutiese professie vandag

die koördinerende skakel tussen vervaardiger en geneesheer, geneesheer en pasiënt, pasiënt en gemeenskap, en sodoende word 'n belangrike deel van die gesondheidsdiens aan die volk beheer. Die beroep is nie beperk tot die bekende kleinhandelsapteker wat hoofsaaklik medisyne volgens doktersvoorskrif voorberei, en patente medisyne of ander middels sowel as allerlei artikels verkoop nie.

Ander vertakkings van die beroep is byvoorbeeld:

- Die mediese verteenwoordiger wat geneeshere en apteke besoek om nuwe medisyne bekend te stel en te verkoop;
- die apteker wat deur 'n groothandelaar of vervaardiger van medisyne in diens geneem word met die oog op navorsing in farmaseutiese produkte, vervaardiging en toets van medisyne, ontwerp van toerusting, beheer van produksie en verpakking, behartiging van aankope, verkope, advertensie ens.;
- die hospitaalapteker verbonde aan 'n hospitaal vir die behartiging van farmaseutiese en verwante dienste;
- die spoorwegapteker in diens van die Spoorweë;
- 'n dosent aan 'n opleidingsentrum;
- die apteker in diens van die Departement van Gesondheid waar sy dienste hoofsaaklik op vier terreine aangewend word, te wete hospitaalapteekdienste, medisynebeheer, streekaptekers en farmaseutiese dienste.

Nagraadse opleiding bly steeds belangrik, veral om te voorsien in die behoefte van die farmaseutiese nywerheid en opleidingsentra. Die ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Aptekersraad en die Farmaseutiese Vereniging van Brittanje skep ook die geleentheid vir Suid-Afrikaanse studente vir ervaring en studie oorsee.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Diploma in Farmasie wat vir registrasie as apteker deur die SA Aptekersraad as gelykwaardig aan die graad beskou word.

## FISIOTERAPIE

Universiteite: Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Stellenbosch, Witwatersrand

### Grade

Baccalaureus Scientiae (Fisioterapie): B.Sc.(Fisio.) (UK)
Baccalaureus Scientiae in Fisioterapie: B.Sc. (Fisio.) (UOVS) of B.Sc. (Fisioterapie) (UW)
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie: B.Sc. in Fisioterapie (US)

Magister Scientiae in Fisioterapie: M.Sc. (Fisio.) (UOVS) of M.Sc. (Fisioterapie) (UW)
Magister in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie: M.Sc. in Fisioterapie (US)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UW)

### Diplomas

Onderwysdiploma in Fisioterapie (UK, UP, UW)
Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie (UOVS)
Diploma in Intensiewesorg-fisioterapie (UK)
Diploma vir Terapeute (Buitengewone Onderwys): D.T.B.O. (Unisa) Kyk p. 130.

GRADE

Baccalaureus Scientiae (Fisioterapie): B.Sc. (Fisio.) of

Baccalaureus Scientiae in Fisioterapie: B.Sc. (Fisio.) of

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie: B.Sc. in Fisioterapie

(Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Addisionele vereistes

Kaapstad: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad, en 'n mediese sertifikaat. Voornemende studente word aangeraai om Natuur- en Skeikunde of Fisika of Chemie vir die st. 10-eksamen aan te bied.

Oranje-Vrystaat: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad, en 'n mediese onder= soek. Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde, en indien moontlik ook Biologie, vir die st. 10-eksamen aan te bied.

Stellenbosch: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër of Standaardgraad. Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem.

Witwatersrand: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of ten minste 50 persent op die Standaardgraad en 'n slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke in= dien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is en twee van die volgende vakke indien Wis= kunde op die Standaardgraad geslaag is: Aardrykskunde, 'n Bantoetaal, Biologie, Duits, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Inskrywing aan die Universiteit van Stellenbosch is beperk en studente word gedurende September van die voorafgaande jaar gekeur. Aan= soeke om toelating tot die kursus moet die Registrateur voor 30 Junie bereik.

Eerstejaarsvakke sluit in Fisika, Biologie of Soölogie (Stellenbosch), Chemie en Siel= kunde (buiten Kaapstad). Die hoofvak is Fisioterapie. Ander vakke is onder andere Anatomie, Fisiologie en Kliniese Fisioterapie.

DIPLOMAS

Onderwysdiploma in Fisioterapie of

Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie

(Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Pretoria, Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling); 'n kwalifikasie in Fisioterapie wat by die SA Geneeskundige en Tandheel= kundige Raad registreerbaar is; en minstens twee jaar goedgekeurde ondervinding van Fisioterapie in die praktyk.

Leergang: Een jaar voltydse studie (Kaapstad, Pretoria) of drie semesters deeltydse studie of twee semesters voltydse studie (Oranje-Vrystaat) of twee jaar deeltydse studie (Witwatersrand).

Diploma in Intensiewesorg-fisioterapie (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Soos vir die Onderwysdiploma in Fisioterapie.

Leergang: Een jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS

Die mediese wetenskap het deesdae so omvangryk en ingewikkeld geraak dat die geneesheer verplig is om al hoe meer te spesialiseer. Die gevolg hiervan is dat die proses van funksionele herstel van die menslike liggaam (deur gebruikmaking van die natuurelemente soos koue, hitte en water) in toenemende mate aan die paramediese dienste soos fisio= terapie, toevertrou word.

Fisioterapie, net soos arbeidsterapie, vorm gevolglik 'n baie belangrike deel van die paramediese dienste wat aanvullend tot die geneeskundige praktyk is. Die primêre funksie van die fisioterapeut is om die pasiënt te help om homself te help. Vir dié doel word verskeie metodes toegepas en word siek of beseerde mense, persone met vertraagde of verswakte spierwerking en so meer, volgens doktersvoorskrif behandel. Die werk is soms vermoeiend maar nooit eentonig nie.

Die meeste fisioterapeute werk in hospitale of fisioterapeutiese klinieke waar apparaat en geriewe beskikbaar is om die vyf hoofvorms van behandeling t.w. massering en megano= terapie, elektroterapie, fototerapie, hidroterapie en ultrasoniese terapie, te onder= neem. Fisioterapeute kan werk in afdelings vir volwassenes of kinders; afdelings vir mediese, ortopediese en snykundige gevalle; afdelings vir hart-, kraam of ongeluks= gevalle;in intensiewe behandelingseenhede of sentra vir serebraal gestremdes. Afgesien hiervan is daar vir hulle ook gunstige geleenthede in die Departement van Gesondheid, myne, private mediese klinieke en 'n eie praktyk.

Daar bestaan tans 'n groot tekort aan fisioterapeute en veral dosente in dié rigting is baie skaars. Bekwame persone (dames sowel as mans) kan dus baie vinnig vorder. Registrasie as fisioterapeut by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad is verpligtend.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir die kursus van die Pretoriase Kollege vir Fisioterapie.

## GENEESKUNDE

Universiteite: Kaapstad, Natal (net vir Nie-Blankes), Oranje-Vrystaat, Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand

### Grade

Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde (of Chirurgie): M.B., Ch.B. (UK, UN, UP, US) of M.B., B.Ch. (UW) of
Baccalaureus in Geneeskunde: B.M. (UOVS)
Baccalaureus Scientiae (Geneeskunde): B.Sc.(Med.) (UK)
Baccalaureus Scientiae (Geneeskundige Wetenskap): B.Sc. (Med.Sci.) (UN)
Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: B.Med.Sc. (UOVS) of B.Med.Sci. (UP)
Baccalaureus Scientiae in Patologie: B.Sc. (Patologie) (UW)

Honneurs-Baccalaureus Scientiae (Geneeskunde): B.Sc.(Med.)(Hons.) (UK)
Honneurs-Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: B.Med.Sc.(Hons.) (UOVS)
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Geneeskundige Wetenskappe: Hons.-B.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe (US)

Magister in Geneeskunde: M.Med. (UK, UN, UOVS, UP, US, UW)
Magister in Chirurgie: Ch.M. (UK, UW)
Magister in Mediese Wetenskappe: M.Med.Sc. (UOVS) of M.Med.Sci. (UP)
Magister in Farmakologiese Geneeskunde: M.Pharm.Med. (UP)
Magister in Huisarts Geneeskundige Praktyk: M.Prax.Med. (UP)
Magister in Militêre Geneeskunde: M.Mil.Med. (UP)
Magister in die Natuurwetenskappe in Geneeskundige Wetenskappe: M.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe (US)
Magister in Ortopediese Chirurgie: Ch.M.(Orth.) (UW)
Magister Scientiae in Geneeskunde: M.Sc.(Med.) (UW)
Magister in Geneeskunde in Geregtelike Patologie: M.Med.(Gereg.Pat.) (UW)

Doktor in Geneeskunde: M.D. (UK, UN, UP, US, UW)
Doktor in die Geneeskunde: D.M. (UOVS)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UW)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doctor Scientiae: D.Sc. (UOVS)
Doktor in Mediese Wetenskappe: D.Med.Sci. (UP)
Doktor in die Wysbegeerte (Geneeskunde): Ph.D.(Med.) (US,UW)
Doktor in die Wysbegeerte in Geneeskundige Wetenskappe: Ph.D. in Geneeskundige Wetenskappe (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Geneeskundige Wetenskappe: D.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe (Geneeskunde): D.Sc.(Med.) (US)

### Voorgraadse Diploma

Diploma in Ortoptika (UW)

### Nagraadse Diplomas

Diploma in Bedryfsgeneeskunde (UP)
Diploma in Beroepsgeneeskunde (US)
Diploma in Beroepsgesondheid (UW)
Diploma in Gemeenskapsgeneeskunde (UK)
Diploma in Gemeenskapsgesondheid (US)
Diploma in Geneeskundige Administrasie (UP)
Diploma in Mediese Fisika (na M.Sc. in Fisika) (UP)
Diploma in Sielkundige Geneeskunde (UK)
Diploma in Tropiese Geneeskunde en Higiëne (UW)
Diploma in Volksgesondheid (UP, UW)

GRADE

Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde: M.B., Ch.B. of M.B., B.Ch. of Baccalaureus in die Geneeskunde: B.M.

(Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Kaapstad: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad. 'n Slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde in die standerd 10-eksamen word sterk aanbeveel. Van 1982 af sal 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad ook 'n vereiste wees.

Natal: 'n Slaagsyfer in Wiskunde.

Oranje-Vrystaat: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad. Voornemende stu=dente word aangeraai om Natuur- en Skeikunde en indien moontlik ook Biologie vir die st. 10-eksamen aan te bied.

Pretoria: Slaagsyfers in Wiskunde en in Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of min=stens 50 persent op die Standaardgraad.

Stellenbosch: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. Studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem.

Witwatersrand: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad en
'n slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is of twee van die volgende vakke indien Wiskunde op die Standaard=graad geslaag is: Aardrykskunde, 'n Bantoetaal, Biologie, Duits, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

Leergang: Ses jaar voltydse studie. Aan die Universiteite van Kaapstad, Oranje-Vry=staat, Pretoria en die Witwatersrand is die sesde jaar 'n student- of junior inter=jaar.

Voorgraadse studente wat van voorneme is om te studeer vir die graad moet hulle aan die begin van hul eerste studiejaar vir die graad by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad laat registreer.

Die leergang vir die eerste jaar behels Chemie, Fisika, Biologie of Biologiese Weten=skap, Anatomie of Menslike Biologie (Kaapstad) of Wiskunde (Bio.) (Stellenbosch) of Bio-Wiskunde (halwe kursus) en Geneeskundige sosiologie en gemeenskapsgeneeskunde (halwe kursus) (Witwatersrand).

In hul tweede jaar neem studente Anatomie en Fisologie. Vakke vir die senior jare is onder andere Kliniese Geneeskunde en Interne Geneeskunde en hul verwante dissiplines, Chirurgie, Obstetrie en Ginekologie en Psigiatrie.

'n Kandidaat moet, nadat hy die graad verwerf het, vir minstens een jaar opleiding as 'n intern ondergaan in 'n erkende en goedgekeurde inrigting alvorens hy hom by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad mag laat registreer en as geneesheer mag prakti=seer.

Baccalaureus Scientiae (Geneeskunde): B.Sc.(Med.) (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Hierdie graadkursus word alleenlik aangebied aan

(i) studente wat vir die M.B., Ch.B.-graad geregistreer is en wat bogemiddeld presteer het in die Tweede Professionele Eksamen;

(ii) kandidate in besit van 'n goedgekeurde Diploma in Radiografie; en

(iii) 'n beperkte getal gekeurde studente wat goedgekeurde kursusse in Fisika, Chemie, Biologie (of Dierkunde) en Wiskunde (of Plantkunde) voltooi het en wat 'n beroep in mediese wetenskappe wil volg.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels agt kursusse, drie waarvan nie deel van die leergang vir die M.B., Ch.B.-graadkursus mag wees nie.

Verpligte vakke sluit in Dierkunde I of Biologie, Chemie I, Fisika I, Anatomie I, Fisiologie I.

Keusevakke sluit in onder andere: Fisiologie II, Anatomie II, Radiografie, Kerngeneeskunde, Patologie II.

'n Kandidaat mag tegelykertyd vir die grade B.Sc.(Med.) en die M.B., Ch.B. inskryf.

Baccalaureus Scientiae (Geneeskundige Wetenskap): B.Sc.(Med.Sci.) (Natal)

Toelatingsvereistes: Soos vir die graad M.B., Ch.B.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die eerste drie jaar van die leergang is soos vir die graad M.B., Ch.B.

Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: M.Med.Sc. (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: Soos vir die graad B.M.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels nege kursusse en word in een van die volgende twee rigtings aangebied:

- Leergang A met derdejaarsvakke soos Biofisika en Fisiologie òf Fisiologie en Farmakologie òf Chemie en Farmakologie.
- Leergang B met hoofvakke Anatomie en Fisiologie.

'n Student wat in die vereiste eerstejaarskursusse geslaag het, kan na keuring tot B.M. II toegelaat word.

Studente wat in B.M. II slaag, kan tot die derde studiejaar van B.Med.Sc. toegelaat word en moet dan, om die B.Med.Sc.-graad te verwerf, verdere kursusse soos deur die Universiteit voorgeskryf, aanbied.

Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: B.Med.Sci. (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir die graad M.B., Ch.B. Studente word gekeur.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels ongeveer twaalf kursusse. Die derdejaarskursusse is Anatomie III, Fisiologie II, Chemie II en Mikrobiologie of Farmakologie.

Baccalaureus Scientiae in Patologie: B.Sc. (Patologie) (Witwatersrand)

Toelatingsvereiste: Soos vir die graad B.Sc. (Arbeidsterapie). Kyk p. 133.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Studente volg twee van die volgende kursusse in hul vierde studiejaar: Chemiese Patologie, Hematologie, Mikrobiologie, Immunologie, Mondpatologie, Patologie.

'n Student wat in die voorgeskrewe kursusse van die eerste drie studiejare van die M.B., B.Ch.- of B.D.S. (Tandheelkunde)-graad geslaag het, kan tot die vierde studiejaar van diê graadkursus toegelaat word.

Magister in Geneeskunde: M.Med. (Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet vir minstens twee jaar in besit wees van die graad M.B., Ch.B. en moet vir minstens een jaar as geneesheer geregistreer wees.

Leergang: Drie tot vyf jaar na gelang van die vereistes van die betrokke departement.

Universiteite: Die graad word soos volg in die verskeie rigtings deur genoemde universiteite verleen:

Anestesiologie - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Chirurgie - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Dermatologie - UK, UN, UOVS, UP, US
Fisiese Geneeskunde - UP
Geneeskunde - UK, UN
Geneeskundige Administrasie - UP
Geregtelike Geneeskunde - UOVS, UP
Geriatrie - UP
Hematologie - UOVS
Interne Geneeskunde - UOVS, UP, US, UW
Endossement: (i) Militêr - UP
(ii) Onkochemoterapie - UP

Kardio-Torakschirurgie - UOVS, UW
Kerngeneeskunde - UK, UW
Kindergeneeskunde of Pediatrie - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Neurochirurgie - UK, UOVS, UP, US, UW
Neurologie - UOVS, UP
Obstetrie en Ginekologie - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Omvattende Geneeskunde - US
Onkochemoterapie - UP
Oogheelkunde - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Endossement : Militêr - UP
Oor-, Neus- en Keelkunde - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Endossement : Militêr - UP
Ortopedie - UK, UOVS, UP, US
Ortopediese Chirurgie - UW
Patologie - UN
Patologie (Anatomies) - UK, UOVS, UP, US, UW
Patologie (Chemies) - UK, UOVS, UP, US, UW
Patologie (Geregtelik) - UK
Patologie (Hematologies) - UK, UP, US, UW
Patologie (Klinies) - UK, UOVS, UP, US, UW
Patologie (Mikrobiologies) - UK, UOVS, UP, US, UW
Plastiese Chirurgie - UOVS, UP
Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie - UK, US, UW
Preventiewe Geneeskunde - UP
Psigiatrie - UOVS, UP, US, UW
Endossement: (i) Geregtelike Psigiatrie - UP
(ii) Militêr - UP
(iii) Pediatrie - UP
Radiologie - UN
Radiologiese Diagnose of Radiologiese Diagnostiek of Diagnostiese Radiologie - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Radiologiese Terapie of Radioterapie - UK, UN, UOVS, UP, US, UW
Torakschirurgie - UK, UP, US
Urologie - UK, UOVS, UP, US, UW

VOORGRAADSE DIPLOMA

Diploma in Ortoptika (Witwatersrand)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad. Studente moet medies geskik wees.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels tien kursusse. Hulle is onder andere Algemene Anatomie vir ortoptici, Algemene Fisiologie vir ortoptici, Kli= niese Ortoptika III, Ortoptika II en Oogheelkunde vir ortoptici II.

Studente moet in 'n opleidingshospitaal of 'n goedgekeurde inrigting 'n kursus van kliniese onderrig in moderne metodes van die optiese praktyk bywoon.

BEROEPSDIENS

'n Geneesheer kan alleen of in vennootskap met een of meer kollegas in 'n privaat prak= tyk as 'n algemene praktisyn werksaam wees. In dié geval sal sy werk hoofsaaklik uit die diagnose van siektes en die behandeling van pasiënte bestaan. Die meeste algemene praktisyns doen egter ook kleinere operasies. Dikwels vind die algemene praktisyn dit nodig om die pasiënt na 'n spesialis te verwys vir diagnose, operasie of behandeling.

As spesialis in die een of ander rigting dra die geneesheer moontlik groter verantwoor= delikheid, maar dan is sy werksure gewoonlik vasgestel en gaan hy nie rond om pasiënte tuis te besoek nie. Spesialiseringsterreine bied aan die geneesheer 'n baie wye keuse. Gedurende die opleidingstydperk as spesialis is hy as 'n kliniese assistent in 'n hos= pitaal werksaam.

Die breë terrein van algemene volksgesondheid en die besondere werk van die gespesiali= seerde staatsinrigtings, staatshospitale en staatsbeheerde laboratoriums, bied aan die geneeskundige en die mediese navorser uiters interessante en belowende geleenthede vir 'n loopbaan in diens van die Staat. Staatsmediese beamptes is werksaam in die Departe= mente van Arbeid, Mynwese, Nasionale Opvoeding en Gesondheid. In laasgenoemde Departe=

ment is die werksaamhede in verskillende afdelings verdeel, naamlik geestesgesondheid, distriksgeneeshere, patologie- en laboratoriumdienste, tuberkulosediens, volksgesond=heidsadministrasie en hospitaaldienste in die selfregerende Swart state. Talle genees=here en spesialiste is ook in diens van die provinsiale departemente van hospitaal=dienste.

In Suid-Afrika is daar plek vir nog baie meer geneeshere en spesialiste. Hierby ver=keer die mediese wetenskap, en daarby inbegrepe die versorging van siekes, in die jare sewentig voor 'n uitdaging wat vernuf en vindingrykheid beproef soos nog nooit tevore nie. Vir elke jongman en -vrou in die geneeskunde wat bereid is tot nagraadse studie en navorsing, lê daar in hierdie beroep groot geleenthede.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir die verskillende paramediese rigtings.

## HUISHOUDKUNDE

Universiteite: Natal, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Stellenbosch

### Grade

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde: B.Sc.Huish. (UN, UOVS)
Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde Educationis: B.Sc.Huish.Ed. (UOVS)
Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde): B.Sc.(Huish.) (PU vir CHO)
Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde) (Educationis): B.Sc.(Huish.Ed.) (PU vir CHO)
Baccalaureus in Huishoudkunde: B.Sc.(Huish.) (UP)
Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Huishoudkunde (Educationis): B.Sc.(Huish.)(Ed.) (UP)
Baccalaureus in die Huishoudkunde: B. in Huishoudkunde (US)
Baccalaureus in die Huishoudkunde (Educationis): B. in Huishoudkunde (Ed.) (US)
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde (Educationis): B.Sc. in Huishoudkunde (Ed.) (US)

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde (Honneurs): B.Sc. Huish. Hons. (UN)
Honneurs-Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde): B.Sc. (Huish.)(Hons.) (UOVS)
Honneurs Baccalaureus Scientiae: Honns. B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Huishoudkunde: B.Sc.(Huish.)(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Huishoudkunde: Hons.- B. in Huishoudkunde (US)
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde: Hons.- B.Sc. in Huishoudkunde (US)

Magister Scientiae in Huishoudkunde: M.Sc.Huish. (UN)
Magister Scientiae: M.Sc. (PU vir CHO)
Magister in Huishoudkunde: M.Sc.(Huish.) (UP)
Magister in die Huishoudkunde: M. in Huishoudkunde (US)
Magister in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde: M.Sc. in Huishoudkunde (US)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN)
Doctor Scientiae: D.Sc. (PU vir CHO)
Doktor in die Wysbegeerte (Huishoudkunde): Ph.D. (Huishoudkunde) (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde: D.Sc. in Huishoudkunde (US)

### Diplomas

Hoër Onderwysdiploma (Huishoudkunde): Sekondêr (UK) Kyk p. 119.

Die volgende universiteite bied die vierjarige kursus vir die Hoër Onderwysdiploma aan met Huishoudkunde as een van die spesialiteitsrigtings: Natal (kyk p. 120), Oranje-Vrystaat (kyk p. 121), Potchefstroom (kyk p. 123), Pretoria (kyk p. 124), Stellenbosch (kyk p. 127), Witwatersrand (kyk p. 131).

GRADE

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde: B.Sc.Huish. (Natal)

Toelatingsvereistes: Soos vir die graad B.Sc. Dieet. Kyk p. 148.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste jaar is dieselfde as dié vir die graad B.Sc. Dieet. Tweede-en derdejaarsvakke is Kleding en Tekstiele, Voe=ding, Huisbestuur, Veekunde, Biochemie, Mikrobiologie.

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde: B.Sc.Huish. (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p.90.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste jaar is Voedselweten= skap, Kleding, Biologie, Chemie en Fisika. Die vierdejaarsvakke is Voedselwetenskap, Kleding, Interieur en Voedingsleer.

'n Student moet die Noodhulp- en Tuisverplegingsertifikaat van die SA Rooikruisvereniging of 'n gelykwaardige vereniging voor die einde van sy/haar studie verwerf.

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde Educationis: B.Sc. Huish. Ed. (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 90.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang vir die eerste drie jaar is dieself= de as dié vir die graad B.Sc. Huish. In hul vierde studiejaar volg studente die H.O.D.-kursus met Metodiek van Voedselwetenskap en Metodiek van Kleding. Kyk p. 121.

Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde): B.Sc.(Huish.) (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 93. Studente word sterk aanbe= veel om Natuur- en Skeikunde vir die st. 10-eksamen af te lê.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste jaar is die volgende: Voedsel- en Voedingsleer, Kleding, Chemie, Fisika, Fisiologie. Studente kies twee van die volgende drie vakke as hoofvakke: Voedselleer IV, Voedingsleer en Terapeutiese Voeding III, Kleding IV.

Nagraadse studie kan in Kleding of Voedselleer geneem word.

Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde) (Educationis): B.Sc. (Huish.Ed.) (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc. (Huish.)-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang is min of meer dieselfde as dié vir die graad B.Sc.(Huish.), behalwe dat Voedselleer (Kookkuns), Voedingsleer en Kleding net tot op derdejaarsvlak geneem word en dat die vierde jaar bestee word aan Metodiek van Huishoudkunde en opvoedkunde-vakke soos vir die H.O.D. (nagraads) (kyk p. 123) voor= geskrywe.

Baccalaureus in Huishoudkunde: B.Sc.(Huish.) (Pretoria)

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 96.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang maak voorsiening vir 'n keuse tus= sen twee hoofrigtings, naamlik (i) Kleding en Interieur en (ii) Voedsel en Voeding.

Die kursus met hoofrigting Voedsel en Voeding is vir professionele doeleindes gelyk= staande aan die B.Sc. (Dieetkunde)-graad.

Die voorgeskrewe leergang vir die eerste studiejaar is soos volg vir albei rigtings: Chemie, Fisika, Kleding en Voedselwetenskap.

'n Kandidaat moet die Noodhulp- en Tuisverplegingsertifikate van die SA Rooikruis= vereniging of 'n gelykwaardige vereniging voor die einde van haar studie verwerf.

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Huishoudkunde (Educationis): B.Sc. (Huishoud= kunde) (Ed.) (Pretoria)

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 96.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste studiejaar is soos vir die graad B.Sc.(Huish.). Die leergang maak voorsiening vir 'n keuse tussen twee hoof= rigtings, naamlik (i) Kleding en (ii) Kookkuns - Voedingsleer. Die leergang behels ook onderwysvakke soos Pedagogiek III en Skoolorganisasie en -administrasie wat in die vierde studiejaar gevolg word.

B. in Huishoudkunde (Algemene Rigting) (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde of 'n natuurwetenskapvak op die Standaard= graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels onder andere die volgende vakke: Sosiologie, Huishoudkunde, Huisbestuur, Interieur, Kleding, Voeding, Voedsel.

B. in Huishoudkunde (Ed.) (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde of Natuur- en Skeikunde op die Standaard= graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels min of meer dieselfde vakke as dié vir die graad B. in Huishoudkunde, maar sluit ook voorgeskrewe H.O.D.-vakke in (kyk p. 127) bv. Opvoedkundige Sielkunde, Filosofie van Opvoedkunde, Onderwysadmini= strasie, Didaktiek.

B.Sc. in Huishoudkunde (Ed.) (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 100.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste jaar is Chemie, Fisika (Bio.), Fisiologie, Huishoudkunde, Wiskunde (Bio.). Die leergang behels voorgeskrewe H.O.D.-vakke (kyk p. 127) asook vakke soos Kleding, Voedsel, Interieur en Huisbestuur.

BEROEPSDIENS

Die huishoudkundige is betrokke by tuisteskepping en stel haar ten doel om 'n fisiese en sosiale omgewing te skep waarin gesonde menseverhoudings tot stand kan kom. Dit is gevolglik die ideale kursus vir die natuur- sowel as sosiaalwetenskaplik georiënteerde meisie met 'n wye belangstelling. Die opleiding kom neer op die voorbereiding vir 'n aangename en belowende loopbaan en gelyktydig ook toerusting met wetenskaplike kennis vir die toekomstige huisvrou. Hierby het die getroude vrou steeds die geleentheid om haar opleiding ook tot voordeel van die gemeenskap te benut. Selfs die onderwyseres in huishoudkunde, wat 'n professionele persoon is, sal waardevolle inligting en dienste buite die skoolverband kan lewer. As gevolg van verskeie rigtings wat beskikbaar is, kan selfs mans vandag tot hierdie professie toetree.

Beroepsmoontlikhede vir die huishoudkundige is onder andere die volgende:

- 'n Onderwyseres in huishoudkunde aan 'n provinsiale hoërskool of skole van die Departement van Nasionale Opvoeding; 'n dosent aan 'n opleidingsinrigting of univer= siteit;

- 'n kommunikasieskakel tussen fabrikant en verbruiker ten opsigte van huishoude= like benodigdhede; in diens van 'n argitek of 'n firma wat te doen het met die vervaar= diging van klerasie, voedsel, meubels, binnenshuiseversiering of mode-ontwerp; in diens, hoofsaaklik vir voorligting, van die beheerrade soos die Vleis, Wol-, Melk-, Koring-, Mielie-, Suiwel-, Eier-, Droëbone- en Sitrusraad;

- joernaliste vir vrouerubrieke in tydskrifte, nuusblaaie, radio, televisie en ad= vertensiemaatskappye of reisende verteenwoordiger;

- 'n navorsingsbeampte in diens van byvoorbeeld die WNNR, SABS en RAK vir navor= sing na tekstiele, klere, voedsel, ens.;

- 'n eie praktyk om op te tree as mode-, interieur- en voedingraadgeefster.

Die Departement van Nasionale Opvoeding neem vakkundiges (huishoudkunde) in diens hoof= saaklik met die oog op voorligting aan die publiek. Die werk bestaan uit lesings, de= monstrasies, kursusse, uitstallings, groepbesprekings, radiopraatjies, artikels vir nuusblaaie en tydskrifte, persoonlike onderhoude en so meer. Eksperimentele kookkuns en smaaklikheidstoetse word ook onderneem. Soos op talle ander gebiede moet ambisie en ervaring gekombineer word met verdere opleiding en selfs nagraadse studie om tot die hoogste poste te kan vorder.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Huis= houdkunde en die Nasionale Sertifikaat in Kleremakery en Patroonontwerp.

INDUSTRIËLE CHEMIE

Universiteite: Potchefstroom, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Scientiae (Industriële Chemie): B.Sc. (Ind.Chem.) (PU vir CHO)
Baccalaureus Scientiae in Industriële Chemie: B.Sc. (Ind.Chem) (UW)

Magister Scientiae: M.Sc. (PU vir CHO, UW)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UW)
Doctor Scientiae: D.Sc. (PU vir CHO, UW)

GRADE

Baccalaureus Scientiae (Industriële Chemie): B.Sc. (Ind.Chem.) (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: Die B.Sc.-graad met Chemie en Industriële Chemie as hoofvakke. (Kyk B.Sc.-graad p. 93.)

Leergang: 'n Kandidaat moet die Universiteit vir minstens een jaar bywoon. Die graad het dieselfde status as 'n Honns.B.Sc.-graad.

Die leergang behels onder andere die volgende vakke: Bedryfsekonomie (Spesiaal), Elektrotegniek I, Gevorderde Fisiese Chemie, Gevorderde Industriële Chemie, Gevorderde Organiese Chemie, Kinetika.

Voor toekenning van die graad plaasvind, moet 'n sertifikaat in Noodhulp ingelewer word.

Baccalaureus Scientiae in Industriële Chemie: B.Sc. (Ind.Chem.) (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Addisionele vereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad en 'n slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke: Biologie, Aardrykskunde, Natuur- en Skeikunde, Fisiologie.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die graad behels elf kursusse. Die hoofvakke is Toegepaste Chemie III en Chemie III. Ander kursusse is onder andere Wiskunde I en II, en Fisika I.

Studente moet gedurende die tweede of die derde studiejaar minstens ses weke praktiese vakansiewerk in goedgekeurde industriële chemiese laboratoria verrig.

BEROEPSDIENS

Terwyl die werk van die chemiese ingenieur hoofsaaklik toegespits is op die ontwerp en konstruksie van chemiese toerusting en fabrieke, hou die industriële chemikus hom hoofsaaklik besig met chemiese materiale, die chemiese prosesse self, beheer van produksie en die ontwikkeling van nuwe prosesse.

Die huidige vraag na industriële chemici is aansienlik en vanweë die ontwikkeling op nywerheidsgebied kan daar verwag word dat dit in die toekoms sal toeneem. Gegradueerdes word in diens geneem vir byvoorbeeld laboratoriumwerk, beheer van produksie-eenhede, tegniese dienste, bemarking en so meer. Met die regte persoonlikheidseienskappe kan daar selfs tot senior bestuursposte gevorder word. Sommige van die moontlike werkgewers is die WNNR, die SABS, die Brandstofnavorsingsinstituut, die Nasionale Instituut vir Metallurgie, die RAK, die Spoorweë, myne en nywerhede gemoeid met die vervaardiging van verf, petroleumprodukte, skoonheidsmiddels, papier, keramika, kunsseep, kunsmisstowwe, plastiese stowwe, voedselprodukte en sement.

INGENIEURSWESE

Universiteite: Kaapstad, Natal, Potchefstroom, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Stellenbosch, Witwatersrand

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bied opleiding in Ingenieurswese aan tot op tweedejaarsvlak.

Grade

Baccalaureus Scientiae in Ingenieurswese: B.Sc.(Ing.) of B.Sc.Ing. (UK, UN, UW)
Baccalaureus Scientiae (Elektrotegniek): B.Sc. (Elektrotegniek) (PU vir CHO)
Baccalaureus Scientiae (Ingenieurschemie): B.Sc. (Ingenieurschemie) (PU vir CHO)
Baccalaureus in Ingenieurswese: B.Sc.(Ing.) (UP)
Baccalaureus in die Ingenieurswese: B.Ing. (US)
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Ingenieurswese: B.Sc.Ing. (US)

Honneurs Baccalaureus Scientiae: Honns. B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Ingenieurswese: B.Sc.(Ing.)(Hons.) (UP)
Honneurs Baccalaureus in die Natuurwetenskappe insluitende Honneurs Baccalaureus Elektrotegniek: B.Sc.Hons. (RAU)
Geïntegreerde Honneurs-Baccalaureus in die Ingenieurswese: Hons.-B.Ing. (US)
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Ingenieurswese: Hons.-B.Sc.Ing. (US)

Magister Scientiae in Ingenieurswese: M.Sc.(Ing.) of M.Sc.Ing. (UK, UN, UW)
Magister Scientiae: M.Sc. (PU vir CHO)
Magister in Ingenieurswese: M.Sc.(Ing.) (UP)
Magister in die Ingenieurswese: M.Ing. (US)

Magister in Industriële Administrasie: M.Ind.Admin. (UK)
Magister Scientiae in Toegepaste Wetenskap: M.Sc.(Toeg.Wet.) (UK)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doktor in die Wysbegeerte (Ingenieurswese): Ph.D. (Ing.) (US)
Doctor Scientiae in Ingenieurswese: D.Sc.(Ing.) of D.Sc.Ing. (UK, UN, UW)
Doctor Scientiae: D.Sc. (PU vir CHO)
Doktor in Ingenieurswese: D.Sc.(Ing.) (UP) of D.Ing. (UW)
Doktor in die Ingenieurswese: D.Ing. (US)

Diplomas

Diploma in Industriële Administrasie (UK)
Diploma in Ingenieurswese (UK, UN)
Diploma in Ingenieurswese vir Gegradueerdes (UW)
Diploma in Mynbou (UP)

Nagraadse Diplomas in Ingenieurswese: N.D.I.

- Nagraadse Diplomas in Meganiese Ingenieurswese en
- Nagraadse Diplomas in Elektrotegniese Ingenieurswese (US)

GRADE

Baccalaureus Scientiae in Ingenieurswese: B.Sc.(Ing.) of B.Sc.Ing. of

Baccalaureus in Ingenieurswese: B.Ing. of B.Sc.(Ing.) of

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Ingenieurswese: B.Sc. Ing.

(Kaapstad, Natal, Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Kaapstad: Slaagsyfers van minstens 50 persent in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad. Kandidate wat dié vakke met minstens 50 persent op die Standaardgraad geslaag het, kan miskien vir toelating oorweeg word.

Natal: Slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Pretoria: Kandidate moet slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde behaal van

- minstens 50 persent in die een op die Hoër Graad en minstens 40 persent in die ander een op die Hoër Graad; of
- minstens 50 persent in die een op die Hoër Graad en minstens 50 persent in die ander een op die Standaardgraad; of
- minstens 40 persent in die een op die Hoër Graad en minstens 60 persent in die ander een op die Standaardgraad; of
- minstens 60 persent in die een op die Standaardgraad en minstens 50 persent in die ander een op die Standaardgraad.

Stellenbosch: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad en 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde op dié Standaardgraad.

Witwatersrand: Slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad met dien verstande dat die Senaat slaagsyfers (in een of albei dié vakke) van minstens 60 persent op die Standaardgraad in buitengewone omstandighede sal aanvaar.

Leergang: Vier jaar voltydse studie behalwe aan die Universiteit van Stellenbosch, waar die kursus vyf jaar duur. Die Universiteit van Pretoria raai sommige van die studente aan om die kursus oor vyf jaar te versprei.

Aan die Universiteit van Pretoria kan die graadkursus gedeeltelik na-uurs en gedeelte=lik voltyds geneem word:

- Vyf jaar indien slegs die eerste akademiese jaar oor twee jaar na-uurse studie versprei word; of

- ses jaar indien ook die tweede akademiese jaar oor twee jaar na-uurse studie ver= sprei word.

Die Universiteit van Stellenbosch bied ook die graad B.Sc.Ing. aan. Die kursus vir die graad strek oor vier jaar voltydse studie en word in dieselfde rigtings as dié vir die B.Ing.-graad aangebied.

Oor die algemeen neem ingenieursstudente die basiese wetenskappe, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Fisika en Chemie gedurende die eerste studiejaar en begin dan met die gekose rigting aan die begin van die tweede jaar.

Al die universiteite wat die graad toeken, bied die volgende studierigtings aan: Che= miese Ingenieurswese, Elektrotegniese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese en Si= viele Ingenieurswese. Die Universiteit van Pretoria bied Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese aan i.p.v. Elektrotegniese Ingenieurswese.

Die Universiteit van Stellenbosch bied die volgende rigtings onder Meganiese Ingenieurs= wese aan:

- Masjienbou
- Bedryfsrigting
- Verkoeling en Lugreëling
- Lugvaartkunde
- Marinerigting
- Outomobielrigting.

Onder Elektrotegniese Ingenieurswese word die volgende rigtings deur die Universiteit van Stellenbosch aangebied: Swaarstroom, Swakstroom of Marinerigting.

Onder Chemiese Ingenieurswese bied die Universiteit van Stellenbosch die volgende rig= tings aan: Chemies en Ekstraktiewe Metallurgie.

Die Universiteit van die Witwatersrand bied die volgende rigtings onder Meganiese Inge= nieurswese aan:

- Lugvaartkundige Ingenieurswese
- Bedryfsingenieurswese
- Meganiese Ingenieurswese.

Die volgende studierigtings in Ingenieurswese word ook deur die genoemde universiteite aangebied:

- Bedryfsingenieurswese - Pretoria
- Geologiese Ingenieurswese of Mynbou-Geologie - Witwatersrand
- Landbou-ingenieurswese (kyk p. 174) - Natal, Pretoria
- Landmeetkunde (kyk p. 180) - Kaapstad, Natal, Pretoria, Witwatersrand
- Metallurgie - Witwatersrand
- Metallurgiese Ingenieurswese - Pretoria
- Mynbou-ingenieurswese - Pretoria, Witwatersrand
- Toegepaste Geofisika - Witwatersrand

Studente doen praktiese werk gedurende die lang vakansies.

<u>Baccalaureus Scientiae (Elektrotegniek): B.Sc. (Elektrotegniek)</u> (Potchefstroom)

<u>Toelatingsvereistes</u>: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad en 'n slaagsyfer in 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde, minstens op die Standaardgraad.

<u>Leergang</u>: Vier jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste jaar is Chemie, Fisika, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Beskrywende Meetkunde, Inleiding tot ingenieurswese, Werkwinkelpraktyk en Masjientekene.

Baccalaureus Scientiae (Ingenieurschemie): B.Sc. (Ingenieurschemie) (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Soos vir die graad B.Sc. (Elektrotegniek).

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste jaar is dieselfde as dié vir die graad B.Sc. (Elektrotegniek).

Die Potchefstroomse Universiteit vir CHO bied opleiding aan in Bedryfs-, Meganiese, Metallurgiese, Mynbou- en Siviele Ingenieurswese tot op tweedejaarsvlak.

Honneurs Baccalaureus in die Natuurwetenskappe insluitende Honneurs Baccalaureus Elek=trotegniek: B.Sc.Hons. (Randse Afrikaanse Universiteit)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die vakke vir die eerste jaar is Wiskunde, Teo=retiese Fisika, Fisika, Chemie, Ingenieurswese. Die graad is gelykwaardig aan 'n B.Sc. in Elektrotegniese Ingenieurswese.

Die Randse Afrikaanse Universiteit bied opleiding tot op tweedejaarsvlak aan in die volgende rigtings van die Ingenieurswese: Bedryfs-, Meganiese, Metallurgiese, Mynbou- en Siviele Ingenieurswese.

DIPLOMAS

(a) Diploma in Ingenieurswese of

(b) Diploma in Industriële Administrasie (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Toelating tot die Diploma is, behalwe met spesiale toestemming van die Senaat, beperk tot -

(i) gegradueerdes van die Universiteit van Kaapstad of enige ander erkende uni=versiteit; of

(ii) nie-gegradueerdes wat in besit is van geskikte professionele kwalifikasies.

'n Diploma in Ingenieurswese vir Gegradueerdes of 'n Diploma in Industriële Administra=sie vir Gegradueerdes sal aan die suksesvolle kandidaat wat onder (i) toegelaat is, toe=geken word en 'n Diploma in Ingenieurwese of 'n Diploma in Industriële Administrasie aan kandidate wat onder (ii) toegelaat is.

Leergang: (a) Die leergang bestaan uit kursusse gekies uit spesiale kursusse wat deur die Fakulteit van Ingenieurswese en ander Fakulteite aangebied word.

(b) 'n Kandidaat vir dié Diploma moet kursuswerk voltooi wat deur die Koördinator, Industriële Administrasie-program, Departement Meganiese Ingenieurswese, voorgeskryf is.

Diploma in Ingenieurswese (Natal)

Toelatingsvereiste: 'n Kandidaat moet in besit wees van die B.Sc. Ing.-graad of tot die status daarvan toegelaat wees.

Leergang: 'n Minimum van een semester studie. 'n Kandidaat kan sy kandidaatskap ver=ander tot dié vir die M.Sc. Ing.-graad in welke geval hy 'n verhandeling moet inlewer afgesien van die voorgeskrewe kursusse wat hy vir die Diploma moet voltooi.

Diploma in Mynbou (Pretoria)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad in enige vertakking van Ingenieurswese of 'n Baccalaureusgraad in Mynbou-geologie of tot die status daarvan toegelaat wees.

Leergang: 'n Minimum van een jaar voltydse studie. Voor inskrywing vir die diploma moet 'n kandidaat minstens ses maande praktiese ondergrondse mynervaring opdoen.

Diploma in Ingenieurswese vir Gegradueerdes (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van een van die volgende grade: B.Sc.(Ing.), B.Sc.Hons., B.Sc. in Stads- en Streekbeplanning, B.Sc. in Boukunde, of tot die status daarvan toegelaat wees.

Leergang: Een jaar voltydse of drie jaar deeltydse studie. 'n Kandidaat moet ten min= ste nege kursusse voltooi.

'n Kandidaat vir die M.Sc.(Ing.)-graad wat die voorgeskrewe kursusse vir die graad ge= druip het, kan as 'n kandidaat vir die Diploma toegelaat word en sy kandidaatskap word dan beskou asof dit 'n aanvang geneem het op die datum van sy toelating as kandidaat vir die M.Sc.(Ing.)-graad.

Nagraadse Diplomas in Ingenieurswese: N.D.I. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van 'n goedgekeurde vierjarige Bac= calaureusgraad in die Ingenieurswese of 'n ander aanvaarbare kwalifikasie en tersaaklike ondervinding.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Die N.D.I. word in die volgende rigtings aange= bied:

- Nagraadse Diplomas in Meganiese Ingenieurswese: Die Diploma word in die volgende studierigtings toegeken: Masjienbou, Bedryfsrigting, Verkoeling en Lugreëling, Lug= vaartkunde, Marinerigting, Outomobielrigting.

- Nagraadse Diplomas in Elektrotegniese Ingenieurswese: Die Diploma word in die volgende studierigtings toegeken: Swaarstroomrigting, Swakstroomrigting, Marinerig= ting.

Daar is 'n voorgeskrewe kursus vir elke studierigting.

BEROEPSDIENS

Ingenieurswese is 'n lewensbelangrike vertakking van die Toegepaste Wetenskap. Die wetenskaplikes soek byvoorbeeld na basiese kennis. Hulle doel is om nuwe beginsels of kombinasies van bekende beginsels te ontdek ten einde natuurverskynsels te verklaar en maak hiervoor gebruik van die Wiskunde, Fisika, Chemie en so meer. Op hulle beurt sorg die ingenieurs dat die kennis wat die wetenskaplikes aan die mensdom besorg, toegepas word. Hoewel ingenieurs ook denkers is, is hulle uit die aard van hul professie manne en vroue van die daad.

Daar bestaan verskeie vertakkings in die ingenieurswese maar hulle kan nie waterdig afgebaken word nie, sodat werksaamhede in die een dikwels met dié van die ander ooreen= slaan. Die vinnige toename in die kennis van die ingenieur het ook gelei tot talle onder= afdelings in die ingenieurswese soos lugvaart-, skeeps- en kerningenieurswese, asook rigtings soos masjienbou, verkoeling en lugreëling en so meer. Meer inligting oor be= paalde rigtings kan van die betrokke universiteite of die Federasie van Verenigings vir Professionele Ingenieurs, Posbus 61019, Marshalltown 2107, Transvaal, verkry word.

Bedryfsingenieurswese: Hierdie is 'n betreklike nuwe vertakking en bestaan basies daar= uit dat dié ingenieur hom toelê op die maksimale benutting van die produksiefaktore deur beplanning, rangskikking van toerusting, skedulering van werk, beheer oor arbeid, pro= duksie, materiaal, kwaliteit en koste. Hy kombineer sy ingenieurskennis (hoofsaaklik op die gebied van die meganika) met die beginsels van bestuurs- en bedryfsekonomie.

Sy beroepsrigting lê hoofsaaklik in nywerhede soos die Spoorweë, myne, Yskor, Sasol, Foskor, NOK; groot fabrieke; munisipaliteite; doseerwerk aan 'n universiteit en na= vorsing.

Chemiese Ingenieurswese: Die snelle nywerheidsgroei van die Republiek skep geleenthede aan al hoe meer ingenieurs in die chemiese nywerheid. Waar ook al chemiese veranderings uitgevoer word, is daar werk vir die chemiese ingenieur. Atoominstallasies, die ver= vaardiging van ysterhoudende en nie-ysterhoudende metaal, olieraffinaderye en die newe= produkinstallasies wat daaraan verbonde is, die vervaardiging van verf, rubber, rayon, papier, sure, kunsmis, springstowwe, glas, seep, sement, politoer, hout, plastiek, far= maseutiese middels en die verwerking van minerale - dit is die terrein van die chemiese ingenieur, wat hoofsaaklik te doen het met die ontwerp, werking en instandhouding van installasies. Van die werkgewers op dié gebied is eerstens al die betrokke nywerhede, maar ook instansies soos Yskor, Sasol, RAK, WNNR, Foskor, SABS en die staatsdepartemente van Gesondheid en Waterwese.

Elektriese/Elektrotegniese Ingenieurswese: Hierdie rigting is hoofsaaklik gemoeid met aspekte soos kragvoorsiening, verspreiding van krag, beheerstelsels en rekenaars, tele= kommunikasie, elektronika en instrumentasie. Normaalweg behels die werk onderafdelings

soos beplanning, navorsing, ontwerp, produksie, toetsing, konstruksie en verspreiding, en onderhoud.

Instansies wat van die dienste van 'n elektriese ingenieur gebruik maak, is byvoorbeeld die Spoorweë, Evkom, munisipaliteite, die Pos- en Telekommunikasiewese, nywerhede, fa= brieke, radiowese, private ondernemings, die SABS en myne. Poste as dosente kan ook beklee word aan universiteite of kolleges wat ingenieurstegnici oplei. Elektrotegniese ingenieurs word ook deur verskeie staatsdepartemente in diens geneem en die aard van hul pligte verskil van een departement na 'n ander. Dié departemente is die van Open= bare Werke, Landbou-tegniese Dienste, Vervoer, Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, Myn= wese, Gemeenskapsbou, Arbeid en die administrasies van die vier provinsies.

Landbou-ingenieurswese: Die meganisasie van landbou ontwikkel baie snel en gevoglik groei die vraag na landbou-ingenieurs steeds. In die moderne landboubedryf is die in= genieur verantwoordelik vir landboumasjinerie; ingenieursaspekte van grondbewaring; hantering, opberging en prosessering van materiaal; ontwerp van plaasstrukture en die uitlê van werwe, en besproeiings- en dreineringsaangeleenthede. Die meeste ingenieurs spesialiseer gewoonlik in een of meer van hierdie velde.

Die grootste werkgewers op hierdie gebied is die staatsdepartemente van Landbou-tegniese Dienste en Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling; verskillende landboukoöperasies soos dié vir sitrus- en sagtevrugte, suiker en tabak; handel en nywerheid wat te doen het met landbouprodukte; Foskor; ondernemings wat landbou-implemente vervaardig; universiteite en kolleges wat doseerwerk in hierdie rigting onderneem. Vir die nagraadse student bestaan daar veral in die staatsdepartemente besondere geleentheid om interessante na= vorsingsprojekte aan te pak.

Meganiese/Werktuigkundige Ingenieurswese: Hierdie vakgebied omsluit die ontwerp, kon= struksie, bemarking, installering en instandhouding van werktuigkundige uitrusting, soos masjiengereedskap, materiaalhanteringsuitrusting, outomatiese produksielynmasjine= rie vir fabrieke, mynbou-installasies, pad- en landboumasjinerie, verkoelings- en lug= versorgingsinstallasies, stoomketels, pompe, lugkompressors, turbines, olie- en gas= enjins, motors, vliegtuie, skepe en spoorweglokomotiewe. Hierdie ingenieurs ontwerp ook planne vir die aanleg van nuwe fabrieke. Die meganiese ingenieurswese lewer der= halwe 'n besondere diens aan die gemeenskap en kan tereg beskou word as die hoeksteen van die moderne tegnologie. Die verwerking, hantering en verspreiding van 'n produk is direk afhanklik van die toepassing van die beginsels van die meganiese ingenieursweten= skap.

Gevolglik word die beste beroepsmoontlikhede gevind by die Spoorweë; fabrieke en ander groot nywerheidsondernemings soos myne, Yskor, Sasol en so meer; die WNNR; lug- en seevaartmaatskappye; en groot munisipaliteite. 'n Private praktyk as raadgewende in= genieur of 'n dosentpos aan 'n universiteit of tegniese kollege is ook moontlik. Die Staatsdiens bied in hierdie rigting besonder aantreklike loopbane in die Departemente van Openbare Werke, Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, Landbou-tegniese Dienste, Arbeid, Mynwese, Waterwese en die administrasies van die provinsies. Die besonder wye terrein vir navorsing is beslis 'n uitdaging.

Metallurgiese Ingenieurswese: Die terrein van hierdie ingenieur is tweeledig, te wete (1) die onttrekking (ekstraksie) of vrystelling van 'n metaal uit sy oorspronklike erts en komplekse verbindings, en (2) die bestudering van die fisiese eienskappe daar= van met die oog op verwerking in bruikbare produkte. Die werksaamhede behels dus alle aspekte van metaal- en legeringstegnologie - van die stadium waar die metaalhoudende minerale gemyn en vir behandeling beskikbaar gestel word, totdat die verwerkte produk aan die mens gelewer word vir gebruik.

Die metaalvervaardigingsbedryf toon geweldige vooruitgang en bied derhalwe geleenthede aan meer en meer ingenieurs, veral wat navorsing betref. Die volgende is slegs 'n paar van die vele instansies by wie werkgeleenthede bestaan: Yskor, WNNR, SABS, alle myne wat metale ontgin, die yster- en staalbedryf, doseerposte aan universiteite en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.

Kyk ook Metallurgie, p. 112.

Myningenieurswese: Alhoewel mynbou in die RSA gewoonlik in verband staan met goud, diamante en steenkool, word talle ander minerale soos yster-, chroom-, mangaan-, asbes- en kopererts ook hier gemyn. Die myningenieur het te doen met alle soorte mynbou - van die stadium waar hy en die geoloë nuwe neerslae soek totdat 'n nuwe myn gevestig en die metaal of minerale vir verkoop geproduseer word. Hy het te doen met sowel die we= tenskaplike as die praktiese aspekte van die mynbou - van die ontginningstadium af tot

by die bemarkbare produk. Hy kan ook vind dat hy vraagstukke in verband met die aan=leg van dorpe, paaie, spooraansluitings, krag- en watertoevoer moet help oplos. Baie myningenieurs beklee ook uitvoerende en bestuursposte, veral waar dit gaan oor toesig=houding en veiligheid. 'n Gekwalifiseerde myningenieur kan in die Departement van Myn=wese aangestel word as 'n inspekteur van myne.

Siviele Ingenieurswese: Hierdie ingenieurs, wat die grootste groep in die land vorm, het in die algemeen gesproke te doen met die beplanning, ontwerp, aanleg, bou en in=standhouding van projekte wat daarop gemik is om die mens se fisiese omgewing tot sy nut en voordeel te beheer en te reguleer. In die praktyk kom sulke projekte neer op brûe, paaie, dokke, aanloopbane by lughawens, spoorweë, tonnels, damme, kanale, riool- en dreineringstelsels, gas- en watertoevoer, skagtorings van myne en ander groot struk=ture. Die siviele ingenieurswese bestaan uit talle gespesialiseerde onderafdelings soos dié van die struktuuringenieur, munisipale ingenieur, pad- of spoorwegingenieur, wateringenieur, ens. Daar is dus talle geleenthede vir spesialisasie, insig, eie inisiatief en navorsing.

Aangesien van die grootste projekte die verantwoordelikheid van die Staat is, word die grootste verskeidenheid van werkgeleenthede gevind in die departemente van Waterwese, Openbare Werke, Landbou-tegniese Dienste, Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, Vervoer, Gemeenskapsbou en die administrasies van die vier provinsies. Siviele ingenieurs word ook in diens geneem deur die Spoorweë, munisipaliteite van groot stede, die WNNR, kon=struksiemaatskappye en ander private ondernemings, universiteite en kolleges vir ge=vorderde tegniese onderwys.

Hierbenewens is die Raadgewende Ingenieurs as werkgewers van veral siviele maar ook van ander ingenieurs baie belangrik. Hiermee hang ook saam die geleenthede van die private konsulterende praktyk as 'n uiteindelike loopbaan vir gegradueerdes. Raadgewende In=genieurs staan in eie diens en hulle of hul firmas ontvang opdragte van Staats-, pro=vinsiale en munisipale instansies en, in 'n baie groot mate van nywerheids- en ander ondernemings vir die ontwerp en toesig oor die oprigting van projekte. Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Raadgewende Ingenieurs maak byvoorbeeld tans gebruik van die dienste van meer as 1 000 professionele ingenieurs en byna 2 000 ingenieursassistente en tegnici op die gebied van siviele ingenieurswese en van sowat 400 en 600 respektiewe=lik op die gebied van elektriese, meganiese, verwarmings- en lugreëlingsingenieurswese. Hierby staan daar ongeveer 600 professionele ingenieurs aan die hoof van of is hulle in vennootskap met sulke raadgewende ingenieursfirmas.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die opleiding van ingenieursteg=nici.

## KOMMUNIKASIEKUNDE/JOERNALISTIEK

Universiteite: Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Randse Afrikaanse Universiteit, Rhodes, Stellenbosch, Suid-Afrika, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): B.A. (Kommunikasiekunde) (UOVS)
Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): B.A. (Komm.) (PU vir CHO)
Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A. (Kommunikasie) (RAU)
Baccalaureus in Joernalistiek: B.Joernalistiek (Rhodes)
Baccalaureus Artium: B.A. (Unisa)

Honneurs-Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): B.A.(Hons.)(Kommunikasiekunde) (UOVS)
Honneurs Baccalaureus Artium: Honns. B.A. (PU vir CHO)
Honneurs Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte (RAU)
Honneurs-Baccalaureus in Joernalistiek: Hons.B.Joernalistiek (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium: Hons.B.A. (Unisa) of B.A.(Hons.) (Rhodes)

Magister Artium (Kommunikasiekunde): M.A. (Kommunikasiekunde) (UOVS)
Magister Artium: M.A. (PU vir CHO, Rhodes, Unisa)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte: M.A. (RAU)
Magister in Joernalistiek: M. Joernalistiek (US)

Doctor Philosophiae: D.Phil. (UOVS, PU vir CHO, US)
Doktor in die Lettere en Wysbegeerte: D. Litt. et Phil. (RAU)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (Rhodes)
Doctor Litterarum et Philosophiae: D.Litt. et Phil. (Unisa)

Diplomas

Universiteitsdiploma in Kommunikasiekunde: U.D.K. (PU vir CHO)
Nagraadse Diploma in Kommunikasie (RAU)
Hoër Diploma in Kommunikasiestudies (UW)

GRADE

Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): B.A. (Kommunikasiekunde) (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang moet minstens 20 semesterkursusse insluit waarvan ses in elke hoofvak geneem moet word.

Die eerste hoofvak is Kommunikasieleer en die tweede hoofvak word uit die volgende ge=kies: 'n Moderne taal (Bantoetale inbegrepe), Aardrykskunde, Ekonomie, Geskiedenis, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Toegepaste Volkekunde, Volkekunde, Wiskunde en Wys=begeerte. Vier semesterkursusse moet in Mediakunde aangebied word. Die ander vier semesterkursusse moet uit die gewone B.A.-vakke gekies word. (Kyk p. 11.)

Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): B.A.(Komm.) (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Vier jaar voltydse studie. 'n Student moet in minstens 14 en 'n half kursusse slaag. 'n Student volg Kommunikasiekunde I en II in die eerste en tweede jaar onder=skeidelik en Publiseerkunde III en IV en Skakel- en Reklamekunde III en IV in die derde en vierde jaar. Kommunikasiereg word in die tweede en derde jaar gevolg. Die ander kursusse word gekies uit die gewone B.A.-vakke, een waarvan 'n hoofvak moet wees.

Die B.A.(Komm.)-graad verleen toelating tot die studie van die graad M.A.(Kommunikasie=kunde).

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A.(Kommunikasie) (Randse Afrikaanse Universiteit)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Kyk ook p. 21.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang bestaan uit elf kursusse. Kommuni=kasieleer is 'n verpligte hoofvak. 'n Tweede hoofvak moet gekies word uit: 'n Taal, Sosiologie, Sielkunde, Opvoedkunde, Ekonomie, Geskiedenis, Kunsgeskiedenis, Bybelkunde, Algemene Taalwetenskap, Wysbegeerte, Volkekunde, Staatsleer, Wiskundige Statistiek, Wiskunde.

Verpligte byvakke is: Sielkunde I; Sosiologie I; Statistiese Metodes A; en vier semesterkursusse in 'n taal of tale.

Baccalaureus in Joernalistiek: B.Joernalistiek (Rhodes)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Kyk ook p. 23.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels tien kursusse, drie waarvan in Joernalistiek moet wees en drie in die tweede hoofvak gekies uit die gewone B.A.-vakke. Die ander kursusse moet ook uit die gewone B.A.-vakke (kyk p. 23 ) gekies word.

Baccalaureus Artium: B.A. (Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Minstens drie jaar. Studente volg die leergang vir 'n gewone B.A.-graad (kyk p. 28 ) met Kommunikasiekunde as een van die hoofvakke. Die tweede hoofvak moet een van die volgende wees: Afrika-politiek, Ekonomie, Geskiedenis, Internasionale Politiek, Kriminologie, Linguistiek, Logika, Kunsgeskiedenis, Naturelle-ontwikkelings=administrasie, Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, 'n Taal, Volkekunde.

Honneurs-Baccalaureus in Joernalistiek: Hons.B.Joernalistiek (Stellenbosch)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Leergang: Een jaar. Studente moet vyf kursusse volg soos bv. Geskiedenis van die pers, radio en beeldradio; Perswetgewing en persetiek; Lesersreaksie; en praktiese vakansie= werk by 'n goedgekeurde persgroep, die radio of die beeldradio voltooi.

DIPLOMAS

Universiteitsdiploma in Kommunikasiekunde: U.D.K. (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Leergang: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Nagraadse Diploma in Kommunikasie (Randse Afrikaanse Universiteit)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Die Diploma word aangebied vir studente wat nie voorheen in die Kommunikasieleer ge= studeer het nie.

Studente moet gedurende die eerste jaar die verpligte byvakke aanvul saam met Kommuni= kasieleer I en neem gedurende die tweede jaar Kommunikasieleer II en III.

Kyk B.A.(Kommunikasiekunde) (RAU) vir verpligte byvakke.

Hoër Diploma in Kommunikasiestudies (Witwatersrand)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Leergang: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie. Die leergang be= hels vyf kursusse. 'n Kandidaat volg Kommunikasieteorie en Taal en Taalgebruik en kies drie ander kursusse uit vakke, soos byvoorbeeld Kommunikasie in Opvoedkunde, Nie-ver= bale Kommunikasie in Besigheid en Bedryf, Mondelinge Kommunikasie.

BEROEPSDIENS

Kommunikasiekunde sal in die jare wat kom 'n rol van al hoe groter betekenis speel met betrekking tot mense- en volkereverhoudinge. Dit ontsluit die nuwe wêreld van die twin= tigste eeu waarin dinge verbysterend vinnig gebeur en waarin motiewe en doelstellinge van individue en volkere maklik verkeerd geïnterpreteer kan word. Media van kommunika= sie soos die koerant, die radio, televisie, die tydskrif en rolprent het ook die wêreld as't ware kleiner laat word, sodat daar eintlik in min wêrelddele enige geheime oorgebly het.

In dié veranderende wêreld het die mens al hoe meer behoefte aan betroubare inligting oor wat om hom gebeur. Daarom word al hoe hoër eise gestel aan die persoon wat inlig= ting aan ander oordra, en val die klem op wat oorgedra word en hoe dit oorgedra word. Die kommunikasiekundige se taak is dan daarin geleë dat die inligting wat hy of sy oor= dra, so gestel sal word dat dit die grootste trefkrag sal hê en tot onderlinge begrip en vertroue tussen mens en mens en tussen volk en volk sal lei.

Enkele van die beroepsmoontlikhede waarvoor die student deur Kommunikasiekunde toegerus word, is die joernalistiek, die skakelwese, die reklamewese en die diplomatieke en in= ligtingsdiens.

- Joernalistiek: Die gebied van die joernalistiek as beroep met sy talle vertak= kings word al hoe wyer, en die avontuur en bekoring daarvan al hoe groter. Ofskoon die meeste joernaliste by dagblaaie begin werk, is die joernalistiek nie tot koerante be= perk nie. Die radio bied byvoorbeeld uitdagende beroepsgeleenthede. Boonop bied die pasingestelde televisiediens in Suid-Afrika verskeie moontlikhede aan gegradueerdes in Kommunikasiekunde/Joernalistiek. Weens die hoë eise wat aan televisiejoernaliste ge= stel word, kan geeneen van hulle van die straat af gehaal word nie; hulle moet deeglik opgelei en vir hul taak toegerus wees. Televisie beteken egter nie die einde van dag= blaaie, tydskrifte of die radio nie. Tog sal hierdie media verplig word om hul kommu= nikasie nog beter en doeltreffender te behartig. Dit sal deeglik opgeleide mense ver= eis. Hoewel 'n matrikulat deur 'n onderneming as leerlingjoernalis in diens geneem kan word om indiensopleiding te ondergaan, het universiteitsopleiding vandag feitlik noodsaaklik geword, aangesien dit belangrike akademiese agtergrond voorsien en bydra tot die verruiming van kennis van mense en sake. Die gegradueerde of gediplomeerde geniet ook gewoonlik voorkeur vir bevordering.

- Skakelwese: Skakelwerk is in Suid-Afrika in sy kinderskoene en die moontlikhede is haas onbeperk. In 'n dinamiese samelewing waarin kompetisie daagliks toeneem, is die opbou van 'n openbare beeld vir 'n maatskappy of ander onderneming onontbeerlik. Feit=lik geen groot organisasie kan dit meer bekostig om sonder skakelbeamptes klaar te kom nie. Almal besef meer en meer hoe belangrik gesonde verhoudings met die publiek is. Selfs die organisasies wat hul dienste aan ander organisasies verkoop, neem skakel=beamptes in diens. Ander werkgewers is byvoorbeeld plaaslike besture, regerings- en statutêre liggame, internasionale organisasies, universiteite en ander opvoedkundige in=stellings, welsynsorganisasies, koerante, die SAUK, versekeringsmaatskappye en so meer. Al meer vroue word in hierdie rigting benut en die ondernemende persoon met verbeeldings=krag en bereidheid om hard te werk, vind in die skakelwêreld 'n lonende loopbaan.

- Reklamewese: Die reklamebedryf is een waarvan die potensiaal, veral in Suid-Afrika, nog lank nie ten volle ontplooi het nie. Soos wat die ekonomie vooruitgaan, sal hierdie bedryf ook van krag tot krag gaan. Die werk is uiters dinamies van aard en die reklamebeampte of advertensie-agent moet sorg dat hy voortdurend tred hou met nuwe wen=dinge en verwikkelinge op dié gebied. Vir die persoon wat belangstel in die behendige en skeppende hantering van tale, lê die wêreld van advertensieskrywer oop. Reklamewerk is egter nie hiertoe beperk nie. Die reklamebeampte word al hoe meer 'n sleutelfiguur in die bekendstelling van 'n onderneming. Vir die persoon wat oor die nodige opleiding en die regte eienskappe beskik, is daar alle geleentheid om mettertyd sy eie onderne=ming te begin en dié uit te bou tot 'n winsgewende advertensie-agentskap. Die beroep is ook besonder geskik vir dames.

- Diplomatieke en inligtingsdiens: Die bekendstelling van 'n land, sy mense en doelstellings - binnelands en buitelands - stel hoë eise aan die inligtingsbeampte en die diplomaat. Vir die persoon wat in dié rigting belangstel, verskaf die Kommunikasie=kunde die nodige agtergrondkennis, maar ander hoof- en byvakke moet sorgvuldig oorweeg word vir diens in die Departement van Buitelandse Sake of die Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie.

Kommunikasiekunde kan ook tot voordeel vir sommige beroepe met ander vakke gekombineer word, soos met Bedryfsielkunde vir die personeelbeampte; met Drama- en Toneelkunde vir die persoon wat die verhoog, die televisieskerm, die rolprentskerm of die mikrofoon as rigting kies; met Biblioteekkunde vir 'n loopbaan in die biblioteekwese; met Sielkunde of Sosiologie vir 'n navorsingspos in diens van byvoorbeeld die RGN.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Joernalis=tiek).

## KRYGSKUNDE

Universiteit: Stellenbosch

Grade

Baccalaureus in die Krygskunde: B.Mil.

Honneurs-Baccalaureus in die Krygskunde: Hons.-B.Mil.

Magister in die Krygskunde: M.Mil.

Doktor in die Krygskunde: D. Mil.

GRADE

### Baccalaureus in die Krygskunde: B.Mil.

Toelatingsvereistes: Studente moet

- in besit wees van 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matriku=lasievrystelling);

- vir die Natuurwetenskaplike rigting, Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op die Standaardgraad en vir die Handelsrigting Wiskunde op die Standaardgraad geslaag het; en

- deur 'n militêre keurraad vir offisiersopleiding aanvaar wees.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die B.Mil.-graad kan in een van die volgende rigtings gevolg word:

- Lettere en Wysbegeerte
- Natuurwetenskappe
- Handelswetenskappe.

Al die leergange van die B.Mil.-kursus word aan die Militêre Akademie te Saldanha ge=volg. Die Militêre Akademie is die setel van die Fakulteit van Krygskunde.

Die B.Mil.-vakke is dieselfde as dié wat die Universiteit aanbied. Die leerplanne is net by die behoeftes van die Suid-Afrikaanse Weermag aangepas met die toevoeging van Lugvaartkunde, Seevaartkunde, Militêre Reg, Krygsgeskiedenis en Militêre Geografie.

BEROEPSDIENS

'n Loopbaan as offisier in die Staande Mag (Leër, Vloot en Lugmag) is aantreklik, in=teressant en afwisselend. Die funksie van die offisierskorps is onder andere dié van organisasie, administrasie, beplanning, asook opleiding van die Burgermag en Kommando's. Die groot aantal offisiersposte waarvoor voorsiening gemaak word, bied besonder goeie vooruitsigte aan enige jongman. Hierby is dit duidelik dat die Staande Mag, as gevolg van die talle bykomende voordele aan personeel, beslis vir die materiële, liggaamlike en geestelike welsyn van sy lede sorg.

Na suksesvolle voltooiing van die opleidingskursus word kandidaatoffisiere met die rang van luitenant aangestel. Indien hulle verder in die vereiste bevorderingskursusse slaag, kan hulle normaalweg tot die hoogste range bevorder word. Hierby is die B.Mil.-graad heeltemal aanneemlik in die burgerlike lewe en kan dit ook tot nagraadse studie aan enige Suid-Afrikaanse universiteit lei.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor offisiersopleiding buite die universiteit.

LANDBOU

Universiteite: Natal, Oranje-Vrystaat, Pretoria, Stellenbosch

Grade

Baccalaureus Scientiae Agriculturae: B.Sc.Agric. (UN, UOVS)
Baccalaureus in Landbou: B.Sc.(Agric.) (UP)
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Landbou: B.Sc. in Landbou (US)
Baccalaureus Agriculturae: B.Agric. (UOVS)
Baccalaureus in Landbou (Educationis): B.Agric.(Ed.) (UP)
Baccalaureus in Landbou-onderwys: B. in Landbou-onderwys (US)
Baccalaureus in Landboubestuur: B. in Landboubestuur (Natal, US)

Honneurs-Baccalaureus Scientiae Agriculturae: B.Sc.Agric.(Hons.) (UOVS)
Baccalaureus Honores in Landbou: B.Sc. (Agric.)(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Landbou: Hons.-B.Sc. Landbou (US)
Honneurs-Baccalaureus Agriculturae: B.Agric.(Hons.) (UOVS)
Baccalaureus Honores Institutionis Agrariae: B.Inst.Agrar.(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in Landboubestuur: Hons.-B. in Landboubestuur (US)

Magister Scientiae Agriculturae: M.Sc.Agric. (UN, UOVS)
Magister Agriculturae: M.Agric. (UOVS)
Magister in Landbou: M.Sc. (Agric.) (UP)
Magister Institutionis Agrariae: M.Inst.Agrar. (UP)
Magister in die Natuurwetenskappe in Landbou: M.Sc. in Landbou (US)
Magister in Landboubestuur: M. in Landboubestuur (US)

Doctor Scientiae Agriculturae: D.Sc.Agric. (UN)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doctor Scientiae: D.Sc. (UOVS)
Doktor in Landbou: D.Sc.(Agric.) (UP)
Doctor Institutionis Agrariae: D.Inst.Agrar. (UP)
Doktor in die Wysbegeerte (Landbou): Ph.D.(Landbou) (US)
Doktor in die Wysbegeerte (Landboubestuur): Ph.D. (Landboubestuur) (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Landbou: D.Sc. in Landbou (US)

Diploma

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) (Landbou): H.O.D. (Sekondêr) (Landbou) (US) Kyk p. 127.

GRADE

Baccalaureus Scientiae Agriculturae: B.Sc.Agric. of

Baccalaureus in Landbou: B.Sc.(Agric.) of

B.Sc. in Landbou

(Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Natal: Slaagsyfers in Wiskunde en 'n natuurwetenskap van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Oranje-Vrystaat: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad. Dit word sterk aan=beveel dat voornemende studente Natuur- en Skeikunde en, indien moontlik, ook Biologie vir die st. 10-eksamen neem.

Pretoria: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p.96.

Stellenbosch: Slaagsyfers in Wiskunde en 'n natuurwetenskap op minstens die Standaard=graad. Kyk ook toelatingsvereistes vir die B.Sc.-graad, p. 100.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke sluit in onder andere Chemie, Fisika, Wiskunde, Biologie of Biologiese Wetenskap of Plantkunde of Dierkunde, maar verskil na gelang van keuse van hoofvakke.

Aan die begin van die tweede jaar begin studente met die studie van een of twee van die volgende hoofvakke, wat in sommige gevalle van een universiteit na 'n ander verskil, aangesien elke universiteit sy kursusse by die streek aanpas waarin dit geleë is: Ak=kerbou of Agronomie, Biochemie, Biometrie, Dierefisiologie (US), Diereproduksie (UP, US), Entomologie (Natal, UOVS, UP), Genetika, Grondkunde, Grondkunde en Plantvoeding (UP), Kleinveekunde (UOVS), Landbou-ekonomie, Landbou-insektekunde (US), Landbouproduksie (Natal), Landbouweerkunde (Natal, UOVS), Mikrobiologie, Plantpatologie of Plantsiekte=kunde, Plantproduksie (UP), Pluimveekunde (Natal), Suiwelkunde (UOVS, UP), Tuinboukunde (Natal, UP, US), Veekunde (Natal, UOVS, US), Weidingsleer (Natal, UOVS, US), Wingerd- en Wynkunde (US).

Daar kan van kandidate vereis word om vir 'n sekere tydperk gedurende die universiteits=vakansies van die derde en/of vierde studiejaar praktiese werk op 'n goedgekeurde plaas of ander plek te doen.

Die Universiteite van Natal en Pretoria bied Landbou-ingenieurswese aan onder die Fakul=teit Ingenieurswese (kyk p. 164 ) en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat as een van die keusevakke in die Fakulteit Landbou.

Baccalaureus Agriculturae: B.Agric. (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievry=stelling). Dit word sterk aanbeveel dat voornemende studente Biologie vir die st. 10-eksamen neem.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Daar is vier verskillende leergange:

- Plante/Diererigting, wat ontwerp is vir die opleiding van boere, onderwysers en bedryfsadviseurs.

- Suiwel/Veekunde/Mikrobiologie, wat ontwerp is om in die behoeftes van suiwelteg=noloë, bedryfsadviseurs, voedselinspekteurs en boere te voorsien.

- Besproeiingsleer: Hierdie leergang voorsien in die behoeftes van voornemende be=sproeiingsboere.

- Landbou-ekonomie: Hierdie leergang is ontwerp vir die opleiding van landbou-ekonome vir vakkundige diens in die Staatsdepartement van Landbou-ekonomie en -bemarking, die landboubedryf en vir boere.

Baccalaureus in Landbou (Educationis): B.Agric. (Ed.) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met slaagsyfers in Wiskunde en in Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke behels Chemie, Fisika, Biolo=giese Wetenskap en Pedagogiek I. Derdejaarsvakke sluit in onder andere Plantproduksie, Diereproduksie, Landbou-ekonomie, Biochemie, Entomologie. Die vierde jaar sluit net opvoedkundige vakke in, met Pedagogiek III as hoofvak.

B. in Landbou-onderwys (Stellenbosch)

Toelatingsvereiste: Soos vir B.Sc. in Landbou.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke is Chemie, Wiskunde, Fisika en Biologie of Botanie of Soölogie. Tweede- en derdejaarsvakke sluit in onder andere Akker=bou - Weiding, Biochemie, Biometrie, Landbou-ekonomie, Diereproduksie, Grondkunde en Genetika. Die vierde jaar behels die volledige kursus soos voorgeskryf vir die Hoër On=derwysdiploma (Nagraads) (Sekondêr) (H.O.D.). Kyk p. 127.

Baccalaureus in Landboubestuur (Natal)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad en 'n slaagsyfer in 'n natuurwetenskap van minstens 33 persent op die Hoër Graad of minstens 40 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke behels Rekeningkunde, Landbou, Ekonomie en Wiskunde. Tweede- en derdejaarsvakke sluit onder andere in Landbou-ekono=mie, Landbou-produksie, Bedryfsadministrasie, Tuinboukunde, Weidingsleer, Grondkunde.

Kandidate moet twee maande praktiese wêrk op 'n goedgekeurde plaas doen.

B. in Landboubestuur (Stellenbosch)

Toelatingsvereiste: Soos vir B.Sc. in Landbou.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die twee hoofvakke is Landbou-ekonomie en Be=dryfsekonomie. Ander vakke is Wiskunde, Statistiek, Renterekening, Ekonomie (Spesiaal), Beginsels van Landbouwetenskap en keusevakke soos Druiwe- en Wynproduksie, Grondkunde, Diereproduksie, Akkerbou - Weiding, Tuinbou ens.

Alle studente moet voor voltooiing van die derde jaar van die kursus vir ten minste twee maande van hulle somer- en/of wintervakansies praktiese werk op 'n goedgekeurde plaas of by 'n ander instansie doen.

Baccalaureus Honores Institutionis Agrariae: B.Inst.Agrar.(Hons.) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van die graad B.Sc.(Agric.) of tot die status daarvan toegelaat wees.

Leergang: Een of twee akademiese jare. Die leergang sluit in Agrariese Voorligting en spesifieke bywoningskursusse (of Capita Selecta) in enige fakulteit of departement wat die betrokke kandidaat mag kortkom.

Studente moet gedurende universiteitsvakansies praktiese of navorsingswerk of spesiale studie doen.

BEROEPSDIENS

Navorsing na beter, meer produktiewe en meer ekonomiese metodes van primêre voedsel=produksie is een van die hoofterreine van arbeid vir gegradueerdes in Landbou. Daarom bied die landbou so 'n groot verskeidenheid van moontlikhede, nie slegs in die boerdery self nie, maar in die handel, nywerheid, navorsing, onderwys, bewaring en ander ge=spesialiseerde dienste. Veral wat betref hierdie nie-boerderyaspekte van landbou word beroepe steeds gespesialiseerd en in baie gevalle het professionele opleiding op uni=versiteitsvlak nodig geword. Die kursusse bied 'n basis vir navorsing en die praktiese toepassing daarvan. In die nywerhede, byvoorbeeld fabrieke wat landboubenodigdhede fa=briseer, word landbougegradueerdes geplaas in die poste van tegniese diensbeamptes, verkoopsverteenwoordigers, navorsingsbeamptes, produksievoorligtingsbeamptes en derge=like meer. Daar word egter beklemtoon dat die verwerwing van 'n B.-graad in Landbou slegs die eerste stap in die rigting van professionele opleiding verteenwoordig. Ver=

al op die gebied van navorsing is nagraadse studie uiters belangrik. Dit is ewe-eens nodig dat kandidate by voorbaat deeglik sal besin oor die vakke vir 'n besondere rig= ting wat hulle wil volg of, omgekeerd, sekerheid sal verkry oor werkgeleenthede indien hulle spesifieke vakke op die oog het.

Die volgende is sommige van die hoofstudierigtings of -vakke en 'n aanduiding van werk= geleenthede:

Agronomie/Akkerbou: Dit verskaf die nodige agtergrond aan voornemende boere wat die grond gaan bewerk. Die private sektor bied goeie betrekkings as verkoopsagente of na= vorsers in diens van kunsmismaatskappye, saadadviseurs, waardeerders en kontroleurs van gewasse, bestuurders van groot boerderyondernemings, ens. By die verskillende Beheer= rade bestaan daar 'n vraag na inspekteurs en tegnoloë, terwyl meulenaars, bakkers, mou= ters en firmas wat spuitstowwe soos onkruiddoders vervaardig en versprei, persone met Agronomie as vak nodig het. Koöperasies het ook steeds meer produktebestuurders met opleiding in hierdie rigting nodig. Die Departement van Landbou-tegniese Dienste neem akkerboukundiges in diens om navorsing te doen in verband met nuwe variëteite, verbou= ingspraktyke, oesmetodes ens., terwyl ander voorligting op hierdie gebied onderneem. Die Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling se takke Landbou-advies-dienste en Ontwikkelingswerk neem landboukundiges in diens vir die ontwikkeling van die self= regerende Swart state. Poste vir vakkundige beamptes is ook beskikbaar in die Departe= ment van Landbou-ekonomie en Bemarking.

Biochemie: Kyk p. 108.

Biometrie: Biometrici se vernaamste taak is om navorsers en bestuurders te help met die beplanning van eksperimente en opnames en die ontleding van resultate. Hulle beklee gewoonlik poste aan landboukundige, biologiese en mediese navorsingsinstitute; aan uni= versiteite as dosente in Biometrie sowel as in Wiskundige Statistiek, en aan navorsings= departemente van groot kommersiële firmas. Hulle tree ook in diens van die WNNR, SABS en onderwysdepartemente. Die Staatsdiens bied verskeie werkgeleenthede en veral in die Departement van Landbou-tegniese Dienste bestaan daar geleentheid om eie navorsing in verskillende rigtings te onderneem.

Chemie: Kyk p. 108.

Dierefisiologie: Fisioloë kan poste beklee as dosente aan verskeie universiteite waar dierlike en menslike fisiologie gedoseer word; as onderwysers in vakke soos fisiologie, biologie, biochemie en landbou; as konsultante of navorsers in diens van firmas wat voer produseer, koöperasies, voedingsnavorsingsinstitute en laboratoria; as vakkundige beamptes verbonde aan institute waar biologiese en/of biochemiese navorsing gedoen word soos in die Departement van Landbou-tegniese Dienste.

Kyk ook Fisiologie, p. 110.

Dierewetenskappe/Diereproduksie/Veekunde: Studente wat in diere belangstel en hierdie studierigting gekies het, het 'n wye keuse wat loopbane betref. Afgesien van die prak= tiese veeboerdery is daar byvoorbeeld geleenthede in diens van die beheerrade, private bemarkingsorganisasies, veevoermaatskappye, groot boerderymaatskappye en koöperasies. Die Departement van Landbou-tegniese Dienste bied ruim geleentheid vir navorsing in verskillende vertakkinge van die Veekunde. Navorsers kan in genetika, fisiologie, voeding, teling, vleis- of woltegnologie spesialiseer. Die vernaamste sentrum hiervoor is die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde naby Pretoria. Hierbenewens is daar heelwat ander vakkundiges wat met die administrasie en beheer van nasionale skemas be= las is. Ander staatsdepartemente wat veekundiges in diens neem, is dié van Landbou-ekonomie en -bemarking en Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling.

Dierkunde: Kyk p. 109.

Entomologie (Insektekunde): Kyk p. 110.

Fisika: Kyk p. 110.

Genetika (Erflikheidsleer): Kyk p. 111.

Grondkunde en Plantvoeding: Vir grondkundiges bestaan daar feitlik onbeperkte werkge= leenthede waarvan hier slegs 'n paar genoem word. Die Departement van Landbou-teg= niese Dienste neem grondkundiges in diens vir navorsingswerk en byvoorbeeld opnames en beplanning van besproeiingskemas, opvanggebiede en plase. Proewe word met bemesting= stowwe gedoen, terwyl vakvoorligtingsbeamptes boere adviseer oor bemesting, besproeiing, grondbewerking ens. Vakkundige beamptes word vir soortgelyke dienste deur die Departe=

ment van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling in diens geneem.

Ook kunsmisfirmas het grondkundiges nodig om navorsingsprojekte uit te voer of voor= ligting aan boere te gee, terwyl groot ondernemings soos die suikernywerheid, groot boerdery-ondernemings, ingenieursfirmas en koöperasies grondkundiges vir verskillende doeleindes nodig het. Buite die landbou word toepassing gevind vir die gespesialiseer= de kennis van grondkundiges by stads- en streeksbeplanning, padbou, prospektering vir minerale en bodemopnames. Aan universiteite, kolleges vir gevorderde tegniese onder= wys en sekondêre skole met 'n landboustudierigting bestaan moontlikhede vir dosente en onderwysers. Vir persone wat die boerdery as beroep kies, is hierdie vakrigting onmis= baar.

Landboubestuur: Kyk p. 176.

Landbou-ekonomie: Daar bestaan tans 'n groot tekort aan landbou-ekonome, hoofsaaklik as gevolg van die klem op wetenskaplike tegnieke in die boerdery wat steeds die probleem van produksiekoste na vore bring. Die opleiding is dan ook hoofsaaklik bedoel vir voor= nemende navorsers, voorligtingsbeamptes, landbou-ondernemers, landbou-administrateurs, dosente en onderwysers. Landbou-ekonome kan onder andere in diens geneem word as: On= derwysers en navorsers aan landboukolleges en universiteite; ekonome in die staatsde= partemente van Landbou-ekonomie en -bemarking (afdelings landbouproduksie-ekonomie, landboubemarkingsnavorsing, koöperasies en die Nasionale Bemarkingsraad), Landbou teg= niese Dienste en Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling (verskeie afdelings); navorsers en/of adviseurs in diens van die WNNR, die NOK, landboubeheerrade, landbou-organisasies soos die SALU, landboukoöperasies en private instansies soos maatskappye wat kunsmis en landboubenodigdhede voorsien, chemiese bedrywe, en so meer. 'n Landbou-ekonoom kan ook as 'n private konsultant optree.

Kyk ook Ekonomie, p. 81.

Landbou-ingenieurswese: Kyk p. 169.

Landbou-onderwys: Gekwalifiseerde landbou-onderwysers word deur die provinsiale onder= wysdepartemente in diens geneem vir aanstelling aan sekondêre skole waaraan 'n landbou= studierigting verbonde is. Die onderwysersopleiding tesame met nagraadse kwalifikasies is ook 'n ideale kombinasie vir die poste verbonde aan landboukolleges, kolleges vir ge= vorderde tegniese onderwys en universiteite. Landbou-onderwysers wat oor die vereiste ervaring beskik, kan ook deur die Departement van Nasionale Opvoeding as Landsdiens= beamptes aangestel word. In dié hoedanigheid tree hulle dan op as organiseerders van die Landsdiensbeweging en moet hulle die belange daarvan bevorder.

Landbouweerkunde: Landbouweerkundiges in die Departement van Landbou-tegniese Dienste doen navorsing oor 'n wye veld en in 'n verskeidenheid van gespesialiseerde rigtings soos byvoorbeeld straling, beweging van lug, hitte, vogtigheid en klimaatstoestande. Hulle tree normaalweg op in medewerking met navorsers in ander vakrigtings van die land= bou. Gevolglik word die hele veld tussen basiese navorsing en praktiese toepassing van kennis gedek.

Hoewel dit 'n jong vakrigting is, het Landbouweerkunde vandag een van die lewenskragtig= ste vertakkinge van weerkunde in Suid-Afrika geword. Dit bied interessante werk- en navorsingsgeleenthede vanweë die land se uiterstes van hitte, koue, reën en droogte, asook sonskyn, ryp, hael en selfs kapok. Die navorsers het dus die geleentheid om 'n belangrike bydrae op landbougebied te lewer. Hierbenewens bied die landboufakulteite van die betrokke twee universiteite betrekkings as dosente aan opgeleide landbouweer= kundiges.

Kyk ook Weerkunde, p. 222.

Mikrobiologie: Kyk p. 113.

Plantkunde: Kyk p. 114.

Plantsiektekunde (Plantpatologie): Hierdie gespesialiseerde studierigting open die weg na interessante loopbane in landbou, byvoorbeeld as voorligters of adviseurs in die De= partement van Landbou-tegniese Dienste, die verskillende Beheerrade soos die Sagte= vrugte-, Sitrus- en Mielierade, private ondernemings soos die Suikerinstituut, inmaak= ondernemings en firmas wat in plaagbeheermiddels handel dryf. Die Departement van Landbou-tegniese Dienste bied verder besondere geleentheid aan navorsers by die ver= skillende Navorsingsinstitute soos dié vir Vrugte en Vrugtetegnologie, Wynkunde en Wingerdbou, Sitrus en Subtropiese Vrugte, Tuinbou en Tabak. Behalwe poste wat bestaan vir dosente, word deur verskillende universiteite ook ruim voorsiening vir navorsing

gemaak. Onderwys kan ook in biologiese vakke aan skole en landboukolleges gegee word. Gegradueerdes kan verder in die private diens tree van eienaars van groot plase of plan= tasies, kwekerye en so meer.

Pluimveekunde: Hierdie vakrigting dek die wye veld van bestuur, voeding, teling en die verwerking en preservering van pluimveeprodukte. Die meeste pluimveekundiges aanvaar betrekkings in die staatsdepartemente van Landbou-ekonomie en -bemarking en van Land= bou-tegniese Dienste. Laasgenoemde departement bied onder andere poste aan voorlig= ters en navorsers wat byvoorbeeld in voeding, teling of fisiologie gespesialiseer het. Gegradueerdes word ook in die hoedanigheid van navorsers of adviseurs in diens geneem deur byvoorbeeld Onderstepoort, die veevoervervaardigingsbedryf, die handel wat gemoeid is met geneesmiddels en verwante produkte, groot telersondernemings en ondernemings wat eiers en slaghoenders produseer. Poste vir dosente in Pluimveekunde bestaan aan sekere universiteite en die meeste landboukolleges.

Skeikunde: Kyk Chemie, p. 108.

Suiwelkunde: Vanweë die skaarste aan gekwalifiseerde Suiwelkundiges en van voedsel= kundiges in die algemeen, bestaan daar voldoende werkgeleenthede vir afgestudeerdes, by= voorbeeld as navorsers aan die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde in die De= partement van Landbou-tegniese Dienste en die WNNR se Instituut vir Voedselnavorsing; as tegniese beheer- en ontwikkelingsbeamptes in die suiwelbedryf en ook in die voedsel= bedryf in die algemeen (private ondernemings); as standaardebeamptes by die SABS; as fabrieksvoorligters en gehaltebeheerbeamptes in die departemente van Landbou-tegniese Dienste en Landbou-ekonomie en -bemarking of by private ondernemings; as dosente en na= vorsers aan universiteite en ook aan opleidingsinrigtings soos die landboukolleges waar tegnici vir die suiwelbedryf opgelei word.

Ander moontlike werkgewers is byvoorbeeld munisipaliteite, die Suiwelraad en onderne= mings wat suiweltoerusting vervaardig en verkoop.

Tuinbou (Pomologie, Groente- en blomverbouing, Landskaptuinbou ens.): Die studie in Tuin= boukunde omsluit die verbouing van tuingewasse en van die wyse waarop die natuurlike ge= drag van plante verander kan word om aan die mens se behoeftes te voldoen. Landskap= tuinbou en blomverbouing is rigtings wat te doen het met plante wat oor sulke besondere verfraaiingseienskappe beskik dat hulle kommersieel en ekonomies belangrik is, of nog kan word. Werkgeleenthede kan gevind word as eienaars van 'n eie boerderyonderneming, in diens van munisipaliteite of kommersiële kwekerye van sierplante en snyblom- en pot= plantverbouers; as bestuurders en/of tegniese adviseurs van groot vrugte-, groente- en blomplase; as voorligtingsbeamptes in diens van die Departement van Landbou-tegniese Dienste, die SA Sitrusraad en maatskappye wat landbouchemikalieë en kunsmisstowwe ver= vaardig.

Studente word aangemoedig om nagraads te studeer om in diens geneem te word as navor= sers aan die navorsingsinstitute onder beheer van die Sitrusraad, die Sagtevrugte- en Droëvrugterade, die groot vrugtekwekersmaatskappye, kommersiële firmas en die Departe= ment van Landbou-tegniese Dienste (vir Tuinbou te Pretoria, vir Vrugte en Voedselteg= nologie te Stellenbosch, vir Sitrus en Subtropiese Vrugte te Nelspruit en vir Wynkunde en Wingerdbou te Stellenbosch).

Pomologie (Vrugtekunde) geniet as onderafdeling van Tuinbou, besondere aandag aan die Universiteit van Stellenbosch. Loopbaanvooruitsigte is ongeveer dieselfde as dié hier= bo genoem. Die ontwikkeling van reuse-besproeiingskemas in dele van die land sal die vraag na tuinboukundiges en pomoloë beslis in die toekoms laat toeneem.

Weidingsleer: Weidingsleerstudente is in baie gevalle voornemende boere. Aangesien hulle ook besondere kennis van verwante vakke soos Veekunde, Akkerbou, Grondkunde, Bio= chemie, Mikrobiologie en Genetika moet hê, sal beroepsmoontlikhede in hierdie geval in hoë mate ooreenstem met dié vir genoemde vakrigtings. Die leergang maak voorsiening vir basiese kennis vir navorsing wat onderneem kan word aan enige landbounavorsings= instituut van byvoorbeeld die Departement van Landbou-tegniese Dienste, 'n universiteit of 'n wetenskaplike, landboukundige of nywerheidsorganisasie. Weidingkundiges kan ook aangestel word as voorligtingsbeamptes; as dosente by landboukolleges en landboufakul= teite; as tegniese verkoopsmanne vir vervaardigers van landbouchemikalieë, saad of voedsel en ook as bestuurders van groot landbouondernemings. Poste bestaan ook in die Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling.

Wingerd- en Wynkunde: Weens die noue verbintenis tussen verbouingsfaktore en die ge= halte van die eindproduk, word hierdie twee hoofvakke gekombineer. Werkgeleenthede is

vanselfsprekend toegespits op die wynbedryf en kan gevind word as wynkundige voorligtings-, inspeksie- of navorsingsbeamptes in die Departement van Landbou-tegniese Dienste; as selfstandige boere of bestuurders van wingerdplase; as wynmakerbestuurders, kwaliteitsbeheerbeamptes, wyntegnoloë, produksiebestuurders, wynkelderbestuurders en so meer in die wynbedryf.

Verdere geleenthede in die Staatsdiens

Soos reeds aangetoon, word die dienste van landboukundiges in 'n verskeidenheid van gespesialiseerde rigtings veral in twee departemente aangewend, te wete dié van Landbou-tegniese Dienste en van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling. In die eersgenoemde departement bestaan ook die volgende geleenthede vir vakkundiges:

- Landbouvoorligting: Die vernaamste taak van voorligtingsbeamptes is om deur 'n stelsel van informele opleiding van boere, goeie wetenskaplike boerderypraktyke te bevorder. Beamptes kan in enigeen van die voorligtingskantore, wat dwarsoor die land versprei is, diens doen. Die vereiste vir aanstelling is 'n erkende baccalaureusgraad met een of meer landbouvakke as hoofvak(ke).

- Publikasies: Die vereiste is 'n toepaslike erkende baccalaureusgraad met hoof- en byvakke soos Afrikaans, Engels, Perswetenskap (Kommunikasiekunde) Sielkunde of Sosiologie. Aanleg vir of ondervinding van joernalistiek sal 'n aanbeveling wees.

- Plant- en saadbeheer: Beamptes in hierdie Afdeling hou toesig oor die gehalte van saad en ander plantmateriaal wat in- en uitgevoer, verbou en verkoop word; doen stappe om plantpeste te voorkom en ken planttelersregte toe. Die vereiste vir aanstelling is 'n toepaslike erkende baccalaureusgraad met een of meer landbouvakke as hoofvak(ke), of 'n B.Sc.-graad met Plantkunde en Genetika of Insektekunde as hoofvakke.

- Radio-isotopie: Dit word in toenemende mate deur die Departement van Landbou-tegniese Dienste gebruik om probleme in die landbou op te los. Dit bied geleentheid vir fisici en fisiese skeikundiges wat onder meer spesialiseer in grond- en bemestingstudies, plantvoeding, plant- en dierefisiologie en die ontwikkeling van nuwe navorsingsapparaat.

- Skakeling: Poste vir skakelbeamptes bestaan in drie rigtings met vereistes soos volg aangedui: Vakkundige Beampte (Skakeling) - B.Sc.(Agric.)-graad, of 'n ander graad tesame met ervaring op die gebied van skakeldienste en met 'n landboukundige agtergrond; Ingenieur (Skakeling) - soos vir ingenieur; Veearts (Skakeling) - soos vir veearts. Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici wat in verskeie landbourigtings verwerf kan word.

## LANDMEETKUNDE

Universiteite: Kaapstad, Natal, Pretoria, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Scientiae in Landmeetkunde: B.Sc.(Landmeet.) (UK, UN)
Baccalaureus in Landmeetkunde: B.Sc.(Landm.) (UP)
Baccalaureus Scientiae in Ingenieurswese: B.Sc. (Ing.) (UW)

Magister Scientiae in Ingenieurswese: M.Sc.(Ing.) (UK, UW)
Magister Scientiae in Landmeetkunde: M.Sc.(Landmeetkunde) (UN)
Magister in Landmeetkunde: M.Sc.(Landm.) (UP)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doctor Scientiae in Ingenieurswese: D.Sc.(Ing.) (UK, UW)
Doctor Scientiae in Landmeetkunde: D.Sc.(Landmeetkunde) (UN)
Doktor in Landmeetkunde: D.Sc.(Landm.) (UP)
Doktor in Ingenieurswese: D.Ing. (UW)

GRADE

Baccalaureus Scientiae in Landmeetkunde: B.Sc.(Landmeetkunde) of

Baccalaureus in Landmeetkunde: B.Sc.(Landm.) of

Baccalaureus Scientiae in Ingenieurswese: B.Sc.(Ing.)

(Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Addisionele vereistes

Kaapstad: Slaagsyfers van minstens 50 persent in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad. Kandidate wat dié vakke met minstens 50 persent op die Standaardgraad geslaag het, kan moontlik vir toelating oorweeg word.

Natal: Slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde van minstens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Pretoria: Soos vir die B.Sc.(Ing.)-graad. Kyk p. 165.

Witwatersrand: Slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad: Met dien verstande dat die Senaat slaagsyfers (in een of albei dié vakke) van minstens 60 persent op die Standaardgraad in buitengewone omstandighede sal aanvaar.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang sluit in onder andere die volgende vakke: Landmeetkunde, Stadsbeplanning, Wiskunde, Fisika, Kartografie en/of Kaartpro= jeksies, Fotogrammetrie (Kaapstad, Pretoria, Witwatersrand), Sterrekunde (Kaapstad, Pretoria).

Kandidate moet praktiese veldwerk onder toesig van 'n landmeter gedurende die universi= teitsvakansies verrig.

Die graad in Landmeetkunde word deur die Raad vir die Erkenning van Landmeterseksamens erken as geskik vir die teoretiese opleiding wat kragtens die Opmetingswet, 1927 (Wet Nr. 9 van 1927 soos gewysig) vereis word. 'n Gegradueerde moet praktiese opleiding ontvang vir 'n voorgeskrewe tydperk onder toesig van 'n geregistreerde landmeter al= vorens hy as landmeter kan registreer.

BEROEPSDIENS

Die opvatting dat 'n landmeter iemand is wat daar langs die pad deur 'n instrument loer of met 'n voertuig ry, gelaai met gekleurde paaltjies, is beslis nie meer verteenwoor= digend van die aktiwiteite van hierdie professie nie. Alhoewel hy verplig is om 'n groot deel van sy tyd buitenshuis deur te bring, word sy werk vandag, met behulp van lugfoto's en elektroniese of optiese meetmetodes na 'n kantoor verplaas om daar met be= hulp van moderne metodes afgehandel te word.

In die Staatsdiens verskil die pligte van landmeters van een departement na 'n ander. Hierdie departemente is dié van Landboukrediet en Grondbesit (afdelings kadastrale op= metings, beheeropmetings en nasionale kartering), Gemeenskapsbou, Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, Waterwese en Vervoer. Werkgeleenthede vir landmeters bestaan ook by die Spoorweë, munisipaliteite van groot stede, Evkom, die Randwaterraad, die myne, die WNNR en universiteite. Nadat ruim ervaring opgedoen is, kan daar met 'n private prak= tyk, gewoonlik saam met andere, begin word.

In die Republiek, waar die proses van verdeling en onderverdeling, die beplanning van nuwe stede, bou van paaie en so meer nog lank sal voortduur, is die werkvooruitsigte vir landmeters feitlik onbeperk.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici wat in verskeie rigtings van opmeting en berekening verwerf kan word.

LANDSKAPARGITEKTUUR

Universiteit: Pretoria

Grade

Baccalaureus in Landskapargitektuur: B.L.

Magister in Landskapargitektuur: M.L.

Doktor in Landskapargitektuur: D.L.

GRAAD

Baccalaureus in Landskapargitektuur: B.L.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad, asook 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde op die Hoër Graad of minstens 40 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Die leergang strek oor vier jaar. 'n Kandidaat moet gedurende die eerste drie studiejare sy volle tyd aan die studie vir die graad wy, terwyl hy gedurende die vierde studiejaar voltyds in die diens van 'n landskapargitek of 'n verwante bedryf werksaam moet wees.

Kandidate word aangeraai om praktiese ondervinding op te doen deur tydens universiteits=vakansies gedurende die eerste drie studiejare in diens van 'n landskapargitek of 'n verwante bedryf werksaam te wees.

Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Landskapargitektuur IV, Omge=wingsgeskiedenis, Tuinbou, Parke- en ontspanningsbeplanning, Stadsaanleg, Plantkunde, Publieke Administrasie.

BEROEPSDIENS

Landskapargitektuur sluit in beplanning en aanbevelings ten opsigte van terreine of areas om dié so doeltreffend en aantreklik as moontlik te maak. Die werk impliseer be=sondere samewerking met ingenieurs, munisipale beamptes, tuinboukundiges en ander. Dit bied ook geleentheid vir spesialisasie in beplanning en uitlê van byvoorbeeld parke en speelterreine, skool- en universiteitsterreine, sake-sentra, paaie en so meer.

Die grootste werkverskaffers is die provinsiale administrasies en munisipaliteite. 'n Private praktyk bied besondere vooruitsigte, aangesien baie instansies wat hierdie dienste nodig het, nie 'n voltydse argitek in diens het nie.

## LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE/OPVOEDING

Universiteite: Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch

Grade

Baccalaureus Artium (Liggaamlike Opvoeding): B.A.(L.O.) (UOVS, Rhodes)
Baccalaureus Physicalis Educationis: B.Phys.Ed. (UPE)
Baccalaureus Artium: B.A. (PU vir CHO)
Baccalaureus Scientiae: B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Liggaamlike Opvoedkunde: B.A.(L.O.) (UP)
Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Liggaamlike Opvoedkunde): B.A.(Ed.)(L.O.) (UP)
Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A. (US)
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe: B.Sc. (US)
B.-graadkursus in Primêre Onderwys met spesialisasie in Liggaamlike Opvoedkunde (US) Kyk p. 127.

Honneurs-Baccalaureus Artium (Liggaamlike Opvoeding): B.A.(Hons.)(L.O.) (UOVS)
Honneurs Baccalaureus Artium: Honns. B.A. (PU vir CHO)
Honneurs Baccalaureus Scientiae: Honns.B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Lettere en Wysbegeerte in Liggaamlike Opvoedkunde: B.A.(L.O.) (Hons.) (UP)
Baccalaureus Artium met Honneurs: B.A.(Hons.) (Rhodes)
Honneurs-B. in Liggaamlike Opvoedkunde (US)

Magister Artium (Liggaamlike Opvoeding): M.A.(L.O.) (UOVS)
Magister Artium: M.A. (PU vir CHO, Rhodes)
Magister Scientiae: M.Sc. (PU vir CHO)
Magister in Lettere en Wysbegeerte in Liggaamlike Opvoedkunde: M.A.(L.O.) (UP)
M. in Liggaamlike Opvoedkunde (US)

Doctor Philosophiae: D.Phil. (UOVS, PU vir CHO)
Doctor Scientiae: D.Sc. (PU vir CHO)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (Rhodes)
Ph.D. (Liggaamlike Opvoedkunde) (US)

Diplomas

Diploma in Liggaamlike Opvoedkunde (Rhodes)

Diploma in Sportafrigting en Ontspanning (US)

Die volgende universiteite bied die vierjarige kursus vir die Hoër Onderwysdiploma aan met Liggaamlike Opvoeding as een van die spesialiteitsrigtings: Oranje-Vrystaat (kyk p. 121), Port Elizabeth (kyk p. 122), Pretoria (kyk p. 124), Randse Afrikaanse Univer=

siteit (kyk p. 126), Stellenbosch (kyk p. 127), Witwatersrand (kyk p. 131).

GRADE

Baccalaureus Artium (Liggaamlike Opvoeding): B.A.(L.O.) of

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Liggaamlike Opvoedkunde: B.A.(L.O.) of

B.A.-graad met Liggaamlike Opvoedkunde

(Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling): 'n Mediese sertifikaat word vereis.

Addisionele vereistes

Pretoria: Kyk p. 18.

Rhodes: Kyk p. 23.

Stellenbosch: Kyk p. 25.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Studente volg die leergang vir die gewone B.A.-graad met Liggaamlike Opvoedkunde as een van die vereiste twee hoofvakke.

Voornemende onderwysers(esse)kan na voltooiing van die graadkursus 'n eenjarige onder=wysersdiplomakursus volg.

Die Universiteit van Pretoria sluit ook twee kursusse in Bio-Ergonomika en een kursus in Higiëne in die leergang in. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat sluit ook twee kursusse in Biokinetika in. Rhodes-universiteit sluit ook Beginsels van Anatomie en Fisiologie en Gesondheidsopvoeding in. Potchefstroom vereis minstens een kursus in Fisiologie.

Baccalaureus Physicalis Educationis: B.Phys.Ed. (Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Alle voornemende onderwysstudente word gekeur. 'n Bevredigende mediese verslag word vereis.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels Liggaamlike Opvoedkunde III, Pedagogiek II, Fisiologie vir Liggaamlike Opvoedkundestudente, Biokinetiek I, drie kursusse in 'n gewone graadvak en onderwysvakke soos Onderwyspraktyk III en Metodiek van Liggaamlike Opvoedkunde I.

Baccalaureus Scientiae met Liggaamlike Opvoedkunde: B.Sc. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Soos vir die gewone B.Sc.-graad. Kyk p. 93. 'n Studente moet vooraf sy mediese geskiktheid vir die kursus laat vasstel.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Studente volg die leergang vir die gewone B.Sc.-graad met Liggaamlike Opvoedkunde as een van die twee hoofvakke. Die tweede hoofvak kan een van die volgende vakke wees: Dierkunde, Fisiologie, Plantkunde of Wiskunde. Teorie van Statistiek is 'n toelaatbare tweede hoofvak. Studente moet minstens een kur=sus in Fisiologie neem.

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Liggaamlike Opvoedkunde): B.A.(Ed.) (L.O.) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir die gewone B.A.-graad. Kyk p. 18. Studente word gekeur.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Studente volg twee kursusse in Bio-Ergonomika, een in Higiëne en drie in Pedagogiek. Die hoofvakke is Liggaamlike Opvoedkunde en 'n vak gekies uit goedgekeurde skoolvakke. Die vierde studiejaar sluit in onderwysvakke soos Skoolorganisasie en -administrasie, Vakdidaktiek en Skoolpraktyk.

B.Sc. met Liggaamlike Opvoedkunde: B.Sc. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Soos vir die gewone B.Sc.-graad. Kyk p. 100. 'n Mediese verslag word vereis.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die hoofvakke is Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Ontspanning III en Fisiologie III of Soölogie III of Wiskunde III. Ander eerste- en tweedejaarsvakke is onder andere Chemie, Fisika (Bio.), Praktiese Liggaamlike Opvoe=ding, Sport en Ontspanning.

Na behaling van die B.A.- of die B.Sc.-graad (met Liggaamlike Opvoedkunde) kan die student die H.O.D. (kyk p. 127), Hons.-B.-graad- of M.-graadkursus volg.

DIPLOMAS

Diploma in Liggaamlike Opvoedkunde (Rhodes)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad of 'n erkende onderwysersertifikaat. 'n Kandidaat moet 'n mediese sertifikaat voorlê.

Leergang: Een jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet 'n kursus volg in die teorie en praktyk van gimnastiek, spele en sport, en in die onderrig van dié vakke.

Diploma in Sportafrigting en Ontspanning (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Beperkte aantal uitgesoekte, medies geskikte persone wat in besit is van erkende onderwyskwalifikasies.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Die leergang behels onder andere die volgende vakke: Fisiologie, Organisasie en Administrasie van Sport en Ontspanning, Kinesiologie en Sportbeserings, Spesialisasie in 'n sportsoort.

BEROEPSDIENS

'n Graad met Liggaamlike Opvoedkunde as een hoofvak, bied werkgeleentheid as onderwysers; as sport- en ontspanningsbeamptes of sportafrigters in diens van nywerhede, myne, universiteite, kolleges en munisipaliteite; as sportoffisiere in die weermag, polisie en gevangenisdienste. Saam met Kommunikasiekunde (Joernalistiek), is daar geleenthede as sportjoernaliste. Die Departement van Sport en Ontspanning bied ook meer en meer werkgeleenthede. Een van die poste wat beklee kan word, is dié van skakelbeampte wie se taak dit is om sportaktiwiteite landswyd te koördineer en deelname aan sport te bevorder.

Talle mans en vroue in Suid-Afrika, veral in die stedelike gebiede, neem egter nie aan georganiseerde sport deel nie, hoewel hulle tog 'n behoefte aan liggaamlike ontwikkeling en ontspanning het. In dié geval bied 'n private gimnasium die ideale geleentheid aan gekwalifiseerdes wat ook oor die nodige kennis, inisiatief en organisasievermoë beskik.

MATERIAALWETENSKAP

Universiteit: Port Elizabeth

Graad

Baccalaureus Scientiae Materiarum Technicarum: B.Sc.(Eng.Mat.)

GRAAD

Baccalaureus Scientiae Materiarum Technicarum: B.Sc. (Eng.Mat.)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 92.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels agtien kursusse. Die vakke vir die eerste jaar is Chemie, Fisika, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde of Geologie. Vierdejaarsvakke is die volgende: Koste- en Bestuursrekeningkunde (Materiaalwetenskap), Keramiekwetenskap en -tegnologie, Metaalwetenskap en -tegnologie, Polimeerwetenskap en -tegnologie, Industriële navorsingsprojek, Materiaalwetenskap en -tegnologie, Ingenieurstekene.

Aan die Universiteit van Kaapstad word kursusse in Materiaalwetenskap vir Chemiese, Meganiese en Siviele Ingenieurswese voorgeskryf.

BEROEPSDIENS

Materiaalwetenskap behels 'n studie van die chemie en fisika van materiale, asook van verwerkingstegnieke dit wil sê die belangrikste metodes vir die vervaardiging van nuttige artikels uit materiale. 'n Baie groot verskeidenheid van artikels word van die een of ander materiaal of kombinasie van materiaalsoorte vervaardig. Materiale verskil egter ten opsigte van eienskappe en gebruiksmoontlikhede. Daarom moet materiaal vir elke artikel sorgvuldig oorweeg word en val die klem in die kursus op die verwantskap tussen die struktuur en die eienskappe van materiale.

Materiaalwetenskaplikes kan 'n loopbaan geheel op die wetenskaplike terrein ontplooi of hulle kan die bestuurswese betree waar hulle tot die hoogste bestuursbetrekkings kan deurdring. Werkgeleenthede bestaan by feitlik al die groot vervaardigingsnywerhede en organisasies soos die RAK, Krygkor, die WNNR, Evkom, Yskor, die Nasionale Instituut vir Metallurgie en Sasol. Die moontlikheid vir poste as dosente bestaan aan sommige uni= versiteite en die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.

MUSIEK

Universiteite: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch, Suid-Afrika, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Musicae: B.Mus. (UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, Rhodes, UW)
Baccalaureus in Musiek: B.Mus. (UP, US)
Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Musiek): B.A.(Ed.) (Musiek) (UP)
Baccalaureus in die Musiek (Educationis): B.Mus.(Ed.) (US)
Baccalaureus Musicologiae: B.Mus. (Unisa)
Baccalaureus Artium (Musiek): B.A.(Musiek) (UOVS)
Baccalaureus Artium met Musiekvakke: B.A. (PU vir CHO)
B.-graadkursus in Primêre Onderwys met spesialisering in Skoolmusiek (US) Kyk p. 127.

Honneurs-Baccalaureus Musicae: B.Mus.(Hons.) (UOVS) of Honns.B.Mus. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Musiek: B.Mus.Hons. (UP)
Hons.B. Musiek (US)
Honneurs-Baccalaureus Musicologiae: Hons.-B.Mus. (Unisa)
Honneurs-Baccalaureus Artium in Musiekwetenskap: B.A.(Hons.) (Musiekwetenskap) (UOVS)

Magister Musicae: M.Mus. (UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, Rhodes, UW)
Magister in Musiek: M.Mus. (UP)
M. Musiek (US)
Magister Musicologiae: M.Mus. (Unisa)
Magister Artium in Musiekwetenskap: M.A.(Musiekwetenskap) (UOVS)
Magister Artium in Musiek: M.A. in Musiek (UPE)

Doctor Musicae: D.Mus. (UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, Rhodes, UW)
Doktor in Musiek: D.Mus. (UP, US)
Doctor Musicologiae: D.Mus. (Unisa)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, Rhodes, UW)
Doctor Philosophiae in Musiekwetenskap: D.Phil. (Musiekwetenskap) (UOVS)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)

Diplomas

Kaapstad

Onderwyserslisensiaatdiploma in Musiek
Voordraersdiploma in Musiek
Voordraersdiploma in Orkesspel
Voordraersdiploma in Opera
Voordraersdiploma in Ballet
Onderwysersdiploma in Ballet Kyk p. 119.
Spesiale Endossement in Musiek vir houers van die Primêre Onderwysersertifikaat Kyk p. 119.

Natal

Voordraersdiploma

Oranje-Vrystaat

UOVS-Onderwysdiploma in Musiek: U.O.D.M.
UOVS-Onderwyslisensiaat in Musiek
UOVS-Voordraerslisensiaat in Musiek

Port Elizabeth

Diploma in Musiekonderwys
Diploma in Orkesspel
Solistediploma in Musiek

Potchefstroom

Diploma vir Kerkorreliste: D.K.O.
Universiteitsdiploma in Musiekvoordrag: U.D.M.V.
Potchefstroomse Universiteitsonderwyslisensiaat in Musiek: P.U.O.L.M. Kyk p. 124.

Pretoria

Diploma in Musiek (Individuele Onderwys)
Diploma in Musiek (Kerkmusiek)

Rhodes

Lisensiaatdiploma in Musiek: R.U.L.M.

Stellenbosch

Diploma vir Kerkorreliste: D.K.O.
Lisensiaat in Musiekvoordrag: L.M.V.
Hoër Lisensiaat in Musiekvoordrag: Hoër L.M.V.
Lisensiaat in Musiekonderwys: L.M.O. en
Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr - Musiek): H.O.D. (Sekondêr - Musiek) Kyk p. 127.
Hoër Onderwysdiploma (Primêr) (Skoolmusiek) Kyk p. 128.

Witwatersrand

Lisensiaat in Musiek: L.M.
Voordraersdiploma in Musiek

Die volgende universiteite bied die vierjarige kursus vir die Hoër Onderwysdiploma aan met Musiek as een van die spesialiteitsrigtings: Port Elizabeth (kyk p. 122), Potchefstroom (kyk p. 123), Pretoria (kyk p. 124) en die Witwatersrand (kyk p. 131).

GRADE

Baccalaureus Musicae: B. Mus. of

Baccalaureus in Musiek: B.Mus.

(Al die bogenoemde universiteite behalwe die Universiteit van Suid-Afrika)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Kaapstad: 'n Kandidaat moet 'n standaard bereik het wat gelykstaande is aan een van die volgende eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika, die Associated Boards of the Royal Schools of Music en die Trinity College of Music:

B.Mus. (Voordrag): Graad VII

Al die ander graadrigtings: Graad VI

Wat teorie betref moet studente 'n standaard bereik het wat gelykstaande is aan:

UNISA .... Harmonie Graad V

Royal Schools .... Teorie Graad VII

Trinity College .... Teorie Graad VI

Natal: Soos vir Kaapstad met uitsondering van B.Mus. (Voordrag).

Oranje-Vrystaat: Elke student moet die departementshoof oortuig dat sowel sy vaardig=heid in die uitvoerende kuns as sy musikaliteit en algemene kennis van musiek, sy toe=lating tot die studie regverdig. Hy moet 'n slaagsyfer in Musiek van minstens 60 per=sent in die st. 10-eksamen behaal of 'n standaard in praktiese musiek bereik het wat gelykstaande is aan die Graad VII-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika.

Port Elizabeth: 'n Kandidaat moet (i) geslaag het in die Graad VII-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika, of (ii) minstens 60 persent behaal het in Musiek in die st. 10-eksamen, of (iii) die Senaat, op grond van 'n aanbeveling van die voorsitter van die Vakkomitee Musiek, daarvan oortuig dat hy sowel in teoretiese as in praktiese opsigte 'n standaard bereik het wat gelykwaardig is aan (i) of (ii) hierbo.

Potchefstroom: 'n Kandidaat moet die betrokke dosente in 'n praktiese toets oortuig van sy vaardigheid in die uitvoerende kuns en sy musikaliteit en algemene kennis van musiek, en hy moet 'n standaard bereik het gelykstaande aan die Gevorderde Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika.

Pretoria: (i) 'n Slaagsyfer in minstens twee van Aardrykskunde, Biologie of Fisiologie, Bybelkunde, Ekonomie, Geskiedenis, Musiek, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde en 'n derde taal op die Hoër Graad.

(ii) 'n Kandidaat moet die betrokke dosente aan die begin van sy eerste jaar in 'n praktiese toets daarvan oortuig dat sowel sy vaardigheid in die uitvoerende kuns as sy musikaliteit en algemene kennis van musiek, sy toelating tot die studie regverdig.

Stellenbosch: 'n Slaagsyfer in Musiek van minstens 50 persent op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad; of die kandidaat moet die Graad VII-eksamen (Universiteit van Suid-Afrika) of 'n ander gelykstaande eksamen in die praktiese hoof=onderwerp afgelê het en in Harmonie 'n standaard gelykstaande aan Graad VI (Universi=teit van Suid-Afrika) bereik het, of 'n toelatingseksamen gelykstaande aan voorgemelde eksamens aflê in die praktiese hoofonderwerp en in Harmonie.

Witwatersrand: 'n Slaagsyfer in Musiek op die Hoër Graad. Kyk ook p. 30.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Elke universiteit het een of meer leergange waar=uit die student een moet kies.

Kaapstad: Studente kies B.Mus.(Algemeen) of een van die volgende spesiale rigtings: Musiekwetenskap, Musiekonderwys, Voordrag, Komposisie, Biblioteekkunde.

Studente wat die eerste drie jaar van die gespesialiseerde Musiekonderwyskursus suk=sesvol voltooi het, word in die vierde jaar toegelaat tot die kursus vir die Hoër On=derwysdiploma (Nagraads): Sekondêr (kyk p. 119). Na voltooiing word die graad en die diploma toegeken.

'n Student wat in Musiekbiblioteekkunde spesialiseer, word na voltooiing van die eerste drie jaar toegelaat tot die kursus vir die Hoër Diploma in Biblioteekkunde (kyk 141). Die graad en die diploma word aan die suksesvolle student toegeken.

Natal: 'n Kandidaat moet in die twee Algemene Kursusse, naamlik Musiek III en Praktiese Studie III slaag, asook in een van die vyf spesiale rigtings wat aangebied word, naam=lik: Musiekonderwys; Komposisie; Voordrag: Instrumenteel of Stem; Musiekwetenskap; Volksmusiekwetenskap.

Volksmusiekwetenskap sluit in onder andere Sosiale Antropologie I, II en III.

Oranje-Vrystaat: 'n Kandidaat kies een van vier rigtings vir die derde en vierde studie=jare, naamlik: Musiekwetenskap, Musiekteorie, Skoolmusiek en die Praktiese rigting.

Port Elizabeth: Kandidate kies een van die volgende drie leergange: Akademies, Musiek=onderwys of Voordraers.

Potchefstroom: 'n Student moet een van die volgende vier leergange voltooi. Die hoof=vakke word vir elkeen aangedui:

A. Musiekgeskiedenis IV, Kunsgeskiedenis III

B. Musiekgeskiedenis IV, Praktiese Musiek IV, Praktiese Musiekleer IV

C. Harmonie IV, Kontrapunt IV, Praktiese Musiek IV, Praktiese Musiekleer IV, Orkestrasie II, Komposisie II

D. Musiekgeskiedenis IV of Harmonie IV en Kontrapunt IV, Praktiese Musiekleer IV, Musiekopvoedkunde III, Praktiese Musiek IV.

Pretoria: Kandidate kies een van vier rigtings aan die begin van die derde studiejaar: Musiekwetenskap, Komposisie, Uitvoerende Kuns, Kerkmusiek.

Rhodes: Kandidate moet die 21 voorgeskrewe kursusse voltooi. Die hoofvakke is Musiek=geskiedenis IV, Musiekteorie IV, Ensemble IV, Orkestrasie en Instrumentasie III en Praktiese vak III.

Stellenbosch: Kandidate kies een van vyf rigtings aan die begin van die derde studie=jaar: Onderwys - B.Mus.(Ed.), Praktiese rigting, Musiekwetenskap, Kerkmusiek, Komposi=sie.

Daarbenewens bied die B.Mus.(Ed.)-kursus twee moontlike spesialiseringsrigtings,

naamlik (i) Instrumentale onderwys of Sangonderwys en (ii) Skoolmusiek.

Witwatersrand: Kandidate moet die 21 voorgeskrewe kursusse van die leergang voltooi. Vierdejaarsvakke behels Dirigeer II (halwe kursus); Kontrapunt, Harmonie en Komposisie IV; Musiekgeskiedenis IV; Praktiese Musiekstudie IV.

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Musiek): B.A.(Ed.)(Musiek) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir die graad B.Mus. (Pretoria).

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die hoofvakke is Musiekgeskiedenis III, Praktiese Musiekstudie III, Skoolmusiek III en Pedagogiek III. In die vierde studiejaar neem kandidate onderwysvakke.

Baccalaureus Musicologiae: B.Mus. (Suid-Afrika)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). 'n Student moet 'n standaard in praktiese musiek bereik het wat gelyk staan aan dié van Graad VII van dié Universiteit se Musieksertifikaateksamens of dié van Musiek vir die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen.

Leergang: Vier jaar. Die leergang bestaan uit 12 kursusse. Die hoofvakke is Musiekgeskiedenis IV en Harmonie en Kontrapunt IV.

Die graad word nie toegeken alvorens die student ook een van die volgende Lisensiate by die praktiese musiekeksamens van die Universiteit verwerf het nie: Onderwysers, Voordraers, Begeleiers, Kerkorreliste, Dirigeer van Militêre orkes.

Baccalaureus Artium (Musiek): B.A.(Musiek) (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: Soos vir B.Mus.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die hoofvakke is Musiekwetenskap, Harmonie en Kontrapunt en 'n B.A.-vak. Studente doen praktiese musiekstudie van 'n instrument vir die drie jaar van die graadkursus, asook twee kursusse in 'n ander B.A.-vak.

Baccalaureus Artium met Musiekvakke: B.A. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). 'n Student moet die Hoof van die Musiekdepartement in 'n praktiese toets bevredig dat sy standaard van musiek gelyk staan aan die vereistes vir die Gevorderde Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die hoofvakke is Musiekgeskiedenis III, Praktiese Musiek III en 'n B.A.-vak.

Die Universiteite van Natal, Rhodes en Stellenbosch bied Musiek aan as een van die hoofvakke vir die B.A.-graad.

Die Universiteite van Potchefstroom, Pretoria, Suid-Afrika en die Witwatersrand bied Musiekgeskiedenis aan as hoofvak vir die B.A.-graad.

Die Universiteit van Kaapstad bied eerste en tweede kwalifiserende B.A.-kursusse aan in die vak Geskiedenis en Waardering van Musiek.

DIPLOMAS

Onderwyslisensiaatdiploma in Musiek

Voordraersdiploma in Musiek (Begeleiding)

Voordraersdiploma in Orkesspel

Voordraersdiploma in Opera (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Minstens 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soos dié vir die graad B.Mus. (Musiekonderwys).

Leergang: Die leergang van die Onderwyslisensiaatdiploma in Musiek strek oor vier jaar en dié van elk van die ander diplomas oor drie jaar.

Studente wat bewys lewer van besondere vaardigheid en wat voordat hulle vir die diplomakursus ingeskryf het, werk voltooi het wat deur die Senaat as gelykwaardig aanvaar word, kan van die eerste jaar van die betrokke leergang vrygestel word.

Voordraersdiploma in Musiek (Solo) (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Minstens 'n Senior Sertifikaat en 'n standaard in praktiese mu= siek wat gelykstaande is aan Graad VIII van die Universiteit van Suid-Afrika, die Associated Boards of the Royal Schools of Music of die Trinity College of Music. Die vereiste vir Teorie is soos vir die B.Mus.-graad.

Leergang: Drie jaar. Studente wat bewys lewer van besondere vaardigheid en wat voor= dat hulle vir die diplomakursus ingeskryf het, werk voltooi het wat deur die Senaat as gelykwaardig aanvaar word, kan van die eerste jaar van die leergang vrygestel word.

Voordraersdiploma in Ballet (Kaapstad)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Drie jaar.

Studente wat nie in besit van 'n Senior Sertifikaat is nie, kan die bogenoemde diploma= kursusse volg, maar aan hulle word sertifikate toegeken.

Voordraersdiploma (Natal)

'n Eenjarige nagraadse kursus vir ȯf die instrument ȯf die stem.

UOVS-Onderwysdiploma in Musiek (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in Musiek van minstens 60 persent of 'n standaard in praktiese musiek wat gelykstaande is aan die Graad VII-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang is soos dié vir die B.Mus.-graad.

UOVS-Onderwyslisensiaat in Musiek (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soos dié vir die B.Mus.-graad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie.

UOVS-Voordraerslisensiaat in Musiek (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: Die UOVS-Onderwyslisensiaat in Musiek.

Leergang: Een jaar.

Diploma in Musiekonderwys (Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soos dié vir die B.Mus.-graad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang sluit in Akademiese Vakke soos Mu= siekgeskiedenis, Kontrapunt, Skoolmusiek en Praktiese Vakke soos Hoofinstrument en Me= todiek van die Hoofinstrument.

Diploma in Orkesspel (Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: Die graad B.Mus. of die Diploma in Musiekonderwys.

'n Kandidaat moet die voorsitter van die Vakkomitee Musiek oortuig dat hy 'n voldoende standaard in 'n goedgekeurde praktiese instrument bereik het om die studie met vrug te kan begin.

Leergang: Een jaar voltydse studie.

Solistediploma in Musiek (Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: Soos vir die Diploma in Orkesspel.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Diploma vir Kerkorreliste: D.K.O. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en die sertifikaat vir die intermediêre orreleksamen van die Universiteit van Suid-Afrika of 'n gelykstaande standaard, en die sertifikaat vir die gevorderde klaviereksamen van die Universiteit van Suid-Afrika of 'n gelykstaande standaard.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. 'n Student kan gelyktydig vir die Diploma vir Kerkorreliste en die B.Mus.-graad inskrywe.

Universiteitsdiploma in Musiekvoordrag : U.D.M.V. (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Een jaar. Die eksamen sluit die uitvoering van 'n volledige konsertprogram in.

Diploma in Musiek (Individuele Onderwys) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. 'n Kandidaat moet die betrokke dosente aan die begin van sy eerste jaar in 'n praktiese toets daarvan oortuig dat sowel sy vaar=digheid in die uitvoerende kuns as sy musikaliteit en algemene kennis van musiek sy toelating tot die studie regverdig.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels onder andere Harmonie, Kon=trapunt, Praktiese Musiekstudie, Skoolmusiek, Metodiek en Musiekgeskiedenis.

Diploma in Musiek (Kerkmusiek) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir die Diploma in Musiek (Individuele Onderwys).

Leergang: Drie jaar voltydse studie.

Rhodes-universiteit se Lisensiaatdiploma in Musiek: R.U.L.M.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat, of die Fakulteitsraad moet oortuig wees van die kandidaat se geskiktheid om die kursus te volg. Laasgenoemde word slegs op grond van gevorderde ouderdom en/of besondere aanleg oorweeg.

Leergang: Drie jaar voltydse studie.

Die Diploma kan toegeken word as 'n diploma òf vir voordraers, òf vir onderwysers(esse), òf vir koorleiers, òf vir kerkorreliste.

Lisensiaat in Musiekvoordrag: L.M.V. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Studente moet deur middel van 'n toe=latingseksamen bewys lewer van voldoende bevoegdheid as voordraers. Die minimum stan=daard wat vereis word, is gelykstaande aan die Graad VIII-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika.

Studente moet ook deur middel van 'n toelatingseksamen bewys lewer van voldoende kennis van Harmonie om die kursus te kan volg. Vrystelling van hierdie eksamen word verleen aan studente wat Musiek met minstens 60 persent in die st. 10-eksamen geslaag het, of wat 'n eksamen in Harmonie afgelê het, gelykstaande aan die Graad VI-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika.

Leergang: Drie jaar.

Hoër Lisensiaat in Musiekvoordrag: Hoër L.M.V. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Die B.Mus.-graad of die B.A.-graad met Musiek as een van die hoof=vakke, of die Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr-Musiek) of die Lisensiaat in Musiekonder=wys, of die Lisensiaat in Musiekvoordrag, of 'n ander kwalifikasie wat deur die Senaat as toereikend geag word.

Studente moet deur middel van 'n toelatingseksamen in die praktiese hoofonderwerp bewys lewer van voldoende bevoegdheid as voordraers.

Leergang: Een jaar.

Diploma vir Kerkorreliste: D.K.O. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Kandidate moet deur middel van 'n toe=latingseksamen bewys lewer van hul vaardigheid in die bespeling van die orrel, asook van voldoende musikaliteit en algemene kennis van musiek, om die kursus te kan volg.

Leergang: Twee jaar.

Lisensiaat in Musiek: L.M. (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Derdejaarskursusse sluit in Klasonderwys en Mu=siekmetodiek I, Ensemble II, Voordrag III en Algemene Musiekkennis III.

Voordraersdiploma in Musiek (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Diploma in Musiek of 'n Lisensiaat in Musiek of 'n B.Mus.-graad of 'n onderwysers- of voordraersdiploma of lisensiaat in musiek van 'n erkende inrig= ting, en vier jaar ondervinding in onderwys of in openbare uitvoerings.

Leergang: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS

Die ontwikkeling van die RSA bring, soos op baie ander terreine, 'n groot behoefte mee aan opgeleide persone in die musiek as professie. Vir die student wat reeds op jeug= dige ouderdom met intensiewe opleiding in musiek begin het, wat die liefde daarvoor, belangstelling daarin, die besondere musiekaanvoeling en -aanleg en musikale vermoë besit, en wat bereid is om baie tyd aan oefening te bestee, bestaan daar 'n wye keuse van spesialiteitsterreine.

Die belangrikste waarvoor 'n universiteitsgraad of -diploma 'n man of dame laat kwalifi= seer, is die onderwys in sowel ateljee as skool (primêre en sekondêre), die uitsaaiwese, die rade vir die uitvoerende kunste van die provinsies, die pers, kerke en sekere bi= blioteekdienste. Op grond van ervaring, bekendheid en nagraadse kwalifikasies, word bekwame musici steeds uitgesonder vir verskeie verantwoordelike betrekkings, byvoor= beeld aan opleidingskolleges, kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, universiteite, konservatoriums, simfonie-orkeste ens. Vir die persoon wat nie by 'n amptelike in= rigting in diens tree nie, is daar die geleentheid om op feitlik enige plek privaat lesse te gee en sy beroep te beoefen gedurende periodes wanneer dit hom pas. So kan 'n orkeslid byvoobeeld ook 'n musiekonderwyser wees.

MYNBOU-GEOLOGIE

Universiteit: Pretoria

Grade

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Mynbou-Geologie: B.Sc. (Mynbou-Geologie)
Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde: B.Sc.(Hons.)

Magister in Wis- en Natuurkunde: M.Sc.

Doktor in Wis- en Natuurkunde: D.Sc.

GRAAD

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Mynbou-Geologie: B.Sc. (Mynbou-Geologie)

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 96.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Eerstejaarsvakke is Geologie, Chemie, Fisika, Wiskunde en Ingenieurswese. Die leergang behels ook onder andere die volgende vakke: Geologie IV, Toegepaste Geofisika, Mynbou, Ekstraktiewe Metallurgie, Tegniese Mynwaar= dering, Opmeetkunde, Toegepaste Wiskunde.

Minstens 20 weke vakansiewerk gedurende die studietydperk is verpligtend, waarvan 10 weke aan Toegepaste Geofisika gewy, en minstens 5 weke in 'n myn deurgebring moet word.

Aan die Universiteit van die Witwatersrand is Mynbou-Geologie een van die rigtings onder Geologiese Ingenieurswese.

BEROEPSDIENS

Hierdie gegradueerdes staan regstreeks in diens van die mynbou in die land. Gevolglik is die vernaamste werkgewers die Tak Geologiese Opname en die Mineraleburo van die Departement van Mynwese. Die grootste getal tree egter in diens van die verskillende mynmaatskappye.

Kyk ook Geologie, p. 111.

POLISIEKUNDE

Universiteit: Suid-Afrika

Graad

Baccalaureus Artium (Polisiekunde): B.A.(Pol.)

Diploma

Diploma vir Polisie

GRAAD

Baccalaureus Artium (Polisiekunde): B.A. (Pol.)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling).

Leergang: Drie jaar. Die leergang bestaan uit tien kursusse. Die hoofvakke is Krimi= nologie III en Polisiekunde III. Ander verpligte vakke is Strafprosesreg, Strafreg I en Bewysreg. Die tiende kursus word gekies uit vakke soos Geregtelike Geneeskunde, Privaatreg I, Sielkunde I, Sosiologie I, Volkekunde I.

DIPLOMA

Diploma vir Polisie

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Drie jaar. Die leergang behels die volgende vakke: Polisiekunde III, Kri= minologie II, Strafreg I, Inleiding tot die Regswetenskap, Strafprosesreg, Bewysreg en 'n kursus in Afrikaans of Engels of 'n Afrikataal.

BEROEPSDIENS

Die uniform-, speur- en veiligheidstakke waarin die SA Polisie georganiseer is, bied feitlik onbeperkte bevorderingsmoontlikhede aan ambisieuse mans en dames. Bevordering tot hoër range geskied hoofsaaklik na suksesvolle aflegging van interne eksamens, maar dit kan bespoedig word indien 'n persoon reeds in besit van 'n toepaslike graad of diploma is.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor opleiding in die polisiediens.

RADIOGRAFIE

Universiteite: Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Pretoria

Diplomas

Diploma in Diagnostiese Radiografie (UOVS)
Diploma in Terapeutiese Radiografie (UOVS)
Diploma in Radiografiese Diagnostiek (UP)
Diploma in Radiografiese Terapie (UP)
Diploma in Radiobeskerming vir Susters (UP)
Onderwysdiploma in Radiografie (UK)

DIPLOMAS

Diplomas in Diagnostiese en Terapeutiese Radiografie (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: Minstens 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in Wiskunde en daarbenewens by voorkeur, ook in Fisika of Natuur- en Skeikunde.

Aansoeke om toelating tot die kursus moet gerig word aan: Die Mediese Superintendent, Nasionale Hospitaal, Bloemfontein 9301.

Leergang: Drie jaar voltydse studie vir die Diploma in Diagnostiese Radiografie. Die Diploma in Terapeutiese Radiografie word toegeken na 'n verdere studie van drie semes= ters na die verkryging van die Diploma in Diagnostiese Radiografie.

Die kursusse word in samewerking met die Nasionale Hospitaal aangebied.

Diagnostiese Radiografie: Die kursus sluit die volgende vakke in: Radiografie I, II en III; Anatomie, Fisiologie, Patologie I, II en III; Biofisika I en II; Radiografiese Beeldvorming I en II; en Diagnostiese Apparaat I en II.

Terapeutiese Radiografie: Die kursus sluit die volgende vakke in: Stralingsterapie; Biofisika; Radiobiologie en Onkologie.

Diploma in Radiografiese Diagnostiek (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met slaagsyfers in Wiskunde en ôf Natuur- en Skeikunde ôf Biologie (ver=kieslik albei).

Elke kandidaat moet vir vyf weke 'n voorbereidende kursus in verpleging aan die H.F. Verwoerd-hospitaal volg met die oog op keuring.

Elke student moet onmiddellik na toelating tot die eerste studiejaar by die Registra=teur van die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad aansoek doen om as student in Radiografie geregistreer te word.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Gedurende hierdie tyd moet elke kandidaat aan die Departement van Radiodiagnostiek van die H.F. Verwoerd-hospitaal as studentradio=graaf verbonde wees.

Die leergang behels twaalf kursusse. Die hoofvakke is Mediese Fisika III en Radio=grafiese Diagnostiek III.

Diploma in Radiografiese Terapie (Pretoria)

Toelatingsvereiste: Diploma in Radiografiese Diagnostiek.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Gedurende hierdie tyd moet die kandidaat aan die Departement Radioterapie van die H.F. Verwoerd-hospitaal as studentradiograaf verbonde wees.

Die leergang behels een hoofvak, Radiografiese Terapie, en vier byvakke.

Diploma in Radiobeskerming vir Susters (Pretoria)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en die status van 'n Suster in 'n algemene hospitaal.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Gedurende hierdie tyd moet elke kandidaat aan die departemente Radiodiagnostiek en Radioterapie van die H.F. Verwoerd-hospitaal verbonde wees as suster-studentradiograaf.

Onderwysdiploma in Radiografie (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Kandidate moet

- die Matrikulasie-eksamen of enige ander eksamen goedgekeur deur die Senaat, ge=slaag het;
- in besit wees van 'n kwalifikasie in die betrokke rigting van Radiografie wat registreerbaar is by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad;
- beskik oor minstens vier jaar goedgekeurde ondervinding in die betrokke rigting van Radiografie.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Opleiding geskied in een van die drie rigtings van Radiografie, naamlik Radiografiese Diagnostiek, Radiografiese Terapie en Kerngenees=kunde. Die kursus dek onderwysmetodiek asook kliniese onderrig in die jongste behan=delingsmetodes rakende Radiografie.

BEROEPSDIENS

Radiografie omsluit twee vertakkinge, naamlik radiografiese diagnostiek (ondersoek van die pasiënt met behulp van X-straalapparaat) en radioterapie (X-straalbehandeling van uiterlik onsigbare kwale). Albei die rigtings is interessant en sluit 'n verskeidenheid van pligte in wat in samewerking met geneeshere en hospitaalbeamptes, maar hoofsaaklik onder toesig en volgens voorskrif van 'n radioloog, uitgevoer moet word. (Die radio=loog is 'n gekwalifiseerde geneesheer wat ook in radioterapie en/of radiografiese diag=nostiek gespesialiseer het.)

Normaalweg word die beroep deur dames beoefen. Daar bestaan egter ook geleentheid vir gekwalifiseerde manlike persone om dit met sukses te beoefen. Wanopvattings oor X-strale, die gebruik daarvan en die gevare daaraan verbonde, het in die verlede baie belangstel=lendes aan hierdie beroep laat twyfel. Vandag word daar egter voldoende voorsorgmaat=reëls getref om die radiografis teen moontlike bestraling te beskerm en die beroep is dus absoluut veilig.

Radiografiste word in diens geneem deur al die hospitale in die land en veral persone wat oor die dubbele kwalifikasie (in radiografiese diagnostiek sowel as radioterapie) beskik, behoort geen probleme te ondervind om 'n geskikte pos te bekom nie. Baie ra= diografiste word ook aangestel in die private praktyke van radioloë. Die Suid-Afri= kaanse kwalifikasie word internasionaal erken, en veral die dubbele kwalifikasie baan die weg tot oorsese ervaring in diagnostiese en terapeutiese werk.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Radio= grafie.

REGSGELEERDHEID

Universiteite: Al die universiteite

Grade

Baccalaureus Procurationis: B.Proc. (Al die universiteite behalwe US)
Baccalaureus Iuris: B.Iur. (UOVS, UP, Unisa) of B.Iuris. (RAU)
Baccalaureus Juris: B. Juris (UPE) of B.Jur. (PU vir CHO)
Baccalaureus Legum Civilium: B.L.C. (UP)
Baccalaureus Legum: LL.B. of
Legum Baccalaureus: LL.B. (Al die universiteite)

Magister Legum: LL.M. of Legum Magister: LL.M. (Al die universiteite behalwe UOVS)

Doctor Legum: LL.D. of Legum Doctor: LL.D. (Al die universiteite)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, Rhodes, UW)

Diplomas en Sertifikaat

Natalse Staatsdienssertifikaat in die Regte (UN)
Diploma in die Regsgeleerdheid vir Staatsamptenare: D.R.S. (UOVS)
Staatsdiensdiploma in die Regte (UPE)
Regsdiploma vir Staatsamptenare: R.D.S. (PU vir CHO)
Senior Regsdiploma vir Staatsamptenare: S.R.D.S. (PU vir CHO)
Staatsdienseksamen in die Regte: S.D.R. (UP, Unisa)
Senior Staatsdienseksamen in die Regte (UP, Unisa)
Hoër Diploma in Belastingreg (UW)

GRADE

Baccalaureus Procurationis: B.Proc. (Al die universiteite behalwe Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling).

Addisionele vereistes

Pretoria: 'n Slaagsyfer op die Hoër Graad in minstens twee van die volgende vakke: Aardrykskunde, Biologie of Fisiologie, Bybelkunde, Ekonomie, Geskiedenis, Natuur- en Skeikunde, Rekeningkunde, Wiskunde, 'n derde taal.

Randse Afrikaanse Universiteit: 'n Slaagsyfer van minstens 40 persent in Latyn op die Hoër Graad of 'n slaagsyfer in die spesiale kursus in Latyn aan die Universiteit.

Rhodes: 'n Slaagsyfer in Latyn op die Hoër of Standaardgraad.

Witwatersrand: Slaagsyfers op die Hoër Graad in minstens twee van die volgende vakke: Afrikaans, Bantoetale, Biologie, Engels, Frans, Aardrykskunde, Duits, Hebreeus, Geskie= denis, Latyn, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Fisiologie.

Leergang: Vier jaar voltydse studie of vier of vyf jaar deeltydse studie.
Persone wat Afrikaans op die Hoër graad geslaag het, moet Engels I of Engels Spesiaal neem en dié wat Engels op die Hoër graad geslaag het, moet Afrikaans of Afrikaans en Nederlands I neem. Die leergang behels onder andere ook die volgende vakke: Romeinse Reg, Strafreg, Strafprosesreg, Handelsreg of Bedryfsreg, Bewysreg of Bewysleer, Burger= like Prosesreg of Siviele Prosesreg, Staats- en Administratiefreg en twee of drie nie- regskursusse soos bv. Ekonomie, Staatsleer, Geskiedenis, Sielkunde, Rekeningkunde.

Geen student word toegelaat om Romeinse Reg I te volg nie tensy hy standerd 10-Latyn geslaag het of op grond van 'n ander eksamen van hierdie vereiste vrygestel is.

Hierdie graad vervang die Prokureursdiploma, die Natalse Sertifikaat in die Regte en die Regsdiploma en verleen ook toelating tot die LL.B.-graad.

Baccalaureus Iuris: B.Iur. of B.Iuris of

Baccalaureus Juris: B.Jur. of B. Juris

(Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Suid-Afrika)

Toelatingsvereistes: Soos vir B.Proc.

Leergang: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bied drie rigtings aan, naamlik: Akademiese rigting; Rigting Openbare Diens waarvoor Latyn nie verpligtend is nie; Handelsrigting.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO bied ook drie leergange aan, naamlik (i) vir Staatsamptenare waarvoor Latyn nie verpligtend is nie; (ii) met aanvullende Lettere-vakke; (iii) met aanvullende Ekonomiese vakke.

Die Universiteit van Port Elizabeth bied ook drie leergange aan.

Al die leergange sluit die volgende vakke in: Privaatreg, (buiten Pretoria), Handelsreg of Bedryfsreg, Romeinse Reg of Romeins-Hollandse Reg (Pretoria), Bewysreg, Siviele Prosesreg of Burgerlike Prosesreg.

Geen student word toegelaat om Romeinse Reg I te volg nie tensy hy standerd 10-Latyn geslaag het of op grond van 'n ander eksamen van hierdie vereiste vrygestel is.

Baccalaureus Legum Civilium: B.L.C. (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Kyk p. 18.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang bevat 14 kursusse. Hulle is soos volg: Afrikaans I, Engels IA of B, Romeinse Reg A, Romeins-Hollandse Reg III, Handelsreg II, Regsgeskiedenis, Uitleg van Wette, Regsfilosofie, Latyn en twee kursusse in 'n nie-regsvak soos Duits, Kriminologie, Sosiologie, Staatsleer.

Kandidate sonder standerd 10-Latyn neem Voorbereidende Latyn in hul eerste jaar en Latyn IA in die tweede jaar.

Baccalaureus Legum: LL.B. (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Addisionele vereistes soos vir die B.A.-graad. Kyk p. 18.

Leergang: Vyf jaar. Kan met 'n maksimum periode van drie jaar verkort word indien 'n kandidaat in besit is van 'n Baccalareusgraad wat die voorgeskrewe LL.B.-kursusse insluit. Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Romeins-Hollandse Reg V, Handelsreg IV, Siviele Prosesreg, Strafreg II, Staatsreg, Bantoereg, Bewysleer.

Die leergang vir die eerste drie studiejare van die LL.B.-graad is dieselfde as vir die B.L.C.-graad.

Baccalaureus Legum: LL.B. of

Legum Baccalaureus: LL.B.

(Al die universiteite behalwe Pretoria)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad of 'n B.Proc.- of B.Iur.-graad.

Leergang: Drie jaar voltydse studie of twee jaar voltydse studie na 'n Baccalaureusgraad wat die vereiste Regsvakke in die leergang ingesluit het.

Aan die Universiteit van Suid-Afrika duur die graadkursus minstens vier jaar. 'n Student kan op grond van voorafgaande studie vrygestel word van twaalf kursusse.

DIPLOMAS

Natalse Staatsdienssertifikaat in die Regte (Natal)

Toelatingsvereiste: 'n Graad of 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Die Sertifikaat kan deur lede van die Staatsdiens oor drie jaar gevolg word.

Die Sertifikaat word deur die Staatsdienskommissie erken as gelyk aan die Staatsdienseksamen in die Regte.

Diploma in die Regsgeleerdheid vir Staatsamptenare: D.R.S. (Oranje-Vrystaat)

Staatsdiensdiploma in die Regte (Port Elizabeth)

Regsdiploma vir Staatsamptenare: R.D.S. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat of 'n sertifikaat van voorwaardelike vrystelling uitgereik aan kandidate uit die buiteland.

Leergang: Drie jaar voltydse of vier jaar deeltydse studie.

Die Diplomas word deur die Raad vir die Erkenning van Regseksamens erken as gelyk aan of hoër as die Staatsdienseksamen in die Regte.

Senior Regsdiploma vir Staatsamptenare: S.R.D.S. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Regsdiploma vir Staatsamptenare of 'n B.Juris-graad vir staatsamptenare of 'n graad of diploma wat deur die Raad vir die Erkenning van Regseksamens as gelykwaardig gesertifiseer word.

Leergang: Twee jaar.

Die Diploma word deur die Raad vir die Erkenning van Regseksamens erken as gelyk aan of hoër as die Senior Staatsdienseksamen in die Regte.

Staatsdienseksamen in die Regte (Pretoria, Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat of 'n sertifikaat van algehele of voorwaardelike vrystelling van matrikulasie uitgereik aan studente uit die buiteland.

Leergang: Drie jaar.

Senior Staatsdienseksamen in die Regte (Pretoria, Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: 'n Student moet geslaag het in die Staatsdienseksamen in die Regte of 'n gelykwaardige eksamen.

Leergang: Twee jaar.

Hoër Diploma in Belastingreg (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: 'n Persoon wat in besit is van òf 'n LL.B.- of B.Proc.-graad òf 'n goedgekeurde akademiese of professionele kwalifikasie, òf 'n prokureur is.

Leergang: Twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS

Die regsprofessie in die RSA behels, breedweg gesien, die beroepe van advokate, prokureurs, regsadviseurs en verskeie rigtings in die Staatsdiens. Dit sal egter van nut vir 'n kandidaat wees om vas te stel welke aanwendingsmoontlikhede deur 'n bepaalde regskwalifikasie gebied word.

- Advokate vervul twee hooffunksies: Die lei van kriminele en siviele sake in die Hooggeregshof en ander howe en die verskaffing van advies ten opsigte van wetlike probleme. Aangesien die publiek nie regstreeks met hulle kan onderhandel nie, verkry die advokate hul professionele werk deur bemiddeling van prokureurs. Uit die geledere van senior advokate word die regters gewoonlik aangestel. Voornemende advokate dien nie 'n tydperk as leerklerke uit nie en daar is ook nie vir hulle 'n ander professionele eksamen om te slaag nie. Hulle moet slegs 'n LL.B.-graad nâ 'n eerste graad wat die voorgeskrewe LL.B.-kursusse insluit behaal. (Vir die LL.B.-graad is ten minste een kursus in Afrikaans, Engels en Latyn 'n vereiste.)

- Prokureurs onderhandel met lede van die publiek, verteenwoordig en tree op namens kliënte, verskyn in landdroshowe, maar nie in die Hooggeregshof nie. Alhoewel hulle met velerlei aangeleenthede te doen kan kry, bestaan daar die neiging by prokureurs om ook in die een of ander rigting te spesialiseer. Die meeste van hulle praktiseer op hul eie of in vennootskap met ander. Hulle kan ook, deur verdere eksamens af te lê, kwalifiseer as notarisse en aktevervaardigers. 'n Persoon hoef dus nie noodwendig 'n goeie openbare spreker te wees of daarvan te hou om in die hof op te tree om 'n suksesvolle prokureur te wees nie. Baie prokureurs wat aan die toppunt van die beroep staan, verskyn selde in die hof.

Anders as in die geval van die advokaat, moet 'n voornemende prokureur benewens die regskwalifikasie (B.Proc. of LL.B.), ook 'n periode van 2 jaar as leerklerk by 'n prak= tiserende prokureur uitdien en daarna in 'n professionele praktiese eksamen slaag. Die genoemde twee grade is sedert 1971 die enigste grade wat vir die toelating as proku= reurs erken word. (Vir B.Proc. is st. 10-Latyn of 'n spesiale kursus in Latyn aan 'n universiteit, 'n vereiste.)

Niemand kan gelyktydig as advokaat en prokureur praktiseer nie. Dit is egter moontlik vir 'n persoon wat oor die regte kwalifikasies beskik, om van die een na die ander rig= ting oor te skakel.

- Regsadviseurs: 'n Persoon wat nie as 'n advokaat of prokureur wil praktiseer of in die hof wil verskyn nie; kan moontlik een van 'n groot aantal regsadviseursposte beklee. Afgesien van dié in die Staatsdiens, is regsadviseurs gewoonlik verbonde aan groot ondernemings. Al hierdie instansies sal egter op die beste moontlike kwalifikasies aan= dring en belangstellendes in die rigting moet aanvaar dat 'n LL.B.-graad 'n minimum vereiste sal wees. 'n Dubbele kwalifikasie waarvan een komponent 'n graad in die regte is, sal van besondere waarde wees.

- In die Staatsdiens: In die RSA, soos ook elders, is die owerheidsgesag ingedeel in die wetgewende gesag (die parlement), die uitvoerende gesag (die staatsdiens) en die regsprekende gesag (die howe). Die Departement van Justisie is verantwoordelik vir die uitoefening van die regsprekende gesag en hiervoor bestaan daar die landdroshowe, streek= howe en die verskillende afdelings van die Hooggeregshof. By laasgenoemde tree 'n reg= ter as voorsittende regterlike beampte op en in die ander twee gevalle 'n landdros of streeklanddros.

· Landdroste en Regsassistente (Staatsaanklaers): Landdroste het twee hooffunk= sies om te vervul, naamlik die regterlike funksie wat in die hof verrig word, en dié van distriksadministrasie wat in 'n kantoor behartig word. Die landdroshof moet sowel aankla as bereg en derhalwe word die landdros bygestaan deur 'n aanklaer (regsassis= tent). Die staatsaanklaer se primêre funksies is om namens die prokureur-generaal in alle strafsake in die hof op te tree. Sy veelvuldige pligte verskaf ook die nodige agter= grond en opleiding vir latere aanstelling op die regbank (as landdros). Landdroste en regsassistente moet oor regskwalifikasies beskik. Die minimum vereiste vir 'n regs= assistent is die Staatsdienseksamen in die Regte en dit is ook die minimum vereiste vir die vordering tot landdros. Ander aanvaarde hoër kwalifikasies is die Senior Staatsdiens= eksamen in die Regte en die grade B.Iuris, B.Proc. en LL.B. Kandidate kan eerstens na skool 'n toepaslike kwalifikasie in die regte behaal en daarna tot die Staatsdiens toe= tree alwaar hulle dadelik as regsassistente aangestel word. Tweedens kan hulle direk na skool in 'n landdroskantoor aangestel word in welke geval hulle dan algemene klerk= like werk doen terwyl hulle hul studie deeltyds voortsit.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die Staatsdienseksamen in die Regte, die Senior Staatsdienseksamen in die Regte en 'n B.Iuris-graad, sonder enige vereiste ten opsigte van Latyn behaal kan word. (Hierdie B.Iuris-graad word aangebied deur UP, PU vir CHO, UOVS, UPE en RAU).

· Staatsregsadviseur: Regsadviseurs word aangestel uit die geledere van staatsad= vokate wat aan die personeel van die Prokureurs-generaal verbonde is, met pligte soos die opstel van wette vir die parlement, regsadvies aan alle staatsdepartemente, nasien van regulasies, ordonnansies ens. Sommige is weer verbonde aan die verskillende provin= siale administrasies. Die houer van 'n Baccalaureusgraad plus 'n LL.B.-graad kom in aanmerking vir aanstelling en kan vorder tot Hoofstaatsregsadviseur.

· Staatsadvokaat: Die Departement van Justisie bied aan persone wat die LL.B.-graad behaal het, 'n interessante en uitdagende loopbaan as staatsadvokaat. Hierdie be= amptes moet die belange van die Staat op wette-regtelike gebied behartig en is verbonde aan die Afdeling van die Prokureurs-generaal. Daar is 'n prokureur-generaal verbonde aan elke Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof. Die staatsadvokaat wat verdienste= like werk lewer, kan vorder tot Senior Staatsadvokaat, Adjunk-Prokureur-generaal en Prokureur-generaal.

· Staatsprokureur: Die Staatsprokureursafdeling van die Departement van Justisie funksioneer soos 'n gewone prokureursfirma behalwe dat sy kliënte uit staatsinstansies bestaan en nie private individue is nie. Die belangrikste funksie van die staatsproku= reur is om die belange van die Staat te beskerm deur namens alle staatsdepartemente en administrasies in siviele sake en namens amptenare wat in hul amptelike hoedanigheid aan= gespreek word, op te tree. Staatsprokureurs kan hul regskwalifikasies op dieselfde wyse

as prokureurs in private praktyke verkry. Leerkontrakposte in die Departement is egter beperk en kandidate moet soms hul beurt afwag.

. Bantoesakekommissaris: Dit is die persoon wat die regeringsbeleid aan die Swart=bevolkingsgroepe moet verduidelik, die Swartbevolking se regsgeskille moet besleg, klagtes moet aanhoor en hulle van raad moet dien. As sodanig is die Bantoesakekommis=saris in 'n besondere vertrouensposisie en rus daar groot verantwoordelikhede op hom. Die minimum vereiste vir aanstelling as 'n Assistent-Bantoesakekommissaris is die B.Iuris-graad of die Staatsdienseksamen in die Regte. Die Departement van Plurale Be=trekkinge en Ontwikkeling maak ruim voorsiening om hierdie kwalifikasies ná indienstrede op 'n deeltydse of voltydse studiegrondslag te behaal. Vir sommige hoër posisies word 'n LL.B.-graad of die Senior Staatsdienseksamen in die Regte vereis. Kandidate kan uiteindelik vorder tot Spesiale Graad Hoofbantoesakekommissaris, terwyl hoër kwalifi=kasies vir salarisdoeleindes erken en prestasie na waarde beloon word.

. Meester van die Hooggeregshof: Die taak van die Meestersafdeling van die De=partement van Justisie, of te wel die Meester van die Hooggeregshof, is om te waak teen wanpraktyke wat ten doel het om legatarisse, erfgename en skuldeisers hul regmatige deel te ontneem. Die werk is hoogs gespesialiseerd, verantwoordelik en vertroulik van aard. Spesiale opleidingskursusse word deur die departement vir beamptes aangebied. Regskwalifikasies is egter 'n vereiste vir vordering tot hoër range soos Assistent=meester van die Hooggeregshof, Meester van die Hooggeregshof en Hoofmeester van die Hooggeregshof.

. Buitelandse diensbeampte (Diplomaat): Kyk p.35.

Vir meer besonderhede in verband met opleiding, diensvoorwaardes en so meer, word voor=nemende regsgeleerdes verwys na Die Vereniging van Wetsgenootskappe van die RSA, Posbus 1428, Pretoria 0001. Daar kan ook geskakel word met die Departement van Justisie of die Staatsdienskommissie.

SOSIALE WETENSKAPPE/MAATSKAPLIKE WERK

Universiteite: Al die universiteite

Grade

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe: B.Soc.Sc. (UK, UN, Rhodes)
Baccalaureus Societatis Scientiae: B.Soc.Sc. (UOVS)
Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.) (UK, Rhodes)
Baccalaureus Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.) (UOVS)
Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) (UPE, UW)
Baccalaureus Artium (Maatskaplike Werk): B.A.(M.W.) (PU vir CHO)
Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) (UP)
Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) (RAU) of B.A. in Maatskaplike Werk (US)
Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe: B.A.(S.W.) (Unisa)

Honneurs-Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe: B.Soc.Sc.(Hons.) (UK, Rhodes)
Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (Honneurs): B.Soc.Sc.Hons. (UN)
Honneurs-Baccalaureus Societatis Scientiae: B.Soc.Sc.(Hons.) (UOVS)
Honneurs-Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.)(Hons.) (UK)
Honneurs-Baccalaureus Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(Hons.)(M.W.) (UOVS)
Baccalaureus Artium Honores: B.A.Hons. (UPE)
Honneurs Baccalaureus Artium: Honns. B.A. (PU vir CHO)
Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk (US)
Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk (rigting Geneeskundige Maatskaplike Werk) (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe: Hons.B.A.(S.W.) (Unisa)

Magister in Sosiale Wetenskappe: M.Soc.Sc. (UK, UN, Rhodes)
Magister in Publieke Administrasie: M.Pub.Ad. (UK)
Magister Societatis Scientiae: M.Soc.Sc. (UOVS)
Magister Societatis Scientiae (Kliniese Sielkunde): M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde) (UOVS)
Magister Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: M.Soc.Sc.(M.W.) (UOVS)
Magister Artium: M.A. (UPE, PU vir CHO)
Magister in Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: M.A.(M.W.) (UP)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: M.A.(M.W.) (RAU) of M.A. in Maatskaplike Werk (US)
M.A. in Maatskaplike Werk (rigting Geneeskundige Maatskaplike Werk) (US)
Magister Artium in die Sosiale Wetenskappe: M.A.(S.W.) (Unisa)

Magister Artium in die Sosiale Wetenskappe in Geestesgesondheid: M.A.(S.W.) (Geestes=gesondheid) (Unisa)
Magister Artium in Maatskaplike Werk: M.A.(Maatskaplike Werk) (UW)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, Rhodes, UW)
Doktor in Sosiale Wetenskappe: D.Soc.Sc. (UK, UN, Rhodes)
Doctor Societatis Scientiae: D.Soc.Sc. (UOVS)
Doctor Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: D.Soc.Sc.(M.W.) (UOVS)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (UPE, PU vir CHO, US, Unisa)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil (UP)
Doktor in die Lettere en Wysbegeerte: D.Litt. et Phil. (RAU)

Diplomas

Diploma in Sosiale Wetenskappe (Maatskaplike Werk) (UK)
Diploma in Maatskaplike Werk (UOVS, PU vir CHO, Rhodes)
Gevorderde Diploma in Psigiatriese Maatskaplike Werk (UK)
Diploma in Toegepaste Sosiale Wetenskappe (UN)
Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk (UOVS)
Diploma in Sosiale Studies (Rhodes)
Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk (Supervisie) (US)
Hoër Diploma in Gevorderde Maatskaplike Werk Praktyk (UW)

GRADE

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe: B.Soc.Sc. (Kaapstad, Natal, Rhodes)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie (Natal). Die leer=gang bestaan uit nege of tien kursusse na gelang van die universiteit. Studente kies die kursusse uit vakke soos Antropologie (Rhodes), Aardrykskunde, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Sielkunde, Sosiologie, Sosiale Antropologie (Natal), Staatsleer en Wys=begeerte. Aan die Universiteit van Kaapstad moet studente drie kursusse in 'n eerste hoofvak van die Fakulteit van Sosiale Wetenskappe volg, naamlik in Sielkunde, Publieke Administrasie of Sosiologie. Studente aan die Universiteit van Natal wat maatskaplike werkers wil word, volg drie kursusse in Maatskaplike Werk en twee kursusse in Sosio=logie en Sielkunde. Die tweede hoofvak is ôf Sosiologie ôf Sielkunde. Studente moet ook voorgeskrewe praktiese werk doen.

Baccalaureus Societatis Scientiae: B.Soc.Sc. (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Minstens ses semesters voltydse studie. Die leergang bestaan uit minstens twee-en-twintig semesterkursusse. Twee van die volgende moet hoofvakke wees: Be=dryfsielkunde, Bedryfsosiologie, Kriminologie, Sielkunde of Voorligting Sielkunde, Sosiologie.

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.) of

Baccalaureus Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.) of

Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) of

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) of

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.) of

B.A. in Maatskaplike Werk

(Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Pretoria: Kyk p. 18.

Leergang: Vier jaar voltydse studie of vyf jaar deeltydse studie (Pretoria). Die Universiteit van Stellenbosch bied die vierjarige kursus eers van 1980 af aan.

Die leergang bestaan gewoonlik uit tien of elf kursusse en behels vier kursusse in Maatskaplike Werk, drie kursusse in Sosiologie of Sielkunde en minstens twee kursusse in Sosiologie of Sielkunde (die vak wat nie as tweede hoofvak gekies is nie). Ander kursusse word soos volg gekies:

Kaapstad: 'n Kursus in Engels, Afrikaans of 'n Bantoetaal, of Godsdienstige Studies I of Publieke Administrasie I.

Oranje-Vrystaat: Bedryfsosiologie I en Kriminologie I is verpligtend. Studente moet ook 'n tweedejaarskursus in een van dié vakke voltooi.

Port Elizabeth: Een van die volgende: Volkekunde I, Pedagogiek I, Privaatreg I, Pro=fessionele Afrikaans I of Engels Spesiaal I.

Pretoria: Welsynsreg en een van die volgende: Christelik-Maatskaplike Sorg; Ekono=mie I en II; Kriminologie I, II en III; Sosiologie III of Sielkunde III; Volkekunde I; Wysbegeerte I; een kursus uit enige taal; Wiskundige Statistiek I.

Rhodes en Stellenbosch: Kursusse word uit vakke vir die gewone B.A.-graad gekies.

Studente moet gewoonlik praktiese maatskaplike werk verrig by 'n organisasie wat 'n op=geleide maatskaplike werker in diens het.

Studente wat die B.A.(M.W.)-graad aan die Universiteit van Pretoria suksesvol voltooi het, kan direk met die M.A.(M.W.)-graad aangaan.

Baccalaureus Artium (Maatskaplike Werk): B.A.(M.W.) (Potchefstroom)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).
Studente word gekeur.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang bestaan uit twaalf en 'n half kur=susse en behels Maatskaplike Werk IV, Psigologie III, Sosiologie II, Kriminologie II, een ander kursus gekies uit vakke vir die gewone B.A.-graad, asook praktiese werk in Maatskaplike Werk. Studente word sterk aangeraai om Sosiologie III en 'n kursus in 'n amptelike taal wat nie die eerste taal is nie, by hulle leergang in te sluit.

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) (Randse Afrikaanse Universiteit).

Toelatingsvereistes: Kyk p. 21.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang word saamgestel uit 26 semester=kursusse. Die hoofvakke is Maatskaplike Werk IV en Sielkunde III. Verpligte byvakke is Sosiologie II en Persone en Familiereg (2 semesters). Drie of vier semesterkursusse word uit vakke soos die volgende gekies: Statistiese Metodes A (word sterk aanbeveel), Etiek, Wysbegeerte, Volkekunde, Ekonomie en enige taalkursus. Statistiese Metodes A is 'n verpligte byvak vir M.A.(M.W.)-studie.

Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe: B.A.(S.W.) (Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

'n Student word slegs met spesiale toestemming van die Senaat toegelaat en slegs nadat hy bewys gelewer het dat reëlings vir praktiese werk by 'n erkende organisasie getref kan word en dat die toesig deur 'n geskikte persoon behartig word.

Leergang: Minstens vier jaar studie. Die leergang bestaan uit minstens elf kursusse en praktiese maatskaplike werk. Die hoofvakke is Maatskaplike Werk IV en óf Sosiolo=gie III óf Sielkunde III. Die oorblywende kursusse is soos volg: Twee kursusse in Sosiologie of Sielkunde (die vak wat nie as tweede hoofvak gekies is nie) en kursusse in vakke soos byvoorbeeld Afrikaans en Nederlands I of Praktiese Afrikaans, 'n Afrika=taal, Huweliksvoorligting en -beraad, Kommunikasiekunde I, II en III, Kriminologie I, II, en III, Strafreg I, Sielkunde III of Sosiologie III (al na die geval).

Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) (Witwatersrand)

Toelatingsvereiste: Kyk p. 30.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels Maatskaplike Werk Teorie en Praktyk IV, Veldwerkonderrig in Maatskaplike Werkpraktyk IV, Psigiatrie en Geestes=higiëne vir Maatskaplike Werkers of, met toestemming van die Senaat, 'n kursus in 'n

gewone B.A.-vak, Sielkunde III of Sosiologie III, Afrikaans of Afrikaans en Nederlands I of Engels I of 'n kursus in 'n ander taal en 'n kursus gekies uit vakke vir die gewone B.A.-graad. In die vierde studiejaar word 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp vereis.

DIPLOMAS

Diploma in Sosiale Wetenskappe (Maatskaplike Werk) (Kaapstad)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang bestaan uit nege kursusse en behels onder andere Maatskaplike Werk III; Sosiologie III en Sielkunde II of Sielkunde III en Sosiologie II.

Diploma in Maatskaplike Werk (Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Rhodes)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang is dieselfde as vir die graad B.Soc.Sc.(M.W.) of vir die graad B.A.(M.W.) na gelang van die universiteit wat die Diplomakursus aanbied.

Gevorderde Diploma in Psigiatriese Maatskaplike Werk (Kaapstad)

Toelatingsvereiste: 'n Honneursgraad in Psigiatriese Maatskaplike Werk of 'n erkende gelykwaardige kwalifikasie.

Leergang: Die kursus duur minstens een halfjaar en behels voorgeskrewe veld- en kliniese praktyk asook bepaalde skriftelike studietake.

Diploma in Toegepaste Sosiale Wetenskappe (Natal)

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde wat gekwalifiseer is in een of meer van die volgende vakke: Bedryfsadministrasie, Bedryfsielkunde, Bedryfsosiologie, Ekonomie, Maatskaplike Werk, Sielkunde, Sosiale Antropolgie, Sosiologie, Staatsleer, Stads- en Streekbeplanning, Vergelykende Afrika-regering en -administrasie.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: 'n Erkende universiteitsdiploma in Maatskaplike Werk.

Leergang: Een jaar voltydse studie.

Die leergang is dieselfde as vir die graad B.Soc.Sc.(Hons.) in Maatskaplike Werk.

Diploma in Sosiale Studies (Rhodes)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die leergang behels agt kursusse. Vyf kursusse moet gekies word uit vakke soos byvoorbeeld Antropologie, Ekonomiese Geskiedenis, Ekonomie, Bedryfsosiologie, Sielkunde, Sosiologie.

Die Diploma bied net algemene opleiding in die Sosiale Wetenskappe aan.

Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk (Supervisie) (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in Maatskaplike Werk of 'n goedgekeurde Diploma in Maatskaplike Werk. Toelating geskied slegs nadat kandidate minstens drie jaar in die Maatskaplike Werk-praktyk gestaan het. Keuring geskied by wyse van persoonlike onderhoud. Hoogstens 6 en minstens 3 studente per jaar word tot die kursus toegelaat.

Leergang: Een jaar voltydse studie.

Hoër Diploma in Gevorderde Maatskaplike Werk Praktyk (Witwatersrand)

Toelatingsvereiste: 'n B.A.-graad in Maatskaplike Werk.

Leergang: Twee jaar deeltydse studie. Die leergang behels vyf voorgeskrewe kursusse en 'n skripsie.

BEROEPSDIENS

Maatskaplike werk het te doen met die doeltreffende maatskaplike funksionering van die mens binne en buite die gesin, in groepe en in die gemeenskap. Benewens die hantering van die gewone probleme wát hulle op individuele en gesinsvlak voordoen, soos onder andere huweliksprobleme, aannemings, dwelmverslaafdheid en ander persoonlike probleme, staan die maatskaplike werker voor die uitdaging om te help om oplossings te vind vir vraagstukke van persoonlike en maatskaplike aanpassing wat volkere, en by name die jeug, vandag bedreig. Die maatskaplike werker stel sig dus ten doel om mense uit alle lae en groepe van die samelewing te help om hulself te help, om hulle weer 'n betekenisvolle rol in die samelewing te laat vervul deur hulle in die normale maatskaplike en ekono= miese diensstruktuur in te skakel. Drie primêre metodes word aangewend om die werk te behartig, naamlik gevallewerk, maatskaplike groepwerk en gemeenskapswerk. Afgesien dus van besondere persoonlikheidseienskappe, moet die maatskaplike werker ook oor profes= sionele opleiding (graad of diploma) beskik wat hom sal toerus vir die eise van hierdie gespesialiseerde beroep.

Die Staatsdiens is tans die grootste enkele werkgewer vir mans en dames wat hulle in die sosiale wetenskappe bekwaam het. Die werksaamhede dek so 'n breë terrein dat daar voor= siening gemaak is vir 'n groot aantal hoë vakkundige poste. Die departemente wat met welsyns- en verwante dienste gemoeid is, is dié van Volkswelsyn en Pensioene en Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling. Ander instansies wat maatskaplike dienste lewer of waar maatskaplike werk sekondêr aan die hoofdoel is, is byvoorbeeld die SA Nasionale Raad Insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels, die CMR, hospitale, munisi= paliteite, die gevangeniswese, die Spoorweë, die Weermag, die Poswese, kindersorgver= enigings, huweliksburo's, die myne, Yskor, Sasol en ander groot nywerheidsondernemings. Belangrike poste in personeelbestuur word tans deur maatskaplike werkers gevul, terwyl persone met die nodige kwalifikasies en ervaring doseerposte aan universiteite kan be= kom. Die vak Maatskaplike Werk is nie 'n geslote vak net vir die beroep van maatskap= like werk nie. As vak vir feitlik enige B.A.-studierigting is dit van besondere waar= de vir predikante, verpleegsters, onderwysers, sielkundiges, sosioloë en so meer.

Kyk ook Sosiologie, p. 41 en ander Sosiale Wetenskappe in hoofstuk 2.

## SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE/LOGOPEDIE

Universiteite: Kaapstad, Pretoria, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Scientiae (Logopedie): B.Sc.(Log.) (UK)
Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Spraakheelkunde en Oudiologie: B.A.(Log.) (UP)
Baccalaureus Artium in Spraak- en Gehoorterapie: B.A.(Spraak- en Gehoorterapie) (UW)

Magister in Lettere en Wysbegeerte in Spraakheelkunde en Oudiologie: M.A.(Log.) (UP)
Magister Artium in Spraakpatologie: M.A. (Spraakpatologie) (UW)
Magister Artium in Oudiologie: M.A. (Oudiologie) (UW)

Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UW)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UW)

Diploma

Diploma vir Terapeute (Buitengewone Onderwys): D.T.B.O. (Unisa) Kyk p. 130.

GRADE

Baccalaureus Scientiae (Logopedie): B.Sc.(Log.) (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde. Daar word aanbeveel dat Biologie as 'n vak vir die standerd 10-eksamen geneem moet word.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels die volgende kursusse: Spraakpatologie en Terapie IV, Oudiologie II, Sielkunde III, Strukturele en Funksionele Anatomie I, Fonetiek I, Linguistiek I en Neuro-wetenskappe I (halwe kursus).

'n Verslag wat gebaseer is op geleide navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp word in die vierde jaar vereis. Studente moet ook praktiese werk doen.

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Spraakheelkunde en Oudiologie: B.A.(Log.)
(Pretoria)

Toelatingsvereistes: Soos vir die gewone B.A.-graad (kyk p. 18) verkieslik met slaag= syfers in Wiskunde asook Biologie en/of Fisika.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels onder andere die volgende kur= susse: Spraakheelkunde IV; Oudiologie III; Sielkunde III; Neurologie van Spraak, Stem en Gehoor; Patologie van die Spraak-, Stem- en Gehoororgane en Kliniese Neurologie; Spraakwetenskap II; twee kursusse in enige moderne taal en 'n verhandeling oor 'n goed= gekeurde bepaalde afdeling van òf die Spraakheelkunde òf die Oudiologie. Studente moet in hul tweede, derde en vierde studiejare praktiese werk doen.

Baccalaureus Artium in Spraak- en Gehoorterapie: B.A. (Spraak- en Gehoorterapie)
(Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Soos vir die gewone B.A.-graad (kyk p. 30) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Spraakpatologie IV, Kliniese Praktikum in Spraakpatologie IV, Oudiologie III, Kliniese Praktikum in Oudiologie III, Sielkunde III, Fonetiek en Linguistiek I, Fone= tiek II, Neurologie van die Spraak-, Stem-, en Gehoororgane, Afrikaans of Afrikaans en Nederlands I of Engels I of 'n kursus in 'n ander taal. 'n Verslag wat op navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp gebaseer is, word in die vierde jaar vereis.

BEROEPSDIENS

Daar bestaan 'n steeds groeiende bewuswording van die belangrikheid van hierdie beroep wat deur mans en dames beoefen kan word. Anders as in die geval van die Spraakkuns (soos aangetref in die studierigting Spraakleer en Drama) waardeur gepoog word om nor= male spraak op 'n hoër peil te bring, word spraakterapie toegepas op persone met stem-, spraak- en gehoorversteurings of -afwykings. Kommunikasie-afwykings wat deur die spraak= terapeut behandel word, is byvoorbeeld spraakgebreke wat ontstaan as gevolg van gehoor= gebreke, moeilikhede met bepaalde klanke, hakkel, leesmoeilikhede, die gesplete ver= hemelte en breinbeserings wat die spraak nadelig beïnvloed, stemafwykings (byvoorbeeld heesheid), afwykings wat ontstaan as gevolg van sielkundige probleme, ensovoorts.

Die gekwalifiseerde spraakterapeut behoort geen probleme te ondervind om 'n pos volgens aanleg en belangstelling te bekom nie, en die beroep kan beoefen word byvoorbeeld deur

- in diens te tree by 'n provinsiale onderwysdepartement of die Departement van Nasionale Opvoeding (in sommige gevalle kan 'n onderwyserskwalifikasie en/of onderwys= ervaring vereis word);
- diens in hospitale of hospitaalklinieke waar saamgewerk word met oor-, neus- en keelartse, die neuroloë, kinderartse, plastiese chirurge en psigiaters;
- 'n aanstelling in 'n spraak-, stem- en gehoorkliniek aan 'n universiteit;
- 'n eie kliniek en private praktyk;
- 'n betrekking as oudioloog in die SA Weermag om byvoorbeeld die gehoor van vlieë= niers te ondersoek.

'n Groot mate van persoonlike bevrediging kan uit spraakterapie as beroep verkry word. Om iemand te help om 'n plek in die samelewing te herwin is 'n ervaring wat groot vreug= de verskaf; om hom of haar te help om normaalweg te kommunikeer, is inderdaad die moeite werd.

STADS- EN STREEKBEPLANNING

Universiteite: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Artium et Scientiae (Beplanning): B.Art. et Scien.(Bepl.) (PU vir CHO)
Baccalaureus in Stads- en Streeksbeplanning: B.Sc.(S. en S.) (UP)
Baccalaureus Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: B.Sc.(S.S.) (UW)

Magister in Stedelike en Streeksbeplanning: M.S.S.B. (UK)
Magister in Stadsbeplanning en Stedelike Ontwerp: M.S.S.O. (UK)
Magister in Stadsbeplanning: M.S. (UN)
Magister Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: M.Sc. S.S. (UN)
Magister in Stads- en Streeksbeplanning: M.S.S. (UOVS)
Magister Artium et Scientiae (Beplanning): M.Art. et Scien.(Bepl.) (PU vir CHO)
Magister in Stads- en Streeksbeplanning: M.Sc.(S. en S.) (UP)
Magister in Stads- en Streekbeplanning: M. in Stads- en Streekbeplanning (US)
Magister Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: M.Sc.(S.S.) (UW)
Magister in Omgewingsbeplanning: M. in Omgewingsbeplanning (UW)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doktor in Stads- en Streeksbeplanning: D.Sc.(S. en S.) (UP)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (PU vir CHO, US)
Doktor in Stads- en Streekbeplanning: D.S.S. (UW)
Doctor Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: D.Sc.(S.S.) (UW)

Diplomas

Diploma in Stads- en Streekbeplanning (UK)
Diploma in Stadsbeplanning en Stedelike Ontwerp (UK)
Hoër Diploma in Beplanning van Ontwikkelende Gebiede (UW)

GRADE

Baccalaureus Artium et Scientiae (Beplanning): B.Art. et Scien. (Bepl.) (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 'n C-simbool op die Standaardgraad. Studente word gekeur.

Leergang: Minstens vier jaar voltydse studie.

'n Kandidaat moet in minstens agtien en 'n half kursusse slaag. Die twee hoofvakke is Stadsbeplanning IV en Streekbeplanning IV. Die ander kursusse is die volgende: SA Administratiewe en Beplanningswetgewing, Streekontledingsmetodes, Geografie II, Ekono=mie III, Sosiologie II, Statistiese Metodes, Ingenieurswese vir Beplanning.

'n Kandidaat moet ook in sy finale studiejaar 'n bevredigende skripsie oor 'n goedge=keurde onderwerp indien.

Baccalaureus in Stads- en Streeksbeplanning: B.Sc.(S. en S.) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). Addisionele vereistes is soos vir die B.Sc.(Ing.)-graad. Kyk p. 165.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet in ongeveer 23 kursusse slaag en 'n skripsie in die vierde studiejaar indien. Die leergang sluit onder andere die volgende kursusse in: Stadsbeplanning IV, Streeksbeplanning IV, Ingenieurswese vir Beplanners, Beplanningsreg, Ekonomie III of Sosiologie III of Aardrykskunde III, Geolo=gie.

Baccalaureus Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: B.Sc.(S.S.) (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Stan=daardgraad in Wiskunde.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Studente moet gedurende die universiteitsvakan=sies praktiese werk doen en aan voorgeskrewe besoeke en toere deelneem. Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Stads- en Streekbeplanningspraktyk IV, Stads- en Streekbeplanningteorie IV, Stads- en Streekbeplanningsreg, Geografie vir Be=planners, Ekonomie vir Beplanners, Sosiologie I, Geografie I, Wiskunde I. Kandidate moet in die vierde studiejaar 'n verhandeling indien.

Magister in Stedelike en Streeksbeplanning: M.S.S.B. (Kaapstad)

Toelatingsvereiste: 'n Erkende graad van 'n goedgekeurde inrigting.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Magister in Stadsbeplanning en Stedelike Ontwerp : M.S.S.O. (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: 'n Graad in Argitektuur van enige erkende inrigting deur die Senaat goedgekeur.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Magister in Stadsbeplanning: M.S. (Natal)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad in 'n goedgekeurde rigting.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Magister Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: M.Sc. S.S. (Natal)

Toelatingsvereistes: 'n Graad in Argitektuur, Boukunde, Ingenieurswese, Landmeetkunde, Stadsbeplanning of Bourekenkunde of 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad in 'n ander rig= ting.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

Magister in Stads- en Streeksbeplanning: M.S.S. (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: (i) Persone in besit van 'n graad in Stads- en Streeksbeplanning of 'n graad in 'n verwante rigting met 'n diploma in Stads- en Streeksbeplanning of ander gelykwaardige kwalifikasies.

(ii) Persone met geen of min opleiding in beplanning en verwante gebiede maar met 'n graad in een van 'n aantal geskikte rigtings of met ander geskikte kwalifikasies.

Leergang: (i) Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie vir die persone wat onder (i) toegelaat is.

(ii) Twee jaar voltydse studie of drie jaar deeltydse studie vir die persone wat onder (ii) tot die kursus toegelaat is.

M. in Stads- en Streekbeplanning (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van een van die volgende kwalifi= kasies:

- 'n B.A.-graad met minstens een van die volgende as hoofvak: Geografie A, Ekono= mie, Sosiologie
- 'n B.Sc.-graad met minstens een van die volgende as hoofvak: Geografie B, Geolo= gie, Wiskunde
- 'n B.Sc.-graad in die Landbou (Landbou-ekonomie)
- 'n B.Com.-graad
- 'n B.Econ.-graad
- 'n B.Admin.-graad
- 'n B.Ing.-graad (Siviel)
- 'n B.Sc.-graad in Bosbou
- 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur
- 'n Baccalaureusgraad in Landmeetkunde.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Studente in besit van 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Stads- en Streekbeplanning kan ook tot die kursus toegelaat word. Hulle moet 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van minstens twee jaar aan hierdie Universiteit of op 'n ander goedgekeurde plek volg en 'n bevredigende verhandeling inlewer.

DIPLOMAS

Diploma in Stads- en Streekbeplanning (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) of enige ander gelykwaardige sertifikaat; en 'n diploma of professionele kwalifikasie goedgekeur deur die Senaat.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Diploma in Stadsbeplanning en Stedelike Ontwerp (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matri= kulasievrystelling) of enige ander gelykwaardige sertifikaat; en 'n diploma of profes= sionele kwalifikasie in Argitektuur goedgekeur deur die Senaat.

Leergang: Twee jaar voltydse studie.

Hoër Diploma in Beplanning van Ontwikkelende Gebiede (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur, Stads- en Streekbeplanning, Boukunde, Siviele Ingenieurswese of Landmeetkunde of 'n B.A.- of B.Sc.-graad met Ekono= mie en/of Geografie as hoofvakke of 'n ander goedgekeurde graad of gelykwaardige kwali= fikasie.

Leergang: Een jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS

Stads- en Streekbeplanning is een van die professies wat in die moderne tyd al hoe be= langriker word. Ook in Suid-Afrika het daar in die afgelope tyd 'n baie sterk vraag na opgeleide beplanners ontstaan, onder andere vanweë die feit dat baie van die stede en groter dorpe die stadium bereik het waar stedelike hernuwing, dit wil sê die ver= vanging van ou en ondoelmatige geboue en ontoereikende padstelsels deur nuwes, nood= saaklik geword het. Hierbenewens verg die sametrekking van bevolking by groeipunte deeglike toekomsbeplanning wat volledige opnames sal behels van hulpbronne, die evalu= asie daarvan en navorsing oor die beste benutting daarvan in die totale besettings= patroon. Die beplanner dien in hoë mate as skakel tussen argitek en ingenieur, tussen ekonoom en sosioloog, tussen publieke belange en die nywerheid.

Die meerderheid van die huidige beplanners is in diens van die groter munisipaliteite, terwyl ongeveer een derde verbonde is aan die staatsdepartemente van Beplanning en die Omgewing, Gemeenskapsbou en Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling. Die res is in diens van die vier provinsiale administrasies of praktiseer privaat. Vir die siviele in= genieur, argitek of landmeter is bykomende opleiding in beplanning van besonder groot waarde, en dit kan lei tot senior poste, veral in die Staatsdiens. Ook vir 'n pos as dosent aan 'n universiteit sal nagraadse studie vereis word. Akademiese poste bestaan ook aan sommige kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici (Stads- en Streekbeplanning).

TANDHEELKUNDE

Universiteite: Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus in Tandheelkunde: B.Ch.D. (UP) of B.D.S. (UW)
Baccalaureus in die Tandheelkunde: B.Ch.D. (US)
Baccalaureus Scientiae in Mondbiologie: B.Sc. (Mondbiologie) (UW)

Baccalaureus Honores in Tandheelkundige Wetenskappe: B.Ch.D.(Hons.) (UP)

Magister in Tandheelkunde: M.Ch.D. (UP) of M.D.S. (UW)
Magister in die Tandheelkunde: M.Ch.D. (US)
Magister in Tandheelkundige Wetenskappe: M.Dent. (UP, UW)
Magister in Natuurwetenskappe in Tandheelkundige Wetenskappe: M.Sc. in Tand.Wet. (US)
Magister Scientiae in Tandheelkunde: M.Sc. (Dent.) (UW)

Doktor in Tandheelkunde: D.Ch.D. (UP)
Doktor in die Tandheelkunde: D.Ch.D. (US)
Doktor in die Wysbegeerte (Odontologie): Ph.D.(Odont.) (US)
Doktor in die Wysbegeerte in Tandheelkunde: Ph.D.(Dent.) (UW)
Doctor Scientiae in Tandheelkunde: D.Sc.(Dent.) (UW)

Voorgraadse Diploma

Diploma in Mondhigiëne (UP, US, UW)

Nagraadse Diplomas

Diploma in Tandheelkundige Volksgesondheid: D.T.V.G. (UP)
Hoër Diploma in Tandheelkunde (UW)

GRADE

Die grade in Tandheelkunde aan die universiteite kan by die Suid-Afrikaanse Genees= kundige en Tandheelkundige Raad geregistreer word.

Elke student in Tandheelkunde moet by die Raad geregistreer wees vir 'n tydperk van vier jaar voordat hy geregtig is op registrasie as tandarts. Studente moet aan die begin van hulle eerste studiejaar aansoek doen om geregistreer te word.

Baccalaureus in Tandheelkunde: B.Ch.D. of B.D.S. of

Baccalaureus in die Tandheelkunde: B.Ch.D.

(Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Addisionele vereistes

Pretoria: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 96.

Stellenbosch: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of die Standaardgraad. Voor=nemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie vir die standerd 10-eksamen te neem.

Witwatersrand: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 60 persent op die Standaardgraad en 'n slaagsyfer in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is, of twee van die volgende vakke indien Wiskunde op die Standaard=graad geslaag is: Aardrykskunde, 'n Bantoetaal, Biologie, Duits, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

Leergang: 5½ jaar voltydse studie. Studente doen praktiese en kliniese werk in die tandheelkundige hospitaal verbonde aan die betrokke universiteit.

Eerstejaarsvakke bestaan uit Chemie, Fisika, Biologie of Biologiese Wetenskap (Pretoria) of Algemene Biologie (Witwatersrand), Wiskunde (Stellenbosch) of Anatomie (Pretoria) of Mikro-anatomie (Witwatersrand). Die ander voorgeskrewe vakke is onder andere die volgende: Anatomie, Fisiologie, Interne Geneeskunde, Mikrobiologie, Mondbiologie, Mondgeneeskunde en Periodonsie, Herstellende Tandheelkunde, Kaak-, Gesigs- en Mond=chirurgie, Prostetika.

Baccalaureus Scientiae in Mondbiologie: B.Sc.(Mondbiologie) (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.D.S.-graad.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels Deel I en Deel II. Die kwalifiserende kursusse vir Deel I duur drie jaar en is dieselfde as dié vir die eer=ste drie jaar van die leergang vir die B.D.S.-graad. Die kwalifiserende kursus vir Deel II is Mondbiologie.

Hierdie graad is ontwerp vir studente wat 'n beroep in biologiese navorsing en onderwys wil beoefen, veral in die tandheelkundige rigting.

Magister in Tandheelkunde: M.Ch.D. (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Elke kandidaat moet in besit wees van die B.Ch.D-graad; by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer wees; en 'n voltydse betrekking vir 'n tydperk van vier jaar met welslae beklee het aan die Universiteit of die H.F. Verwoerd-hospitaal of Kalafong-hospitaal of aan 'n ander goedgekeurde opleidingsinrig=ting.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die graad word in die volgende gebiede verleen: Kaak-, gesigs- en Mondchirurgie, Ortodonsie, Mondpatologie, Periodonsie, Prostodonsie, Gemeenskapstandheelkunde.

Magister in Tandheelkundige Wetenskappe: M. Dent. (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van die B.D.S.-graad of 'n gelyk=waardige kwalifikasie en moet by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as tand=arts geregistreer wees.

Leergang: Drie of vier jaar voltydse studie na gelang van die studierigting. Die graad word in die volgende gebiede toegeken: Ortodonsie, Kaak-, gesigs- en Mondchirurgie, Prostodonsie, Periodonsie, en Mondgeneeskunde, Mondpatologie.

Magister in die Tandheelkunde: M.Ch.D. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet minstens twee jaar in besit wees van die graad B.Ch.D. en by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as tandarts geregistreer wees.

Leergang: Drie of vier jaar voltydse studie na gelang van die studierigting. Die graad word verleen in die volgende dissiplines: Mondpatologie, Prostodonsie, Periodonsie, Ortodonsie, Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie.

VOORGRAADSE DIPLOMAS

Diploma in Mondhigiëne (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met slaagsyfers in Biologie of Natuur- en Skeikunde of albei op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad. Wiskunde sal 'n aanbeveling wees. Kandidate word gekeur.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die leergang behels onder andere Mondhigiëne II, Tandheelkundige Prosedure en Geneesmiddels, Anatomie en Histologie, Mondpatologie, Radiologie.

Diploma in Mondhigiëne (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Voorkeur sal gegee word aan studente wat slaagsyfers op die Standaardgraad in die volgende vakke behaal het: Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, en Biologie en/of Fisiologie. Studente word gekeur en aansoeke moet voor 30 Junie van die voorafgaande jaar ingelewer word.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die leergang behels die volgende vakke: Mondhigiëne II, Mondheelkunde, Röntgenografie, Mondbiologie, Mondpatologie.

Diploma in Mondhigiëne (Witwatersrand)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die leergang behels Deel I en Deel II. Deel I sluit in Etiek, Algemene Regsleer en Administrasie met betrekking tot Tandheelkundige Praktyk; Beginsels van Menslike Biologie; Beginsels van Menslike Siektes. Deel II behels Kliniese Mondhigiëne, Beginsels en Praktyk van Mondradiografie; Opvoeding in Tandheelkundige Volksgesondheid en Voorkomende Tandheelkunde.

NAGRAADSE DIPLOMAS

Diploma in Tandheelkundige Volksgesondheid: D.T.V.G. (Pretoria)

Toelatingsvereistes: Elke kandidaat moet minstens twee jaar lank in besit wees van die B.Ch.D.-graad en moet by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as tandarts geregistreer wees.

Leergang: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

Hoër Diploma in Tandheelkunde (Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van die B.D.S.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie en moet by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as tandarts geregistreer wees.

Leergang: Een jaar voltydse studie of 'n langer tydperk deeltydse studie, soos die Senaat mag bepaal.

BEROEPSDIENS

Die meeste tandartse in die land bevind hulleself in private praktyke. Dit is sekerlik die ideale werksomstandighede, hoewel die hoë koste verbonde aan toerusting en lopende uitgawes steeds in gedagte gehou moet word. Geleenthede bestaan om in vennootskap te tree en die inkomste sal ooreenkomstig die omvang van die praktyk varieer. Tandartse kan ook teen vasgestelde vergoeding by die Departement van Gesondheid of ander organisasies in diens tree, soos byvoorbeeld die onderwysdepartemente van die vier provinsies wat van tandheelkundige beamptes gebruik maak om skole te besoek; hospitale; groot munisipaliteite; sekere groot nywerhede soos Yskor en die myne, en so meer. Aan sekere universiteite is 'n klein aantal tandartse werksaam as tandheelkundige professore en lektore. Verskeie van hulle onderneem ook navorsing. In Suid-Afrika bestaan daar tans 'n baie groot tekort aan tandartse.

Tandheelkundige dienste behels twee komponente, te wete korrektiewe en voorkomende be=handeling. Terwyl die werk van tandartse meer toegespits is op korrektiewe behandeling, het hulle nie altyd die tyd om voorkomende maatreëls toe te pas of voorligting te gee nie. Gevolglik word al meer en meer van gekwalifiseerde mondhigiëniste gebruik gemaak om hierdie waardevolle aanvullende professionele diens te lewer. Afgesien van werk=geleentheid by praktiserende tandartse, word mondhigiëniste ook deur die Departement van Gesondheid vir kliniese, voorligtings- en voorkomingsdienste in diens geneem.

## TEOLOGIE

Universiteite: Natal, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch, Suid-Afrika

Die Universiteite van die Oranje-Vrystaat en Port Elizabeth en die Randse Afrikaanse Universiteite bied ook B.A.-Admissie-leergange aan.

### Grade

Baccalaureus Artium: B.A. (UN)

Baccalaureus Artium (Honneurs): B.A.Hons. (UN)

Baccalaureus Theologiae: Th.B. (Rhodes) of B.Th. (Unisa)

Honneurs-Baccalaureus Theologiae: Hons.B.Th. (Unisa)

### Nagraadse Grade

Potchefstroom

Theologiae Baccalaureus: Th.B.

Theologiae Magister: Th.M.

Theologiae Doctor: Th.D.

Rhodes

Baccalaureus Divinitatis: B.D.

Doctor Philosophiae: Ph.D.

Doctor Divinitatis: D.D.

Pretoria

Baccalaureus in Teologie: B.D.

Doktor in Teologie: D.D.

Stellenbosch

Baccalaureus in die Teologie: B.Th.

Magister in die Teologie: M.Th.

Doktor in die Teologie: D.Th.

Lisensiaat in die Teologie

Suid-Afrika

Baccalaureus Divinitatis: B.D.

Magister Theologiae: M.Th.

Doctor Theologiae: D.Th.

### Diplomas en Sertifikaat

Nagraadse Diploma in Teologie (UP)

Sertifikaat in Godsdienskennis (Rhodes)

Diploma in Teologie (Rhodes)

Diploma in Teologie (Unisa)

### GRADE

Baccalaureus Artium: B.A.

Die Universiteit van Natal bied beide Bybelkunde en Teologie aan as hoofvakke waarin twee kwalifiserende kursusse geneem kan word. 'n Kandidaat wat twee kwalifiserende kursusse in een van dié vakke vir sy B.A.-graad voltooi het, kan 'n Honneurskursus in Godsgeleerdheid volg.

Kyk Hoofstuk 2: Universiteit van Natal (p. 9) vir nadere besonderhede aangaande die B.A.-graadkursus.

Baccalaureus Theologiae: Th.B. (Rhodes)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling).

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang sluit die volgende vakke in: Bybelkunde, Sistematiese Teologie, Kerkgeskiedenis, Pastorale Werk, Hellenistiese Grieks of Hebreeus of 'n ander goedgekeurde kursus.

Dié graad kan oor twee jaar na verkryging van 'n graad in 'n ander fakulteit geneem word, na gelang van die vakke.

Baccalaureus Theologiae: B.Th. (Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Leergang: Minstens drie jaar en nie meer as tien jaar nie. Die leergang bestaan uit minstens 30 modules (kyk p. 103). Die volgende vakke op eerstejaarspeil is verpligtend: Ou Testament, Nuwe Testament, Kerkgeskiedenis, Sending- en Godsdienswetenskap, Sistematiese Teologie, Teologiese Etiek, Praktiese Teologie. Minstens twee van dié vakke moet hoofvakke wees.

NAGRAADSE GRADE

Theologiae Baccalaureus: Th.B. (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: 'n B.A.-graad. Die volgende kursusse moet voltooi word: Semitiese Tale II, Grieks II (met inbegrip van Nieu-Testamentiese Grieks), Latyn I, Wysbegeerte II.

'n Student mag nie in sy B.A.-leergang die vak Bybelkunde insluit nie. 'n Student moet ook bewys lewer dat hy 'n bevredigende leeskennis van Duits het.

Leergang: Vier jaar voltydse studie.

Baccalaureus in Teologie: B.D. (Pretoria)

Toelatingsvereistes

Afdeling A - Ned. Hervormde Kerk van Afrika: 'n Baccalaureusgraad en suksesvolle aflegging van: Latyn I of IB, Bybelkunde II of Wysbegeerte II, Grieks II, Hebreus II.

As hoofvakke kan enige twee van die bogenoemde tweedejaarsvakke geneem word: Met dien verstande dat minstens een daarvan òf Grieks III òf Hebreeus III moet wees.

Afdeling B - Nederduits Gereformeerde Kerk: 'n Baccalaureusgraad en suksesvolle aflegging van Bybelkunde I, Voorbereidende Latyn of Duits IB; Grieks II (insluitende Nuwe-Testamentiese Grieks) en Hebreeus II: met dien verstande dat 'n kandidaat wat in Latyn of Duits in die st. 10-eksamen geslaag het, vrygestel word van die verpligting om Voorbereidende Latyn of Duits IB te slaag.

'n Kandidaat wat sendeling wil word, moet 'n kursus in 'n Bantoetaal of Volkekunde of Toegepaste Volkekunde voltooi.

Leergang: Drie jaar voltydse studie.

'n Kandidaat wat hom as predikant van die Ned. Geref. Kerk wil laat oplei, moet ook die Nagraadse Diploma in Teologie aflê. Die kursus strek oor een jaar voltydse studie.

Baccalaureus Divinitatis: B.D. (Rhodes)

Toelatingsvereistes: Die Th.B.-graad of 'n Baccalaureusgraad van 'n ander fakulteit, verkieslik 'n B.A.-graad met twee hoofvakke uit Bybelkunde, Sistematiese Teologie en Kerkgeskiedenis.

Leergang: Een jaar voltydse studie na die Th.B.-graad; twee jaar voltydse studie na 'n B.A.-graad met bogenoemde vakke, anders drie jaar.

Baccalaureus in die Teologie: B.Th. (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in 'n ander fakulteit as die Fakulteit van Teologie verwerf. Die volgende vakke moet met welslae afgelê wees: Bybelkunde I; Hebreeus II en Grieks II (A of B) of 'n goedgekeurde tweejarige kursus in Hebreeus en Grieks.

Die vak Kerklike Hulpbetoon moet nie deel van die minimum van tien jaarkursusse in die geval van die B.A.-graad uitmaak nie.

Met die oog op voorgeskrewe werk word studente sterk aangeraai om 'n leeskennis van Duits te verwerf, desnoods deur Duits I of Duits Spesiaal te volg.

Met die oog op akademiese vorming en diens in een van ondergenoemde afdelings van die Ned. Geref. Kerk se werk word studente aangeraai om die volgende vakke, soos vir elke afdeling aangedui, by die Baccalaureusgraadkursus in te sluit:

(i) Moederkerk: Afrikaans-Nederlands, Filosofie, Sielkunde en Sosiologie

(ii) Sendingkerk: Afrikaans-Nederlands en Sosiologie

(iii) Bantoekerk: Afrikaans-Nederlands, Engels, 'n Bantoetaal en Volkekunde.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels ses vakke wat almal hoof=vakke is.

Lisensiaat in die Teologie (Stellenbosch)

Studente wat die B.Th.-graad verwerf het, word tot die vierdejaarskursus in die Teo=logie toegelaat ter verkryging van die Lisensiaat in die Teologie.

Die kursus bestaan uit 'n skripsie asook voortgesette studie in die ses vakke wat vir die B.Th.-graad geneem is.

Baccalaureus Divinitatis: B.D. (Suid-Afrika)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet 'n Baccalaureusgraad besit, en Klassieke He=breeus II en òf Grieks II òf Hellenistiese Grieks II en òf Latyn I òf Latyn IB voltooi het of

sodanige spesiale eksamens in hierdie vakke afgelê het as wat die Senaat mag bepaal: met dien verstande dat hoogstens twee van die taalkursusse gelyktydig met bepaalde dele van die B.D.-leergang geneem mag word.

'n Leeskennis van Duits is wenslik.

Leergang: Minstens drie jaar. Die graad moet binne tien jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi word.

DIPLOMAS EN SERTIFIKAAT

Sertifikaat in Godsdienskennis (Rhodes)

Toelatingsvereistes: Volwasse nie-matrikulante wat net twee jaar tot hulle beskikking het om die Universiteit by te woon.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die Sertifikaat is bedoel om elementêre opleiding aan voornemende predikante, sendelinge en onderwysers te verskaf.

Die leergang bevat die volgende kursusse: Bybelkunde I en II, Kerkgeskiedenis I en II, Sistematiese Teologie I, enige B.A.-kursus, Pastorale Werk I of 'n ander goedgekeurde kursus, Sosiologie I of Volkekunde I of Sielkunde I of Wysbegeerte I of Pastorale Werk II.

Diploma in Teologie (Rhodes)

Toelatingsvereistes: Volwasse nie-matrikulante wat na die Universiteit vir opleiding gestuur is deur hulle kerklike owerhede.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. Die leergang behels ongeveer dieselfde kursusse as dié van die Sertifikaat in Godsdienskennis vir die eerste twee jaar. In die derde jaar volg studente onder andere Bybelkunde III, Sistematiese Teologie III, Kerkge=skiedenis II.

Diploma in Teologie (Suid-Afrika)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykstaande sertifikaat.

Leergang: Minstens twee jaar. Die leergang behels kursusse in die volgende vakke: Ou Testament, Nuwe Testament, Kerkgeskiedenis, Sending- en Godsdienswetenskap, Siste=matiese Teologie, Teologiese Etiek en Praktiese Teologie.

Let wel: Die Universiteit van Suid-Afrika reik ook die grade Baccalaureus Diaconiolo=giae (B.Diac.) en Honneurs-Baccalaureus Diaconiologiae (Hons.-B.Diac.) uit.

Die graadkursusse kan slegs deur studente van die Hugenote-kollege, Wellington geneem word.

## BEROEPSDIENS

Meer as in die geval van die meeste ander studierigtings, behoort voornemende studente vooraf duidelikheid te verkry op die vrae wat rondom 'n studie in die Teologie sentreer. Aangesien Suid-Afrika 'n godsdiensvrye land is en die talle kerkgenootskappe feitlik sonder enige beperking toegelaat word om hul werksaamhede voort te sit en uit te brei, en kerkgenootskappe baie van mekaar verskil wat betref organisasie, opleiding en diens= voorwaardes van predikers, en so meer, is dit nie moontlik om samevattende besonder= hede oor almal te gee nie. Daar word dus aanbeveel dat belangstellendes self die no= dige inligting van gesaghebbendes in hul besondere kerkorganisasies sal inwin.

As gevolg van die snelle bevolkingsaanwas, is dit duidelik dat hierdie 'n terrein met uitdagende moontlikhede is. Ook die meisie, veral die een wat in sendingwerk belang= stel, hoef nie te vrees dat sy werkloos sal wees nie.

## VEEARTSENYKUNDE

Universiteit: Pretoria

Grade

Baccalaureus in Veeartsenykunde: B.V.Sc.
Baccalaureus Honores in Veeartsenykunde: B.V.Sc.(Hons.)

Magister in Veterinêre Medisyne: M.Med.Vet

Doktor in Veeartsenykunde: D.V.Sc.

Voorgraadse Diploma

Diploma in Diereverpleegkunde: Dip.Cur.Anim.

Nagraadse Diploma

Diploma in Veterinêre Volksgesondheid: D.V.V.G.

### GRADE

Baccalaureus in Veeartsenykunde: B.V.Sc.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling). Addisionele vereistes is soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 96.

Leergang: Vyf-en-'n-half jaar voltydse studie. Aangesien slegs 'n beperkte aantal kan= didate tot die tweede studiejaar toegelaat kan word, vind 'n keuring na aflegging van die eerstejaarseksamens plaas. 'n Kandidaat wat nie gekeur word nie, word toegelaat om vir 'n ander kursus ten opsigte waarvan hy aan die toelatingsvereistes voldoen, in te skryf.

Eerstejaarsvakke is Anatomie, Chemie, Biologiese Wetenskap en Fisika. Vakke wat in die ander vier en 'n half jaar geneem word, sluit in onder andere Anatomie, Patologie, Fi= siologie, Farmakologie, Bakteriële Siektes, Pluimveesiektes, Voedselhigiëne en Volks= gesondheid, Chirurgie, Geneeskunde, Soötegnologie, Interdissiplinêre Dieregeneeskunde.

'n Kandidaat moet die twee amptelike tale voldoende magtig wees om die lesings sowel in Engels as in Afrikaans te kan volg. 'n Kandidaat kan kies in watter amptelike taal hy die eksamen wil aflê.

Gedurende universiteitsvakansies moet studente praktiese werk verrig en bewyse ter stawing daarvan moet voor die einde van die finale studiejaar by die Registrateur in= gedien word.

### VOORGRAADSE DIPLOMA

Diploma in Diereverpleegkunde: Dip.Cur.Anim.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie= vrystelling) met slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde of Biologie van min= stens 40 persent op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad.

Toelating is tot dames beperk.

Leergang: Twee jaar voltydse studie. Die leergang bestaan uit twaalf vakke. Hulle is onder andere Anatomie, Fisiologie, Mikrobiologie en Parasitologie, Algemene Verpleeg=kunde, Radiografie en Fisioterapie, Mediese Verpleegkunde, Teaterpraktyk.

Gedurende elk van die twee jaar moet kliniese werk by die Fakulteit en goedgekeurde privaatpraktyke gedoen word.

'n Kandidaat moet albei amptelike tale voldoende magtig wees om die lesings sowel in Engels as in Afrikaans te volg. 'n Kandidaat kan kies in welke taal sy haar eksamens wil aflê.

NAGRAADSE DIPLOMA

Diploma in Veterinêre Volksgesondheid: D.V.V.G.

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van die B.V.Sc.- of gelykstaande graad, en moet by die Suid-Afrikaanse Veeartsraad as veearts geregistreer wees.

Leergang: Een akademiese jaar vir voltydse kandidate en twee akademiese jare vir deel=tydse kandidate. Die leergang behels Dele I en II. Deel I bestaan uit vyf eksamen=vakke, soos byvoorbeeld Mikrobiologie; Parasitologie; Stadsbeplanning en Fisiologie. Deel II sluit onder andere in Wetgewing en Administrasie, Sanitasie en Higiëne, Ve=terinêre Volksgesondheid.

BEROEPSDIENS

Die gekwalifiseerde veearts ondervind normaalweg geen probleme om 'n bevredigende be=trekking in een van die vele vertakkings van die professie te bekom nie. Inteendeel, daar bestaan 'n behoefte aan veeartse met private praktyke, veral op die platteland.

Aangesien veeartsenykunde gemoeid is met die voorkoming en behandeling van dieresiektes, spruit die werkgeleenthede van die veearts hoofsaaklik uit sy belangstelling in die volgende vertakkings:

- Staatsveeartse in diens van die Departement Landbou-tegniese Dienste. Hulle is basies gemoeid met:

  - Navorsing op groot en intensiewe skaal by die Navorsingsinstituut te Onderste=poort. Hier is geleentheid om in een of meer van twaalf afdelings te spe=sialiseer. Werksaamhede sluit ook in die vervaardiging en verspreiding van entstof;
  - velddienste en voorligting, wat insluit besoeke aan boere, hulpverlening aan staatsdepartemente, roetine-laboratoriumpligte en so meer. 'n Staatsveearts word bygestaan deur 'n aantal veeinspekteurs op buiteposte in sy gebied.

- Die private praktisyn, soms ook in vennootskap met ander veeartse, met 'n eie spreekkamer. Sommige van hulle spesialiseer ook en behandel dan slegs een soort dier.
- Veeartse in diens van munisipaliteite om te waak oor openbare gesondheid.
- Veeartse in diens van landboukoöperasies tot nut en gerief van lede.
- Veeartse in diens van private ondernemings, onder andere vervaardigers van vee=middels en diereprodukte, eienaars van groot vee-stoeterye, pluimveeplase en so meer.
- Daar bestaan ook die moontlikheid van 'n pos as dosent aan die Universiteit van Pretoria.

Die Diploma in Diereverpleegkunde bied die enigste formele opleiding van veeartseny=kundige verpleegsters in die RSA. Die kursus is net vir dames bedoel en die taak van gekwalifiseerdes is om veeartse op velerlei wyse by te staan. Hierdie verpleegsters werk dan ook altyd onder toesig van 'n veearts in 'n private praktyk, in enige inrig=ting waar navorsing met of op diere gedoen word en in dierehospitale of -klinieke. Die werk is selde van 'n roetine-aard en word gewoonlik onder aangename omstandighede ver=rig. Die vooruitsigte is goed en aan die dame wat simpatiek met diere kan werk, wat

prakties, geduldig, noukeurig en netjies is, word die geleentheid vir 'n interessante loopbaan gebied.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Veeartsenykundige Tegnologie.

VERPLEEGKUNDE

Universiteite: Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Stellenbosch, Suid-Afrika, Witwatersrand

Grade

Baccalaureus Scientiae (Verpleegkunde): B.Sc.(Verpl.) (UK)
Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (gekwalifiseer as 'n verpleegster): B.Soc.Sc. (UN)
Baccalaureus Societatis Scientiae in Verpleegkunde: B.Soc.Sc.(Verpl.) (UOVS)
Baccalaureus Curationis: B.Cur. (UPE)
Baccalaureus Artium et Scientiae (Verpleegkunde): B.Art. et Scien. (Verpl.) (PU vir CHO)
Baccalaureus in Verpleegkunde: B.Cur. (UP, RAU)
Baccalaureus in Verpleegkunde: B.Verpleegkunde (US)
Baccalaureus Scientiae in Verpleegkunde: B.Sc.(Verpleegkunde) (UW)
Baccalaureus Artium in Verpleegkunde: B.A.(Cur.) (Unisa)
Baccalaureus Curationis (Institutionis et Administrationis): B.Cur. (I. et A.) (UPE)
Baccalaureus in Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie): B.Cur. (I. et A.) (UP)
Baccalaureus in Verpleegkundige Onderrig en Administrasie: B.Cur.(Ed. et Adm.) (RAU)

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (Honneurs): B.Soc.Sc.Hons. (UN)
Honneurs-Baccalaureus Societatis Scientiae in Verpleegkunde: B.Soc.Sc.(Hons.)(Verpl.) (UOVS)
Honneurs-Baccalaureus in Verpleegkunde: Hons.-B.Verpleegkunde (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium in Verpleegkunde: Hons.-B.A.(Cur.) (Unisa)

Magister in Sosiale Wetenskappe: M.Soc.Sc. (UN)
Magister Societatis Scientiae in Verpleegkunde: M.Soc.Sc.(Verpl.) (UOVS)
Magister Curationis: M.Cur. (UPE)
Magister Artium et Scientiae (Verpleegkunde): M.Art. et Scien. (Verpl.) (PU vir CHO)
Magister in Verpleegkunde: M.Cur. (UP, RAU) of M. Verpleegkunde (US)
Magister Artium in Verpleegkunde: M.A.(Cur.) (Unisa)
Magister Scientiae in Verpleegkunde: M.Sc. (Verpleegkunde) (UW)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN, UW)
Doktor in Sosiale Wetenskappe: D.Soc.Sc. (UN)
Doctor Societatis Scientiae in Verpleegkunde: D.Soc.Sc.(Verpl.) (UOVS)
Doctor Curationis: D.Cur. (UPE)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (PU vir CHO)
Doktor in Verpleegkunde: D.Cur. (UP, RAU)
Doctor Litterarum et Philosophiae: D.Litt. et Phil. (Unisa)

Diplomas en Sertifikaat

Diploma in Verplegingsonderwys (UK, US, UW)
Universiteitsdiploma in Verplegingsonderwys (UN)
Diploma in Verpleegkunde (Algemeen, Verloskunde, Psigiatrie): Dip. (Verpl.) (UOVS)
Na-basiese Diplomas in Verpleegkunde (met spesialisasie in Verplegingsadministrasie of Verplegingsonderwys of Gemeenskapsgesondheidsorg (UOVS)
Diploma in Verplegingsonderwys en Gemeenskapsgesondheidsverpleging: Dip. V.O. (UPE)
Diploma in Verplegingsadministrasie en Gemeenskapsgesondheidsverpleging: Dip. V.A. (UPE)
Diploma in Verpleegonderwys (gegradueer): D.V.O. (gegradueer) (PU vir CHO)
Diploma in Verpleegonderwys (UP)
Diploma in Verpleegadministrasie (UP)
Diploma in Verpleegkundige Onderrig: D.V.O. (RAU)
Diploma in Verplegingsadministrasie: D.V.A. (RAU, UW)
Diploma in Verplegingsadministrasie en Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde: D.V.A. & G. (RAU)
Diploma in Gevorderde Verpleegkunde (Unisa)
Sertifikaat in Onkochemoterapie (Verpleegkunde) (UP)

GRADE

Baccalaureus Scientiae (Verpleegkunde): B.Sc.(Verpl.) (Kaapstad)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Standaardgraad. Daar word aanbeveel dat Natuur- en Skeikunde, Fisika of Chemie of Biologie 'n vak vir die standerd 10-eksamen moet wees.

Elke kandidaat moet 'n mediese sertifikaat indien en minstens 17 jaar oud wees.

Suksesvolle applikante moet voltydse diens as studentverpleegsters by die Groote Schuur-hospitaal aanvaar vir 'n proeftyd van twee maande met ingang van Januarie. Aan die einde van die proeftyd vind die finale keuring vir toelating plaas.

Leergang: Vier jaar. Na suksesvolle aflegging van die kursus is die student registreer=baar by die SA Verpleegstersraad as 'n Algemene Verpleegster.

Die leergang sluit die volgende kursusse in: Fisika, Biologie, Chemie, Bakteriologie, Anatomie, Fisiologie, Farmakologie, Menslike Gedrag, Gemeenskapsgesondheidsverpleeg=kunde, Verpleegkunde I, II, III en IV, Verloskunde.

Praktiese ondervinding in verpleging word uitgevoer in samewerking met die verpleeg=sters en ander personeel van die Groote Schuur-hospitaal.

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (gekwalifiseer as 'n verpleegster): B.Soc.Sc. (Natal)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling). 'n Kandidaat moet 'n ingeskrewe studentverpleegster/verpleër wees aan 'n hospitaal wat deur die SA Verpleegstersraad as 'n opleidingshospitaal goedgekeur is, en waar alle praktiese opleiding vir die volle duur van die kursus sal plaasvind.

Leergang: Vier jaar. Die leergang sluit die volgende kursusse in: Anatomie, Fisio=logie, Spesiale Wetenskap (Fisika en Chemie), Sielkunde I, Sosiologie I, Inleiding tot Psigiatriese Verpleegkunde, Verloskunde, Verpleegkunde I, II, III en IV plus

Sielkunde II en III en Sosiologie II of Sosiale Antropologie I OF Sosiologie II en III en Sielkunde II of Sosiale Antropologie I OF Sosiale Antropologie I, II en III.

Baccalaureus Societatis Scientiae in Verpleegkunde: B.Soc.Sc.(Verpl.) (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) en 'n bewys van inskrywing as 'n studentverpleegster/verpleër by 'n opleidingshospitaal, goedgekeur deur die SA Verpleegstersraad, waar alle praktiese op=leiding vir die volle duur van die kursus plaasvind.

Leergang: Drie jaar (ses semesters). Die hoofvakke is Verpleegkunde (Teorie en Prak=ties) en Sielkunde of Sosiologie. Ander vakke is Anatomie, Biofisika Spesiaal, Chemie Spesiaal, Fisiologie, Mikrobiologie en Farmakologie.

Studente in besit van dié graad kan alleenlik by die SA Verpleegstersraad as 'n ver=pleegster/verpleër registreer na suksesvolle aflegging van die graad B.Soc.Sc.(Hons.) (Verpl.).

Honneurs-Baccalaureus Societatis Scientiae in Verpleegkunde: B.Soc.Sc.(Hons.)(Verpl.) (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereiste: B.Soc.Sc.(Verpl.).

Leergang: Drie semesters voltydse studie. Kandidate begin met die kursus onmiddellik na die verwerwing van die graad B.Soc.Sc.(Verpl.). Die leergang behels drie semester=kursusse in Verpleegkunde asook praktiese opleiding.

Baccalaureus Curationis: B.Cur. (Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) en 'n bewys van inskrywing as studentverpleegster/verpleër by 'n oplei=dingshospitaal, goedgekeur deur die SA Verpleegstersraad, waar alle kliniese opleiding vir die volle duur van die kursus plaasvind.

Daar word aanbeveel dat Wiskunde en/of Natuur- en Skeikunde as st. 10-vak geneem word.

Leergang: Nege semesters (vier en 'n halfjaar). Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Anatomie en Histologie, Etos van Verpleging, Fisiologie, Sielkunde vir Verpleegsters/Verpleërs, Sosiologie I, II en III, Algemene Verpleegkunde I, II, III en IV, Psigiatriese Verpleegkunde, Verloskundige Verpleegkunde of Ortopediese Verpleegkunde (vir manstudente).

Die volgende endossement verskyn op die graadsertifikaat: Opgelei as Algemene Verpleegster/Verpleër, Vroedvrou of Ortopediese Verpleër, en Psigiatriese Verpleegster/Verpleër.

Baccalaureus Artium et Scientiae (Verpleegkunde): B.Art. et Scien.(Verpl.) of

Baccalaureus in Verpleegkunde: B.Cur. of

Baccalaureus Scientiae in Verpleegkunde: B.Sc. (Verpleegkunde)

(Potchefstroom, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Witwatersrand)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en bewys van inskrywing as studentverpleegster/verpleër by 'n opleidingshospitaal, goedgekeur deur die SA Verpleegstersraad, waar alle praktiese opleiding vir die volle duur van die kursus plaasvind.

Addisionele vereistes

Potchefstroom: 'n Student moet oor Wiskunde, Wetenskap en Biologie ôf Wiskunde en Wetenskap ôf Wetenskap en Biologie ôf Wiskunde en Biologie ôf Wiskunde as standerd tienvakke beskik. Studente word gekeur.

Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit: Wiskunde of Natuur- en Skeikunde sal 'n aanbeveling wees.

Witwatersrand: 'n Slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad of minstens 50 persent op die Standaardgraad en

'n slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is of twee van die volgende vakke indien Wiskunde op die Standaardgraad geslaag is: Aardrykskunde, 'n Bantoetaal, Biologie, Duits, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

Leergang: Vier jaar (Potchefstroom, Witwatersrand); vier en 'n halfjaar (Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit). Die leergang behels onder andere die volgende kursusse: Anatomie, Fisiologie, Mikrobiologie of Chemie (Witwatersrand), Verloskundige Verpleegkunde, Psigiatriese Verpleegkunde. Aan die Universiteit van die Witwatersrand neem die manstudente Psigiatriese Verpleegkunde in plaas van Verloskundige Verpleegkunde. Die hoofvakke vir die graadkursus is Verpleegkunde IV en Sielkunde III of Sosiologie III.

Na voltooiing van die graadkursus kan studente aan die Potchefstroomse Universiteit en damestudente aan die Universiteit van die Witwatersrand 'n sesmaandekursus in Psigiatriese Verpleegkunde volg.

Baccalaureus in Verpleegkunde: B.Verpleegkunde (Stellenbosch)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot die kursus toegelaat.

Leergang: Gedurende die vier jaar van die graadkursus bly die student op die diensstaat van die Tygerberg-hospitaal as leerlingverpleegster/verpleër. Die leergang behels die volgende kursusse: Sielkunde III (hoofvak), Verpleegkunde IV (hoofvak), Sosiologie I, Maatskaplike Sorg in Verpleegkunde, Afrikaans I.

Baccalaureus Artium in Verpleegkunde: B.A.(Cur.) (Suid-Afrika)

Toelatingsvereistes: Bewys van registrasie by die SA Verpleegstersraad ôf as algemene verpleegster en as vroedvrou in die geval van 'n damestudent ôf as algemene verpleër in die geval van 'n manstudent.

Leergang: Minstens drie jaar. Die hoofvakke is Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde III en ôf Verpleegadministrasie III ôf Verpleegonderwys III. 'n Student moet die vereiste praktiese werk voltooi voordat die graad toegeken word.

Baccalaureus Curationis (Institutionis et Administrationis): B.Cur. (I. et A.) of

Baccalaureus in Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie): B.Cur. (I. et A.) of

Baccalaureus in Verpleegkundige Onderrig en Administrasie: B.Cur. (Ed. et Adm.)

(Port Elizabeth, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) en 'n bewys van registrasie as verpleegster/verpleër by die SA Verpleeg=stersraad.

Addisionele vereistes

Port Elizabeth: Damestudente wat die keusevak Voorkomende en Bevorderende Gesondheid=sorg II wil volg, moet ook as vroedvrou geregistreer wees, of in die geval van manstu=dente as algemene verpleër en psigiatriese verpleër.

Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit: Kandidate wat Volksgesondheidsverpleegkunde II (Pretoria) of Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde (RAU) wil volg moet ook as vroed=vrou geregistreer wees, of as algemene verpleër en psigiatriese verpleër.

Leergang: Drie jaar voltydse of vier jaar deeltydse studie. Die hoofvakke is soos volg:

Port Elizabeth: Verpleegkundige Onderrig III, Verpleegkundige Administrasie III, Sosio=logie III of Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg II.

Pretoria: Verpleegonderwys III, Verpleegadministrasie III, Sosiologie III of Sielkunde III of Volksgesondheidsverpleegkunde II.

Randse Afrikaanse Universiteit: Opvoedkunde III, Verplegingsbestuur III, Sosiologie III, Gevorderde Verpleegkunde, Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde II.

DIPLOMAS EN SERTIFIKAAT

Diploma in Verplegingsonderwys of

Diploma in Verplegingsonderwys en Gemeenskapsgesondheidsverpleging: Dip. V.O. of

Diploma in Verpleegonderwys of

Diploma in Verpleegkundige Onderrig: D.V.O.

(Kaapstad, Port Elizabeth, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Stellenbosch, Witwatersrand)

Toelatingsvereistes

Kaapstad: Matrikulasiesertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat goedgekeur deur die Senaat en bewys van registrasie by die SA Verpleegstersraad as algemene verpleegster/verpleër. Wiskunde op die st. 10-peil is nie 'n voorvereiste vir toelating nie, maar word sterk aanbeveel.

Port Elizabeth: 'n Senior Sertifikaat en bewys van registrasie by die SA Verpleegsters=raad as algemene verpleegster en as vroedvrou, of in die geval van mans as algemene ver=pleër plus enige ander na-basiese registrasie. 'n Kandidaat wat Psigiatriese Verpleeg=kunde as onderwysvak wil volg, moet bewys lewer van registrasie as psigiatriese ver=pleegster/verpleër.

Pretoria: 'n Senior Sertifikaat en die kandidaat moet bewys lewer dat sy/hy geregi=streer is as 'n algemene verpleegster/verpleër, of 'n psigiatriese verpleegster/ver=pleër. 'n Kandidaat wat spesiale studie in Verloskunde of Psigiatriese Verpleegkunde wil doen, moet as vroedvrou of as psigiatriese verpleegster/verpleër geregistreer wees.

Randse Afrikaanse Universiteit: 'n Senior Sertifikaat en bewys van registrasie as ver=pleegster/verpleër. 'n Kandidaat wat Verloskunde of Psigiatriese Verpleegkunde as 'n onderrigonderwerp wil neem, moet bewys lewer van registrasie as vroedvrou of as psigi=atriese verpleegster/verpleër.

Stellenbosch: 'n Senior Sertifikaat; 'n sertifikaat van registrasie as algemene ver=pleegster by die SA Verpleegstersraad; en twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde verpleegster, waarvan een jaar praktiese verplegingsondervinding in die kliniese af=delings van 'n opleidingshospitaal vir verpleegsters moet wees.

Witwatersrand: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Die kandidaat moet by die SA Verpleegstersraad geregistreer wees as 'n algemene verpleegster/verpleër of 'n psigiatriese verpleegster/verpleër met 18 maande ervaring as verpleegster waarvan een jaar in 'n goedgekeurde opleidingsinrigting vir verpleegsters moet wees: Met dien verstande dat 'n kandidaat wat in besit is van 'n B.-graad in Verpleegkunde net een jaar ondervinding as 'n verpleegster in 'n opleidingsinrigting moet opdoen.

Leergang: Een en 'n halfjaar voltydse studie (Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Witwatersrand); twee jaar voltydse studie (Kaapstad, Port Elizabeth, Stellenbosch). Aan die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit duur die kursus net een jaar vir kandidate wat in besit is van 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad in Verpleegkunde. Aan die Universiteit van Port Elizabeth duur die kursus 3 semesters vir kandidate met 'n graad in Verpleegkunde en 2 semester vir kandidate wat geregistreer is as Gemeenskapsgesondheidsverpleegsters en in besit is van 'n B.-graad in Verpleegkunde.

Universiteitsdiploma in Verplegingsonderwys (Natal)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat; bewys van registrasie as verpleegster/verpleër by die SA Verpleegstersraad; en twee jaar ondervinding in verpleging.

Leergang: Een en 'n halfjaar voltydse studie. Die Diplomakursus word aangebied in die Fakulteit van Geneeskunde.

Diploma in Verpleegkunde (Algemeen, Verloskunde, Psigiatrie): Dip. (Verpl.) (Oranje-Vrystaat)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en 'n bewys van inskrywing as studentverpleegster/verpleër by 'n opleidingshospitaal goedgekeur deur die SA Verpleegstersraad.

Leergang: 4 jaar voltydse opleiding. Kandidate word as studentverpleegsters by 'n goedgekeurde hospitaal ingeskryf waar alle praktiese opleiding vir die volle duur van die kursus plaasvind.

Studente wat die Diploma verwerf kan by die SA Verpleegstersraad registreer. Die leergang is soortgelyk aan dié vir die B.Soc.Sc.(Verpl.)-graad.

Na-basiese Diplomas in Verpleegkunde (Oranje-Vrystaat)

Die volgende diplomas kan verwerf word:

(i) Na-basiese Diploma in Verplegingsadministrasie

(ii) Na-basiese Diploma in Verplegingsonderwys

(iii) Na-basiese Diploma in Gemeenskapsgesondheidsorg

Toelatingsvereistes vir (i) en (ii): 'n Senior Sertifikaat en 'n bewys van registrasie as 'n algemene verpleegster/verpleër of 'n psigiatriese verpleegster/verpleër en twee jaar toepaslike ervaring of vyf jaar in die geval van Verplegingsadministrasie as spesialiseringsrigting.

Leergang van (i) en (ii): Minstens een jaar voltydse studie.

Toelatingsvereistes vir (iii): (a) 'n Geïntegreerde graad of diploma (wat opleiding in Algemene Verpleegkunde, Verloskunde of Ortopedie en Psigiatrie impliseer) van hierdie Universiteit en bewys van registrasie as verpleegster/verpleër;

of

(b) 'n ander toepaslike graad of diploma wat lei tot registrasie as verpleegster/verpleër.

Leergang van (iii): (a) Een semester of (b) twee semesters.

Diploma in Verpleegonderwys (gegradueer): D.V.O. (gegradueer) (Potchefstroom)

Toelatingsvereistes: 'n Graad in Verpleegkunde wat 'n afsonderlike kursus in Anatomie insluit.

Leergang: Minstens een akademiese jaar voltydse studie.

Diploma in Gevorderde Verpleegkunde (Suid-Afrika)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en die kandidaat moet bewys lewer van registrasie as algemene verpleegster/verpleër. 'n Kandidaat wat Gemeenskapsgesondheids=

verpleegkunde II en/of Verpleegonderwys II wil neem, moet geregistreer wees as algemene verpleegster sowel as vroedvrou in die geval van 'n damestudent.

Leergang: Minstens twee jaar.

Diploma in Verplegingsadministrasie en Gemeenskapsgesondheidsverpleging: Dip.V.A.
(Port Elizabeth)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en bewys van registrasie as algemene verpleegster en as vroedvrou, of in die geval van mans as algemene verpleër plus enige ander na-basiese registrasie.

Leergang: Een en 'n halfjaar voltydse studie. Kandidate wat ook as dosente of as Gemeenskapsgesondheidsverpleegsters/verpleërs geregistreer is, kan die kursus in een jaar voltooi en sal vrygestel word van sekere vakke ooreenkomstig die kwalifikasies wat hulle besit.

Diploma in Verpleegadministrasie of

Diploma in Verplegingsadministrasie: D.V.A.

(Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Witwatersrand)

Toelatingsvereistes

Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit: 'n Senior Sertifikaat en die kandidaat moet bewys lewer dat sy/hy geregistreer is as 'n algemene verpleegster/verpleër of 'n psigiatriese verpleegster/verpleër.

Witwatersrand: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Die kandidaat moet geregistreer wees as 'n algemene verpleegster/verpleër of 'n psigiatriese verpleegster/verpleër met minstens twee jaar ervaring as verpleegster waarvan een jaar in 'n goedgekeurde opleidingsinrigting vir verpleegsters moet wees.

Leergang: Een jaar voltydse studie.

Diploma in Verplegingsadministrasie en Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde: D.V.A. & G.
(Randse Afrikaanse Universiteit)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en die kandidaat moet bewys lewer van registrasie by die SA Verpleegstersraad as algemene verpleegster en as vroedvrou of as algemene verpleër en psigiatriese verpleër.

Leergang: Drie semesters voltydse studie.

Sertifikaat in Onkochemoterapie (Verpleegkunde) (Pretoria)

Toelatingsvereistes: 'n Bewys van registrasie as algemene verpleegster/verpleër en 'n goedgekeurde graad in Verpleegkunde of die Diploma in Verpleegonderwys of die Diploma in Algemene Verpleegkunde.

Leergang: Een semester. Gedurende hierdie tyd moet die kandidaat verbonde wees aan 'n Departement Kankerchemoterapie vir die doel goedgekeur.

## BEROEPSDIENS

Die jong aspirant-verpleegster wat haar vir opleiding en diens aanmeld, koester gewoonlik 'n besondere ideaal. Hierdie ideaal word verwesenlik wanneer sy haar opleiding met sukses voltooi het. As student kry sy die geleentheid om met alle aspekte van die beroep kennis te maak; as geregistreerde verpleegster word die verworwe kennis ten volle benut en uitgebrei om 'n naastediens te lewer wat eie aan die wese van die vrou is.

Hoewel die basiese behoeftes van pasiënte onveranderd gebly het, het verpleging, as gevolg van die geweldige wetenskaplike vooruitgang van die geneeskunde, vandag 'n hoogs gespesialiseerde beroep geword en vereis die pligte en verantwoordelikhede van die geregistreerde verpleegster 'n baie hoë peil van opleiding en vaardigheid. Deur haar omvattende maar tog intensiewe opleiding, wat ook persoonlikheidsvorming behels, verwerf die verpleegster bevoegdheid om besluite te neem, om 'n gesonde oordeel te vel en 'n saak wetenskaplik te beredeneer en is sy in staat om aan die hoë eise te voldoen wat 'n dinamiese samelewing aan haar as verpleegster en as individu stel.

Waar die verpleegster ook al werksaam is - in hospitale, in private verpleeginrigtings, in die nywerheid, in klinieke, in skole, in spreekkamers, in die distrik - daar is sy gemoeid met die welvaart en gesondheid van die individu en die gemeenskap oor die al= gemeen. Haar pligte eindig nie by die verligting van pyn of spesifieke fisieke onge= steldheid van die pasiënt nie. Sy moet ook kan luister en die gekwelde gemoed probeer verstaan; die pasiënt inspireer wanneer sy eie hoop verflou het en hom lei tot aan= vaarding en berusting indien daar nie hoop op genesing is nie. Sy moet dus werklik begerig wees om haar medemens te help en te dien. Dit vereis intelligensie, geduld, takt, onselfsugtigheid en simpatieke optrede, maar tog moet sy emosioneel gebalanseerd wees en ferm kan optree indien nodig.

Oor die werksmoontlikhede vir die verpleegster bestaan daar nie twyfel nie. Die diens wat deur gekwalifiseerde verpleegsters gelewer moet word, brei steeds uit as gevolg van meer hospitale en die bevolkingsaanwas. Daar bestaan gevolglik ook ruim geleentheid vir promosie. Hierby het die verpleegster 'n keuse uit een of meer van etlike basiese en na-basiese rigtings waarin sy haar kan bekwaam en ten volle kan uitleef. Die mees algemene werkplek van 'n verpleegster is 'n hospitaal, maar daar is ook heelwat ander terreine van indiensneming. Provinsiale en ander hospitale, onderwysdepartemente, staatsdepartemente soos dié van Gesondheid en Verdediging, munisipaliteite, geneeshere en spesialiste, nywerheidsorganisasies en so meer, neem almal verpleegsters in diens. Tog bly dit beter en meer ekonomies om mense tuis te verpleeg eerder as om hulle in 'n hospitaal op te neem, en daarom sal die vraag na private verpleegsters steeds toeneem.

Verdere inligting oor opleiding en aspekte soos salarisse, diensvoorwaardes, bevorde= ring, ens. kan op aanvraag verkry word van:

Die Uitvoerende Direkteur, SA Verpleegstersvereniging, Privaatsak X105, Pretoria 0001.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die opleiding van verpleegsters buite die universiteite.

## VERTALING

Universiteite: Rhodes, Suid-Afrika

Graad

Baccalaureus Artium (Vertaling): B.A. (Vertaling) (Rhodes)

Diplomas

Nagraadse Diploma in Vertaling (Rhodes)

Diploma in Vertaling (Unisa)

### GRAAD

Baccalaureus Artium (Vertaling): B.A. (Vertaling) (Rhodes)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Kyk p. 23.

Leergang: Drie jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet krediet verwerf in minstens tien kursusse gekies uit die lys van vakke vir die gewone B.A.-graad (kyk p. 23). Die leer= gang moet die volgende vakke insluit: Vertaling I, II en III; 'n tweede hoofvak gekies uit die hoofvakke vir die B.A.-graad; Linguistiek I; Engels I en Afrikaans/Nederlands I of Afrikaans I.

### DIPLOMAS

Nagraadse Diploma in Vertaling (Rhodes)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n graad wat vir die doel goedgekeur is, of tot die status van sodanige graad toegelaat wees, en voldoen het aan die vereistes van die Aanlegtoets in Vertaling.

Leergang: Minstens een akademiese jaar. Daar word van Diploma-kandidate verwag om ge= durende hul studietydperk vir minstens vier weke in 'n goedgekeurde inrigting vir ver= taling te werk om praktiese ondervinding op te doen.

Diploma in Vertaling (Suid-Afrika)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet

- in besit wees van 'n erkende Baccalaureusgraad; en

- geslaag het in die derde kursus in elk van twee tale waarin onderrig in vertaling aangebied word en in Linguistiek I/Algemene Taalwetenskap I of 'n gelykstaande kursus; of

- minstens twee jaar bevredigende ervaring gehad het as vertaler in die tale waarin onderrig verlang word in 'n erkende vertaalkantoor of vir 'n erkende instansie.

Die Departement Linguistiek kan kandidate vra om 'n taal- en vertaaltoets af te lê.

Leergang: Minstens een akademiese jaar. 'n Student moet 'n groepsessie (lesings en besprekings) van een week per jaar bywoon. Groepsessies word in Pretoria en Kaapstad gereël en vind normaalweg in November plaas.

Die leergang bestaan uit vier vraestelle naamlik Basiese taalkunde, Vertaalpraktyk I en II, Beginsels van vertaling.

BEROEPSDIENS

Die vertaler moet, benewens uitstekende taalbeheersing, 'n veelsydige gees hê wat hom in staat stel om met gemak op baie verskillende gebiede van kennis te beweeg en om, op die peil van die deskundige, ingewikkelde en subtiele begrippe in een taal te snap en dit dan in 'n ander taal oor te dra. Dit moet 'n persoon wees met wye belangstelling, en wat goed ingelig is oor aktuele vraagstukke soos dié van politieke, ekonomiese, opvoedkundige, maatskaplike, wetenskaplike en tegnologiese aard.

Die bestaansreg van hierdie beroep spruit uit die vereiste van gelykberegtiging van albei landstale. In die openbare sowel as die private sektor sal daar steeds 'n vraag na bedrewe vertalers wees.

Kyk ook p. 37.

VOEDSELWETENSKAP

Universiteit: Stellenbosch

Grade

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: B.Sc. in Voedselwetenskap

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: Hons.-B.Sc. in Voedselwetenskap

Magister in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: M.Sc. in Voedselwetenskap

Doktor in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: D.Sc. in Voedselwetenskap

Doktor in die Wysbegeerte (Voedselwetenskap): Ph.D. (Voedselwetenskap)

GRAAD

Baccalaures in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: B.Sc. in Voedselwetenskap

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasie=vrystelling) met slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op minstens die Standaardgraad. Indien 'n student Botanie en/of Soölogie wil volg, word hy sterk aangeraai om benewens Natuur- en Skeikunde, ook Biologie vir die st. 10-eksamen aan te bied.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die volgende vakke word in die eerste jaar geneem: Chemie, Fisika, Wiskunde, Biologie of Botanie of Soölogie. Vakke wat in die ander drie jaar geneem word, sluit in onder andere: Voedselwetenskap, Chemie, Biochemie, Voedselfabriekmasjiene, Mikrobiologie (Bakteriologie), Mikrobiologie (Voedselmikrobiologie).

Studente moet vir minstens twee maande van hul somer- en/of wintervakansies praktiese werk in goedgekeurde voedselfabrieke of voedselnavorsingsinrigtings doen.

BEROEPSDIENS

Alhoewel die voedselbedryf die grootste en mees stabiele bedryf in die wêreld is, moet dit steeds tred hou met die snelle aanwas van die wêreldbevolking. Dit is ook een van die bedrywe met die grootste behoefte aan wetenskaplikes en tegnoloë, aangesien die voorsiening van geskikte en gesonde voedsel 'n lewensnoodsaaklikheid is. Ook Suid-Afrika het voedselwetenskaplikes en -tegnoloë dringend nodig. Hulle speel 'n sleutel=

rol in die moderne voedselnywerheid en is onontbeerlik vir die bedryf van die toekoms, dus ook vir die ontwikkeling en welsyn van die hele land. Die groot verskeidenheid van vervaardigde voedselprodukte wat vandag te koop aangebied word en wat die verbruiker soveel moeite en tyd aan voorbereiding bespaar, is die prestasie van die voedselweten=skap.

In sommige staatsdepartemente, die SABS, die WNNR en die verkillende Beheerrade bestaan daar 'n besondere vraag na behoorlik opgeleide persone om basiese en toegepaste navor=sing op voedsel te onderneem, om probleme van die nywerheid te ondersoek, om voedsel=analise te doen en om kwaliteitsbeheer en inspeksiewerk te onderneem, sodat alleen pro=dukte van die beste gehalte bemark word. In die nywerheid self bestaan daar ook talle geleenthede. Vrugte- en groentefabrieke, bakkerye, meulenaars, vervaardigers van graan=kosse, suiwel- en inmaakfabrieke, vleis- en visfabrieke, lekkergoed- en koeldrankver=vaardigers, die vervaardigers en verspreiders van voedselfabriekmasjinerie, verpakkings=materiale en chemikalieë vir die voedselnywerheid en so meer, het byvoorbeeld almal die dienste van voedselwetenskaplikes en -tegnoloë nodig, en bied aan hulle 'n verskeiden=heid van interessante en uitdagende geleenthede in kwaliteitsbeheer, produkontwikkeling, vervaardiging en produksie, tegniese verkope en bestuur. Die Departement van Landbou-tegniese Dienste onderneem navorsingswerk in verband met die preservering van voedsel by die Navorsingsinstituut vir Vrugte en Voedseltegnologie te Stellenbosch. Op Nel=spruit word weer koelopbergingstudies oor sitrus en subtropiese vrugte onderneem.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Voedsel=tegnologie.

## WEERKUNDE

Universiteit: Pretoria

Grade

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Weerkunde: B.Sc. (Weerkunde)

Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde: B.Sc. (Hons.)

Magister in Wis- en Natuurkunde: M.Sc.

Doktor in Wis- en Natuurkunde: D.Sc.

### GRAAD

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Weerkunde: B.Sc. (Weerkunde)

Toelatingsvereiste: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk p. 96.

Leergang: Vier jaar voltydse studie. Die leergang behels die volgende vakke: Weer=kunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Fisika, Wiskundige Statistiek, Aardrykskunde of Chemie, en Programmering (Bywoningskursus).

Na die tweede en derde studiejare moet kandidate verpligte vakansiewerk vir tydperke van drie weke by die Weerburo in Pretoria verrig.

### BEROEPSDIENS

Kandidate wat hierdie loopbaan met sukses wil volg, moet in die weer en atmosferiese verskynsels en die oorsaaklike verband van grootskaalse natuurverskynsels belangstel. Hulle word in diens geneem deur die Departement van Vervoer vir aanstelling in die Weer=buro. Hier verrig die weerkundige (man of dame) sy pligte in goed toegeruste kantore. 'n Beperkte hoeveelheid navorsing word in die laboratoriums gedoen, terwyl daar ook in=teressante praktiese werk in verband met weervoorspellings gedoen word. Weerkundiges het die geleentheid om 'n keuse uit agt spesialiseringsrigtings te maak.

Vir aanstelling as assistent-weerkundige is 'n toepaslike baccalaureusgraad 'n vereiste, terwyl 'n vierjarige B.Sc.-graad in Weerkunde of 'n B.Sc. (Hons.)-graad in Weerkunde vir weerkundiges vereis word. Indiensopleiding in weerwaarneming, die hantering van weer=kundige instrumente en weervoorspelling word onder leiding van senior beamptes in die Weerburo behartig.

Kyk ook Landbouweerkunde, p. 178.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegni=ci (Weerkunde).

## INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS


Aardrykskundige: Kyk Geograaf

Administrasie: 38, 50, 53, 59, 68, 71, 72, 77, 81, 84

Administratiewe Assistent: 35, 83, 85

Advertensie-agent/-beampte: 173

Advokaat: 196

Afdrukkuns: 138

Afrikatale: 38

Agrariese Voorligting: 176, 180

Agronoom: 177

Akkerboukundige: 177

Aktevervaardiger: 196

Aktuaris: 45, 117

Algemene Taalwetenskap: 39

Analitiese Skeikundige: 109

Antropoloog: 42

Aptekerswese: 154

Arbeidsterapie: 133

Argeoloog: 39

Argitektuur: 134, 145

Argivaris: 40

Astronoom: 115

Atoomfisikus: 110

Ballet: 189

Bankbedryfsleer: 45

Bantoeïstiek/Bantoekunde : 17, 29

Bantoesakekommissaris: 198

Bedryf- en Personeelsielkunde: 56, 80

Bedryfsadministrasie: 45, 46, 51, 57, 60, 63, 69, 70, 77, 81

Bedryfsbestuurder: 81

Bedryfsdataverwerking: 77

Bedryfsekonoom: 51, 53, 56, 81

Bedryfs- en Organisasiesielkunde: 54

Bedryfsfinansiering: 45

Bedryfsgeneeskunde: 157

Bedryfsingenieurswese: 166, 168

Bedryfsleiding: 72

Bedryfsrekeningkunde (Kosterekening=kunde): 56, 57, 81, 83

Bedryfsielkundige: 41, 54, 56, 62, 80

Beeldende Kunste: 177, 135, 137

Beeldhoukuns: 137

Begeleier (Musiek): 188

Belasting: 46, 196

Bemarkingsbeampte: 45, 58, 81, 110, 115

Bemarkingsbestuurder: 45, 58, 81, 110, 115

Beplanning: 204

Beplanning van Ontwikkelende Gebiede: 206

Beroepsgeneeskunde: 157

Beroepsgerigte Studierigtings: 133

Beroepsgesondheid: 157

Besigheidsadministrasie: Kyk Bedryfsad=ministrasie

Besigheidsbestuur en -administrasie: 69, 70

Besigheidswetenskap: 45

Bestuursrekeningkunde: 46

Bibliotekaris/Biblioteekwerk: 35, 139, 187

Biochemikus: 108, 177

Biofisika: 97, 101, 110

Bioloog: 108

Biometrikus: 177

Bodemkunde: 95

Bosbou: 142

Bosboubeampte (Vakkundig): 144

Bosontginning: 143

Botanikus: Kyk Plantkundige

Bouadministrasie: 145

Boubestuur: 145

Boukunde: 144

Bourekenkunde: 146

Buitelandse Diensbeampte: 35, 40, 173, 198

Bybelkunde: 39

Chemiese Ingenieurswese: 166, 168

Chemiese Tegnologie: 89

Chemikus: 108, 177

Datametrie: 103

Dataverwerkingsbestuurder: 45, 115

Departementele Rekenmeester: 83

Diagnostiese Radiografie: 192

Dieetkunde: 148

Dierefisioloog: **177**

Diereproduksie: 177

Diereverpleegkunde: 212
Dierewetenskaplike: 177
Dierkundige: 109, 177
Diplomaat: 35, 40, 173, 198
Dirigent (Militêre Orkes): 188
Distriksgeneesheer: 161
Drama: 35, 150
Dramakunde en Toneelkunde: 153
Eiendomsekonomie: 77
Ekonometrikus: 59, 62, 85
Ekonomie en Bedryfsekonomie: 51, 81
Ekonomie en Statistiek: 85
Ekonomiese Adviseur: 82
Ekstraktiewe Metallurgie: 166
Elektriese en Elektroniese Ingenieurs=
wese: 166, 168
Elektroniese Dataverwerking: 115
Elektrotegniek: 166, 167
Elektrotegniese Ingenieurswese: 166, 168
Entomoloog: 110, 177
Erflikheidsleer: 111, 177
Farmakologie: 154
Farmasie/Aptekerswese: 154
Filosofie: 17, 42
Finansiële Bestuurder: 81
Finansiële Konsultant: 82
Fisiese Oseanograaf: 110
Fisikus: 110, 177
Fisioloog: 110
Fisioterapie: 155
Fotografiese Kuns: 137, 138
Geestesgesondheid (Sosiale wetenskappe):
199
Gehoorterapie: 202
Geld- en Bankwese: 51, 56
Gemeenskapsgeneeskunde: 157
Gemeenskapsgesondheid: 157
Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde:
217, 218, 219
Geneeskunde: 157
Geneeskundige Administrasie: 157
Geneeskundige Maatskaplike Werk: 198
Geneeskundige Wetenskap: 159
Genetikus: 111, 177
Geofisikus: 110, 111
Geograaf: 111
Geohidrologie: 90, 112
Geoktrooieerde Rekenmeester: 83
Geologiese Ingenieurswese: 166
Geoloog: 111, 191
Geskiedkundige: 39
Godsdienskennis: 211
Grafiese Kuns: 137
Grafiese Ontwerp: 137, 138
Groente- en blomverbouer: 179
Grondkunde en Plantvoeding: 177
Handel: 58
Hidrologiese Navorsing: 112
Hidroloog: 112
Hospitaaldieetkunde: 149
Houtkunde: 143
Huishoudkunde: 161
Illustrasie: 138
Indiensnemingsbeampte: Kyk Personeelbeampte
Industriële Administrasie: 165, 167
Industriële Chemie: 163
Ingenieurschemie: 167
Ingenieurswese: 164, 167
Inligtingsbeampte: 35, 173
Inligtingsontwerp: 137
Insektekundige: 110, 177
Inspekteur van Beroepsveiligheid: 110
Inspekteur van Ontplofbare Stowwe: 109
Intensiewesorg-fisioterapie: 156
Interdissiplinêre Studies (Kuns): 137
Joernalistiek: 36, 138, 150, 163, 170,
172, 184
Juweliersware- en Metaalnywerheidsontwerp:
137
Kartograaf: 111
Keramiek: 137
Kerkmusiek: 187, 188, 189, 190
Kernfisikus: 110
Kliniese Sielkunde: 11, 15, 17, 20, 22,
26, 29, 31, 41, 87, 91, 102, 198
Komiteeklerk: 36
Kommunikasiebeampte: Kyk Openbare Skakel=
beampte
Kommunikasiekunde: 62, 170
Komposisie (Musiek): 187

Konsult-chemikus: 109
Konsult-dieetkundige: 150
Konsult-entomoloog: 110
Konsult-ingenieur: Kyk Raadgewende Ingenieurs
Koorleier: 190
Kredietbestuurder: 81, 83
Kriminoloog: 40
Krygskunde: 173
Kuns: Kyk Beeldende Kunste
Kunsgeskiedenis: 40, 136
Kunshistorikus: 40, 138
Kunskritikus: 40, 138
Laboratoriumtegnikus: 113
Landbou: 174
Landboubestuur: 176, 178
Landbou-ekonomie: 51, 82, 175, 178
Landbou-ingenieurswese: 166, 169, 178
Landbou-onderwys: 176, 177, 178
Landbouvoorligting: 176, 180
Landbouweerkunde: 178
Landdros: 197
Landmeetkunde: 166, 180
Landskapargitektuur: 181
Landskaptuinbou: 179
Leerwetenskap: 100
Liggaamlike Opvoedkunde: 182
Linguistiek: 39
Logopedie: 202
Lugreëling (Ingenieurswese): 166
Lugvaartkunde (Ingenieurswese): 166
Lys van vakke:
  Handel: 77
  Lettere en Wysbegeerte: 32
  Natuurwetenskappe: 106
Maatskaplike Werk: 198
Maatskaplike Werk Praktyk: 201
Maatskaplike Werk (Supervisie): 201
Mannekragontwikkeling: 46, 47
Marinebioloog: 114
Marine-ingenieurswese: 166
Marknavorsing en reklamewese: 73
Masjienbou (Ingenieurswese): 166
Materiaalwetenskap: 184
Mediese Fisika: 157
Mediese Verteenwoordiger: 155
Meester van die Hooggeregshof: 198
Meganiese Ingenieurswese: 166, 169
Metallurgie: 112, 166
Metallurgiese Ingenieurswese: 166, 169
Meteorologie: Kyk Weerkunde
Mikrobioloog: 113, 178
Mineraalekonoom: 82
Mondbiologie: 207
Mondhigiëne: 208
Munisipale Administrasie: 52, 53
Museumkunde: 20, 27
Musiek: 185
Musiekonderwys: 187, 188, 189, 190
Musiekteorie: 187
Musiekwetenskap: 187
Mynbou: 167
Mynbou-Geologie: 112, 166, 191
Mynbou-ingenieurswese: 166, 169
Natuurbeheer: 97
Natuurbewaring: 113, 143
Natuurkundige: Kyk Fisikus
Navorsing: 5, 38, 109, 110, 111, 113, 138, 150, 163, 169
Notaris: 196
Nywerheidsontwerp (Kleur): 137
Offisier (Staande Mag): 174
Omroeper en Programopsteller: 36, 38, 153
Onderwys: Kyk Hoofstuk 5
Onkochemoterapie (Verpleegkunde): 219
Ontwerpkuns: 137
Ontwikkelingsadministrasie: 23, 40
Ontwikkelingsbeampte: 109
Ontwikkelingstudies: 23
Openbare Skakelwerk: Kyk Skakelbeampte
Opera: 188
Operasionele Analise/Navorsing: 45, 95, 99, 101, 103
Opleidingsbeampte: 36, 38, 80
Organisasie- en metodebeampte: 80
Organiseerder van Opleiding: 36
Orkesspel: 187, 188, 189
Ornitoloog: 113

Ortoptika: 160
Oseanograaf: 114
Oudiologie: 202
Oudio-visuele Media (Kuns): 138
Ouditeur: 83, 84
Outomobiel (Ingenieurswese): 166
Paleontoloog: 111
Parke- en Ontspanningsadministrasie: 143
Patologie: 159
Personeelbeampte: 37, 38, 80
Personeelbestuurder: 45, 46, 47, 54, 59, 65, 78, 80, 81
Personeelbestuur en Mannekragontwikkeling: 46, 47
Personeelleiding: 52
Personeelnavorsingsbeampte: Kyk Personeelbeampte
Personeelsielkundige: 56, 80
Plant- en saadbeheerder: 180
Plantkundige: 114, 178
Plantsiektekundige: 178
Plantvoeding: 177
Pluimveekundige: 179
Polisiekunde: 191
Politikus: 37
Pomoloog: 179
Predikant: 209
Privaatsekretaris(esse): 37
Produksiebestuurder: 81, 180
Produksieleier: 109
Programmeerder: 115
Programorganiseerder (Radio): Kyk Omroeper en Programopsteller
Prokureur: 196
Psigiatriese Maatskaplike Werk: 201
Psigoloog: 41, 64
Publieke Administrasie: 15, 40, 45, 54, 59, 68, 70, 71, 84, 198
Publikasiebeampte: 180
Raadgewende Ingenieurs: 170
Radiobeskerming vir Susters: 193
Radiografie: 192
Radiografiese Diagnostiek: 193
Radiografiese Terapie: 193
Radio-isotopie: 180
Redakteur: 37
Regsadviseur: 197
Regsassistent: 197
Regsgeleerdheid: 51, 54, 56, 62, 64, 67, 71, 74, 80, 194
Regter: 196
Rekenaarwetenskap: 45, 54, 62, 94, 106,115
Rekeningkunde: 48, 49, 51, 52, 54, 56, 57, 59, 62, 64, 69, 71, 72, 75, 77, 83, 94
Rekenmeester: 83
Reklamebeampte/-agent: 173
Sekretariële Praktyk: 65
Sekretaris: 83, 84
Sielkundige: 41, 64
Sielkundige Geneeskunde: 157
Sendeling: 209
Siviele Ingenieurswese: 112, 166, 169
Skakelbeampte: 36, 40, 138, 163, 173, 180, 184
Skilderkuns: 137, 138
Skone Kunste: Kyk Beeldende Kunste
Soöloog: Kyk Dierekundige
Sosiale Studies: 201
Sosiale Wetenskappe: 198
Sosioloog: 41
Spesialis (Medies): Kyk Geneeskunde
Sportafrigting en Ontspanning: 38, 184
Sportjoernalis: 184
Spraakheelkunde en Oudiologie: 202
Spraakleer en Drama: 150, 152, 153
Spraakpatologie: 202
Staatsaanklaer: 197
Staatsadministrasie: Kyk Publieke Admini= strasie
Staatsadvokaat: 197
Staatsdienseksamen in die Regte: 196
Staats- en Munisipale Administrasie: 50, 52, 53, 60
Staatsleer: 42
Staatsmediese Beampte: 160
Staatsprokureur: 197
Staatsregsadviseur: 197
Staatsveearts: 213
Stads- en Streekbeplanning: 17, 203
Stadsbeplanning en Stedelike Ontwerp: 204, 205

Statistikus: 45, 51, 56, 64, 85, 94, 116
Stelselontleder: 115
Sterrekundige: 115
Stralingsinspekteur: 110
Suiwelkundige: 179
Taalbeampte: 37
Tale: 34
Tandheelkunde: 206
Tandheelkundige Volksgesondheid: 208
Tekenkuns: 137
Tekstielwetenskap: 91, 116
Teologie: 209
Teorie van Rekeningkunde: 46, 53, 55, 61, 62, 65, 72, 73, 77
Terapeutiese Dieetkunde: 149
Terapeutiese Radiografie: 192
Tipografiese Ontwerp en Uitleg: 138
Toegepaste Geofisika: 166
Toegepaste Hidrologie: 112
Toegepaste Sosiale Wetenskappe: 201
Toegepaste Wetenskap: 165
Toegepaste Wiskunde: 117
Toneelkunde: 152, 153
Toneelopvoering: 153
Tropiese Geneeskunde en Higiëne: 157
Tuinboukundige: 179
Vakkundige Beampte (Publikasies): 38
Veeartsenykunde: 212
Veeartsenykundige Navorsing: 213
Veekundige: 177
Veldeksplorasie: 112
Verhoogbestuurder: 153
Verkoeling en Lugreëling: 166
Verkoopsbestuurder: 81
Verpleegkunde: 214
Verplegingsadministrasie: 217, 219
Verplegingsonderwys: 217, 218
Versekeringswese: 45
Vertaler: 37, 220
Vervoer: 62
Vervoerekonoom: 51, 82
Veterinêre Volksgesondheid: 213
Viroloog: 113
Voedselwetenskap: 221
Voëlkundige: Kyk Ornitoloog
Volkekundige: 42
Volksgesondheid: 157
Volksmusiekwetenskap: 187
Voordrag (Musiek): 187, 188, 189, 190, 191
Voorligtingsielkunde: 11, 15, 17, 20, 27, 29, 41, 90, 101
Voorrade-administrateur: 84
Vrugtekundige: 179
Watersuiwering en -herwinning: 116
Weerkunde: 97, 222
Weidingsleer: 179
Werktuigkundige Ingenieurswese: 169
Wingerd- en Wynkunde: 179
Wingerdplaasbestuurder: 180
Wiskundige Ekonomie: 45
Wiskundige Wetenskappe: 54, 66, 94, 116
Wynkelderbestuurder: 180
Wynmakersbestuurder: 180
Wyntegnoloog: 180
Wysbegeerte: Kyk Filosofie

# B Y L A E S

## A. NUTTIGE ADRESSE

### 1. UNIVERSITEITE

Navrae moet aan die Registrateur gerig word.

Universiteit van Kaapstad
Privaatsak
RONDEBOSCH
7700

Universiteit van Natal
King George V-laan
DURBAN
4001

OF

Universiteit van Natal
Posbus 375
PIETERMARITZBURG
3200

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300

Universiteit van Port Elizabeth
Posbus 1600
PORT ELIZABETH
6000

Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys
POTCHEFSTROOM
2520

Universiteit van Pretoria
Brooklyn
PRETORIA
0181

Randse Afrikaanse Universiteit
Posbus 524
JOHANNESBURG
2000

Rhodes-universiteit
Posbus 94
GRAHAMSTOWN
6140

Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Universiteit van Suid-Afrika
Posbus 392
PRETORIA
0001

Universiteit van die Witwatersrand
Jan Smuts-laan
JOHANNESBURG
2001

### 2. KOLLEGES VIR GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS

Die Registrateur
Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
Posbus 652
KAAPSTAD
8000

Die Rektor
Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
Privaatsak X6011
PORT ELIZABETH
6000

Die Registrateur
Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
Privaatsak X021
VANDERBIJLPARK
1900

Die Registrateur
Natalse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
Posbus 953
DURBAN
4000

Die Registrateur
Pretoriase Kollege vir Gevorderde Teg=niese Onderwys
Kerkstraat-Oos 420
PRETORIA
0002

Die Registrateur
Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
Posbus 3293
JOHANNESBURG
2000

### 3. STAATSDEPARTEMENTE

Tensy anders gemeld moet navrae aan die Sekretaris gerig word.

Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie
Privaatsak X152
PRETORIA
0001

Departement van Arbeid
Privaatsak X117
PRETORIA
0001

Departement van Beplanning en die Omgewing
Privaatsak X213
PRETORIA
0001

Departement van Binnelandse Inkomste
Posbus 402
PRETORIA
0001

Departement van Binnelandse Sake
Privaatsak X114
PRETORIA
0001

Departement van Bosbou
Privaatsak X93
PRETORIA
0001

Departement van Buitelandse Sake
Uniegebou
PRETORIA
0002

Departement van Doeane en Aksyns
Privaatsak X47
PRETORIA
0001

Departement van die Eerste Minister
Uniegebou
PRETORIA
0002

Departement van Finansies
Uniegebou
PRETORIA
0002

Sekretaris van die Tesourie
Departement van Finansies
Privaatsak X115
PRETORIA
0001

Departement van Gemeenskapsbou
Privaatsak X149
PRETORIA
0001

Departement van Gesondheid
Privaatsak X88
PRETORIA
0001

Kommissaris van Gevangenisse
Departement van Gevangenisse
Privaatsak X136
PRETORIA
0001

Departement van Handel
Privaatsak X84
PRETORIA
0001

Departement van Immigrasie
Posbus 2072
PRETORIA
0001

Departement van Indiërsake
Privaatsak X92
PRETORIA
0001

Departement van Justisie
Privaatsak X81
PRETORIA
0001

Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge
Privaatsak X9058
KAAPSTAD
8000

Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking
Privaatsak X250
PRETORIA
0001

Departement van Landboukrediet en Grond=besit
Privaatsak X118
PRETORIA
0001

Departement van Landbou-tegniese Dienste
Privaatsak X116
PRETORIA
0001

Departement van Mynwese
Privaatsak X59
PRETORIA
0001

Departement van Nasionale Opvoeding
Privaatsak X122
PRETORIA
0001

Departement van Nywerheidswese
Privaatsak X342
PRETORIA
0001

Departement van Onderwys en Opleiding
Privaatsak X212
PRETORIA
0001

Departement van Openbare Werke
Privaatsak X65
PRETORIA
0001

Die Ouditeur-generaal
Departement van die Ouditeur-generaal
Posbus 446
PRETORIA
0001

Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling
Posbus 384
PRETORIA
0001

Departement van Sport en Ontspanning
Privaatsak X269
Pretoria
0001

Kantoor van die Staatsdienskommissie
Privaatsak X121
PRETORIA
0001

Departement van Statistiek
Privaatsak X44
PRETORIA
0001

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie
Departement van die Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X94
PRETORIA
0001

Die Kommandant-Generaal van die Suid-Afrikaanse Weermag
Departement van Verdediging
Privaatsak X160
PRETORIA
0001

Departement van Toerisme
Privaatsak X262
PRETORIA
0001

Departement van Vervoer
Privaatsak X193
PRETORIA
0001

Departement van Volkswelsyn en Pensioene
Privaatsak
PRETORIA
0001

Departement van Waterwese
Privaatsak X313
PRETORIA
0001

4. STREEKKANTORE VAN DIE STAATSDIENSKOMMISSIE

PRETORIA

Noordvaalgebou 315
Vermeulenstraat
PRETORIA
0002
Tel.: 48-4722

JOHANNESBURG

Posbus 6371
Kelhof 1203
Pritchardstraat 112
JOHANNESBURG
2000
Tel.: 22-8143

BLOEMFONTEIN

Posbus 517
H.F. Verwoerd-gebou 831
St Andrewstraat
BLOEMFONTEIN
9301
Tel.: 71180

KIMBERLEY

Saambougebou 304
Du Toitspanweg
KIMBERLEY
8301
Tel.: 25612

KAAPSTAD

Posbus 7136
Doeane Huis M47
Onderend van Heerengracht en Langstrate
ROGGEBAAI
8012
Tel.: 228845

PORT ELIZABETH

Posbus 3192
Eben Dönges-gebou 59
Hancockstraat
Noordeinde
PORT ELIZABETH
6000
Tel.: 49931

DURBAN

Escovalhuis 507
Smithstraat 437
DURBAN
4001
Tel.: 68829

5. PROVINSIALE ADMINISTRASIES

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop
Posbus 659
KAAPSTAD
8000

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat
Posbus 517
BLOEMFONTEIN
9300

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van Natal
Privaatsak X9037
PIETERMARITZBURG
3200

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van die Transvaal
Privaatsak X64
PRETORIA
0001

6. ONDERWYSDEPARTEMENTE

Die Direkteur van Onderwys
Departement van Onderwys Kaap die Goeie Hoop
Posbus 13
KAAPSTAD
8000

Die Direkteur van Onderwys
OVS Onderwysdepartement
Posbus 521
BLOEMFONTEIN
9300

Die Sekretaris
Departement van Nasionale Opvoeding
Privaatsak X122
PRETORIA
0001

Die Direkteur van Onderwys
Natalse Onderwysdepartement
Privaatsak X9044
PIETERMARITZBURG
3200

Die Direkteur van Onderwys
Transvaalse Onderwysdepartement
Privaatsak X76
PRETORIA
0001

7. ANDER LIGGAME EN ORGANISASIES

Die President
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Privaatsak X41
PRETORIA
0001

Die Personeelbestuurder
Elektrisiteitsvoorsieningskommissie
Posbus 1091
JOHANNESBURG
2000

Die Direkteur van Hospitaaldienste
Natalse Departement van Hospitaaldienste
Privaatsak X9051
PIETERMARITZBURG
3200

Die Direkteur van Hospitaaldienste
Transvaalse Departement van Hospitaal=dienste
Privaatsak X221
PRETORIA
0001

Die Personeelbeampte
Raad op Atoomkrag
Privaatsak X256
PRETORIA
0001

Die Adjunk-Posmeester-Generaal
Telekommunikasiehoofkantoor
Privaatsak X74
PRETORIA
0001

Die Direkteur van Hospitaaldienste
Hospitaaldepartement van Kaapland
Posbus 2060
KAAPSTAD
8000

Die Direkteur van Hospitaaldienste
OVS Afdeling Hospitaaldienste
Posbus 517
BLOEMFONTEIN
9300

Die Direkteur
Nasionale Instituut vir Personeelna=vorsing (NIPN)
Posbus 10319
JOHANNESBURG
2000

Die Direkteur
Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
Privaatsak X191
PRETORIA
0001

Die Personeelbestuurder
Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie Beperk
Posbus 1
SASOLBURG
9570

Die Sekretaris
Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad
Posbus 395
PRETORIA
0001

Die Hoofbestuurder
Suid-Afrikaanse Spoorweë
Paul Krugergebou
Wolmaransstraat
JOHANNESBURG
2001

Die Direkteur: Personeel
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
Posbus 8606
JOHANNESBURG
2000

Die Korporatiewe Bestuurder (Personeel)
Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk
Posbus 450
PRETORIA
0001

B. LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AECI | African Explosives and Chemical Industries Ltd. |
| CMR | Christelike Maatskaplike Raad |
| Evkom | Elektrisiteitsvoorsieningskommissie |
| FOSKOR | Fosfaat Ontginningskorporasie Bpk. |
| IND | Inligtings- en Navorsingsdienste (WNNR) |
| KGTOs | Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys |
| MNR | Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad |
| NIPN | Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (WNNR) |
| NOK | Nywerheidontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Bpk. |
| RAK | Raad op Atoomkrag |
| RGN | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| SABS | Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde |
| SALU | Suid-Afrikaanse Landbou-unie |
| SASOL | Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie Beperk |
| SAUK | Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie |
| SOEKOR | Suidelike Olie Eksplorasiekorporasie (Edms) Beperk |
| Tersiêre Opleiding | Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede (Kyk Bibliografie.) |
| WNNR | Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad |
| YSKOR | Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk |

C. BIBLIOGRAFIE

RGN-PUBLIKASIES

IN-28 STIMIE, C.M. and GEGGUS, C. University Education in the Republic of South Africa, 1976.

IN-29 STIMIE, C.M., COETZEE, C.J.S. en GEGGUS, C. Tersiêre opleiding buite die uni= versiteit en beroepsgeleenthede, 1977.

IN-32 COETZEE, C.J.S. The Education of Whites in the Republic of South Africa, 1978.

PUBLIKASIE VAN DIE WNNR

GIDS van Wetenskaplike Navorsingsorganisasies in Suid-Afrika, 1977.

ANDER PUBLIKASIES

SUID-AFRIKA (Republiek). Staatsdienskommissie. Loopbane in Staatsdepartemente 1978-1979. Pretoria, Staatsdrukker, 1978.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Arbeid. My Loopbaan/My Career. Johannesburg, Voortrekkerpers. (Kwartaalblad oor beroepsinligting.)

---

JAARBOEKE van universiteite, 1978.

INLIGTINGSBROSJURES deur universiteite beskikbaar gestel.

COP. 53882
DOC. 53877